

CHANETTE PAUL

Maanshijnbaai

Jo & Sue

Om Casper se erfgenaam te wees,
is nie vir sissies nie



CHANETTE PAUL

Maanshijnbaai

Jo & Sue

Om Casper se erfgenaam te wees,
is nie vir sissies nie



Jo & Sue


Maanschijnbaai - Deel 1

Chanette Paul



www.lapa.co.za
lapa@lapa.co.za

Die Calitze



“There is a crack in everything
That’s how the light gets in.”

(Leonard Cohen – *Anthem*)

EEN

Maandag 13 September

Hy bly te lank stil. Lank genoeg vir haar woorde om soos heliumballonne te begin verlep en halfmas tussen hulle te hang.

“Die betaling? Vandag?” Con skud sy kop pynlik stadig heen en weer.

“Ek vrees dis nie moontlik nie, Jo. Om die waarheid te sê ...”

Die ballonne gaan binne oomblikke op ’n dubbeltjieveld land. Dit voorspel sy gesigsuitdrukking en die feit dat hy haar nie in die oë kyk nie.

“Jy druk my nou in ’n blik. Ek wou jou vanaand gesê het, ná my samesprekings vandag. Maar dit lyk asof Abalone’s ... die restaurante gaan nie meer gebeur nie.”

Die stilte wat volg, sing in haar ore.

“Nie meer gebeur nie,” herhaal sy soos ’n swaap.

Frases soos “onvoorsiene koste”, “verskuilde uitgawes” dwaal op lugstrome rond terwyl hy verduidelik. ’n Voorhamer tussenin: resessie. Alles word geaard in een oorverdowende woord.

“Bankrot?” eggo sy.

“Abalone’s gaan in likwidasië geplaas word,” bevestig hy.

Iets essensieels in haar los op. Sypel weg in skroeiwarm sand. Trek haar asem saam die dieptes in.

“En die oorbruggingsgeld?”

Nog 'n suisende stilte. Wat reeds 'n antwoord is.

Sy hande styg traag die lug in, sak weer. Nog 'n antwoord sonder woorde. 'n Waarheid sonder harnas.

“Maar dit was ... Jy het gesê ... En wat van Jeannie se ...” Sy kry die woorde nie geknoop nie. Kan die ondenkbare nie hardop sê nie, dat haar dogter se toekoms met daardie handgebaar daarmee heen is.

“Niemand het jou gedwing nie, Jo.”

Dis waar. Nie om elke sent waarop sy haar hande kon sit, te belê in die beste interieurkonsep vir 'n eksklusiewe restaurantketting wat sy al ooit voorgelê het nie. Maar hy hét gevra. Oorbruggingsgeld. Om kontantvloei te bevorder. Op 'n loom Sondagoggend, 'n maand gelede. 'n Week nadat sy gehoor het haar eerste voorlegging is voorwaardelik aanvaar en hulle wil hê sy moet die finale voorlegging gereed kry.

'n Postkoitale versoek. Dit was die eerste keer wat hulle liefde gemaak het en dit was baie bevredigend. Veral ná die jare van selibaat leef.

Nee, niemand het haar gedwing nie. Ook nie om in Con se bed te beland nie. Maar ook het niemand haar gewaarsku dat die belegging, in albei gevalle, dalk riskant is nie.

Hy kantel sy horlosiearm vlugtig en kyk vir die eerste keer na haar. Nie direk in haar oë nie. Net so min of meer in die koers van haar gesig. “Ek is jammer, Jo.”

“Jammer? My kind se ...”

“Jo,” val hy haar in die rede. “Ons sal aan 'n plan dink. Ek belowe. Dit sal net 'n rukkie duur. Alles is nie verlore nie. Ek en Fyfe het van nou af een vergadering na die ander, maar kom ek neem jou vanaand uit vir ete soos ek in elk geval wou, dan bespreek ons die opsies en dinge rustig. By Blues? So halfagt? Dan kan ons darem die uitsig nog 'n rukkie geniet.”

Abalone's is bankrot, maar jy't nog geld vir Blues? wil sy vra, maar sy knik net. Klou aan die belofte vas. Die sprankie hoop wat weer opgevlam het. Sy het Con se vennoot nog nooit in lewende lywe ontmoet nie, maar miskien kan Con en Fyfe Terblanche tog die wa deur die drif sleep. Sy weet Con het baie vertroue in Fyfe se oordeel al is hy net 'n rustende vennoot in die besigheid.

“Jo?” Con se oë lyk troebel. “Daardie man wat ons gisteraand by die Mall raakgeloop het, die een wat jou so gekyk het, ken jy hom?”

Jo kyk weg. Die skok toe sy gesien het hoe Jeannie se pa vassteek en

haar met onverbloemde aggressie aankyk, ril weer deur haar. Dit was die eerste keer in jare dat sy hom weer gesien het. Toe Con haar gisteraand na hom uitgevra het, het sy hom as 'n kennis met wie sy 'n uitval gehad het afgemaak, maar haar antwoord het Con klaarblyklik nie tevrede gestel nie. “Ek het hom jare gelede geken. Ons is nie op goeie voet uitmekaar nie,” is al wat sy kan en wil erken.

“Was julle lovers?”

Jo waag dit om weer na hom te kyk. Jaloesie en besitlikheid spreek uit sy blik. “Laat dit daar, Con. Ons het besluit om nie oor ons onderskeie verledes uit te wei nie, onthou?”

“Ek neem aan dis 'n ja.” Hy sug en sy gesigsuitdrukking ontspan. “Jy’s reg. Kom ons los die verlede. Die hede het genoeg om ons mee besig te hou.”

Hy druk 'n soen skuinsweg op haar voorkop. Hy ruik na die naskeermiddel wat sy vir hom vir sy verjaardag gegee het. Duur goed wat aan die Red Square-mannetjie goed geruik het, maar effens galsterig aan Con. “Moet gaan. Sien jou daar.”

Sy kyk hom agterna. Die stewige kuite. Die breë skouers. Die kompakte lyf met fris proporsies, ingepas in net onder die outydse ses voet. Effense bles op die grysblonderige agterkop.

Jo onthou weer hoe om asem te haal. En dat haar ma gebel het terwyl Jo tande geborsel het. Sy kan Nan nie uit hierdie vertrek terugbel nie. Hoekom, weet sy nie. Jo pluk haar oornagtassie van die deurmekaar koningsgrootte bed af, hang haar handsak oor haar skouer en kies koers na haar paneelwa wat in die lang oprit staan. Die diskrete letters op die agterste deur glim in die oggendlig. *Jo’s Restaurant Interiors*. En daar onder: *Dine divine*.

Teen die tyd dat sy agter die stuur inskuif en die deur toeklap, is haar hare deurmekaar gewaai en haar oë brand. Van die souterige wind. Van die skerp lig wat die bewolkte lug op Valsbaai kaats. Calitz-girls huil immers nie vir enige bakatel nie.

Dis hoe Nan eers haar susters en daarna haar dogter Jo en kleindogter Jeannie grootgemaak het. Nan was maar elf toe sy haar eie ma se moederlike pligte moes oorneem terwyl dié rinkink het. Hannelie Calitz het immers beter dinge gehad om te doen as ma speel vir haar drie dogters, Nan, Gretha en Sue. Teen die tyd dat Nan sewentien was en Jo in die

wêreld gebring het, was Nan dus al gewoon aan ma wees. En agtien jaar later toe Jo vir Jeannie gehad het, maar niks van haar kind wou weet nie, het Nan weer ingestaan. Nan, die immermoeder en die gom wat die Calitze bymekaar hou.

Jo skuif haar selfoon oop.

“Nan? Jy’t gebel?”

“Jo. Sit jy?” Haar ma se stem klink snaaks.

“Ek sit.” Kan meer as een stuk aardskuddende nuus haar op een dag bereik en dit so vroeg in die oggend?

“’n Prokureur het my uit die bloute gebel. Oor my pa. Jou oupa. Casper Calitz is dood. Twee weke gelede. Klaar veras.” Nan is geneig tot bondigheid, maar vanoggend is sy behoorlik kortaf.

Jo weet nie mooi hoe om die nuus te hanteer toe die inhoud deurdring nie. En sy het nie die vaagste benul wat om vir Nan te sê nie.

My innige simpatie met die oorlye van jou pa? ’n Pa wat sy drie dogters sonder om ’n oog te knip by sy owerspelige vrou agtergelaat het. Wat moes besef het Hannelie het nie geweet wat die woord “ma” beteken nie. ’n Pa wat hom in die vyf en veertig jaar daarna nooit verwerdig het om een van sy dogters te kontak nie. Wat waarskynlik nie geweet het dat Nan, Getha en Sue as die wilde Calitz-susters bekend gestaan het nie. Of dat Gretha al tien jaar dood is en êrens ’n seun het nie. En Casper het sekerlik ook nie geweet van Jo, sy kleindogter, wat in hulle voetspore gevolg het nie. En nog minder van Jeannie, sy agterkleindogter. Of dat dié nie wild is nie, net neuroties.

Hoe kan die dood van so ’n man hulle hoegenaamd raak?

“Ek weet nie wat om te sê nie, Nan,” is al waarmee Jo vorendag kan kom.

“Wel, dan gaan jy behoorlik met sprakeloosheid geslaan word as jy die res hoor.”

Jo kan steeds nie mooi peil wat in haar ma se stemtoon opgesluit lê nie, maar die skorheid verklap beslis ’n emosie van ’n aard. Klink amper asof sy kwaad is.

“Die res?”

“Ons erf.”

Jo laat rus haar voorkop in haar hand. “Erf? Jy en Sue?”

“Ek en Sue en jy en Jeannie ook. Klaarblyklik het Casper tog op die een

of ander manier agtergekom hy het 'n kleindogter en agterkleindogter.”

Die nuus dring in stadia deur. Hy het geweet. Sy erf. En Jeannie ook. Hoop volg vlugtig. Is dit moontlik dat daar tog nog wonderwerke gebeur? 'n Wonderwerk wat haar huidige krisis moontlik kan oplos? Sal Jeannie dalk tog kan sjefskool toe gaan?

“Moenie te gou te opgewonde raak nie, Jo. Ek twyfel of 'n aardrykskundeonderwyser veel sal nalaat. En onthou, daar is vier van ons. En die prokureur het iets van Gretha ook gesê, maar ek was so oorbluf, ek het nie mooi gehoor nie.”

Jo kan byna hoor hoe die deksel van Pandora se boks oopvlieg en hoop ook ontsnap.

“Die prokureur het glo gesukkel om ons in die hande te kry. Iets van 'n foonnommer waarvan die laaste syfers omgeruil was. In elk geval, ons moet môre elfuur met ons identiteitsdokumente by hom wees. Kom jy en Jeannie tot by my, dan ry ons saam. Sue kom ook hierheen.”

Jeannie sal haar ontbytskof by die bistro seker kan ruil vir 'n middagskof. Wat haar reaksie op haar oupagrootjie se dood gaan wees, sal niemand kan raai nie. Van die vier oorblywende Calitz-vroue is Casper se agterkleindogter die onvoorspelbaarste. Dalk aard sy nog na hom.

“Ons sal daar wees.” Jo groet en druk die foon in haar handsak. As Casper geweet het hy het oupa en grootjie geword, hoekom wag tot ná sy dood om ...?

Nee, sy sal haar later kwel oor die nuwe verwikkeling. Nie hoop opbou nie. Eers moet sy van voor af haar berekeninge gaan maak oor hoe om die maand te oorleef sonder die bedrag wat by aanvaarding van haar finale voorlegging in haar bankrekening betaal sou word.

Daarna sal sy die afspraak vanaand met Con nakom en probeer agterkom presies wat die omvang van haar dilemma is. Dilemma? Nee, dis nie wat dit is nie. 'n Ramp. En nie net sommer so 'n ramp nie. 'n Monumentale een.

Vader weet hoe sy haar dogter die nuus gaan meedeel. Jeannie, ek het jou hele toekoms opgeneuk voor dit nog begin het. O ja, en ons gaan dalk binnekort uit die meenthuis geskop word, kry maar jou goedjies solank reg en bid dat ek nie in die tronk beland nie.

En wat sê sy vir haar ma? Nan, daardie lening wat ek by jou aangegaan het? Die een wat moes betaal vir die nuwe skootrekenaar en spesiale

sagteware om die voorlegging te kon doen? Ek het my een kredietkaart daarop uitgemax en jou geld vir Con gegee. Kan dit nie terugbetaal nie. Nie vir jou of die kredietkaart nie. Nie nou nie, waarskynlik nooit nie. En vir haar ma se jongste suster sal sy moet sê: Sue, ek moet die tuindienstekontrak kanselleer. En die paneelwa waarvoor jy die deposito voorgeskiet het? Die een wat jy veronderstel is om by my oor te neem sodra Abalone's 'n voertuig en toelaag toestaan soos Con belowe het? Wel, die bank gaan dit terugneem.

Tensy ... ons erf. Twee woorde wat dalk tog 'n verskil kan maak in haar miserabele, opgeneukte lewe.

Sue steek die hoeveelste sigaret van die aand op en trek die rook diep in haar verskroeiende longe. Binne in daardie twee lobbe, weet sy, lyk dit soos 'n Boereplaas wanneer die Kakies daarmee klaar is.

Sy skop haar plakkies uit en plak haar gladgeskuurde hakke op die verweerde koffietafel neer. Jo reken 'n blinde perd kan nie hier in haar woonstel skade doen nie. Dit pas haar. Gee haar 'n tuin. Om uit te lê en te versorg. Dis waarmee sy kan toor. Solank dit 'n klein lappie grond is. Dis hoekom sy spesialiseer in meenthuintuine. Sy het nóg die geduld om uitgestrekte stukke aarde in pretensieuse parke te omskep, nóg die krag vir die snobs wat dit gewoonlik besit.

En tog sal sy haar dalk moet aanpas by veranderde tye. Re-fokken-sessie. Slaan natuurlik nie die rykes met hulle akkers grond nie, maar weldeeglik meenthuisseienaars.

Sue knyp die sigaret in haar mondhoek vas, buk vorentoe sonder om haar voete van die tafel af te haal en gooi nog 'n sopie whisky en 'n knerts soda oor die ys wat in haar glas agtergebly het. Vyf en veertig se gat. Sy is nog soepeler as mense tien jaar jonger as sy.

Die son en rokery het haar vel effens verniel, maar verplooi is sy darem nog nie. Hannelie Calitz se gene sorg goed vir haar dogters. En besonder goed vir haar kleindogter Jo, het Sue nou die dag weer besef.

Maar Jo vergryp haar nie aan goed soos nikotien en alkohol nie. Behalwe soms aan wyn, en selfs dit gebeur nie gereeld nie. Wyn is in elk geval net druiwesap op steroïde. Seker daarom dat Jo se hare so gesond blink en sonder een verraderlike grys haar is. Skaars 'n plooi, nie 'n vetrol nie en tog net mooi gerond waar nodig. Sue weet haar eie lyf is nie sleg vir haar

jare nie, maar Jo s'n het nog die fleur terwyl Sue weet sy begin self benerig lyk. Wat net 'n klein treetjie agter seningrig is.

Sy druk haar sigaret dood en neem 'n sluk whisky. Dit bekommer haar dat Jo die afgelope tyd so baie oor Con praat. Jo is gewis nie Con se tipe nie, maar mooi is sy mooi. En Con is geen Brad Pitt nie, maar onaantreklik is hy ook nie. Op sy manier. En hy weet hoe om mense, veral vroue, om sy pinkie te draai. Wanneer hy lus het.

Jo moenie weer seerkry nie. Sy het al genoeg ellendes gehad. En Con is nie iemand wat sy Jo toewens nie. Sue ken mans van Con Coetzee se kaliber. Sy ken mans, full stop.

Sy verkies getroude mans bo geskeides met hulle vragte bagasie, en beslis bo verwewenaardes wat hulle vroue hagiografies onthou. En definitief bo bachelors. 'n Man wat binne haar aanvaarbare ouderdomsgroep val – wyd soos dit is – en nog nooit getroud was nie, is die hoogtepunt van egoïsme. Dit beteken ook een van twee dinge. Óf daar was in sy selfvoldane opinie nêrens 'n vrou wat vir hom goed genoeg was nie, óf geen vrou wou hom anyway hê nie.

Daarenteen is 'n getroude man oor vyf en dertig bewus van al sy vrou se vele tekortkominge en waardeer só 'n man Sue se gebrek daaraan. Natuurlik net tot sy moeg word vir die speletjie en hom toelaat om agter te kom sy het haar eie geite. Of, in uitsonderlike gevalle, tot die man hom weer tot sy vrou bekeer voor Sue hom die trekpas kan gee.

Maar die wêreld raak klein hier rond. En sy word saf. Begin skuldig voel as sy die egpaar teenkom en die herinneringe in die eggenoot se oë sien speel. En dis beslis nie herinneringe aan sy gade se eskapades in die bed nie.

As dit van haar afhang, trek sy ver weg. Nuwe weivelde het niemand nog ooit skade gedoen nie. Maar sy het haar privaat tuindienstekontrakte en het ook onlangs kontrakte met die eienaar van twee nuwe meenthuisontwikkelings aangegaan. Dis minder as wat sy regtig nodig het om kop bo water te hou, maar dis iets. En dan is daar haar suster Nan, dié se dogter Jo en dié se dogter Jeannie wat haar hier hou.

Hulle kan haar vreeslik irriteer, maar sy is te onlosmaaklik aan hulle verbonde om sommer weg te trek. Sy en Jo het so te sê saam grootgeword. Sue was sewe toe Nan op 'n dag met 'n baba pleks van haar groeiende boepens by die huis aangekom het. Dit was drie dae voor Kersfees, maar

dit was baie duidelik dat Hannelie Calitz die Kersgeskenk wat die ooevaar aangedra het, nie waardeer nie. Moederskap was alreeds vir Hannelie 'n vreemde konsep. Oumaskap was gewoon ondenkbaar.

Sue was die een wat Nan gehelp het om Jo groot te kry en later haar speelmaat geword het. Jo was haar sustertjie eerder as haar susterskind. Sue het Jo leer touspring en hopscotch speel. Toe netbal. Maar nie van seuns of mans nie. Het sy maar.

Met Gretha se kind wat gebore is toe Sue elf was, het Sue vrede gehad. Buitendien, Gretha het getrou en weggetrek en eers nadat sy 'n paar keer geskei het, amper vyf en twintig jaar later, teruggekom. Deurtrek van die kanker. Gretha is dood voor hulle veel van haar seun kon uitvind. Sy het net laat val Quintin het 'n plot of 'n ding naby Lichtenburg van een van sy stiefpa's geërf en dat hy die een of ander tyd in 'n verbeteringskool was. Verkeerde maats het natuurlik die blaam gekry.

Sue se skooljare was seker die gelukkigstes in haar lewe. Swem, netbal en atletiek was haar passies en sy het Jo ywerig gehelp om ook daarin uit te blink, al was Jo eerder 'n boekwurm. Eers toe Ockert van Rensburg in haar matriekjaar vir sy ma petunias kom koop het by die kwekery waar Sue naweke gewerk het, het dinge verander. Dis ook toe dat die elfjarige Jo lastig geraak het. Sue en Ockert moes kort-kort vir haar vlug.

Nan het Sue gewaarsku oor die dinge tussen 'n seun en 'n meisie, maar hoor was min. Wat het Nan geweet? Sy was amper dertig en 'n vervelige oujongnooi. Nan het in al die jare nie eens een boyfriend gehad nie. En Jo se geboorte kon net so wel die gevolg van immaculate conception gewees het.

Maar Nan hét geweet. Nie uit eie ondervinding nie, maar omdat sy gesien het wat met Gretha gebeur het en kon sien wat met Sue en Ockert aan die gebeur was.

“Die verskil is, Sue, Ockert sal nooit met jou trou soos Hendrik met Gretha nie. Anders as die De Vosse, is die Van Rensburgs te grênd vir ons. Het jy nie gesien hoe Ockert se ma vir ons neus optrek nie? Sy laat Ockert net toe om jou te sien omdat sy nie wil hê hy moet rebelleer nie.”

Natuurlik was Nan reg. Mevrouw Van Rensburg het Nan kort ná die matriekeksamen kom spreek. Die tjek was redelik stewig. Genoeg vir 'n aborsie in Engeland en daarna. Nan het Sue gevra wat sy wil doen. Sue het gesê Nan moet die tjek opskeur, sy en Ockert is lief vir mekaar en wil trou.

As Jane Austen Sue se lewensverhaal onder hande gehad het, sou dinge waarskynlik anders afgeloop het, maar nou het sy nie. Die stukkies tjek het nog skaars hulle lê in die asdrom gekry, toe was Ockert al in Amerika. Glo danksy familie daar, al moes dit destyds 'n helse geneuk afgegee het om met 'n Suid-Afrikaanse paspoort die poorte van die “vrye” wêreld binne te gaan. Die hoe het haar nie gepla nie, dat hy heel gewillig gegaan het sonder om haar eers te kom groet, wel. Waar is Jane Austen as jy haar nodig het?

Teen die tyd dat P.W. Botha vir die eerste keer as staatspresident sy vinger in die oog van die heelal gedruk het, was die hele morsige spulletjie verby. En daarmee saam enige hoop op kinders vorentoe.

Sue tel die orige sigarette in die pakkie, huiwer en haal haar skouers op voor sy nog een opsteek. Een meer of minder, wat maak dit saak? En dit geld die whisky ook. Dis dalk verkieslik dat sy met 'n hangover môre aanhoor wat Casper Calitz hulle, dié keer van anderkant die graf, gaan aandoen.

Jo sien skaars die asemrowende uitsig oor Kampsbaai waar sy op Blues se restaurantdek sit.

Maak nie saak hoeveel blaaië sy vanmiddag met haar berekeninge gevul het nie, die syfers klop steeds nie. Met 'n bietjie kophou, baie sny en kreatiewe maniere om by Jan te steel om Piet te betaal, kan sy dalk nog vir een maand die mas opkom. Daarna is dit nag. Sonder maan of sterre en beslis sonder elektrisiteit.

Nog erger as destyds toe haar gewese man haar feitlik bankrot gemaak het. Maar toe het sy darem 'n gereelde inkomste gehad al moes sy haar as af werk. Sy hoop tog net nie Con gaan weer probeer uitvind wie die man in die Mall was nie. Sy praat nie graag oor Jeannie se pa nie en hoop sy sien hom nooit ooit weer nie. Hy het genoeg skade aangerig in die vyf jaar wat hulle getroud was.

Sy loer weer na haar horlosie. Kwart voor agt. As sy nog langer moet wag, sal sy meer as 'n botteltjie vonkelwater moet bestel. En as Con nie opdaag nie, betaal vir wat sy ook al bestel. En Blues is alles wat mens van 'n sjiek restaurant kan verwag, maar goedkoop is dit nie. Con se geliefkoosde sauvignon blanc kos ver oor die tweehonderd rand. En per glas is natuurlik buite die kwessie. Dis net vir plebs by plebrestaurante.

Maar Con het bespreek, dus sal hy opdaag.

“Mevrou?” Die kelner se kyk na die leë botteltjie langs haar ewe leë glas is effens neerbuigend.

Sy gee toe aan die onuitgesproke druk en bestel die bottel wyn.

Teen agtuur is daar nog geen teken van Con nie. Met ’n halwe glas wyn agter die blad is sy ietwat meer ontspanne, maar steeds geïrriteerd. Con hou nie daarvan dat sy agter hom aanbel nie, maar dan moet hy ook verdomp nie so laat wees vir ’n afspraak nie. Sy tel haar selfoon op en druk die snelbelnommer.

“The number you have dialled is unavailable ...”

Jo frons. Con se foon is nooit af nie. Dis sy lewenslyn. En wat het van sy sel se antwoorddiens geword?

Sy tik-tik met die foon teen haar bolip. Sê nou hy het iets oorgekom? Op pad hierheen? Sê nou ... Dalk is sy selfoon gesteel.

Sy bel sy vennoot. Sy het al dan en wan met Fyfe Terblanche oor die foon gepraat al het sy hom nog nooit in lewende lywe ontmoet nie.

“The number you have dialled ...”

Sy bel Con se gewese vrou. Ook vir haar het sy nog nooit ontmoet nie, net haar en Con se dogter.

“Ingrid Coetzee?”

“Ingrid! Jo Calitz. Jy het destyds jou nommer vir my gegee toe ek Inge die eerste keer opgepas het?”

“Ek onthou. Ek hoop nie jy soek ook na Con nie.” Die woorde kom bitsig en nasaal.

“Ja, ons het ’n afspraak en ek ...”

“Jy kan maar vergeet van jou afspraak. Hy is landuit. En Fyfe is ook soek. Niemand weet waarheen hulle is nie.”

“Landuit?” Dis klaarblyklik ’n dag waarop sy onbegryplike woorde net asemloos kan herhaal.

“Al wat leef en beef bel my al van vanoggend af.” Ingrid begin snik.

“Een skuldeiser het my gedreig ... En my onderhoudjek het gehop.”

“O hemel, Ingrid. Ek is so ...”

“Ek het genoeg van my eie probleme. Los my uit!”

“... jammer,” voltooi Jo haar sin, maar Ingrid het reeds afgelui.

Lank sit Jo net voor haar en uitstaar terwyl ’n vakuum om haar suis.

“Is u gereed om te bestel?”

Sy kyk op na die kelner asof hy uit die buitenste ruim neergedaal het, skud haar kop en vra vir die rekening. Die kelner se oogrol is subtiel, maar onmiskenbaar.

Jo slaan die res van die glas wyn weg terwyl sy wag en bekyk die driekwartbottel vrek duur wyn wat oorgebly het verlangend. Hier wil sy nie 'n oomblik langer sit nie, maar geen mens dra oorskietwyn uit 'n plek soos Blues nie, maak nie saak hoe duur dit is nie.

Toe sy haar PIN intik op die masjientjie wat die kelner aangee, klop haar hart in haar ore asof dit 'n kanaaltjie soek om uit te kom.

Die kelner tik sy tikke in, loer bestraffend na haar en skud sy kop.

Met warmte wat in haar nek uitslaan, vroetel sy 'n tweede kaart uit en stuur 'n skietgebed die aandlug in. Die gat in die osoonlaag help niks om gebedjies vinniger tot Bo te kry nie, want dis eers haar derde en laaste kredietkaart wat deurgaen.

Teen die tyd dat sy uiteindelik opstaan, is sy papnat gesweet. Sy gee die bottel 'n laaste kyk en besluit dan te hel daarmee.

Bottel in die hand en met wat voel soos elke oog in die restaurant op haar, stap sy kop in die lug uit.

TWEE

Dinsdag 14 September

“Waar de fok is Maanschijnbaai?” Sue sit arms gekruis, haar bene lank voor haar uitgestrek.

“Jy weet net soveel soos ons, Sue. Anderkant Bettysbaai, naby Bloumond. En moenie so vloek nie. Jy weet hoe voel Jeannie daaroor.” Nan klink moeg, selfs die betigting kom meganies. Sedert hulle die prokureur se kantoor verlaat en hier by die koffiewinkel kom sit het, lyk Nan so halfwesenloos.

Jo verstaan wesenloos. Dis hoe sy sedert gisteraand al voel. Sy sien die hede om haar gebeur, maar sy is nie deel daarvan nie. Hoor alles, maar dis asof niks deurdring nie.

“En wat moet ek met ’n kar doen wat ek vir drie jaar nie mag verkoop nie?” Jo twyfel of Sue Nan se bestraffing gehoor het. “Die bakkie is dalk vrot van die roes, maar ek hét minstens ’n ryding. En een van die dae kry ek Jo se paneelwa. Dis geld wat ek nodig het.”

Jo kyk liewer weg. As Sue maar net weet.

“Miskien is dit ’n Merc of ’n BM,” mymer Jeannie.

Die geratel van koppies doof nie Sue se onvroulike snork nie. Die kelnerin deel die drie cappuccino’s en Jeannie se glas water uit. “Nog iets?” vra sy hoopvol, maar al vier koppe skud.

Veraf hoor Jo nog die prokureur se stem in haar ore dreun. Aan sy oudste dogter Johanna Catharina Calitz, sy winkel, die perseel en alle voorraad. Aan sy jongste dogter Susannah Maria Calitz, sy motor. Aan sy kleindogter Joanna Calitz, sy huis en die inhoud daarvan. Alles onderhewig aan 'n voorwaarde. Vir drie jaar het Nan, Sue en Jo gebruiksreg en dan eers word dit hulle eiendom. Aan sy agterkleindogter Jeannine Calitz, bemaak hy sy boekery, maar dit mag vir drie jaar nie uit die huis gaan nie.

Die restant van die boedel, nadat boedelbelasting, boedelberedderingskoste, kapitaalwinsbelasting en dies meer betaal is, sal uitbetaal word aan 'n persoon of persone soos aangewys in 'n addendum wat eers op 'n gestipuleerde datum bekend gemaak mag word.

Jo mag intussen verbeterings aan die huis aanbring, maar dit sal vir haar eie rekening wees. Die boedel sal egter wel aan die einde van die drie jaar oordragkoste en dergelike administratiewe uitgawes rakende die erfposies delg.

Die enigste kontant wat hy onmiddellik bewillig het, is vir 'n marmerengelbeeld ter herinnering aan sy afgestorwe middelste dogter Margaretha Jacomina Calitz. Die beeld moet aan Quintin de Vos geskenk word aangesien Gretha sonder haar seun se medewete veras is.

As eksekuteur sal die prokureur sorg dat laasgenoemde wens uitgevoer word.

Die ironie van die laaste bemaking is skreiend. Quintin de Vos het hom nie eens verwerdig om sy ma se gedenkdien by te woon of hulle te kontak nadat Nan hom deur die polisie in Lichtenburg probeer bereik het nie. Wat hy dus met 'n engelbeeld ter herinnering aan sy ma wil maak, weet nugter. Tensy Casper gedink het Gretha het hulp nodig om haar deur die poorte van die hiernamaals te kry, laat soos dit is, want in die ondermaanse was Gretha gewis geen engel nie.

Waarom Quintin verder niks erf nie, is ewe duister. Maar miskien is Quintin die gelukkige een. Dalk is hy die begunstigde van die restant.

Jo weet nie of sy moet lag of huil nie. Dit klink dalk wonderlik om 'n huis op 'n onbekende, waarskynlik agtertangse kusplekkie te erf, maar dit help net mooi niks as sy dit nie binne drie jaar mag verkoop nie. Intendeel. Daar sal onderhoud wees. Munisipale rekeninge. Pleks dat haar erfposie haar situasie verbeter, dompel dit haar net verder in die

moeilikheid.

As die huis nader aan die Kaap was, sou dit nog gehelp het. Dan kon sy en Jeannie daarheen getrek het, maar wat op aarde sal sy op die danige Maanschijsbaai kan doen? Dit klink asof dit uit skaars meer as 'n hawetjie en 'n paar vakansiehuise bestaan, en dis meer as 'n uur se ry uit die Kaap. En die nabygeleë Bloumond is ook maar net 'n dooierige kusedorpie waarheen mense grotendeels gaan om af te tree.

Maar dit sal dalk lekker wees as julle naweke en vakansies daar kan bly, laat hoor 'n optimistiese stemmetjie wat nie verstaan van uitgawes en verpligtinge nie. Wat nie gehoor het dat daar klaarblyklik “verbeterings” aan die plek nodig is en dié uit haar sak betaal moet word nie.

“Wel, ek is baie bly oor my erfposisie,” sê Jeannie nadat sy helfte van die water gulsig afgesluk het.

“Jy weet nie eens watse soort boeke dit is nie,” bly Sue nors.

“Miskien is daar kookboeke tussenin. En as daar tuinboeke is, kan ek dit vir jou gee. Jy sal dit net in die huis self moet lees, natuurlik.”

Sue sug diep. “Dis dierbaar van jou, bobbejaantjie, maar Casper was 'n stokou man. Die ‘boekery’ wat jy so ewe geërf het, is waarskynlik 'n spul vermomte cowboy paperbacks of James Hadley Chase of wat 'n onderwyser ook al sy hele lewe lank gelees het. Dalk nog skoolboeke.” Sy strooi bruinsuiker eweredig oor haar cappuccino se skuimkop.

“Watse soort winkel dink jy sal 'n afgetrede onderwyser bedryf, Nan?” vra Jo.

“Nugter weet. Waarskynlik nie iets wat ek sal wil bedryf nie. Wat wil ek in elk geval met enige soort winkel maak? Een wat ek vir drie jaar nie mag verkoop nie.” Nan kies versoeter uit die houertjie, blaas 'n holtetjie in die skuim en skink die poeier noukeurig daarin.

In die afgelope paar maande het Nan se dik vlegsels vinnig grys geword, let Jo op. Daar is amper nie meer sprake van die goudbruin wat dit was nie. Maar dit pas haar nogal. Dit laat haar gesig en vel sagter lyk.

Nan kyk op asof sy Jo se blik aanvoel. Die ligblou oë sit soos seeglas in die beduidenis van sagte plooië wat al hoe opsigteliker begin word het. Sy lyk jonger as haar vyf en vyftig jaar, maar niemand sal haar meer te ver onder vyftig skat nie. Miskien omdat sy die laaste ruk ook 'n paar kilo's opgetel het. Waar sy altyd volslank was, is sy nou onteenseglik meer as dit. Net haar lengte red haar van plompheid. “Kom ons wees eerlik. Casper

se nalatenskap veroorsaak vir ons meer probleme as enigiets anders.”

“Jy sal darem die winkel kan verhuur.” Sue se bui het nie gelig nie. Haar woorde klink eerder beskuldigend as vertroostend.

“Nogal? En wie dink jy sal ’n winkel op so ’n godverlate plek wil huur?”

“Selfs mense op godverlate plekke het melk en brood nodig.” Sue maak met haar teelepel die skuimrandjie van die koppierand af los voor sy ’n slukkie neem.

“Ja, en my hele lewe lank is dit al my ideaal om ’n kêffie-antie te word.” Nan se hande bewe toe sy die koppie na haar lippe bring.

“Ag nee, man! Julle is ’n ondankbare spul,” vaar Jeannie skielik uit.

“Vandat ek my oë die eerste maal oopgemaak het, kla julle dat Casper Calitz nooit iets met ons te doen wou gehad het nie, en nou laat hy ons erf en dis ook nie goed genoeg nie.”

Sue gee haar ’n ergerlike kyk. “Jeannie, jy het nou die dag eers negentien geword. Jy ken nie die lewe soos ons dit ken nie. Glo my, Casper kon geen goeie bedoelinge hiermee gehad het nie. Vir al wat ons weet, is dit juis bedoel as ’n straf.”

“Wel,” sug Nan, “daar is net een manier om uit te vind. Ons sal ’n afspraak moet maak met daardie Priscilla-vrou wat die sleutels het, soos die prokureur voorgestel het, en gaan kyk hoe lyk Maanschiynbaai en ons onderskeie erflatings. Ek stel voor ons doen dit hierdie naweek en kry klaar. Dan kan ons besluit of ons dit wil aanvaar of nie. Sorg dat julle Sondag negeuur by my is, dan ry ons met my kar.”

“Wat gebeur as een van ons dit nie aanvaar nie?” vra Jeannie.

“Gesit en droom oor jou boeke terwyl die prokureur ons ingelig het of het jy muisneste?” vra Sue.

“As een van ons die erflating weier, verloor die ander ook hulle erfporsies,” antwoord Nan voor Jeannie haar kan wip. “Dan word alles oor drie jaar verkoop en die opbrengs by die restant gevoeg om aan die begunstigde of begunstigdes in die addendum uitbetaal te word.”

“Dan kry ons niks nie?” vra Jeannie afgehaal.

Nan knik.

Jo sug heimlik. Is ’n halwe eier in dié geval beter as ’n leë dop? Dit sal hulle seker eers die naweek agterkom.

Saul vryf sy nekspiere en kom orent agter die tekenbord. Hy sukkel die

afgelope paar uur al om 'n praktiese oplossing te kry vir 'n puntenerige kliënt se baie onpraktiese verwagtinge van haar strandhuisplanne. Nie dat dit die grootste van sy probleme is nie.

As Casper hom nie drie jaar lank aan 'n lyntjie gehou het nie, sou sy lewe baie makliker gewees het.

“Jy kan die eiendom kry, Saul, maar op my voorwaardes,” het Casper destyds gesê. “Ek moet net baie mooi gaan dink wat my voorwaardes gaan wees voor ons oor enigiets praat.”

Op grond daarvan het Saul solank planne opgestel en die wiele voorlopig aan die rol gesit. Hy het Casper geken as 'n eksentrieke man met vreemde idees, maar 'n man van sy woord was hy nog altyd. En toe, 'n ruk voor sy dood: “Ek het van besluit verander, Saul. Daar is 'n hoër doel as winsbejag. Joe erf die huis.” En toe het Casper so aan die hoes geraak dat Saul nie daarby uitgekóm het om te vra wie presies dié Joe is nie. Ook nie daarna nie, want Casper het te vinnig agteruitgegaan.

Die einde was nie onverwags nie, maar dit het Saul nogal onkant gevang dat hy Casper mis. En dis nie net omdat die winkel met die eienaardige musiek wat uit die oop deur stroom nou skielik net 'n stil plek met dooie vensters geword het nie.

Hulle het nie veel van mekaar gesien nie en Saul het nog maar altyd gedink Casper is 'n selfverklaarde soort ghoeroe wat goedgeelowige mense mislei. En tog, dis asof dit Maanschiynbaai skielik aan iets ontbreek. 'n Energie wat Saul nie eens besef het daar was nie, voordat dit saam met Casper verdwyn het.

Wie Joe Calitz is, is steeds vir hom 'n geheim. Al wat hy weet, is dat hy seker familie van Casper moet wees en van Casper se familie weet hy min. Hy hoop en bid net die Joe-man is bereid om die eiendom te verkoop en wel teen 'n realistiese prys. En hy dank die gode Casper het nie die plek aan sy enigste kleinseun bemaak nie. Nie dat die kleinseun hom te na gekom het nie. Hy is net te kruiperig na Saul se smaak.

Saul het pas vir hom 'n welverdiende glas pinot noir geskink toe sy selfoon lui. Hy neem eers 'n slukkie en spoel die wyn in sy mond rond voor hy kyk wie dit is.

“Priscilla,” groet hy.

“Hallo, Saul. Ek sien jy het my geskakel. Seker terwyl ek in die bad was.” Sy klink verrassend vriendelik.

“Ja. Ek het gewonder of jy dalk kontakbesonderhede het van Casper se erfgenaam. Met dié dat jy die sleutels het.” Die enigste rede waaraan hy kan dink waarom die sleutels na haar toe moes gaan tot die erfgenaam kom, is dat sy ’n skoonmaakdiens bedryf wat vakansiehuise bedien.

Die stilte aan die ander kant het besonder lank gerek, besef hy skielik. O hel, moenie sê sy het gedink hy het van plan verander nie? Dat hy haar gebel het omdat hy die saak wil terugtrek en weer probeer nie. “Priscilla ...”

“Laat staan, Saul. Ek neem aan jy begryp dat ek jou geen gunste verskuldig is as jy ... as alles Vrydag ...” Hy hoor haar sluk.

“Priscilla, jy weet tog ons het nou al twee jaar werklik hard probeer. Vir oulaas. Dit werk nie. Ook nie vir jou nie. En dit werk al sestien jaar nie. Jy moet dit darem teen dié tyd besef.” Saul gaan staan voor die groot venster en hou die son se laaste skof vir die dag dop.

“Al wat ek besef, Saul, is dat jy ons almal in die steek laat. Vir my, vir Monique en vir Donnie. En vir jou pa ook. Weet jy hoe moeilik dit vir hom is om ’n egskeiding in die familie te verwerk?”

“Hy sal daaroor kom. Predikante is veronderstel om ad infinitum te kan vergewe en selfs te vergeet.” Die delikate wynsmaak in sy mond het galbitter geword. “En Monique en Donnie is heeltemal oud genoeg om dit te kan verwerk. Ons sal albei steeds vir hulle daar wees.”

Hy weet dis ydele woorde. Sy laatlamsussie neem hom verskriklik kwalik en sy seun ly op meer as een manier hieronder. Hy wens hy kon hulle dit spaar, maar ná sestien jaar se betaal aan een oordeelsfout moet hy darem wragtig ook aan homself begin dink. Oor twee jaar is hy veertig. Êrens moet sy lewe begin en liefs voor hy dit nie meer voluit kan geniet nie.

“Ek is bly jy dink so, Saul. Net jammer jy offer alles en almal op, vernietig vier mense se lewe, en dit ter wille van wellus.”

Saul slaan sy oë op na die gewelf van die plafonlose dak bokant hom. “Priscilla, ek gaan my nie eens verwerdig om op so ’n stiksienige beskuldiging te reageer nie. Jy weet daar is geen derde party betrokke nie. Ek gee jou meer as waartoe ek wetlik verplig is. Ek is bereid om op vriendskaplike voet met jou te bly ná die egskeiding ook. Dit behoort genoeg te wees om in vrede te kan aanbeweeg.” En moenie seks binne die huwelik met wellus verwar nie, wil hy sê, maar weet dit sal net weer op

dieselfde ou argument uitloop.

Dis nie haar skuld dat sy ná Donnie se geboorte nie meer in seks belang stel nie – ’n bedekte aanklag wat hy nie nog een enkele keer kan of wil aanhoor nie. En nog minder die opvolg daarvan: As jy net jou drange kon beheer het tot ons gereed was om te trou, sou ... En wat ook al met min variasie daarop volg.

Hy durf al sestien jaar lank nie sê dat hulle voorhuwelikse verhouding waarskynlik nie sou oorleef het as Donnie nie voortydig verwek is nie. En sestien jaar waarin hy die volle skuld moet dra, is genoeg. Want niks is ooit Priscilla se skuld nie.

Sestien jaar van smee om darem net af en toe te doen wat natuurlik binne die huwelik is, het hom afgestomp tot ’n punt waar hy net nie meer verder kan nie. Die Liewe Vader weet, ná Vrydag soek hy die eerste die beste gewillige vroumens vir wie hy nie hoef te betaal nie en leef hom uit in elke fantasie wat vir so lank in hom opgebou het. En vir elke gewillige vroumens wat oor sy pad kom, sal daar genoeg van sy opgekropte energie wees. “Ek soek net ’n telefoonnommer, Priscilla. Een wat jy êrens moet hê. Dis sekerlik nie te veel gevra nie.”

“Dis vertroulik.”

Voor sy geestesoog kan hy sien hoe die vroom roosknopmond die kleinlike woorde vorm. Want dis niks anders as kleinsieligheid nie. Geen wonder Priscilla en sy ma het so goed oor die weg gekom nie.

Saul hou hom met moeite in. “Ek verstaan. Sal jy dan omgee om net vir die man, dié Joe Calitz, ’n brief te gee wanneer jy die sleutels afgee?”

Priscilla is weer stil. “Ek sal sien.” Sy lui af sonder om te groet.

Saul tel elkeen van die sierlike boogbalke wat die dak in die lug hou asof hy nie weet daar is twaalf van hulle nie. Toe eers sit hy die foon saggies neer en stap die paar trappe af na sy kantoor toe waar hy ’n briefhoof uit sy lessenaarlaai haal en in die drukker sit.

Vrydag 17 September. Die datum was sy mantra vir die afgelope ses maande terwyl hy sy kantoorgebou omskep en verbou het sodat hy ook ’n gerieflike woonruimte het.

Vrydag is hy ’n vry man.

DRIE

Donderdag 16 September

Hoekom Jo skielik onthou dis vandag Breyten Breytenbach se verjaardag, kan sy nie verklaar nie. Miskien omdat sy so siek en sat is van syfers en probleme, dat enige stukkie trivia 'n welkome onderbreking is.

Dit het haar die hele week geneem om te goël met Piet Skuld en Jan Verpligting en hulle magdom klone.

Nie 'n woord van Con nie. Het hulle verhouding dan net mooi niks vir hom beteken nie? Sy kon die twee skei. Die werksverhouding aan die een kant en die emosionele een aan die ander kant. Hy klaarblyklik nie.

Al het Con in die rigting begin skimp, is dit nie asof hulle al strooijonkers begin kies het nie. Hulle ken mekaar egter al 'n jaar of wat en het die afgelope ses maande gereeld uitgegaan. Slaap die afgelope maand bymekaar. En tog kon hy net verdwyn sonder sprak, sprook of spoor. Sonder om eens te SMS. Al was dit net iets soos: In die moeilikheid, moet liefs rukkies verdwyn. Of om te sê: Moeg vir jou, los my uit. Enigiets om haar net te laat weet waar sy staan.

Van 'n ondersteuningsnetwerk is daar nie sprake nie. Met Nan kan sy nie oor Con praat nie en definitief nie met Jeannie nie. Nan sal haar uitkryt vir die fool wat sy inderdaad was en Jeannie kon nooit vat aan Con kry nie.

Om met Sue te praat, gaan ook nie werk nie. Dis hoekom Jo Dinsdag, toe

Sue kom tuindienste doen het, haar nie in die oë kon kyk nie en met die flouste denkbare verskoning gevlug het. Sue sal net haar refrein herhaal: Ag, cheer up, Rooikappie – of watter benaming ook al eerste by haar opkom – jy weet mos teen dié tyd mans is almal bastards.

Vir Jeannie sien sy gelukkig skaars. Dié werk vandeeweek drie skofte by twee verskillende restaurante en kom snags stokflou terug. 'n Bedekte seën, want daardie twee groot oë sien alles raak.

Daar is fout met Jo. Dit kon Sue Dinsdag baie duidelik agterkom. Waarvan sy nie seker is nie, is of sy wil weet wat skort. Sy is te bang dit het iets met Con Coetzee te doen. Hoekom sy dit vermoed, weet sy nie. Miskien omdat Jo deesdae dieselfde gekneusde uitdrukking in haar oë het as destyds toe daardie varknek wat homself Jeannie se pa noem, weer deel van haar lewe geword het. En Jo praat nie eintlik meer oor Con nie. Dis nogal vreemd.

Sue sug toe sy die derde e-brief vandeeweek oopmaak waarin 'n kliënt verskonend laat weet hulle moet haar tindiens ongelukkig opskort vanweë die invloed van die resessie. Daardie twee ontwikkelings moet nou net nie ook nog deur die mat val nie.

Kyk na die positiewe kant, suster Godiva, praat een van die oorblywende optimistiese selletjies in haar brein haar aan. Daar is die New Age-begeesterde kliënt wat haar labirintuin herbeplan wil hê om 'n weerkaatspoel te akkommodeer. Linda is dalk met die sterre gepla, maar sy het bucks.

En daar is die beneukte ou man wat laat weet het hy het 'n kwekery van meeste van hulle bromelias verlos en sy moet dit in sy binnehof kom rangskik en plant. Dis 'n hele paar dae se werk. Mr Cleary is 'n puntenerige ou knol, maar hy betaal kontant.

Sue blaai deur haar dagboek. Mōre het sy net een tuin om te doen. Sy sit haar verpestelike leesbril op om die kleinskrif te lees waarin mōre se pedantiese boodskappie onderaan die dagboekbladsy gedruk is. The measure of who we are, is what we do with what we have – Vince Lombardi. Wie hy ook al is en wat hy ook al van die lewe af weet.

Sy pluk die bril af. Sy is nie iemand met baie besittings nie. Sy huur haar woonstel, en wat daarin is, het so met verdrag gekom – dikwels danksy Nan en soms danksy lovers. En nou is sy klaarblyklik ook 'n kar ryker. Danksy Casper. Seker 'n stokou Mazda of dalk nog 'n Datsun. Waarin ry

oudonderwysers rond? Sy sal maar die naweek moet sien. Met 'n bietjie luck dalk 'n bakkie, dan kan sy haar stuk skroot verkoop en Casper s'n gebruik tot Jo se paneelwa beskikbaar is. Want êrens moet sy geld vir haar besoeke aan Beauty Blossoms vandaan kry. Sonder haar manikure, pedikure en gesigsbehandelings gaan die ouderdom haar nog vinniger inhaal.

En dis on-fokken-denkbaar.

Donderdagaand is Jo se seën uitgedien.

“Wat gaan aan, Jo?” wil Jeannie weet toe sy effens vroeër as gewoonlik by die meenthuis kom en Jo omring van rekeninge by die eetkamertafel betrap.

“'n Bietjie van 'n kontantvloei-probleem,” probeer sy dit ligtelik afmaak.

“Moes Con jou nie lankal betaal het nie?” Jeannie kom sit oorkant haar.

Vir 'n oomblik oorweeg Jo om te bieg. Om vir Jeannie te sê Con is skoonveld en sy vennoot ook. Maar dan sal sy ook moet bieg oor die geld wat sy Abalone's voorgeskiet het in ruil vir 'n klein aandeel in die restaurantketting. 'n Ketting waarvan al die skakels nou uitmekaargeval het.

“Ma?” Dis selde dat Jeannie haar so noem. Gewoonlik net as sy hond se gedagte het. Of moedswillig is. Of regtig ontsteld.

Jo kyk op na haar veels te skraal kind met die veels te groot oë. Ondanks Jeannie se pogings om haar so onaantreklik as moontlik te maak, kan sy nie die Calitz-gelaatstrekke waarmee hulle almal geseën is, wegsteek nie. Nie die gebrek aan grimering, die verbeeldinglose poniestert of die vormlose rok en nie eens die blou kringe onder haar oë kan verdoesel dat sy 'n mooi kind is nie. “Con sê hy kan nie nou nie,” probeer sy vaag bly.

Jeannie frons. “Maar was dit nie deel van die kontrak dat jy met finale aanvaarding betaal word vir al die maande wat jy uitsluitlik aan die konsep gewerk het nie? Hoe lank is dit nou al? Agt maande?”

Ja, so het dit daar gestaan. In 'n kontrak wat nie die papier werd is waarop dit geskryf is nie. Nie terwyl Abalone's se twee vennote soos 'n groot speld verdwyn het nie.

“Miskien kry ek dit einde van die maand.” Jo skommel die rekeninge bymekaar en klap haar skootrekenaar toe. “Kom ons vergeet nou daarvan. Hoe lyk dit met tee?”

“Die groentee is op.” Jeannie se oë bly agterdogtig op Jo gerig. “Jo? Is jy ernstig oor Con? Op persoonlike vlak.”

Jo sug en vou haar arms terwyl sy teen die eetkamerstoel se regop rugleuning terugsit. “Jy hou nie van hom nie, nè?” probeer sy tyd koop.

Jeannie haal haar skouers op. “Hoe sal ek weet? Ek was nog maar bitter min in sy geselskap en die kere wat ek was, het hy hom nie juis aan my gesteur nie. En julle het anyway heeltyd shop gepraat. Maar ek sal jou dit sê, daardie klein brat van ’n dogtertjie van hom staan my beslis nie aan nie. Inge, of wat haar naam ook al is. Ek het nou nie ondervinding nie, maar ek dink nie die terrible twos kan naby die awful eights kom nie. Ek kan ook nie insien hoekom ons nou al twee keer na haar moes kyk op haar kuiernaweke nie. Is die idee nie dat hý tyd saam met sy kind deurbring nie?”

“Hy was besig. Dit sal waarskynlik nie weer gebeur nie. Ek het vir hom gesê ek voel dis onregverdig – teenoor haar én jou.” Jo twyfel of hy haar eens gehoor het, maar nou is dit natuurlik akademies. Sy staan op. “Jy sal maar rooibostee moet drink. Of jou lewe waag met Engelse tee.”

“Ceylon-tee is vrot van die kafeïen en rooibos ondrinkbaar.” Jeannie ril en stap agter haar aan kombuis toe. “Slaap jy by hom? By Con?”

Jo steek vlugtig vas en stap dan weer verder. Sy het so diskreet probeer wees. Net op aande wat Jeannie by haar vriendinne oorgeslaap het. En net een keer hier in die meenthuis, die res van die tyd by Con se huis.

“Dis sonde, Ma. En baie onhigiënies, as jy my vra.”

Jo draai om toe sy die ketel aangeskakel het. “Ek vra jou nie, Jeannie. En jy sal in elk geval nie verstaan nie. Ek word in Desember agt en dertig. Op die drumpel van veertig, reken ek, is ek oud en wys genoeg om my eie lewe te lei.”

“Seks is gross. En dan nog tussen ou mense. Supergross.” Sy ril weer.

“In jou oë dalk. Maar dan weer, alles is in jou oë gross.” Jo probeer haar woorde met ’n glimlag versag, maar haar gesigspiere is te stram.

“Nie alles nie. Maar seks is bedoel vir die huwelik. Om kinders voort te bring. Nie vir ligte vermaak nie. Het jy nou nog nie geleer uit jou en Nan en Sue en Gretha se lesse nie?” Jeannie wip haar sitvlak tot op die kombuistoonbank. “Ek skaam my morsdood vir julle. Die susters kon hulle ore nie glo toe ek moes erken nie een van julle het eens naastenby twintig gehaal voor julle pregnant geraak het nie.”

“Ek kan my nie indink dat dit enigiets met ‘die susters’ uit te waai het nie. En ek hoop jy praat net van die twee susters wat jou vriendinne is en nie al die susters by YWC nie.” Jeannie boer behoorlik by die interdenominasionele kerkgroep, Young Women for Christ.

“Nee, net Imogen en Cassandra.”

“Dankie tog, maar los dit nou, Jeannie. En ek is op die Pil. Jy hoef nie bang te wees dat ek jou in daardie opsig in die verleentheid sal stel nie.”

“Gebruik hy darem ’n kondoom of het julle nog nie gehoor van iets soos vigs en ander geslagsiektes nie?”

“Jeannie, kry nou end! Ek gaan nie my sekslewe met jou bespreek nie. Ek en Con is mooi groot.” As iets aan Jeannie krap, begin sy aan ander krap en sy weet presies hoe om haar ma te krap – daar waar Jo op haar kwesbaarste is. Maar Jo weet ook Jeannie kan haar tot satwordens toe bekommer – veral oor haar ma. “Net ter wille van jou gemoedsrus, ons het ons albei laat toets voor enigiets gebeur het. Wil jy rooibos hê of nie?”

“Ek sal water drink. Maar die filter in die kan moet vervang word.”

“Drink verdomp kraanwater,” verloor Jo haar humeur.

“Dis vol organismes.” Jeannie wip van die toonbank af en maak die yskas oop. Sy pluk die laaste gebottelde water uit, klap die deur toe en marsjeer weg. Op die drumpel van die kombuisdeur draai sy om. “Ek slaap môre- en oormôre aand by die susters oor.”

Jo kners heimlik op haar tande. Sy moet seker haar hande saamslaan dat Jeannie en haar twee vriendinne vroom wil leef, maar vaderweet, dit irriteer haar dat hulle so veroordelend en selfvoldaan is. Dat die godvrugtige klein drie-eenheid almal en alles as sondig of minstens verdag ag. “Onthou, Nan wil Sondagoggend voor nege wegkom. Sorg dat jy betyds hier is.”

“Ek moet kerk toe gaan. Die susters wil my juis ’n ander kerk gaan wys as ons gewone een. Boetie Tienie, hulle halfbroer of iets, het hulle daarvan vertel. Die predikant is glo ’n vrou.”

“Jy kan volgende week gaan. Die nuwe kerk sal nie wegloop nie.” En dit sal jou goed doen om ’n bietjie weg te kom van die susters, dink Jo in haar enigheid. “Jy weet Nan het gesê sy werk hierdie Saterdag. En ons moet so gou moontlik gaan kyk wat op Maanschijnbaai aangaan.”

Jeannie snork. “Seker net onheilighede.” Sy vlieg om en daver in die gang af. Jeannie vertiendubbel in gewig as sy haar ergerlikheid wil uitspel.

“Nag, Jeannie!” roep Jo agterna en stut haar voorkop teen die koel melamienkas. Sy is ’n misoes. As ma, as mens, as dogter, as niggie, as vrou, as alles.

Hoe de hel gaan sy vir Nan en Sue sê sy het hulle geld en vertroue in die water gegooi? Hoe gaan sy vir Jeannie sê sy het die afgelope jaar verniet so hard gewerk en naartig gespaar om die studiepolis aan te vul? Dat sy die sjefskool nou op haar maag kan skryf?

En hoe de hel gaan sy oor hierdie seerkry kom, hierdie vernedering sedert daar ’n sinkgat in die aardkors geval en Con ingesluk het? Hoe gaan sy hierdie leemte in haar vul? Dis asof daar ’n orgaan uit haar lyf gepluk is. Nie ’n lewensnoodsaaklike een soos ’n hart of longe of lewer nie, maar iets belangriker as ’n blindederm. Dalk haar eierstokke.

Nan staar na die brief wat liggies in haar hande tril. Nie om te lees wat daarin staan nie. Sy kan al die verdomde ding uit haar kop uit opsê. Miskien eerder om dit meer werklik te probeer maak, hoe onwerklik dit ook al klink.

Sy het darem gedink sy sal tot op vyf en sestig kan werk. Sorg dat haar pensioen ’n goeie hupstoot kry. Dit het nooit by haar opgekom dat sy reeds op vyf en vyftig klaarblyklik oor die muur is nie. Dat die firma vir wie sy nou al meer as dertig jaar werk, sal voel ’n persoon met ’n BCom-graad en kennis van meer resente rekenaarprogramme moet die geleentheid gegun word om innoverend voort te bou op die goeie grondslag wat sy daargestel het nie.

Natuurlik word alles volgens die reëls gedoen. Hulle dank haar nie af nie, hulle vra haar net om op pensioen te gaan en bied haar ’n aantreklike aftreepakket aan. Sy mag weier.

Ja, en aanbly terwyl sy weet sy is nie welkom nie? Dat sy haar doel gedien het en hulle haar net ’n keuse gee sodat sy hulle nie by die CCMA kan gaan verkla nie?

Daar bestaan by haar geen twyfel dat daardie innoverende persoon met ’n BCom ’n snotkoppie is met oorontwikkelde BlackBerry-duime en iPod-geknoude ore nie. Of watter duiwelse instrument hulle deesdae ook al gebruik om na hulle snertmusiek te luister.

Sy smyt die brief neer en laat sak haar kop in haar hande. Sy klink nou nes die ou mense geklink het in die dae toe sý jonk was. Pink Floyd. Uriah

Heep. Led Zeppelin. Alles duiwelsgoed. Underground was, nes jeans, deel van die Rooi Gevaar. En dan was daar nog die satanistiese boodskappe verskuil op die Beatles se plate. Plate! Liewe hemel, sy het nog na vinyls geluister tot sy in haar dertigs was.

Sy onthou nog wit-en-swart TV en 'n lewe daarsonder ook. En ander goed staan haar ook nog helder voor die gees. Ketels wat nie vanself afskakel nie. Strykysters sonder stoom. Telefone met 'n draaiskyf. Somme maak sonder sakrekenaar. En op agtien het sy nog in 'n tussenverkiesing Nasionaal gestem. Darem die eerste en laaste keer, maar nogtans.

Sy sug diep. Ja, miskien is hulle reg. Miskien is sy oor die muur. Miskien is dit maar 'n bedekte seën dat sy nou melk en brood op Maanschijsbaai kan gaan verkoop. Of wat haar danige pa ook al aan wie ook al gesmous het. Miskien nog aas aan vissermanne.

Uit haar lessenaar se boonste laai haal sy die vergeelde foto. Die enigste wat sy ooit van haar pa gehad het en sy moes dit vir haar ma wegsteek. Oor die jare heen het die beeld wat sy van Casper gehad het toe sy elf jaar oud was tot niks vervaag. Dis oorgeneem deur hierdie foto, asof dit die pa geabsorbeer het wat sy nog kon onthou, haar herinneringe aan hom opgeslurp het. Niks van die werklike man het in haar geheue agtergebly nie.

Die hoë voorkop verklap intelligensie; strak gelaatstrekke, 'n onverbidlikheid. Hy moes blou oë gehad het, want dié het elke Calitz-meisiekind geërf, net in verskillende skakerings, terwyl haar ma se oë groenerig was. En sy en Jo moes by hom hulle goudbruin hare gekry het, terwyl Sue en Gretha se blonde koppe aan hulle ma te danke was. Net Jeannie het van wie weet wie haar rooikop gekry. Wel, nie rooi nie. In die ou dae ... in Nan se dae is dit auburn genoem. Sy kan nie eens onthou, of miskien wil sy nie, watse kleur hare daardie psigotiese swyn van 'n man wat hom Jeannie se pa durf noem, gehad het nie. Maar dit was nie auburn nie.

Sy buig 'n omgevoude hoekie van die foto reg. Wie het wie geknak? Hannelie, die vrou van losse sedes, haar “ordentlike” man Casper? Of die onbesproke, vervelige onderwyser sy beeldskone vrou? Want beeldskoon, dit was Hannelie Calitz. Haar dogters is almal mooierig gebore en haar kleindogter en agterkleindogter ook, maar Hannelie was werklik uitsonderlik. En sy was nie net mooi nie. Sensualiteit het uit haar gedrup

soos heuning uit oorvol korwe. Nes Marilyn Monroe. En Hannelie het nogal op haar getrek ook, al was haar gelaatstrekke fyner en haar lyf skraler.

Nan het nooit Casper se weergawe gehoor nie. Net Hannelie se geteem oor hoe Casper haar in die steek gelaat het. Hoe onsimpatiek en vervelig hy was. Hoe hy alles en almal veroordeel het. Hoe hooghartig, kil en afstandelik hy was. Wat Nan nog sou kon ignoreer het. Sy het immers toe al geweet haar ma het geglo die aarde wentel in sy baan om die uitsluitlike rede dat Hannelie Calitz op hierdie spesifieke planeet geplaas is.

Maar die praktyk het Nan geen rede gegee om te glo haar ma lieg oor sy kilheid nie. Daardie oggend toe Casper Calitz weggery het, was dit die laaste sien van die blikkantien. Sue was maar een jaar oud en het skaars agtergekom daar is 'n verskil, maar Gretha was nege en ontroosbaar. Nan was op elf te jonk om mooi te verstaan wat aangaan, maar oud genoeg om te besef hulle is willens en wetens weggegooi en koelbloedig aan Hannelie se onverskillige genade uitgelewer.

Nan kon nie treur nie. Sy moes haar herinneringe aan haar pa wegbêre, haar een sussie troos en die ander een grootmaak. Net snags het sy gelê en dink aan die groot man wat haar op sy skouers gelig het die dag toe die Unie van Suid-Afrika 'n republiek geword het. Sy onthou nou nog die reën, die somber swart sambrele. Asof die hemele toe al gehuil en die mense reeds in lanfer was.

Sy het onthou van haar pa se voorliefde vir Jim Reeves. "Distant drums" was sy gunsteling die jaar toe die radiogram aan die piep gegaan het met die noodberig oor Verwoerd se moord. Dit was dieselfde jaar wat hy haar ma betrap het toe 'n oom weer by Hannelie kom kuier het en sy vir Nan en Gretha gestuur het om 'n ent met Sue in haar stootwaentjie te gaan stap. Dit was ook die jaar toe haar pa in sy Studebaker geklim en in die niet verdwyn het. Die jaar toe Nan Sue en Gretha se ma geword het, en Hannelie 'n afwesige vreemdeling selfs wanneer sy by die huis was.

Teen die tyd dat Armstrong die mensdom 'n giant leap met sy small step gegee het, was sy veertien en het sy Sue op vier ten einde laaste uit die doeke en van die bottel af gehad, al het sy saans nog sporadies haar bed natgemaak en dan haar bottie gesoek. Dit was ook die jaar toe Gretha begin menstrueer het. Die jaar toe hulle Kaap toe getrek het. En die jaar toe haar ma met die skarminkel getrou het.

Die skarminkel het hulle onderdak, kos en klere gegee. Soms vir Sue 'n bietjie aandag.

En kort ná die Watergate-bom in Amerika gebars het, het die skarminkel se broer een aand in Nan se kamer ingekom en voor sy mooi besef het wat aangaan, het hy Jo vir haar kom gee.

Nan kom orent en skink vir haar nog 'n G&T. Die gin help nie om te vergeet van die brief of dat sy van die einde van die maand 'n pensioenaris is nie. Ook nie van die verlede nie. Dit maak net die snykante van haar lewe effens sagter. Soms. Dis nou wanneer die tonic haar nie sooibrand gee nie.

VIER

Sondag 19 September

Die rit word in relatiewe stilte afgelê. Jo glo nie dit het iets met die oggenduur of die gewydheid van die Sondag te doen nie.

Haar gedagtes loop in Con-sentriese sirkels wat net af en toe onderbreek word deur 'n vlugtige loer na Jeannie. Dié lyk in 'n heel goeie luim ná die twee aande se uitslaap, maar daardie blou kringe onder haar oë het tog verdiep. Sy hoop tog nie ... Maar nee, Jeannie het haar belowe. En Jo het op haar beurt belowe om haar te vertrou en op te hou nag.

Sue kou kougom asof dit die een sappige steakstrip na die ander is wat sy verorber. Nan laat Sue met baie wegkom, maar rook word daar nie in haar kar gerook nie.

Nan self lyk ingedagte, asof haar kop vore in die verlede ploeg. Sy wonder wat Nan sal sê as sy hoor Jo is Vrydag terug na Casper se prokureur toe.

“Ja, die driejaarklousule en ander voorwaardes is afdwingbaar,” het hy haar vraag geantwoord. “Ek het juis op die saak ingegaan toe 'n man die dag ná jou oupa se dood by my kom verneem het of Casper se huis in die mark is. Ek het hom ingelig oor die klousule en toe gaan seker maak wat sê die wet.”

Die prokureur se uitgebreide relaas oor erfreg het nie vir haar veel sin

gemaak nie, behalwe dat sy finaal besef het haar erfporsie baat haar vir drie jaar lank sweet blow-all, en gaan haar net geld wat sy nie het nie uit die sak jaag. Maar miskien kan sy die plek darem verhuur. Dis nou as sy die erflating aanvaar, maar hoe kan sy weier en Nan, Sue en Jeannie ook van hulle erflating beroof? Hoe goed is die kanse dat hulle nee sal wil sê vir iets wat in hulle skoot geval het, al moet hulle drie jaar wag voor hulle iets daarmee kan doen?

Uit pure moedeloosheid het sy sommer die hele Con-debakel ook aan die prokureur uitgeblaker.

Aangesien die tjek in Con se naam uitgereik is, moes sy hoor, sal Jo 'n saak teen Con in sy persoonlike hoedanigheid moet maak. Hy raai haar in elk geval nie aan om die vyfpersentaandeel wat haar sou toekom op te haal nie aangesien sy dan verantwoordelik gehou kan word vir vyf persent van die skuld las ook. Tans is dit 'n mondelingse ooreenkoms tussen haar en Con. Dit sal beter wees as sy dit so hou.

“Daar’s hy!” Sue se wysvinger skiet rakelings voor Nan se neus verby soos sy beduie na die bordjie met die hawesimbool. “Waaragtig, nie eens ’n bord met die naam van wat ook al Maanschijsbaai is nie. Dorp, gehuggie of bordeel.”

Jo het hierdie pad al hoeveel keer gery en sy het al een keer ’n onsuksesvolle kwotasie vir ’n restaurant in Bloumond, ’n kilometer of twee verder, gaan gee, maar sy kan wraggies nie die hawebord onthou nie.

“Hier regs,” beduie Sue weer ’n goeie kilometer grondpad verder waar toe wel ’n pleknaambord staan, maar nie ’n provinsiale een nie.

Nan kyk in die truspieël en hou stil. “Is jy seker? Dit lyk dan asof daar geboue reguit aan is?” Sy trek die kaart wat die prokureur geteken het uit Sue se hande, pluk haar leesbril van haar kop af. Ná ’n paar oomblikke gee sy die skets terug, stoot die bril weer in haar hare en draai in die nog smaller regterkantste paadjie in.

“Told you so.” Sue gooi die papier in die paneelkissie voor sy die klap ekstra hard toesmyt.

Die paadjie kronkel teen skuinstes af. Van ’n heuwel af is dit die ene uitgestrekte oseaan, in die duik daarna net fynbos. Die pad is sleg en Nan bestuur so versigtig dat dit soos kilometers voel voor hulle hul vasry teen die strand en moet links draai in ’n nog slegter paadjie.

“Dóer is die kastige hawe,” beduie Sue. “For what it’s worth. Dis skaars

meer as 'n inham, maar kyk daar gaan 'n skuit uit.”

'n Stilstaande motor versper ineens hulle weg. Nan trek van die pad af en parkeer.

'n Vrou in 'n netjiese langbroek en 'n verbeeldinglose bloes kom nadergestap. Die serpie om die nek tel die presiese skakering van koningsblou in die broek op. Enige chiropodis sal haar volpunte gee vir haar keuse van vlootblou gesondheidsandale, tensy hy 'n esteet is.

“Môre. Priscilla Wienand.” Sy steek haar hand uit na Sue, wat reeds uitgespring het. Jo klim ook uit en kyk rond. Nêrens sien sy 'n huis van 'n aard nie.

Priscilla groet elkeen afsonderlik voor sy haar op Jo toespits. “Die huis is net hier om die draai. Die pad het verspoel, ek wou nie verder ry nie. Ons sal maar tot daar moet stap.”

Jo val langs haar in met die res wat agter hulle teen 'n bultjie uit aantou. Die pad lyk nie vir haar veel erger as die res nie, maar die vrou ontsien seker maar haar Audi wat redelik nuut lyk.

“Ons kom by die agterkant in omdat daar nie 'n paadjie voor die huis verbyloop nie en dis redelik rotsagtig daar,” verduidelik Priscilla op haar preutse manier.

Jo steek vas toe die fynbos oopmaak. Voor haar teen 'n effense skuinstetjie af lê die huis. Of wat seker die huis moet wees aangesien daar nie enige ander een in sig is nie, behalwe teen 'n ander bult op, binneland se kant toe.

'n Kasarm. Uitgestrek. Grotesk. Verwaarloos. En verskriklik turkoois. Dis nou behalwe vir die pers en pienk en lemmetjiegroen deure en vensterrame.

Jo kom agter haar mond hang effens oop en sluk dan swaar. “Nan?” prewel sy en kyk om.

Agter Nan lê soutmis soos organza oor die groen heuwel wat seker van die seekant af die agtergrond vir die gedrog van 'n huis vorm. Jo kyk weer na die ... plek. Sy hoor branders teen rotse klap en 'n seemeeu gil. 'n Mosselreuk draal en meng met die geur van heide. Maar dis anderkant die huis en niks kan die liederlikheid hier voor haar aantrekliker maak nie.

“Oh ... my ... word,” proes Jeannie, maar Jo hoor skaars.

Sy is ook net vaagweg bewus van Sue wat hande in die sye langs haar staan, kop skuins gekantel, haar kake verwoed bedrywig met die kougom.

“Fokkit,” pas sy tussen haar herkouery in. “Ek was dalk nie so ver verkeerd met die bordeelvoerspooksel nie.”

“Dis die voordeursleutel.” Priscilla hou ’n knewel van ’n sleutel aan ’n houer met ’n droomwippie wat daaraan bengel na Jo toe uit.

Jo neem dit en staar daarna terwyl die vrou met stroewe, dalk bestraffende, oë na Sue draai.

“Hierdie is die motorsleutels. Die waenhuis s’n is ook daaraan. Dis waar die motor is.” Priscilla beduie na ’n goudgeel skurerige gedoente met mankolieke siaanblou deure links van hulle, op teen ’n bultjie in wat seker die agterplaas is.

“Watse kar is dit? Ry die ding ooit?” vra Sue en bekyk die pienk unicorn aan die sleutelring.

“Ek weet nie wat die fabrikaat is nie, maar ek verstaan dis in goeie werkende orde al is dit ’n 1959-model. Meneer Calitz ...”

“1959?” Sue trek ’n gesig. “Jirre, dis ouer as ek!”

“Meneer Calitz het kort voor sy dood nog daarin rondgery,” voltooi Priscilla haar sin met afkeer op haar gesig en haal nog ’n stel sleutels uit haar sak.

Dié stel gaan na Nan toe. “Die winkel is in Hawestraat. Nommer 1. U kan dit nie miskyk nie. Hiërofant, is die naam. Dis die oudste geboutjie in die straat en naaste aan die see. Net ’n entjie onder die visrestaurant Moonbream. Daar was ’n voetpaadjie daarheen, maar dis seker teen dié tyd toegegroeï. Dit het oor die heuwel hier agter geloop.”

Die oggendson blits en kaats uit die kristal aan die ring.

“Hiërofant?” vra Nan asof sy die vreemde naam se uitspraak toets.

Priscilla knik en kyk na Jeannie. “Die boekery wat jy geërf het, is natuurlik in die huis. Daar is ’n biblioteek op die boonste verdieping, maar dwarsdeur die huis staan boeke rond. Volgens die prokureur behoort al die boeke aan jou.” Priscilla draai na Nan. Soos ’n vrou wat senioriteit herken en ag, dink Jo terwyl sy nog probeer sin maak van hierdie enorme ... krot voor haar. Daar gaan haar hoop dat sy die ding dalk kan verhuur ook. G’n mens sal daarin wil bly nie.

“U sal my ongelukkig nou moet verskoon. Ek hoop Casper Calitz se nalatenskap sal julle baie vreugde verskaf. Ek verstaan hy was ’n baie ... besondere man.”

Ja, is Jo lus om te sê, so besonders dat hy in amper ’n halfeeue nie een van

sy nasate gekontak het nie. 'n Baie besonderse mens om so 'n klipharde hart te hê, inderdaad. En nou laai hy boonop hierdie monstrosity op haar af. Sy wil nie eens weet hoeveel munisipale fooie sy hierop sal moet betaal nie.

Maar sy sê niks. Groet net saam met die ander en kyk hoe die vrou na haar motor toe terugstap. Oomblikke later hoor hulle hoe die enjin aangesluit word en dan wegdreun.

Sue se treë terwyl sy oor die lang kweek aanstap na die sogenaamde waenhuis toe is nog langer en gulsiger as gewoonlik. Lyk behoorlik asof sy die toekoms wil inhaal. Haar skouerlengte hare blink salonblond in die son, die jeans sit te styf vir haar vyf en veertig jaar en maak geen geheim van haar rankerige figuur nie. Die wit kaasdoekhemp skyn genoeg deur om te verklap dat die natuur haar waar dit saak maak welbedeel het.

Jo stap in 'n dwaal agter haar aan, steek 'n entjie van die waenhuis af vas en kyk hoe Sue met die slot stoei, maar probeer nie eens hand bysit nie. Sue is iemand wat dinge self wil doen. Nan staan ook net met haar tekkie se punt en tik op die kweek. Hulle ken almal mekaar se geite.

Uiteindelik pluk Sue die slot af en ruk die deure oop.

“O, fok.” Sue se hande klem om haar kop en die skraal vingers krul diep in haar hare vas.

Van waar sy is, kan Jo nie uitmaak wat in die skemer staan nie.

“Wat?” vra Jeannie.

Sue draai om, haar gesig 'n studie van verkneukeling. “Dis pienk. Verskriklik pienk.”

Jeannie hardloop nader, haar blommetjiesrok fladderend om haar enkels. Hoe sy met daardie dun enkels een voet voor die ander kan sit in die afgryslike Docs waarop sy laas jaar in een van Jo se opgaarbokse afgekom het, sal g'n mens weet nie. Lyk soos 'n polioslagoffer. Jo wil nie eens daaraan dink dat sy waarskynlik self ook so gelyk het toe die Docs nog hare was nie. Dit was die tyd wat Nan “Jo se Rebelle” noem. 'n Tyd waaraan Jo nie graag dink nie.

Jo stap teësinnig nader. Sue lieg sekerlik. “Pienk?” vra sy nietemin.

“Ag nee, fok. Ek háát pienk.” Sue begin magteloos lag.

“Watse kar is dit? Dis myle lank. En check die vlerke!” Jeannie verdwyn in die waenhuis in.

“Jy kla oor 'n pienk kar, het jy die kleure van die huis gesien?” roep Nan

wat ook nader stap.

“Kan enigiemand dit miskyk?” Jo kom tot stilstand by die stertkant van die motor. Dis inderdaad pienk, inderdaad myle lank, het inderdaad vlerke. “’n Landyacht. Dis wat die Amerikaners dit noem.”

“Eldorado,” lees Jeannie die effens geroeste letters wat hulle nou almal kan sien. “Dit lyk soos iets uit ’n Elvis-fliek. Soos daai in Nanna se videoversameling. Net ’n grosser weergawe.”

Sue stap na die voorkant toe en buig oor die embleem op die neus. “Cadillac.” Sy bars van voor af uit van die lag. “’n Pienk 1959-Cadillac Eldorado. Kan jy dit nou oorvertel. Ek dag Hannetjie het gesê Casper was vervelig?”

“En ’n convertible boonop.” Jeannie streel oor die seilkap. “Vat ons vir ’n spin, Sue. Ag toe?”

Sue kyk oor Jeannie se kop na Jo. Selfs Sue sien klaarblyklik dat sy nog in ’n toestand van skok is. Jo probeer haar gesigsuitdrukking neutraal hou, maar sy weet sy bluf Sue nie. Sy kan haarself skop dat sy so tussen alles deur tog effens optimisties begin raak het. In hoopvoller oomblikke gedroom het van ’n huisie by die see waar hulle dalk almal saam kan kuier oor naweke en vakansies. En vir Jeannie ’n bietjie kan wegkry van die twee susters met hulle lang name en verdagte invloed. Dit kom nou van droom.

“Netnou, Jeannie,” besluit Sue, al brand sy seker ook om haar erforsie uit te toets. “Kom ons gaan kyk eers hoe lyk jou ma se vreeslike turkoois kasarm van binne. Dan vat ons ’n spin in my verskriklike pienk skip en gaan kyk ons sommer watse kleur winkel Nan geërf het.”

“Goeie plan.” Nan slaan haar arm om Jo se skouers. “Kom ons gaan kyk waar Casper, die spook, al die jare van sy nageslag weggekrui het.”

Jo knik, maar bly staan. Sue en Jeannie ook.

Jo kan dieselfde vraag tussen hulle hoor vibreer al vra nie een dit weer hardop nie: Waarom ons laat erf? Waarom ons nou erken as bloed van jou bloed, Casper Calitz? Ná jou dood eers. En dan sulke vreemde erforsies boonop?

“Wow,” ruk Sue haar terug na die werklikheid net toe die son agter ’n verdwaalde wolk uitkom.

Jo kyk vinnig na Sue en dan waarna sy met ’n allesomvattende gebaar beduie. Nie net na die skokkende huis nie, maar ook na die seeagtergrond.

Na die geheelprentjie, hier van die hoër punt af waar die waenhuis staan. Die huis is nie minder van 'n kasarm as met die eerste aanblik nie, nie minder verwaarloos, nie minder verspot geverf nie, maar van hier af lyk dit behoorlik soos 'n Middeleeuse ark wat aan die soom van die oseaan gestrand het. Ark? Nee, Sue is reg. Dit lyk soos 'n bordeel uit enige eeu.

Die uitsig is egter werklik asemberemend. Skuins ondertoe lê die vissershawetjie wat aan die verste kant deur 'n lang rotsstrook beskut word. Dis skaars meer as 'n ingang van en uitgang na die see. Daar is nie eens behoorlike parkeerplek nie. Net 'n valboom langs 'n houthutjie, en tussen die rotsformasies is 'n paar betondolosse ingepas om die breekwater van natuurlike rots te versterk en openinge te vul. 'n Sementblad strek tot in die kalm branding vir snoekbote om af- en later weer opgelaai te word.

Regs van die kasarm is dit net strandveld en see, rotsvingers en verder duine voor die berge die panorama stuit.

“Dit bly 'n liederlike huis.” Jo stoot die driekwartmoue van haar sigeunerbloes hoër teen haar arms op. Die geklingel van haar armbande klink verspot vrolik in die raserige stilte waarin die geluide van branders en seemeeue opgeneem is. Die bries speel met haar wye bont romp en bring verligting teen die blakende son wat vog uit haar porieë pers. Dis warm vir September.

“Die stuk grond moet 'n fortuin werd wees,” probeer Nan troos.

Jo loer na haar toe op. “Wat ons drie jaar lank niks help nie.” Jo kry ineens groot begrip vir skipbreukelinge in die see wat, omring van miljoene megaliter water, van dors sterf.

“Klein skippies,” kom Sue tussenbeide. “Mens mag nie meer sulke testamente opstel nie.”

“Die prokureur verskil van jou,” sug Jo. “Ek was weer by hom. En opgesom was sy antwoord no go, Jo. Hy het doodseker gemaak toe iemand belang gestel het om die plek te koop.”

“Al klaar 'n moontlike koper?” roep Sue opgewonde uit. “Jy moet dit opvolg, Jo. Ons sal wel 'n slim prokureur kry om die voorwaarde tersyde te stel. 'n Ander een as daardie ou dro ... ek bedoel Casper se prokureur. Die eintlike jammerte is dat die eiendomsmark in sy moer is.”

Jo skud haar kop. “Selfs al was dit nie, dink ek nie enigiemand sal groot geld aanbied vir so 'n kadawer van 'n huis nie. Die man het seker gedink hy kan 'n winskoop losslaan.”

“Kom ons gaan kyk. Miskien lyk dit binne beter as buite,” stel Nan voor.

“Ag, vir my is dit nie so lelik nie. Dis ten minste nie pienk nie,” probeer Sue waarskynlik vergoed vir haar opvlieëndheid, want veel oortuiging steek daar nie agter haar woorde nie.

“Dink julle alles is op een slag gebou? Vir my lyk dit eerder asof die huis met verdrag gegroei het,” mymer Nan.

Nan is reg, sien Jo. Dit lyk asof die middelste deel ’n redelik gewone en proporsionele dubbelverdiepinghuis was. Die faux Middeleeuse styl met sy kasteelagtige fasade wat tande in die lug staan, is so kitsch as kan kom, maar dis nie heeltemal so lelik soos die res nie. Dis die twee enkelverdiepingvleuels aan weerskante wat die plek so onaansienlik maak, en die vierkantige torings wat op elke punt ook met sementtande die lug in hap, help nie juis nie. Die ystertralies voor die toringvenstertjies laat dit lyk asof ’n Gotiese riller daar kan afspeel.

Selfs sonder die psigedeliese kleure, is daar net een woord om die geheel te beskryf: afgrysliek.

“Nou toe.” Jeannie draf vooruit en wag hulle in by die pers outydse dubbeldeur in die middel wat klaarblyklik die hoofingang is.

Jo druk die groot sleutel in die slot en moet dit wikkel voor die deur oopkraak. ’n Muwwe reuk slaan vanuit die skemer dieptes teen hulle vas.

“Donnerse spookhuis,” mompel Sue terwyl Jo langs die muur af voel vir ’n skakelaar.

Die rede vir die sterk skemer is opsigtelik toe ’n paar van die gloeilampe in die faux kroonkandelaar haasbek bokant hulle koppe begin flonker. Swaar fluweelgordyne hang voor die vensters aan weerskante van die deur. Die enigste lig wat deurskemer, is flitse sonlig tussen die groen, pers, blou en boergonje gordynbane.

Jo lig haar hand na haar mond.

“Oe, gross,” hyg Jeannie.

Sue gaan staan in die middel van die voorportaal en draai in die rondte. Sy begin skud van die lag. “Hierdie keer stem ek saam met Jeannie. Gross.”

“Interessant,” besluit Nan en begin die gordyne oopstoot. ’n Niesbui oorval haar voor sy halfpad is.

“En hier aan u linkerkant, dames en here,” sê Sue teatraal terwyl sy vooruitstap, “sien u die Victoriaanse wenteltrap wat lei na Bloubaard se

afdeling van die huis. Eina, bliksem.” Sy gryp na haar skeen toe dit met ’n houtkis bots.

“Jy wil mos simpel wees,” brom Jo en stap verby haar na die voorkantste muur wat in sy geheel met dieselfde kleurkonglomerasie van fluweelgordyne bedek is. Terwyl sy die gordyne na links ooptrek, doen Jeannie dieselfde na regs.

Jo tree terug en kan net staar. Die ander drie sê ook nie boe of ba nie. Anderkant die soutbekorste ruitjiesvensters haal die Atlantiese Oseaan lui asem. Seevoëls dartel, skel en krysk. Getypoele tussen die rotse weerkaats die lug in skakerings van blou. Rotstande kinkel om wegsteekbaaitjies.

“Position, position, position,” fluister Sue.

“Hier bid jy vurig dat daar nie ’n tsoenami kom nie,” sê Nan, maar Jo kan hoor sy is ook beïndruk.

“Volgens die Majas gaan die aarde in elk geval deur ’n vloed vernietig word.” Jeannie klink nie te bekommerd oor die doemprofesie nie.

Vir ’n verandering sê Sue niks oor Jeannie se voorspooksel nie.

Jo is die eerste wat haar oë van die ongelooflike uitsig wegskeur en om haar rondkyk na die verbysterende versameling meubels. Seemanskiste, antieke stukke, meubelstukke wat uit wrakhout aanmekaar getimmer is, vuilwit en verbleikte groen plastiekstoele, geroeste draadstoele, ’n houttuinbank met Oosterse kussings op. Teen die mure stry enorme skilderye in vergulde rame met geraamde prente van elke styl en formaat om ’n hangplekkie. ’n Yslike spieël met ’n ornate raam weerkaats hulle: vier Alices in ’n chaotiese Wonderland.

“Wel, minimalisties was hy nie,” verklaar Sue.

“Het seker gedink feng shui is ’n soort Sjinese noedel,” beaam Jo.

“Hier is mooi stukke tussenin,” probeer Nan moed skep.

“Ek dink ons moet Stephenie Meyer oornooi,” sug Jeannie.

“Wie’s Stephenie Meyer?” vra Nan ingedagte.

“Hallo? Skepper van die coolste vampier wat al op twee bene geloop het? Die skrywer van die Twilight-boeke, Nanna. Daar’s fliëks ook.”

“As jy so sê, Jeannie.”

Jeannie gaan sit op een van die seemanskiste, haar elmboë op haar knieë wat punte maak onder die blommietjiesrok se sagte lap. Jo onderskep Nan se blik wat vlugtig oor Jeannie dwaal en ’n oomblik huiwer op die breekdun polse toe Jeannie haar hande onder haar ken indruk.

“Jeannie ...” begin Nan, maar besluit toe seker dis nie nou die tyd om te vra of haar kleindogter weer haar vinger ná maaltye in haar keel begin druk het nie.

“Ja, Ouma?” Jeannie noem haar net só wanneer Nan sogenaamde geriatriese flaters begaan. Wat seker iets te doen het met die vampierding.

Nan word ’n antwoord gespaar toe Sue fronsend sê: “Verbeel ek my of sien ek waaragtig tussen die gemors op daardie King Arthur-tafel ’n brief staan?”

Jo kyk na die groot ronde tafel en sien dadelik die enigste wit voorwerp waar dit ingewig is tussen ’n spul bric-a-brac wat ’n groterige vlooiemarkstalletjie sal kan volmaak.

Nan vou haar arms. As dit ’n brief van Casper is, weet sy nie of sy dit gaan regkry om nie te skree nie. Ná soveel jare van stilswye sien sy wragtig nie kans vir sy stem uit die doderyk nie.

“Jo, dis jou plek,” sê sy en kyk hoe Jo stadig nader beweeg asof sy bang is ’n arm skiet uit die brief op en gryp haar aan die nek. Sy wikkel dit tussen ’n stowwerige kompas en ’n aangeslane koperkerssnuit uit. “Dis aan Joe – met ’n ‘e’ – Calitz geadresseer.”

“Nou maar lees, demmit. Kan vir niemand anders bedoel wees nie, ‘e’ of nie ‘e’ nie.” Sue plak haar neer op ’n koffietafel wat moontlik voorheen ’n visfuik kon gewees het.

Jo vou die brief met vingers wat effens tril oop. “Dis van ’n argitekfirma.”

Nan blaas haar asem hoorbaar uit.

Jo se mond sak oop terwyl sy lees en sy vou haar hand daaroor.

“Jo, as jy jou lewe liefhet ...” waarsku Sue.

“Hulle wil graag ’n aanbod op die plek maak.” Sy frons en bring die brief nader aan haar oë. “Dis geteken deur Saul Wienand. Seker Priscilla se man.”

“Saul? Soos in hy wat kop en skouers bo die res van die Israeliete uitgestaan het? Was hy nie die een met die Damaskus-ervaring nie?” Sue se vingers begin kriewelrig raak. Nan weet dis net ’n kwessie van tyd voor sy ’n sigaret moet gaan rook. Die kougom werk ook net so lank en dan nie meer nie. “Maar hy kan nie prissy Priscilla se man wees nie. Sy dra nie ’n trouing nie.”

“Dit was Saulus wat Paulus geword het wat die Damaskus-ervaring gehad het, Sue. Nie Saul nie. Saul was die Israeliete se eerste koning. Laaaank voor ...”

“Jaaaa, Jeannie. Moenie so ’n stickler wees nie. Sê hy hoeveel hy aanbied?” Sue trommel met haar vingers op haar knie.

“Hy praat net van ’n markverwante prys.” Jo vou die brief weer op en druk dit terug in die koevert. “Dit moet hy wees wat die prokureur genader het. Miskien het hy die brief hier gelos voor hy gehoor het van die klousule. Dit help nou nie met die testamentvoorwaarde nie.”

“Is jy van jou verstand af?” Sue skiet orent. “Weet jy hoe moeilik is dit om enige soort eiendom in hierdie tye te verkoop? En teen ’n markverwante prys? Het jy enige benul hoeveel hierdie stuk grond werd moet wees? Kyk daar!” Sy wys met wye arms na die seeuitsig.

“Maar wat sal hy met die kasarm wil maak?” wonder Nan hardop.

“Sloop, natuurlik. Dis al wat enige mens met verstand daarmee sal maak.”

“Maar ...”

“Geen maars nie, Jo! Die man wil sweerlik sy eie klein paleisie hier opsit. Hy’t obviously geld. Gaan sien hom, hoor by hom watse soort syfers hy oorweeg en dan gaan hoor jy hoe om die testamentvoorwaarde opgehef te kry by mense wat weet waarvan hulle praat. Dit sal dalk doodmaklik wees.” Sue plant haar hande op haar heupe en kyk kopskuddend om haar rond.

“Dit was jou pa se sterwenswens, Sue, dink jy nie ...” Jeannie kom nie verder nie.

“My pa?” Sue se Franse manikuur byt in haar sye. “Hy was g’n my pa nie. ’n Donateur van ’n sperm in ’n spul semen. Dis al wat hy vir my was. En ek wonder soms hoe seker jou oumagrootjie kon wees presies wie die donateur was. Sy het lank voor die egskeiding al gehoer en rumoer. Maar dis besides the point. Sterwenswens? Sy verdomde gewete het hom opgekeil, dis al. Miskien het hy ’n deal met die man by die pearly gates probeer maak. Maar nou wil hy boonop uit die graf regeer met die kakstorie dat jou ma nie mag verkoop voor oor drie jaar nie? Ag nee, Jeannie, selfs jy met jou buitensporige sin vir regverdigheid moet besef edele sterwenswense is die soort ding wat net in penny a piece novels gebeur.”

“Oukei, oukei.” Jeannie hensop met haar hande, bly ’n paar oomblikke net so staan en kyk dan na Jo. “Dis dalk lelik, maar ek laaik die plek.”

“Jy ... laaik die plek?” Sue kyk haar ongelowig aan.

Nan staar haar ook verras aan.

Jeannie knik. “Baie.”

Sue beduie om haar rond. “Jy wat jou neus vir elke denkbare ding optrek? Jy laaik hierdie, hierdie ...? Fok, dis iets soos ’n voor-die-skepping-oersous wat wag dat die Big Bang gebeur.”

“Waarvan hou jy?” vra Jo.

Nan verstaan die vraag. Daar is inderdaad min dinge waarvan Jeannie hou. Boeke. Die mense by Young Women for Christ. Haar twee vriendinne wat ook daaraan behoort. Haar ma se Docs uit ’n rebelse stadium in Jo se jeug. En dis omtrent al waaraan Nan nou kan dink.

“Die vibe.” Jeannie draai na Jo. “Kan ons nie maar hier kom bly nie?”

Sue dop haar oë skouspelagtig om.

Jo kyk haar dogter aan asof die onmoontlike gebeur het en Jeannie pas ’n stuk sjokoladekoek heelhuids opgeëet het.

Die lys goed waarvan Jeannie nie hou nie is lewenslank en heel boaan is kos. Veral enigiets wat meer as drie kilojoules het. Wat natuurlik verstommend is as mens dink dat kookboeke haar gunstelinglesstof is en sy so mal is oor kook dat sy ’n sjef wil word en eendag haar eie restaurant wil hê.

Nan het haar al gevra hoe die twee benaderings tot kos versoenbaar is.

“Julle dink ek hou nie van kos nie. Dis nie waar nie. Ek is mal oor kos. Die geure, kleure, teksture. Dit moet net nie in my lyf kom nie. My lyf hou nie van kos nie,” het sy verduidelik, maar Nan nie veel wyser gelaat nie.

“Wat op aarde laat jou dink ons kan eens oorweeg om hier te kom bly, Jeannie?” vra Jo met ’n frons wat haar wenkbroue meer as ooit na seemeeuvlerke laat lyk.

Jeannie plant haar vuiste in haar sye en verklap só dat sy rietskraal verbygesteek het. “Ek weet jy wil dit nie erken nie, Jo, maar is dit nie so dat jou kontrak deur die mat geval het nie? Is dit nie hoekom jy nie betaling uit die Con-man kon kry nie? Is dit nie hoekom jy nagte om sit met rekeninge en jou calculator nie?”

Jo word so vinnig so bleek dat Nan vir ’n oomblik vrees sy gaan omkap. Dit word opgevolg deur ’n vuurrooi blos. Nan se hart sink in haar skoene.

Nie dit nie. Net nie dit nie.

VYF

“Jeannie, waar kom jy daaraan?” probeer Jo inderhaas keer. Hemel, nie nou nie. Nie voor Nan en Sue nie. Nie voor sy ’n plan het nie. Of ten minste ’n ordentlike verskoning nie. Weet wat om vir Jeannie te sê nie.

“Deur die mat geval? Jou kontrak?” Sue se oë rek. “Wil jy vir my sê ... Jou gróót kontrak? Abalone’s? Hemel, jy het, wat ... amper ’n jaar aan daardie konsep gewerk. Die hele ding sou jou baby gewees het. ’n Paar jaar se werk. ’n Wavrag geld wat net wag om in jou bankrekening te beland. En jy hét laat weet die konsep is toe wel aanvaar?”

Jo gee Jeannie uiteindelik net ’n vuil kyk en sug. “Dis die resessie. En dit het nie deur die mat geval nie. Dis net op die ys gesit,” lieg sy oopoë. Dis te skielik op haar en sy wil eers net met Jeannie praat. Probeer verduidelik.

“En wanneer het hulle jou die stukkie wonderlike nuus meegedeel?” vra Sue.

“Maandag.”

“En jy sê ons niks?”

“Hemel, Sue, vertel jy ons van elke bakatel wat in jou lewe gebeur?” vererg Jo haar.

“’n Bakatel? ’n Ramp is nie ’n bakatel nie. Is dit hoekom jy Dinsdag kastig gaan kruideniersware koop het en nie weer te voorskyn gekom het voor ek weg is nie?”

“Kry end, Sue. Jo het sekerlik haar redes gehad om ons nie te vertel nie,” probeer Nan die dreigende oorloggie kortknip.

“Jy kan nog steeds jou rekening stuur, Sue. Ek is nie heeltemal en onmiddellik bankrot nie.” Hoeveel leuens nog?

“Liewe fok, Jo! My rekening is die laaste donnerse ding waaraan ek gedink het. En die feit dat jy dink dis waarom dit gaan ...”

“Ek is jammer, oukei?” Jo gooi haar hande in die lug. “Ek was skaam. Ek het so ’n ophef gemaak van die kontrak. Ek was so selfgenoegsaam. Het julle afgeskeep as gevolg daarvan. Veral vir Jeannie. En nou moet ek skielik vir julle sê ek is voorlopig werkloos?”

“Hoe lank voor jy bankrot is?” maak Sue soos gewoonlik korte mette met onnodige detail. Dis hoe Sue is. Op die man af. Spreekwoordelik en andersins.

Jo kyk vlugtig na Jeannie wat haar net grootoog aankyk. Sy sal by halwe waarhede moet hou as sy vir haar tyd wil koop voor sy die res van die droewe verhaal vertel. “As ek ’n goedkoper plek kry om te huur en ’n goedkoper ryding aanskaf, kan ek ’n paar maande uithou.” Waar kom sy aan die versinsels?

“En jy sê my ook niks?” verwyt Jeannie net toe Sue lostrek met: “En nou val hierdie eiendom in jou skoot. Jy behoort ’n paar miljoen te kry. En jy twyfel nog?”

“Die voorwaarde.”

“Die voorwaarde se gat. Jy bel daai man nou en sê die kasarm is syne.”

“Die prokureur het gesê ...”

“Fok wat die prokureur gesê het. Iemand sal êrens ’n plan kan maak.”

“En hoe lank dink jy sal dit neem om die voorwaarde tersyde gestel te kry? Dit het my destyds amper ’n bleddie jaar geneem net om geskei te kom. Hofsake en Meester van die Hof-goed vat vir ewig. En hoeveel dink jy gaan dit kos? En hoe lank sal dit daarna vat voor die koop deur is en ek die geld kry? Ons praat hier ook van minstens ’n jaar, waarskynlik meer. Dalk nog die volle drie jaar en wat help dit dan? En die koopprys sal in hierdie tye veel minder wees. Sal dalk nie eens die onkoste regverdig nie.” Jo wens sy kon glo Sue is reg. O hemel, as sy ’n miljoen uitkry, is al haar en Jeannie se probleme opgelos tot sy weer op die been is en vir lank daarna ook.

En ’n miljoen is nie vergesog nie. Dis inderdaad ’n ongelooflike erf en

veel, veel meer as dit werd. As dit nie vir die kasarm was nie. Dit sal 'n klomp geld kos om dit te sloop. Saul Wienand, wie hy ook al is, sal dit in berekening bring by sy aanbod.

“Jy’s te pessimisties. Ons kan help tot die klousule tersyde gestel is. Dit kan darem waaragtig nie drie jaar duur nie. En jy sal wel weer werk kry.” Sue klink nie so oortuig as wat sy seker sou wou nie. En hoekom kan sy haar nie vas in die oë kyk nie?

Jo skud haar kop. Haar oë begin brand. As Sue moet uitvind wat die omvang van haar agterstallige paaielemente op die paneelwa is, sal sy nie meer so gretig hulp aanbied nie. “Ek het baie uitgawes, Sue. Dis dierbaar van jou, maar hoeveel meenthuistuine doen jy per maand? Hoeveel nuwe ontwikkelings se tuinuitleg per jaar? Genoeg om my koste ook te dek? En nie jy of ek kan verwag dat Nan moet bydra nie. Sy moet vir haar oudag sorg.”

Nan sug diep. “Ek is klaarblyklik reeds in my oudag. Ek is gevra om te oorweeg om af te tree.”

Jo voel asof haar wind uitgeslaan is. Sy weet hoeveel Nan se werk vir haar beteken. Daardie senior betrekking het nie maklik gekom vir iemand sonder 'n graad nie. Nes matriek deur die pos nie maklik gekom het nie. Of naurse studie vir 'n diploma in boekhouding. Nee, niks het ooit vir Nan maklik gekom nie. En Nan het nie 'n Nanna in haar lewe gehad soos sy en Sue en Jeannie nie.

Sue besef natuurlik ook watse impak die versoek op Nan moes gehad het. Dié dat sy afkyk na haar tone asof die antwoord in haar Franse pedikuur lê. 'n Tuinboukundige met 'n ding oor manikure en pedikure, een wat reken 'n gesigsbehandeling elke maand is elke vrou se godgegewe reg. Hoe rym dit? wonder Jo vir die soveelste keer en wens dit was die enigste soort ding waaroor sy hoef te wonder.

Sue kyk op. “Lyk my ons is almal in die ka ... dinges. Daar is al 'n hele paar van my maandelikse kontrakte gekanselleer.” Sy draai haar kop in Jeannie se rigting. “En jy, Doringrosie? Wat word nou van Moira Moreau se sjefskool?”

“Sy gaan nog steeds,” laat hoor Jo beslis, maar krimp innerlik ineen. Hoe? Waarmee?

“Teen meer as vyftigduisend rand per jaar en dit nog voor die akkommodasie en ander goed ingereken is?” Jeannie skud haar kop. “Dit

kan sekerlik nie nou meer gebeur nie? En ons sal seker die Uno'tjie ook moet verkoop.”

“Die Uno bly. Dis genadiglik kontant gekoop, feitlik niks werd nie en jy het vervoer nodig. Maar jy sal moet help. Nog steeds naweke en vakansies werk vir jou sakgeld, maar gaan sal jy gaan. Ek sal 'n studielening vir jou kry.” Jo kyk na Nan. “Sy is reeds aanvaar en jy weet hoe streng Moira Moreau keur.”

“En daar is daardie studiepolis,” knik Nan, maar lyk nie heeltemal oortuig nie.

Daar was een, wil sy Nan reghelp, maar Jo is nie gereed om die volle omvang van haar onnoselheid met die res te deel nie. 'n Plan sal sy wel maak. Sy het geen idee wat nie, maar êrens moet iets gebeur. Con sal terugkom. Alles uitstryk. Of ... Ja, of wat?

“Maar Jo ...” begin Jeannie.

“Ek het klaar gepraat, Jeannie. En dit geld julle ander twee ook. Kan ons nou asseblief kyk hoe lyk die res van die huis?”

Sue wil iets sê, maar sug dan net. Jeannie skarrel met die wenteltrap op boontoe.

Jo veg teen die histerie wat in haar begin opbou. Vir die eerste keer besef sy werklik die onmoontlike posisie waarin sy is. Een deel van haar kop het geweet, maar die volle omvang van die ramp tref haar eers nou dat dit hardop uitgesê is. 'n Gedeelte daarvan in elk geval. En dit verg geen kristalbal om te weet dat Con nie gaan terugkom nie. En selfs as hy terugkom, sal dit nie wees om haar te help nie.

En dan staan sy nog en beloftes maak aan Jeannie. Maar iemand moet hoop aan die gang hou. Veral om Jeannie se onthalwe. Voor sy weer elke molekule wat sy inneem met haar vinger in haar keel probeer uitkry.

Nog voor Nan bo is, hoor sy Jeannie 'n gilletjie gee.

“Jeannie!” roep sy en probeer die trap vinniger uitklim, maar haar knieë wil nie saamwerk nie. Dit kom nou van jare lank agter 'n lessenaar sit.

Toe Nan bo kom, staan Jeannie met haar hande voor haar mond, maar haar oë se blink is nie meer onderdrukte tranes nie.

Die son skitter op die karteling van die see wat sigbaar is deur die gordynlose Franse deure, en Nan knipper haar oë teen die fel lig voor sy die res van die ruim vertrek kan inneem. Hoek tot kant boekrakke. In die

middel 'n antieke ovaal tafel met twee mankolieke stoele.

Klaarblyklik is Jeannie in vervoering. “O, Nanna, is dit nie die wonderlikste vertrek wat jy al gesien het nie?”

Seker as jy van boeke, stof en spinnekoppe hou, dink Nan heimlik en verwonder haar van voor af oor Jeannie se reaksie op hierdie hool.

“En kyk die balkon!”

Jo en Sue sluit ook by hulle aan.

“Hemel, wanneer laas is die plek skoongemaak? Kyk die roet bokant die Queen Anne se kaggelpyp,” roep Jo uit.

Nan sien nou eers die swart gedroggie wat lyk asof dit geabba word deur die skoorsteen wat 'n onderste kaggel bedien.

Jeannie tel 'n boek van een van die stapeltjies op die tafel af op en blaas die stof af voor sy dit met versigtige en pynlik skraal vingers by 'n turkoois vlindermerker oopblaai.

“Turquoise,” lees sy agter haar vinger aan, “symbolizes earth and water. It brings good health, improves good taste and refinement; brings courage, success and prosperity to men and happiness and content to women; it strengthens bonds of friendship; it is sacred to the love-goddesses. To those born under Capricorn it also brings ambition, foresight and persistence.” Sy kyk grootoog op na Jo. “En raai onder watter sterreteken is die nuwe eienaar van die turkoois huis gebore?”

“Jy weet ek glo nie in sterretekentwak nie, Jeannie. En hoe jy dink dit met jou Christenskap strook, weet nugter.”

“Die drie Wyse Manne uit die Ooste moes astroloë gewees het. Hoekom anders dink jy het hulle agter 'n ster aangeloop, Jo?” troef Jeannie.

“Ek hoop jy weet daar is 'n yslike verskil tussen astroloë en astronome,” laat hoor Sue droogweg.

“Astrologie is die voorvader van astronomie, Sue. Ek is dalk jonk, maar ek is nie heeltemal stupid nie.” Jeannie wikkel haar wenkbroue vir Sue wat net lag en die rooibruin poniestert 'n plukkie gee.

“Watse boek is dit nogal?” vra Jo ergerlik.

Jeannie kyk af na die omslag. “*Dictionary of symbols and imagery.*”

Sy sit die boek versigtig neer en draai stadig in die rondte. “Wow,” fluister sy voor sy op een van die rakke afstorm en haar vingerpunte oor die rugkante laat wip. “Kookboeke! Honderde daarvan.”

Nan het vrede met kookboeke en kyk weer rond. In die regterkantste

muur sit twee deure soos boekstutte weerskante van 'n boekrak met glasdeurtjies. Sy druk die een naaste aan haar oop.

“Wat is daar?” vra Jeannie terwyl sy 'n dik boek uit die rak wikkel.

“'n Badkamertjie.” Die vertrekke ruik muf. Die gietysterbad is gevlek en die wasbak ook. Die toilet lyk besonder onhigiënies.

Toe Nan die deur agter haar toetrek, het Sue die ander een al oopgemaak. “Jeannie, kom kyk,” roep sy sonder om om te draai.

Jeannie gaan staan op die punte van haar tone asof haar ma se liederlike Docs balletskoene is en loer oor Sue se skouer.

“'n Slaapkamer! Met 'n hemelbed.”

Jo stap ook nader toe Sue binnegaan met Jeannie agterna, maar steek op die drumpel vas. “Good luck vir enigeen wat daai spul koper gaan probeer blink kry. En kyk hoe vrot is die matras. Siesa.” Jo trek haar neus op en skud haar kop.

Nan loer ook in en stem heimlik saam met Jo.

Jeannie draai blinkoog na haar ma. “Ek deks hierdie verdieping vir my, Jo. My eie suite!”

“Jeannie, selfs al sou ek van hier af kon werk, wat nie 'n moontlikheid is nie, sal ek en jy nooit die plek kan leefbaar kry nie. Moenie begin drome droom nie. Dit gaan nie gebeur nie.” Jo draai verwoed om en stap met die trap af.

Nan verbeel haar sy het 'n nattigheid in Jo se oë gesien. Jo het tog, in haar diepste binneste, gehoop haar erfporsie is haar redding, besef sy. Seker gehoop sy sal hier van voor af kan begin.

Nan stap agter haar aan ondertoe en hoor hoe Sue haar volg.

Hulle kry Jo in die kombuis waar sy op 'n stowwerige stoel by 'n stowwerige en nogal mooierige geelhouttafel sit, haar voorkop in haar hande.

“Jo ...” Sue weet klaarblyklik nie hoe om verder te gaan nie.

Jo skud haar kop en kyk traag op. “Waar is Jeannie?”

“Sy ontdek nog die skatkis van boeke. Sy het gesê sy sal later afkom.”

Nan kan amper sien hoe iets in Jo knak.

Jo vou haar hande oor haar oë. “Ek het gejoj.” Sy laat sak haar hande en haal diep asem voor sy verder praat. “Ek is al drie maande agterstallig met my huishuur. En die bank gaan ons paneelwa terugneem as ek nie 'n plan maak nie, Sue. As dit gebeur en ek kom boonop op die swartlys oor die

meenthuis se huur, kan ek vergeet om 'n studielening vir Jeannie te kry. En die projek is nie op die ys nie. Abalone's het bankrot gespeel. En ek het 'n maand gelede alles, ook die studiepolis, gebruik om in te koop. Selfs die geld wat ek by Nan geleen het vir die laptop en programmatuur. Vir 'n vyfpersentaandeel. Ek het geglo ek sal dit kan verhaal en alle agterstallige rekeninge inhaal met my vergoeding wat verlede week aan my uitbetaal moes gewees het.”

Nan kom agter sy gaap Jo aan. Sue se oë is pierings.

Trane begin oor Jo se wange biggel. “Ek is so jammer. Moet asseblief nie vir Jeannie sê nie, maar ek weet nie meer waarheen om te draai nie. Toe ek hoor van die huis, het ek tog begin hoop my gebede is verhoor. Ek het gedink ek sal dit minstens kan verhuur. Of dalk self hier kan kom bly. Streng gesproke kan ek seker van hier af werk soek. Ek het nie 'n paleis verwag nie, maar gedink al is dit 'n krotjie, kan ek dit geleidelik opknop en mooi maak en oor drie jaar verkoop. Gehoop tye sal teen daardie tyd beter wees en eiendomspryse begin weer styg. Maar hierdie plek ...”

Nan gaan sit langs haar en Sue aan Jo se ander kant.

“Hei, bedaar.” Sue klink verrassend simpatiek. “Ek dink ek kan jou help met die paaielemente op die lykswa. Maar nie met veel meer nie en ek weet nie hoe dit vorentoe lyk nie.”

Nan hou haar hand op. “Wag nou, Sue. Hoeveel skuld jy alles tesame, Jo? As jy alles wil inhaal plus hierdie maand se betalings.”

Jo gee die bedrag onmiddellik. Sue suig lug deur haar tande in asof sy seerkry. Nan keer haarself net betyds om haar oë ten hemele te slaan. Jo begin snik.

Sue haal net haar skouers op toe Nan vraend na haar loer. Nan wil haar verbeel daar is meer agter Sue se gesigsuitdrukking as skok, maar dis iets wat sy later kan uitpluis. “Kyk, Jo, ek weet nie hoe jy in soveel moeilikheid beland het nie. Of hoe jy uit jou geld verneuk is nie. En ja, ek gaan jou waarskynlik in die een of ander stadium die kop was, maar dis nie nou die tyd daarvoor nie. Kom ons kyk na die feite.”

Nan vleg haar vingers inmekaar en probeer so rasioneel as moontlik bly. “Jo, jy's reg. Dis wonderlik om te weet daar is 'n potensiële koper vir die kasarm, maar dit gaan bloedsweet en baie geld en tyd kos om die klousule tersyde te laat stel. Dis te sê as dit moontlik is. En wie sê die man stel teen daardie tyd nog belang? Buitendien, dis tyd en geld wat ons beter kan

bestee.”

Jo snuif.

Sue vroetel ’n snesie uit haar hemp se mou en gee dit vir haar aan.

“My aftreepakket betaal so teen die einde van Oktober uit.”

“Ek kan nie ...”

“Shut up, Jo. Ja, Nan?” Sue kou verwoed aan haar kougom, maar die skerp fokus van haar oë verrai die spoed waarteen die ratte in haar kop hulle voeë soek.

Nan kyk weer na Jo. “Ek kan nie die geld vir jou gee nie, maar ek kan dit vir jou leen. Ook geld vir Jeannie se sjefskool.”

“Maar ek het niks op die horison nie. Nie ’n enkele projek nie.” Jo begin weer die stryd teen die trane verloor. “Dit kan baie lank duur voor ek weer behoorlik in sirkulasie is en julle weet almal sit deesdae op hulle beursies. Hoe gaan ek jou ooit terugbetaal?”

Nan wens sy kan haar kind vasdruk en troos, maar troos kan wag. Eers skadebeheer toepas sonder om Jo uit te skel vir haar onnoselheid. “Jy betaal my terug wanneer jy die kasarm verkoop. Oor drie jaar. Plus billike rente, plus ’n persentasie van die wins. Ek sal ons aanvanklik aan die lewe kan hou.”

Sue se kop ruk terug. “Hoeveel gaan jy uitkry?”

“Genoeg om ’n goeie belegging te kan maak wat die kapitaal laat groei sodat ek uiteindelik van die rente kan leef.” Hopelik, voeg sy stilweg by. Hoe ’n goeie belegging dié plek is, kan niemand raai nie, maar die vae plan wat in haar kop begin dwaal het nadat Jeannie gesê het sy hou van die plek en veral nadat sy Jo se probleem uitgeblaker het, begin vorm aanneem. Dis ’n desperate plan vol slaggate, maar dis ’n plan.

“Ons gebruik ’n gedeelte van die kapitaal om die kasarm op te knap en ek behoort ons vir drie jaar te kan dra. Intussen sal ons ook darem wragtig êrens werk kan kry. Hopelik kan ek iets met die winkel doen wat ek geërf het. Dit behoort darem die een of ander soort opbrengs in te bring, al verhuur ek die dêm ding.” Nan skep asem en wonder of sy nie te vinnig met haar plan vorendag gekom het nie.

Haar pakket word in ’n enkelbedrag uitbetaal en dis nie onbeduidend nie, maar met die belaglike rentekoers deesdae sal sy met haar maandelikse rente-inkomste nie te vrek ver kom nie. En haar aandeleneseier is daarmee heen nadat die aandelebeurs in duie gestort het. As die ekonomie draai, sal

alles verander. Dan behoort sy relatief gerieflik daaraan toe te wees, maar wanneer dít sal gebeur, kan waarskynlik nie eens die engele raai nie.

Maar Jo en Sue hoef nie alles van haar dilemma te weet nie, besluit sy. Ook nie dat sy haar huis in die mark sal moet sit as hulle besluit om die plan deur te voer nie. “Ons kan dit doen, Jo. Ek sal na die geldsake omsien. Jy was ’n binnenshuise versierder voor jy jou begin toespits het op restaurante en jy het al aan hoeveel restourasieprojekte deelgeneem. Jy het genoeg ondervinding om hierdie plek om te tower in iets wat oor drie jaar verkoopbaar kan wees teen ’n veel hoër prys as nou. Wie ook al koop, sal dan ook nie meer slopingskoste kan voorhou om die prys af te stry nie. Dan betaal jy my en loop ons weer elkeen ons eie paadjie. Tussen my en jou en Jeannie kan ons baie vermag. Die catch is dat al drie van ons hier sal moet kom bly om koste te bespaar.”

Jo staar haar betraand aan. “Ek kan nie verwag ...”

“Dit maak sin, Jo.” Sue kyk ingedagte na Nan. “Count me in. Ek betaal ’n klein fortuintjie vir my woonstel en ek is feitlik nooit daar nie. Hier kan ek ten minste die tuin regruk voor ek begin soek vir werk. Hermanus is nie ver nie. Buitendien, vakansiehuse het ook tuinonderhoud nodig. Ek soek net dieselfde deal as Nan, op kleiner skaal. Rente op wat ek amptelik insit en ’n pro rata cut aan die einde.”

Dit het Nan nie verwag nie. Nie van Sue nie. Sy is ’n baie mededeelsame mens, maar nie met haar persoonlike ruimte nie. En hoekom het haar uitbarsting oor Jo se stompsinnigheid nog nie gekom nie? Nan het verwag Sue gaan haar onmiddellik uitdinges. Dis hoe hulle Sue ken. Kort van lont, maar net so gou weer reg om vrede te maak.

“Maar wat van jou kontrakte, Sue?” Jo se onderlip bewe.

“Ek sal middel Desember klaar wees met die uitleg van die twee nuwe ontwikkelings. Van die tuindienstekontrakte is so min oor, dit beteken boggherol. Ek gee net kennis dat hulle ook van einde November af gekanselleer word. Ek wou nie vir julle sê nie. Maar dis nou dit. Ek stel voor ons bring elkeen ons kant om die kasarm op te knap in ruil vir verblyf tot ons êrens weer begin geld maak en huur kan betaal. Verder pool ons wat ons het en Nan werk die boeksake. En heel eerste koop ons sestigduisend gallon wit verf om die kasarm te ...”

“Nee.”

Sue kyk skewekop na Jo. Jo se oë glinster, maar dis nie net van trane nie.

“As mens die kasarm wit verf, gaan dit net nog groter en lomper lyk. Maar ons kan later besluit watter kleur kan werk. As alles aan die binnekant eers reg is.”

Nan hoop die ander twee besef ook dis ’n plan gebore uit wanhoop en dat die risiko’s hoog is. Veral vir haar. As iets verkeerd loop, is al haar geld daarmee heen, en om ’n ordentlike werk te kry op haar ouderdom is ’n saak van onmoontlikheid. Veral nie terwyl gegradeerdes by die dosyne ook werk soek nie.

Jo kyk van Nan na Sue en weer terug. “Jeannie laaik die plek.”

Daar is iets so hoopvol in haar stem, dat Nan haar nie in die oë kan kyk nie.

“Jeannie is nie reg wys nie,” brom Sue.

Nan betig haar met ’n frons. “Jeannie is kompleks en sy het haar geite, maar in sekere opsigte is sy baie wyser as wat enigeen van ons op haar ouderdom was.”

“En dis hoekom sy ’n eed van kuisheid geneem het by daai spul Bible-punchers?” brom Sue.

“Sy’t wat?” Nan weet nie of sy moet lag of huil nie.

“Eerstens, Sue,” Jo het haar definitief gewip, “is die Bible-punchers ’n klomp goeie kinders wat suiwer wil leef. As jy daarmee kan foutvind, het ek nie hoop vir jou nie. En ja, Nan. Jeannie en die twee susters het ’n eed van kuisheid afgelê. Wat baie wys is vir kinders van hulle ouderdom in hierdie tye. En in die besonder vir Jeannie as mens haar agtergrond in ag neem. Sy is al klaar ouer as wat enigeen van ons was voor ons so voortydig ons kinders gehad het.”

“Speak for yourself.” Sue plak die kougom onder die tafel vas voor sy haar sigarette uit haar jeans se agtersak wriemel. Sy ruk ’n sigaret uit die pakkie, steek dit met ’n bewende hand aan en trek die rook diep in haar longe voor sy dit suinig uitblaas.

“Ek is jammer, Sue,” prewel Jo.

“Ag, fok, Jo, dis nie jou skuld dat ek ’n dooie kind in my lyf gedra het en ’n vrotspul pleks van ’n kind gehad het nie.” Haar stem is van nature hees, maar nie naastenby so skor soos nou nie.

“Sue, moenie.” Nan weet nie eintlik wat sy met die “moenie” bedoel nie. Moenie so van jou ondervinding praat nie? Moenie nou nog só voel ná al die jare nie? Moenie onthou dat jy by die dood omgedraai het nie? Of dat

jy daarna nie kinders kon hê nie.

“Oukei, Nan. Ek sal nie.” Sy neem nog ’n diep teug aan haar sigaret en blaas die rook ergerlik uit asof sy só van die verlede ontslae kan raak.

“Maar laat ons net een ding straight kry. Ek is ’n roker. Rokers rook in hulle eie huise. Ek sal julle in die res van die huis ontsien, maar watter deel van die kasarm ek ook al toebedeel word, daar sal gerook word of dit nou voor Jeannie is of nie. Sy is mooi groot en as sy reken dis sonde, is dit haar probleem, nie myne nie. En in die toestand wat hierdie plek is, is dit belaglik dat ek hier moet sit met longe wat smag. Net die stof is al so goed soos kankerselle wat ons inasem en dan praat ek nie van die mufreuk nie.”

“Ons sal moet besluit wie bly waar,” ignoreer Nan liefies die rookkwessie. Sue en Jeannie moet dit maar uitbakei. Sy het vrede, solank Sue nie in haar kar of slaapplek rook nie. Maar dit sal sy liewers nie erken en haar Jeannie se argwaan op die hals haal nie. As sy nog een keer die preek moet hoor van mense wat nie hulle liggame as die heilige tempels wat dit is ag nie – en dit van ’n kind met ’n ernstige eetversteuring – skree sy.

Sue knik. “Jeannie het haar kleim afgesteek. Ek reken Jo sal seker ook in die oorspronklike huis wil bly. Ek neem aan daar sal ’n slaapkamer wees onder die boonste een en met ’n bietjie luck nog ’n badkamer ook. Nan, aangesien jy ons gaan onderhou, kan jy kies of jy die hawekant of Kaapse kant van die twee vleuels wil hê. Sal ons gaan kyk?” Sy wag nie vir ’n antwoord nie, druk net haar sigaret in die geroeste opwasbak dood en begin wegstap.

Nan lig haar wenkbroue vir Jo, en dié roer net haar skouers voor hulle Sue volg.

Sy moet haar kop laat lees. Sue rek haar treë nog langer as gewoonlik. Ja, sy wil wegkom uit die stad wat vir haar te klein word, waar sy lovers om elke hoek en draai begin raakloop, maar in ’n huis saam met die ander drie?

Die rookkwessie is maar een van die probleme. Sy is ’n privaat mens. Sy het ruimte nodig. Sy wil soveel whisky drink as en wanneer sy wil. En sy wil nie haar kop breek as sy ’n lover wil huis toe bring nie. Haar kom en gaan is al jare lank haar eie. En nou wil sy kom bly waar veral Jeannie se nuuskierige oë haar beskuldigend sal aankyk? Waar Nan sal maak asof sy niks raaksien nie, maar ook weinig sal miskyk? Waar Jo net haar oë sal rek

sonder om iets te sê?

Maar dis indirek haar skuld dat Jo in die posisie is wat sy is. En sy hoop regtig dis net 'n finansiële verlies wat Jo gely het. Dat haar hart nie ook betrokke is nie. As dit die geval is, sal sy haarself nog minder kan vergewe. Stupid. Dis wat sy was.

Dit sal Sue donnerse Calitz leer om te wil beskermengel speel terwyl sy weet sy is eintlik 'n gevalle een.

SES

Dis 'n mal plan. Dit kan nooit werk nie. Jo staan hande in die sye en kyk in die muwwe, meubellose vertrek rond. Die uitsig bly asemrowend, maar die een muur verklap slymerig 'n lek in die dak. Die kamer is ruim. Genoeg plek vir 'n groot bed en 'n sitkamertjie. Die piepklein badkamer met 'n stort is swak ontwerp, maar dis daar. 'n Suite, soos Jeannie haar plek genoem het, maar stink en verval en grillerig. Iemand was klaarblyklik van plan om die vloere die een of ander tyd te teël, maar het nooit sover gekom nie. Die sement is steeds rou, en in die nat hoek groen van die mos.

“Miskien moet ek net die erflating weier,” sug sy.

“Is jy mal?” kryt Sue.

Nan skud haar kop. “Ek sê nie dit gaan maklik wees nie, Jo, maar jy het iets geërf wat jou nog baie goed te staan kan kom. En daardie Wienandman stel reeds in die plek belang. Wat beteken dit het moontlikhede. Dit sal stiksienig wees om moed op te gee voor ons minstens gaan sit en somme maak en dinge teen mekaar opgeweeg het.”

“Julle is seker reg.” Sy kyk op na die gevlekte plafon. “Ons sal die dak moet regmaak. Dis die eerste prioriteit. Mens kan nie só hier bly nie,” sê Jo asof dit nie voor die hand liggend is nie en volg Nan se blik van die seeuitsig voor hulle na die ander uitsig agter die venster aan die linkerkant, die een berge se kant toe.

“Die see se gewoel is mooi, maar miskien sal die berge my ’n gevoel van vastigheid gee. Ek sal dié een neem,” verklaar Nan.

“Kom ons gaan kyk eers of die ander een nie in ’n beter toestand is nie,” stel Sue voor.

“Wil julle nie sien wat agter daardie deur lê nie?” vra Nan toe hulle weer in die gang kom en beduie na die koepeldeur aan die eindpunt daarvan wat net na die toring kan lei.

“Daar is baie tyd daarvoor.” Sue is reeds op pad anderkant toe. Tipies Sue. Altyd haastig op pad na die volgende een. Of dit nou ’n kamer in die kasarm is, een van haar tuine of ’n man.

Hulle stap weer deur die hoofhuis en kry koers in die ander vleuel se gang af.

Sue moet die geswelde deur met haar skouer oopstamp. Die hawekantsuite is identies aan die ander een, net in spieëlbeeld. En die dak lek op ’n ander plek.

Sue kyk Nan met opgetrekte wenkbroue aan.

Nan skud haar kop. “Die haweuitsig is pragtig, maar ek verkies nog steeds die bergkant.”

“Oukei, the deal is done.” Verbeel sy haar of is Sue nie meer so seker van haar saak nie? En geen wonder nie.

Selfs die rookreuk toe Sue weer ’n sigaret aansteek asof sy haar gebied afbaken, is beter as die muwwe reuk wat uit die mure slaan.

“Wie ook al die aanbouings gedoen het, wou dalk ’n gastehuis hiervan maak,” mymer Jo. “Dis dalk waarvoor die twee vleuels aangebou is. Maar dit was dekades gelede.”

“Moet iemand gewees het wat dink badkamers is nie nodig vir veel meer as dat mens soms moet skoon kom nie,” sê Sue toe sy by hare ingeloer het. “Selfde as joune, Nan. Ook net ’n stort.”

“Julle kan Jeannie se bad gebruik as sy nie hier is nie,” bied Jo onwillekeurig aan. Sy weet hoe lief Sue daarvoor is om ure lank te lê en week met ’n whisky, ’n sigaret en ’n boek byderhand

“Miskien kan mens na die toring toe deurbreek vir ’n bad.” Sue stap uit in die gang wat ook hier doodloop teen die toringdeur. Jo hoor die handvatsel kraak en hoe Sue daaraan ruk. Sy kom terug. “Gesluit en geen sleutel nie.”

“Dinge vir later. Die dak is voorlopig die belangrikste,” beslis Jo.

“Wat gaan ons met die vloere aanvang?” vra Nan.

“Wanneer alles eers behoorlik geskrop, behandel en uitgedroog is ... miskien screeding. Dit wil sê ’n gladde sementbolaag. Dis die goedkoopste en daar is maniere om dit te laat mooi lyk. Met ’n paar los matte kan ons ver kom.” Ongelukkig is sementvloere, of dit nou glad of grof is, yskoud in die winter, maar die terracottateëls wat sy al op die vloere kan sien gloei, is te duur.

“Ek het my eie los matte. Screeding klink reg,” verklaar Nan.

Sue knik. “Ek het ’n stunning kelim. ’n Grote. Te groot vir die flat, dis hoekom ek dit nog altyd in ’n kas gebêre het.”

Jo kyk haar nuuskierig aan. Groot kelims kos ’n plaas se prys en Sue het nog altyd gerieflik geleef, maar nooit ’n fortuin gemaak met haar besigheidjie nie. “Nè?”

“H’m, by ’n lover afgebedel. Hy was op pad Australië toe. For keeps.” Sue kyk op na die plafon wat ook gevlek is. “By the way, ek sal graag ’n spaansrietplafon wil hê.”

“Ons kan kyk na die koste. Die plafon sal in elk geval vervang moet word.” Jo begin ys as sy dink hoeveel alles gaan kos.

“Kom ons gaan kyk hoe lyk Jo se plek,” stel Nan voor.

“Dis darem ook en suite,” verklaar Jo toe hulle uiteindelik ’n deur opspoor wat agter ’n spul prul in die hoofhuis se gang verskuil was en Sue se voorspelling bewaarheid. Asemrowende uitsig, verder is die slaapkamer verbeeldingloos, stowwerig en verwaarloos, en die badkamer net effens bruikbaar as die res. Wat geen verrassing is nie.

Jo kyk in afgryse na die hol dubbelbed met die gevlekte matras. Langsaan staan ’n mank, ronde tafeltjie en ’n klerekas leun skeef teen die muur. Dit was seker Casper se kamer.

“Hierdie bed sal beslis moet waai. Gelukkig het ek laas jaar op ’n heerlike een gesplash toe ek ’n projek afgehandel het.” Dit was natuurlik voor sy geweet het wat voorlê. Eintlik kan Jo haarself nou skop as sy dink hoeveel sy vir die bed betaal het.

“En deel iemand dit darem af en toe met jou?” vra Sue met ’n moedswillige trek om haar mond, maar ook met ’n bietjie meer belangstelling oor Jo se privaat lewe as wat sy gewoonlik aan die dag lê.

Nie meer nie, wil Jo sê, maar sy hou by “Nee, Sue. En dis hoe dit gaan bly”. En die laaste deel is die heilige waarheid.

“Ook ’n eed van kuisheid afgelê?” Verbeel sy haar of lyk Sue verlig? Jo onderdruk haar irritasie. “Een huwelik was genoeg. Net die beslommernis om weer my nooiensvan terug te neem en elke ellendige dokument te verander, was genoeg om my te genees van mevrou-aspirasies. En ek is nie soos jy wat sonder enige gemoedskwelling van die een bed na die volgende kan spring nie.”

“Beddens is overrated, Raponsie. Laat ek jou vertel wat mens in ’n kantoorstoel ...”

“Spaar my die detail, Sue. Ek wil nie weer trou nie, en dis by default die einde van my sekslewe ook.” Hoekom sy nie wil hê hulle moet van Con weet nie, weet sy self nie. Met Jeannie in die omgewing sal dit seker nie lank geheim kan bly nie, maar dit kan wag tot dan. En sy lieg miskien by implikasie, maar Con het finaal gesorg dat sy nou daarby gaan hou. Hy was die laaste stuiptrekking van haar sekslewe. En as sy dan ’n vibrator moet aanskaf, so be it.

“Gee my krag,” prewel Sue kastig boontoe voor sy weer na Jo kyk. “Jy’s nog nie eens veertig nie. Jy is nog op pad na jou sexual peak toe, for heaven’s sake.”

“Wel, dis ’n piek wat ek nie gaan klim nie.” Jo swaai om en stap uit. “Ek stel voor ons gaan kyk nou na jou winkel, Nan,” sê sy oor haar skouer. “En kry iets te ete en te drinke. Ons kan later die huis klaar verken. Ons het ’n algemene idee van wat hier aangaan. Jeannie!” roep sy toe sy verby die wenteltrap loop.

“Wat? Ek is besig?”

“Ons gaan na Nan se winkel toe.”

“O, oukei. Ek bêre net gou ...” Haar voetstappe op die houtvloer doof die res van haar woorde.

“Dis ’n seën die hoofhuis se dak lek nie, dan was daardie vloere vrot. En luister,” sê Jo ’n oktaaf laer, “ek dink nie ons moet nou al vir Jeannie sê van ons plan nie. Ons was dalk net meegevoer deur die oomblik. Nan, jy sal eers berekeninge moet maak om te sien of dit regtig vir jou gaan werk en ek sal moet bereken hoe doenbaar al die opknapwerk is. En natuurlik hoeveel alles gaan kos. Sue, jy moet ook eers kyk hoe jou sake staan.”

“Ek sal my bakkie verkoop en die geld in die kitty gooi. Ek het mos nou die Cadillac. Ek sweer daai boot is groot genoeg vir al my tuindienste se equipment.”

“Dis ’n V8, Sue. Jy sal binne ’n maand die geld wat jy vir jou bakkie gekry het aan petrol bestee,” glimlag Nan suurderig. “Buitendien, ons gaan die bakkie nodig hê om goed aan te ry.”

“Gee my tot die einde van die maand, dan kyk ons na die syfers voor ons allerhande oorhaastige besluite neem.” Jo voel asof sy ampertjies weer ’n leisel vasgevat kry.

Nan knik, maar haar gedagtes loop ander paaie. Hoe kon Jo so ’n flagrante flater gemaak het om haar kind se studiegeld in die restaurantketting te belê? Dis nie hoe Jo is nie. En sy is ook nie iemand wat sommer met ’n slap riem gevang kan word nie. Hoe kon sy nie agterkom die restaurantmense begin bankrot speel nie?

Sy ruik nie net hond nie, sy ruik man. Is dit dalk hoekom Jo so vasberade is oor geen mans in haar lewe meer nie? Jo hét baie oor Con Coetzee gepraat, besef Nan. Was daar dalk meer as bloot ’n saamwerksituasie?

“Oukei, hier is ek,” kondig Jeannie met blink oë aan. “Gaan ons met die Cadillac?”

“Vir seker.” Sue slaan haar arm om Jeannie se skouer en kyk terug. “Het jy jou winkel se sleutels, Nan?”

Nan knik. Haar maag trek op ’n knop. Ag, kan hulle nie maar dié keer ’n aangename verrassing kry nie? ’n Florerende winkel sal dinge soveel makliker maak. Vir almal van hulle.

Jo probeer die momentum stuit, probeer versigtig wees, maar diep in haar senings weet Nan dat die vier van hulle in hierdie kasarm gaan eindig. En finansies gaan nie hulle enigste probleem wees nie.

Vier eiewyse Calitz-vroue saamgegooi? Hulle het dalk donkiejare terug van tyd tot tyd saamgebly, maar in heel ander omstandighede. Hulle is ouer. Eiesinniger. In verskillende lewenstadia. En Jeannie is nie meer ’n dogtertjie nie. Net nog ’n obstinaat Calitz-meisiekind.

“Is die pad nie te vrot vir hierdie skip nie?” vra Jo toe Sue uiteindelik die Cadillac uit die waenhuis het en uitklim.

Die enjin is verbasend stil vir ’n V8. Dis eers toe Sue haar sitplek vorentoe slaan dat Jo besef die kar, so lank en slap as wat dit is, het net twee deure. Nan het reeds haar sit voor gekry.

“Dit sal net eenvoudig goed genoeg moet wees. Ek het nie verniet my gat

afgesukkel nie.” Sue vee die sweet van haar voorkop af. Haar gesig is bloedrooi. Waarskynlik eerder van ergernis as die hitte. “Eers met die donnerse afslaankap wat toe al die tyd met ’n knoppie werk en toe met die gear lever wat die een of ander sot besluit het aan die stuurstang moet kom. En dan sit die spulletjie nog aan die verkeerde kant van die verdomde kar ook. Wat vir ’n maniak koop so ’n kar?”

Jo skuif ná Jeannie in.

Nan kyk na die bestuurderskant, haar bedenkinge duidelik deur haar gesigsuitdrukking uitgestip. “Linkerhandstuur? Hoe op aarde gaan jy sien om verby motors te kom met die linkerhandstuur?”

Sue klim eers weer agter die stuur in voor sy antwoord. “Ek gaan seker maar net nie ander karre verbysteek nie.” Haar armspiere bult soos sy sukkel om die rat te kry. “Fok!” roep sy uit net voor die hefboom in trurat glip en sug verlig. “Oukei, Jeannie, maak seker ek ry nie iets raak nie. Jo, help jy ook maar kyk. Nan, dis nie nodig om die dashboard te vergruis nie. Jy kan maar los.”

Hulle slaak ’n kollektiewe sug van verligting toe Sue die kar se neus in die rigting van die tweespoorpaadjie kry en toe ook in eerste rat. Dit gaan maar skommel-skommel oor die grondpad, maar die vering is besonder goed.

“Voel regtig asof ons in ’n skip ry.” Jeannie gooi haar hande in die lug en hou dit daar asof sy wil seker maak hulle ry waarlik sonder dak.

“Cool!”

Sue lyk nie alte cool toe sy verby Nan se motor moet maneuvreer nie, maar hulle maak dit en van daar af gaan dit makliker. Nan ontspan sigbaar en Sue se kneukels lyk nie meer soos wit dolosse waar haar hande op die enorme stuurwiel rus nie.

Jo blaas haar asem saggies uit. Miskien kan hulle tog deur hierdie ramspoedige tyd kom. Miskien sal dinge tog beter afloop as wat haar verstand haar probeer waarsku. ’n Verstand wat soos ’n grammofoonplaat bly vashaak op een woord: malligheid. En dan aanskuif na die volgende groefie waar dit vassteek op “waansin”.

Nan verslap haar greep op die winkel se sleutels toe sy agterkom hoe dit in haar palms inbyt. Sue lyk darem min of meer in beheer van die pienk gedoente. Selfs toe hulle regs draai na waar hulle laas geboue gesien het.

Skaars 'n kilometer verder is daar 'n industriële werf van 'n aard aan die een kant. Daarna volg 'n paar verbeeldinglose geboue voor 'n blouselblou een spog met die naam The Loony Potter.

Skielik is dit net aaneengerygde winkeltjies waar jy kyk. La Luna Coffee Shop. Moondance is klaarblyklik 'n snuistrywinkel. En dis nie die enigste een nie. Daar is Moonlight and Roses, Moonshadow. Romancing the Moon. Een van die winkelname som die straat se leitmotief op: Met die maan gepla.

En benewens 'n paar konserwatiewer wit geboutjies met tradisionele Kaapse groen afwerking, probeer die een winkel bonter wees as die ander. Elke primêre en nieprimêre kleur is verteenwoordig en 'n magdom skakerings tussenin ook. Nan voel asof sy in anderland is. Êrens in Amerika dalk. Of Meksiko. En die hoeveelheid mense, motors en motorfietse wat oor 'n afstand van seker nie meer as sewehonderd meter nie hier maal en woel, bevestig die gevoel.

“Dit kook hier!” roep Jo verras uit.

“Dis Sondag en mooi weer,” verklaar Nan, maar Jo is reg. Dit kook behoorlik.

“Parkeer, Sue. Hier moet mens rondloop,” roep Jeannie opgewonde uit.

“Wys my 'n parkeerplek groot genoeg vir die trots van Union Castle Shipping Company en ek parkeer met graagte,” laat hoor Sue nukkerig. Sy lyk nogal benoud. En dis 'n vreemde gesig. Sue raak nie sommer benoud nie.

“Daar onder by die hawe sal daar dalk plek wees,” stel Nan voor en Sue se gesigspiere ontspan.

“Oukei, ons sal maar net moet terugstap boontoe.”

Hulle is net verby die restaurant toe Jeannie weer uitroep: “Stop, Sue!”

Sue slaan instinktief remme aan en swets tegelyk. “Fokkit, Jeannie, wat is jou probleem?”

“Kyk!” Jeannie leun vorentoe en beduie na regs.

'n Paar meter regs ondertoe, 'n ent laer af as die restaurantdek wat wemel van sambrele en mense, is 'n ruim parkeerplek met 'n bord wat aankondig: *Cadillacs only. All other cars will be driven into harbour. Make my day.*

Jo giggel. Jeannie jil. Sue proes en begin indraai. Nan kan net verlig sug.

Sy stik amper in haar sug toe die knalpers gebou langs die parkering sin

maak. Selfs al was die naam nie in krom en skewe letters oor die lengte van die muur geskilder nie, sou sy moes kon raai dit kan net die Hiërofant wees.

Daar is genoeg ruimte vir die lang Cadillac-deur om heeltemal oop te gaan. Nan skuif uit en kantel die sitplek vorentoe vir Jeannie om te kan uitklim. Sy wag egter nie en stap na die voorkant van die pers geboutjie. Gebou is dalk oordrywing. Dis eerder 'n skuiling uit hout, klip en steen geprakseer. Darem 'n stewige een. Alles is ewe purper geverf behalwe vir die lemmetjiegroen deur en turkoois vensterrame. Die veranda voor haar waar die ingang met twee vertoonvensters straatkant toe wys, vorm 'n L met 'n houtstoepie op stelte wat see toe kyk. Die bont lappe voor die vensters is te dig toegetrek om te kan inloer.

“Hoei!” hoor Nan iemand roep en kyk om. 'n Vrou met sout-en-peper krulhare kom haastig oor die straat aangestap. Nan kan haar glad nie in die boheemse omgewing geplaas kry met haar geblomde rok van die een of ander sintetiese stof en haar dienlike skoene nie. Sy lyk 'n bietjie soos Susan Boyle toe sy die eerste keer by die Britse talentkompetisie opgetree het. Net langer.

“Jy's een van die Calitz-susters, nè?” sê sy effens uitasem toe sy by Nan aankom. “Priscillatjie het my gesê julle kom dalk hierheen, en toe ek die kar sien, toe weet ek dit moet julle wees.”

Nan loer oor haar skouer na Jeannie en Jo wat by die Cadillac staan en koukus. Sue staan 'n ent weg en rook. Nan kyk weer terug na die vrou.

“Hendrien Fourie,” stel dié haar voor en kyk ook vlugtig na die ander drie voor sy weer na Nan draai. “Jy is seker Johanna? Die oudste?”

“Ek is Nan Calitz. Die oudste.” Sy het nie lus vir hierdie vrou of enigiemand anders nie. Sy wil op haar eie wees wanneer sy die winkel oopsluit. Op haar eie sien wat Casper vir die enigste een van sy kinders wat hom min of meer onthou, nagelaat het. Die ander ken haar goed genoeg om dit te besef. Dié dat hulle haar die privaatheid gun wat hierdie siel haar nou wil ontnem.

“Ek kan jou bietjie in die winkel rondwys. Ek het die tuisnywerheid doer anderkant. Die wit geboutjie met die groen vensterrame. Het gereeld vir oom Casper iets te ete aangedra. Hy kon hom so verwaarloos.”

Die “oom” laat Nan beter oplet en sy besef dat Hendrien seker nie veel ouer is as sy nie. Hoogstens 'n paar jaar. Nan gooi haar vlegsels op haar rug

en staal haar. “Dit was gaaf van jou, Hendrien, ek is seker hy het dit waardeer. En ek waardeer ook jou aanbod, maar ek wil liever op my eie binnegaan.”

“Watwo waardeer! Nie Casper Calitz nie. As daar nou al ooit ’n ondankbare ... Maar laat ek liever ’n wag voor my mond sit. Hy was darem jou pa en ek praat in elk geval nie kwaad van die dode nie. Maar lyk my jy is net so ’n eenkantmens soos hy.” Sy sug. “Wel, ek het my plig gedoen. Loer gerus in by die tuisnywerheid. Hendrien se Spens is die naam. Ek is nou nie juis ten gunste van wat met Hawestraat aan die word is nie, maar nou ja, êrens moet mens ’n inkomstetjie maak en ek glo ordentlike winkels sal later die gomtorre verdryf.”

Nan wil wegdraai, maar Hendrien het net asem geskep.

“Jy moet regtig kom kyk. Ek maak nie net die heerlikste eetgoed nie, my dogter, Riekie, doen die mooiste kerspitterwerk. Sy is waarlik baie kunstig. Maar ek sien jy raak ongedurig. Moet my net nie verwyts as die spul goed uit die bouse jou met blindheid slaan nie.” En daarmee swaai sy om en stap weg soos ’n galeiskip op volle vaart.

Nan draai weer na die lemmetjiegroen deur en kyk af na die sleutel. Nou toe, tyd om te sien wat agter die groen deur lê – boos of nie boos nie.

Die sleutel knars in die slot en draai moeisaam voor dit oopklik. Hoekom kan sy nou skielik hoor hoe Shakin’ Stevens sy Green Door vra watse geheime daaragter lê? There’s an old piano and they play it hot behind the green door. Don’t know what they’re doin’ but they laugh a lot behind the green door, kom die lirieke uit die argief van haar geheue terug.

En meteens voel dit asof Casper Calitz inderdaad agter daardie skreegroen deur vir haar sit en lag.

“Ek skrik nie vir jou nie Casper, die spook,” prewel sy. “Jy was nie ’n pa se gat nie. Wed jou jy is ook nie ’n spook se gat nie.”

SEWE

Daar is nie 'n ou klavier of 'n spook agter die groen deur nie. Net skemerte. Tot sy die lig aanskakel en toe inderdaad byna verblind word. Skerp ligte stuur van alle kante strome lig op goed wat draai, swaai en weerkaats in die bries wat saam met haar ingekom het. Nan skakel die ligte onmiddellik weer af en hou haar oë toe. Bont kolle spring en dans voor haar. Toe die psigedeliese kaleidoskoop effens bedaar, ruk sy die lappe voor die venster weg voor sy weer kyk.

Kristalle, stukke kwarts en hompe klip in elke denkbare kleur staan in die rakke teen die een muur. Van die plankplafon af hang 'n magdom bewers, windharpies, droomwippe en ander voorwerpe – nie een sonder minstens een flitsende kristal nie.

Sy haal ook die lap voor die dubbelglasdeur wat op die balkon uitloop weg en stap na 'n glasuitstalkis wat op 'n tafel staangemaak is. Juweliersware versier met seker elke soort edelsteen en semi-edelsteen waarvan sy die naam ken en nog 'n magdom wat sy nie kan eien nie. Maanstene, akwamaryn, rooskwarts, amber, opale, saffiere, lapis lazuli. Wat haar aan Jo se oë laat dink en laat onthou dat die res seker al doodnuuskierig moet wees. Maar sy het tyd nodig hiervoor en hulle sal verstaan.

“Onse Nan wil alleen wees,” verwoord Sue wat hulle al drie besef toe die skrefie deur toegetrek word. “Wel, it suits me. Ek smag na ’n whisky. Kom ek stick julle iets te drinke by die restaurant hierbo.”

“’n Glas wyn sal nogal goed afgaan,” stem Jo dadelik in. Miskien help dit haar om haar ekwilibrium tot ’n mate terug te kry.

“Lyk vol en dis lunchtyd. Ons sal net ’n tafel kry as ons eet ook,” voorspel Jeannie terwyl hulle nader stap.

“Ons sal eers vir Nan moet wag voor ons besluit of en waar ons eet. En wie weet hoe lank sy gaan neem. Hierdie plek kan tog seker nie so vol wees nie,” protesteer Sue.

“Told you so,” sê Jeannie vermakerig toe haar voorspelling oomblikke later bewaarheid word.

“Wel, ek soek ’n whisky en ek soek hom nou,” Sue kyk die kelnerinnetjie wat hulle die nuus meegedeel het dreigend aan.

“Tannie kan wyn by Wine o’Clock kry. Of daar is die Vliegende Hollander, die taverne net bokant die hawe. Lyk amper soos ’n ou houtskip,” probeer die arme kind behulpzaam wees terwyl haar hande senuagtig om die spyskaarte wat sy vashou klamp.

“Dankie, Sneeuwitjie, die kroeg klink na net die plek,” versag Sue onmiddellik haar aanslag, voor sy onvermydelik vervolg: “Maar as jy jou Heiland wil leer ken, moet jy my weer ‘tannie’.” Sy draai na Jo en Jeannie. “Kom julle?”

“Ek sit nie my voete in ’n kroeg nie,” verklaar Jeannie onmiddellik. “Ek sal sommer vir my êrens ’n bottel water kry. Ek wil in elk geval deur die dorp stap.”

Sue lig haar wenkbroue in Jo se rigting.

“Huh-uh. Gaan kyk jy maar eers of dit kosjer is. ’n Kroeg by ’n hawe klink vir my ook nie lekker nie,” skud Jo haar kop. “Ek sal ’n entjie saam met Jeannie rondstap en dan Wine o’Clock gaan opsoek. Klink darem ’n bietjie beskaafder. As jy nie regkom nie, kan jy my daar kry.” Miskien is dit ’n goeie ding dat sy en Jeannie ’n bietjie alleen kan wees ná die nuus wat haar kind vanoggend so uit die bloute moes hoor.

“Oukei. If all else fails, kry ons mekaar weer oor ’n uur by die Cadillac.” Sue wuif en stap met lang, whiskylustreë weg, haar skouerlengte hare wippend in die bries.

Jo sit haar sonbril op en kyk na Jeannie. “Waarheen, Gehasi?”

Jeannie gee haar 'n kyk, maar Jo is nie seker of dit oor die verkeerde Bybelse aanhaling is of omdat Jeannie eintlik die plek alleen wou verken nie. Sy gaan ook nie vra nie. Die kanse is goed dat sy 'n antwoord gaan kry wat sy nie wil hoor nie. “Lyk my jou beste kans op water is daardie oranje plekkie daar.” Sy wys na 'n winkeltjie wat droëvrugte en vrugtesap adverteer.

Dis maar goed die ander twee is nie by nie, besef Sue toe sy verby 'n klein kavalkade motorfietse en dan met die houttrappe opstap. Veral Jeannie sal nie dood hier gesien wil word nie. Lyk op die oomblik maar rowwerig, maar darem ook nie heeltemal onbehoorlik nie. Dis meesal mans met draughts voor hulle, meeste met sigarette in die hand, wat op die houtstoep onder sambrele sit, maar daar is 'n hele paar vroue ook. Die geur van steak, vis, knoffel en goed wat in diepvat gebraai word, hang in die lug. Valhelms blink en blits waar dit aan stoelleunings hang of op tafels neergesit is.

En sy is verlig om 'n bietjie van Jo af weg te kom. Dit begin nou eers regtig by haar insink hoe diep in die moeilikheid. Con vir Jo gedompel het. Een troos is dat dit ten minste nie lyk asof Jo vir hom geval het of by meer betrokke was as die deal nie. Dis nou as mens Jo kan glo dat sy seks afgeskryf het. Maar as sy moet uitvind daardie filistyn het Jo boonop gebruik vir terloopse plesiertjies, ontknater sy die bliksem persoonlik.

Jo het dalk dwaas opgetree, maar Sue het Jo en haar besigheidjie by die skobbejak aanbeveel. Sy het 'n aandeel aan Jo se fiasko en daarom sal sy moet help waar sy kan. Maar fok, dit gaan baie verg om daardie barakke vir besetenes bewoonbaar te maak. En nie net geld nie. Geduld ook. Iets waarvan sy bitter, bitter min het.

In die taverne is dit koeler en die lig sagter, al is een hele muur omtrent net van glas. Die uitsig op die vissershawetjie is lieflik. Daar is veel minder mense by die lang kroegtoonbank teen die agterkantse muur as buite, en net enkele ruwehouttafels wat die vertrek verder vol staan, is beset.

Sue gaan sit op 'n langbeenstoel by 'n hoë kroegtafeltjie naaste aan die glasmuur en kyk rond vir 'n kelner, sien dan die plakkaat teen die kroegmuur. *As jy bedien wil word, stuur jou ma of jou vrou.* Daaronder is dieselfde boodskap in Engels en vermoedelik Duits.

Sy kyk na die kroegman wat 'n glas staan en blinkvryf. Hy het haar dopgehou, besef sy toe hy lui glimlag.

Sue kan hom soos 'n boek lees. Alpha male en weet baie goed hy doen die manlike spesie volle eer en meer aan. Hy is geïnteresseerd. Hy is viriel. Hy is beskikbaar. Hy is grooooot moeilikheid.

Want sy is ook geïnteresseerd. Onmiddellik. Maar hy kon net so wel die woord “ongetroud” op sy veertig-plus voorkop getatoeër gehad het. En dis mos net daar waar sy die streep trek.

Sy skuif haar sonbril in haar hare op, haal 'n noot uit haar beursie, druk dit in haar jeans se gatsak en stap luiters kroegtoonbank toe. Toe sy in sy dampkring kom, kan sy, haar voornemens ten spyt, net nie anders nie. Sy leun met haar elmboë op die kroegtoonbank en laat rus haar ken in die kom van haar gevlegte vingers. “En as my ma nie hier is nie en ek om ooglopende redes nie 'n vrou het nie, word ek dan bedien?”

“Nie by die tafels nie.”

Sy lengte ... Sy lyf ... Sy lagplooitjies ... Hugh Jackman se gat. Hierdie specimen is die verpersoonliking van alles wat regtig man is. Hy stut sy gevoude arms op die toonbank en leun nader sodat hulle gesigte nie 'n liniaallengte van mekaar af is nie. “Wat is jou sonde?” Sy stem is pure gruis, sy oë mos.

“J&B. Enkel. Lang glas. Soda. Baie ys. Onder meer.”

Die lui draling van sy glimlag verdiep tot humor en hy kyk aandagtig in haar oë voor hy 'n glas kry en omdraai om dit onder die bottel se maatmeganisme in te druk.

Hy kry 'n blikkie soda onder die toonbank uit, klik dit oop en sit dit langs die glas voor haar neer voor hy die ysemmer nader skuif.

“Wat die ‘onder meer’ betref ...” 'n Metaalagtige deuntjie onderbreek hom.

Hy het reeds geantwoord voor Sue die verminkte liedjie herken.

“Ieg, jy vang my sleg,” hoor sy hom sê. “Oukei, help dan maar daar uit, maar kry vir Donnie om die winkel oop te hou.”

Sue druk die noot onder een glasasbak in en dra 'n ander een na haar tafel toe. Hy kan verdomp haar kleingeld agter haar aandra. Windgat waste of otherwise good testosterone.

Dis goed en wel as 'n man besef hy is sexy, maar om dit op dié manier te verkondig, is sommer net 'n duidelike teken van 'n grootheidswaan. I'm

too sexy for my shirt. Inderdaad.

Haar glas is amper leeg en haar tweede sigaret amper klaar teen die tyd dat hy teen 'n loslittige drementelpas aangestap kom. Hy sit die kleingeld voor haar neer en stut sy elmboog op die rugleuning van die kroegstoel langs hare. "Wat ek wou sê voor ons so wreed onderbreek is, wat die 'onder meer' betref, as jy 'n one-night stand soek, kan ons praat. As jy geld vra, stel ek voor jy gaan na 'n groter hawe waar jou dienste moontlik meer waardeer sal word."

Sue sluk haar skok met moeite en kyk hom dralend op en af voor haar blik net onder die leergordel se gespe tot rus kom waar sy jeans meer verklap as dat hy netjiese heupe het.

"Ek sien," murmel sy veelseggend voor sy die sigaret dooddruk, die laaste sluk van haar whisky neem en van die hoë stoel afglip. Sy druk die kleingeld tydsam in haar beursie, bêre dit in haar slingersak en skuif die bande oor haar skouer. Toe eers kyk sy weer op na hom. "As ek geld gevra het, sou jy my nie kon bekostig nie. As ek 'n one-night stand oorweeg het, sou dit nie met jou wees nie. As ek jou ooit weer sien, maak asseblief asof jy my nie onthou nie. Dankie vir die whisky. Mooi uitsig. Jammer van die diens."

Sy voel sy oë op haar brand terwyl sy rustig uitstap en hoor sy sagte laggie net voor die Hallelujakoor agter haar losbars.

"Hallo, Hendrien. Ja, ek het nog genoeg pasteie," is die laaste wat sy hoor voor sy buite is. Dit en die effense moedeloosheid in sy stem.

Sy is reeds verby die motorfietse toe sy besef sy luitone is klaarblyklik gekoppel aan individue. Wie ook al Ieg is, moes hom dus laat dink het aan die sexy shirt-liedjie, nes hy die Hendrien-vrou met Händel moet assosieer. Nie dat dit saak maak nie. Sy het haar vingers lief, en met daardie vent kan sy dit dalk net verbrand.

Dis bitter min dat Sue Calitz op haar plek gesit word. Maar die ergste van alles is dat dit die pes vir haar nog sexiër maak.

Saul het verwag om verlig te voel. Uitbundig selfs, maar Vrydagaand was hel en gister nie veel beter nie. Seker te verwagte as sestien jaar van beproewinge, maar ook vreugdes, amptelik ongedaan gemaak word. Maar wat hy nie verstaan nie, is dat hy hier tussen die woeligheid net in sy wynglas sit en aftuur, pleks van vroumense dophou.

Uiteindelik is Saul Wienand 'n vry man. Vry om te kyk, vry om te doen wat hy wil. Om te vry ook. En al wat hy voel, is 'n lustelose moedeloosheid. Skuldgevoelens oor Donnie wat sy oë sedertdien vermy. Hy doen wat Saul hom vra om te doen, sê hy verstaan as Saul vir die soveelste keer probeer verduidelik, maar dis asof daar 'n deur tussen hom en sy seun toegeklap het noudat die egskending finaal is.

Op 'n manier is Monique se reaksie makliker om te verwerk. Sy haat hom vir wat hy gedoen het en klaar. Sy skaar haar onwrikbaar aan Priscilla se kant. En hy kan sy sussie seker nie kwalik neem nie. Vandat hulle ma vyf jaar gelede dood is, het Priscilla die vroulike hoofrol in haar lewe gespeel terwyl haar ouboet sy besige gang gegaan het.

“Jy kom skaars agter dat Ma dood is!” het sy eendag op hom gegil. “Jy is 'n koue, emosielose vark.”

Emosieloos was hy allermins. Natuurlik het sy ma se dood hom ook getref. Maar waar Esther Wienand vir Monique amper iets soos 'n jongerige ouma was, was sy vir Saul 'n afstandelike en veroordelende vrou wat net so min goed in haar seun gesien het as in die res van die ondermaanse.

Vandat hy hoërskool toe is, was daar feitlik niks wat hy kon reg doen nie. Dat hy nie hoofseun geword het nie, was een van sy groter sondes, maar dat hy boonop argitektuur as studierigting gekies het pleks van teologie, was onvergeeflik. Die kluiklap op die kis was toe hy hulle moes vertel Priscilla is swanger. O, die skande. Die predikant se seun! Soos Priscilla, het sy ma ook die skuld vierkantig op sy jong skouers geplaas.

Hier gaan hy al weer. En dis juis om weg te kom van sy malende gedagtes af dat hy Hawestraat toe gestap het. Gehoop het die Sondag-toeloop sal hom opkikker al vermy hy gewoonlik die plek soos pes oor naweke. Dis 'n miernes van bedrywigheid en die bont winkeltjies wat so sonder plan of uitleg die afgelope dekade vonkgevat het, lok alle soorte.

Maar dis ook nie vandag die dag om hom weer te verknies oor die onordelikheid van die plek nie. Ruk jou reg, demmit. Smell the roses.

Saul leun agteroor in sy stoel en laat sy oë doelbewus oor die mense in Wine o’Clock gaan. Dis gelukkig 'n ander soort klandisie as by Zach se taverne, wat dikwels die motorfietsbrigades lok. Hier is dit beskaafder en die klante meesal paartjies. Soos die twee doer anderkant wat in mekaar se oë tuur en oor die tafel heen hande vashou. By die tafel langs hulle sit 'n

man en vrou wat effens jonger as hy is, by twee ouer mense. Hy probeer raai watter een van die jongeres se pa en ma dit kan wees, maar kan nie besluit nie.

Saul probeer terugdink, maar kan nie onthou dat hy ooit sy pa en ma ontspanne saam sien kuier het nie. Nie alleen nie en ook nie saam met hom en Monique nie. Nie by die huis nie en definitief nie in die openbaar nie. Beslis nie oor 'n glas wyn nie. Dié het sy ma as boos afgemaak. Plekke soos Wine o'Clock ook. Gideon en Esther was immer die voorbeeldige predikantspaar soos die Bloumond-gemeente van hulle verwag het. Hulle het nie eens soos Gideon se tyd- en geesgenote Hartenbos toe gegaan nie, hoofsaaklik omdat sy ma haar neus opgetrek het vir ydelhede soos vakansies. Hulle woon mos by die see en basta.

In die afgelope vyf jaar vandat mevrou dominee Wienand dood is, het Gideon hom hart en siel toegewy aan sy gemeente. Nog meer as in die verlede. Maar sy besorgdheid oor sy kudde en hulle siele het ook veel verder begin strek as die lidmate van sy kerk. Hoe dit gebeur het dat hy en Casper Calitz meer vir mekaar te sê gehad het as “Dag, Casper. Dag, Gideon,” weet Saul nie, maar die afgelope jaar of wat het hy hulle kort-kort op die Hiërofant se balkonnetjie sien sit en gesels. Dikwels met baie handgebare, soms selfs met opgeruide stemme. Wat hy van Casper kon verwag, maar nie van die besadigde dominee Gideon nie. Daar is egter geen twyfel dat daar heftige argumente tussen die twee opgevlam het nie, en redelik gereeld.

Miskien het sy pa Casper probeer bekeer. Veral ná Casper se hartaanval 'n paar jaar gelede. Daarna het hy redelik vinnig agteruitgegaan. Fisiek in elk geval. Hy was steeds die knorpot van ouds en het net sulke sterk opinies oor alles gehuldig as vantevore. Nog steeds nie omgee vir wie hy wat sê of hoe nie.

As bekering sy pa se doelwit was, twyfel Saul sterk of hy dit reggekry het. Casper was ... wel, Casper. En Gideon is en bly Gideon. Toegewyd, seker dat hy die onderskeid tussen heil en onheil ken en oortuig dat hy die pad hemel toe vir ander kan aandui. 'n Pad wat hy self met oorgawe bewandel. Voor en ná sy vrou se dood. Opstand ken Gideon nie. Esther se heengaan was die Here se wil en as Job kon verduur wat hy verduur het, wie is Gideon om die Almagtige se wil te bevraagteken?

Uit die bloute wonder Saul of dominee Gideon dalk al die jare ook 'n

slagoffer van 'n te sedige vrou was.

'n Kleurvolle warreling in die deur trek sy aandag toe 'n vrou in 'n wye romp amper in 'n Monroe-oomblik betrap word voor sy die helderbont lap vasgevat kry en by die deur inglip. Selfs met deurmekaar gewaaide hare en 'n effens verleë trek op haar gesig is sy pragtig. Nie beeldskoon nie, daarvoor is haar gelaatstrekke te sag, haar wangbene nie heeltemal hoog genoeg nie, haar gesig nie ovaal genoeg nie. En tog straal daar iets uit haar. Iets wat net op instinktiewe vlak herkenbaar is. Warmte, 'n soort goedheid, sensualiteit.

Vir 'n kortstondige oomblik ontmoet hulle oë oor die tafels heen. Hare 'n diep, eienaardige blou wat 'n verrassende kombinasie met die blinkbruin hare vorm.

Hy kyk af na sy wynglas. Stadig, Saul Wienand. Soos George Bernard Shaw gesê het: Life isn't about finding yourself. Life is about creating yourself. En create gaan hy sy lewe create. Soos dit hom pas. En dit pas hom nie om die aandag te probeer trek van 'n vrou soos hierdie een nie. Al het hy so in die vinnigheid gesien sy dra nie 'n trouring nie.

As hy 'n trouvrou wou hê, sou sy belangstelling onmiddellik geprikkel gewees het. Maar troubaarheid is die laaste ding waarna hy in 'n vrou soek. Hy soek gewillige vroumense wat verstaan van drange van die lyf en bereid is om dit tydelik met hom te deel. Met die klem op tydelik. En al vermoed hy dié enetjie sal dalk drange van die lyf verstaan, sal hy sy kop op 'n blok sit sy is die soort vrou wat dit net sal wil deel met een spesiale man in haar lewe en ook net as dit êrens heen lei. Waarskynlik kansel toe. En daardie duwweltjiebesaaide pad stap hy waaragtig nie weer nie.

Hy hou sy oë steeds op sy wyn toe sy verbystap na 'n tafel toe wat pas onbeset gelaat is. Haar parfuum draal agter haar aan, ruik soos sy lyk. Sag, poeierig, blommerig, sensueel.

Sy gaan sit net-net buite sy sig. As hy sy kop effens draai, sal hy haar profiel kan sien. Maar hy weet van beter. Hy beduie vir Ieg agter die toonbank dat hy sy rekening soek en maak sy wyn klaar terwyl hy wag. Priscilla gaan weer kraam, want as Ieg hier werk, is Donnie seker op sy pos in die winkel wat Ieg gewoonlik beman.

Ieg kom met die strokie aan net toe Saul die jackpot slaan. Die glasdeur gaan oop en 'n blondine kom in wat enige warmbloedige man aan onbehoorlike dinge laat dink. Haar grysblou oë dwaal oor die tafels terwyl

sy haar skraal, ringlose hande deur haar blonde hare hark en toe met haar sonbril terugdruk. Tartende mond. Sexy lyf. Veral die deel wat deur die sagte kaasdoek skemer. Bene wat vir ewig aanhou. En 'n gesigsuitdrukking wat verklaar sy vat nie kak van kabouters nie, maar pret is deel van die spyskaart. Miskien 'n bietjie ouer as wat sy met die eerste oogopslag lyk, besef hy toe sy nader kom terwyl sy steeds rondsoek na iemand, maar steeds baie verloklik.

“Sue!” hoor hy die sagte enetjie skuins agter hom uitroep.

Uit die hoek van sy oog sien hy haar arm in die lug gaan.

Blonde Sue glimlag onbevange en kry koers daarheen. In die verbystap gee sy hom 'n vlugtige kyk, kyk dan weer en knipoog guitig voor sy by Troubaarheid Vanself aansluit.

“Sue,” hoor hy hoe die sagte enetjie haar laggerig berispe. Dis 'n murmelende, onderdrukte lag.

Sue se lag is luider, heser. “Ag, get a life, Jo. Soms wonder ek of jy regtig 'n Calitz is.”

Saul se hand verstyf op pad na sy sak om sy kleingeld te bêre. Die Calitz registreer eerste en dan die Jo. In 'n oomblik van heldersienendheid besef hy met wie hy te doen het. Nie 'n hardegat of eksentrieke Joe Calitz, 'n broer of neef van Casper nie, maar Jo. Jo, wie se Monroe-oomblik 'n paar lieflike bene, netjiese knieë en fyn enkels ten toon gestel het.

En dis hierdie trou-Jo wat hy moet oorreed om van haar erfporsie afstand te doen. Maar nie nou nie. Net nie nou nie.

AGT

“Nie sleg nie, nè?”

Jo se blik wip terug na Sue toe. ’n Gloed tref haar wange toe sy besef Sue het gesien hoe sy die man agternakyk.

“Maar spaar jou hormone die trip. Daardie soort loop nie los nie. Vroue klou soos nete aan mans soos hy en met goeie rede. Suksesvol, standvastig, sin vir verantwoordelikheid, one-woman-man staan in groot letters oor sy CV geskryf.” Sue suig haar onderlip nadenkend in.

“Alhoewel, hy het my nogal ’n kyk gegee. Wie weet. Dalk nie heeltemal ’n one-woman-man nie.”

“In daardie geval kan jy hom op ’n skinkbord kry, Sue, want dan pas hy net mooi in jou kraal. En jou kraal en myne verskil, soos ons weet, hemelsbreed.” Jo probeer dit met humor sê, maar weet om die dood nie waarom iets êrens in haar voel asof sy ’n draaiknyp gegee is nie. Sy kon hom nie miskyk nie. Nie sy hoekige skouers, sy donker hare wat silwer skimmel begin kry of die sjerrie-oë wat geweier het om na haar te kyk ná die aanblik van haar onelegante binnekoms nie.

“Kan jy weer sê.” Dit lyk asof Sue nog iets wil byvoeg, dan asof sy dit gaan los, en dan sê sy tog: “Van mans gepraat. Daardie veragtelike Con-man. Is jy seker julle was net soort van partners? Ek bedoel net besigheid, niks hanky-panky nie?”

Jo is verlig toe Jeannie ingestap kom, hulle raaksien en dringend op haar onooglike manshorlosie tik. Dit red haar van 'n antwoord.

“Julle het gesê oor 'n uur,” raas Jeannie toe hulle by haar aansluit nadat Jo nog eers vir haar glas wyn moes betaal.

“Relax, Jeannie, Nan sou ons gebel het as sy ons gesoek het. Waar het jy rondgeloop?”

“Hier daar en oral. Daai vrou wat met Nan kom praat het, het my voorgekeer toe ek verby haar tuisnywerheid stap. 'n Regte tannie.” Aan haar stemtoon kan Jo hoor Jeannie bedoel dit as 'n kompliment. “Bietjie nuuskierig, maar baie nice. En haar gebak lyk heerlik. Mens kan sien sy het 'n slag met deeg.”

“Nuuskierig waarom?” vra Sue wat haar treë moet inkort om by Jeannie se drengelgang aan te pas.

“Oor ons met die Cadillac hier aangery gekom het. Ek dink sy het ons daar sien rondstaan terwyl Nan voor haar winkel gestaan het. Wou weet waar pas ek in die Calitz-storie. Wat natuurlik beteken die mense hier rond weet van ons.”

“Wat sê jy toe?” vra Jo ongemaklik.

“Net dat ek Casper se kleindogter is. Toe sê sy ag foeitog, mens kan ook nie jou familie kies nie. Sy kan sien ek is 'n ordentlike enetjie.” Jeannie gee 'n huppelstappie. “Sy ruik na kaneel. En haar dogter ruik na linne. Riekie. Sy is heelwat ouer as ek, maar ek hou van haar. Sy doen kerspitwerk. Wit op wit. So mooi en ... skoon. Sy lyk skamerig. Rein.”

“Die hemele behoede ons van nog 'n kuise koek,” prewel Sue.

“Wat het jy teen ordentlike mense, Sue?” Jeannie, heel voorspelbaar, is dadelik op haar perdjie. “Net omdat jy ...”

“Kyk, daar kom Nan nou net uit haar winkel,” beduie Jo. Wat besiel Sue om Jeannie hier aan te vat? Sy kan sweer iets het Sue ontstig, maar wat?

Kan tog seker nie die man van die Wine o’Clock wees nie. Maar aan hom wil Jo lief nie dink nie. Wat dit ook al was wat 'n vonk in haar aangesteek het voor Sue daar aangekom het, wil sy nie eens 'n naam gee nie. Haar kop behoort al vol knoppe te wees – wat haar behoort te keer om dit nog een enkele keer te stamp. En tog, daar was iets aan die manier waarop hy doelbewus nie na haar gekyk het nie, wat haar laat dink het hy het haar raakgesien. Op 'n ander manier as net gewoonweg oplet. Dis nou voor hy Sue daardie waarderende kyk gegee het. En dit behoort haar alles

van hom te sê. Daar is net een soort man wat só vir Sue kyk, en dis die soort om wie enige vrou met verstand wye draaie sal gooi.

“En toe?” vra Sue toe hulle by Nan kom.

“Kom ons gaan eet iets. Ek het ’n gin nodig. ’n Stywe een.” Nan begin doelgerig na die visrestaurant aanstap en hulle moet wikkel om haar in te haal.

Fokkit. Jeannie se tussenkoms het Jo die geleentheid gegee om haar nie te antwoord nie, maar Sue kan sweer Jo het skuldig gelyk. Damn, damn, damn. As sy darem die siek pes van ’n Con in die hande kry!

En Jo het dit al so moeilik gehad. Sy is juis so skrikkerig vir mans.

As Sue Calitz maar so skrikkerig was, sou dit ook al veel beter met haar gegaan het. Sy voel hoeka deesdae soos die slet waarvoor daardie arrogante, aanmatigende vent van ’n kroegman haar aangesien het. En sy is seker een. Sy vra nou wel nie geld nie, maar wat vang sy met haar lewe aan? Veral as dit nou al haar naastes en dierbares begin affekteer.

Nee, dit moet einde kry. En dis maklik. Sy is klaar gatvol vir Donald wat by haar kry wat hy glo nie by sy konserwatiewe vroujie kry nie. Dit hou nog skaars drie maande, maar genoeg is genoeg. Sy stuur hom hierdie week nog in sy moer en dan laat staan sy alle mans. Insluitende Hugh Jackman personified. Al kriewel haar hele lyf as sy net aan hom dink. Al ... Nee. Fok-nee, nie weer nie.

“Sorry, ou, maar ek het gevra vir ’n brandy en Coke, Captain Morgan is rum.”

Die biker se bisep bult toe hy met ’n mate van aggressie na die glas op die kroegtoonbank wys.

Zach kyk deur die wind na die fris kaalkopman met sy moulose check-my-spiere-T-hemp, dan af na die glas en agter hom na die bottel waaruit hy pas die dubbelsopie geskink het. Waaragtig Captain Morgan. Ruk jou reg, verdomp! dawer dit deur sy kop.

Hy glimlag met moeite vir Kaalkop voor hom. “Sorry, ou. My gedagtes is nie waar dit moet wees nie.” Zach sit die gewraakte glas op die onderste deel van die toonbank neer en skink ’n nuwe sopie. Dié keer maak hy doodseker dis Oude Meester.

Kaalkop met die spiere knik. “Shit happens. Nie dalk daai blonde van

netnou wat jou kop laat draai nie? Wat 'n stunner.” Hy stel 'n paar krom en nikotienbevlekte tande ten toon.

Zach buk en haal 'n blikkie Coke uit die yskas onder die toonbank, skuif dit saam met die ysemmer oor na die twee piesangtroshande wat daarvoor wag. “Maar net 'n besige dag,” lieg hy. “Enjoy.”

Die biker plak 'n noot neer. “Keep the change en koop vir haar 'n dop daarmee wanneer sy weer hier inkom.” Hy gee 'n laggie toe hy wegdraai en bakarm wegstap.

Zach bedien die volgende klant en steek 'n sigaret aan toe niemand onmiddellik sy aandag verg nie. Wat de donner is dit met hom? Hier kom honderde girls by sy pub in. Jongeres, mooieres, gewilliges. Veral oor naweke kan sy oë feesvier, en so af en toe laat hy hom welgeval met 'n gelukkie wat na sy kant toe kom.

Daar was natuurlik 'n paar wat hom meer geïnteresseer het as ander, maar dit het nooit lank gehou nie. Girls hou nie van ouens wat naweke werk nie en nog minder as die werk daaglikse kontak met ander girls insluit. En dis nie dat hy kwaad bedoel nie, maar teen dié tyd weet hy darem genoeg van homself om te besef hy is 'n gebore flirt. Hy weet girls vind hom selfs op sy ouderdom aantreklik, en onskuldige, en soms minder onskuldige flirtasies, kom vir hom natuurlik.

Maar nog nooit het 'n vroumens hom so onkant betrap soos blondie met haar hees stem en rokerige oë nie. En dan praat hy nie eens van daardie lyf nie. Die lang bene. Borste net mooi die grootte wat hom aanstaan. Alles aan haar is presies in sy kraal. Behalwe wie en wat sy is.

Want hy ken girls soos sy. Mannevreters. En dis nou die een soort girl wat hy nie in sy lewe nodig het nie.

Net die manier waarop sy haar whisky bestel het, het hom al genoeg gesê. 'n Girl wat presies weet wat sy wil hê en sorg dat sy dit presies net so kry. Of dit 'n J&B en soda is of 'n man vir so lank dit háár pas.

Klink dit nie 'n bietjie bekend nie, vra 'n ooraktiewe stukkie van sy gewete. Dalk, moet hy erken. Maar hy is 'n man, verdomp. Mans mag.

Nè? vra die stem en klink die keer hees en baie vroulik.

Bliksemse blonde vroumens.

Hulle was gelukkig om plek op die visrestaurant se houtdek te kry net mooi op die regte oomblik toe 'n tafel ontruim word. Die rukkies wat hulle

moes wag, het Jo die kans gegun om die Moonbream-embleem van nader te bestudeer. 'n Sekelmaan met 'n seuntjie wat in die boog daarvan sit met 'n visstok in sy hande en 'n vis wat aan die hoek spartel.

Nadat hulle drankies bestel het, vou Nan haar hande voor haar op die houttafel. As Nan eers haar hande só vou en só vir hulle kyk, kom daar iets belangriks.

“Wat weet julle van kristalle, edel- en halfedelgesteentes?”

“Pêrels op jou troudag is ongelukkig,” antwoord Sue dadelik en vervolg dan: “Wat natuurlik 'n fallacy is. Enige troudag is ongelukkig.”

“Drogrede,” brom Nan.

“Hoe nou?” vra Sue.

“Die Afrikaans vir ‘fallacy’ is die baie mooi en tekenende woord ‘drogrede’.”

Sue lig haar oë hemelwaarts, maar bly stil. Wat nogal vreemd is.

Nan lyk ook verras deur Sue se befoeterde stilswye.

“Opale is ongelukkig as jy nie 'n Weegskaal is nie,” volg Jeannie gelukkig op. “Wat jammer is. Ek is mal oor opale.”

“Maanstene verklap mens se bui,” is al waaraan Jo kan dink.

“Diamonds are forever.” Sue grinnik. “Ek dink dit was Zsa Zsa Gabor wat gesê het I never hated a man enough to give his diamonds back. Sela.”

Nan gee haar net 'n kyk en wag vir nog insette, maar klaarblyklik is die ander twee net so onkundig soos Jo.

“Julle sal beter moet doen as dit. Ek het 'n hele winkel vol van die goed geërf. Nou nie diamante nie, maar 'n wavrag ander stene. Alles gekoppel aan New Age-snert as ek moet raai.” Sy haal 'n voosgevatte boek uit haar handsak en hou dit só dat hulle die titel kan lees.

“*Healing with stones and crystals*,” lees Jeannie hardop en hou haar hand uit.

Nan gee vir haar die boek aan.

“New Age? 'n Vervelige oudonderwyser?” frons Sue.

“Nie alles wat holisties is, is New Age nie,” laat hoor Jeannie terwyl sy deur die boek blaai.

“Soos horoskooptwak seker?” brom Sue.

Jeannie trek skewemond. “Daar's 'n groot verskil tussen horoskope en astrologie. Die een ...”

“Gun my asseblief eerder my onkunde,” knip Sue haar kort.

“Dink jy die winkel is bedryfbaar, Nan?” vra Jo vinnig voor Jeannie weer vlamvat. Wat is dit met Sue? Sy is altyd moedswillig, maar vandag is sy onmoontlik.

“As ek ’n blitskursus in die goed kan doen, sal ek dit seker gesmous kan kry. Wat my moed gee, is dat ek sommer al klaar my eerste klant gehad het. ’n Vrou wat daar ingewals gekom en my byna om die hals geval het van vreugde om iemand in die Hiërofant te sien. Sy kom glo elke week om haar voorraad kerse te kom haal en Casper was klaarblyklik ’n hele ruk lank nie op sy pos nie.”

“Kerse? Ek dag jy sê ...” Jo word onderbreek toe hulle drinkgoed kom en die kelnerinnetjie hulle vra om hul kosbestellings te plaas as hulle nie te lank wil wag nie.

“Ek wil stokvis en rys hê met suurllemoen-en-botter-sous,” bestel Nan feitlik onmiddellik. “Jeannie, moenie nou weer ’n ewigheid vat om te bestel nie. Ons moet huis kry.”

Jo bestel dieselfde as Nan, en Sue die lynvis, terwyl Jeannie se wysvinger oor die geregte blits.

“Alles het vis in,” kla sy.

“Hallo? Dis ’n visrestaurant?” laat hoor Sue en skink met ’n gepynigde uitdrukking soda in haar whisky.

“Wat van ’n slaai?” stel die kelnerin voor wie se naamplaatjie verklap dat haar naam Monique is. Dis duidelik dat sy op hete kole is; geen wonder nie, die restaurant is nog steeds stampvol. “En daar is ’n groentebord.”

Jeannie loer oor haar spyskaart. “Ek kan lees, baie dankie.”

Jo sug innerlik. Nou gaan dit weer soos gewoonlik ’n uitgerekte proses wees voor Jeannie sê sy sal maar liewers nie eet nie. Jeannie verras haar toe sy tog ’n Griekse slaai bestel. Sonder slaaisous. Sonder uie. Sonder olywe. Sonder feta. Blare en tamaties bly oor. Met komkommer, besluit sy dan.

“Ek sal die sjef vra,” besluit Monique wyslik, maar sonder om haar irritasie weg te steek.

Jeannie glimlag skynheilig. “Ek is seker dit sal nie moeite wees vir enige ordentlike sjef nie.” Sy klap die spyskaart toe en draai na Nan. “Kerse?”

Nan wag tot Monique die spyskaarte by hulle geneem het en buite hoorafstand is.

Vir 'n oomblik dink Jo Nan gaan Jeannie kapittel oor haar onbeskoftheid, maar sy knik net. “Die vrou wys my toe 'n weggesteekte vertrekke, amper soos 'n spens, met rakke vol van elke denkbare kleure.” Sy haal nog 'n boek uit haar handsak. Dis ewe verweerd. “Ek het dié daar gekry.”

Healing with color, lees Jo voor Jeannie die boek by Nan vat en daardeur blaai.

“Tjing-tjing.” Sue lig haar glas en klink dit teen Nan se G&T, voor sy dieselfde doen met Jo se wynglas en ná moedswillige huiwering teen Jeannie se waterglas. “Op interessante erfpories en nog interessanter tye wat klaarblyklik voorlê.”

“Julle weet natuurlik wat Hiërofant beteken, nè?” sê Jeannie nadat sy driekwart van die water afgesluk het. Sy kyk van die een na die ander in die onmiskenbare verwagting dat hulle nie weet nie.

Jo gee eerste bes. “Ek het nie die vaagste benul nie.”

“Who cares,” is Sue se bydrae terwyl Nan net haar kop skud.

“Dis een van die figure op die Major Arcana van tarotkaarte. Die vyfde kaart. En raai waarvoor staan hy? Teaching. Die Hiërofant is iemand wat die betekenis van mistieke geheime onthul en interpreteer. Die naam kom van die hoëpriester van Antieke Griekse geheimenisse en dit beteken openbaarmaker van heilige dinge. En raai, Nan, jou verjaardagkaart is die Hiërofant.” Sy gee hulle om die beurt 'n selfgenoegsame kyk en maak haar glas leeg.

Jo weet sy sal Jeannie altyd liefhê, maar soms wonder sy of sy altyd ewe veel van haar kind hou.

“Hoe so?” vra Nan lydsaam.

“Jy verjaar die drie en twintigste. As mens twee en drie bymekaar tel, is dit vyf. Die nommer van die Hiërofant-kaart.”

“En jy weet al die dinge omdat?” vra Sue lakoniek.

“Ek en die susters ondersoek die wyer veld van religie, maar moenie worry nie, ons hou by Christelike konteks. Iets wat julle sou geweet het as julle net soveel,” sy skiet haar duimnael teen haar wysvinger, “belanggestel het in my sogenaamde Bible-punching, Sue.”

“En dis hoekom julle in sterretekens en tarotkaarte glo?” Sue hou haar whiskyglas in die lug toe Monique 'n entjie weg tussen die tafels deur beweeg, en beduie sy soek nog een.

“Ons ondersoek dit, wat nie dieselfde beteken as daarin glo nie. Daar is ’n magdom goed wat afgemaak word net omdat mense dit nie verstaan nie. Die Bybel sê self daar is meer dinge op die aarde en onder die ...”

“Jeannie, ek het nie lus vir Bybelverse nie. Ek verstaan nie wat die Bybel en goed waarmee toekomsvoorspellings gemaak word met mekaar te doen het nie of hoe jy dit met mekaar kan vereenselwig nie. Ek is bly as jy die geheimenisse van die heelal aan die ontsluit is, but count me out. Ek sal dit waardeer as jy liefste met jou ma en Nan daaroor gesels wanneer ek nie by is nie. Dit gee my koue rillings.”

“Net omdat jy dit nie verstaan nie. En, natuurlik, Sue, omdat jy so bang is daar is regtig ’n hel, want jy weet dis waarheen jy op pad is.”

Sue se whisky kom net betyds anders het sy sweerlik opgestaan en gewaai, maar dit verhoed haar nie om haar oë te vernou en Jeannie ’n vernietigende kyk te gee nie. “Ten minste sal jy dáár uit my hare wees,” grom sy.

Jo kyk hulpsoekend na Nan, maar dié lyk ingedagte. Amper asof sy nie eens agterkom wat om die tafel aangaan nie.

“Jeannie,” sê Nan dan amper mymerend. “Kyk ’n bietjie in daardie boek oor kleure wat sê hulle van pienk.”

Sue snork en neem ’n groot sluk.

Jeannie blaai rond. “Hier is ’n klomp verskillende afdelings. Wag, hier is ’n deel oor kerskleure en ek neem aan die effek daarvan. The pink candle is a symbol of love and success. It awakens a consciousness of clean living and honor. It stimulates purity of intention and it can awaken a vision of truth and success.”

Sue grinnik. “Clean living? Herinner my om tog nooit ’n pienk kers te brand nie.”

“Die plek in daardie ander boek in die kasarm waar jy oor turkoois gelees het, was dit gemerk?” vra Nan.

Jeannie knik. “Met ’n turkoois merker.”

“Lees gou vir my wat sê hierdie boek van pers kerse?”

“Ag, jirre, Nan,” protesteer Sue.

Jeannie steur haar nie aan Sue nie en blaai om. “Hier is dit. Violet and purple – these are symbols of spirituality, power and mastery. They awaken success, elevation and attainment of spiritual desires.”

Nan kou haar onderlip ’n oomblik. “Miskien probeer Casper iets vir ons

sê. Nee, Sue,” keer sy toe Sue haar tong ergerlik klik en begin opstaan, “ek bedoel nie op metafisiese wyse nie. Miskien probeer hy met sy nalatenskap vir ons sê kleure kan genees of heelmaak wat gebroke is. Dis hoekom Jo ’n turkoois huis kry, jy ’n pienk kar en ek ’n pers winkel.”

“Wel, kommunikasie het nie net ’n sender nodig nie, maar ’n ontvanger ook. En ek weier om boodskappe van ’n kêns ou man af te ontvang. Veral as hy boonop dood is.”

“Lynvis?”

Sue ruk van die skrik toe Monique langs haar praat, maar herstel gou. “Jy, Aspoestertjie, is op hierdie baie spesifieke oomblik deur die gode gestuur.”

Monique se glimlag kom net ordentlikheidshalwe voor sy die ander se borde voor hulle neersit en met ’n geprewelde verskoning omdraai om Jeannie s’n te gaan haal.

Jeannie kom dit skaars agter. Sy blaai verwoed deur die boek, lees toe iets raak. “Hoor hier: When we light a candle, the color energy is released into the atmosphere. There it can be absorbed through your auric field and taken into the body itself. The more focused ...”

“Jeannie, as ek my sonde nie ontsien nie ...” Sue druk die vurk deur die kabeljou asof dit Jeannie is wat sy deurboor.

“Oukei, oukei, oukei.” Jeannie klap die boek toe en kyk agterdogtig na die slaai wat Monique voor haar neersit. Sy lig ’n slaaiblaar, inspekteer eers ’n stukkie tamatie en toe ’n komkommerskyf en knik dan. “Dankie,” sê sy, maar Monique is reeds weg.

Jo slaak ’n sug van verligting toe almal in stilte begin eet. Maar Nan se woorde hang tussen hulle. Sê nou Casper het wel vir hulle boodskappe probeer stuur? Maar nee, hoe sou Casper enigiets van hulle kon weet as hy amper ’n halfeeu nie met hulle kontak gehad het nie?

NEGE

Saterdag 25 September

“Jeannie waitress natuurlik vanaand, maar sy is ’n vrag pasta aan die maak. Bel vir Sue, dan kom julle oor?” Die week het omtrent gevlieg. Vinnig genoeg dat Jo nie juis tyd gehad het om haar te veel oor Jeannie se vreemde bui ná laas naweek te bekommer nie.

En dis ook seker nie so vreemd nie. Hulle was maar almal stekelrig ná daardie ete by die hawe. Hulle het nie eens na Nan se winkel gaan kyk nie. Sy het gesê daar is genoeg tyd daarvoor en nadat Sue die pienk skip in die waenhuis getrek het, is hulle sonder om weer binnetoe te gaan, daar weg. Dit was amper asof hulle te oorweldig was deur alles om te verwerk wat die dag ingehou het.

Nan bly ’n rukkie stil voor haar stem weer oor die foon opklink. “Ek sal uitvind of Sue nie dalk rondflenter nie, maar ek sal daar wees. Daar is ’n paar goed wat ek ook met julle wil uitklaar. Hoe laat?”

“So seweuur se kant. Dan kan jy darem nog vinnig vir Jeannie hallo sê. Sy ry halfagt om agtuur te begin werk,” probeer sy haar kop bymekaar hou. Dinge uitklaar? O, hemel, Nan moenie nou wil kop uittrek nie. Jo se gesprek met die verhuringsagente en later met die meenthuseienaar is nie iets wat sy weer wil beleef nie. En die beloftes wat sy daar moes maak, het alles met Nan en haar geld te doen. Jo kan nie glo sy is vir die soveelste

keer in haar lewe op Nan aangewese nie, maar op die oomblik het sy nie 'n keuse nie.

Die agent was nog bereid om haar 'n kans te gee nadat sy 'n maand se huur inbetaal het, maar die eienaar was omgekrap en het vir haar 'n brief gegee wat sê sy moet die einde van die maand uit wees. Dit het 'n baie vernederende pleidooi gekos om nog een maand se grasie van hom af te bedel. Sy het hom hand en mond beloof om teen einde Oktober op datum met haar huur te wees en dit kan sy net doen as sy geld by Nan kan leen. En die bankbestuurder lê nog voor. En dan praat sy nie eens van die nuus wat die prokureur gister gehad het nie.

“Oukei. Sien julle dan. Maar sommer net so voorlopig, ek wil môre weer Maanschiynbaai toe gaan, Jo. 'n Opname van die winkel se voorraad maak. Hopelik is daar ook êrens die een of ander boekhousisteem sodat ek kan sien wat aangaan. 'n Rekenaar is daar beslis nie.”

Klink darem meer belowend, dink Jo toe sy groet en kombuis toe stap. “Nan kom,” kondig sy uit die deur aan. “Sy gaan môre weer Maanschiynbaai toe. Wil jy gaan as sy ons saamnooi?”

Jeannie kyk nie op van die konkoksie wat sy in die kastrol roer nie, skud net haar kop. “Ek en die susters het 'n ding aan in die oggend en ek is aan diens oor middagete.”

“'n Kerkding?” vra Jo en stap nader.

Jeannie kyk net vlugtig op. “Ons gaan na daardie nuwe kerk toe. Die een waarheen ons laas naweek sou gegaan het. Wel, dis nie nuut nie. Net 'n ander kerk. Waar ons nog nie was nie.”

“Watse kerk?” Jo sak op een van die driepootstoeltjies by die eettoonbank neer.

“Een wat nie so hell and damnation is oor holistiese goed nie. Ons wil net gaan kyk. Mens moet 'n bietjie shop voor jy die regte kerk kry, jy weet.”

Jo wonder hoeveel ouers hoef hulle oor hulle kinders se kerkshopping te kwel. “Het iets by jou kerk gebeur?” vra sy liewer net.

“Ek het nou die middag by die biduur met een van die jeugleiers vasgesit. Hy is okkulteverskrik. Glo tarotkaarte is uit die borse. En toe ek vir hom verduidelik dat dit net simboliek is, wou hy omtrent 'n aap baar. Tipies Taurus. Oukei, ek sit nou hier af. Jy kan dit net weer warm maak. Die linguine ook – in die mikrogolf. Die parmesaan is in die yskas. Klaar

gerasper. Strooi die vars basilie en salie oor voor jy opdien. Dis reeds gekap. Ek gaan gou stort.”

“Jeannie ...”

“Moenie oor my en die susters begin nag nie, Jo. Jy het jou pad geloop toe jy so oud soos ek was. Nou moet ek myne vind.” Sy marsjeer behoorlik uit die kombuis.

Jo staar na die prutstoom wat by die gaatjie in die kastrol se deksel uitplof. Toe sy negentien geword het, was Jeannie al amper ’n jaar en drie maande oud. Dit was die tyd van haar rebellie. Haar Docs-dae. Die dae toe sy mense en die lewe gehaat het omdat sy haarself gehaat het. En haar kind ook. Selfs vir Nan. Juis omdat dié sonder verwynt net eenvoudig nog ’n kind soos haar eie grootgemaak het.

In twee jaar het Jo Calitz verander van ’n konsensieuse skoolkind na ’n beduiwelde klein teef.

Die Desember aan die einde van haar standerdnegejaar was seker die opwindendste tyd in haar lewe. Omdat sy ’n redelik teruggetrokke kind was, het Jo nie juis vriendinne gehad nie. Maar kort voor die vakansie het een van die ryk kinders haar saamgenooi na haar ouers se vakansiehuis in Hermanus. Tot vandag toe weet Jo nie wat Sonja se dryfveer was nie, maar sy vermoed die uitnodiging was ’n ingewing van die oomblik.

Sy was self nie so danig oor Sonja nie, maar haar broer wat pas klaar matriek geskryf het, was ’n ander storie. Corné Cronjé was ’n hoërskoolmeisie se droom. Ryk ouers, aantreklik, akademies bogemiddeld, eerstespan krieket en goed in atletiek ook. Nie hoofseunstoffasie nie, daarvoor was hy te onvoorbeeldig, maar te versmaai was hy glad nie.

Die stigma van die drie wilde Calitz-susters was wel ’n faktor in haar lewe, maar Jo se sedes was bo verdenking. Sy het akademies goed gevaar en die tweede netbalspan gehaal. Verder was sy ’n boekwurm.

Haar heimlike verliefdheid op Corné het haar hele standerdnegejaar oorheers. Toe Sonja haar so terloops ná ’n netbalwedstryd nooi, het sy nie gesê ek sal vir Nan vra nie. Sy het ja gesê. Onmiddellik.

Vakansies was ’n luukse wat Nan nie kon bekostig nie. Sue het nog maar net ’n jaar gewerk nadat sy haar tuinboudiploma voltooi het en Nan het nog aan die studielening afbetaal. Die skool waarin Jo was en alles wat daarmee saamgegaan het, was ook nie goedkoop nie. En Nan het geweet Jo wil universiteit toe. Iets wat net moontlik sou wees as Jo ’n substansiële

beurs kon kry, maar selfs dit sou nie genoeg gewees het nie. Daarom moes elke rand tot die maksimum gerek word en elke sent gedraai word tot dit blink. Daarom moes Jo eintlik die vakansie gewerk het.

Sue het met Nan gepraat. Wat sy vir haar gesê het, weet Jo nou nog nie. Maar sy het geweet die stryd is gewonne toe Sue met 'n bikini en 'n sarong by haar aankom. Turkoois. Haar geliefkoosde kleur. Nan het onder protes vir haar nuwe jeans, 'n denimkortbroek en 'n paar noupassende toppies gekoop. In vergelyking met wat Jeannie se tydgenote deesdae dra, was dit kuis, maar vir haar was dit gewaagd. Vir die eerste keer het sy vakansieklere gehad. Vir die eerste keer met vakansie gegaan.

Nie Nan se waarskuwings of haar eie aanvoeling dat Sonja die uitnodiging berou het, kon haar toe meer keer nie. En al was dit nie vir Corné nie, sou sy steeds gegaan het. Hermanus. Vakansiehuis. Dit was towerwoorde. Maar veral: Corné was daar. Vir drie salige weke sou sy in sy dampkring beweeg.

Hoekom Corné vir Wikus, die slim maar bleeksielhoofseun, saamgenooi het, is ook redelik duister. Aanvanklik het Corné hom nie aan een van hulle gesteur nie. Jo het saam met Sonja in die bondel gekuier, soms so min of meer as Wikus se maat. Sy bewondering was self vir haar gemoed, maar weg van die skool waar hy op sy manier koning gekraai het, was hy ietwat persoonlikheidloos.

Haar verjaardag en ook Kersfees het sonder veel ophef gekom en gegaan. En toe is dit Oujaar. Die wind het gewaai, maar 'n Oujaar was nie 'n Oujaar as dit nie op die strand gevier word nie. En Corné het met haar gedans. Later eers het Jo gehoor hy het 'n uitval met sy vakansieromanse gehad, maar daardie aand was sy in die sewende hemel. Sy is die nuwe dekade in sy arms binne. Die negentigs het braak voor hulle gelê. Met sand wat teen hulle kuite timmer, het hy haar van haar voete af gesoen. Haar eerste regte soen.

Op die vooraand van die laaste dekade van die twintigste eeu was alles moontlik. Daarom het dit nie saak gemaak dat haar matriekjaar voorlê en Corné op pad is om medies te gaan swot nie. Net Corné en die manier waarop hy haar soen, sy hande oor haar borste laat skroei, was van belang.

Waarop dit sou uitgeloop het as dit nie begin reën het nie, waag sy nie om te raai nie. Maar dit het begin sous en hulle het in karre ingebondel om by vriende van Corné verder te gaan jolyt hou. Waar Corné se

vakansieromanse gewag en weer haar kleim afgesteek het.

Wikus het tot Jo se redding gekom. In daardie vroegoggendure en ook in die dae daarna. Hy het lang ente saam met haar gaan stap. Veral nadat Corné saam met die meisie Plettenbergbaai toe is. Op Wikus se skouer kon sy haar hartseer uithuil terwyl die wêreld vir die ander nog steeds bly draai het en die vakansie vir hulle steeds 'n avontuur pleks van 'n ramp was.

Die laaste aand het Wikus haar gesoen. Sy het hom desperaat teruggesoen. Corné probeer besweer. Om van Corné te probeer vergeet, het sy toegelaat wat sy instinktief geweet het sy moenie, en te laat besef wat aan die gebeur is. Heeltemal te laat.

Reeds toe Mandela sy eerste tree op sy weg na vryheid gegee het, het sy vermoed daar was gevolge. Teen die tyd dat sy Julia Roberts in *Pretty Woman* so ongeërg met kondome sien omgaan het, was haar vermoedens bevestig.

Sy het geweier dat Nan vir Wikus se ouers kontak en het toe reeds lank al ook alle kontak met Wikus geweier. En ná 'n paar oproepe het hy ook nie weer probeer nie. Hy was 'n Matie. Matriekmeisiekinders het nou ook in sy verlede gelê.

Ná die Paasvakansie is sy nie terug skool toe nie. Nan het haar by 'n kollege ingeskryf waar sy haar matriek buitemuurs kon klaarmaak en hulle het na 'n groter huis in 'n ander voorstad getrek. Die geskiedenis het hom herhaal. Maar anders as in Nan se geval, was Nan daar om alles vir Jo makliker te maak en, nadat Sue haar deeglik die kop gewas het, het dié ook gehelp waar sy kon.

Jeannie is begin September gebore, net 'n rukkie voor Jo haar eindeksamen moes aanpak. Nan het seker gemaak dat sy kon gaan skryf. Nan het Jo se paaie sover moontlik gelyk gemaak. Nan het Jeannie versorg. Nan het gesorg.

Jo het net-net 'n eersteklas gemaak, sonder onderskeidings, wat beteken het 'n toereikende beurs was buite die kwessie. Ook Jo sou nie universiteit toe kon gaan nie, nes die vorige Calitz-vroue. Haar droom om tale te studeer, was aan flenters.

Ná die uitslae en die gevolge daarvan ingesink het, het iets in haar doodgegaan. Sy wou niks van Jeannie weet nie en bitter min van Nan en selfs Sue. Sy het werk gekry as verkoopsassistent in 'n binnehuisversierder se winkeltjie waar sy vyf dae per week gewerk en die res omgefuif het. As

koningin Elizabeth 'n annus horribilis in 1992 beleef het, kon Jo dieselfde sê, en van 1993 ook.

Met haar eerste salaris het sy swart Docs gekoop. Daarna het sy niks anders as swart gedra nie. 'n Paar maande later het sy haar hare laat sny dat net 'n paar spykertjies op haar kop oorgebly het. Selfs dié het sy pikswart gekleur. Swart lipstiffie en kohlomlynde oë was haar finale verweer teen die lewe. Mans het speelgoed geword. Ruilbaar, minagbaar en misbruikbaar.

Toe sy so oud was soos Jeannie nou is, het sy as die jongste van die wilde Calitz-meisies bekend gestaan en was sonder enige ideale behalwe om dit tot die volgende naweek te maak.

Hoe kan sy nou vir Jeannie voorsê wat om te doen? Haar waarsku teen 'n lewe van kuisheid en spiritualiteit, al sluit dit tarotkaarte en sterretekens in?

Hoe durf sy Jeannie enigsins kritiseer? Want vaderweet waar dinge sou geëindig het as Jo die rebel nie in die tronk beland het nie.

Buite slaan 'n kardeur en oomblikke later lui die interkomfoon.

Jo vlieg op asof sy uit 'n nagmerrie wakker geskrik het.

Sy sien nie kans nie. Sue smeer haar bene wrewelrig met room in en maak seker die silwer ringetjie sit nog stewig aan haar tweede toon wat effens langer as haar groottoon is. Maar haar aandag is nie regtig by wat sy doen nie.

Dit was 'n week uit die hel. Sy sukkel nie van nature om besluite te neem nie. Sy oorweeg, besluit en verder good luck. Maar dit is darem 'n groot besluit. Haar hele lewe sal verander as sy Maanschijnbaai toe trek.

Ja, sy skuld Jo. Ja, sy wil anyway help. Ja, hulle Calitz-girls staan bymekaar. En sy kan ook nie verwag dat Nan altyd alleen die spit afbyt nie. En ja, sy dink die trek daarheen sal Jeannie die wêreld se goed doen. Hoe dikwels hulle ook al vassit, hoe verskriklik Jeannie haar ook al soms kan irriteer, is Jeannie die naaste aan die dogter wat sy nooit sal hê nie. Sy sterf tien dode voor sy dit ooit hardop erken, maar Jeannie is haar hart se punt.

Vandat sy haar die eerste keer vasgehou het, het sy hierdie verbondenheid aan die kind gevoel. 'n Kind aan wie sy indirek ook skuld gehad het. As sy nie vir Nan omgepraat het om Jo 'n bietjie te laat leef nie,

haar ook die luukse van 'n vakansie te laat smaak nie, sou Jeannie nooit daar gewees het nie. En sou Jo nie haar rebellie beleef het nie. Sou Jo se hele lewe anders daar uitgesien het.

Sue laat sak haar kop in haar hande. Boy, oh boy. Sy skuld Jo waaragtig. Vir 'n oomblik bly sy net so op die bad se rand sit met die geur van seep, handerूम en sjampoe wat om haar hang.

Maar op Maanschiynbaai weet sy gaan sy haar rieme styfloop. Sy weet dit met 'n onwrikbare weet. Veral ná hierdie week. Nog nooit het 'n man haar so ontstig nie. Nog nooit het sy so 'n obsessie oor een gehad nie. Nog nooit het 'n man haar handel en wandel so binnegedring nie. En dit ná een lousy ontmoeting. Dis bonatuurlik.

Sy sien nie kans hiervoor nie. As sy hier bly en voortploeter soos sy die afgelope jare voortgeploeter het, is sy minstens veilig. Sy sal vergeet van die bont oë, van daardie sexy, sexy glimlag. Uiteindelik.

Die gelui van haar landlyn verlos haar van die onmiddellikste paniek. Sy draai 'n handdoek om haar veelbewoë lyf en haal diep asem voor sy sitkamer toe stap.

Sy moet op haar tande kners toe sy haar landlord se stem herken. Waaroor gaan hy tog dié keer kerm? Sy het lanklaas die volume van haar musieksentrum oopgedraai, lanklaas op die laaisone parkeer, lanklaas haar einaonderklere op haar balkon opgehang om droog te word en laas somer laas op die einste balkon topless getan.

“Sue, jy sal moet kom kyk.” Hy klink gawer as gewoonlik. “Iemand het met jou bakkie gelol.”

“Sue sê sy kom, maar eers later,” kondig Nan aan nadat sy Jeannie ook gegroet en 'n lofsang aangehef het oor die geure wat in die meenthuis hang.

Uit haar handsak bring sy 'n nippie gin en twee blikkies tonic te voorskyn. “Glas. Ys. Suurlemoen. Nou.” Sy glimlag skeef vir Jo. “Die BCom-mannetjie kry nie die kloutjie by die oor nie. Ek het die hele goddelike dag probeer verduidelik hoe ... Ag, vergeet dit. Ek weet ék wil. Skink, Jo, ek het dit nodig.”

Jo gehoorsaam. “Hoekom sien jy hom op 'n Saterdag?”

Nan gaan sit by die eetkamertafel. “In die week is daar nie tyd nie en einde van die maand moet die snotkop oorneem. Hoe ek hom in die

oorblywende vyf dae gaan leer wat sy professore in drie jaar nagelaat het om te doen, weet nugter. Maar dis gelukkig sy oom op die direksie se probleem. A, dankie.” Sy druk die ys met haar pinkie ondertoe en neem ’n behaaglike sluk.

“Ruik ek nepotisme?” vra Jo toe sy met haar glas wyn oorkant Nan gaan sit.

“Dit stink daarna, al word dit verdoesels as regstellende aksie – asof dit ’n groot verskil maak. Maar nie die kind se pigment of die familiebande sou my gepla het as hy minstens geweet het wat hy doen nie. My kliënte gaan kraam. Gelukkig is dit ná die dertigste nie meer my probleem nie.”

Jo kan sien dis lippetaal. Nan se kliënte was altyd vir haar belangriker as die salaris wat sy verdien het. En hulle het haar verkies bo die CA wat haar direkte baas was. Nie omdat sy noodwendig meer geweet het nie, maar omdat sy omgee.

Jeannie kondig haar binnekoms met ’n geklingel van sleutels aan. “Ek is op pad. Ek sal versigtig ry. My selfoon se battery is gelaai. Daar is genoeg brandstof in die tenk, Jo, ek sal nie weer gaan staan nie. Ek sal die deure sluit. Ek behoort so teen twaalfuur terug te wees. Enige ander vrae, opdragte of preke?”

“Het jy kontant by jou? En jou pepersproei?” kom Nan se voorspelbare vraag net voor Jo dieselfde kan vra.

“Pepper spray in sy kompartementjie in my sak en ek sal kontant hê ná my tips.”

Nan skud haar kop, grawe in haar handsak en hou ’n honderdrandnoot na Jeannie toe uit.

“Dis nie nodig nie,” reageer Jeannie soos gewoonlik voor sy Nan op die wang soen, “maar dankie.”

“Beskou dit as my tip vir hierdie heerlike kos wat op ons wag.” Nan vryf Jeannie se kuif van haar voorkop af en hou haar wang vir nog ’n soen.

“Buitendien ken jy die huisreël. Nêrens heen sonder kontant nie. En Jeannie, jy laat daardie brandstofmeter regmaak. Ek het laas al gesê ek sal daarvoor betaal.”

“Ek sal nog, kry nie tyd nie. Bye, Nanna, Jo. Bid vir groot tafels en nog groter aptyte.”

“Amen,” kry Nan in net voor Jeannie die deur met ’n wuifie agter haar toetrek. Nan neem nog ’n sluk en sit terug in haar stoel. “Vir so ’n

disfunksionele lot soos ons lyk dit tog soms asof ons iets êrens reg gedoen het.”

“Sy is op loop met sogenaamde holistiese goed. Tarot ...”

“Los dit, Jo. ’n Paar prentkaarte en teorieë oor sterretekens is regtig die minste van jou probleme. Sy is oukei. En dis nie asof jy gereeld die binnekant van ’n kerk sien of die weë van die heelal verstaan nie. Ek ook nie. Maar ek wil nie vanaand oor Jeannie praat nie. Ek bekommer my oor jou. Wat is die storie met hierdie Con-man?”

Nan het doelbewus vir Sue apart laat kom, besef Jo. Maar sy het haarself al genoeg gekasty. Haar genoeg geskaam vir haar onnoselheid. Al wat nou moet uit, is die waarheid. “Hy’s vort. Landuit. Met my geld, jou geld, Jeannie se polis en op ’n manier Sue se geld ook. En ja, daar was iets tussen ons. En ja, ek besef nou hy het dit gebruik om die geld uit my te kry. Dit en my hoop om dinge beter te maak op finansiële gebied. Vir my en vir Jeannie.”

“Maar hy het welvarend gelyk? Die BM. En jy’t gesê hy het ’n mooi huis in Gordonsbaai. Nogal met ’n seeuitsig?”

“Casper se prokureur het vir my navraag gedoen. Hy het gister laat weet die BM is deur die bank teruggevat en die huis was gehuur en ook maande lank agterstallig. En daar is ’n hoop ander skuld ook. Dit gaan my niks help om hom te dagvaar nie.” Hoe vernederend was dit nie toe die prokureur haar ook meegedeel het dit was waarskynlik die geld wat Con uit haar geswendel het wat dit vir hom moontlik gemaak het om te vlug. Sy hoop hy krepeer, want soveel was dit nou ook weer nie. Net alles wat sy gehad het.

“H’m.” Nan staar na haar glas asof daar ’n boodskap in die vloeistof ronddryf. “Con, die conman,” is egter al wat sy nadenkend sê.

“Moenie vir Sue sê nie, asseblief? Ek sal nooit die einde daarvan hoor as sy uitvind nie.”

“Ek sal haar nie sê nie, maar moenie te seker wees sy gaan nie uitvind nie. En jy’s reg, jy sal nooit die einde hoor nie.”

“Onthou jy Saul Wienand, die man van die brief op King Casper se ronde tafel?” verander Jo liewer die onderwerp. “Hy het vanmiddag ’n boodskap gelaat toe ek in die verkeer was en nie my foon kon beantwoord nie.”

“En?”

“Ek het hom teruggebel, maar hy was nie beskikbaar nie.”

“Hy sal wel weer bel. Miskien het hy ’n oplossing vir die driejaarklousule gevind.”

Jo skud haar kop. “Die prokureur was baie seker van sy saak. Een troos is darem dat die munisipale belasting deur die eksekuteur vereffen word tot die plek myne is.”

“Dis ’n verligting. Terloops, wil jy môre saamkom? Maanschijsbaai toe? Soos ek gesê het, ek wil voorraadopname begin doen en hulp sal gaaf wees.”

“Ek sal jou ’n rukkie kan help, maar daar is goed wat ek in die kasarm wil nagaan. Ek wil opmetings doen, foto’s neem, ensovoorts. Ek het ’n paar kontrakteurs in die omgewing geïdentifiseer en wil hierdie week kwotasies aanvra vir die dak. Maar ek wil seker maak hulle vat nie kanse nie.”

“Die kasarm is ons eerste prioriteit. Ek sal regkom. Negeuur reg?”

Jo knik net toe ’n kardeur buite eerder daver as klap. Jo is by die interkom nog voor dit lui.

“Sue. Maak verdomp oop.”

Sue marsjeer oomblikke later in asof ses duiwels agter haar aan is. Sy plak ’n bottel J&B en ’n liter sodawater op die tafel neer, storm op die kas met glase af en ruk ’n ysbakkie uit die vrieskas.

Sy drink die helfte van haar glas leeg voor sy na hulle kyk. “My fokken bakkie is ge-fokken-key.”

“Jou bakkie is gewat?” vra Nan wat Jo ook wil weet.

“Gekey. Iemand het ’n skerp ding, vermoedelik ’n sleutel, gevat, reg rondom die bakkie gestap en so diep gekrap dat mens die metaal kan sien. En die een wiper is ook in sy moer in gebuig. Fok!” Sy gooi die res van die drank in haar keel af en skink nog een. “Dit moet die bitch wees.”

“En die bitch is?” vra Nan ná ’n lakonieke kyk in Jo se rigting.

“My lover – soon to be ex-lover – se vrou. Fokken tert. Sy kan die verskoning van ’n manskans hou. Was anyway op pad om hom onder die gat te skop. Useless drol.”

Die yskas se dreuning klink skielik hard in die stilte wat volg terwyl Sue nog ’n paar groot slukke vat.

“Sue, wanneer gaan jy leer dat mans wat hulle vrouens verneuk – met jou of enigiemand anders – almal useless drolle is?”

“Spaar my die preek, Nan, en stuur eerder die kollektebordjie om sodat ek vir my sondes kan betaal en klaarkry.”

“Ek dink nie dis waarvoor kollektebordjies omgestuur word nie, Sue,” grinnik Nan. “Hoekom dink jy dis die lover se vrou?”

“Wie anders? ’n Paar oproepe ook gekry. Eers een van ’n vrou wat na haar asem snak en dan in so ’n verpiepte stemmetjie sê: ‘Jammer, verkeerde ... snik ... nommer.’ Dit was Maandag. En toe Woensdag ’n oproep wat net ’n dawerende stilte aan die ander kant opgelewer het. Vrydag nog een. En vanaand lyk my bakkie asof dit in die kake van ’n ondier was. Klaar. Ek is klaar met mans. Jo, ons gaan ’n verenigde front vorm en mans uit ons lewe verban. Vir ewig.”

“En wat van jou sexual peak?” vra Jo droog.

“Fok my sexual peak. Fok mans. En fok julle ongelowige Thomas-oë.” Sue klap haar leë glas op die tafelblad neer. “Wat eet ons?”

Met haar woederooi wange en oë wat silwerblou skitter, was Sue lanklaas vir Jo so mooi soos op hierdie oomblik. G’n wonder die man in Wine o’Clock het haar dadelik raakgesien nie. Haar dáárdie kyk gegee nie. “Linguine à la Jeannie,” is egter al wat Jo sê.

Eers toe hulle klaar gesmul het aan Jeannie se maaltyd van ses honderd kilojoules per vierkante molekule, lyk dit asof Sue bedaar het.

“Ek is nie versadig nie, ek is dik,” verklaar sy terwyl sy oor haar plat maag vryf.

“Dis gaaf, want daar is nie nagereg nie.” Jo het self meer as gewoonlik geëet en trek effens aan die band van haar romp.

“Wat van ’n likeurtjie? Net om die maag te settle, natuurlik.”

“Sue, jy is al klaar onkapabel om huis toe te ry.” Nan kyk betekenisvol na die bottel J&B wat ’n aansienlike knou weg het. “En jy het ’n glas rooiwyn by die pasta ook gedrink.”

Sue kyk wederstrewig na Nan, sug dan en knik. “Jy’s reg. Soos gefokken-woonlik.”

“Dan sal jy miskien ook erken dat jou bakkie se skade en jou lover se nutteloosheid nie die enigste rede is waarom jy soos ’n dinamietkers in ’n nitrogliserienfabriek hier opgedaag het nie.”

“Jy reken dis nie genoeg rede nie?”

“Sue.” In daardie woord is alles opgesluit. Sue, ons ken jou beter as wat

jy jouself ken. Sue, ons het jou liewer as wat jy jouself het. Sue, ons is hier vir jou. Net Nan kan 'n mens se naam só sê.

“Hugh Jackman.” Sue gee 'n lang gaap en bly met toe oë sit. “Hugh Jackman het my bederf vir alle mans. Ek kyk nou al die hele week sy movies. Een na die ander. Sommige oor en oor. Daar is net nie 'n man wat 'n patch teen hom is nie. Ek dink ek gaan Australië toe emigreer.” Haar oë flikker oop. “Jo, het jy vir my slaapgoed?”

Teen die tyd dat Jo terugkom met 'n kussing en 'n duvet lê Sue vas aan die slaap op die rusbank.

“Wie de hel is Hugh Jackman?” vra Nan sag nadat Jo die duvet oor Sue gegooi en die kussing onder haar kop ingewikkel het.

“Ek dink hy het in *Australia* gespeel. Teenoor Nicole Kidman. Ek kan nie eens mooi onthou hoe hy lyk nie, net dat hy nogal 'n dish is. Koffie?”

Nan knik en stap saam met haar kombuis toe. “Hier is 'n slang in die gras, Jo. Sue is erg, maar sy is nie só nie. Wie daai fake op die bank is en wat sy met die regte Sue gemaak het, dis wat ek wil uitvind.”

TIEN

Sondag 26 September

Jo het reeds gestort, aangetrek, skottelgoed gewas en die eetkamer opgeruim voor Sue die eerste roer gee.

“Koffie?” vra Jo.

“Wat het julle met my aangevang?” kom dit dofweg onder die duvet uit.

“Wat dit ook al is, jy het dit self aangevang. Kom kombuis toe. Jeannie sal seker ook binnekort iets te drinke kom soek. Jy het seker nie eens gehoor toe sy ingekom het nie.”

“Jo? Ontsien my ore, asseblief? Dit is aan my kop vas.”

“En dié daver seker. Terloops, as jy saam met my en Nan wil ry, sal jy moet wikkel. Sy sal oor ’n kwartier hier wees.”

“Fok Maanschijnbaai.” Sue swaai haar bene van die bank af. “Daai plek sien my nooit weer nie.”

“Hoe nou?”

“Sorry, Jo. Ek wou dit gisteraand vir julle sê, maar met die bakkie wat gekey is en alles, het ek toe nooit daarby uitgekome nie. Count me out. Die plek is boos.”

“Is daar nie tee in hierdie huis nie?” Jeannie kom oogvrywend aangestap met die kuise wit nagrok fladderend om haar enkels.

Sue masseer haar slape. Sy lyk regtig oes. Dis nie die tyd om haar oor die

boosheid van Maanschiynbaai uit te vra nie.

In die kombuis sit Jo vier snye gesondheidsbrood in die rooster, pak 'n paar smeersels en kaas op die eettoonbank en kry die koffiegoed reg vir haar en Sue. Jeannie het self groentee gekoop en heuning ook, sien sy toe sy die kas oopmaak. Skuldgevoel klap haar 'n hou teen die agterkop. Jeannie het meeste van die bestanddele vir die ete van gisteraand ook gekoop. Waarskynlik omdat sy geweet het Jo sou room en parmesaan geveto het omdat dit te duur is. Maar sy het darem 'n nuwe filter vir die waterkan gekry, probeer Jo haarself troos.

Sue het nie veel meer gedoen as haar gesig gewas nie, sien Jo toe sy haar kom neerplak. “Ek het Disprins uit jou medisynekas gegaps.”

Jo skink die kookwater oor die korrels en skuif die beker oor na Sue toe. “Suiker in die pot. Jy drink mos nie melk nie?”

“Net as dit cappuccino is. Dankie.” Sy roer suiker in haar koffie en stap na die agterdeur, haar sigaretpakkie verskonend in die lug. “Sorry, Jo, maar die eerste een is onontbeerlik.” Toe sy die agterdeur oopmaak, ruk die wind koue mistigheid na binne. Sue druk die deur toe en kyk haar pleitend aan.

Jo sug. “Oukei, kom sit tog in hemelsnaam en rook jou rook. Jeannie sal dit seker oorleef.”

“Wat sal ek oorleef? O.” Jeannie gee Sue 'n kyk, maar kry haar dalk ook jammer, want die preek is kort: “As jy wil doodgaan voor jou tyd, is dit jou saak. Sal lekker wees om op 'n jeugdige ouderdom al te erf. Hopelik sonder 'n driejaarklousule.”

Jo haal 'n asbak uit die besemkas en druk dit in Sue se hand. “Sit net naby die venster. En onthou, vanoggend se toegif is eenmalig en net omdat ek weet jy babelleer.”

“Hoe ek so sane grootgekom het in die huis van Beëlsebul, sal niemand weet nie,” sug Jeannie teatraal terwyl sy heuning in haar groentee roer en, sonder om botter op te smeer, ook daarvan oor haar sny roosterbrood laat druip.

“Sanity is klaarblyklik, soos beauty, ook in the eye of the beholder.” Sue teug diep aan haar sigaret.

“Ek gaan stiltetyd hou,” ignoreer Jeannie Sue se opmerking. “Moenie my steur as julle ry voor ek klaar is nie. Hoe laat kom julle terug?”

Jo gaan sit ook en toets die hitte van haar koffie. “Ek is nie seker nie.

Maak seker jy het jou sleutels.”

“Ja, Ma. Goed, Ma. Bye, Ma.” Sy balanseer die sny roosterbrood op haar beker en mik deur toe.

“Bye, Jeannie.” Sue gee haar ’n betigtende kyk.

“Bye, antie Sue.” Jeannie knipoog voor sy kamer toe stap.

“Iemand is in ’n goeie bui?” vra Sue.

“Sy en die susters gaan vandag na ’n ander kerk toe. Vir haar is dit iets om na uit te sien.”

“Takes all sorts.” Sue druk haar sigaret dood en smeer haar roosterbrood met ’n einalagie botter voor sy die laaste van die marmelade uit die bottel krap. “Het jy hulle al ontmoet? Hierdie susters?”

“Net een keer. Toe die Uno sonder petrol gaan staan het en ek hulle moes gaan help. Die Uno se brandstofmeter werk nie meer nie en Jeannie het haar misgis. In elk geval, die susters lyk oukei.” Behalwe dat Jeannie op haar vaalste soos ’n sonstraal lyk in vergelyking met hulle graad van somberheid. Aan hulle oorgewig lywe was die lang rokke nog vormloser, hulle hare was nie skoon nie en hulle grimeringlose gesiggies het verrai dat selfs Estée Lauder persoonlik niks aan hulle heil sal kan doen nie. Jo se eerste gedagte was dat hulle werklik geen rede het om ’n eed van kuisheid te neem nie.

“Is hulle regtig susters of is dit ’n soort kerksusterding?” Broodkorrels spat in alle rigtings toe Sue in die roosterbrood inbyt.

“Regte susters. Een is ’n jaar ouer as Jeannie en die ander een ’n paar maande jonger.” Jo trek eers die kombuisdeur toe. “Ek sal lieg as ek sê ek is nie bekommerd oor hulle invloed op Jeannie nie, Sue. Jeannie het by Young Women for Christ aangesluit kort nadat ek haar psigiater toe geneem het oor haar eetprobleme. Sy was nog woedend vir my. Veral nadat die psigiater bevestig het sy ly nie aan anorexia nervosa of bulimie nie.” Sy het bloot ’n gebrek aan aptyt, het hy verduidelik, dit wil sê gewone anoreksie. En die rede waarom sy haar vinger ná maaltje in haar keel gedruk het, het niks te doen gehad met ’n behoefte om gewig te verloor nie. Wat dit nie beter gemaak het nie, net nog moeiliker om te behandel. Dis ’n soort neurose, het die psigiater gesê, nie bulimie nie. Soos Jo die dokter wat Jeannie na die psigiater toe verwys het, uit die staanspoor probeer oortuig het.

Maar die een goeie ding was dat Jeannie ten minste behoorlik ingelig is

oor die gevolge van gereelde braking. Tande waarvan die emalje vernietig word en selfs grusamer dinge. Sedertdien eet Jeannie nie veel meer nie, maar sy probeer werklik hard om nie meer toe te gee aan haar kompulsie om haar vinger in haar keel te druk nie. En dit werk – veral nadat die psigiater haar daarop gewys het sy kan bloot die kos uitspoeg waaraan sy moet proe terwyl sy kook. So grillerig as wat dit klink.

Jo frons toe sy na die horlosie teen die muur kyk. Nan is laat. “In elk geval, YWC het haar baie gehelp om dinge te verwerk. Dis daar waar sy die susters so vier maande gelede ontmoet het.”

Sue vee al die krummels bymekaar en in die kleinbordjie voor sy nog ’n sigaret aansteek. “Het hulle name?”

“Imogen en Cassandra. Dis my eie skuld dat hulle so dik vriende geraak het. Dit was toe ek op my besigste was met die voorlegging vir Con. Ek het Abalone’s geëet, gedrink, geslaap, gedroom. Ek het Jeannie afgeskeep, ek weet, maar dit was ook om haar onthalwe. Dit was nou alles goed en wel dat sy ná matriek besluit het om ’n jaar lank te werk om haar studiegeld te help betaal, maar die grootste deel sou tog uit my sak moes kom. Die polis is ... was ’n druppel aan die emmer. Ons praat van oor die twee honderd duisend rand, alles ingereken, en ek moes darem nog oorleef.”

Sue fluit saggies deur haar tande. “Ek dink ek verstaan nou beter.”

“Dit verander niks aan die feit dat ek soos ’n imbesiel opgetree het nie.” Jo kyk weer effens bekommerd na die horlosie. Nan is gewoonlik so stiptelik. “Maar ja, die susters bekommer my tog. Enersyds lyk hulle skadeloos. Andersyds is daar iets aan hulle wat ... af is. En ek voel hulle misbruik Jeannie omdat sy die Uno het. Hulle kan nie een bestuur nie. En dis nie asof hulle aanbied om brandstof te betaal nie.”

“As Jeannie eers by die sjefskool begin, sal sy nie tyd hê vir hulle nie, Jo. En dit help nie jy steek ’n stokkie voor die vriendskap nie. Dit sal net ’n agteraf geheul afgee.” Sue grinnik sunderig. “Miskien is kinderloosheid nie so ’n straf as wat ek gedink het nie.”

Jo spring op toe haar selfoon aan die lui gaan waar dit nog langs die ketel lê.

“Nan, waar is jy?” vra sy dadelik.

“Jy sal dit verdomp nie glo nie, Jo.”

Jo se hand gaan na haar mond en sy lig die foon ’n entjie van haar oor af

toe Sue nader kom om in te luister.

“Die een of ander duiwelskind het al vier my kar se bande afgeblaas.”

“En nou?”

“Ek het die AA gebel en hulle is nou hier, maar ek sal seker nie voor halfelf by jou kan wees nie. Ek gaan net toet as ek buite kom, anders mors ons nog tyd. Maak seker jy’s reg om te ry.”

“Oukei. Sien jou.” Jo sit die selfoon neer en kyk na Sue. “Jy’t gehoor.”

Sue se frons sit soos ’n konsertina tussen haar wenkbroue. “Binne minder as vier en twintig uur word my kar gekey en haar bande afgeblaas. How’s that for bad luck.”

“Jy dink sekerlik nie ... Maar dis laf, Sue. Waarom sal jou lover se vrou Nan ongerief wil aandoen?”

“Het jy al programme soos Women who kill op TV gekyk? Niks is heilig of te veel moeite vir ’n woman scorned nie. Een girl het haar man omgery nadat sy hom saam met sy minnares gesien het en daarna wie weet hoeveel keer heen en weer oor hom gery. En dit terwyl sy dogter uit ’n vorige huwelik by haar in die Merc was.”

“Ek neem aan hy het nie oorleef nie?”

“Ek reken daar was skaars genoeg van hom oor om ’n DNS-monster te kry.”

Sue oordryf natuurlik gruwelik, maar die boodskap bly dieselfde. Hulle albei wip van die skrik toe haar sel weer lui.

Sue kyk Jo vraend aan toe sy optel. Sy skud haar kop. “Onbekende nommer.”

“Jo Calitz, halo?”

“Saul Wienand. Ek hoop nie ek het jou wakker gelui nie?”

“Meneer Wienand,” sê sy eintlik vir Sue se onthalwe, “nee, ek is lankal op.”

“Saul, asseblief. Ek weet dis ’n onwennige naam, maar mens raak gewoond daaraan.” Hy klink relatief jonk. Mooi stem. “Ek neem aan jy het my brief gekry?”

“Ek het. Jy het dit seker daar gelaat voor jy van die klousule gehoor het?”

“Klousule?” Sy kan hom amper hoor frons.

“Die driejaarklousule. Dit kom daarop neer dat ek nie die huis kan verkoop voor oor drie jaar nie aangesien dit dan eers in my naam

geregistreer word.”

Hy bly ’n oomblik lank stil. “Drie jaar?”

“Ek is jammer, ek was onder die indruk die prokureur het die situasie aan jou verduidelik?”

“Hier is dalk ’n misverstand. Ek was nie in kontak met jou prokureur nie.” Hy klink so verward as wat Jo voel.

“O? Dan moet dit iemand anders gewees het wat belang gestel het om te koop.”

“Ek neem aan jy het probeer uitvind hoe afdwingbaar die klousule is?” wil hy weet.

“Ek het. Volgens die prokureur wat die testament hanteer het, is dit wel afdwingbaar.”

“Sal jy omgee as ek regsadvies daaroor inwin? Dis nou as jy bereid sou wees om te verkoop indien die klousule tersyde gestel kan word.”

Hoekom sy huiwer, weet sy waaragtig nie. Die huis is afgryslik. Maar daardie uitsig! Sulke erwe is so skaars soos bevallings in ’n ouetehuis. So iets sal sy nooit weer kan bekostig nie, al verkoop sy teen ’n goeie prys.

“Ek sal uiteraard by die eksekuteur moet hoor hoe dinge werk, maar as dit wetlik moontlik is, sal ek dit oorweeg,” antwoord sy effens lamlendig. Sy draai haar rug op Sue se die-hemel-help-ons-gesigsuitdrukking.

“Dit sal geld kos om regsadvies in te win. Ek moet darem ’n redelike mate van sekerheid hê.” Sy hoor hom sug. “Dis moeilik oor die foon. Kan ek jou dalk die een of ander tyd kom spreek?”

“Ek is toevallig juis op pad Maanschijnbaai toe. Jy kan my by die huis daar ontmoet. Sê maar eenuur?” As hy bereid is om sy Sondagse skaapboud en souskluitjies op te offer, is hy werklik ernstig.

“In die haak. Sien jou dan eenuur,” stem hy onmiddellik in.

Jo groet en loer na haar horlosie. “Ek moet my goed bymekaarkry. Nan gaan op hete kole wees wanneer sy hier aankom.”

Sue kyk haar ’n oomblik peinsend aan. “Verstaan ek reg dat daar klaarblyklik twee voornemende kopers is?”

“Dit klink so. Saul Wienand sê hy was nie in kontak met die prokureur nie.”

“Miskien is jou hard-to-get-houding dalk net die resep om die man ekstra moeite te laat doen om die plek te bekom. En teen ’n ordentlike prys. Veral as daar nog ’n belangstellende party is.”

“Ek het nie hard to get gespeel nie, Sue.”

Sue hou haar kop skuins. “Jy het nie ook op die kasarm staan en verlief raak soos Jeannie nie, of hoe?”

“Moenie laf wees nie.” Dit sou inderdaad laf wees, hoe mooi die omgewing ook al is. “Dis net dat Casper se prokureur so seker van sy saak was. Ek dink nie enigiemand gaan verby daardie klousule kom nie.”

“Dus sal jy verkoop as hy die ding tersyde kan stel?” hou Sue aan karring

“As ek enigsins mag verkoop, sal ek mal wees as ek dit nie doen nie en jy weet dit net so goed soos ek. Maar nou moet ek wikkel, Sue.”

“Oukei, ek sal ophou karring. Voorlopig. Dankie vir die koffie en so. Ek gaan ’n draai loop en dan huis toe om my roes behoorlik af te slaap.” Sue gee Jo ’n drukkie. “Mooi ry en pas op vir struikrowers.”

“Jy ook. Ek wou nog hoor hoekom jy nou skielik nie meer wil saamtrek nie, maar ons praat die een of ander tyd in die week.”

“Laat ek net eers weer al my beskonke varkies op hok kry. En sê vir Jeannie om haar oë oop te hou. En jy ook natuurlik. Dit klink vergesog, maar mens weet nooit wat ’n mal bitch alles kan uitvind en doen nie.”

“Dink jy regtig so?”

“Nee, maar net in case. Laat weet as iets buite die normale gebeur, Jo. Derde keer is skeepsreg. Dan gaan ek polisie toe.”

Saul staar na die see. Die misbanke wat aangerol kom, is die perfekte agtergrond vir sy gemoedstoestand. As Casper net wou luister en die verdomde plek aan hom verkoop sodat sy erfgenaam ’n klein fortuintjie erf pleks van ’n halfvergane huis, het hy nie nou in hierdie dilemma gesit nie.

Die driejaarklousule het hom onverhoeds betrap. Die feit dat iemand anders navraag gedoen het ook. Die gedagte dat hy Jo Calitz weer gaan sien, haar moet oortuig om te verkoop as daar enigsins iets is wat hy aan die klousule kan doen, het egter die effek van ’n vuis in die solar plexus.

Hoekom, weet nugter. Dis net ’n besigheidstransaksie. Een van vele wat hy al aangegaan het. Een van baie eiendomme wat hy al probeer bekom het – nie almal met ewe groot sukses nie, maar die meeste het wel syne geword. En sommige het selfs meer uitdagings ingehou as testamentbepalings.

Dis ook nie die eerste keer dat hy besigheid doen met ’n aantreklike vrou

nie. Dit het altyd professioneel gebly. Hy kan nie insien dat dit nou soveel moeiliker sal wees om die saak professioneel te hanteer net omdat hy geskei is nie. Of omdat die erfgenaam 'n paar oulike bene en 'n baie sexy stem het, maar ongelukkig nie troumateriaal is nie.

Hoekom hy aanvaar het Jo is 'n onbekende manlike familielid met die naam van Joe, weet Saul steeds nie. Miskien omdat Casper net sporadies oor sy familie gepraat het.

Dit was Donnie wat hom vertel het hoe die vurk in die hef steek nadat Saul hom gevra het om Priscilla te pols oor die dag toe sy die sleutels oorhandig het. Die twee susters, Johanna en Susanna, soos hy hulle leer ken het uit Casper se mond, is Nan en Sue. Nan se dogter Joanna het klaarblyklik Jo geword. Donnie het ook verduidelik wie erf wat. Dit was ook sy seun wat vir hom moes speurwerk doen om Jo Calitz se verdomde selfoonnommer in die hande te kry.

Saul sug diep. Dis nie net die feit dat hy Jo se mooi bene nie uit sy gedagtes kan kry wat hom krielrig maak nie. Die blonde Sue wat na so 'n lekker moontlikheid vir afleiding gelyk het, kan niemand anders as haar tante wees nie – hoe onmoontlik dit ook al klink. Dit maak die saak natuurlik heeltemal te ingewikkeld.

Die tweede sug is nog dieper. Sy swaar gekoopte vryheid het hom waaragtig nog net mooi niks in die sak gebring nie. Al wat hy soek, is 'n vrou wat haar lyf sonder komplikasies met hom wil deel. Is dit te donners veel gevra?

Nan is nooit vreeslik kletserig nie, maar sy is besonder stil gedurende die rit. Op Jo se vrae oor die afgeblaasde motorbande, het sy net die broodnodigste geantwoord. Dit kon net kwajongens gewees het. Sy het dit eers agtergekom toe sy vanoggend na Jo toe wou ry. Die AA het gehelp. Sue se vermoede dat dit te toevallig was so kort ná die skade aan haar bakkie het sy as vergesog afgemaak. Daarna was sy stil en het Jo haar maar besig gehou met die lys dinge wat sy in die kasarm wil nagaan.

Eers toe hulle by die hawebord afdraai, praat Nan weer. “Ek ry nou sommer deur winkel toe en dan kan jy die kar vat. Ek wil jou nie sonder vervoer by die kasarm los nie. As jy klaar is, kom na my toe. Ry net om hemelsnaam versigtig. Daardie stuk grondpad is 'n gemors. Ek kan nie 'n nuwe kar ook bekostig nie.”

“Nan,” begin Jo huiwerig en druk dan deur. “Jy het gister gesê jy wil gisteraand nog ’n paar goed uitklaar, maar ons het toe nooit sover gekom nie.”

“Ek het gedink ons gaan meer tyd hê voor Sue aankom, maar toe met al haar dinge ... Dis niks wat nie oplosbaar is nie. Dit kom maar eintlik net daarop neer dat ons die riempies dun sal moet sny om drie jaar te oorleef, Jeannie sjefskool toe te stuur én die kasarm bewoonbaar te kry.”

“Miskien is dit nie nodig nie. Saul Wienand kom my vanmiddag sien. Hy wil steeds koop en is bereid om op sy koste regsadvies in te win.” Jo bly stil toe hulle die besige deel inry sodat Nan kan konsentreer. Dié keer is dit nie heeltemal so bedrywig nie. Waarskynlik danksy die grou weer. Dit reën nog nie, maar die mis slaan so teen die ruite aan dat Nan die ruitveërs nou en dan moet aanskakel.

Nan parkeer onder die Cadillac-bord en draai na Jo. “Wil jy verkoop, Jo? Wil jy regtig daardie hemelse stukkie aarde prysgee?”

“As ek volgens wet mag, sal dit stompsinnig wees om dit nie te doen nie.”

“Ek het nie gevra wat stompsinnig sou wees of nie. Wíl jy verkoop, of praat daardie plek ook met jou soos dit hierdie afgelope week al hoe meer met my gepraat het? Droom jy ook oor hoe dit sal voel om daar te bly? So in die kake van onmeetlikheid?”

“Nan?” Sy ken Nan nie só nie. Nan is die pragmatiese een. Die syfermens. Die swart-op-wit-mens. Sy is nie een vir drome, verwarrende metafore of gevoelswaarde nie.

“Ja of nee, Jo?”

“Dis ’n verskriklik lelike plek, maar dit is op ’n verskriklik mooi stuk aarde.”

“Jo. Ja. Of. Nee.”

Jo staar na die afstandmeter. Nan het haar kar sewe jaar gelede gekoop en daar is nog skaars tagtig duisend kilometer op die klok. Werk toe en terug. Na haar paar familieleden toe en terug. Net nou en dan dalk ’n entjie verder. Gewoonlik werks- of familieverwant.

“Jy het nou net gesê dit sal broekskeur gaan en Jeannie ...”

“For fuck sake, Jo! Vergeet van my en veral van Jeannie! En van Sue ook. Wat wil jy hê?”

Jo kyk haar ma verskrik aan. Dis nie dat Nan nooit vloek nie, maar só?

“Nee,” borrel dit van pure skrik uit. “Nee, ek wil nie verkoop nie. Ek wil daardie liederlike huis mooi maak. Ek wil verbreek en verbou en sin maak van daardie chaos. Ek wil hê mense moenie hulle oë kan glo dat Casper se gedrog kan lyk soos ek weet ek dit kan laat lyk nie. Ek wil saam met julle daar woon. ’n Bietjie vergoed vir alles wat julle al vir my gedoen het. Ek wil Jeannie wegkry van YWC en van die susters af wat lyk asof hulle snags grafte bewaak en bedags in kerkers woon. Ek wil wegkom uit die stad waar mans jou belieg en bedrieg. Jou in hulle bed in en uit jou geld uit verneuk. Ek wil uit die versmoring kom wat my lewe is. Ek wil asemhaal.” Jo weet nie waar dit alles vandaan gekom het nie. Het nie eens geweet dis hoe sy voel nie. Maar dit is. Dis presies hoe sy voel.

Nan se glimlag is vertederend toe sy haar hand op Jo se knie sit. “Nou maar stuur dan die koning van die Israeliete in sy moer in. Ons sal regkom, soos ons nog altyd reggekom het.”

Jo sit nog net so toe Nan om die kar gestap kom en teen die ruit tik. Jo maak onwillekeurig oop.

“Dis ’n regterhandstuur, Jo. Jy sal moet uitklim as jy verder wil ry.”

Jo gee ’n verdwaasde laggie, draai die ruit toe en klim uit.

“Jo?” roep Nan net voor Jo agter die stuur wil inskuif. “Waarheen het Sue laas Sondag gegaan terwyl ek in die winkel was en jy en Jeannie julle eie koers gekry het?”

“’n Kroeg by die hawe. Vliegende Hollander. Maar sy was nie te lank daar nie. Hoekom?”

“Dis toe dat die Sue van altyd in die Sue van nou verander het. Ná ek by julle weg is en voor ons gaan eet het. Sodra ons albei klaar is, gaan ons ’n ietsie daar drink. Of hoe?”

“Klink na ’n plan.” Jo blaas vir Nan ’n soen en klim agter die stuur in. Ook net Nan wat haar somme so noukeurig kan maak. Maar wat sy dink sy kan uitvind, weet nugter. Die lover kon Sue gebel het, of die bitch. Of enigiemand anders. Sy kon iemand raakgeloop het uit haar verlede. ’n Duisend goed kon in daardie rukkie gebeur het en dit hoef niks met die Vliegende Hollander uit te waai te hê nie.

ELF

Die huis het niks mooier geword nie. Inteendeel, Jo het al vergeet presies hoe lelik die ding is. In die misweer ontbreek die agtergrond van see en branders ook en lyk die turkoois mure minder verspot, maar meer bedreigend.

Daar is 'n paar lelike krake wat sy laas nie eens opgemerk het nie en 'n hele paar ruite is stukkend. En die venstertjies van die gange wat na die vleuels loop, sien sy nou, is heeltemal te klein in vergelyking met die hoofhuis s'n en boonop skeef ingesit. Die wind en die klam weer jaag haar binnetoe.

Dit voel vreemd om alleen in te gaan. Die mufreuk het vererger. Hulle het nie laas daaraan gedink om die gordyne toe te trek nie. Alhoewel dit sterk skemer binne is, is dit ten minste nie donker nie, maar die meubels lyk soos diere wat wag om haar te bespring. Sy skakel haastig ligte aan.

Aangesien Sue nog wik en weeg, stap Jo heel eerste na Nan se suite toe. Die gang daarheen is smal en benoud. As hulle nou baie geld gehad het, sou sy die verpotte vensters laat uitbreek het. Groot komvensters sal lig en 'n gevoel van ruimte gee. Van buite af sal dit 'n interessante fokuspunt kan word en meer balans gee.

En dit sal al klaar help as die binnemure geverf word. In teenstelling met die verskriklike kleur buite, is alles binne 'n droewe vaalwit, oral met kolle

wat deurslaan. Selfs al kry hulle die mure uitgedroog, is die skade gedoen, maar verftegnieke kan dit in 'n pluspunt omskep. Die kolle wat steeds sal deurskemer, kan dan geaksentueer word om 'n verouderde effek te skep.

Sy het dit al voorheen gedoen by 'n huis wat sy gerestoureer het. Sue het haar nog een naweek gehelp verf en dit die bullshit-baffles-brains-tegniek genoem.

Jo maak 'n paar aantekeninge en voeg *erkers?* by die lys al weet sy Nan sal sê praktiese oorwegings is belangriker as estetika. Die lys raak geleidelik langer.

Die toringdeur heel aan die eindpunt van die gang is gesluit, soos die een aan Sue se kant, en nêrens is daar 'n sleutel nie. Voorlopig is dit nie belangrik nie.

Die deur wat na die suite toe oopmaak, moet afgeskuur word en die dele wat uitgeswel is, sal afgeskaaf moet word voor hulle dit kan vernis. Dis 'n mooi ou poortdeur met lieflike skarniere. Die deurhandvatsel van gietyster is ook mooi, maar die slot sal vervang moet word sodat Nan kan sluit. As daar drie of vier van hulle in die huis gaan woon, is sowel privaatheid as sekuriteit hoë prioriteit.

Die area met 'n uitsig op die see is ideaal vir 'n sitkamertjie. Die regterkantste gedeelte kan 'n slaapkamer word. Dis nie afgeskort nie, waarskynlik ter wille van die venster wat uitsig op die berge verleen, maar 'n lae boekrak kan die twee skei sonder om die uitsig te belemmer. Die badkamertjie is benouder as wat sy onthou en die deur lyk heeltemal verrot.

Sy tel die gekraakte ruite en neem presiese afmetings. Hulle sal moet dink aan beveiliging, maar sonder om die uitsig te bederf. Miskien ...

Jo frons toe sy na die Franse ruitjiesdeure kyk. Dis nie omdat dit oneweredig teen mekaar voeg dat dit haar aandag trek nie, alles in die huis is oneweredig, maar die spinnerakke is versteur. Toe eers sien sy die ruit reg langs die geroeste handvatsel het 'n gat in – groot genoeg vir 'n hand om deur te gaan en die sleutel aan die binnekant te draai.

Daardie sleutel is so verroes, dit sal in sy dag des lewens nie kan draai nie, maar iemand het probeer. Sy stamp 'n paar keer teen die deure wat klaarblyklik buitetoë oopmaak. Al wat gebeur, is dat die geluid deur die kamer eggo, en die een deur verskuif effens sodat dit nou weer beter langs die ander een inpas. Waarskynlik waar dit was voor die poging tot inbraak.

“Jo!”

Jo ruk van die skrik toe haar naam êrens vandaan weergalm. “Jo! Is jy oukei?” ’n Manstem.

“Wie’s daar?” roep sy benoud en druk haar knyperbord teen haar bors vas asof dit ’n skild is wat booshede kan weghou.

“Saul. Saul Wienand. Waar’s jy?”

Sy blaas haar asem stadig uit. Sal haar leer om nie die voordeur te sluit nie. “Die bergkant se vleuel. Ek kom!” Sy kry koers deur toe, maar hy kom reeds ingestorm.

Nie ’n vreemde man soos sy verwag het nie. Hy. Die man van Wine o’Clock. Laas Sondag. Sy herken hom dadelik al is hy langer as wat sy gedink het, heelwat aantrekliker en sy hare effentjies gryser as wat sy onthou.

“Hemel, meisiekind. Wat vang jy aan? Ek hoor net die stampgeluide en jou kar staan buite en die deur is nie gesluit nie.” Die impak wat hy daardie dag op haar gehad het, is ’n vulletjie in vergelyking met die effek wat hy nou op haar het.

“Ek vang niks aan nie. Dis my huis en ek kan aan deure stamp as ek wil,” sê sy geïrriteerd.

“Hokaai. Ek kritiseer nie. Ek het geskrik. Was bekommerd. Maar ek sien darem nou jy is oukei.” Hy skep asem asof hy gehardloop het. En hy het seker.

Bekommerd? Dit voel so vreemd. Iemand anders as Nan of Sue wat bekommerd is oor haar welsyn. Al is sy reaksie seker net instinktief, is dit halfgerusstellend.

“Saul Wienand.” Hy steek sy hand uit.

“Jo, sonder ’n ‘e’, Calitz.” Sy hand is warm en droog en effens rasperig.

Hy grinnik. “Hallo, Jo sonder die ‘e’.”

Sy kyk weg. Sue se kraal, betig sy haar. “Die deur is geswel en die sleutel in die slot vasgeroes,” is die eerste ding wat by haar opkom.

“Gelukkig. Ek dink iemand het probeer inbreek.” Sy beduie na die gebreekte venster waardeur koel lug al hoe sterker sypel.

Hy stap nader en inspekteer die deure. “Alhoewel ons gelukkig hier nie las van ernstige misdaad het nie, is hier wel petty crime, maar net as daar kos en drank of dalk selfone of so iets is. Dis dalk net die vernielsug van kinders. Moontlik het die een die ander uitgedaag om ’n klip te gooi.”

“Watter klip? En presies die ruit langs die handvatsel?” kan Jo nie help om te stry nie.

Saul snap dadelik wat sy bedoel en kyk rond waar sy reeds gesien het geen klip rondlê nie. Hy probeer deur die aangepakte vensters sien, wat in die grouheid van die middag moeiliker is as laas week toe dit helder sonskyn was.

Hy staan terug. “Ek sal netnou omstap en kyk.”

“Dankie, maar dis nie nodig nie. En ek dink ek moet sommer nou sake in die reïne bring. Ek wil nie verkoop nie.” Sy moes hom seker gebel het. Hom die moeite gespaar het om hierheen te kom, hom sy skaapboud gegun het, maar sy het nie sover gedink nie.

“Maar vanoggend nog ...”

“Ek is jammer, meneer Wienand. Dit was voor ’n gesprek met my ma. Sy reken die Hiërofant is moontlik bedryfbaar. Sy is juis daar om voorraadopname te doen. Die kanse is in elk geval bitter skraal dat die klousule tersyde gestel kan word, en wie weet hoe lank dit buitendien kan neem. Ons het besluit ons wil hier kom bly.”

“Kom bly?” Hy kyk haar met feitlik tasbare ongeloof aan. “Hier? In hierdie ... Vergewe my, Jo, maar dis skaars meer as ’n bouval.”

“Dis opknapbaar.” Hoop sy. Bid sy.

“Dis baie debatteerbaar. Buitendien, dit gaan jou ’n fortuin kos sonder dat dit enige waarde tot die eiendom toevoeg. Dis ... kortsigtig. Om die minste daarvan te sê. En dan nog twee vroue op julle eie. Het jy enige idee wat dit sal behels om die plek net leefbaar te maak? En dit sal vir die res van julle lewe gereelde onderhoud verg.”

“Dink jy nie dis ons reg en voorreg om te besluit nie? En ons is nie twee wat hier gaan kom bly nie, ons is vier.” Asof dit ’n verskil maak, besef sy die oomblik toe die woorde uit is, maar die man vryf haar verkeerd op. Nie net met wat hy sê nie, maar met hoe hy haar laat voel. Verbouereerd. En ’n bietjie asof sy kouekoors het. Maar sy kry nie koud nie, intendeel, haar hele lyf gloei.

“Al vier van julle?”

Jo knik. “Ja, Sue ook. Die blonde een. By Wine o’Clock. Jy onthou dalk. En my dogter.”

Hy het die ordentlikheid om baie liggies te verkleur en só te verklap dat hy inderdaad onthou. “Ek het nie besef jy het my herken nie.”

“Ek is goed met gesigte.” Wat nie heeltemal waar is nie, maar waar genoeg.

“Jy en Sue is twee baie mooi vroue. Enige man sal julle raaksien.”

Sy weet nie mooi wat hy probeer sê nie. Maak hy verskoning? Komplimenteer hy net? Verdedig hy homself? Maar waarom? Oor die kyk wat hy Sue gegee het? En hoekom?

Hy maak effens keel skoon. “Om terug te keer tot die huis ...”

“Soos ek gesê het, dis nie te koop nie. Oor drie jaar dalk, maar nie nou nie.” Oor drie jaar sal hulle lewe anders daar uitsien. Dan is Jeannie twee en twintig en hopelik meer volwasse as nou. Nan sal amper sestig wees en Sue net duskant vyftig. En sy oor veertig. Ander lewensfases as waarin hulle nou is. Hulle sal waarskynlik teen daardie tyd ook met mekaar uitgekuier wees. As hulle ooit drie jaar maak.

“Oor drie jaar stel ek waarskynlik nie meer belang nie.”

“Dan sal ons maar sien wie stel wel belang. Wat wil jy in elk geval met hierdie e ... bouval doen?”

“Sloop,” bevestig hy Sue se voorspelling.

Êrens vandaan wel ’n lojaliteit vir die vieslike, wonderlike plek in haar op. “En seker ’n beton-en-glas-monstrosity van ’n vakansiehuis hier opsit om ten duurste aan ’n noordelike jappie te verkoop?” Hoeveel plekke het sy nie al gesien waar rykes hulle bodemlose beursies wil adverteer met yslike strukture waarin hulle dalk drie weke per jaar bly nie? Soos Corné en Sonja se ouers in daardie Hermanus-monster. Maar hoekom sy hierdie man nou daaroor aanvat, weet nugter.

“Nee, nie ’n vakansiehuis nie en beslis nie glas en beton nie. ’n Hotel, eintlik ’n ...”

“’n Hotel? Hier? Op hierdie ongerepte strook kuslyn?” ontplof sy heeltemal teen haar aard in. Maar ’n klomp arrogante toeriste, hier? Mense wat meer geld as verstand het? Soos hierdie een wat voor haar staan?

“Soos ek wou sê, eintlik ’n boetiekhôtel. Net ’n paar suites en ’n luukse restaurant.”

Werk, hoor Jo haar pragmatiese kant skree. Sy kan dit as voorwaarde in die ooreenkoms laat inskryf dat sy ’n voorlegging vir die interieur doen. Jeannie kan dalk nog by die restaurant werk kry as hulle op goeie voet bly met wie ook al in beheer is. ’n Vaste vakansiewerk. Nan kan aansoek doen as boekhouer. Sue kan tender op die tuinuitleg. As die man die plek graag

genoeg wil hê en die klousule uit die pad kan vee, kan sy hier naby steeds vir hulle 'n huis koop en vir elkeen 'n werk beding. Weg uit die stad uit. Ver van susters met lang name en vreemde idees. Van bakkies wat gekey en bande wat afgeblaas word. Onafhanklik.

“Oor my dooie liggaam,” is egter wat by haar mond uitkom, asof dit die huis is wat haar stembande vir sy eie doeleindes gebruik. En in hierdie oomblik weet Jo, is haar mond vir die eerste keer in haar lewe in volkome alliansie met haar hart. Wat natuurlik nie goeie nuus is nie. Gesonde verstand bring 'n mens veel verder as 'n dwase hart.

“Jo, weet jy hoeveel werkseleenthede kan dit in die breër gemeenskap skep? Hoeveel toeriste dit kan lok? Hoeveel mense dit gelukkig kan maak? Maar jy wil hierdie bouval lap en stop vir vier vroue wat wát gaan bydra tot hierdie gemeenskap, tot die welsyn van Maanschijsbaai?” Hy verhef nie sy stem nie, maar hy hoef nie. Alles in hom spreek van hoe deeglik hy hom vererg het. “Het jy enige idee hoeveel ek bereid is om te betaal? Het jy enige idee hoeveel geld ek hier gaan insit? Reeds ingesit het in ure en analises?”

Jo se asem ruk in haar keel. Geld. Altyd bleddie geld. “Het jy enige idee hoe min ek omgee? Vir jou geld? Jou projek? Dis my familie wat vir my belangrik is. Ons het hierdie plek tien keer nodiger as wat jy nog geld nodig het, as wat rykgattoeriste net nog 'n rykgatplek nodig het, as wat die gemeenskap net nog werkseleenthede nodig het waar hulle iets oprig wat vir hulle ná die tyd net mooi niks beteken nie. Vat jou PK-snert, jou geld en jou aanbod en druk dit waar dit baie seer maak, Saul Wienand, maar gaan doen dit elders.”

Hy trek sy asem diep in, probeer opsigtelik kalmeer, maar Jo is verby 'n stadium waar sy nog kan teuels intrek en besin. “Verlaat asseblief my eiendom onmiddellik.”

Hy kyk haar 'n oomblik met fok-jou-oë aan, maar sê niks. Draai net om en marsjeer weg.

Nou, Jo, kan sy Sue al amper hoor sê, het jy waaragtig kak drooggemaak. Sy kon met 'n paar onderhandelinge 'n spul geld ryker geword en vir hulle almal 'n gemaklike lewe gekoop het.

Hierdie plek is inderdaad weinig meer as 'n bouval. En hulle bly steeds vier vroue met baie beperkte vermoëns in elke denkbare opsig. En die een wat die hardste spit gaan afbyt, is die een wat hulle almal grootgekry het.

Die een wat nog altyd alles feil vir hulle gehad het.

Nan verstaan die risiko's, dis hoekom sy so stil geraak het. Sy besef dat sy alles opoffer en dat die kans dat hulle anderkant gaan uitkom bitter skraal is. Dat sy dan haar oudag met 'n bakhand sal moet ingaan. En tog is sy bereid om alles te waag. Ter wille van haar familie.

Wat de hel het sy nou weer aangevang?

Stiksienige klein feeke, borrel dit deur Saul terwyl hy die Range Rover roekeloos deur die spoelste stuur. Onnosele klein bitch.

PK-snert! Sy kop druis van alles wat sy hom toegevoeg het.

Om te dink hy het haar opgesom as 'n vrou. Ga! Klein helleveeg. Maar dis seker te verwagte. Dis wat vroue is. Sag en oulik tot hulle hul kloue in jou kan slaan en dan kom die ware persoonlikheid na vore. Wil nie meer seks hê nie, maar baie dankie vir die sekuriteit en die geld en die status.

Toe sy voertuig deur die soveelste gat hik en gevaarlik kreun, kom hy tot sy sinne en rem tot stilstand. Hy laat sak sy kop teen sy hande op die stuurwiel. Bedaar. Dink logies.

Sy innerlike tirade maak nie 'n druppel sin nie. Sy is 'n wildvreemde vrou wat hy nie die geleentheid sal gun om haar kloue in hom te slaan nie. Daar is nie sprake dat hy ooit enigiets met haar te doen wil hê behalwe om haar erforsie te bekom nie. Teen 'n billike prys.

Hoe lank hy so gesit het, weet hy nie, maar toe hy sy kop uiteindelik lig, is sy woede onder beheer. Sy verstand weer op koers.

Hy is moeg vir Calitze wat eers sê hy kan koop en dan weer nee, hulle het anders besluit. Hierdie ding moet nou tot 'n punt gedryf word. Casper was 'n ou man en Saul het dit in ag geneem, maar hierdie klein feeke vreet hy vir brekfis op.

En dis hoog tyd dat Maanshynbaai besef dis die een en twintigste eeu. As niemand anders iets daaraan wil doen nie, sal hy die pas moet aangee. Dit besef hy al vandat hy op Priscilla se aandrang ná sy ma se dood van die Kaap af hierheen teruggetrek het. Kastig om na sy pa en Monique om te sien, maar hy weet dit was nie al nie. Priscilla wou hierheen kom omdat sy gedink het sy sal hom en sy ambisie hier ingekerker kan hou. Sy het nie daarin geslaag nie. En die boetiekhotel sal bewys lewer daarvan. Al moet hy dit stoksielsalig alleen doen, sal hy Maanshynbaai op die map sit. En

niemand gaan hom keer nie. Ook nie hierdie klein Calitz-telg nie.

Ons sal sien, my tawwe madampie. Ons sal sien. Jy met jou vlymskerp tong is nie die enigste een wat die sê in hierdie stryd het nie. Hy sit die Range Rover in rat, vermy die gate en slote, ry tot heel onder in Hawestraat en kry wonder bo wonder parkeerplek. Dit kan net 'n goeie teken wees.

Die groen deur is toe en hy moet twee keer klop voor dit oopswaai.

“Jammer, die winkel is nog nie weer oop nie.”

Die vrou wat voor hom staan, is 'n goed verouderde weergawe van haar dogter. 'n Stil soort mooi wat nog verder versag word deur die blink grys vlegsels wat oor haar skouer lê. Haar oë is 'n ligter blou. Haar mond fermer, maar met dieselfde beduidenis van 'n kuiltjie daarnaas.

“Ek is nie 'n klant nie,” glimlag hy op sy mooiste. “My naam is Saul Wienand.”

“Dan soek jy vir Jo. Sy is by die kasarm. Verskoon my, ek is besig.”

“Kan ek net gou inkom? Daar is iets ...”

“Meneer Wienand, ek neem voorraad. As jy iets wil koop, kom terug wanneer die deur oopstaan. As jy in die Cadillac belang stel, praat met Sue. As jy iets wil weet oor die kasarm, praat met Jo.”

Het hy dan nou heeltemal sy slag met vroue verloor? Of is dit net die Calitz-vroue? Vroue wat baie duidelik nie die konsep van diplomatieuse benadering verstaan nie.

“Jo maak 'n groot fout,” probeer hy 'n direkter tegniek.

“Omdat sy nie aan jou wil verkoop nie?”

“Dit ook ja, maar dit klink asof sy dink die plek is restoureerbaar. Ek het strukturele analyses van ingenieurs gekry. Die plek is op die punt om inmekaar te val.”

Kommer ets onmiddellik plooitjies in die andersins amper plooilose gesig. “Het jy dit vir Jo gesê?”

'n Voet in die deur. Net wat hy wou gehad het. “Nie in soveel woorde nie. Daar was nie die geleentheid nie. Ek is bevrees ons het ons humeure oor 'n nietige misverstand verloor.”

“Dan stel ek voor jy gaan sê dit vir haar wanneer julle weer jul humeure opgespoor het. Dis haar huis. Wat dit haar besluit maak.”

Soveel vir 'n voet in die deur. “Nan ... Mag ek jou so noem?”

Sy bly hom net stip aankyk.

Dis 'n kyk wat hom diep ongemaklik maak. Asof sy dinge raaksien wat hy liefsvorger wil hou. Hy onderdruk die gevoel met mag en mening. "Jo besef nie wat sy aanpak nie. Sy dink met haar hart pleks van haar verstand. Ek weet nie waar sy die fondse vandaan gaan haal nie, maar elke rand wat sy op daardie huis bestee, is in die water gegooi. Ek wil nou nie ..."

"Saul," knip sy hom kort. "Wat dit ook al is wat jy nie wil nie, moet dan nie. En ek weet nie of jy dalk effens hardhorend is nie, maar dis Jó sé hús." Asof hy liplees.

Saul skep nog asem vir die volgende strategie, maar kyk net in die groen deur vas. Onmiddellik daarna hoor hy hoe die skuifslot toegly.

O, hemel. Strukturele analise. Inmekaarval. Nan gaan sit op 'n stoel wat met gruwelike pers fluweel oorgetrek is.

Dis alles goed en wel dat sy haar voorgeneem het om Jo haar eie besluite te laat neem. Nie wil inmeng nie. Om Jo weer vertroue in haarself te gee ná die Con-fiasko. Net te ondersteun. As Saul nie gelieg het oor wat die ingenieur se bevinding was nie ... Ramp der rampe.

Maar Casper het dit Jo se fight gemaak en ná daardie onverwagse bekentenis van Jo voor sy na die kasarm toe is, moet dit Jo se fight bly. Al het Nan hoeveel bedenkinge.

Hopelik het die Wienand-knaap 'n goeie regsadviseur en verkwansel Jo die donnerse plek sommer vandag nog. Of dit nou teen 'n moerse prys is of nie. Dan is daar minstens nie keuses om te maak nie.

Sue verskuif haar boude effens sodat sy geriefliker op die rusbank lê en mik weer met die tennisbal. Die laaste tien minute probeer sy al die kolletjie raak gooi waar sy laas somer 'n muskiet verpletter het. Nog nie een hit nie, maar die bal kom telkens getrou na haar geofende hand toe terug.

Miskien moet sy eerder sê as sy raak gooi, moet sy saamtrek Maanschijsbaai toe. Maar dit sal verneuk wees. Sy het nou eenmaal besluit as sy tref, hoef sy nie saam te piekel na daardie skuilplek van die Groot Versoeking nie. En nou kry sy die donnerse ding nie raakgegooi nie. Sy wat op haar dag 'n netbal suiwer deur die hoepel kon kry van wie weet hoe ver af. Wat 'n rughandhou in tennis kon speel wat die bal meesal kon laat

beland presies waar sy dit wou hê.

Alles is daardie low-life Hugh Jackman-kloon se skuld. As dit nie vir hom was nie, was sy nou saam met Nan-hulle daar; hulle aan die help of verpes na gelang van haar bui, pleks van hier vasgekluiser sit. As dit nie vir hom was nie, het sy haar ledige middag gebruik om, noudat die hangover effens onder beheer is, haar goed te begin uitsorteer vir die pak wat voorlê. As dit nie vir hom was nie, sou sy nie die hele bliksemse *Paperback Hero* se draaiboek uit haar kop geken het nie. As dit nie vir hom was nie, sou sy kon konsentreer op haar boek, sou sy saans droomloos kon slaap, sou sy nie hierdie knaende behoefte aan 'n manslyf gehad het nie. En nie sommer enige lyf nie, nee, net syne sal goed genoeg wees.

Sue smyt die tennisbal met roekelose geweld teen die slaapkamerdeur. Sy koes net betyds toe dit terugkom, hoor dit teen die muur agter haar bons en sien hoe die missiel die glas op die koffietafel teiken.

Coke en ys en glasstukke spat die wêreld vol. Nogal een van die mooi kristalglase wat 'n lover vir haar gekoop het. Nie dat sy kan onthou watter een van die lovers dit was nie, maar sy is nogal erg oor die glase.

“Fók!” gil sy en druk haar oë toe. Sy weet sy moet 'n lap in die kombuis gaan haal. Weet sy sal baie versigtig met haar kaal voete moet trap. Weet sy sal die buurvrou se stofsuier moet gaan leen vir die fyn glas. Maar sy bly net so sit.

'n Potion, dis wat in daardie donnerse dop was wat hy vir haar geskink het. Hoe anders kan 'n intelligente, volwasse en deurwinterde vrou soos sy val vir 'n swerkater soos hy? En so vinnig? So totaal en al?

En dan ry haar gewete haar ook nog oor Jo. En dis nog iets wat sy voor daardie throwback se deur kan lê. As dit nie vir hom was nie, kon sy met oorgawe beplan het aan hulle nuwe lewe op Maanshynbaai waar sy stilletjies kon probeer vergoed het vir die gemors wat sy veroorsaak het voor sy weer haar eie paadjie loop.

Calitz-girls huil nie vir enige bakatel nie, het Nan hulle geleer. En Sue Calitz die minste van almal, maar op hierdie oomblik is sy so naby daaraan as toe Paul le Roux haar afgesê het. Die enigste man wat sy ooit as volwasse vrou liefgehad het. Verskriklik lief. En hy vir haar.

“Ek het jou lief, Sue,” het hy daardie laaste dag gesê. “As sake anders was, kon ons kinders aangeneem of besluit het om nie kinders te hê nie,

maar ek is die enigste seun in ons familielyn. Ek kan dit net eenvoudig nie laat doodloop nie. En daarom kan ons nie trou nie. Ek skuld my voorsate wat oor geslagte heen die plase en familiefortuin opgebou het. Ek skuld my oupa en my pa wat albei in afwagting sit dat ek die volgende Paul le Roux in hulle arms lê. Dit breek my, maar ek kan dit nie aan hulle doen nie.”

Sy het die huil in haar voel opstoot, saam met die pyn wat haar binneste aan flenters gekerf het. Maar die trane het nie gekom nie. Nie toe sy wrede woorde ingesink het of daarna nie. Sy wou huil, maar sy kon nie. Iets het ’n stil, traanlose dood in haar gesterf. Die ongestorte trane het die holte gevul waar haar fetus gesterf het, en toe versteen tot ’n klipharde klont.

Vir Nan-hulle het sy net gesê dat die beoogde verlowing van die baan is. Dinge het toe nie tussen haar en Paul uitgewerk nie. Vir niemand het sy gesê dat sy daardie dag besluit het sports models is vir sports gebou nie. Sedertdien het sy met kille onwrikbaarheid nooit weer toegelaat dat ’n man nader aan haar kom as haar verleidelike maar onvrugbare lyf nie.

Sy het haar sportmodelskap aanvaar vir wat dit is en gesorg dat emosionele barheid haar vrywaar van pyn. En dit was fine. Totdat sy besef het dis deur haar toedoen dat Jo nie net in ’n gemors is nie, maar ook tot in haar siel geskok gaan wees as sy uitvind van die res. En natuurlik totdat sy in daardie paar groenbont oë van die kroegman gekyk het op Maanschijs-fokken-baai.

TWAALF

Toe Jo by die Hiërofant aankom, is dit amper vyfuur. Sy voel al soos 'n spinnerak en sy sweer die stof lê sigbaar op elke vierkante sentimeter van haar lyf. Haar kop sing van al die probleme wat sy geïdentifiseer het, van al die moontlikhede wat sy bedink het, van al die struikelblokke in die weg daarvan.

Danksy Jo se SMS wag Nan al buite. Sy lyk nie veel beter as wat Jo voel nie. “Jy vergaan seker van die honger,” is egter al waarmee sy Jo begroet. “Ek het darem vir my 'n toebroodjie gaan kry by 'n deli hierbo. Ons moes iets vir jou ingepak het.”

“Ek is oukei, maar dankvader vir die water en koeldrank in die koelboks wat jy in die kar gehad het. Die water in die kasarm is die ene roes. Ek sal by die huis iets te ete kry. Daar is nog van die pasta oor. Jy is seker haastig om in die pad te val.”

“Dit word eers ná sewe donker. Ons kan seelangs ry, dan hoef ek my nie oor Sir Lowry's te bekommer nie. Ons het nog die date met die Vliegende Hollander. En ek is seker jy kan doen met 'n glas wyn.”

“Sonder twyfel.”

Die Vliegende Hollander is toe glad nie die hool wat Jo verwag het nie. Miskien omdat daar nie vandag 'n plaat motorfietse voor die plek staan nie. Dis rustiek en sonder enige pretensie om elegant te wees, maar dit het

amper dieselfde soort sjarme as die kasarm, dis net nie so gehawend nie. Waar dit effens vervalte lyk, is dit doelbewus. Waarskynlik om in te pas by die gevoel van Hawestraat.

Twee tafels is nog beset, maar dis duidelik dat alles hier aan die afwen is ná die naweek.

Jo stuur af op 'n tafel naby die groot vensters wat hawekant toe kyk. “Oukei hier?”

Nan knik en gaan sit asof haar bene haar nie veel langer gaan dra nie. “Sjoe, wat 'n dag.”

“Amen.” Jo gaan sit ook en kyk na die kroeg se kant toe. “Lyk my na selfbediening.” Sy lees die plakkaat teen die kroegmuur hardop vir Nan wat met haar rug daarheen sit en glimlag. “Nogal 'n cheek en bleddie chauvinisties, maar ten minste blyke van 'n sin vir humor. Wat kan ek vir jou kry? Wyn of G & T?”

“Die langste, koudste G&T op die hele aardbol ... Wat nou?”

Jo sien hom laggend van een van die ander tafels af wegstap en agter die kroegtoonbank inbeweeg. Selfs op hierdie afstand is die ooreenkoms onmiskenbaar.

“Jo, het jy 'n spook gesien of wat?”

“Nan, jy sal my nie glo nie. Jy was weer eens reg.”

“Wat?”

“Ek dink ek weet waar die fake Sue vandaan kom.” Jo kan haar oë nie wegskeur van die man wat sy herken as Hugh Jackman se kloon nie. Nie eens toe hy haar blik op hom betrap en fyntjies knipoog nie. Dis nie 'n aanmatigende knipoog nie, net een om te bevestig hy is bewus daarvan dat hulle ingekom het.

“Ek dink Sue het haar Nemesis teëgekom en die wraakgodinne se straf is vir haar galbitter.”

“Jo, op die aarde waarvan praat jy?” Nan probeer omdraai om Jo se blik te volg, maar hy staan buite haar sig.

“G'n wonder sy kyk Hugh Jackman-movies nie.” Jo kry dit uiteindelik reg om vir Nan te kyk. “Sue is verlief en dit moet met die eerste oogopslag gebeur het. Dis hoekom die plek skielik uit die bouse is.” Hoe sy dit weet, kan sy nie kleinkry nie. Sy weet net.

“Sue verlief? Jy's seker laf. Sue was nog nooit verlief nie. Waarskynlik nie eens op daardie Ockert-lafaard op skool nie. Hoogstens destyds op

Paul le Roux, maar ek is nie eens seker daarvan nie. Sy het darem baie gou oor hom gekom en dit terwyl hulle op die punt gestaan het om verloof te raak. Dit was skaars 'n week of twee later toe sy met haar eerste getroude skelmpie begin heul het.”

“Presies. En nou is sy verlief en sy weet nie wat haar getref het nie. En dis hoekom sy só is.” Jo bly stil toe sy sien hoe hy vir die gaste waai wat op pad uit is en dan nader stap.

“Vir twee sulke mooi girls kan ek 'n uitsondering op my heilige reël maak. Kan ek vir julle iets te drinke bring of wil julle net aanhou skinder oor my?” vra hy tergerig toe hy by hulle kom. Selfversekerd, maar nie verwaand nie.

Jo hou Nan dop toe sy die ver ent opkyk na die fenomeen wat rankerig langs haar staan, 'n vadoek argeloos oor sy skouer gegooi. Haar mond sak effens oop voor sy na Jo kyk. “Nooit anders nie.” Sy proeslag. “Nou verstaan ek.”

Selfs sexy mans kan komieklik lyk as hulle nie verstaan wat aangaan nie, kom Jo agter en probeer met alle mag 'n lagbui onderdruk. “Vergewe ons, dis net ...”

“'n Private joke?” herstel hy.

“Soort van.”

“H'm. Dis die lekkerste soort jokes. Maar net as mens nie self die onderwerp daarvan is nie.” Hy trek die vadoek van sy skouer af en vee die tafel af. “Die kombuis het ongelukkig pas toegemaak, maar die kroeg is nog tot sesuur oop. Wat sal dit wees?”

Cool en koelkomkommer, kry hy nog dimensies op Jo se lys. “Lang G&T. Sonder bitters. Met suurlemoen. Glas wyn. Wit. Droog. Ys eenkant.”

Hy frons effens, maar ontspan weer. “Sauvignon blanc oukei?”

“Perfek. En ek is beïndruk, ek het bokswyn verwag.”

“Voortydige aannames is nie goeie praktyk nie, nè? Ek bring vir julle.” Hy begin wegstap, draai dan weer om. “Familie van julle was nie dalk verlede naweek hier nie?”

“Familie?” vra Jo en kyk liewer nie na Nan nie.

“Blonde girl. Sy trek 'n bietjie op julle en het dieselfde manier van bestel gehad. J&B. Enkel. Lang glas. Soda. Baie ys. Dis nou as ek reg onthou.”

“Jy het klaarblyklik 'n uitstekende geheue. Dit klink soos Sue. Sy was

laas naweek hier.” Jo kry dit net reg om haar ongeërgde houding te handhaaf tot hy effens ingedagte knik en weer wegdraai.

Sy leun nader aan Nan. “Hoeveel klante se bestellings dink jy onthou hy so verbatim? Hier kom ’n ding, Nan. Hier kom ’n ding.”

“H’m,” mymer Nan. “Ek weet nie mooi nie, Jo. Hy het nie alte ingenome gelyk nie. Amper iesegrimmig, maar met iets daarby.”

“Presies. Nes Sue.”

Dis wat haar ook aan die Saul-man gehinder het, kliek dit by Nan. Onderdrukte iesegrimmigheid. Tesame met iets soos skaars verbloemde paniek.

Nan luister met ’n halwe oor toe Jo begin praat oor die huis. “Jo, wat het tussen jou en Saul Wienand gebeur?” val sy haar in die rede.

“Ek wil nie ...” Jo bly stil toe die sexy man weer sy verskyning by hulle tafel maak en hulle drankies neersit.

Hy steek sy hand uit. “Zacharia de Graaff. Noem my Zach.”

“Nan Calitz, en my dogter Jo.”

Hy buig oor na Jo en groet haar ook met die hand voor hy regop kom en sy arms vou. “Calitz? Nie dalk Casper Calitz se erfgenome waarom die dorp gons nie?”

“Twee van die vier,” knik Nan en kyk hom reg in die oë. “Wat is dit met jou en Sue?”

“Nan!” roep Jo sag uit.

Sy oë rek effens voor ’n glimlag sy mond lui betrek. “’n Misverstandjie. Niks wat ons nie sal kan regstel noudat ek weet julle het bande met M-baai nie.”

Twee misverstandjies met aantreklike mans. Wat is dit met haar meisiekinders?

“Ons almal hier is natuurlik nuuskierig om te hoor wat met Casper se huis gaan gebeur,” oorbrug hy die effens ongemaklike stilte.

“Hoe so?” vra Nan reguit.

“Daar is nogal verdeeldheid. Een lot dink dit kan nie gou genoeg platgeslaan word nie. Ander dink weer dit dra by tot die atmosfeer. Maar jammer, ek wil nie inbreuk maak nie. Ek sal my nuuskierigheid bêre vir later. Geniet julle drankies en moenie haastig raak omdat julle die enigstes is wat oor is nie. Ek moet nog die kasregister afsluit en my mense maak

nog kombuis skoon. Daar is regtig geen haas nie.”

“Zach?” roep Nan hom terug toe hy begin wegdraai.

Hy kom weer nader.

“By watter groep skaar jy jou?” Sy stel Jo dalk in die verleentheid, maar net omdat sy Jo haar eie besluite wil laat neem, beteken dit nie sy kan nie hand bysit nie. Jo is soms heeltemal te subtiel. Iets wat Nan geleer het mens duur te staan kan kom.

Zach leun met sy voorarms op die stoel se rugleuning. “Ek het ’n gevoelentheid vir die plek. Daar is iets geheimsinnig aan. Dis die soort plek wat atmosfeer aan die omgewing kan gee, maar op die oomblik is dit net ’n seeroog. Veral van een deel van Moonbream, die seekosrestaurant, se veranda af. Dit moet óf opgeknop óf gesloop word, maar as julle nie iets aan veral die muurvog gaan doen nie, sal dit binnekort onredbaar wees.”

“Ek het ’n gerug gehoor ’n ingenieur het bepaal dis reeds onredbaar?” Nan ignoreer Jo se vraende frons.

Zach vou sy arms met ’n behoedsame uitdrukking op sy gesig. “Ek weet daarvan. Dis debatteerbaar.”

“Is daar iemand wat ons ’n tweede opinie kan gee? Teen billike tariewe?”

“Ek kan en die tarief is dat ek vir my ’n draught gaan haal en hier by julle kom drink.”

Nan neem ’n slukkie van die G&T. “Meer as welkom,” nooi sy en hoop nie sy klink so skepties as wat sy voel nie.

“Nan?” vra Jo toe hy met ’n glimlag en ’n knik kroeg toe stap.

“Saul Wienand was by my,” sê Nan in ’n lae stem, “ná julle ... wat ek aanneem ’n onderonsie was. Hy sê die plek is ’n strukturele ramp wat wag om te gebeur. Maar hy is ook die een wat dit wil koop, dus weet ek nie hoe objektief hy is nie. Kom ons hoor net wat hierdie beeld van ’n man vir ons kan vertel. Dit kan nie kwaad doen nie.”

“En ’n kroegman gaan meer weet as ’n ingenieur? En hoekom ...” Sy bly stil toe hy weer by hulle aansluit en ’n stoel oorkant Nan uittrek.

Hy lig sy glas. “Gesondheid en welkom op M-baai.”

“Die saak staan só,” begin hy nadat hulle oor en weer glase geklink het. “Saul Wienand wil ’n boetiekhof daar opsit. Omdat daar meer dorpsmense gekant teen die sloping as ten gunste daarvan is, het hy die ingenieur betaal om ’n strukturele analise te doen. Hy wil hom

waarskynlik nie onnodig teenstand op die hals haal van dié wat anders dink as hy nie. Die ingenieur het egter nie bepaal dat die huis tans strukturele gevaar inhou nie, maar wel dat dit kan gebeur as dit nie binne die afsienbare toekoms behoorlik gerestoureer en opgeknip word nie.

“Daar skort niks met die fondasies en basiese struktuur nie, maar die muurvogprobleem word vererger deur daklekke, geroeste waterpype en ’n paar ander faktore. Veral die twee vleuels het baie aandag nodig. Casper het dit oor die dertig jaar gelede laat aanbou, maar die kontrakteur het onoordeelkundig veranderinge aan die planne aangebring om alles op die goedkoopste manier te doen. Casper was oorsee gedurende die bouery, het die man goedertrou betaal en teen die tyd wat Casper kon sien wat die man aangevang het, was dié skoonveld. Sestien jaar terug het Casper weer die plek laat regruk toe hy vir die eerste keer permanent daar gaan woon het, maar dit was nie strukturele verbeterings nie. Daarna het hy dit min of meer onderhou, maar die afgelope paar jaar, veral ná sy hartaanval, het die plek weer vervalde geraak. Opgesom: Saul lieg nie as hy sê die plek gaan binnekort inmekaar begin val nie. Maar om voorspelbare redes verswyg hy dis tans nog herstelbaar.”

“Maar hoekom wil hy so graag sy ellendige hotel daar opsit?” vra Jo met kwalik onderdrukte aggressie.

“Daar is mense wat sê dat dit oor die uitsig gaan. Hy is pas deur ’n egskeiding en het onlangs sy argitekskantore só verbou dat hy daarin kan woon. Veral van die balkonne af bederf die kasarm sy uitsig. Maar ek dink nie sy persoonlike redes is die hoofredes nie.” Hy neem ’n sluk van sy bier.

“Ek dink Saul slyp as sakeman sy tande vir die projek,” vervolg hy. “Die huis staan op ’n unieke lappie aarde en dié is ideaal vir wat hy beplan. Vanuit ’n besigheidsoogpunt maak dit sin om die projek juis nou, terwyl die resessie oral knyp, van stapel te stuur. Hy sal minder betaal vir die eiendom, vir die sloping en vir bouarbeid as wanneer die ekonomie weer draai. Wat dit die een of ander tyd sal moet doen. Intussen bly rykes ryk en omdat hy die room van die rykes na die hotel wil trek en hy net ’n beperkte aantal gaste wil bedien, is die risiko dat dit nie ’n sukses sal wees nie relatief klein. Hy is nie net ’n uitstekende argitek nie, hy is ook ’n baie goeie besighheidsman. En ek dink hy het ’n behoefte om êrens sy merk te maak. Met meer as die ontwerp van strandhuise. Julle is die enigste vlieë

in die apteker se self, nes Casper dit was.”

“En waarom is jy teen sy projek gekant?” Nan kan nie help om agterdogtig te wees nie.

“Want ek hou van M-baai nes dit is. Ek hou van die spontane manier waarop Hawestraat die afgelope tien jaar gebeur het. En Saul se ontwerp pas nie by die gevoel van M-baai in nie. Daar is genoeg plekke wat deur rykes opgeneuk is. Kyk maar wat het met Hermanus gebeur. Met Stilbaai. En dan praat ek nie eens van Yzerfontein, Paternoster en die res nie. Ek het niks teen vooruitgang in die algemeen nie, maar êrens moet daar nog plekkies soos M-baai behoue bly. Plekkies met ’n outentieke atmosfeer. Met ’n tikkie mistiek. Sy eie natuurlike sinergie.”

“En die vangplek is?” vra Nan. Iets is nie lekker nie. Al die inligting kom te maklik. Zach lyk te entoesiasties.

“Natuurlik is daar ’n catch. Om Casper se huis te red gaan ’n kleinhuise vol geld kos en julle sal ’n kontrakteur moet kry wat werklik sy sout werd is, wat dit nie net ter wille van geld doen nie maar ook ter wille van die saak.”

“En waar kry ons dié?” vra Jo heserig.

“As julle die geld het om dit ordentlik te doen, nie net lapwerk nie, het ek ’n kontrakteur wat reg sal laat geskied. En hy sit voor julle.”

“A.” Nes Nan gedink het. G’n mens is so tegemoetkomend en gee so vrylik inligting as daar nie profyt in is nie.

“Ek weet wat jy dink, Nan. Dat ek nou die hele ding so geplooi het om die werk te probeer kry. Ek gaan nie ontken dis die soort projek waarvoor ek nou weer my tande slyp nie. En ek gaan nie probeer verduidelik waarom dit vir my ’n saak van erns is of julle probeer oortuig dat ek edele motiewe het nie. Maar sê my wat julle nodig het, wat julle beplan, en laat ek vir julle ’n kwotasie uitwerk.” Hy draai die leë glas om en om tussen sy groot hande. Werkershande, sien Nan nou.

“Het jy verwysings?”

Die glas gaan staan stil tussen sy hande. “Nie as kontrakteur nie.”

“As wat dan?”

“Handarbeider op niekonvensionele projekte. Ek het in die VSA gewerk. Ek kan vir julle foto’s wys van die projekte waaraan ek meegewerk het.”

Nan sug diep en hard genoeg dat hy dit moet hoor. “Kwalifikasies?”

“Ek het siviele ingenieurswese op Tukkies geswot, maar in my derde jaar opgeskop. Om persoonlike, nie akademiese redes nie. Daarna is ek VSA toe waar ek ondervinding opgedoen het wat geen universiteit of technikon mens kan leer nie. Ek het sewe jaar gelede teruggekom en die wrak van ’n plek wat die Vliegende Hollander geword het, gekoop en julle sit tans in die enigste bewys dat ek my sout werd is. Dit was ’n skuur vir vissersbote, maar het uitmekaar begin val.”

Nan kyk op na die balke bokant hulle. Ru, maar solied. Die plankvloer is stewig.

“Verskoon my,” Jo staan op. “Waar is die ruskamers?”

Zach lig hom uit sy stoel. “Deur die poortjie anderkant die kroegtoonbank.”

Hy gaan sit weer toe Jo wegstap. Die ouwêreldse gebaar verras Nan. Wanneer laas het sy ’n man ontmoet wat sy agterstewe lig wanneer ’n vrou die tafel verlaat? Óf sy ma het hom mooi grootgemaak, óf hy was in ’n baie ordentlike skool.

“Nan, ek weet hoe dit klink. Asseblief, gee my net ’n kans. Sê net wanneer, dan ontmoet ek julle by die huis. Ek kan beter verduidelik as ek daar is. Ek weet wat ek doen.” Hy klink nie desperaat nie. Eerder begeester.

Nan kyk na die kraaispoortjies langs die groen oë met die goue vlekies. Die vreeslike sexy mond wat nou ’n onpeilbare trek dra. Daar is niks aan hierdie man wat nie ’n vrou van enige ouderdom se hormone sal opklits nie. Sy is bly sy is nie Sue nie. Om op so ’n man verlief te raak is moeilikheid soek.

“Dis Jo se huis, Zach. Sy is nie onkundig oor restourasie nie en het ’n fyn oog vir detail. Maar dis my geld wat in die projek ingaan en soos dit vir my nou klink, baie daarvan. Dis my aftreegeld. En dis allermens die spreekwoordelike weduwee se kruik.”

Nan pen hom met haar oë vas. “Ek hoop jy hoor wat ek vir jou sê, Zach. As, en dis ’n groot as, as ons voortgaan hiermee en as ons dit kan bekostig, as ons jou as kontrakteur gebruik, die hemele hoor my, moet jy nie eens daaraan dink om ons te verneuk of te benadeel nie. En jy los vir Sue uit tot dit afgehandel is. Ons het nie nog komplikasies in ons lewe nodig nie. Verstaan jy my mooi?”

Hy kyk haar effens oorbluf aan. Sy skimmeloë word ’n klein skakering

ligter. “Ek verneuk nie mense nie, Nan. En oor Sue kan jy gerus wees. Sy is nie my tipe nie. Kyk, sy is mooi en vrek sexy, dit kan ek nie ontken nie, maar as ek ooit ’n vrou in my lewe sou wou hê – iets wat beslis nie op my horison is nie – sal dit iemand wees wat dít wat tussen ’n man en ’n vrou is, respekteer. Wat die werk betref, glo my, dit sal die beste wees wat ek nog ooit gedoen het. Ek het iets om te bewys.”

Voetstappe agter haar verrai dat Jo op pad terug is. Nan haal ’n noot uit haar handsak, maar Zach hou sy hand op. “Dis op die huis.”

Nan huiwer, knik dan. “Dankie.”

“Bevredigend?” vra Zach vir Jo terwyl Nan haar stoel agteruit skuif.

“Ekskuus?” vra Jo verras.

“Die ruskamers. Dis immers waar ’n mens baie afleidings van bouwerk kan maak. Nan sê juis jy’s nie onkundig oor restourasie nie.”

Jo lyk onkant betrap, maar gee ’n laggie. “Bevredigend.”

“Wel ek moet ook daarheen,” verklaar Nan. “Ek kry jou by die kar, Jo. Dankie, Zach. Vir die drankie en die inligting.”

Hy knik. “Dit was my plesier.”

Toe sy verby hom stap, sê hy sag sodat net sy kan hoor: “Groete aan Sue, maar eers wanneer sy mooi groot is.”

Is dit donnerswil moontlik? Zach kyk af na die kasregister asof die antwoord op sy redelik eksistensiële vraag dalk daar kan lê. Behalwe vir die lig bokant hom is die kroeg in skemerte gehul.

Sue. Die naam pas haar. Maar dit pas hom hoegenaamd nie dat sy een van die Calitze is nie. As daar nou een klompie mense is in wie se goeie boekies hy wil kom en veral wil bly, is dit hulle. Want dis hulle wat M-baai in hierdie delikate stadium kan maak of breek. Wat Casper se ideaal ’n werklikheid kan maak.

As hulle aan Saul verkoop, kan mens M-baai soos jy dit nou ken op jou maag skryf en met ’n vuil T-shirt afvee.

Hy het nog altyd respek vir Saul gehad. Zach kan selfs op ’n manier sy standpunt insien, maar Saul besef nie hy is op die punt om iets kosbaars te vernietig nie. Iets wat nooit daarna herstel sal kan word nie.

Hy wens hy kan Saul na Summer Island toe vat. Hy wens hy kon tyd manipuleer sodat hy Saul die plek kan wys soos dit gelyk het en hoe dit nou daar lyk. Hy wens hy kan Saul aan die verstand bring hoe dit voel

wanneer mens 'n aandeel daarin gehad het om 'n unieke plek met 'n unieke atmosfeer vir altyd en ewig te vernietig.

Hy wens dit was drie en twintig jaar terug toe hy die eerste keer in Summer Island aangekom het. Hy wens hy kan van voor af op die plek verlief raak, maar dié keer met voorkennis, met die insig wat hy nou het. En ook met die wilskrag om sy stiefpa teen te staan toe dié besluit het Summer Island moet ontwikkel word tot 'n spogvakansieplek.

Maar soos Casper altyd gesê het, wens in die een hand en dinges in die ander hand en kyk wat hou jy vas. Hy kan Summer Island nie terugtoor na die magiese plek wat dit was nie. Maar die Vader weet, hy kan Maanschiynbaai probeer red van wel bedoelde, maar stiksienige “ontwikkeling”. As hy net die Calitze aan sy kant kan kry en hou.

Zach sug diep. As hy nou net nie een van hulle gaan staan en beledig het in 'n oomblik van hormoongedrewe waansin nie. Want sexy Sue, weet hy, is nie die soort girl wat vergewe nie en nog minder vergeet.

“Wel, wat dink jy van die nuwe verwikkeling?” vra Nan op haar droë manier toe hulle in die hoofpad indraai.

Jo wens sy het geweet wat om te dink. “Baie dinge, maar een ding staan soos 'n paal bo water. As ons lewe 'n storie was, was Casper se nalatenskap die motoriese moment. Die oomblik waarin alles verander en in 'n onvoorspelbare rigting gestuur word. Maar vertel my eers van die Hiërofant. Die voorraad. Jy is geheimsinnig daaroor. Moenie dink ek het nie agtergekom jy wil ons nie daar toelaat voor jy reg is nie.”

“Daar is 'n klomp junk, 'n klomp mooi goed en 'n paar goed wat ek vermoed werklik van waarde is. Ek swot saans die boek oor kristalle op, maar dit gaan stadig omdat ek so oorwerk is. As ek eers weg is by die firma, sal ek veel meer tyd daaraan kan bestee. En dan wil ek ook 'n paar ander boeke bykoop. Die stene en kristalle op sigself interesseer my, maar die healing with-deel klink vir my soos 'n klomp New Age-strooi. Ek weet egter nie of die winkel sonder die genesingshokuspokus gaan werk nie. En ek sal nie uitvind voordat ek daar naby woon en die winkel self bedryf nie. Voorlopig sit ek dus die hele ding op ys. Wat beteken dat die huis steeds ons eerste prioriteit is. Dis skreiend as mens dink wat ons kan doen met die geld wat ons drie net aan huishuur uitgee. Dus, wat beplan jy?”

“Soos jy weet, is die oorspronklike gebou die beste deel van die kasarm,

maar selfs daar is die waterpype en krane en goed 'n nagmerrie en ek vermoed die elektriese bedrading is 'n brand wat wag om te gebeur.” Jo vryf haar slape. 'n Duisend goed, honderde opsies, en nog meer keuses wat gemaak sal moet word, lê voor as hulle hierdie mal perd opsaal.

“Zach het vir my sy kontakbesonderhede gegee terwyl jy toilet toe was, Nan. Ek gaan 'n afspraak met hom maak en saam met hom deur alles gaan. Dan moet hy maar sy kwotasie uitwerk sodat ons sien waar ons staan. As dit bokant ons vuurmaakplek is, sal ek dalk nog 'n paar kwotasies aanvra en self die koördinerings probeer doen, maar as dit ook nie werk nie ...” Jo sug diep. “Dan sal ek waarskynlik my trots moet sluk en moet gaan hoor of Saul Wienand se aanbod nog staan en hoeveel dit behels ná hy regsadvies ingewin het. Dis nou natuurlik as die klousule wel tersyde gestel kan word.”

En dit is die heel laaste uitweg. As sy die man nooit weer sien nie, is dit te gou. “Hoekom het hy jou kom sien, Nan?”

Jo luister na Nan se opsomming van die besoek en kners op haar tande. “As Zach reg is, het Saul jou doelbewus mislei.”

“By implikasie, maar hy het darem nie gesê die plek val inmekaar nie. Net dat dit op die punt daarvan is. Dis dalk 'n akademiese verskil, maar streng gesproke het hy nie gelieg nie.”

“Maar hy het gelieg dat ons relletjie oor 'n nietige misverstand gegaan het. Hy wil 'n boetiekhotel daar oprig. Ek wil die plek vir my en my familie opknip. Wat verstaan wie mis?” Jo voel haar bloed somer weer van voor af borrel.

“As hy nie agter die kasarm aan was nie, sou ek gedink het hy is nogal 'n man uit een stuk.”

“Wys jou net. Selfs Nan Calitz kan mense verkeerd lees.” Jo kyk die duisternis in waar die see moet wees. Pas deur 'n egskeiding. Die woorde het witwarm uitgestaan. Dan mag hy maar vir Sue “die kyk” gegee het. Maar egskeidings het oorsake. Waarskynlik was dit nie net vir Sue wat hy gekyk het nie en waarskynlik het dit ook nie by kyk gebly nie. Ook toe hy getroud was.

“Benewens Saul Wienand, wat het jou dag verder opgelewer?” Nan se stem ruk haar terug uit die kloue van 'n gevoel wat sy nie kan of wil naam gee nie.

“Ek kry nêrens die sleutels vir die torings nie, maar dis seker ook nie

belangrik nie. Daar is een badkamer wat taamlik bruikbaar is. My kamer s'n. En as ek sê bruikbaar, is dit 'n redelike oordrywing, maar die toilet spoel ten minste. Die slaapkamer is ook ietwat makliker om leefbaar te maak. Ek wonder of ek nie ná my afspraak met Zach sommer 'n paar dae moet oorbly nie. Of ons nou voortgaan met ons planne of nie, die inhoud van die huis moet uitgesorteer word. Sal jy dalk 'n oog oor Jeannie kan hou?"

"Natuurlik. Maar eers as hierdie week verby is. As jy vroeër wil deurkom, sal Sue seker kan instaan. En Sondag wil ek in elk geval weer hierheen kom." Nan loer vlugtig na haar voor sy weer haar aandag by die kronkelpad bepaal. "Dis opwindend, nè?" Daar is lag in haar stem.

"Kan dit nie wegsteek nie, nè?" lag Jo maar saam. En dit is. As sy dink aan alles wat voorlê, op enige weg wat hulle inslaan, wil sy enersyds weghardloop. Andersyds kan sy nie wag nie. Haar eie projek. Haar uitdaging van 'n leeftyd.

Die opwindning wat sy oor Abalone's gevoel het, was net werkverwant. Sy het al haar energie en kennis en aanvoeling daarin gesit, maar dit was nie iets wat sy vir haarself gedoen het nie. Die kasarm is heeltemal anders.

"Nan, as alles uitwerk ... As die ekonomie oor drie jaar gedraai het ... Ek gaan ons almal ryk maak."

Nan bly lank stil. "As jy teen daardie tyd bereid is om afstand te doen van die plek."

Die woorde skop vas teen haar hart, druk 'n duik daarin.

"Maar Jo, moenie die tyd vooruitloop nie. Op die oomblik is dit die reis wat belangrik is, nie die aankomplek nie. En ons reis gaan lank en opdraand wees. Maar gelukkig reis ons saam. En dis waarop ons moet konsentreer."

Die gelui van Jo se foon is amper soos 'n uitroepteken na Nan se pseudofilosofiese woorde.

"Jeannie?"

"Waar ís julle?"

Jo sit regop. "Jeannie? Huil jy? Wat gaan aan?" Uit die hoek van haar oog sien sy die bekommerde kyk wat Nan vlugtig na haar gooi.

"Iemand het by die Uno ingebreek. En toe ek by die huis kom, is julle nog nie terug nie. Ek weet nie hoekom nie, maar ek is bang."

"Is al die deure gesluit? En die veiligheidshek?"

“Ja, maar ek het ’n creepy gevoel gehad toe ek hier aankom. Asof iemand my dophou.”

“Wat skort?” wil Nan dringend weet.

“Hou net aan, Jeannie.” Sy draai na Nan. “Waar trek ons? Hoe lank voor ons by die huis is?”

“Hoogstens ’n halfuur. Is sy oukei?”

“Sy’s fine.” Sy druk weer die foon teen haar oor.

“Ek het gehoor. Maar julle bars as julle nie oor ’n halfuur hier is nie, Jo. Dink jy ek kan maar vir Sue bel?”

“Natuurlik. Vra haar sommer om oor te kom. Teen die spoed wat sy gewoonlik jaag, sal sy binne ’n kwartier daar kan wees.”

Jo groet, lui af en moet eers diep asemhaal. Skrik klop nog deur haar asof ’n skokstroom deur haar are geskiet het.

“Wat het gebeur?” vra Nan met kommer wat soos ’n vreemde aksent deur die woorde skemer.

Jo vertel vlugtig.

“Nog ’n kar wat iets oorgekom het?” sê Nan nadenkend. “Nou raak dit ’n bietjie dik vir ’n daalder, Jo.”

Dis waar, besef Jo. Sue sal dit ook besef. Sy skud haar kop. “Dis die laaste strooi. Ek kan nie meer die gevare van die stad hanteer nie. Ons trek M-baai toe. Come hell or high water.”

DEERTIEN

“Dit was net ’n weird, weird dag.” Jeannie sit met opgetrekte bene langs Jo op die rusbank, haar hande om ’n beker Milo wat Sue vir hulle gemaak het.

Jo slaan haar arm om die te skraal skouers en wonder of Jeannie besef dat sy melk drie maande gelede afgesweer het.

“Wat was weird?”

“Wel, eers was daar die susters. Ek dag hulle was ook nog nooit by hierdie kerk waarvan daardie danige Boetie Tienie hulle vertel het nie. En ek dag dis hier in Bellville rond, maar dis te hell and gone in die berge in Houtbaai se kant toe. Ek het omtrent al my petrol uitgery en genip op pad terug tot ek kon ingooi. Maar dit was ná die tyd. Toe ons daar aankom, groet al wat leef en beef ons asof ons verlore skape is wat teruggekom het kraal toe. Vir my inkluis. Nie dat daar baie gemeentede is nie. En net vroue. En die vroue ... Ek wil nou nie snaaks wees nie, maar hulle lyk almal soos die soort wat nie kan mans kry nie. Party te vet, ander te maer, party sommer net wat mens nou nie lookers sal noem nie.

“En toe was daar die plek self. Agter hoë klipmure en ’n traliehek. En nie ’n kerkgebou nie, eerder iets soos ’n saal. Ook van klip gebou. Donker binne. Weird. Daar’s ’n altaar en allerhande goed. En dis net kerse en wierook oral. Mens kan skaars asemhaal. En almal dra sulke wit gewade.

“En toe is daar die priesteres ...”

“Die wát?” vra Sue en mors amper van haar Milo voor sy weer haar beker reg kantel.

“Ja. ’n Priesteres. Hulle noem haar Sappho, maar ek weet nie of dit ’n naam of ’n titel is nie. En toe die preek. Oor maagdelikheid en hoe ons as uitverkore vroue ons suiwer moet hou tot ons die nuwe aarde kan bevolk.”

“O, fok.” Sue spring op toe sy dié keer wel mors en pluk ’n spul snesies uit haar slingersak. “Jy gaan nie weer daarheen nie, Jeannie,” kry sy dit uit terwyl sy die druppels opvee. “Trust my, dis nie die plek vir jou nie.”

Jeannie se onderlip bewe. “Maar wat gaan ek vir die susters sê?”

Sue gaan sit weer. “Ons praat later daaroor. Wat nog?”

“Nie veel nie. Nie daar nie. Ek moes teruggaan om te gaan waitress voor die ‘viering van die reinheid’ – wat dit ook al mag wees – en die susters het agtergebly. Gesê hulle sal ’n lift terugkry aangesien die diens of wat ook al glo nog ’n hele ruk aangaan. Hulle was nogal vies toe ek nie wou bly nie, maar ek het voor die tyd gesê van my skof en hoe moes ek geweet het dis so ver?”

Jo druk haar hande voor haar oë en loer deur ’n skreef vir Sue. Dié skud net haar kop effentjies. Jo gehoorsaam en sê liewer niks.

“En toe kom ek by die restaurant,” hervat Jeannie. “Teen daardie tyd was ek darem oor my ergste ... wel, dit was nie skok nie, maar ek weet nie. Die susters het baie om te verduidelik. In elk geval, alles gaan hunky-dory tot hierdie ou opdaag. Tafel vir een. Dan weet jy somer die tip gaan niks werd wees nie. Hoeveel kan een mens nou op kos uitgee en dan gee hulle jou baie keer in elk geval nie eens tien persent nie.

“Maar ek bedien hom. Eet die cheapest dis. Bestel ’n glas huiswyn. Semisoet nogal. En drink verder water. En die hele tyd hou hy my dop. En hy is stokoud. Seker maklik diep in sy dertigs.”

Sue maak betekenisvol keel skoon.

“Oukei, dis seker nie so oud nie, maar hemel, hy moet mos kan sien ek is ’n bogkind.”

As Jo nie so bekommerd was nie, sou dit snaaks gewees het. Behoede een van hulle as hulle die woord “bogkind” gebruik, maar klaarblyklik mag Jeannie so na haarself verwys.

“Het hy ’n pass gemaak?” vra Sue.

“Nee. Dit was net weird. Die manier waarop sy oë my heeltyd gevolg

het. En toe gee hy my 'n tip van twintig persent. Wat nie veel was nie omdat sy rekening so klein was, maar dubbel wat hy my hoof te gee het. En toe ek weer kyk, is hy weg.”

“En wanneer kom jy toe agter van die Uno?” wil Sue soos gewoonlik vooruit weet.

“Toe ek van diens af gaan. Venster gebreek, maar niks gesteel nie. En een van my CD's het nog net so oop en bloot op die passasiersitplek gelê. Ek wou die polisie bel, maar toe kom die bestuurder daar aan en sê dit sal niks help tensy die Uno verseker is en ek 'n eis wil instel nie. En soos ons almal weet, is die Uno nie verseker nie. Toe kom ek huis toe en hier's niemand nie. Alles het net te weird gevoel. Dis hoekom ek gebel het.”

“En die creepy gevoel dat iemand jou dophou?” vra Jo.

“O ja, dit. Dit was toe ek hier voor die hek stilhou. Ek was besig om alles wat los lê in die kar bymekaar te kry om in te dra oor die venster wat nou stukkend is en toe voel dit so ... Ek weet nie. My nekhare het net gerys. Maar ek kon niemand sien nie. In elk geval niemand wat spesifiek vir my gekyk het nie. Daar is mos maar altyd 'n kom en gaan van die bure en hulle kuiergaste en so. Miskien was dit net my verbeelding. Nadat daai man my so uitgekyk het. En die kerkdienste en so.”

“Fok.” Sue staan op en vroetel haar sigarette uit haar handsak. “Hoe het die ou van die restaurant gelyk?”

“Daar was iets bekends aan hom, maar ek weet nie wat nie. Hy's een van daai mans wat mens laat gril. Omtrent so lank soos Nan. Bruinerige hare. Ligte oë, maar nie regtig blou nie. Eerder grysgroenerig. 'n Baard en 'n bierpens.”

“Wanneer het hy ingekom?” vra Nan.

“'n Rukkie nadat ek daar aangekom het. Was so halfeen se kant, dink ek. En hy is eers ná twee daar weg.”

“Het jy nie sy naam op sy kredietkaart gesien nie?” wil Jo weet.

Jeannie skud haar kop. “Kontant betaal.” Sy kyk met groot oë na Jo.

“Daar was nie mans by die kerk nie, maar dink jy hy kan dalk iets met hulle te doen hê?”

“Ek weet nie, Jeannie, maar die susters, ek dink nie jy moet ...” Jo weet nie hoe verder nie. Dit gaan nie help om Jeannie te probeer verbied om hulle te sien nie.

“Die susters is oukei, Jo, dis net die kerk wat nie lekker is nie. En ek

verstaan dit nie, want die susters se pa en ma is baie gelowig. Kerkmense. Ek bedoel gewone kerk. Die tannie in elk geval. Die oom ly aan agorafobie en gaan nie uit die huis nie, maar die tannie gaan gereeld, bidure toe ook, en sloof haar behoorlik af vir die sustersvereniging.”

Hemel, vir die oomblik het sy skoon vergeet Jeannie het by hulle oorgeslaap. Hoeveel keer al. Sy weet sy moenie oorreageer nie, maar ’n nuwe aarde bevolk? Dit dring nou eers regtig tot haar deur. Sou dit ’n oordeelsdagsekte wees? Die wêreld is deesdae vrot van die goed. Wat haar egter die meeste bekommer, is die naam, Sappho. “En die kere toe jy by die susters se ouerhuis oorgebly het, was daar niks wat jou daar gepla het nie?”

Jeannie haal haar skouers op. “Hulle is ’n bietjie weird, maar ons is seker ook maar. Die huis is vrek benoud. Hulle maak nooit die vensters oop nie en die gordyne is altyd toegetrek. Glo oor die oom se fobie. En die tannie maak regtig nie lekker kos nie, alles doodgekook en soutloos, maar gelukkig karring sy nie aan ’n mens om te eet nie.”

“En die Boetie Tienie van wie jy laas gepraat het?” vra Jo.

“Nog nie ontmoet nie. Hy bly in die Vrystaat of êrens daarbo. Hy bel hulle net gereeld.”

Sue, wat steeds ’n sigaret tussen haar vingers staan en rol, kom klaarblyklik tot ’n besluit en gaan sit reg oorkant Jeannie op die koffietafel. “Jeannie, jou ma is bang om jou te verbied om die susters weer te sien. Omdat sy weet wat gebeur as mens goed verbied word; sy is self daardeur in haar rebelliedae. Maar ek dink darem jy is slim genoeg om te besef dis nie omdat sy jou nie vriendinne gun nie. En ons weet jy het nie veel nie. Maar die susters is bad news. Jy sal dit insien as jy mooi daaroor gaan dink.”

“Nee, Sue. Hulle is regtig oukei. Dis net die kerk en ek gaan beslis nie weer daarheen nie. Dit het my snaaks laat voel. Nie net omdat alles weird gelyk het en die mense weird was nie. Iets anders. Dit het my op snaakse plekke laat ... snaaks voel.”

Sue kyk vlugtig na Jo asof sy iets probeer peil, of dalk haar toestemming vir iets vra. Voor Jo kan reageer, draai Sue weer na Jeannie toe.

“Jeannie, jy is dalk in jare negentien, maar jy is die grootste donnerse innocent wat ek nog teengekom het. Miskien juis omdat jy saam met ons lot grootgeword het. Jou ouma is ’n oujongnooi wat per ongeluk ’n ma

geword het. Ek hoer en rumoer. Jou ma het met 'n man getrou net omdat hy jou pa was, maar vir wie sy verder vere gevoel het. Jy het 'n verskriklik verwronge idee van seks en die dinge tussen mans en vroue.”

Jo wil Sue keer, maar byt net haar onderlip vas. Miskien is dit nodig dat Sue so reguit met Jeannie praat.

“Ek weet hoe dit werk.” Jeannie se gesig is vlamrooi.

“Dalk die penis-en-vagina-deel, maar ...”

“Sue!”

“Wag nou, Nan. Dis tyd dat ons hieroor praat. Jeannie, die biologiese aspekte is regtig net 'n baie klein onderdeel van die hele storie. En die res leer jy hoofsaaklik deur ervaring. Het 'n ou jou al gesoen? Regtig gesoen? Tong, mangels en alles?”

“Sue!”

“Shut up, Nan.”

“Nee, ek shut nie up nie.” Nan kom orent en staan soos 'n wraakengel oor Sue. “Ek het julle nooit oor julle mandinge uitgevra nie. Jy sal Jeannie ook haar privaatheid gun.”

“Ja, en kyk waar het ons privaatheid ons gebring.” Sue vlieg op en mik vir die deur, sigaretaansteker reeds by die punt van die sigaret.

“Jaaaa, Sue. 'n Ou het my al só gesoen.” Jeannie se woorde het dieselfde effek op hulle as op 'n myner wat 'n kanarie in 'n myntonnel sien omkap.

Sue steek vas en draai in haar spore om. Nan het versteen, haar mond nog oop asof sy iets begin sê het. Jo word yskoud. Dis niks vreemds dat 'n meisiekind op Jeannie se ouderdom al só gesoen is nie, maar Jeannie? Wat nog nooit laat blyk het sy stel enigsins in mans belang nie? Wat selfs geweier het om matriekafskeid toe te gaan? En hoekom het sy Jo nie van die soen kom vertel nie? Al is dit net om te sê ... wel, wat ook al.

“En?” herstel Sue eerste.

“Jig.”

“Ek neem aan jig is nog erger as gross?”

Jeannie knik.

Jo is nie verlig nie. Inteendeel. 'n Vae voerspooksel begin by haar gedaante kry. Een waarvoor sy regtig nie krag het nie.

“O, hel,” voel Sue klaarblyklik dieselfde. Sy kyk van Nan na Jo en dan weer na Jeannie. Dis min dat sy nie woorde kan vind nie. Toe lyk dit asof sy tog êrens weer vastrapplek vind. “Jeannie, weet jy wie Sappho is? Die

een uit die Griekse tye? Honderde jare voor Christus, as ek dit nie mis het nie.”

Jeannie skud haar kop.

Jo kom agter sy sit met haar hand op haar hart.

“Sy was ’n digteres van ’n Griekse eiland wat destyds die naam Lesbos gehad het. Sy was bekend daarvoor dat sy ... Wel, dat haar aanhangers jong meisies was en die storie loop dat sy ... Wel, dat die meisies ...” Sue kyk hulpsoekend na Nan maar kry geen hulp daar nie.

“Dink jy ek is lesbies?” vra Jeannie.

Sue flikker die aansteker ’n paar keer aan en af. “Het jy al ’n girl gesoen? Ek bedoel nie soengroet nie, ek bedoel sóén,” vra sy reguit. Jo kom skaars agter hoe seer sy haar tande in haar onderlip geslaan het.

Jeannie skud haar kop verwoed.

“Wou jy al?”

Nog ’n kopskud.

“Het die susters iets probeer doen? Vat of so? Aan jou borste dalk?”

“Nee! Gross! Jig.”

Jo slaak ’n sug wat sy nie geweet het sy inhou nie. Verligting, vrees en ongemak blaas saam met die asem uit. Sy het niks teen lesbiërs nie, maar dis regtig nie ’n lewenspad wat sy haar kind toewens nie.

Sue se oë spreek van soortgelyke verligting. Sy glimlag van oor tot oor. “Nee wat, Slapende Skoonheid. Dan is jy maar nog net nie wakker gemaak nie, dis al. Jy’s net ’n late bloomer. Verstommend in this day and age, maar vreemder dinge het al gebeur. Jy het obviously die verkeerde ou gesoen. Die dag sal kom dat jy ’n man een kyk gee en weet: Vir jou wil ek hê. Maak nie saak hoe, wat, waar of wanneer nie. Soms vat dit lank, ander kere nie. Soms sit jy die pot mis, soms is jy gelukkiger. That’s life.”

“En intussen kyk mens maar Hugh Jackman-flieks.” Nan sak in ’n stoel neer asof die spanning te veel geword het vir haar.

Jo onderdruk net met die grootste moeite ’n histeriese laggie toe Sue Nan verward aankyk en die deur ooppluk om te gaan rook.

“Hugh Jackman? O, daai sexy ou in die X-Men movies? H’m. Drop-dead gorgeous. Nee, ek dink Sue is reg. Ek is nie ’n lesbian nie. Sal ek die pasta warm maak?” Jeannie wag nie vir ’n antwoord nie, stap net met nuwe energie kombuis toe.

Jo leun terug teen die bank se rugleuning en rol haar kop in Nan se

rigting. “Sue het ’n slag met haar.” En dankie tog daarvoor. Sy weet wraggies nie hoe sy die situasie sou hanteer het as sy en Jeannie alleen was nie.

Nan pers haar lippe saam. “Sue is sertifiseerbaar.”

“En waar ontmoet julle toe die Zach-ou met al die inligting?” vra Sue nadat hulle haar op datum gebring het met die gebeure op Maanschijsbaai. Die naam het geen klokkie by haar gelui nie, dus neem Jo aan Sue het nie tot naamstadium gevorder voor wat ook al tussen die twee gebeur het nie.

“Een van die restaurante,” antwoord Nan vaag. “Die punt is, ons moet weet of jy in of uit is. Dit sal bepaal hoe Jo die restourasie aanpak. As jy nie wil saamtrek nie, kan ons voorlopig die hawe vleuel los.”

Wat nie heeltemal die waarheid is nie, maar Jo weet Nan probeer deur Sue se gewik en geweeg breek.

“En ek neem aan Jeannie weet nog van niks nie. Dié dat julle gewag het tot ná sy gaan slaap het om my van die verwikkelinge te vertel?”

“Ek wil nie valse verwagtinge by haar skep voor ons weet of ons dit kan bekostig nie,” verdedig Jo. “Jy weet hoe sy met ’n ding op loop kan sit. En sy is vandag deur genoeg dinge.”

“Julle moet ophou om Jeannie in watte toe te draai. Sy is nie so fragile as wat julle dink nie. Net nog donners naïewer as wat ek vermoed het, maar nie clueless nie.”

“Sue, Jo moet weet waar sy met jou staan,” bly Nan ferm.

Sue drink tydsam aan haar koffie voor sy weer na Jo kyk. “Een van die ontwikkelings waar ek binnekort sou begin werk het, is afgeskaal en die ander een onbepaald uitgestel. Dis dalk ’n teken.”

“Ek dink ons het genoeg gehad van bonatuurlike dinge. Ons vra nie of jy tekens kry of profetiese drome nie.” Nan het Sue nog nie vergewe oor haar uitlating vroeër nie. En Sue wás onregverdig. Nan, wat hulle privaatheid respekteer het, het niks te doen gehad met wat hulle gedoen of geword het nie. Maar Sue hét die regte ding gedoen toe sy deurgedruk het met die moeilike gesprek met Jeannie. Daaroor behoort Nan haar nie kwalik te neem nie.

“Wil jy M-baai toe trek of nie, Sue? Rationele besluit, asseblief,” hou Nan voet by stuk.

“Besluit? Nou? Soos in vanaand?” keer Sue en lyk skielik benoud.

“Voor die einde van die week.” Nan kon nog altyd toegee en tegelykertyd ferm wees.

Sue ontspan weer. “Wat is dit met die ge-M-baai?”

“Dis hoe die plaaslike mense klaarblyklik daarna verwys.” Nan kom orent. “Ek is flou en ek het ’n moeilike week voor my. Wat jy ook al besluit, Sue, ek gaan Sondag weer daarheen. Jy is welkom om saam te kom.” Sy draai na Jo. “Ek neem aan jy kom?”

“Definitief. En Jeannie ook. Ek los haar nie weer alleen hier nie. Nie op ’n Sondag nie.”

“Laat weet my, Sue. Nag, julle.”

Jo stap saam met Nan voordeur toe, maak seker sy hoor die enjin aanskakel en die motor wegtrek voor sy weer binnetoe gaan. Sy hoop nie Sue wil nog te lank bly nie. Sy is self doodmoeg.

Sue sit peinsend na haar manikuur en staar, maar kyk op toe Jo weer binnekom.

“Jo, jy weet ek glo nie in te veel moets en moenies nie en ek dink ook nie jy moet te klewerig raak nie, maar dis dalk ’n goeie plan om Jeannie hier weg te kry. Aankomende Sondag en ’n hele paar daarna ook.”

Sue suig haar wange in soos wanneer sy nie seker is of sy iets moet sê nie. “Kyk, ek wil julle nou nie op hol jaag nie, en dis hoekom ek gewag het dat Nan ry, maar hierdie soort kultusse gee my die heebie-jeebies. Daar is van hulle wat regtig evil is en ek is vrek bang die susters s’n is dalk een van hulle.” Sy gooi haar sigarette in haar handsak en staan op.

Jo se asem slaan in haar keel vas. “Wat bedoel jy?”

“Ek weet te min om my daaroor uit te laat. Ek wou net vir jou sê, hou haar voorlopig weg van die susters. Ek trust hulle nie. Intussen gaan ek probeer uitvind wat ek kan.” Sue begin aanstap voordeur toe.

“Hoe?” Jo rek haar treë om by te bly.

“Ek dink ek weet wie om te vra. Een van my customers het ’n spoelkliplabirint en allerhande New Age-goed in haar tuin. Linda is harmless. Die ene vrede op aarde en in alles ’n welbehae, maar ek kon aflei sy is redelik clued up oor dié soort ding. Ek laat weet jou sodra ek iets uitgevind het.”

En daarmee, benewens ’n lugsoen, moet Jo tevrede wees.

Jo draai vir die soveelste keer op ’n ander sy. As Sue haar probeer

gerusstel het, het sy dit waaragtig nie reggekry nie. Van slaap is daar nie sprake nie. Nie eens ná 'n ontspannende bad nie.

Sy moes na haar instink geluister het ná daardie ontmoeting met die susters. Sy het geweet iets is af, maar omdat Jeannie so lekker met hulle klaargekom het en omdat dit binne kerkverband was, het sy gedink sy verbeel haar.

En sy, van alle mense, moes van beter geweet het. Sy wéét hoe maklik dit is om in 'n groep ingetrek te word. “Jo se Rebelle” het nie sommer uit die lug geval nie. Ook daar was 'n motoriese moment en dit was toe sy Lyla ontmoet het. Lyla met haar punk haarstyl en grungeklere. Lyla het nooit net êrens heen gestap nie. Sy was een van daardie mense wat sonder moeite of haas deur 'n skare mense kon klief soos Moses deur die Rooisee.

Hulle het ontmoet toe Jo 'n LP van Nirvana gaan soek het by die musiekwinkel 'n entjie van die winkel af waar sy gewerk het. Dit was aan die begin van die rebellie. Jo het al die Docs gehad en swart klere gedra, maar nadat sy Lyla ontmoet het, het die haarstyl, die swart lipstiffie en kohl bygekom. Om die een of ander rede het Lyla besluit om Jo onder haar vlerk te neem. Dat dit 'n rawevlerk was, het Jo nie besef nie.

Saam met Lyla het sy drie keer Basic Instinct gaan kyk net om daardie benekruistoneel weer te sien. Sharon Stone as die enigmatiese Catherine Tramell was hulle rolmodel.

Lyla was die eerste mens wat sy geken het wat 'n selfoon gekry het – selfs 'n kortkop voor Sue. En die eerste om 'n wenkbrouwing te dra. Lyla met 'n swart roos op die ronding van haar bors getatoeër, lank voor tatoeëermerke mode geword het. Lyla met die hondehalsband vol klinknaels om haar nek.

Lyla het haar bekend gestel aan gigs van obskure bands. Aan dope en rum en Coke.

En Nan se verbod op die vriendskap het net mooi die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat Nan gehoop het. Pleks dat Jo uit Lyla se sirkel onttrek het toe sy self ongemaklik begin voel het, wou sy vir Nan wys sy kan haar eie besluite neem.

Oujaar, drie jaar ná die rampspoedige een op Hermanus, is die klopjag uitgevoer op die klub waar vriende van Lyla oorverdowende punkrock gespeel het. Dit was Lyla wat die zol tussen Jo se lippe uitgeruk en tussen die malende skare ingegooi het waar dit onder Docs en stiletto's vertrap is.

Dit was Lyla wat seker gemaak het 'n verdwaasde Jo het geen dagga aan haar nie en haar vergeefs probeer help het om weg te kom. Jo was te gerook en te dronk om die erns van die situasie te snap.

Agter in die polisievangwa waar te veel van hulle in die te klein spasie ingebondel is, het Lyla vir Sue gebel. Jo het nie eens geweet Sue het agter haar rug vir Lyla die dood voor die oë gesweer as Jo iets oorkom nie.

By die polisiekantoor is hulle aangekla van dwelmgebruik, maar gelukkig nie van besit nie. Lyla het Jo die hele nag deur beskerm tot Sue haar die volgende oggend daar uitgekry het. Dit was egter nie Lyla se eerste keer nie en sy moes agterbly.

In April, die dag ná Kurt Cobain se selfmoord luidkeels aangekondig is, het Lyla haar polse gesny. Nie horisontaal nie, maar vertikaal. Sy wou seker maak sy volg haar held der helde na sy nirvana.

Jo het eers weke daarna van Lyla uitgevind, want teen daardie tyd was Jo se Rebelle geblus en die slet getem. Sy was deelyds ingeskryf vir 'n kursus in binnehuisversiering. Bedags het sy sagte meublement verkoop in 'n winkel in 'n ander buurt, waar Nan vir haar werk gekry het. Saans het sy gestudeer.

Net wanneer Nan moes laat werk, het Jo vir Jeannie opgepas. 'n Teensinnige babysitter, boonop.

Is dit 'n wonder dat Jeannie so 'n verwarde kind is? En Nan kan gewis nie die skuld kry nie. As dit nie vir Nan was nie, sou Jo seker nooit vir Jeannie as iets anders as 'n albatros om haar nek gesien het nie. Maar Nan het haar geleidelik ingebreek, nie met geweld en verwyte nie, maar met liefde, begrip en oneindige geduld. Jeannie in haar liefderike onskuld het die res gedoen en teen die tyd dat Jo haar diploma gekry het, het sy gemaklik gevoel met die idee om 'n soort ma-suster vir Jeannie te wees.

In 1997 het Nan Jo gehelp om haar eie besigheidjie op die been te bring. Jeannie het goed aangepas in die voorskoolse klassie. Maar dis nie waaroor Jo daardie onheilsjaar sal onthou nie, ook nie omdat prinses Di, toe sy haar naam so grusaam gestand gedoen het, die wêreld in sak en as gehad het nie. Vir Jo sal die jaartal altyd uitstaan as die een toe Wikus van Jeannie uitgevind het. Kastig. Want veel, veel later eers het Jo besef hy het van sy dogter geweet lank voor hy Jo gekontak het. Hy het eers begin omgee toe dit hom gepas het.

Jo druk die kussing oor haar gesig, probeer die beelde en selfverwyty

smoor. Hoe kon sy so onnosel gewees het? Hoe kon sy Jeannie aan soveel onsekerheid blootgestel het? Hoe kon sy Nan se waarskuwings weer eens in die wind geslaan het? Pluk sy nou die vrugte daarvan?

VEERTIEN

Maandag 27 September

Saul het pas klaar geskeer toe die deureklokkie lui. 'n Fronsende blik na sy horlosie bevestig dat dit skaars ná sewe is.

“Pa? Is daar moeilikheid?” vra hy verras toe hy die deur oopmaak en Gideon daar staan, sy grys hare deurmekaar gewaai, 'n gesonde blos op sy wange.

“Kan 'n pa nie by sy seun 'n koffietjie kom bedel sonder dat daar moeilikheid is nie?”

Saul staan terug. “Natuurlik. Kom binne.” 'n Vlugtige blik na die leë straat se kant toe verklap dat sy pa die stywe ent van sy huis af hierheen moes gestap het. Dis seker 'n goeie twee kilometer waarvan die meeste opdraand is.

Gideon gaan sit by die kombuistafel en vee sy silwer hare agteroor. Sy geruite hemp lyk effens gekreukel en die kakielangkortboek ook. En tog lyk hy gesond en op en wakker. Geen teken van oumansboude of love handles nie. Dominee Gideon het homself goed opgepas. Waarvoor ook al.

Saul meet die gemaalde koffie af en skakel die perkoleerder aan. Hy hoop nie die melk is suur nie. Hy het vergeet om te koop. “Pa is vroeg op.” Simpel ding om te sê. Sy pa was nog altyd 'n oggendmens.

“Mooi dag,” is al wat Gideon sê.

Dit is, besef Saul vir die eerste keer toe hy deur die venster kyk. Windstil, en die mis van gister het plek gemaak vir blou lug. Met die perkoleerder aan die prut en die bekers wat regstaan, vou Saul sy arms. “Waaroor het Pa dié keer kom preek?”

Gideon glimlag. “O, daar is inderdaad baie waaroor ek vir jou kan preek, Saul, maar ek het net vir jou kom sê ek tree uit die bediening en tree af. Ek wou hê jy moet dit by my hoor.”

“Pa?” Saul kan hom nie ’n Sondag indink dat dominee Gideon nie op ’n preekstoel staan nie.

“Hoe onmoontlik dit ook al vir my klink, ek word in Januarie sestig. Ek lewer my uittreepreek aan die einde van daardie maand. Ek het egter opgehoopte verlof en is van gister af met vakansie tot en met die uittreepreek.”

“Maar is dit nie te vroeg nie? Wat gaan Pa doen? En wie kom in Pa se plek? Laat Pa nie die gemeente in die steek nie?”

“Jy weet self hoeveel afgetrede predikante hier is. Wat jy miskien nie weet nie, is dat ’n klomp van hulle brand om so af en toe op die kansel te staan en na siele om te sien. Die gemeente sal goed versorg wees tot ’n ander predikant die beroep aanvaar.”

“Maar?”

“Dis so effens vroeg om af te tree, maar ek en jou ma het, soos jy sekerlik weet, sober geleef. Ek het geen skuld nie en ek het ’n gerieflike neseiertjie opgebou wat saam met my pensioen en polisse sal sorg dat ek jou nie in die oë hoef te kyk nie.”

“Dis nie wat ek bedoel het nie en Pa weet dit.” Iets ruk deur Saul se hart. “Pa is nie dalk siek nie?” Nie dit nie. Hy en Gideon sit miskien nie om een vuur nie, maar dis nie te sê dat ...

“Nee, Saul. Bietjie stywerigheid en pyntjies hier en daar, maar nee, ek is nie siek nie. Om die waarheid te sê, ek was nou die dag by die dokter vir ’n omvattende mediese ondersoek en hy reken as alle mans van my ouderdom so gesond was soos ek, sit hy sonder werk.”

“Ek is bly om dit te hoor.” Saul skink die koffie in, ruik aan die melk, maar dit ruik oukei. Hy gee sy pa se beker aan en gaan sit oorkant hom.

“En wat ek gaan doen? Ek gaan lang ente langs die see stap, my kennis van fynbos en voëls uitbrei, leer visvang, weer begin houtwerk doen en ou meubels restoureer.”

Gideon proe aan sy koffie en trek 'n gesig. “Nee, magtig, jong, gee die suiker aan.”

“Skuus, Pa,” mompel Saul. Die suikerpot lewer niks op nie. Hy soek in die kas tot hy op 'n halwe sakkie afkom.

Gideon roer drie lepels suiker in sy koffie voor hy weer na Saul kyk. “Ek verstaan jy probeer steeds Casper se eiendom in die hande kry om daardie spoggerige hotelding daar op te sit.”

“Pa,” sug Saul. Hy is hartlik siek vir die kontingent in Maanschiynbaai wat teen alles vasskop wat na vooruitgang ruik. En dis nie net die afgetrede predikante en ou inwoners nie. Dié gee skaars om wat van Casper se huis word, hulle wil net nie 'n hotel hê nie. Eintlik wil hulle ook nie Hawestraat hê nie. Hulle wil net aankarring soos tien, twaalf jaar gelede toe geen siel 'n tweede keer na die ritse ou vissershuse en visfabriek gekyk het nie, behalwe dalk in afgryse – en hopelik met 'n bietjie skuldgevoel.

Min mense het eens geweet Casper besit die groot huis naby die hawe wat in die vyftigerjare die visfabriekeienaar s'n was, of dat dit Casper was wat in die laat sewentigs die vleuels en torings laat aanbou het en 'n paar jaar later die vervalte geboutjies in Hawestraat gekoop het. En toe kom Casper tien jaar gelede permanent terug van al sy omwandeling oor die aarde heen en begin sy verspote winkel.

Die mense van Bloumond het gedink hy is waansinnig. Wie sal nou na die ou vissershuse toe wil ry om stukke klip te staan en koop? En wie sal mal genoeg wees om nog winkels oop te maak waar daar niemand anders kom as die mense wat die hawe gebruik wanneer die snoek loop nie? Maar feitlik oornag het kunstenaars ingestroom om plekke te huur.

En dis hierdie einste kunstenaars en jongeres wat deesdae behoorlik teen Saul te velde trek omdat hulle Casper se huis sien as 'n simbool wat behoue moet bly. Soos Zach, van alle mense. Hy kan dit nie kleinkry nie. Dis nie asof hy wil wegdoen met Hawestraat nie. Hy wil net die kasarm vervang met 'n boetiekhotel en Hawestraat ordentlik maak.

“Dink jy nie die kunstenaars het rede om ontstig te wees nie?” Sy pa klink so redelik soos altyd. Irriterend redelik.

“Ek dag Pa kom nie preek nie.”

“Net omdat jy dinge anders sien as ek, moet jy jou nie verbeel jy is nie ewe stiksienig nie. 'n Ding hoef nie presies só te wees net omdat jy glo dit

behoort só te wees nie. Vra my, ek het nege en vyftig jaar ondervinding van stiksienigheid.”

“Pa?” Wat op aarde het oor Gideon se lewer geloop?

“Daar was ’n tyd toe jy mense moes ignoreer, Saul. Soos toe jou ma, en jammer genoeg ek ook, jou in ’n rigting wou dwing. Jy het jou eie rigting gekies, weg van die kansel af en argitektuur toe. En dit was goed en reg. Dit weet ek nou. Maar noudat jy ouer is, moet jy die breër spektrum kan sien. Luister ten minste met ’n oop gemoed na ander se standpunte. Moenie wag tot jy so oud is soos ek voor jy agterkom dat oogklappe die vrees net tydelik tem nie. Besef dit neem nie die dinge aan die ander kant van die oogklappe weg nie.”

“Dis Pa se eerste dag van vakansie in jare en Pa begin al klaar inmeng? Behoede my as Pa eers afgetree het.”

“Dit het niks met my vakansie te doen nie. Dis Casper se dood wat my finaal uit die voortydige graf waarin ek myself begrawe het, geruk het.”

“Casper? Casper Calitz? Maar dit het dan vir my gelyk julle baklei soos kat en hond?”

“Ja, ons het, maar so tussen die bakleiery deur het Casper my oë vir dinge oopgemaak.”

“Pa glo nou skielik in Casper se twak?”

“Nee, maar ek maak nie noodwendig alles meer as twak af nie. Ek het geleer om ’n oop gemoed te behou.”

“Pa, dis die eensaamheid wat praat. Ma is al vyf jaar dood. Hoekom trou Pa nou nie maar met tannie Hendrien en kry klaar nie?” In sy lewe het hy nooit gedink hy sal dit voorstel nie, maar dis duidelik dat sy pa die kluts kwyt is.

“Hoekom sou ek dit wou doen, Saul?”

“Pa wil darem seker nie alleen oud word nie,” probeer hy kophou.

“Ek is nie alleen nie. Ek het vir jou en Monique. Vir Donnie. En Priscilla is op haar manier ook goed vir my. Ek is op vriendskaplike voet met Hendrien soos ek met Riekie en ’n verskeidenheid ander mense is. Dis gaaf van Hendrien dat sy my nou en dan na ’n funksie vergesel, maar dis al wat daar is.”

“Maar Pa weet sy wag op die groot vraag. Ek weet Pa kom redelik oor die weg met die huishulp wat sorg, maar ’n man het tog ’n vrou nodig vir meer as koskook en huisskoonmaak?”

“As dit so is dat Hendrien vir die ‘groot vraag’ wag, het ek haar nog nooit aanleiding daartoe gegee nie, Saul. Ek was haar predikant. Ek het haar getrou, haar kind gedoop, van haar familieledede begrawe en ook haar man. Ek sal altyd vir haar daar wees, maar net as oudpredikant en vriend. En jy is reg, kos en ’n skoon huis is nie genoeg nie. Sestig is glad nie so oud soos wat mens dink wanneer jy amper veertig is nie. Nes veertig nie naastenby so oud is as wat mens dink wanneer jy twintig is nie. Ek het maniere aangeleer om my energie anders te kanaliseer, maar ja, met my libido skort daar op die aarde niks nie. Inteendeel. Hendrien is net nie die vrou met wie ek dit wil deel nie.”

Saul kan sy ore nie glo nie. Hy het nie eens aan sy pa se libido gedink nie, net aan ’n gespreksgenoot, iemand om saam met hom na plekke toe te gaan. Iemand om die eensaamheid te verlig. En om aan Hendrien in die konteks van seks te dink is geheel en al makaber. Aan sy pa in daardie konteks ook, as hy eerlik moet wees.

“Saul, maak jou mond toe.”

Saul gehoorsaam onwillekeurig. “Maar hoekom dan nie? Het Ma en Pa se liefde dan so diep geloop? Is daar dan werklik net een groot liefde in ’n mens se lewe?” Behoede hom, hy wil nog baie liefdes in sy lewe smaak. Hoe meer hoe beter.

“Saul, jy is nie meer ’n kuiken nie. Jy is deur ’n huwelik en anderkant uit. Dis miskien nie goed dat ouers te eerlik met hulle kinders is nie, maar ek is moeg voorgegee. Ek het aanvanklik gedink jou ma is die liefde in my lewe. ’n Liewe, rein en vrome meisie wat my ideale en my lewe en my beroep met my kon deel tot die dood ons skei. Ongelukkig is dit net die ‘tot die dood ons skei’ wat uitgewerk het.”

Saul kyk na sy pa asof hy hom die eerste keer sien.

“Jou ma was ’n vrome vrou en sy was, glo ek, ’n goeie ma, maar sy het iets in my versmoor wat nou, vyf jaar ná haar dood, eers weer begin asemskip. Ek is bly jy het nie so lank geneem om iets aan jou ongelukkige huwelik te doen nie. ’n Egskeiding kan ek nie goedpraat nie, maar ook nie ’n huwelik wat ’n klugspul is nie.

“Vir alle praktiese doeleindes het ek en Esther in sonde saamgeleef, want die grondslag van alle heilige wette was nie die grondslag van ons huwelik nie. Daar was plig en daar was beloftes voor God en daar was goeie bedoelings, maar ware liefde was daar nie. Nie eens ’n diep vriendskap

nie. Ons het bitter min gehad om oor te praat behalwe oppervlakkige gemeentegoed.”

“Maar hoekom het julle dan getrou?”

Gideon maak sy beker leeg en kom orent. Sonder ’n kreun of ’n steun, net effens stywer as ’n jong man. “Dankie vir die koffie. As jy nie omgee nie, sal ek in die toekoms nou en dan wil kom inloer sonder om te voel ek maak inbreuk. Maar om jou vraag te beantwoord: Want, my kind, soos jy, was ek jonk en jeukerig. Waar jy die kar voor die perde ingespan het, het ek – net-net betyds – die perde voor die kar ingespan gekry. Maar dit was nog steeds heeltemal te vroeg vir ’n jongman om ingekamp te word. Ek het van die lewe nog heeltemal te min geweet. Van vroue ook. En van myself die minste van alles en almal. Dag, Saul.”

Aanvanklik dink Jo sy sien verkeerd. Dat dit die gebrek aan slaap en die rondrollery van die vorige nag is wat haar ’n drogbeeld laat sien. Of dalk die mistige oggendlig. Maar dis nie ’n drogbeeld nie.

Die goue letters van die embleem agterop haar paneelwa blink steeds, behalwe vir een letter wat doodgekrap en met twee vervang is. Sy lek haar vinger verdwaas nat en probeer die dik swart letters afvryf, maar dit sit waar dit sit.

’n Woede, so fel dat dit haar asemloos laat, swiep deur haar. Sy pluk haar selfoon uit en druk Sue se nommer.

“Ek het genoeg gehad,” gee sy Sue skaars kans om te antwoord. “Jy kan rondslaap nes jy wil, Susannah, met wie en wat jy ook al wil, maar ek weier dat dit my lewe begin affekteer. Jy gaan vertel die bitch vandag nog om haar kloue van ons goed af te hou. En as sy moordgedagtes het, moet sy kom dat ons sien wie wil wie die graagste vermoor.”

“Fok, Jo? Waarvan praat jy? Wat gaan aan?”

Jo kan hoor Sue is nog half deur die slaap, maar daarmee het sy vrede. “Iemand het my paneelwa ook gevandaliseer. As derde keer skeepsreg is, is die vierde keer oorlog. Sorg dat jy hierdie gemors uitgesorteer kry! Dis nie meer net vandalisme nie, dis donnerse stalking.”

“Is die paneelwa ook gekey?”

“Nee. Dis my embleem. ‘Jo’s restaurant interiors’ is onaangeraak, maar ‘Dine divine’ het ‘Swine divine’ geword. In permanente swart ink.”

Jo is nie seker of Sue se snork een van onthutsing of ’n onderdrukte lag

is nie. “As jy lag, vermorsel ek jou saam met die bitch. Die letters kom nie af nie. Ek kan nie so rondry nie en ek het ’n duisend goed om te doen.”

“Jou embleem is ’n sticker, Jo. Trek net die ding af. Jy kan weer een laat maak.”

Hoekom het sy nie self daaraan gedink nie? Omdat sy te ontstig was. Omdat daar te veel goed in haar lewe gebeur. Omdat sy haar doodbekommer oor Jeannie. En oor Nan.

“Jo? Ek weet dis sleg. Mens voel jou menswaardigheid en privaatheid is aangetas. Sorry ek het gelag. Ek sal vandag nog werk maak daarvan om die lover in sy moer te stuur. Maar nou moet jy my verskoon, as ek nie nou gaan pie nie, is dit te laat.”

Dit kos Jo ’n gebreekte wysvingernael, maar uiteindelik het sy die plakker af. Die swart “s” en halwe “w” wat oorgebly het, sal sy later probeer afkry met iets wat hopelik nie die verfwerk gaan beskadig nie. Soos dit is, is die merk waar die plakker was, nou ’n dowwe kol.

Die ergste woede het bedaar, maar onrus bly saam met ergernis in haar gemoed prut. Dis goed en wel om die lover se vrou te verdink dat sy Sue se bakkie sal beskadig, maar die res van hulle? Dit maak nie sin nie.

Hoe gouer hoe beter, besluit Sue toe sy haar tande klaar gevlos het en darem min of meer wakker is.

Coffee House. Tyger. 10vm, tik sy vinnig die SMS, stuur dit ná ’n oomblik se huiwering en spring onder die stort in. Sy moet in elk geval in daardie omgewing wees om ’n kliënt se tuin te gaan herbeplan. Hoeka die New Ager met die labirint wat ’n weerkaatspoel wil hê. Die een wat sy oor Jeannie se “kerk” wil pols. Dus sommer drie vlieë met een klap.

Maar eers die ding met Donald verbykry. Hoekom sy haar in hierdie een begewe het, weet nugter. Hoe kon sy ooit gedink het hy is sexy? Sy gril haar vrek as hy ooit weer aan haar moet raak.

Tog doen sy moeite met haar voorkoms. In elk geval soveel moeite as wat mens kan doen as jy daarna in tuine moet gaan rondgrawe. Haar nuwe wit jeans is dus uit, maar haar swart jeans sal die ding doen al is dit eintlik te nuut vir werksklere. Sy haal ’n wasige wit bloesie uit wat sy weet baie vleierend is. Maar wit in die tuin? Uiteindelik vat sy een van die oorgroot checkhemde waarin sy gewoonlik werk saam en ook haar werkstekkie. Êrens sal sy maar moet verklee, maar vir die geleentheid moet sy fuck-me-

sandale aan haar voete hê.

Sy blaas haar hare met sorg en gee meer aandag as gewoonlik aan haar grimering. Sy haak selfs die diamantoorbelletjies wat ook een van haar lovergeskenke was deur die gaatjies in haar ore. Iets wat sy gewoonlik net vir dates in die aand doen.

Sy frons toe sy na haar selfoon kyk. Nog geen boodskap nie. Sy stuur 'n vraagteken per SMS, maar sy is alreeds by die bakkie voor haar selfoon aankondig sy het 'n antwoord. Sien jou. Dit verras haar nogal dat hy die woorde voluit tik. Gewoonlik beteken 'n kruisie of twee alles is reg, en 'n paar aandagstrepe hy kan nie kom nie. Donald is nie iemand vir SMS'e nie. Hy is ook nie iemand vir veel meer as net seks nie. Slam, bam en die afgelope tyd selfs sonder die thank you, Ma'm. Wat goed is. Sy hou nie daarvan om harte te breek nie. Soos die geval was met die lover wat die oorbelletjies vir haar gegee het. Dit was pynlik vir albei van hulle, net om verskillende redes.

Die verkeer is nie te erg nie en sy is 'n kwartier te vroeg. Gelukkig is daar plek in die rookafdeling. Sy haat die glashokke waarin rokers deesdae gedruk word asof hulle met donnerse melaatsheid geslaan is, maar daar is geen manier dat sy kan sit en wag sonder dat sy rook nie. Nie vandag nie.

Donald, gaan sy vir hom sê, vat jou vrou vanaand uit vir ete. Gaan treat haar ordentlik en dan val jy op jou knieë en vra haar vergifnis oor jy so 'n drol is. Ek weet jy't gesê sy is vaal en oninteressant, dat sy skaars 'n gesprek kan voer en jou voortdurend nag; dat sy enige ander posisie as die sendeling een weier en dan boonop soos 'n zombie verduur wat gebeur, maar sy is jou vrou. En as julle dan waaragtig nie compatible is nie, skei haar en verlos haar van jou, en jy jou van haar. Kinders oorleef egskeidings.

Teen vyf oor tien is Sue se cappuccino klaar en haar tweede sigaret ook, maar daar is geen teken van Donald nie. Sou hy dalk in die nierookafdeling sit en wag? Sy rek haar nek om te sien of sy hom dalk êrens herken, maar die enigste persoon wat haar opval, is 'n girl wat staan en rondkyk voor sy op die glashok se deur afgestap kom.

“Nog iets, Mevrouw?” vra die kelnerin langs Sue.

Lyk dit vir jou of ek 'n donnerse trouring dra, wil Sue die kind skel, maar knik dan net. “Nog 'n cappuccino en 'n glas water, asseblief.”

“Ek maak so.”

“Sue?”

Sue kyk verras op. Die vrou wat sy so pas raakgesien het, kyk haar vraend aan. Sue is seker sy ken haar nie van Adam se kant nie. Sy is nie iemand wat mens gou sal vergeet nie. Modellyf en interessante gesig met stunning geelgoue oë. Hare geknip om te lyk asof die wind daardeur is, blink mahoniebruin in die lig bokant haar kop.

“Ja?”

Sy gaan sit oorkant Sue. “Hallo. Ek is Anita. Donald se vrou. Ek is bevrees ek het jou SMS onderskep. Donald kan nogal nalatig met sy sel wees.” Haar stem is sag, maar van ’n piepstem is daar nie sprake nie.

Sue kan haar net aangaap. Vaal en oninteressant? Hierdie pragtige vroumens wat nog nie naastenby veertig aan haar sexy lyf gevoel het nie? En as hierdie girl doodstil lê terwyl die sendeling sy taak afhandel, vreet Sue Calitz haar gunstelingtuintekkies op.

Sy leun nader toe Sue nie ’n woord kan uitkry nie. “Troos jou daaraan, ek gaan nie in trane uitbars en jou van my arme twee bloedjies vertel wat afgeskeep word terwyl jy met my man rondneuk nie. Ek gaan ook nie probeer verduidelik hoe dit voel om uit te vind jou man het ’n loslappie nodig om hom te vermaak terwyl ek my blaker afwerk om vir my kinders ’n toekoms te bewerkstellig nie. Ek is oor die skok en die trane nadat ek nou die oggend jou nommer gelui het om uit te vind vir wie Donald so gereeld SMS net voor hy vir rukke verdwyn.”

Sy sit terug en bekyk Sue op en af. “Ek is verras. Ek het gedink jy gaan onder dertig en ’n leëkopie wees. Aan die een kant sou dit alles makliker gemaak het. Ek sou jou die kop kon was en bid jy leer ’n les hieruit. Sou kon hoop jy leer om jou hande in die toekoms tuis te hou as dit by ander vroue se manskoms kom. Ek sou Donald se dwaling kon afskryf as manlike menopouse. Maar ek moet sê jy het my so ’n bietjie gefloer.”

“My ding,” kry Sue uiteindelik iets uit, “as ek jou gefloer het, het jy my tussen die vloer en die politoer ingejaag.” Sy is innig dankbaar toe haar koffie kom en dit haar kans gee om asem te skep.

Toe sy weer opkyk, is daar ’n halwe grinnik om die mooie Anita se mond. Teensinnig, maar daar.

Sue laat sak haar oë om suiker oor die skuimkop te sprinkel.

Die goue oë kyk haar takserend aan toe Sue haar ritueeljie voltooi het. “Wil jy hom hê?”

“Gaaf van jou om aan te bied, maar nee, dankie. Ek wou hom juis inlig ons paaie loop vandag uitmekaar.” Sue kan weer asemhaal, weer dink. Nie vreeslik helder nie, maar darem. “En jy? Wil jy hom nog hê?”

“Voorlopig, en net op my voorwaardes. Waarvan een is dat hy jou nie weer sien nie.”

“Pas my uitstekend.”

“Dan verstaan ons mekaar.”

Sue se hand skiet op toe Anita regop kom. “Wag. Net ’n oomblik.”

Anita kyk haar vraend aan.

“Het jy my dalk by twee geleenthede weer gebel ná daardie oggend?”

Anita skud haar kop. “Een keer was vernederend genoeg.”

“En my bakkie?”

Die frons het op haar ouderdom nog nie natuurlike slootjies gekry nie en keep nog halfonwennig tussen die wenkbroue. “Wat van jou bakkie?”

“Was dit jy wat dit gekey het?”

“Gewat het?”

“Gekrap. Reg rondom. Met iets skerps. Soos ’n sleutel. En my ruitveër is ook geknak.”

Sue het nie eens ’n antwoord nodig nie. Verontwaardiging spreek luidkeels uit Anita se gesigsuitdrukking.

“Kyk, Sue, ek weet nie met hoeveel getroude mans jy al rondgeneuk het of wat hulle vrouens al aan jou gedoen het nie, maar ek kan my nie eens indink dat enige mens met ’n greintjie selfrespek so laag kan daal om enigiemand se eiendom te beskadig nie.”

Anita druk haar handsak onder haar arm. “Ek het gedink ek gaan jou haat. En ek wil eintlik, maar al wat ek nou vir jou kan voel, is jammerte. Dis hartseer dat ’n vrou soos jy geword het wat jy is. Ek hoop jy sien een of ander tyd die lig en besef jy verdien soveel meer as wat jy jouself klaarblyklik wil wysmaak. Bye, Sue.” En daarmee stap sy weg asof sy ’n laaistok gesluk het.

Hoe lank Sue haar met ’n snaakse pyn in haar binneste sit en agternakyk het, weet sy nie. Net dat dit baie lank was, selfs lank ná Anita al by die koffiewinkel uitgestap het.

“Mevrou?” Die kelnerin ruk haar uit haar stupor en kyk vraend na die cappuccino wat intussen koud geword het.

Sue steek met bewende hande ’n sigaret op en wink die kelnerin met haar

wysvinger nog nader. “Rooikappietjie, bring vir my ’n Irish Coffee.
Sonder koffie, suiker of room.”

“Maar ...”

“Jy wil nie dat die tante die wolf op jou sit nie, wil jy?” En ek voel soos ’n tante, besef Sue toe die meisiekind met ’n effens verwilderde uitdrukking op haar gesig wegstap. Ja, soos ’n baie, baie ou afgeleefde en opgebruikte tante.

VYFTIEN

“Die goed is ongelooflik duur, Nan.” Jo weet sy klink so moedeloos soos wat sy voel. “Kyk hier. ’n Doodgewone kraan met ’n swaai kop vir die opwasbak in die kombuis.” Sy druk met haar stukkende nael op die pryslys. “En dan praat ek nie eens van wat vier nuwe toilette ons gaan kos nie. Of stortkrane en -koppe. Of wasbakke. Of ’n nuwe bad.” Sy gooi haar hand moedeloos in die lug.

“Zach sal miskien bouersafslag kan kry.” Dit lyk nie of Nan se aandag ten volle by die gesprek is nie.

“Waarskynlik, maar kontrakteurs sit hulle winspersentasie by en dan betaal mens nog steeds meer as wanneer jy die goed self aankoop.”

Nan knik. “Maak dan net eenvoudig jou lys, kom by ’n totaal uit en dan vergelyk ons dit met Zach se kwotasie. Vra hom vir ’n gespesifiseerde een. Het jy al ’n afspraak met hom gemaak?”

Jo skud haar kop.

Nan kyk haar vraend aan.

“Twee redes. Eerstens Zach. Nan, hy is ’n kroegman. Hoe weet ons of hy weet wat hy doen?”

“En die tweede rede?”

“Ek wil nie vir Jeannie alleen los nie. Nie met die susters hier in die omtrek nie. Sy het nou wel gesê sy gaan nie weer na daardie danige kerk

toe nie, maar ek weet self hoe maklik vriendinne mens kan ompraat om iets teen jou beterwete te doen. As ek hier is, kan ek darem monitor wat aangaan.”

“Jo, jy kan ook nie jou kom en gaan heeltemal op ys sit nie. Ons moet weet waar ons staan en so gou as moontlik. Dit help nie ons betaal vir maande lank aan ons woonplekke hier met geld wat ons in die kasarm kon gestee het nie. En met daardie vandaal in die omtrek, is dit dalk beter as jy hier wegkom. Die paneelwa is die nuutste en duurste van al ons voertuie. Ons kan dankbaar wees dit was dié keer net ink en nie ook krapmerke soos op Sue se bakkie nie.”

“Sue sou die lover vanoggend afgesê het. Hopelik kry die karreding nou einde.” Dit bekommer Jo eintlik meer dat Nan so stil en ingedagte is.

“Klaarblyklik het die vrou self opgedaag en Sue sê sy is allermins ’n bitch en dit was beslis nie sy wat die skade aangerig het nie.”

“O, my aarde. Dit moet nogal ’n ding afgegee het?” Jo kan haar die tafereel wat afgespeel het, net indink.

“Sue het nie uitgewei nie. Sy het net baie af geklink. En sy het gesê sy gaan dalk vanaand nog by jou verby ry.” Nan kom orent. “En wat Zach betref, gee hom ’n kans. Die Vliegende Hollander lyk nie vir my na ’n sleg stuk werk nie. Kyk waarmee hy vorendag kom en hoor wat hy sê. Jy sal gou agterkom of hy weet waarvan hy praat. Nog koffie?”

Jo skud haar kop. “Ek moet huis kry. Dis al amper sesuur. Ek wou net vir jou die pryslyste wys sodat jy weet waarvoor jy jou inlaat. En ek wil nie vir Sue misloop nie.”

Nan stap saam met haar buite toe. “Jo, ek wil nie weet van honderd rand hier of daar nie. Gee vir my die totale bedrag. En maak ’n afspraak met Zach. Dis ’n beginpunt. En ek is seker Sue sal na Jeannie kan omsien. Miskien is sy in elk geval ’n beter opsie as ek of jy. Soos jy gesê het, Sue het ’n slag met haar.”

Jo skuif agter die stuur in en draai die venster oop. “Jy dink nie meer Sue is sertifiseerbaar nie?”

Nan grinnik. “O nee, sy is, maar Jeannie is ook en dit maak van hulle ’n goeie kombinasie.” Sy leun met haar elmboë op die ruit. “Destyds met jou rebellie was dit ook Sue wat sekere waens beter deur die drif kon sleep as ek.”

Jo vou haar hand oor Nan s’n, sien vir die eerste keer dat klein

ouderdomsvlekkies hulle op die plomperige hande tuisgemaak het. “Ons is ’n span, Nan. Die vier van ons. Sue het nie bedoel wat sy gisteraand gesê het nie.”

“Sy het. En miskien is sy reg. Miskien is dit omdat ek nie met julle oor die praktyk van seks en seksuele verhoudings wou praat nie dat gebeur het wat gebeur het. Maar jy sien, Jo, ek kon nie praat oor iets waarvan ek boggherol geweet het nie.”

“Nan ...”

Nan skud haar kop en staan terug. “Ry nou. Ek het nog ’n wavrag werk om voor Vrydag af te handel.”

Jo wil uitspring en haar ma teen haar vasdruk, maar sy kan aanvoel dit sal Nan eerder in die verleentheid stel as wat dit haar sal help.

“Oukei, ek sal jou op die hoogte hou. Sluit jou deure.”

Nan lig haar hand in ’n groet, die tuinhek kerm agter haar toe en Jo hoor die voordeur oop- en toegaan. Sy voel ineens na aan trane. Weet Nan dan nie dat hulle sonder haar verlore sou wees nie?

“Werk jy nie vanaand nie?” is Sue se weergawe van ’n groet toe sy inkom en Jeannie met ’n kookboek op haar skoot sien sit.

“Hallo? Dis Maandag. My af dag.”

Waaroor Jeannie in so ’n bui is, weet g’n mens nie. Sy het Jo skaars gegroet toe sy tien minute terug hier aangekom het. Sue lyk ook nie haar sprankelende self nie. Sy gooi net haar slingersak op die bank en syg langsaan neer.

“Ek ruik nie kos nie?” vra sy en stut haar kop teen die rugleuning.

“Ek wou kerrie-en-rys maak, maar hier is nie mince nie, nie hoender nie en beslis nie skaapvleis nie. En die groente is verlep,” antwoord Jeannie grimmig. “Ons is mos deesdae armlastiges.”

“Daar is niks fout met die groente nie. Die sell-by-date was gister. Week dit net in ’n bietjie soutwater,” probeer Jo haar humeur behou. Jeannie se verwyt oor die gebrek aan vleis in die huis hou nie water nie, sy is die afgelope vier maande streng vegetaries, maar Jo het inderdaad weer vergeet om voorraad te kry. En dit was ook nie net vergeet nie. Sy is doodbang sy staan in die ry en haar kaart gaan nie deur nie.

“En hoeveel voedingskrag dink jy is oor? En dan praat ek nie eens van smaak nie. Mens kan nie ordentlike kos maak van vrot ...”

“Shut up, Jeannie. Jy klink soos ’n stout kind. En ’n bedorwe brok daarby.”

Jeannie kyk Sue gebelg aan. “Wat het oor jou lewer geloop?”

Sue vat haar sleutels raak en gooi dit vir Jeannie voor sy regop kom en haar kredietkaart uit haar sak grawe. “Vat my bakkie en gaan koop vir ons pizzas. En ek deel nie. Elkeen sy eie een.” Sy hou die kaart na Jeannie toe uit.

“Maar ek kan nie teken daarvoor nie.”

“Al teken jy as Osama bin Laden, sal niemand agterkom nie. Trust my. Toe, scram.”

Jeannie kyk haar vertwyfeld aan. “Jy wil net met Jo praat waar ek nie by is nie.”

“Ek is honger en ek wil ’n pizza hê, oukei?”

“Ekskuus ek leef. In daardie geval sal ‘asseblief’ dalk die aangewese ding wees om te sê.”

Sue sak weer terug teen die kussings. “Asse-fokken-blijf, Johannatjie.”

Jeannie trek ’n gesig, maar maak dan tog haar boek toe en staan op. “Ons kan Mr Delivery bel en laat aflewer ook, antie Susan, maar laat ek liever uit hierdie onweersvibes ontsnap. Jy soek seker weer bacon op jou pizza? Ongeag hoeveel arme otjies hulle lewe moet opoffer.”

“Gerookte ot, avo en spinasie ook. En feta. En ekstra mozzarella.”

Jeannie rol haar oë voor sy vraend na Jo kyk.

“Dieselfde as Sue, maar sonder die ekstra mozzarella. Dankie, Sue. Dankie, Jeannie. En vat jou selfoon saam.”

Jo is verras dat die deur nie agter Jeannie toeklap nie. “Wat hét oor jou lewer geloop?” vra sy toe sy die bakkie hoor wegtrek.

“Twee goed.” Sue staan effens moeisaam uit die rusbank op. “Kombuis.” Sy loop vooruit, maak die venster oop en haal die asbak uit die besemkas voor sy haar tuismaak op een van die langbeenstoele. “Wyn?”

“Net ’n bottel Tassies.” Laat Sue tog maar begaan met die rokery, besluit Jo. Miskien help dit haar bedaar.

“Tassies? My, my, maar ons ís besig om af te skaal.” Sue steek haar sigaret aan.

“Niks fout met Tassies nie. ’n Paar honderd duisend studente kan nie verkeerd wees nie. Maar dit is, moet ek erken, eintlik Jeannie se kookwyn.” Jo haal die bottel uit die wynrak en kry glase. “Nan sê die bitch

het opgedaag pleks van die lover.”

“Nan praat te veel. En die girl is nie ’n bitch nie. Allesbehalwe. Sy is gorgeous en in alle opsigte – behalwe haar keuse van ’n man – hoogs intelligent. En heluit classy. Dis nou benewens braaf. Dis net ’n baie dapper girl wat sal doen wat sy gedoen het. En dan is sy boonop nice. Of ek neem aan sy is gewoonlik nice as sy nie met die tert praat wat by haar man slaap nie.”

“Sue?”

“Die bottom line is, dit was nie sy wat my bakkie gekey of julle karre bygekom het nie. En dit is die einde van hierdie onderwerp. Wat my bring by die rede waarom ek Jeannie weggestuur het toe ek sien daar’s ’n gap.” Sy neem ’n groot sluk wyn. “Sappho.”

Jo gaan sit toe haar knieë skielik lam word.

Sue se selfoon onderbreek hulle. Sue rol haar oë toe sy na die naam kyk. “’n Klant. ’n Baie puntenerige een wat my nou weer oor allerhande goed gaan uitkak.”

Sue stap buitentoe en maak die kombuisdeur agter haar toe.

’n Onheilige voorgevoel laat Jo vinniger aan haar Tassies drink as wat goed is vir haar. Sue het iets verskrikliks uitgevind, maak sy haarself wys. Wat dit ook al is, dis haar straf vir haar rebellie destyds. Toe sy niks van Jeannie wou weet nie. En haar straf vir die ondeurdagtheid waarmee sy haar in ’n huwelik met Wikus begewe het.

Dit voel asof Sue ’n ewigheid wegbly voor sy weer inkom. “Ou drol. Gelukkig darem nie ’n krisis nie. Ons was laas by Sappho.”

Sy gaan sit weer. “Linda, die labirintgirl van wie ek jou vertel het? Ek het haar tuin vanoggend gaan herbeplan en haar voor die tyd ’n bietjie gepols. Sy het niks van Sappho geweet nie. Ek bedoel nou die een met wie Jeannie te doen gekry het. Toe ons klaar die voorlopige tuinplan bespreek het, het sy gesê sy het Sappho op die internet gaan opkyk terwyl ek buite besig was en toe ook ’n paar kennisse gebel. Kan jy glo mens kry nog sulke nice mense?”

Jo antwoord nie die retoriese vraag nie, voel net die spanning in haar stywer trek.

“Anyway, sy het uitgevind daar is ’n kultus met die naam Maidens of Sappho. Hulle glo die einde van die aarde is naby. Wat nie nuus is nie. Hierdie soort apokaliptiese groepe skiet deesdae op soos paddastoele na ’n

reënbui. Maar Maidens of Sappho se weergawe is tog anders. Dis eintlik 'n Amerikaanse sekte – surprise, surprise – en Moeder Sappho het haar kerk of wat ook al êrens naby Seattle. Glo 'n helse uitgestrekte stuk aarde met lokale en goed waar haar volgeling lesings kry en dies meer. Al skatryk geword uit die hele storie ook – nog 'n surprise, surprise. In elk geval, ondergeskikte Sappho's word ook daar opgelei en ná hulle opleiding oor die uithoeke van die aarde uitgestuur om die boodskap te verkondig.” Sue skep asem terwyl Jo na hare soek.

“Linda kon nie veel meer uitvind nie. Sy het gesê daar is eintlik min op die internet en haar kennis is nie vertrouwd met die detail nie. Sy het egter belowe sy sal my laat weet as sy enigiets anders hoor. Maar, en hier lê my groot kommer, dit is sonder twyfel 'n lesbiese groep met baie, baie weird idees. Onder meer het hulle 'n ding oor maagde.”

Jo kan haar net oorbluf aankyk. Sue gaan sekerlik nie vir haar sê die soort ding floreer hier onder hulle neus nie, en dat Jeannie ... “Maagde? Sue, jy kan nie ernstig wees nie.”

“Ek is ernstig.” Sue teug diep aan haar wyn asof sy krag daaruit put. “Ek hou nie hiervan nie, Jo. Soos in glad nie. Daai susters is bad news, mark my words.”

“Maar ...” Jo kry nie een van haar duisend vrae geformuleer nie.

“Wie het Jeannie oorreed om 'n eed van kuisheid af te lê?”

“Die susters,” antwoord Jo met 'n hart wat in 'n pruimedant verander het. “Wel, nie oorreed nie. Hulle het al drie saam besluit. Soos ek dit verstaan.”

“Was dit 'n soort seremonie of wat?”

“Ek weet nie. Jeannie het net gesê hulle het besluit om die eed af te lê. Ek het nie uitgevra nie en sy praat nie vreeslik uit nie. Seker omdat sy weet ek het my bedenkinge oor die susters. Maar hoekom maagde? Ek bedoel dis mans wat 'n ding het oor maagde, hoe kan dit vir vroue, vir lesbiërs ...”

Sue lyk ernstiger as wat Jo haar in 'n lang tyd gesien het. “Jo, ons praat nie van 'n klompie gewone girls wat agtergekom het hulle is nie heteroseksueel nie. Ons praat van nutcases.”

Jo kan nie 'n woord uitkry nie. Sy wens Sue het haar nie vertel nie. Sy wens die susters en die bedreiging wat hulle inhou, kan net verdwyn.

“Een troos is dat Jeannie darem nie heeltemal 'n pushover is nie. Maar sy is wel onskuldiger en naïewer as wat ek gedink het. En dit kan haar

downfall wees. As jy wil, kan ek die situasie aan haar verduidelik. Die susters, en by implikasie Sappho, het nog nie eens die voorste puntjies van hulle kloue in Jeannie geslaan nie. En hulle gaan nie maklik laat los nie. Jy kan jou sekerlik indink wat 'n skaarste daar aan ware maagde is, laat staan mooies soos onse Jeannie.”

Jo is steeds nie in staat om orde te skep uit wat sy gehoor het nie. Dis tog onmoontlik.

“Die tyd vir soetjies trap is verby, Jo. Of Jeannie nou wil luister of nie, jy sal haar moet belet om die susters te sien of haar ten minste hier wegkry. So gou moontlik.”

Hulle kyk na mekaar toe 'n kardeur buite toeslaan.

Sue suig haar asem in en skud haar kop. “Jo, ek sien nie kans om vanaand met Jeannie te praat nie. Ek glo nie dit sal wys wees nie. Ons is albei te upset om dit reg te doen.”

Jo kry net kans om te knik voor die voordeur oopgaan en Jeannie saam met die ryp geur van pizzas wat haar omgewe binnekom.

“Het julle baklei?” vra Jeannie nog voor sy die bokse op die toonbank neergesit het. “Ga, dit stink hier,” vervolg sy met 'n opgetrekte neus. “Ek dag Sue mag net hier binne rook as sy babelleer?”

Die normaliteit van haar reaksies bring Jo uit haar dwaal. “Sue het haar lover padaf gestuur. Sy is nog ontsteld. Kom ons wees nice met mekaar vanaand. Kry kleinbordjies en servette, Sue, ons eet sommer hier. Ek moet net gou 'n oproep gaan maak. Ek is nou terug.”

Jo is nie seker hoe nie, maar haar bene dra haar sitkamer toe waar haar handsak lê. Sy gryp haar selfoon en kry die nommer uit haar beursie voor sy behoorlik buitetoë vlug. Sy haal eers 'n paar keer diep asem. Dis asof sy van binne en buite besmet voel van bese intensies. Bese intensies wat haar maagdelike kind in hulle fokus het.

Al waaraan sy kan dink, is dat Sue reg is. Sy sal Jeannie so gou as moontlik hier moet wegkry sonder dat dit te opvallend lyk. Sodat hulle mekaar weer kan vind. Herstel wat die afgelope maande verbreek het.

Eers toe sy min of meer haar ekwilibrium gekry het, skakel sy die nommer.

“Zach, halo?”

“Zach, dis Jo Calitz.”

“Hei, Jo. Bly jy bel. Ek hoop nie jy gee om nie, maar ek was toe na jou

huis toe. Net buite gekyk, natuurlik, maar ek dink daar is hoop.”

“Dis hoekom ek bel, Zach. Ek wil jou graag daar ontmoet dat ons by ’n kwotasie kan begin uitkom.”

“Enige tyd behalwe Vrydae, Saterdag en Sondag. Dis nou tot ons kontrak maak.”

“Môre?”

“Môre is reg. So elfuur?”

“Sien jou dan.”

Met ’n sug van verligting maak sy die foon toe. Jeannie gaan aapstuipe kry, maar dis nou maar net tot daarnatoe.

“Ek kan nie net my skofte aanhou skuif nie! Ek gaan gefire word!” is dan ook haar eerste reaksie.

Jo is bly sy het gewag totdat Jeannie reeds haar gebruikelike maksimum van twee stukke pizza geëet het, want sy skuif dadelik haar bord eenkant toe.

“Jy’t gesê jy laaik die plek. Nou wil jou ma gaan kyk of daar enige moontlikheid is dat julle wel daar kan gaan bly en nou moan jy ook. Hoe het ek dit met jou?” Sue draai stringe mozzarella om die soveelste skyf pizza en neem ’n groot hap. Waar Sue dit in daardie skraal lyf bêre, weet g’n mens nie.

“Dis fabulous, maar hoekom moet ek saamgaan? Jo kan gaan kyk en dan kom sê. Buitendien, hoekom is dit nou dalk moontlik terwyl dit net ’n week gelede toe ek dit voorgestel het, totaal en al onmoontlik was om daarheen te trek?”

“Nan kan ons dalk help. Dis ’n lang storie. Ek sal verduidelik op pad daarheen. Jy sal jou skofte vir die res van die week moet kanselleer. Tot volgende Maandag.”

“Die res van die week? En die naweek ook? Het jy op jou kop geval? Ek het môre net een skof, maar Woensdag en Vrydag het ek twee en die naweek ... Jy weet hoe lyk my rooster!”

“Ek het hulp nodig, Jeannie. Ek moet die meubels uitsorteer en alles.” ’n Doodse moegheid daal oor Jo neer. Sy het dit net nie in haar om meer oortuigend te klink nie.

Jeannie kyk haar ’n oomblik lank stip aan. “Nee.” Sy spring op. “Nee, dis nie waarom dit gaan nie en nee, ek gaan nie saam nie. Ek kan nie

bekostig om my werk te verloor nie. En ek het die geld nodig. Ek het 'n stel sjefmesse bestel en die goed is ongelooflik duur." Sy skud haar kop, haar oë die ene beskuldiging. "Jy vertrou my nie. Jy is bang ek gaan weer na daardie kerk toe. En dit nadat ek vir jou gesê het ek gaan nie. Ek is nie stupid nie. Ek het gesien hoe julle skrik toe ek in my onnoselheid eerlik was met julle. En jy, Sue, is net so deel daarvan as Jo."

"Jeannie," probeer Jo keer, maar dit gaan nie help nie, dit kan sy sien. Hulle het vergeet onskuld is nie gelyk aan 'n gebrek aan intelligensie nie.

"Dis hoekom ons kastig nie vir Mr Delivery kon bel nie. Ek was reg, julle het agter my rug geskinder en besluit die susters is ... is wat ook al. En hulle is nie. Hulle is my enigste twee vriendinne in 'n wêreld waar mense soos ek behandel word asof ek varkgriep onder lede het en almal sal aansteek as hulle net met my praat. Dink julle dis lekker om 'n neurotiese freak te wees? En dan nog 'n hele familie freaks ook te hê?"

"En die susters is nie freaks nie?" vra Sue lakoniek en maak haar wyn klaar.

"Dalk, maar hulle is ten minste nie slette nie."

Die stilte hang soos pas gestolde glas in die lug. Jo verwag 'n daverende verbreking daarvan, maar Sue staan net op en hou haar hand uit vir Jeannie. "My kredietkaart, asseblief, Jeannie," sê sy heeltemal te besadig.

Jeannie se gesig is ineens bloedrooi. "Sue."

Sue hou net haar hand nader in antwoord. Jeannie haal die kaart uit haar roksak en sit dit in Sue se hand neer.

"Ek is jammer, Sue. Ek het dit nie bedoel nie."

Sue kyk haar stil aan, bleker as wat Jo haar al ooit gesien het. "Jy het, Jeannie. Moet nooit eerlikheid, hoe voortvarend en wreed ook al, agterna met leuens bevark nie." Sy draai na Jo en gee vir haar die kaart. "Ek is nog kredietwaardig. Jy sal uitgawes hê."

"Sue, ek kan nie," begin Jo protesteer, maar Sue val haar in die rede.

"Jy kan. Ek is voorlopig nog oukei."

"Sue, asseblief, ek is régtig jammer." Jeannie se stemmetjie is yl.

"Dis oukei, Doringrosie. Maar jy moet weet, daar gaan 'n tyd kom dat jy sal moet kies tussen ons en die susters. En ek weet jy gaan my nie nou glo nie, maar hulle is evil. En wanneer jy dit uitgevind het, sal ons slette nog altyd vir jou daar wees."

"Maar jy ken hulle nie eens nie!"

“Ek ken hulle soort, Gouelokkies.” Sue vee ’n haarsliert uit Jeannie se gesig. “Iemand het vandag vir my gesê ek verdien soveel meer as wat ek myself wysmaak. Sy was reg. Dit geld ook vir jou.” Sy draai na Jo. “En vir jou.” Sue tel die bakkie se sleutels van die toonbank af op en kyk na hulle met oë wat vol hartseer sit. “Ons is nie nét produkte van waar ons vandaan kom nie. Ons is ook, en veral, voorafskaduings van dit waarheen ons op pad is. En daaraan kan ons ten minste iets doen.”

Jeannie bly soos ’n standbeeld staan tot die geluid van die bakkie se enjin opgeslurp is deur die groter geluid van die verkeer voor sy stadig na Jo draai. “Ma?”

Jo hou haar arms oop, ontvang haar kind se rukkende lyf en vou dit in haar arms toe. Dis voorlopig al wat sy kan doen. Nan is verkeerd. Calitz-girls mag huil.

Die pizza saam met die Tassies en die holier than thou klein stront se woorde bots en kolk op die krop van haar maag en kook as sooibrand in haar keel op toe Sue haar woonstel binnestap. Aan die een kant is sy lus en laat die kind haar eie kaiings uitbraai. En sy sou dalk, as die saak nie soveel ernstiger is as wat sy aan Jo laat blyk het nie.

Maar sy het geweet Jo sal heeltemal uitfreak as sy die res moet hoor. As Jo moes hoor die Sappho-maagde berei hulle voor op ’n wêreld ná die oordeelsdag. ’n Wêreld waarin daar geen mans sal wees nie omdat mans nie aan die geestelike vereistes voldoen nie, soos Grootmoeder Sappho dit by monde van die Oppermoeder van die Heelal verneem het.

Die enigste mense wat die oordeelsdag kan oorleef, is vroue wat óf lesbies is, óf afstand doen van alle heteroseksuele kontak en ingesteldheid, en hulle geestelike maagdelikheid herwin.

Dié wat nie meer fisiek maagde is nie, se maagdelikheid word sjirurgies herstel, maar ware maagde word as ongekontamineer beskou en net hulle kan die hoogste sport van die Maidens haal. Daar is glo ’n hele hiërargie binne die organisasie.

Ondanks die erns van die saak kan Sue nie help om te grinnik toe sy op die rusbank neersak nie. Dink net. ’n Hele wêreld met nie ’n enkele man in sig nie. Op hierdie oomblik klink dit nogal na ’n uitstekende gedagte, maar dis skrikwekkend dat mense in sulke waansin kan glo. En nog erger dat iemand soos Moeder Sappho die flagrante vermetelheid het om sulke

goedgelowigheid uit te buit.

Presies hoe hulle van plan is om voort te plant, is nog duister, maar daar is alle aanduidings dat potensiële lede van buite gewerf word, of hulle nou lesbiërs is of nie, en geleidelik gebreinspoel en “opgelei” word in die weë van Sappho.

Miskien moes sy Jeannie aan daardie maer skouertjies beetgekry het, haar geskud het soos sy lus was om te doen, maar sy twyfel of Jeannie regtig weet waarvoor sy haar ingelaat het. Sy twyfel of Jeannie eens weet van die kastige nuwe wêreld ná die oordeelsdag. Sy hoop in elk geval nie so nie, want as Jeannie haar hart kan oopmaak vir sulke twak, is sy permanent van Sue Calitz se prayer list af. As sy ’n prayer list gehad het.

Maar as sy een gehad het, sou Jeannie, Jo en Nan se name boaan gestaan het. Met Jo s’n heel bo. Help asseblief dat ek kan vergoed vir wat ek aan Jo gedoen het, sou sy gebid het. Met meer as ’n kredietkaart. Met meer as wat ek op die oomblik kan doen. En maak Jeannie se oë oop, ook en veral ter wille van Jo. Want Jo het al swaar genoeg gehad.

Maar sy kan nie bid nie. Sy durf nie. Daarvoor is sy inderdaad te veel van ’n slet.

SESTIEN

Dinsdag 28 September

Teen agtuur het Jo al tien keer die foon opgetel om Zach te bel en die afspraak te kanselleer. Elke keer is dit Nan se stem wat haar keer: Ons moet weet waar ons staan en so gou as moontlik.

Maar hoe kan sy Jeannie hier los? Juis nou?

En wat help dit om te bly? Jeannie kom en gaan die afgelope jaar soos sy wil. Jo weet in elk geval helfte van die tyd nie of Jeannie is waar sy sê sy is nie en sy het nog nooit rede gehad om daaroor te wonder nie. Solank Jeannie haar laat weet sy gaan laat wees of oorslaap, het sy haar haar vryheid gegun. Jeannie is verantwoordelik. Of so het Jo altyd gedink.

“Jy sal moet pak as jy elfuur op Maanschijnbaai wil wees.” Jeannie staan in die deur en beduie na die leë koffer op Jo se bed.

“Ek dink ek moet maar kanselleer,” sug Jo.

“Dan weet ek vir seker jy vertrou my nie. Maar maak wat jy wil.” Jeannie draai om en stap weg. Jo hoor die badkamerdeur in die gang toegaan.

Jo volg haar en gaan staan voor die toe deur. “Jeannie, wil jy nie maar saamkom nie? Asseblief?”

In antwoord hoor sy die elektriese tandeborsel aangaan.

Jo maak haar oë toe en stut haar voorkop in haar hand. Vaderweet, sy is

lus en stamp die deur oop, trek Jeannie oor haar skoot en gee haar haar eerste afgedankste loesing.

Die prentjie wat voor haar opdoem, is te absurd om nie daarvoor lag te kry nie. Al is dit maar 'n suurderige en baie flou glimlaggie. Sy kan haar net indink hoe Jeannie sal reageer. Sal haar waarskynlik van aanranding gaan aankla.

Jo hoor haar selfoon lui en draf terug slaapkamer toe. "Is jy al gepak?"

"Hallo, Sue." Jo kyk na die leë tas. "Nog nie. Ek weet nie wat om te doen nie. Ek dink ek gaan maar kanselleer."

"Twak. Ek sal seker maak Jeannie is oukei. Sover ek kan. Wat net sover is as wat jy sou kon. Ek sal vanaand met haar probeer praat. Dinge tussen ons uitsorteer. En vir haar die internetgoed gaan opsoek, uitdruk en wys. Sommer oorslaap ook. Laat dit aan my oor. Dus, kry jou gat in rat."

"Jy is 'n engel."

"In die bed ja, elders nie juis nie. Laat weet hoe dinge afloop. Bye."

Jo begin skarrel. Gooi 'n klompie klere sonder veel oordeelkundigheid in die tas, kry die opblaasmatras, 'n kussing en beddegoed uit die gangkas. Sy slaap wraggies nie op Casper se vrot bed nie. Koffie en tee en goed kan sy op pad daarheen kry. Êrens aan die begin van Hawestraat het sy 'n KwikSpar gesien. Sy raap en skraap 'n paar skoonmaakgoed bymekaar en onthou 'n besem. Terwyl sy stort, probeer sy tred hou met watse badkamergoed alles moet saam. Kamera! onthou sy. Laas het die weer nooit genoeg opgeklaar om foto's te kon neem nie. Op die laaste nippertjie onthou sy 'n flits en gebottelde water.

In die kombuis haal sy twee van die laaste drie honderdrandnote wat sy getrek het uit haar beursie en sit dit by die groentee waar Jeannie dit sal sien.

"Dis nie nodig nie. Ek het nog kontant." Jeannie het haar vaalste en vormloosste rok aan. Haar oë is rooi gehuil.

"Dis oukei. Ek het ook nog." Honderd rand gaan haar dalk nie ver bring nie, maar sy lieg ten minste nie. Gelukkig is die paneelwa se brandstoftenk vol.

"Dit gaan slegter as wat jy wil sê, nè? Met geld bedoel ek." Jeannie skakel die ketel aan en gooi 'n sakkie groentee in 'n beker.

Jo wil dit eers ontken, maar sug dan. "Dit gaan nie finansiëel goed met ons nie, nee. Gelukkig kon ek ons huur vir volgende maand betaal en met

die eienaar ooreenkom om wat agterstallig is af te betaal, maar my kredietkaarte is uitgemax en ek het agt maande laas geld ingekry. Wat daarvan oor was, is nou feitlik daarmee heen. Nan gaan ons help, maar ek wil nie lol voor haar pakket uitbetaal is nie.” Jeannie hoef nie te weet sy skuld Nan alreeds ’n aardige sommetjie vir haar skootrekenaar nie. Wat haar laat dink, dié moet ook saamgaan.

“En jy het niks weer van Con gehoor nie?”

“Niks nie.”

Jo kyk hoe sy die hoeveelheid heuning wat in haar beker drup streng met die oog afmeet. “Ek hoop nie ek is ooit so onnosel nie.”

Jo kan amper hoor hoe iets in haar binneste meegee. Dit voel soos ’n ribbebeen wat losspring en in haar hart druk. “Jeannie, ek sal dit waardeer as jy so nou en dan onthou ek is jou ma en nie jou speelmaat nie. Ek is onderdeurgespring en ja, ek het ’n fout gemaak. ’n Hele paar. Maar as jy reg onthou, het ek nog altyd vir jou gesorg en ek is van plan om dit aan te hou doen tot jy gekwalifiseer is. Hoe ek dit gaan doen, sal afhang van wat ek vandag by die kasarm uitvind. As Nan nie kan bekostig dat ons die huis regmaak nie, kom ek terug en kom soek dadelik werk – enige werk. As Nan besluit ons gaan voort met die kasarm, gaan ons van haar afhanklik wees vir ’n ruk, maar net totdat ek ’n ander plan kan maak.

“Glo my, ek is al deur erger krisisse as hierdie een en het nog altyd aan die ander kant uitgekom. Ek sal weer, met of sonder jou ondersteuning, maar dit sal baie nice wees as dit met is.”

Jeannie skink die kookwater oor die tee en speel jojo met die sakkie tot dit sterk genoeg getrek het voor sy opkyk. “Kom daar ’n tyd dat mens ophou foute maak?”

Vir ’n oomblik weet Jo nie wat om te antwoord nie. “Ek glo nie,” sug sy, “maar ek dink die idee is dat mens uit elkeen leer en ’n beter mens probeer word.” Sy weet dis ’n cliché, dat sy pedanties klink, maar dis al wat vir haar sin maak.

Jeannie proe aan haar tee en sit die beker neer. “Jo, ek weet jy’s my ma. Ek weet jy doen jou bes. En ek verstaan dat mens foute maak. Maar dit help nie jy besef alle mense maak soms droog en dan wil jy probeer keer dat ek foute maak nie. Hoe gaan ek leer as ek nie my eie flaters maak nie?”

Dis Jeannie wat voor haar staan, maar dis ’n vreemde grootmens wat uit haar mond praat. Of nie vreemd nie. Dalk net die voorbode van die vrou

wat sy op pad is om te word.

“Ek sal oukei wees, Jo. Nie omdat ek so oulik is nie, maar omdat ek vir julle het. Vir jou en Sue en Nan. Omdat ek weet julle is lief vir my. En omdat ek vir julle lief is. Of ons nou ’n spul freaks is of nie. En as ek moet kies tussen julle en die susters, kies ek julle. Maar ek hoop julle vertrou my genoeg om my toe te laat om self te besluit of ek regtig hoef te kies.”

Vir ’n oomblik lank bly hulle net stil na mekaar kyk. Uiteindelik kom Jeannie nader en slaan haar arms om Jo se lyf. “Jy moet ry. Dis amper tienuur.”

Die afskeid was meer as ’n tot weersiens, weet Jo teen die tyd dat sy die kronkelende seepad verby Gordonsbaai aandurf. Sy het nie net vir ’n paar dae afskeid geneem van haar kind nie. Die kind bestaan nie meer nie. Sy is oorgeneem deur ’n jong vrou wat nie heeltemal aan Jo bekend is nie. Enersyds is dit skrikwekkend, andersyds moes sy seker verwag het dit gaan gebeur. Maar nou al? Jeannie is nog nie eens ’n jaar uit die skool nie.

Jo loer geïrriteerd in die truspieël na die wit motor wat op haar agterstewe bly sit. Sy trap net genoeg rem vir haar remligte om aan te skakel. Die bestuurder kry die boodskap en val effens terug.

Sou Jeannie langer kind gebly het, hervat sy haar gedagtes, as sy saam met haar klasmaats universiteit toe gegaan het? Of direk na skool met haar kursus by die sjefskool begin het? Seker nie, maar Jeannie het hierdie jaar verantwoordelikhede gehad wat haar gemiddelde tydgenoot waarskynlik nog nie gesmaak het nie. Sy is teen haar wil na ’n psigiater gestuur om haar eetversteuring te evalueer. Sy moes sien kom klaar terwyl Jo aan die voorlegging gewerk het. Dit was nou wel sodat Jo die sjefskool kan bekostig dat sy haar so hart en siel daarin gewerp het, maar nogtans. Jeannie moes ook werk en sorg dat sy geld spaar vir volgende jaar. Sy moes nuwe vriende maak en by ’n klomp dinge aanpas. Vir die eerste keer sedert haar pa in hulle lewe opgeduik het, moes Jeannie gewoond raak aan die gedagte dat Jo nie net ’n ma-sussie is nie, maar ’n vrou met seksuele behoeftes en dat sy dit buite die huwelik vervul het met ’n man aan wie Jeannie nie kon vat kry nie.

Wat het sy nie haar kind alles deur die jare aangedoen nie. En die grootste flater was om te dink dat Wikus vir haar ’n pa sou kon wees, liefde en standvastigheid sou kon gee.

Jo rem toe sy agterkom sy ry te vinnig vir die haarnaaldboog wat skielik voor haar opduik. 'n Vinnige blik in die truspieël verseker haar darem dat die wit motor agter haar ook gerem het, al is dit behoorlik op haar hakke. Voor die volgende draai is haar gedagtes egter alreeds weer in die verlede.

Hoekom sy Wikus geglo het toe hy haar daardie onheilsdag uit die bloute gebel en gesê het hy het pas van Jeannie uitgevind, kan sy net aan onnoselheid toeskryf. Al wat sy toe gedink het, is dat hy seker die reg het om sy kind te sien.

Sy het ingestem dat hulle mekaar by 'n Spur ontmoet op voorwaarde dat hy Jeannie tyd sal gee om aan hom gewoonde te raak voor hulle haar sê wie hy eintlik is. Jeannie was uit haar vel uit om weer na die Indiaan-plek toe te gaan, waar Nan hulle kort vantevore vir haar verjaardag trakteer het.

Jo het Wikus amper nie herken nie. Die nerderige skoolseun het ontpop in 'n man wat op 'n eienaardige, amper akademiese manier baie aantreklik was. Nie 'n hunk nie, daarvoor was hy heeltemal te skraal en ook nie lank genoeg nie. Maar agter die byderwetse bril was 'n paar mooi donker oë en sy gelaatstrekke het hoekige definisie gekry.

Jo frons toe sy vir die derde maal ongemaklik voel oor die motor agter haar wat nie 'n gerieflike afstand handhaaf nie. Asof hy haar frons kan aanvoel, val hy weer terug. Hopelik sal hy anderkant Rooiels verbygaan, want op die kronkelgedeelte is dit onmoontlik. Toe sy seker is dat hy dié keer wel sy afstand handhaaf, kry haar gedagtes weer hulle loop.

Wikus het hulle reeds ingewag. “Jo, nog soveel mooier as wat ek onthou,” het hy gesê voor hy afgekyk het na Jeannie.

“Dis oom Wikus, Jeannie,” het sy gesê.

Wikus het by Jeannie gehurk, haar vingertjie uit haar mond getrek en haar op haar handjie gesoen. “Hallo, Jeannie. My naam is Wikus, maar ek is nie 'n oom nie. Ek is jou pappa.”

Jeannie het haar hand weggeruk en toe haar gesig teen Jo se rok vasgedruk.

Voor Jeannie wou Jo hom nie inklim omdat hy nie by hulle ooreenkoms gehou het nie. Buitendien, sy kon dit nie ongedaan maak nie. Maar dit was ook die verwydte in sy oë toe Wikus haar genooi het om te sit en vir hulle elkeen iets bestel om te drink wat haar liever laat swyg het.

Jeannie het haar besig gehou met 'n inkleurprent wat die kelner gebring het en Wikus vir alle praktiese doeleindes geïgnoreer. Hy het hom ook nie

verder veel aan haar gesteur nie. Jo het gedink hy is diplomaties.

Hulle gesprek het met rukke en stote gekom. Wikus het haar uitgevra oor haar werk en sy was verlig om met 'n mate van trots te kan vertel dat sy haar eie besigheidjie begin het en dat dit goed gaan. “En jy?” het sy gevra. “Seker al 'n dokter, of professor dalk?” het sy geskerts in 'n poging om haar ongemak te oorbrug.

“Nie heeltemal nie,” het hy geantwoord, maar nie uitgebrei nie.

Jo skrik toe sy weer in die truspieël kyk. Dit wit motor is so naby dat sy nie eens die kopligte kan sien nie. Sy skakel haar noodligte aan en dadelik weer af. Dit het geen uitwerking nie. Sy trap weer die rempedaal liggies. Dit het die gewenste uitwerking. Bleddeie padvark, dink sy, maar haar gedagtes spring feitlik weer dadelik na Wikus toe.

Die tweede keer het hy hulle akwarium toe geneem. Jeannie het 'n klein bietjie teenoor hom ontdooi, maar nie veel nie. Jo het ook nie juis gemakliker gevoel in die situasie nie.

Op die vyfde afspraak in soveel weke, dié keer net hulle twee omdat hy met haar wou “praat”, het Wikus voorgestel dat hy naweke by haar en Nan kom oorbly om Jeannie beter te leer ken. Sy het gesê sy sal by Nan hoor, enersyds omdat sy nie geweet het wat om te sê nie en andersyds omdat sy gehoop het Nan weier sodat dit nie haar besluit hoef te wees nie.

Toe hy haar aflaai, het hy haar gesoen. Dit was nie 'n aardskuddende soen nie, maar ook nie onaangenaam nie.

Nan het dit toe nie vir haar maklik gemaak nie. As Jo dink dis 'n goeie plan, is Wikus welkom. Sy het haar bedenkinge, maar dis Jo se keuse.

Hulle kan een naweek probeer, het Jo besluit. Wikus het vir die eerste keer werklik aandag aan Jeannie gegee. 'n Tweede naweek het gelei tot 'n derde en daarna was dit 'n instelling. Dit het goed gegaan. Nie Wikus of sy goed wat hy al hoe meer daar begin los het, het veel ruimte opgeneem nie. Hy het Jo op sy stil manier die hof gemaak sonder om hom op te dring of te veel eise te stel.

Jo is vaagweg daarvan bewus dat Rooiels kom en gaan. Die wit motor bly agter haar, maar op 'n veilige afstand.

Toe Wikus voorstel dat hy permanent intrek, het Jo gedink dit kan goed wees vir Jeannie. Nan het ingestem op voorwaarde dat hy huur betaal.

Ook dit het gewerk. Hy is soggens vroeg werk toe en het saans stiptelik halfses ingeklok, met Jeannie gespeel, saam met hulle geëet en dan na sy

kamer verdwyn om voorbereiding vir die volgende dag te doen. Hy het nie eintlik oor sy werk gepraat nie.

“Wiskunde, wat anders?” was sy antwoord toe Jo heel aan die begin gevra het. Hy het geknik toe sy vra of dit ’n akademiese pos by die universiteit is, maar dit het nie gelyk asof hy daaroor wou praat nie. Sy het dit daar gelaat.

Miskien het sy net nie genoeg belang gestel om aan te dring wanneer hy nie wou uitbrei oor sy lewe buite hulle kringetjie nie. Sy het hom egter oor sy ouers gevra. Hy het haar vertel hulle is oorlede en dis nog te seer om daaroor te praat. Sy gebrek aan vriende het hy daaraan toegeskryf dat hy nog maar altyd ’n nerd was en dat sy werk, Jo en Jeannie vir hom baie belangriker is as vriende.

Hulle het mekaar se privaatheid gerespekteer. Hy het sober geleef. As sy en Nan wyn gedrink het, het hy by sap gehou. Hy het nie gerook nie, hom nooit ooreet nie.

Wikus se Kersgeskenk aan Jo was ’n verloofring. Dit was ’n fyn ringetjie met skaars ’n tjiptjie van ’n diamant, maar sy was ontroer. Geskok ook. Sy het Wikus in haar lewe toegelaat ter wille van Jeannie, nie omdat sy met hom wou trou nie. En tog het sy toegelaat dat hy die ring aan haar vinger steek. Eerder om hom nie in die verleentheid voor Nan en Jeannie te bring nie, as dat sy erns met sy huweliksaansoek gehad het.

Geleidelik het hy haar egter oortuig dis die logiese ding om te doen. Dis die beste ding wat hulle vir Jeannie kan doen.

Agterna beskou, kan sy nie begryp dat sy ingestem het tot die verlowing terwyl sy omtrent net mooi niks van Wikus geweet het nie. Al waarteen sy haar vasgestaar het, was dat hy Jeannie se pa was. Dat hy ordentlik was. Dat hy haar en Jeannie wou hê.

Sue het ’n gasket geblaas. Sy kon Wikus nie verdra nie en die gevoel was wederkerig. Ná ’n paar probeerslae het Sue eenvoudig geweier om na hulle toe te kom wanneer hy daar was. Sy was ook nie by die troue nie. Dié was in elk geval net ’n burgerlike seremonie by Binnelandse Sake met ’n restaurantete ná die tyd. Waarvoor Nan betaal het.

Die eerste maand of twee het dit goed gegaan. Jeannie het goed by die “groot” skool aangepas, Jo se besigheid het op ’n beskeie manier van krag tot krag gegaan en alhoewel haar getroude lewe nie besonder opwindend was nie, was sy heeltemal gelukkig met die toedrag van sake.

Teen die derde getroude maand het Wikus al hoe minder aandag aan Jeannie begin gee en ook nie veel aan Jo nie. Hulle het 'n bed gedeel, maar dit selde vir meer as slaap gebruik. Jo kon boonop sien Nan word krielrig.

Ses maande ná die troue het Nan op haar reguit manier, een aand ná Jeannie bed toe is, gevra of hulle die huur van die huis wil oorneem. Sy wil na 'n kleiner huis trek. Op haar eie. Jo was uit die veld geslaan en wou weet waarom.

Miskien het Wikus gedink Nan sal nie die probleem uitstip nie om Jo verleentheid te spaar, maar hy het hom deeglik misgis.

“Ek is moeg daarvoor om Wikus te onderhou,” was Nan se reguit antwoord. “My dogter betaal vir alles en meer as wat sy en Jeannie gebruik, Wikus, maar van jou sien ek ná die eerste twee maande nie 'n sent nie. Nie eens vir die huishulp wat agter jou aan skoonmaak, jou klere was en stryk of jou kos kook wat ék gekoop het nie.”

“Maar ek help om goed in die huis reg te maak, Nan. Ek vervang gloeilampe en ek sny die gras,” was Wikus se verweer.

Jo kon haar ore nie glo nie. Sy het aanvaar Wikus en Nan het hulle eie reëling gehad en omdat haar besigheidjie goed gedoen het, het sy nie nodig gehad om Wikus vir geld in die oë te kyk nie. Hulle het nooit eens oor finansies gepraat nie, net voortgegaan soos voorheen. Of só het sy gedink. Haar eerste reaksie was intense verleentheid dat Wikus Nan in so 'n posisie geplaas het. Haar tweede reaksie was woede, maar dié het sy ingehou tot hulle in die kamer was. Haar kamer, waar Wikus ingetrek het terwyl hy “sy” kamer as sy danige studeerkamer behou het.

“Jy sal moet verduidelik,” het sy geëis toe sy die deur agter hulle toetrek.

Wikus het op die bed se rand gaan sit met sy kop in sy hande en begin huil.

Die storie het met rukke en snikke uitgekom. Hy het sy derde jaar gedruip. Dit het hy toegeskryf aan verkeerde vriende. Sy redelik bejaarde ouers wat dit nie te breed gehad het nie, moes die beurs terugbetaal en het hom, ná ses maande, die huis belet tot hy werk gekry het en die geld aan hulle kon terugbetaal. En nee, hulle is nie oorlede nie, hulle wil hom net nie sien nie.

Met 'n halwe BSc kon hy nêrens 'n ordentlike werk kry nie en sy teruggetrokkenheid het daartoe bygedra dat hy van die een onderbetaalde

pos na die volgende beweeg het. Kort nadat hy by Jo en Nan ingetrek het, is hy gevra om by die laaste een te bedank. Sedertdien het hy sy “werksure” verwyl deur te gaan fliek en verder net rond te dwaal.

Hy het sy laaste geld gebruik om vir Jo haar verloofring te koop en hy is in die moeilikheid by die bank omdat hy nie sy kredietkaarte afbetaal nie. Al wat hy het, is wat in die huis is en die karretjie wat sy ouers vir hom gekoop het toe hy universiteit toe is. En ’n hoop skuld.

Jo trap instinktief hard rem toe sy besef sy het amper verby die hawebord gery. In ’n breukdeel van ’n sekonde onthou sy van die padvark wat op haar stert gesit het en staal haar teen die stamp wat moet volg, maar daar is niks. Ook nie ’n motor in die truspieël toe sy dit waag om te kyk nie. Sy het die motor by Rooiels laas gesien, besef sy, en skaars agtergekom sy ry deur Bettysbaai.

Die grondpad skud haar herinneringe verder los.

Jo het gevra dat hy al sy bankdokumentasie vir haar gee. Die volgende dag het sy ’n werkbare begroting opgetrek om die huishuur by Nan oor te neem. Nadat sy reëlins met die banke getref het, het sy Wikus se skuld begin afbetaal. Sy het ook ’n ultimatum aan Wikus gestel: As hy teen die begin van die volgende maand nie ’n werk het nie, skop sy hom uit.

Pleks het sy dit toe al gedoen. Sy sou haarself, Jeannie en Nan soveel ellende bespaar het.

Jo ruk letterlik tot die werklikheid terug toe sy ’n slaggat raakry. Toe sy om die laaste draai kom, staan ’n Land Rover langs die waenhuis en Zach wag haar met ’n breë glimlag in.

Jo moet haar oë ’n paar maal knip om weer gewoon te raak aan die hede. ’n Hede en realiteit wat haar lelike huis insluit. En natuurlik vir M-baai se antwoord op Hugh Jackman.

“Hei, Jo. Veilig gery?”

Jo knik en groet voor sy die sleutels uit haar handsak grawe, haar knyperbord kry en die pers deur vir die derde keer oopsluit. Derde keer is skeepsreg. En sy hoop regtig dit is so in hierdie geval. Hulle het almal ’n nuwe lewe nodig. Dit besef sy ná gisteraand beter as ooit.

SEWENTIEN

Sue skud die blaaie wat sy gedruk het bymekaar en skuif dit in 'n plastiekskutblad. Nou toe, mêrempie, vanaand is die aand wat tante jou gaan laat les opsê.

Sy kon baie min van die goed waarvan Linda haar vertel het op die internet kry, waarskynlik omdat Linda die meeste van haar inligting by van haar buddies gekry het. Daar staan egter onomwonde dat daar volgens die Maidens ná die oordeelsdag geen mans oor sal wees nie, net maagde – of dit nou geestelik of fisiek is – en ook net dié wat voorberei is vir die nuwe wêreld. As dít Jeannie nie wakker skud nie, sal niks dit regkry nie. Tarot en sterretekens is een ding. Sy kan haar egter nie indink dat Jeannie sal sin maak van iets so belaglik soos die Maidens nie. Hoe aanloklik 'n manvrye planeet ook al vir Sue op die oomblik klink, is dit darem sekerlik ooglopend hoe absurd die hele storie is.

Maar nou is dit eers sy en mister Cleary se bromelias. Sy wil die dooie boomstam in die middel van die binnehof 'n fokuspunt maak. Sakkies van skadunet daarteen vasspyker en dan vul met die epifietbromelias en 'n paar soorte varings. Die res kom in die koeltetuin daaronder en in die bedding voor die woonkamer se glaspaneel. Dan moet die missproeistelsel geïnstalleer word.

Hopelik sal dit haar laat vergeet dat sy vanoggend wakker geword en

haar net vir een droomsekonde verbeel het sy lê in die arms van die grotman-kroegman.

As sy dalk tog besluit om op Maanschijsbaai te gaan woon, sal sy haar net eenvoudig moet staal teen die aantrekkingskrag wat die man vir haar inhou. Miskien loop sy daardie kalant van Wine o’Clock weer raak. Hy sal darem sekerlik haar aandag kan aftrek van Hughie-boy.

Sue druk haar oë met haar hande toe. Daar gaan sy al weer. Jeannie is reg. Sy is ’n nierehabiliteerbare sloerie.

En van haar sloerieskap gepraat, dis baie duidelik dat Anita eerlik was. Dis dus tyd dat sy by die polisie gaan hoor wat staan hulle te doen ná die vandalisme van hulle voertuie. Net eers mister Cleary uitsorteer.

Jo se kop draai teen die tyd dat sy by die snuisterybesaaide ronde tafel gaan sit nadat hulle minstens een keer deur elke vertrek is. Die een groot genade is dat sy en Zach dieselfde taal praat. En oor meer as net die restourasiewerk. Sy was lanklaas so gemaklik in ’n man se teenwoordigheid. Dit voel asof sy hom jare lank al ken pleks van ’n paar uur.

Sy skuif ’n klomp goed eenkant toe om plek te maak vir haar knyperbord en lyste.

Zach kom sit ook, vee iets wat sanderig lyk van die tafel af en staar ’n ruk na die hoë houtplafon bokant hulle.

“Houtboorders,” sê hy.

“Nie dit ook nog nie,” sug Jo.

“Kan nog nie te erg wees nie, anders was die tafel toe onder die skaafsels. Sal kyk.” Hy vou sy arms en draai na haar toe. “Jo, ek gaan nie doekies omdraai nie. Die huis is in ’n slegte toestand, binne nog erger as buite. Die plumbing sal moet waai. Oral. Dit gaan ’n vreeslike gemors afgee. Die bedrading sal van voor af gedoen moet word.”

“Ek het dit laas al besef, maar gehoop ek is verkeerd.”

“Soos jy gesê het, is die dak prioriteit. Ek het gister opgeklim en van naderby gaan kyk. Al die dakplate sal vervang moet word en ons sal moet geute opsit. Die vloere kan gescreed word as jy daarop aandring, maar die winters hier is koud en klam en julle is op die see.”

Sy sug diep, ineens doodmoeg. En dis nie net liggaamlike moegheid nie, dis ’n emosionele afgematheid waartoe haar herinneringe op pad hierheen

ook bygedra het.

“Hei,” Zach se hand vou warm om haar pols. “Moenie nou al moed verloor nie, Jo. Ons het nog skaars begin.” Sy glimlag is simpatiek.

“Skuus, Zach. Wat stel jy voor?”

“Die ideaal sal terracottateëls wees. Dit sal nie die klam gevoel van screeding hê nie en die kleur en tekstuur sal ’n warmer effek gee.”

“Ek het heel eerste aan kleiteëls gedink, maar dis duur, Zach.”

“Rejects is nie.” Hy leun weer vorentoe. “Die huis is dilapidated en sal altyd daardie look hê al knap ons wát op. Dis deel van die huis se sjarme. Netjiese teëls sal uit pas lyk. En ek ken ’n ou by wie ons die rejects vir next to nothing kan optel. En vir hierdie lang donker gange het ek nog ’n beter voorstel wat gaan great lyk, veral as ons die baywindows wat jy voorgestel het, kan inbou.”

“En dit is?”

“Mosaïek.”

“Hemel, Zach, mosaïekteëls kos ’n huis se prys.”

Hy skud sy kop. “Net as mens die voorafvervaardigde blokke koop. Wat anyway vervelig is in vergelyking met die real thing. En ken ’n ou by wie ons gebreekte teëls en spieëls ...”

“Vir next to nothing kan optel?” voltooi sy die sin vraend.

“Nee, nogal nie. Ons kan dit verniet kry,” glimlag hy.

“Verniet?”

“Die goed is in sy pad. Hy het ’n Sanitary Warehouse in Hermanus en een van die afleweringstrokies vol teëls was so ’n rukkie terug in ’n botsing. Hy moes die goed aanvanklik vir versekeringsdoeleindes hou en het nog nie sover gekom om dit stortingsterrein toe te vat nie.”

“En wie doen die mosaïekwerk?”

“Ek ken ’n meisiekind wat dol is oor mosaïekwerk. Sy sal dalk ander goed ook kan doen, sy is baie kunstig en dit sal wonderlik wees as sy ’n bietjie onder haar ma se invloed kan uitkom.”

“Dit klink amper te goed om waar te wees.” Jo probeer haar skeptisisme wegsteek. Sy wil nie die krot boonop ’n kitsch krot maak nie.

“Many ways to skin a cat. In elk geval, nou weer slegte nuus. Die hele kombuis se kaste sal vervang moet word. Die goed is vrot en dié wat nie is nie, sal beskadig word wanneer ons die pype moet uitkap.”

“Ek besef dit, maar ...” Jo vryf haar duim teen haar wysvinger.

“Gelukkig ken ek ’n ou ...”

Jo kan nie help om te begin lag nie. “Jy ken besonder baie mense?”

Zach grinnik saam. “Hy doen houtwerk as ’n stokperdjie en, so terloops, hy restoureer ook ou meubels.” Hy knik betekenisvol in die rigting van die kasarm se afgeleefde meublement. “Wat ek nie het nie, is verwers teen billike pryse. Hier by die see en veral met die ou predikante wat geneig is om hipernetjies op hulle huise te wees, het die verwers wat hier naby is, genoeg werk.”

“Ou predikante?”

Hy knik. “Daar is mos ’n horde van hulle hier. Asof die Liewenheer M-baai en Bloumond spesiaal vir hulle geskep het. Dit was natuurlik lank voor Hawestraat so tien jaar gelede danksy jou oupa vlamgevat en die kunstenaars hierheen begin migreer het.”

Jo lig haar wenkbroue. “Daarvan sal ek baie graag meer wil hoor, maar ek dink ons kan ’n groot deel van die verfwerk binne self hanteer. Toe ek nog restourasiewerk gedoen het, het ek ’n kursus in verftegnieke gedoen en my dogter en my tante saamgesleep. Hulle het my naweke gehelp met minstens drie restaurante se verfwerk ook. Veral Sue het nogal ’n baie goeie aanvoeling en sy hou van die fisieke ...” Sy gesigsuitdrukking het effens geslote geraak en sy oë ontwyk hare. “En nou?” vra sy voor die muntstuk in die gleufie val. “Sue?”

Hy kyk na haar en grinnik skewerig. “Sue.”

Jo frons. “Zach, julle kon nie veel langer as ’n halfuur in mekaar se geselskap gewees het nie. Sy was bloot iemand wat ’n whisky in jou kroeg gaan drink het. Wat kon gebeur het wat so aardskuddend is dat jy presies onthou hoe sy bestel het?” vra sy reguit. Nan sal waarskynlik trots wees as sy haar nou kon hoor.

“Vra my. Ek wens ek het geweet. Ek het net hierdie Amasone my plek sien binnekom en ek was nog nooit weer dieselfde nie. Ek was ongeskik met haar. Om die waarheid te sê, ek het haar gruwelik beledig, maar dit het my net mooi f ... ziltsj gehelp. En boonop het sy my deeglik op my plek gesit.”

Jo probeer haar lag onderdruk. Die man lyk regtig ontstig. “Chemiese reaksie?”

“Eerder ’n ontploffing in ’n chemielaboratorium. Spontaneous combustion. Wat ook al. En ek pes girls soos sy. Voor op die wa.

Hardegat. Nee, kliphardegat. Arrogant. Weet sy is die sexyste ding op twee baie lang bene. Mannevreter.” Hy stoot sy vingers deur sy hare.

Jo skud van die lag.

Hy gee ’n verleë laggie. “Pateties, nè? Al die stories oor waar ’n man se brein nou eintlik sit, is waar. Glo my. En my ‘brein’ is deeglik wakker geskud deur jou verdomde tante. Gelukkig is ek oud en hopelik slim genoeg om my ander brein die stryd te laat wen. Want ek en Sue is no go.”

Jo wil vir hom die doth-protest-too-much-aanhaling voorhou, maar bly liewer stil en wag dat hy weer asemskep.

“Back to business. Oukei, ek sal die verfwerk voorlopig in jou hande laat, maar sê as jy vasbrand, dan maak ons ’n plan. Volgende ...”

“Zach, moet asseblief nie aanvaar ons gaan wel die werk laat doen nie. Die kwotasie sal die deurslag gee. Die kruik is klein en kan net soveel gee as wat daarin is.”

“Nan het my dit reeds op die hart gedruk, maar hierdie plek maak my so opgewonde, ek wil net begin breek en bou. Dis asof iets van Casper hier geabsorbeer is. Sy lag, sy medemenslikheid en ook sy moedswilligheid. Sy hele vibe.”

“Klink asof jy baie van hom gehou het.” Dit verras haar nogal. Daar was nog altyd soveel negatiwiteit oor hom in hulle geledere, sy het nooit gedink daar sal mense wees wat Casper as ’n vriend beskou het nie.

Zach knik. “Ek het. Al was hy soms ’n ou bliksem.”

“Wel, ek is bevrees ons klomp kan nie dieselfde sê nie.”

“Ek verstaan dit. Dis nie maklik om sonder pa groot te word nie.” Zach sit sy hand in ’n simpatieke gebaar op haar knie, maar sy wonder of hy dit besef. Daar is geen vibes nie, nie van haar kant af of syne nie. Dis asof dit Nan se hand is. ’n Lekker warm, vertroostende hand. Al lyk Zach soos hy lyk. Al is hy soos hy is. Dit kan net beteken sy is oor mans.

“Maar Jo, glo my, as julle hom geken het, sou julle anders gevoel het.” Sy oë lyk so intens, so opreg dat sy hom wil glo. “Jou oupa was een van die uitsonderlikste mense wat ek die voorreg gehad het om te ontmoet.”

“Ek dag dis jou Land Rover.” Saul Wienand steek vas toe hy Jo ook raaksien. Sy oë flits van een na die ander, na Zach se hand op haar knie.

Zach lig sy hand sonder haas en leun terug in sy stoel. “Saul. As ek nie van beter geweet het nie, sou ek nou vir Jo gesê het jy is net die persoon met wie sy moet praat oor veral die twee vleuels se badkamers. Dat jy die

vertrekke sal kan herontwerp sodat dit sin maak.”

“Wel, gelukkig weet jy van beter. Daardie twee vleuels is ’n argitektoniese ramp. Jammer ek het julle onderbreek, ek het jou Land Rover van my balkon af sien staan en hierheen gestap in die hoop om met jou te gesels. Ek het nie besef die paneelwa ...”

“Waaroor wou jy gesels, Saul?”

“Oor hierdie ruïne. Ons praat later.” Hy vlie behoorlik om en verdwyn so skielik as wat hy verskyn het.

Jo kyk vraend na Zach, maar dié haal net sy skouers op. “Geen idee wat sy demmitbeentjie uit potjie geruk het nie.” Zach kom orent. “Jy moet al flou wees.” Hy loer na sy horlosie. “En ek moet terug. In die week rol hulle Hawestraat se teerpad op, maar ek verwag ’n bestelling van SAB. Hoe haastig is jy om terug te gaan Kaap toe?”

“Ek bly oor tot Sondag toe.” Jo staan ook op.

“Great. Dan stel ek voor ons kry mekaar vanaand so halfses by Moonbream? Ek behoort ’n klompie oproepe voor die tyd ingepas te kry en dan met ’n paar syfers na jou toe te kan terugkom. Ek neem aan jy het verblyf gereël?”

“Ek sal regkom.” Hy hoef nie te weet sy wil hier in die huis oorslaap nie. Dat “verblyf” te veel ekstra geld kos nie. Sue se kredietkaart is net vir nood, en op Nan se nommer druk sy nie voor haar pakket uitbetaal het nie.

“Oukei, maar as jy vasbrand, ek verhuur chalets. Dis basies, maar billik.”

“Dankie, maar ek is geholpe. Sien jou dan later?”

Hy knik en wys dat sy moet voor stap.

“Ek wil nog na ’n paar goed kyk.”

“Oukei, sien jou dan.” Hy is al amper by die deur toe hy omdraai. “Hou liever die deur gesluit wanneer jy alleen hier is. Ons omgewing is redelik misdaadvry, maar wees liever versigtig.”

Sy stap agter hom aan, sluit die deur nadat hy uit is en blaas haar asem stadig uit.

Yeah, right, sy is oor mans. Dis hoekom Saul Wienand se binnekoms haar soos ’n mokerhou tussen die blaaië getref het.

Saul blaas soos ’n os toe hy by sy huis kom. Hy is nie heeltemal onfiks nie, maar hy het gestap asof die duiwel en sy trawante agter sy siel aan is.

Liewe hemel, hy weet Zach is ’n haan onder die hennie, maar so vinnig

het hy hom nog nooit sien speel nie. Hy kan Zach seker nie kwalik neem nie. Die meisiekind is so verdomp mooi. En sy word vir hom mooier elke keer wat hy haar sien. Aan die ander kant is Zach te lewenswys vir haar. Selfs al is sy nie heeltemal so sag en liefies as wat sy met die eerste aanblik lyk nie. Soos hy laas keer deeglik agtergekom het.

Of miskien verdien die twee mekaar. En hulle het mos nou 'n gesamentlike projek waaraan hulle wil werk. Die verdomde plek wat hy nie kan wag om te sloop nie, wil hulle regknoei. Ja, 'n lekker knus atmosfeer waarin romanse kan blom terwyl hulle saamwerk. Hoekom hy wil moord pleeg as hy net daaraan dink, weet g'n mens nie.

Dit kan sekerlik niks te doen hê met daardie twee mooi bene waarvan hy so onverwags 'n glimpie gekry het nie. Niks met die feit dat hy presies weet hoe netjies daardie knie onder Zach se verdomde hand lyk wanneer sy nie jeans aanhet soos vandag nie. En nog minder met die feit dat hy die presiese skakering van haar oë onthou.

Wat is hierdie gevoel wat hom betrek elke keer wat hy die vroumens sien? 'n Wildvreemde vroumens boonop. En een wat in die pad van sy grootste en belowendste projek tot nou toe staan.

Jo kyk moedeloos na die opblaasmatras. Sy voel al soos die wolf wat die drie varkies se steenhuisie probeer omblaas, maar die matras is nog nie eens kwartpad vol lug nie. Sal haar leer om oorhaastig te pak. Reg langs die matras het daar 'n voetpompie gestaan. Korreksie, dit staan steeds daar. In die meenthuis se gangkas.

Om haar lange kans te gee om 'n bietjie meer asem te vervaardig, kry sy die besem en begin die slaapkamer uitvee. Sy is nog te bang om daaraan te dink as “haar” slaapkamer. Selfs nadat sy die hol matras en ewe gehawende bedbasis met 'n groot gesukkel buitetoe gesleep gekry het. Sy gril haar morsdood, maar dit sal beter wees as sy die plek eers skoon het.

Sy het 'n mop vergeet, maar nadat sy van die ergste stof ontslae geraak het, maak sy 'n vloerlap nat en draai dit om die besemgedeelte. Gelukkig kon sy 'n emmer in die kombuis opspoor.

Terwyl sy vee, lap uitspoel en weer vee, dwing sy haar gedagtes weg van Saul af, probeer sy vergeet van die enorme taak wat sy haar op die hals gehaal het. Een ding op 'n slag. Dis al waarvoor sy nou kans sien. Waarom haar herinneringe weer koers kry na Wikus toe, kan sy nie verklaar nie.

Dalk stimuleer die eentonige aksies haar geheue omdat sy haar met dieselfde eentonige reëlmaat deur hom laat mislei het.

Sy het moed geskep toe Wikus werk kry as 'n verteenwoordiger vir 'n farmaseutiese maatskappy. Die salaris was klein, maar die moontlike inkomste wat hy uit kommissie kon verdien, was belowend. Ná drie maande was dit nog steeds net belowend en toe word Wikus siek.

Alles wat hy eet, het uitgekom. Hy het maer en bleek geword en kon nie meer werk nie. Die dokters het met hulle hande in die hare gesit. Hulle het hom selfs vir vergiftiging getoets en haar met agterdog bejeën tot die uitslae gekom het. Geen gifstowwe nie. Al wat hulle kon vasstel, is dat hy 'n intoleransie vir suiwelprodukte het.

Jo het gesorg dat Wikus nie meer suiwelprodukte inneem nie en vir 'n rukkie het dit beter gegaan tot die siekte weer toegeslaan het. Die siekte en die dokters se onvermoë om hom te diagnoseer, het gelei tot 'n diep depressie. Soms het Wikus dae lank net op sy bed gelê en na die plafon gestaar. Ander kere het hy vir elke gewaande dwars woord in trane uitgebars.

Tyd vir depressief raak, was Jo nie beskore nie. Sy moes lang ure werk om die pot aan die kook te hou, om Wikus se skuld en die hemelhoë mediese rekeninge te betaal. En ná werk moes sy na die huiswerk omsien aangesien hulle nie meer 'n voltydse huishulp kon bekostig nie.

Die gerieflike lewe waaraan sy en Jeannie saam met Nan gewoond was, het in 'n nagmerrie verander. Dit het noodwendig ook vir Jeannie geaffekteer. Sy het buierig geraak en begin gril vir kos. En Jo kon haar nie kwalik neem nie. Feitlik ná elke ete het Wikus opgespring, met sy hand voor sy mond badkamer toe gehardloop en kon hulle sy gebulk en gebrul tot wie weet waar hoor.

Sy het self die mas probeer opkom, probeer om Nan en Sue nie te betrek nie. Ná 'n jaar kon sy dit egter nie meer uithou nie en het by Nan met die hele sak patats vorendag gekom. Nan het haar betig omdat sy so lank stilgebly het en toe gesê sy sal met Wikus se ouers gaan praat. Miskien is dit 'n familiesiekte waarvan hulle meer weet.

Dit was nie. Sy pa het egter 'n interessante teorie gehad. Wikus is net 'n aartsluiaard en as hy nie sy sin kry nie, word hy kastig siek. Volgens hom het dit op universiteit al begin toe die kursus moeilik geraak het. Waar Wikus op skool met medium moeite maksimum prestasie behaal het, moes

hy op universiteit al hoe harder werk net om by te hou. Nie gewoon aan harde werk nie, het hy te ver agter geraak en uiteindelik verkies om sy dae in die bed deur te bring pleks van klasse by te woon. Dis ook waarom hy sy derde jaar gedruip het.

Lood en Wilma van der Mescht sou waarskynlik hulle hande aan hulle seun en sy vrou se probleme gewas het as hulle nie toe vir die eerste keer gehoor het hulle het 'n kleinkind nie.

Finansieel kon hulle nie bydra nie, maar Lood het Wikus aangesê om sy nonsens te laat staan en weer werk te soek. Wikus het volgehou hy ly nie aan ipekonders soos sy pa voorhou nie, maar het tog 'n poging aangewend en werk as 'n eiendomsagent gekry. Die uiteinde was voorspelbaar.

Lood het Jo op 'n oggend gebel met die nuus dat Wilma se swak hart die stryd verloor het. Hy het Wikus so pas by die werk gebel, maar klaarblyklik werk hy al vir meer as 'n maand nie meer by hulle nie.

Hulle het Wilma begrawe en drie maande later ook vir Lood. Wikus het geërf, maar moes uitvind Lood het 'n tweede verband op die huis geneem om sy studieskuld te betaal. Ná die verkoop van die huis was daar 'n paar duisend rand oor. Daarmee het hulle die mediese rekeninge grotendeels gedelg. Net betyds voor Wikus weer siek geword het.

Jo wou skei, maar hoe kon sy Wikus aan sy lot oorlaat? Hy was immers Jeannie se pa. Ten einde laaste het sy hom na 'n sielkundige gestuur.

Die slaapkamer se houtvloer is ver van blink af maar darem relatief skoon toe sy klaar is. Daarna kom die badkamertjie aan die beurt. Dis 'n grillerige plekkie, maar toe sy uiteindelik terugstaan en die laaste deel van haar handewerk bekyk, is die badkamer bruikbaar.

Sy draai albei die wasbak se krane oop om uit te vind watter een koud en watter een warm is en hou haar hande onder die petieterige strale. Die onthou kom saam met die wag, asof dit ook 'n stroompie is – een wat sy nie vandag toegedraai kan kry nie.

Wikus het 'n sterk tendens tot passief-aggressiewe gedragspatrone, het die sielkundige verduidelik. Hy gebruik sy siekte om te manipuleer en die siekte is psigosomaties. Dit beteken, het hy verduidelik, dis sielkundig gedrewe, maar manifesteer fisiologies.

Sue het dit psycho-babble genoem. Nan was skepties. Jo het die sielkundige se woord aanvaar. Haar man is siek, en hy is regtig siek – of dit nou 'n geestesiekte of 'n fisieke een is, sy kan hom nie nou in die steek

laat nie.

Jeannie was in graad drie toe Jo agterkom sy verloor gewig. Volgens die naskoolse sentrum waar sy ook middagete gekry het, was Jeannie se eetlus nie na wense nie, maar sy het wel geëet. Saans het sy ook nie veel geëet nie, maar sy was nog nooit 'n groot eter nie en sy het die basiese voedingstowwe ingekry. Jo het haar bykomende vitamienes ingejaag, maar sy het al hoe bleker geword.

'n Paar maande later het sy Jeannie betrap dat sy haar vinger ná ete in haar keel druk.

“Dit laat mens beter voel. Wikus maak ook só,” het Jeannie verweer toe Jo haar vra wat sy aanvang. “Hy sê dit sorg dat al die wurms en goed in mens se lyf uitkom.”

Ineens was Wikus se misterieuse siekte nie meer so geheimsinnig nie. Toe Jo hom konfronteer, het hy ten sterkste ontken dat hy sy vinger in sy keel druk om voor te gee hy is siek. Hy het Jo uitgekryt vir 'n onsimpatieke feeke en Jeannie van toe af geïgnoreer.

Die regterkantste kraan se skielike gestotter voor dit weer begin loop, ruk Jo terug na die hede. Die water uit albei is steeds koud. As sy wil warm water hê, sal sy moet uitvind waar mens die geiser aanskakel.

En genoeg is genoeg. Wikus lê in die verlede en Jeannie sal verdomp regkom. Sy sal besef sy is uniek, maar dat dit nie van haar 'n freak maak nie. Sy sal op 'n dag in die spieël kyk en besef dat die sjefskool net deel van 'n loopbaan is, nie haar enigste redding nie. Dat die susters net randelemente in haar lewe is. Dat haar familie alles feil vir haar het. Dat sy 'n pragtige jong vrou met onmeetlik baie potensiaal is. Dat sy soveel meer verdien as wat sy haarself wysmaak. En dat net sy kan sorg dat sy kry wat sy verdien.

Speak for yourself, hoor Jo Sue sê asof sy langs haar staan. Jo draai die krane toe. Die wasbak s'n, en die krane van herinnering wat vandag so onverwags oopgedraai is.

Die elektriese kas lewer 'n reusereënspeenkop op. Sy kry 'n houtlepel uit een van die kombuislaaie, verjaag hom, druk die spinnerakke daarmee weg en probeer die geiser se knoppie ook daarmee boontoe druk. Daar is 'n knarsgeluid en iets spat teen haar vas. Sy spring agteruit. Splinters bakeliet lê die toonbank vol. Die einde van die geiser se knoppie. Die einde van haar hoop op warm water.

Jo begin met hernude ywer aan die opblaasmatras blaas en voel skoon
duiselig toe dit uiteindelik styf is. Sy het slaapplek. Sy het stortplek, al is
dit met koue water. En sy het minder moed as ooit vir hierdie kasarm.

AGTIEN

Jo is stowwerig, sweterig en flou toe sy in die stort klim, maar nou is daar darem ook 'n skonerige gaatjie in die kombuis waar sy kan koffie maak. Wat sy natuurlik vergeet het om te koop, besef sy dan. Sy sal maar 'n bietjie laat moet wees vir Zach en eers KwikSpar toe ry. Sonder koffie kry sy nie 'n dag wakker gemaak nie.

Sy wens sy kon haar hare was, maar dit is 'n saak van onmoontlikheid. Die koue straaltjie uit die stort is so skraal, sy sukkel om haar hande nat te kry, laat staan haar bewende lyf wat onmiddellik oortrek is van die hoendervleis.

Vir 'n oomblik wil alles te veel vir haar raak, maar Jo kners op haar tande. Nee, Calitz-girls huil nie. Al sou warm tranes haar dalk skoner kon kry as hierdie yskoue druppels waaronder sy rondspring.

Sy het nie gehuil toe sy besef het hoe ongeheimsinnig Wikus se siekte eintlik is nie. Ook nie by die besef dat hy haar en almal om hom gemanipuleer en emosioneel afgepers het nie. Nie eens toe hy nog die vermetelheid gehad het om op onderhoud aan te dring of toe sy uiteindelik teen wil en dank vir hom 'n kontantsom moes betaal net om van hom ontslae te raak nie. Nie eens toe sy besef hy het Jeannie 'n baie groter knou toegedien as wat hulle ooit destyds kon besef nie.

Sy het wat oorgebly het van haar lewe bymekaargeskraap en weer eens

by Nan ingetrek. Jo moes van voor af begin. Aanvanklik het dit hopeloos gelyk, maar toe kry sy die kontrak vir haar eerste restaurant. Daarna haar tweede en binne vyf jaar het sy dit opgebou tot waar dit was, tot nog 'n man die mat onder haar voete uitgeruk het. Con verdomde Coetzee.

Maar sy sal hom en sy verraad ook te bowe kom en sy sal hierdie wetterse kasarm omskep in 'n huis en haard vir haar familie. Al wat sy moet doen, is deurdruk. En net nooit ooit weer in 'n man se rigting kyk nie. Veral nie Saul Wienand s'n nie.

Sue gee die konstabel 'n vernietigende kyk. “Wil jy vir my sê iemand kan vier vroue terroriseer soos hy of sy wil en die slagoffers kan niks daaraan doen nie?”

Mister Cleary se gesanik oor die misbesproeiing wat die sitkamer se glaspaneel agter die bromelias sal vuil maak, was al erg genoeg. Die belangeloosheid van die konstabel voor haar is net die kersie op die koek.

“Mevrou kan 'n saak maak vir die versekering.”

“Ek gee nie 'n moer om vir versekering nie! Of ek gee om, maar dis nie die punt nie. Iemand stalk ons. Hoe anders verklaar jy dat my kar en dié van my suster, haar dogter en dié se dogter binne 'n paar dae verniel word?”

“Ons het maar baie misdaad. As ons vandals moes probeer opspoor, kom ons nooit by die rapes en moorde uit nie, Mevrou.”

Die konstabel koes asof hy dink Sue gaan hom 'n vuishou gee toe sy haar leë ringvinger onder sy neus druk. “Nommer een. Lýk ek vir jou soos 'n mevrou?”

“Nee, Mevrou. Ek bedoel ...”

Sue gryp die toonbank vas en leun nader aan die konstabel. “Nommer twee. Lyk ek vir jou soos iemand wat sal stories opmaak?”

“Nee, Mev ... E ...”

“Nommer drie. Ek praat nie van die vandalisme nie. Ek praat van stalking wat de moer dit ook in Afrikaans is. Dit beteken iemand hou ons dop want hoe de fok anders sal hy ons al vier uitgesonder het? En nommer vier. Wie sê die stalking lei nie tot rape of moord nie? Wat het geword van misdaadvoorkoming? Moet ons eers verkrag of vermoor word voor jy jou sal verwerdig om iets daaraan te doen?”

“Kan ek dalk help, Mevrou?” 'n Lang polisieman wat klaarblyklik 'n

hoër rang het, kom staan voor haar en die konstabel koes dankbaar na 'n ander hoek van die toonbank waar daar 'n prostituut staan en kougom kou. Of dalk 'n cross-dresser.

“Juffrou, asseblief,” sis Sue magteloos en probeer beheer kry oor haar humeur. “Ek hoop so.” Sy vertel die storie vir die derde maal sedert sy by die polisiestatie ingekom het.

Die polisieman luister met sy ken in sy hand gestut. 'n Silwerkleurige ring blink aan sy regterhand se fielafooi. “Verdink julle iemand?”

Sue skud haar kop. “Maar daar was 'n man wat my suster se kleindogter ongemaklik laat voel het by die restaurant waar sy soms werk.” Sy herhaal wat Jeannie hulle vertel het en gee antwoorde op die voor die handliggende vrae wat die polisieman stel. Wat alles bloot daarop neerkom dat hulle nie die vaagste benul het wie die man is nie.

“Hy kon dus net 'n klant gewees het wat gedink het jou susterskind is besonder aantreklik?”

Sue kan nie anders as om te knik nie.

“Juffrou ... e ...?”

“Calitz. Sue Calitz.”

“Juffrou Calitz, daar is niks wat ons in die omstandighede kan doen nie, maar sodra so iets weer gebeur, laat weet ons. As julle dalk agterkom wat die identiteit van die man is, kan ons daarop ingaan. As daar weer 'n voorval van vandalisme is, roep ons onmiddellik in en moet aan niks raak nie tot ons gekyk het vir vingerafdrukke.”

Verligting stroom deur haar. “Kan ek jou persoonlik bel, Brigadier?”

Hy grinnik suurderig. “Dis adjudant-offisier, of sommer AO. En die van is Sardyn. Bel die polisiestatie en vra vir my by die naam.”

“Dankie. Baie, baie dankie.” Sy is lus en gryp die man en soen hom, maar bedink haar betyds.

“Is dit al?”

Sue huiwer. “Adjudant-offisier, julle weet nie dalk enigiets van 'n groep met die naam van Maidens of Sappho nie?”

Hy kou sy bolip terwyl sy oë die plafon opsoek, skud dan sy kop. “Nie sover ek kan onthou nie. Is dit 'n militante of 'n terreurgroep? 'n Bende?”

“'n Religieuse groep. Bestaan uit lesbiërs.”

“Juffrou Calitz, godsdiensvryheid is deel van die konstitusie en homoseksualiteit word ook daarin verskans. Verskoon my, maar ek kan nie

my kosbare tyd afstaan aan homofobiese beskuldigings nie.”

AO Sardyn marsjeer weg.

Iemand pomp Sue met ’n elmboog in die sy. Dis die herkouende prostituut. Of cross-dresser. “Sore point, darling. Hy’s ’n moffie.”

Ondanks die koue stort voel Jo redelik vars in skoon jeans en ’n hippierige top wat bont en los om haar hang.

Jeannie antwoord feitlik dadelik toe sy bel. “Het jy veilig gery? Hoekom SMS jy nie?”

“Ek is in een stuk. Jammer, ek het nie daaraan gedink nie. Is jy oukei?”

“Fine. Het vanmiddag lekker tips gemaak. Ek is nou juis op pad vir die aandskof. ’n Ekstra skof gekry. Een van die girls kan dit glo nie vanaand maak nie, toe bel hulle my.”

“Berringer’s?” vra Jo en hoop dit klink terloops. Sy sal Sue moet laat weet.

“Nee, die plek in Durbanville. Ek was nog net een keer daar. Kan nie nou die naam onthou nie. Jerry is die bestuurder en hy is bietjie pompous maar nogal nice. So nice as wat restaurantbestuurders kan wees, in elk geval. Miskien kan ek nog skofte daar kry as alles uitwerk.”

Hoekom sou Jeannie so oorverduidelik en terselfdertyd so vaag bly? Of is sy nou net hipersensitief? “Hou jou motordeure gesluit en ry versigtig, Jeannie. Bel my wanneer jy by die huis kom,” is egter al wat sy sê.

“Dit gaan laat wees en my lugtyd is min. Dis einde van die maand.”

“Maak nie saak hoe laat nie. Gee my dan net ’n missed call. En top op. Vanaand nog. Ek wil nie hê jy moet sonder lugtyd wees nie, asseblief Jeannie,” dring sy aan.

“Oukei, oukei. Ek moet ry.”

Toe sy die sel dooddruk, moet Jo vir die soveelste keer vandag hard op haar tande kners. Sy weet nie hoekom haar blaas vandag so hoog sit nie, maar sy weet sy moes nie hierheen gekom het nie. Sê nou Jeannie jok vir haar? Hoekom kan sy skielik nie die restaurant se naam onthou nie? En Jeannie is nie onnosel nie, sy sal weet Jo het Sue of Nan aangesit om ’n oog te hou as hulle nou skielik agter haar aanbel.

Sy bel nietemin vir Sue.

“Never fear when Sue is near,” laat hoor Sue toe sy verduidelik het. “Ek sal wel ’n plan maak om uit te vind waar sy is, Jo. En ’n oog gooi. Bid jy

maar net sy vind nie uit nie. Miskien vat ek Nan nog uit vir ete. In Durbanville.”

“Niks weer van jou New Age-klant gehoor nie?” vra Jo al is sy eintlik te bang om die antwoord te hoor.

“Nee. Wat beteken daar is nie veel meer as wat ons weet nie. Wat erg genoeg is, maar hanteerbaar. Ten minste nie satanisme of terroriste of sulke goed nie.”

Sue sal regtig moet leer wat agter die kuns van gerusstelling lê, besluit Jo toe sy in die paneelwa klim nadat sy eers die koue sweet van haar gesig af moes klad. Satanisme. Terrorisme. Inderdaad.

“Klein stront,” sis Sue toe sy die foon neersit. Sy het haar juis so opgepsyche vir hulle gesprek van vanaand. Opgepsyche om nie veroordelend te wees of die klomp goedgeelowige vroumense uit te lag of so iets nie. Sy moet die saak met erns en deernis benader. Met ’n bietjie luck hoef Jo dan nooit uit te vind waarin Jeannie haar byna begewe het nie. Of dat sy pas vir haar gelieg het oor hoeveel sy daarvan weet nie.

En nou werk Jeannie vanaand. En dit beteken sy kom eers ná middernag terug. Wat beteken Sue gaan maar net mooitjies moet wag vir ’n aand wat sy nie werk nie en haar intussen doodworry dat Jeannie omgepraat sal word om Sondag weer na daardie etterse kerk toe te gaan.

Such is life. Maar sy sal definitief moet seker maak Jeannie het nie haar ma met ’n kluitjie in die riet gestuur nie. Nie dat Jeannie ’n agterbakse kind is nie. Inteendeel, sy is dikwels te eerlik en reguit. Soos gisteraand weer. Maar met daardie twee slange in Jeannie se onparadyslike lewe, vertrou Sue die vrede glad nie.

Zach ginnegaap met dieselfde kelnerin wat hulle laas bedien het. Aan tafel by hom sit ’n man met ’n silwer kop en ’n ruim glimlag.

Dank die gode vir Sue se kredietkaart. Haar eie wou by die KwikSpar nie eens vir R107,49 deurgaan nie. Jo trek haar skouers agteroor asof sy só meer plek in haar binneste kan maak vir moed.

“A, Jo.” Zach kom regop toe sy naderstap, en die ouer man volg sy voorbeeld. “Kan ek julle voorstel? Jo Calitz, dominee Gideon.”

“Los asseblief tog die ‘dominee’. Ek is met vakansie en Gideon is heeltemal genoeg van ’n mondvul. Aangenaam, Jo.”

“Aangename kennis, Gideon.” Jo skud hande. Dis die eerste keer dat sy weer in lewende lywe met ’n predikant praat sedert sy doop en aanneming geweier is omdat sy Jeannie verwag het. Toe hulle predikant in die nuwe buurt ook geweier het, was dit sommer oor die telefoon en gelukkig het Nan dit hanteer.

“Jammer ek is laat,” maak sy verskoning, maar verduidelik nie waarom nie.

“Geen probleem nie. Wyn?” vra Zach toe hulle almal sit. “Wit. Droog. Ys apart. As ek reg onthou?” Sy oë is tergerig.

Jo kan nie help om te lag nie. “Dankie.”

Vir ’n kroegman en chaletverhuurder bestel hy nogal ’n baie ordentlike bottel sauvignon blanc.

“Moenie skrik oor die bottel nie; Gideon gaan jou daarmee help. En terloops, ons aandraer van die gode se nektar hier, is Monique. Gideon se laatlam.” Hy slaan sy arm speels om die kelnerinnetjie se skouers en sy giggel, maar haar oë lag nie saam toe sy na Jo kyk nie.

“Hallo, Monique. Jy was laas ook aan diens toe ons hier was.”

“Dis moontlik,” sê sy strammerig.

Jo glimlag. “Natuurlik kan jy nie almal onthou wat jy bedien nie. My dogter werk ook by restaurante en herken ook net haar gereelde klante.” Wat nie heeltemal waar is nie. Jeannie het ’n geheue soos min, maar as hierdie kind kan maak asof sy nie onthou nie, kan Jo ook maar ’n kluitjie bak ter wille van die vrede. Want onthou, weet Jo, onthou sy. Dit kon sy in Monique se oë sien die oomblik toe Jo haar by die tafel aangesluit het. En haar vyandigheid het dalk met niks meer as Jeannie se onbeskoftheid daardie Sondag te doen nie, maar Jo wonder tog.

“En voor jy dit ook vergeet, bring asseblief vir jou oom Zach ’n draught, my kind,” korswil Zach verder.

Jo kyk Monique onwillekeurig agterna. Vroeë twintigs as sy moet skat. Die kombinasie van ’n wulpse lyfie en ’n bogemiddelde gesiggie moet haar gewild onder die jonger manne maak, maar as Jo die saak so bekijk, het sy oë vir Zach. En wie kan haar kwalik neem?

“Ek verstaan van Zach jy wil Casper se huis opknap?”

Jo kyk na die dominee en knik. Hy lyk op ’n vreemde manier effens bekend. “Dis te sê as Zach met ’n wonderwerk van ’n kwotasie te voorskyn kan kom.”

“Ek is seker Zach sal die wa deur die drif kan sleep. En ek is dalk ook een van die osse.”

Jo voel haar wenkbroue wip.

“Zach het my gevra om te kwoteer op die kombuiskaste en ander houtwerk. Ek doen dit graag as jy my wys wat jy in gedagte gehad het.”

O nee. ’n Predikant wat houtwerk as stokperdjie doen. Sy kan haar net indink wat anderkant gaan uitkom. Kitsch mosaïekvloere kan dalk die minste van haar probleme wees.

“Natuurlik, dit sal gaaf wees,” sê sy floutjies. Het sy haar met Zach misgis? Lei al sy kortpaadjies dalk net na brouwerk? En wat kan sy eintlik anders verwag van ’n kontrakteur wat eintlik ’n kroegman is? Sy is hier op ’n gekkesending. Dit sien sy nou so duidelik soos daglig. En dit terwyl haar kind ...

“Dankie, Monique.” Zach neem die bottel by haar en skuif die bierglas wat sy eerste vir hom neergesit het eenkant. “Ek sal sommer oopmaak en skink, ek sien jy het nog ’n tafel. Onthou net asseblief om Jo se ys te bring?”

Monique knik net.

“Wil jy proe?” vra Zach.

Jo skud haar kop en kry haar paniek onder beheer. “Ek is seker dit sal gaaf wees.”

“Dit sal vir my ’n plesier wees om weer met hout te werk,” vervolg die dominee nadat Zach hulle glase gevul het.

Jo neem ’n tentatiewe slukkie. “Lekker, dankie.”

“En dan hou dit my sommer besig genoeg om nie my neus in my kinders se sake te steek nie. Saul, dis nou my oudste, het klaar geskimp ek is skaars met vakansie of ek begin al vir hom pleks van vir die gemeente preek.”

Jo stik in haar wyn.

Die dominee gee haar ’n kloppie op die rug en wag tot sy oor haar hoesbui kom.

“Ai, so ’n verkeerde keelgat kan lol. Gebeur gereeld met my. Nietemin, ek verneem jy het Saul al ontmoet? Ek hoop nie hy maak die lewe vir jou te moeilik nie. Daardie ellendige hotel wat hy wil bou, versuur ons almal se lewe.”

Zach gee Jo ’n ondersoekende kyk voor hy skielik intens geïnteresseerd

raak in die laaste lig oor die see. Met dieselfde ingedagte trek op sy gesig as wat Sue so dikwels kry, klop hy teen sy hemsak, vroetel 'n pakkie sigarette uit en dan, asof hy onthou, kyk hy vlugtig na Jo, gee 'n effens skaapagtige glimlag en druk dit weer terug.

“Ek neem aan die veranda is 'n rookarea, Zach. Rook gerus.”

Hy glimlag verlig. “Thanks.”

“Ag, jy's 'n skat.” Die dominee vroetel 'n pyp uit sy sak. “Objeksies teen ou Goliat?”

Jo skud haar kop. “Goliat?”

Zach ontspan ná die eerste trek en hy lyk so baie soos Sue in dieselfde omstandighede dat sy lag kry.

“Ja, Goliat. Anders as Dawid, is ek bevrees, kan ék hom nie verslaan kry nie, maar dit help om te weet selfs hy is dalk tog eendag verslaanbaar.” Sy getrek aan die reeds gestopte pyp pluk-pluk die vlammetjie in die twak in en die dominee kry 'n sielsalige uitdrukking op sy gesig terwyl die geur van rum en maple om hulle draal.

“As ek sien hoeveel plesier julle daaruit put, wens ek soms ek het gerook.” Jo het geen idee waar die woorde vandaan kom nie. Sy voel ineens ver verwyderd van die hele scenario. Sy verlang na Sue. En na Jeannie en na Nan.

“Nog nooit probeer nie?” vra Zach.

“Net dagg. . .” Jo versluk haar byna 'n tweede maal. Sy bars in 'n sweet uit. “Ek bedoel ...” Daar is niks te redde aan die situasie nie. Sy het so pas voor 'n dominee erken wat sy nie eens graag aan haarself erken nie. Iets wat sy hoop Jeannie nooit sal uitvind nie. “Dit was baie lank terug.” Die lamlendige woorde maak dit nog net erger.

“Raai, Casper het gesweer cannabis het medisinale eienskappe. Het hom in die laaste dae gehelp teen die pyn. Dis nou die daggatee. Hy kon nie meer rook met sy gaar longe nie. Hy was die grootste deel van sy lewe 'n veertig-Stuyvesant-per-dag man.” Die dominee se onverstoorte woorde slaan haar vir 'n ses.

Hier voor haar sit nie 'n dominee nie, besef Jo, maar 'n mens. Nee, 'n mensch. Net jammer hy is Saul Wienand se pa.

Saul kan die gesprek met Gideon maar net nie uit sy gedagtes kry nie. Aan die een kant wil dit hom moed gee. As sy pa nog 'n libido op sestig het,

het hy self darem nog meer as twintig jaar om op te vang met wat hy die afgelope sestiën jaar misgeloop het. Aan die ander kant is dit ontstellend.

Wat máák mens daarmee as daar niemand in jou lewe is nie? Dit was soos tande trek, maar Priscilla het hom darem nog so nou en dan verduur. Nou is daar nie eens daardie sporadiese uitlaatklep nie. En die alternatief is wraggies net nie goed genoeg nie. Die verligting is tydelik en heeltemal onbevredigend.

Hy stap uit op die balkon, soek rus vir sy gemoed in die onrus van die watermassa wat panoramies voor hom uitgestrek lê. Dit werk, maar net tot hy weer, 'n hele ent ondertoe en net duskant die rotse, die kasarm in sy gesigsveld kry. Hierdie tyd van die aand word hy dit gewoonlik gespaar, maar die vroumens het van die ligte in die huis aan vergeet. Die paneelwa staan nie meer langs die waenhuis nie. Seker terug Kaap toe. En tot tyd en wyl madam besluit om terug te kom, gaan daardie ligte elke aand sy siel versondig. Asof hy herinner wil word aan die liederlike turkoois ruïne. Aan Casper. Aan Zach se verraad. Of aan daardie mooi bene.

Saul draai om en stap na sy tekenkamer toe. Werk is al wat help. Vir sy gemoed en hopelik ook vir hierdie dier wat in hom wakker gemaak is. Een wat verdomp net aan haar kan dink.

“Gideon sal vir ons 'n prys kan gee sodra jy besluit watter hout jy wil gebruik. Jy wil sekerlik nie melamien hê vir 'n plek soos die kasarm nie?”

Jo skud haar kop. “Nee, natuurlik nie. Miskien goeie dennehout wat ons kan witwas. Met 'n dubbellaag gaas en sifdraad pleks van panele. Dit spaar hout, is goedkoop en sorg dat die kaste nie so muf raak nie aangesien dit goeie ventilasie bied. Dit hou nog steeds gediertes uit. Dan kan ons dalk 'n bietjie splash op mooi handvatsels.”

Gideon maak aantekeninge terwyl sy praat en knik sy kop. Sy hand vlieg oor die papier en oomblikke later hou hy 'n ruwe skets van 'n kombuiskas na haar toe uit. “So iets?”

Jo se oë rek. “Jy kan dít maak?” As hy so goed kan houtwerk doen as wat hy kan teken, is haar kop deur.

Gideon glimlag. “En as ek 'n voorstel mag maak? Ek is seker êrens in 'n laai in die kasarm moet daar ou vurke en lepels wees. Van die soort wat desjare met silwer oorgeblaas is en wat ons ma's, in julle geval oumas of grootjies, soveel moeite gehad het om blink te hou, maar wat die ene

metaal smaak as jy dit gebruik om te eet.”

Jo knik. “Ek verbeel my ek het so iets gesien terwyl ek deur die kaste gegaan het.” Sy dink liefs nie aan al die kos wemelend van die miet wat sy ook opgespoor het nie.

“Ieg, dis nou Zach se regterhand, maak handvatsels daarvan. Dit werk goed vir kasdeure en laaie. Hy het vir Saul se nuwe woonplek gemaak en dit is regtig iets besonders.”

Jo sit regop. “Natuurlik! Ek het al sulke handvatsels gesien. Dit sal só mooi wees. En net reg vir die kasarm.”

“Nou toe. Ek sal môre kom opmetings doen, dan werk ek vir jou ’n prys uit en hoor by Ieg wat vra hy as jy die vurke en lepels verskaf.”

“En ’n, ek weet nie wat die Afrikaans is nie, ’n butcher’s block.”

“Kapblok. ’n Losstaande een, neem ek aan? Ja, ek het al een gemaak. Vir Hendrien. Met die rakke onder en ’n paar laaie.”

Dis asof ’n ark vir idees en planne oopgegaan het. Jo vra ’n paar los blaai van Gideon se notapapier en begin skets en beduie, maak lysie en voorstelle. Gideon vul aan en Zach rond af.

“Hanou!” keer Zach uiteindelik laggend. “Ons werk met ’n shoestring budget, onthou. En ek dink ons moet iets te ete kry. En nog ’n bottel wyn dalk?”

Die dominee knik. “Ja wat, hoekom nie?”

Dis asof Jo uit ’n ander wêreld terugkom. Uit haar wêreld, waar sy weet waarvan sy praat. Waar sy weet wat sy wil hê.

“Ek bel net gou vir Riekie. Dan hoor ons waarmee sy vorendag kan kom.”

Jo hoor Zach skaars. Die kasarm begin vlerke kry.

“Moet daar ’n rede wees as ek my suster wil uitvat vir ete?” vra Sue onskuldig en skop haar tuinskoene uit voor sy met die foon teen haar oor gedruk die yskas oopmaak.

“As ons ons sente tel, beslis.” Nan klink nie lekker nie.

“Oukei, ek wil opmaak vir daardie uitlating van nou die dag. Dit was uncalled for en boonop laakbaar. Ag toe, ousus. Vir oulaas voor ons weer die sentjies begin blinkvryf? En dis my treat.”

Nan sug, maar dis darem nie ’n beswaarde sug nie. “Jy, Susannah Maria Calitz, is onmoontlik. Waarheen wil jy gaan?”

“Oor watter restaurant in Durbanville het Jeannie so ’n ruk terug gerave? Sy het nog net een keer daar gewaitress. Ek dink sy het gesê die bestuurder is cute. Jerry, dink ek, is sy naam.” Sue hou asem op.

“Durbanville? Nou hoekom daarheen sleep, Sue? Ons kan mos sommer hier naby by die Spur gaan eet? Dis ten minste ewe ver van ons albei af.”

“Spur? Ag, liewe hel, Nan, ek is klaar met inkleurboeke en ballonne.” Hopelik onthou Nan nie sy is mal oor Spur se fajitas nie. Dit gaan moeilik genoeg wees om dié ding na toeval te laat lyk. Sy wil nie hê Nan moet nog lieg ook nie. Dis iets waarmee sy besonder vrot is. “Laat my nou toe om jou behoorlik te treat.”

“Oukei, maar ek kom tel jou op. Netnou drink jy weer te veel whisky. En die plek se naam is Salamander, as ek reg onthou. Ek het nog gedink ek hoop nie hulle sit akkedisse voor nie. Die ander ‘disse’ waarvan Jeannie gepraat het, het maar baie uitheems geklink.”

“Great! Ek sal vir ons bespreek vir so agtuur, nee, kom ons maak dit kwart oor agt.”

“Tel jou kwart voor op.”

“Right-e-ou.” Sue blaas haar asem uit toe Nan aflui. Veldslag gewen, oorlog om te beplan.

“I’m sorry, M’am, our restaurant is entirely booked out,” moet Sue egter hoor.

“I’m sure you can make a plan for a table for two?” Sue onderdruk haar irritasie.

“I’m sorry, M’am. Our kitchen can only cater for a limited total of guests.”

M’am se moer, wil sy vir hom sê, maar hou haar in. “May I speak to Jerry? The manager?”

“You are speaking to Jerry, the manager. Good day, M’am.”

“Just a moment. Point is, we want to surprise my sister’s granddaughter. She is substituting at your establishment tonight. Jeannie. Skinny little redhead. Delightful waitress.”

“Jeannie? I’m sorry, M’am. No one by that name serving here tonight. Good day.”

“But ...” Die stilte sing in haar ore.

Jo gaan ’n aap dinges, is haar eerste reaksie. En dan, waar de bliksem is Jeannie? Nog belangriker, waarom het sy vir Jo gelieg? Dis nie hoe sy

Jeannie ken nie. Sy sal baklei, kapittel en verwyd, maar lieg is nie haar styl nie.

Daar is net een antwoord: die susters.

Die vraag is, bel sy vir Jo en kry haar ook in 'n toestand of bly sy stil en bid alles sal oukei wees? Nee, vir Jo gaan sy nie bel nie. Daar is op die aarde niks wat Jo kan doen behalwe frantiek raak nie. En sy wat Sue is, het waarlik al te veel kak drooggemaak in haar lewe om nou skielik te wil bid.

Fók! Sue smyt haar sel op die rusbank en plak haar langsaan neer. Wat de moer is die twee dykes se name nou weer? Immaculata? Nee. Immo. . . Imogen, onthou sy dan. En Cassandra. Maar hulle van? Geen mens weet nie. Dus kan sy nie die ouers bel en diskreet probeer uitvind nie. En as sy Jeannie bel, gaan dié dadelik weet Sue check haar op.

Miskien is daar iets aan by YWC? Maar dan het Jeannie nie nodig gehad om te lieg nie. Maidens of Sappho is die enigste rede waarom Jeannie sou lieg.

Never fear when Sue is near, het sy vir Jo gesê. Famous last words.

NEGENTIEN

“Riekie doen hoofsaaklik kerspitwerk vir Hendrien se Spens, maar sy is so talentvol ek weet nie waar om te begin vertel wat sy alles kan doen nie,” spog Zach nadat hy die skaam meisiekind met die valerige hare en pragtige groen oë voorgestel het. Eintlik is sy seker nie meer ’n meisiekind nie. Stap waarskynlik al aan dertig toe, maar sy bloos nog soos ’n kind terwyl Zach haar aanprys.

Kerspitwerk? Jo kan nie anders as om vertwyfeld te voel nie. Gideon het haar nou wel verras, maar the proof is in the pudding, soos Sue sou sê. En daar is ’n groot verskil tussen ’n lappie borduur en twee ellelange gange met mosaïek bedek sodat dit na iets anders lyk as ’n spul stukkende teëls wat in bry ronddobber.

“Zach oordryf,” sê Riekie in haar sagte stem en loer met heldeverering na hom. “Maar ek is lief vir mosaïekwerk.” Sy vroetel ’n sketsboek uit ’n leersak. “Ek het nie die regte afmetings nie, maar ek het ’n paar sketse gemaak. Wat natuurlik ... ek bedoel, jy moet maar sê wat jy in gedagte het, maar miskien ...”

“Wys vir ons,” moedig Zach aan toe haar woorde finaal in onsekerheid doodloop.

Riekie vou die sketsboek oop en sit dit voor Jo neer. “Hier het ek die maan en sterre as tema gebruik. Oom Casper was so lief vir die uitspansel.

Het mos die teleskoop in die een toring gehad. Ek weet nou nie watse kleur die teëls is wat ons gaan kry nie, maar mens kan altyd planne maak. Daar was nie genoeg tyd nie, maar ek het een hoekie ingekleur soos dit kan lyk.”

Jo staar na die patroon wat met swaaie en draaie loop en inderdaad ’n hele mitiese sterrestelsel verteenwoordig. Die ingekleurde deel is in soveel detail gedoen dat Jo haar baie goed kan voorstel hoe dit uiteindelik gaan lyk. En as dit kan lyk soos op die skets, gaan dit asem-blêddie-rowend wees.

Sy kyk na Riekie. “Dis stunning, Riekie. Absoluut stunning.”

Riekie bloos en skuif nog verder vorentoe op die punt van haar stoel. Sy blaai na die volgende skets. “Hier is die tema magiese simbole. Oom Casper het my vertel van simboliek en ook kleursimboliek. Die stukkies spieël simboliseer die kristalle waarvoor hy so lief was.”

“Riekie ...” Jo kom nie verder nie, maar Riekie moes gesien het dat haar sprakelose verstomming ’n kompliment is.

“Ek is bly jy hou daarvan,” sê sy net.

Jo is verlig toe hulle kos kom. Miskien sal dit haar weer aard. Miskien het sy te veel wyn gedrink. Miskien sal dinge anders lyk wanneer sy môre opnuut na alles kyk. Maar vir die oomblik is sy in die sewende, nee, in die swewende negende hemel. Toe sy Zach se blik op haar voel, stuur sy vir hom met ’n dubbelhand ’n lugsoen.

Gideon gee ’n rasperige laggie en Riekie giggel.

“Op die kasarm.” Jo lig haar glas en verwag half dat dit uit haar hand gaan sweef, maar dit bly waar dit is.

Sue se selfoongidsnavrae en die landlynfoongids lewer niks op oor YWC of Maidens of Sappho nie. Jeannie is ook nie by enige van die restaurante waar sy gewoonlik werk nie. En ook nie by een van iedere restaurant in Durbanville waarvoor Sue ’n nommer kon kry nie.

Sy skrik haar uit haar bloedgroep toe die deurklokkie lui. Nan! besef sy dadelik. Sy het skoon vergeet om hulle afspraak te kanselleer.

Nan is uitgevat in ’n swart enkellengte rok van sagte lap en lyk skoon onbekend. Sy het selfs oorbelle en grimering aan. En haar tekkies het plek gemaak vir blingsandale.

“En nou?” Nan kyk haar op en af.

Sue weet wat sy sien. Haar oorgroot checkwerkshemp. Jeans met modder op die knieë. Hare wat op haar kop vasgemaak was, maar nou in toutjies om haar gesig hang. Haar kaal voete gevlek met grassnysels.

“Jeannie. Ek weet nie waar sy is nie.”

Nan maak die deur agter haar toe, kry Sue aan die arm beet en stuur haar na die rusbank. Sy stoot ’n spul tuinboeke sonder enige ontsag van die bank af, gaan sit en trek Sue langs haar neer.

“Begin van voor af.”

Sue gehoorsaam en vertel alles. Ook van Maidens of Sappho en die rede agter die ete by die akkedisplek. Wat toe nie uitgewerk het nie.

“Het jy Jeannie probeer bel?”

“Ek wou nie. Jeannie sal haar moer vreeslik strip. Sy het gevra ons moet haar vertrou. Maar ons kan nou nie anders nie. Sy’t gelieg en sy gaan nou maar net mooitjies moet aanvaar ons het haar uitgevang. Ons het toe nie rede gehad om haar te vertrou nie. Tough.”

Nan haal haar selfoon uit. “Bly stil terwyl ek praat, oukei?”

Sue knik.

Nan druk die knoppie, maar skud haar kop ná ’n rukkie, laat toe ’n boodskap. “Hallo, Jeannie, dis Nan hier. Is Sue dalk by jou? Sy antwoord nie haar foon nie en ek het ’n appeltjie met haar te skil. En het Jo dalk laat weet of sy veilig aangekom het? Lief jou.”

Nan klap die foon toe. “Dareem voicemail.”

Sue kyk haar skewekop aan. “Jy is ’n devious old bat, is jy nie?”

“Sy moenie weet ek weet nie, dan sal sy my nooit bel nie. Dan is ek ook een van die vyand. Het jy kos in die huis?”

“Ons kan Mr Delivery bel.”

“Redelik ver verwyderd van Salamander, maar oukei. Ek soek lasagne. En jy stap verniet yskas toe, nie ’n druppel drank oor ons lippe tot Jeannie gebel het en ons weet wat gaan aan nie.”

Sue maak die yskasdeur oop en hou die lemoensap triomfantlik in die lug. “Ek is nie die alkie wat jy dink ek is nie, Nan.” Sy neem ’n groot sluk, maar dit voel asof haar dors nooit weer geles gaan word nie. Angs en spanning het elke druppel vog uit haar liggaam gepers en elke molekule speeksel geabsorbeer.

“Gebruik my landlyn vir Mr Delivery. Ek soek moesaka. Gaan gou stort.”

“Vat jou selfoon saam. Miskien bel sy om jou te waarsku dat ek jou soek. Julle is mos lekker dik deesdae.”

Sue is onder die stort toe haar foon lui. Sy gryp ’n handdoek en spring uit, net betyds om te antwoord.

“Yes-ja?”

“Sue?”

“Jeannie?” Wat fluister die kind so?

“Sue, kan jy my kom haal?”

“Fok, Jeannie wat is fout? Waar’s jou kar?”

“Ek het dit daar gelos. Ek dink Cassandra het die sleutels. Gelukkig is my foon op silent, want Nan het netnou gebel. Dis nog weirder as wat ek gedink het, Sue. Asseblief, kom haal my.”

“Jeannie, fokus. Waar is jy?”

“Ek weet nie.” Haar stem tril so dat Sue skaars kan hoor.

“Jeannie, luister mooi. Hoe het jy gery om daar te kom?”

“Cassandra het my so laat sirkels en draaie ry, ek weet nie mooi nie. Maar ons is naby Bloubergstrand. Die byeenkoms was by een van die lede se huis. Maar dis in die verre buitewyke. Hier is nie ander huise nie en ook nie teerstrate nie. Net ’n grondpaadjie.”

“Kan jy die see sien?”

“Nee.”

“Weet jy watter kant toe die see lê?”

Jeannie bly ’n oomblik stil. “Ek dink so.”

“Stap in daardie rigting. Wag in die straat naaste aan die see. Ek kom haal jou. Hou jou foon op silent en bly uit die Maidens se pad.”

“Hoe gaan jy my kry?”

“Ek sal.”

“Sue, my lugtyd is min. Ek het nog nie opgetop soos Jo gesê het nie.” Sy klink baie na aan trane.

“Ek sal bel. Gee net ’n missed call as daar ’n krisis is. Moenie my weer bel tensy dit regtig ’n enorme krisis is nie. Lui dadelik af.”

Sue bewoog so dat sy skaars afgedroog kan kry. “Nan!” skree sy terwyl sy in skoon onderklere spring maar om tyd te spaar sommer weer in haar vuil jeans indans. “Nan, ons moet Jeannie gaan haal. Sy’s in die kak!” skree sy in die gang af. Sy is nog besig met die hemp se knope toe sy in die sitkamer ingehardloop kom.

Nan staan reeds by die deur met haar karsleutels en albei se handsakke in die hand. “Jy kan in die kar vertel.”

“Bloubergstrand. Ry so vinnig as wat jy kan.”

“Mr Delivery,” onthou Nan toe sy die motordeur agter haar toeslaan.

“Se gat.” Sue rittel en beef van kop tot tone.

Nan moet dit gesien het, want terwyl sy wegtrek teen ’n spoed wat Alain Prost haar sal beny, sê sy: “Steek op, dis oukei.”

Eers toe Sue kurk proe, begin sy weer funksioneer.

“Wie bel jy?” vra Nan sonder om haar oë van die pad af te haal.

“Linda, die New Age-girl.”

Die oproep lewer nie veel meer op as dat Linda belowe om weer rond te bel nie, maar dis duidelik dat Linda die erns van die saak begryp.

Sue huiwer, skakel toe 1023 en vra die nommer van die polisiestatie waar sy vanmiddag was. Sy gryp ’n pen uit die paneelkissie en skryf die nommer sommer op haar handpalm neer voor sy weer bel.

“AO Sardin, asseblief. Dis baie dringend.”

“Hy is af diens.”

“Met wie praat ek?”

“Konstabel Jaers.”

“Jy was nie dalk vroeër vandag aan diens nie?”

“Ja, Mevrouw?”

Sue maak doeltrewus haar varkies bymekaar. “Onthou jy die mevrou wat nie ’n mevrou is nie? Die een wat wou weet van vandalisme en stalking?”

“Daai blonde vrou?”

“Ja, daai blonde vrou.”

“Ja, Mevrouw.”

“Nou maar Jaersie, as jy nie die AO se seldnommer nou onmiddellik vir my gee nie, gaan daai blonde vrou jou van jou toekomstige nageslag verlos. Verstaan jy wat ek vir jou sê?”

“Mevrou?”

“Family jewels, Jaersie. Jy is dit kwyd as jy nie ...”

“Hier kom AO nou net.” Die lyn word dowwer. “AO, dis die mal vrou.”

“Sardin?”

“AO, dis Sue Calitz.”

“Ek is op pad huis toe, Juffrou. Om die waarheid te sê ek probeer al die afgelope twee uur huis toe gaan.”

“Dis dan net genade dat jy nog daar is. AO, daar is ’n jong meisiekind êrens op ’n afgeleë plek, vermoedelik in die omgewing van Bloubergstrand, maar sy weet nie waar sy is nie. Ek smee jou, help ons. As jy haar net kan bel. Ek ken nie die omgewing nie, maar julle mense daar sal dalk kan help. Asseblief.” Die foon piep. “Sy soek my! Hou net aan.”

Sue skakel oor, maar dis Linda. Sy skakel weer oor na Sardyn toe. “Ek moet my lyn oophou. Bel haar, asseblief.”

“Gee my die nommer.”

“Haar naam is Jeannie. Jeannie Calitz.” Sue gee vir hom die nommer en herhaal dit. Dank die gode Nan het hulle gedwing om mekaar se foonnommers te memoriseer.

“Gee my joune ook,” versoek Sardyn gelate.

Sue gee hom haar nommer en somer Nan s’n ook voor sy aflui en Linda terugbel.

“Linda? Sue.”

“Sue, een van my vriende het ’n bietjie dieper op die saak ingegaan. Hy weet nog nie veel meer nie, maar dis nie goeie nuus nie. Die Maidens soek glo ’n opper-Sappho vir die Afrika-groep. ’n Natuurlike maagd. Die susters is in alle waarskynlikheid werwers van maagde en in die besonder op soek na so ’n kandidaat. En die moederskip waarvoor die Maidens wag om die maagde na planeet Phaon toe te kom haal ...” Linda stik effens van die vinnig praat en begin hoes.

“Die wát?” Moederskip? Planeet Phaon? Klink soos iets wat Jules Verne uitgedink het. Maar Sue kan sweer dis wat Linda gesê het.

“Sue,” Linda gee nog ’n kuggie voor sy verder gaan, “dis nie gewone oordeelsdagfreaks nie. Die Kaapse Maidens is ’n splintergroep wat weggebreek het van die Amerikaanse groep wat weer weggebreek het van ’n groep genaamd Heaven’s Gate. Hulle glo dat ’n moederskip, ’n UFO, die Maidens gaan kom haal. Die nuwe wêreld waarvan hulle praat, is nie op aarde nie. Dié gaan vergaan. Net die Maidens sal oorleef omdat hulle met die moederskip weggeneem gaan word na die planeet Phaon toe om ’n nuwe wêreld daar te skep. Dis waar tweeslagtige wesens vir hulle wag om hierdie nuwe wêreld te bevolk. En die Kaapse groep glo dit sal om middernag op 15 Oktober vanjaar gebeur. Hulle voorbereiding neem nou baie ernstige afmetings aan.”

Dankie tog, dis eers oor twee maande. Daar is weer 'n piepgeluid op die lyn. "Hou net aan, Linda." Sy skakel oor. "Hallo?"

"Sardyn. Ek is bevrees daar is nie antwoord nie. Ook nie antwoorddiens nie. Net die subscriberboodskap. Jy ken die storie."

"En nou?" Sue druk haar hand oor haar mond.

"Ek gaan Blouberg se mense kontak. Hulle sal begin soek. Hou jou lyn oop. Hulle het al die nommers. Maar die vader hoor my, juffrou Calitz, as dit 'n hoax is ..."

"Dit is nie, ek sweer."

"Wat is daardie groep se naam nou weer?"

"Maidens of Sappho. En ek is nie homofobies nie, AO, ek is ook nie histeries nie, hulle is 'n fanatieke spul malles. Heeltemal berserk!"

Teen die tyd dat hulle klaar geëet het, het Jo definitief te veel wyn gedrink, maar sy weet ook die high waarop sy haar bevind, is nie net daaraan te wyte nie. Die prys wat Zach tentatief op die dak gekwoteer het, klink na baie geld, maar dis heel billik en sy het dit aanvaar, onderhewig aan Nan se goedkeuring. Gideon en Riekie moet nog hulle berekeninge doen vir materiaal en ook arbeid, maar sy het goeie moed.

Zach stap saam met haar paneelwa toe. "Waar het jy toe slaapplek gekry?"

"Ek slaap vanaand in die kasarm." Jo giggel toe sy die sleutels laat val. Zach tel dit vir haar op.

"Jy is seker nie ernstig nie?" frons hy en sluit die deur vir haar oop.

"Ek sal oukei wees, regtig."

Hy skud sy kop. "Nee, hel, Jo, ek weet darem nie."

"Ek sal fine wees. Ek is 'n Calitz. Ons kom reg. Wat die odds teen ons ook al is." Sy wip agter die stuur in. Die beweging is lomper as wat sy beplan het.

"Oukei, maar wag vir my. Ek volg jou. Dan kan ek darem seker maak jy kom daar uit."

Jo protesteer, maar Zach ignoreer haar en toe sy die Land Rover se ligte agter haar sien aanhik oor die slegte pad, is sy bly hy het nie geluister nie.

Sy ry 'n paar slaggate raak, maar kom heelhuids by die kasarm aan.

Zach is by toe sy haar KwikSpar-sakkie en vyfliterwaterbottel uithaal. Hy neem dit by haar en loop saam voordeur toe.

Hy sluit vir haar oop en stap saam binnetoe. “Ek kyk net gou deur om seker te maak alles is veilig en gesluit.”

Dié keer protesteer Jo nie. Die huis voel groot en vreemd en spookagtig. Hopelik sal dit binnekort in háár huis getransformeer wees, maar tans is dit nog Casper se huis. ’n Casper wat ’n spook en ’n enigma is.

“Hoe lank is dit sedert Casper hier gebly het?” vra Jo toe Zach terugkom en rapporteer alles lyk reg.

“Twee maande. Hy het sy heup gebreek en was in frail care tot sy dood. Maar dis duidelik dat hy toe al baie lank nie meer kon byhou nie. Seker al van sy hartaanval af, meer as twee jaar gelede. Ons het dit nie besef nie. Hy het nooit gevra vir hulp of bystand nie. Ons moes seker meer belangstelling getoon het, maar niemand het ooit hierheen gekom nie. Hy was maar meesal by die Hiërofant. Ek kon eintlik nie glo hoe lyk dit hier toe ek vanoggend hier kom nie.”

Jo stap saam met hom buitetoe. Die luggie is koel. “Dankie, Zach. Vir alles.”

Zack soen haar op haar wang en kyk af na haar. “Shit, Jo, ek wens dit was jy.”

Sy sirkel haar arms om sy lyf en leun vir ’n oomblik met haar wang teen sy bors voor sy weer opkyk. “Sou nice gewees het nè?” Sy moet haar een oog toeknyp anders is daar twee Hugh Jackmans. Asof een nie genoeg is nie.

“Soveel makliker,” grinnik hy, lig sy hand en stap Land Rover toe. Net voor hy inklim, draai hy terug. “Saul is ’n man uit een stuk, hoor. Hy het soms ’n tjiptjie op sy skouer, maar ons sal sy mind nog vir hom change.” En daarmee vou hy hom agter die stuur in, skakel aan en ry met wippende ligte weg.

Saul draai weg en gaan binnetoe. Dis koel op die balkon, dis al, probeer hy homself oortuig. Maar hy weet dis nie al nie. Hy weet ook dis dieselfde ding wat hom sy nagrus vanaand gaan ontnem. Die toneeltjie wat daar onder afgespeel het. Al wat hom red van ’n vloermoer, is die feit dat Zach ten minste weer uit die huis gekom en weggery het.

Jo was haar gesig, smeer vogroom aan, maar dis meganiese handeling. Haar kop draai nie net van die wyn nie. Dit draai veral van alles wat hulle

bespreek het. Voor haar geestesoog kan sy die gange sien. En Riekie se voorstel dat hulle die stortvloere ook in mosaïek doen, miskien met meerminmotiewe, laat haar ril van lekkerte.

Môre sal sy haar bekommer oor hoe uitvoerbaar alles is. Hoeveel alles tesame gaan kos. Wat Nan van die uitgawes gaan sê. En of Riekie en Gideon werklik reg kan laat geskied aan hulle goeie bedoelings. Vanaand wil sy net die opwinding indrink.

Sy gaan haal vir haar van die gebottelde water om haar tande mee te borsel en glip in haar nagrokkie. Flits in die hand skakel sy al die ligte af en draf kouliek na haar kermisbed. Toe sy die flits afskakel, is dit pikdonker. Verskriklik pik-pikdonker.

Buite hoor sy die see oor die rotse jaag en terugtrek, maar waar sy weet die gordynlose ruite moet wees, is daar nie eens 'n glimpering maanlig nie.

Jeannie het nog nie gebel nie, onthou sy. Maar dis nog nie middernag nie en daar is min aande wat sy voor twaalf by die huis kom. Vir 'n oomblik oorweeg Jo dit om haar te bel, maar weet dit sal nie veel help nie. Terwyl Jeannie werk, is haar selfoon in haar handsak en die luitoon op klankloos gestel. Sy sal net dink Jo check haar op.

Jo voel-voel na haar selfoon wat langs haar op die vloer lê, maak seker sy sal dit dadelik kan raakvat.

Sue? Sy oorweeg nog om Sue te bel toe die te vol dag sy tol eis.

Sue weet dit gaan niks help om histories te raak nie, maar sy moet hard daarteen veg. Hoe Nan dit regkry om net met 'n verbete trek op haar gesig te bestuur, weet sy nie. Straatop, straataf. Uur na uur. Een buitewyk na die ander. Foonoproepe na Jeannie toe lewer dieselfde op as wat Sardyn hom op die lyf geloop het.

Ná sy Nan ingelig het oor wat Linda in die skokoproep kwytingeraak het, het hulle nie veel vir mekaar te sê gehad nie. Wat is daar te sê?

“Polisievoertuig!” Sue se vinger skiet daarheen toe die kopligte die voertuig 'n ent links voor hulle tref. Dit ry teen 'n slakkepas.

Nan flikker haar ligte en ry tot by hulle. Toet. Die voertuig kom tot stilstand en Nan hou agter hulle stil. Sue is uit voor die kar nog mooi stil staan en druk haar selfoon in haar gatsak terwyl sy na die bestuurder se venster hardloop.

“Soek julle na Jeannie Calitz? Ek is haar tante.”

Die bestuurder klim uit. Hy is so kort dat Sue in die lig van Nan se kopligte op sy poensgeskeerde kop afkyk.

“Ja, Mevrou, maar Blouberg is groot,” bry hy Swartlands. “En ons kon net twee voertuie spaar. En ook maar net omdat dit ’n redelike stil aand is.”

“Sy het gepraat van ’n grondpaadjie en kon nie die see sien nie al het sy gedink sy weet watter kant toe dit lê,” herhaal sy wat sy vir Sardyn ook gesê het. Dié lê seker vergete al lepel.

Nan kom staan by hulle. “Dis my kleinkind, Meneer.”

“Ek is jammer, Mevrou, ons doen ons bes. Ons bidde maar vir ’n wonderwerk.”

Sue skrik haar oor ’n mik toe haar selfoon lui. Sy laat val die ding amper en kyk net vlugtig na die onbekende nommer. Sy skud haar kop vir Nan en skuif die foon oop. “Sue Calitz.”

“Juffrou Calitz, dis Anna van Aswegen hier. Jeannie is by my.”

Onmagtig om ’n woord uit te kry, hou sy net die foon na Nan toe uit. Sy druk haar hande oor haar nat gesig en probeer die rukke wat deur haar lyf trek, beheer terwyl sy Nan beangs hoor sê: “Dis Nan Calitz hier?”

Die polisieman staan nader aan Nan en probeer saamluister.

Ek huil, besef Sue verstom. Ek huil waaragtig. My hele lyf skud daarvan.

“Mevrou Van Aswegen, jy is ’n engel uit die hemel,” hoor Sue en sien hoe Nan ook begin snik.

Die polisieman neem die foon oor. Nan gryp Sue en druk haar styf, styf teen haar vas. “Sy is oukei. Verskrik, maar oukei.”

In die agtergrond hoor Sue iemand opdrag gee om na ’n adres te ry, maar al waarvan sy werklik bewus is, is Nan se snikke wat in tandem met hare deur hulle ruk asof hulle een persoon is.

Jo skrik wakker met haar hartklop wat haar hele lyf oorgeneem het en ’n geluid wat nog soos ’n eggo in haar ore vassteek. Vir ’n oomblik weet sy nie waar sy is nie. Net die intensiteit van die donker laat haar besef sy is in die kasarm. Sy hou haar asem op en lê tjoepstil. Wat ook al haar wakker gemaak het, is nou stil.

Sy is dors. Verskriklik dors. Sy steek haar hand uit na waar sy ’n glas water neergesit het, drink ’n paar lang teue voor sy weer teruglê.

Haar lyf voel styf van die onbekende matras. Het sy gedroom? Maar nee, dit was 'n geluid wat haar wakker gemaak het. Nie 'n baie harde een nie. Sy hoor dit weer. Iets soos die geknars van 'n ligte voetstap op 'n sanderige oppervlak. Nog 'n geluid kom by. Nie heeltemal 'n nael wat oor 'n swartbord getrek word nie, maar iets soortgelyks.

Jo lê asof sy gebalsem is. Knars, grr-grr. Dan weer knars, grr-grr.

Dit kom van buite die ruite, besef sy. Dit hou 'n ewigheid aan en toe is daar net knars, knars, knars. Al hoe sakter, tot dit stil raak. Wie weet hoeveel later hoor sy veraf 'n motorenjin wat aangeskakel word, die gesnor, en toe is dit weer net die branders oor die rotse.

Vir lank lê sy in haar mummiestaat voor sy haar hand versigtig na haar foon uitsteek. Sy gee 'n gillettjie toe iets oor haar vinger skarrel, maar gryp die foon. Drieuur, sien sy, en 'n SMS van Sue. Dié het sy nie eens hoor deurkom nie. *Jni veilig. Hr fn vrloor. Koni bel.*

Jo slaak 'n sug van verligting. Een ding minder om haar oor te kwel. Alhoewel sy graag sou wou weet hoe dit gebeur het, is 'n verlore foon nie die einde van die aarde nie. Hare is pas opgegradeer en Jeannie kan die ou een gebruik. Die belangrikste is dat Sue haar belofte nagekom het en Jeannie veilig is. Maar die geluide daarbuite?

'n Windvlaag ruk aan dakplate en kerm êrens om 'n hoek of 'n skoorsteen. 'n Brander klap teen rotse.

Terwyl sy probeer interpreteer wat haar wakker gemaak het, neem die slaap weer oor. Maar dis 'n ligte en onrustige slaap. Sy is vaagweg bewus van die kasarm wat om haar sug en steun, vloerplanke wat bokant haar kraak en dofweg 'n geskarrel. Sy probeer haar dwing om wakker te word, maar of dit die wyn of die moegheid is, daar is klippe op haar ooglede.

TWINTIG

Woensdag 29 September

Sue word wakker toe iemand haar op die skeen skop. En daar is iets in haar gesig. Iets wat kielie. En haar skouer pyn. Sy kreun, maar dwing haar oë oop, al smeeke haar lyf om nog slaap. Sy kyk in 'n krullerige donkerrooi wolk vas. Haar arm is vasgepen deur iemand wat sy amper krampagtig vashou.

Jeannie, besef sy. Dis Jeannie met wie sy lepellê. Oor Jeannie se skouer sien sy hoe Nan vakerig aan die verste kant van die koningsgrootte bed regop sit en 'n lang gaap gee. Haar vlegsels het losgekom en haar hare stroom oor haar skouers.

Sue maak haar oë 'n oomblik lank toe. Dankie. Dankie, dankie, dankie. Jeannie is veilig. Nan is hier. Toe sy haar oë weer oopmaak, wink Nan met haar kop in die rigting van die deur.

Jeannie kreun net effens toe Sue versigtig agter haar uitwurm. Eers toe sy langs die bed staan, besef sy hulle het almal nog hulle klere van gisteraand aan.

Toe kom die herinneringe terug.

Anna van Aswegen, die engel wat oopgemaak het toe Jeannie by haar aangeklop het, die verwilderde kind teen alle voorstedelike waarskuwings in ingenooi het. Wat haar Rescue Remedy ingejaag en toe Sue se nommer

uit haar gekry het, maar verder nie veel nie.

Sover Anna van Aswegen weet, het Jeannie 'n uitval met vriendinne gehad, verdwaal toe sy pad gevat het en by die eerste die beste huis aangeklop toe sy besef sy het haar selfoon verloor.

En, alhoewel sy en Nan van beter weet, is dit omtrent ook hoe ver hulle kennis strek. Jeannie kon of wou nie praat nie. Nie met die polisie nie, nie op pad terug van Bloubergstrand af nie en ook nie toe hulle hier in Sue se woonstel aangekom het nie.

“Hou my net vas,” het sy gevra. En hulle het. Eers vir wie weet hoe lank op die rusbank, en toe sy van pure uitputting aan die slaap raak, het hulle haar op die bed neergelê waar sy net wakker genoeg geword het om hulle deur die slaap te vra om haar nie alleen te laat nie en dat hulle Jo moet laat weet sy is oukei, maar nie wat gebeur het nie.

Nan het reeds die ketel aangeskakel toe Sue in die kombuis kom nadat sy 'n dringende draai moes loop. Nan se swart rok is verkreukel en net een van haar oorbelletjies hang nog in haar oor. Maskara kan die skuld kry vir die kringe onder haar oë, maar Sue weet selfs daaronder sal kringe lê.

Sue trek die deur toe en maak seker dit klik net saggies voor sy 'n pakkie sigarette uit die karton in die koskas haal en 'n aansteker langs die gasstoof opspoor.

“Fok, Nan,” blaas sy saam met die eerste rookwolk uit en sak neer by die kastige breakfast nook wat dien as haar eetkamer en werkstasie.

Nan soek in die kaste en kry 'n boksie Romany Creams uit. “Is dit jou plaasvervanger vir beskuit?”

Sue knik.

Nan gooi 'n paar in 'n bakkie, maak die koffie toe die ketel afskakel en kom sit oorkant Sue.

Sue trek haar beker nader, maar dis nog te warm, selfs nadat sy daaroor geblaas het. Die muurhorlosie klik effens luider toe die lang wyser op twaalf beland terwyl die korte op sewe staan kry.

Nan byt in een van die koekies, kou klaar en skud haar kop. “Jo gaan ons nooit vergewe nie.”

“Jo kon niks gedoen het nie, Nan. Sy sou in die lykswa gespring het, haar waarskynlik êrens te pletter gery het en selfs al het sy nie, in elk geval hier aangekom het wanneer alles verby was.”

“Niks is verby nie, Sue. Die meeste het pas begin. Jeannie sal onder meer

'n verklaring by die polisie moet gaan aflê. Soos dit is, is dit 'n godswonder dat hulle nie dadelik daarop aangedring het nie.”

Sue knik. “Maar dis Jeannie se call of sy Jo wil vertel of nie. En ook wat sy wil vertel. Vir ons en die polisie ook. Ons sal haar nie kan dwing nie. Jy weet hoe sy is.”

Nan sug diep en eet die koekie klaar voor sy haar koffie nader trek en weer na Sue kyk. “Ek weet nie of ek Jeannie oor my skoot wil trek of vir die res van my lewe teen my hart wil vasdruk nie.”

“Same here, maar ek weet wel jy moet by die werk kom.”

“Fok die werk.”

Sue rek haar oë nog groter as wat dit sommer vanself gerek het. Die vloekwoord wat sy self so maklik gebruik, klink uit Nan se mond kruier as wat dit is.

“Hulle het besluit hulle kan sonder my klaarkom. Dan kan hulle vandag ook.” Nan tel nog 'n koekie uit die bakkie op.

Hulle kyk albei na die deur toe die handvatsel afgedruk word. Jeannie stoot dit oop, haar hare 'n mahonie ontploffing om haar kop. 'n Paar krapmerke maak fyn strepies op haar een wang en daar is een oor haar neus ook.

Sy vryf met haar kneukels in die hoeke van haar oë en kyk na Sue. “Jy het seker nie groentee nie.”

Sue skud haar kop.

“Jeannie,” begin Nan.

Jeannie hou haar hand op. “Ek wil nie daaroor praat nie. Nie nou nie, nooit nie. Dit het nie gebeur nie.”

Maar dit het en Sue hoef nie in die gekneusde oë te kyk om te vermoed dat “dit” iets is wat Jeannie vir altyd verander het nie.

“Dan kan ek seker net so wel koffie drink,” bevestig Jeannie haar vermoede.

Die fel sonlig op die see maak Jo wakker. Dis vroeg genoeg om nog windstil te wees. Sy lê oomblikke lank en staar deur die soutbespikkelde ruitjies na die rotse en die onmeetlike blou daaragter. See en lug versmelt naatloos in mekaar.

Sy strek stywerig, swaai haar bene oor die rand van die matras wat deur die nag effens afgeblaas het en kom met 'n gesukkel regop. Sy rek haar

weer uit terwyl sy na die see kyk en verstar.

Agt ruitjies langs mekaar se aanpaksel is versteur. Die letters is krom en skeef, maar maklik leesbaar: Voertsek.

Jo se hand gaan na haar mond terwyl sy huiwerig nader stap. Wie dit ook al was, het die letters in spieëlbeeld geskryf sodat sy dit van binne af duidelik kan lees.

As daar 'n stoel was, sou sy daarin neergesak het. Maar daar is nie, dus stap sy kombuis toe. Waar daar 'n ketel is, maar nie 'n elektriese een nie.

Sy kry 'n gasplaat aan die brand, skink water uit die vyfliterkan in die ketel, pas dié oor die vlam en gee haar lam bene die rus waarna hulle smag.

Wel, duideliker kon dit nie uitgespel gewees het nie. Letterlik. Die vraag is net wie wil hê sy moet voertsek? Saul Wienand, gewis, maar is hy regtig die soort man wat om drieuur in die nagtelike donker op die ruite sal kom skryf? Maar wie dit ook al was, ken die omgewing, anders sou hy nie in daardie einste donker reggekry het wat hy wel reggekry het nie. En hy het geweet in watter vertrek sy slaap. Wat beteken hy het haar dopgehou. Wat moontlik is van Saul se balkon af. Hy sal kan sien in watter vertrekke ligte aan- en afgaan.

Jo is op haar voete voor sy nog besef wat haar laat skrik het. Sy blaas haar asem verlig uit toe sy die selfoondeuntjie eien en hol kamer toe.

“Jo, Zach hier. Ek het 'n gelukkie geslaan. Die hardewarewinkel in Hermanus het 'n kleinerige aflewering wat hulle hier moet doen en ek het hulle net betyds met my bestelling gebel. Hulle kan die dakplate en skroewe en goed vanoggend nog aflewer. Ek hoop jy is decent want ek is op pad met my span om die ou plate te kom afhaal.”

Jo kyk af na die kort nagrokkie met sy lae hals.

“Geen my tien minute.”

“Dié het jy, maar nie veel meer nie.”

Tyd vir koffie is daar nie. Sy skakel net inderhaas die vlam onder die ketel af en spring soos 'n besetene onder die waterstraaltjies in die stort rond. Zach is te vinnig op haar. Eintlik moet sy eers vir Nan bel. Dis immers haar geld. Maar 'n billiker kwotasie gaan hulle waarskynlik nie kry nie. En ook nie 'n meer entoesiastiese kontrakteur nie. En die dakplate moet vervang word of hulle nou gaan verder restoureer of nie. Nan sal verstaan.

Sy is skaars in haar driekwartbroek en wit U-halstop toe 'n voertuig aangeratel kom. Grimering sal moet oorstaan. Sy trek haastig 'n kam deur haar hare, druk haar voete in haar plakkies en is net betyds om die deur oop te maak toe Zach aanklop.

“Wow. Nie sleg vir tien minute nie,” glimlag hy.

“Koffie?”

Hy knik. “Sal lekker wees, maar laat ek net eers die ouens aan die gang sit.” Hy draai weg. “Laai solank die lere af, Ieg. Die bergkantste vleuel. Ons gaan daar begin!” roep hy na die geroeste trokkie se kant toe. “Julle kan solank die plate begin afhaal. Ek is nou daar.”

Hy volg haar kombuis toe waar sy weer die gasstoof aan die gang kry.

“Oukei geslaap?” vra hy en kyk rond in die kombuis, sy hande op sy netjiese heupe.

“Wel ...” Jo huiwer. “Hier was iemand. Kom kyk.”

Toe hulle in die kamer kom, knik sy verskonend na die bed wat nog nie opgemaak is nie. “Nog nie tyd gehad nie. Maar kyk na my boodskap. Drieuur vanoggend gearriveer.”

Zach frons diep toe hy sien waarna sy wys en stap nader. Hy skud sy kop en kyk oor sy skouer na haar. “Gesien wie dit was?”

“Nee wat, dit was te donker, maar ek het hom gehoor.” Sy verduidelik vlugtig wat gebeur het. “Ek hoop daar is buiteligte, want vanaand slaap ek beslis daarmee aan.”

“Jy kan nie saans hier bly nie, Jo. Nie na dese nie.”

“Dis my huis, Zach. En ek beplan om minstens die volgende drie jaar hier te bly. As ek nou weghardloop, wat help dit ek maak die huis reg?”

“Die dak gaan nie teen vanaand al op wees nie, Jo. Waarskynlik nie vir die volgende drie of vier dae nie.”

'n Gehamer en die skeurgeluid van metaal teen metaal weergalm deur die huis asof dit sy woorde wil bevestig.

“Ek bly in die hoofhuis,” hou sy voet by stuk.

“Die vleuel verleen toegang.”

“Nie sonder 'n leer nie.” Vaderweet, sy wil nie eens daaraan dink dat sy vanaand alleen in die huis moet wees nie, maar sy gaan haar waaragtig nie laat wegjaag nie. “Buitendien, dis juis goeie rede dat iemand hier moet wees. Ek gaan nie toelaat dat iemand my nog besteel ook nie.”

Zach bol sy wange voor sy asem in 'n geïrriteerde sug tussen sy sexy

lippe deur plof. “Is julle almal ewe hardkoppig?”

“Die ketel is seker al drooggekook.” Jo stap voor hom uit kombuis toe waar die ketel ’n riel oor die gasvlam dans. Daar is nog genoeg water oor vir twee bekers koffie. “Dink jy Ieg sal ook wil koffie hê? En die handlangers?”

Zach skud sy kop. “Hulle vat elfuur teetyd en sorg vir hulleself.” Hy roer twee lepels suiker in sy koffie toe hulle gaan sit.

“Ek verbeel my ek het Ieg nou die dag in Wine o’Clock sien werk?” Liewer die gesprek wegstuur van die verblyfstorie af, besluit Jo.

“Hy help uit as een van die wynskinkers nie opdaag nie. Gewoonlik verkies Ieg om in een van die ander winkels te werk. Die een met die metaalgoed. Gordynstokke en hake en rakke en dinge. Maar eintlik werk hy maar waar ons hom die nodigste het. Hy is nie fussy nie, solank hy besig bly en einde van die maand genoeg het om in sy sak te steek.”

Jo frons. “Waar julle hom die nodigste het? Ek verstaan nie mooi nie?”

“Ons run ’n paar plekke. Onder meer Over the Moon, dis nou die winkel met Ieg se metaalgoed, die Vliegende Hollander en die chalets. En van die chalets gepraat, ek dring aan dat jy daar intrek. Wag nou,” keer hy toe sy hom in die rede wil val. “Ek verstaan dat jy hier wil bly. Maar Jo, ons sal eers jou kamer en badkamer bewoonbaar moet kry. En ons gaan minstens die plumbing en elektrisiteit uitgesorteer moet kry voor jy kan intrek. Jy behoort self te weet watse gemors dit gaan afgee en jy kan nie sonder water en elektrisiteit hier bly nie. Ek belowe plegtig om so vinnig as moontlik te maak, maar jy moet rede insien.”

“Hoe lank?”

“Voor jy kan intrek, hopelik so twee, drie weke, maar daar sal nog vir minstens twee maande daarna chaos wees.”

Die klap van ’n motordeur buite laat Zach orent kom. “Dis seker nou juis die plumber.”

Saul trek ’n laaste streep voor hy terugsit en na sy handewerk kyk. Handewerk wat ’n absolute mors van tyd is, maar wat hom al besig hou van vieruur vanoggend af toe hy besef het hy kan maar vergeet van slaap en die oorspronklike planne van Casper se aanbouings uit sy kas vol Maanshijnbaai-huisplanne opgediep het.

Waarom hy die kosbare tyd gebruik het om die suites van die kasarm se

vleuels te herontwerp, weet nugter alleen. Hy gaan Jo Calitz waaragtig nie in haar kwaad sterk nie, laat staan haar help.

Hy stap strek-strek op die balkon uit, maar verstar toe hy die bedrywigheid onder by Casper se plek sien. Figure krioel oor die een kant van die dak en Jo en Zach kom uitgestap op pad na die loodgieter se paneelwa. Liewe vader, tog. Dan gaan sy regtig voort met hierdie waansin?

Asof dit nie waansinnig genoeg was om in daardie vieslike huis oor te slaap nie. Wat hom om die een of ander rede daaraan herinner dat Priscilla gebel het, 'n oproep waarvoor hy nie gisteraand kans gesien het nie. Nou ook nie, maar dit sal al amper beter wees as om die werksaamhede hieronder dop te hou.

Hy skakel haar op haar landlyn, sien voor sy geestesoor hoe sy deur haar splinternuwe en baie luukse maar verbeeldinglose meenthuis in Bloumond na die foon stap. 'n Meenthuis wat hom 'n aardige bedrag per maand uit die sak jaag en nog vir die volgende twintig jaar sal as hy nie nou vinnig begin groot geld maak en die ding afbetaal nie.

Sy wil 'n woonplek op haar naam hê, was een van die egskeidingvoorwaardes, en hy kon dit begryp. Die huis wat hulle die afgelope vyf jaar gehuur het, was egter nie “netjies” genoeg na haar sin nie, het sy laat weet toe hy dié vir haar wou koop. Hy kon nie 'n nuwe meenthuis vir haar en 'n huis vir hom bekostig nie. Dié dat hy maar aangebou het by die kantore.

“Priscilla Wienand,” antwoord sy uiteindelik.

Om die een of ander rede gries dit hom dat sy nog sy van gebruik al besef hy dis kleinlik van hom. “Môre, Priscilla.”

“Saul.” Sy klink nie alte vriendelik nie.

“Jy het my gesoek?”

“Saul, jy sal met Donnie moet gesels. Ek het agtergekom hy krap in my goed en hy is permanent in 'n bui. En ek weet nie of ek daarvan hou dat hy by Over the Moon uithelp as Ieg nie daar kan wees nie. Veral op Sondag. Dit hou hom uit die kerk en die sewende dag is gemaak vir rus. En Saterdag behoort hy te studeer. Dis een van die dae eksamentyd. Hy het nou al drie keer die afgelope maand daar gewerk.”

“Hy spaar vir 'n Kindle, Priscilla.” Saul verstaan self nie waarom gewone boeke nou nie meer goed genoeg is vir sy boekwurm van 'n seun

nie, maar ten minste lees die kind.

“Jy kan vir hom een koop.”

Ergernis ruk deur hom. “In hierdie stadium, Priscilla, is jy finansiëel baie beter daartoe in staat as ek. En jy weet hoe ek voel oor kinders wat finansiële verantwoordelikheid moet aanleer. Kinders en dergelike goed is absolute luukses.” Hy moes nooit teruggebel het nie. Wat het hom besiel?

“En jy weet hoe ek voel oor morele verantwoordelikheid. Sorg jy net dat jy hom in die kerk kry. Dis erg genoeg dat sy pa nooit daar kom nie.”

“Moenie met my oor morele dinge praat nie, Priscilla. Iemand wat geld vat vir werk wat nie gedoen word nie, staan self agter die deur.” Die woorde is uit voor hy hom kan bedink. Fatale fout, besef hy onmiddellik.

“Wat bedoel jy?”

“Los dit,” probeer hy uit die storie kom, maar weet dis vergeefs.

“As jy my van iets beskuldig, wil ek weet wat dit is.”

“Casper se plek. Was dit nie deel van die sleutelooreenkoms dat jou skoonmaakspan die plek sou leefbaar maak voor die erfgename kom nie?”

Priscilla bly lank stil.

Pleks hy hom hier uitgehou het. Wat maak dit aan hom saak dat Jo Calitz tussen maande se stof en spinnerakke bly? Maar hy was geskok toe hy die plek sien en gisteraand het sy daar geslaap.

“Ek kon geen doel daarin sien nie, Saul. Ek het aangeneem die nuwe mense sal aan jou verkoop en jy gaan tog die plek sloop. Daar is in elk geval geen manier dat mens daardie plek behoorlik skoon sal kry nie. En ek hét die Hiërofant laat skoonmaak,” klim sy dadelik op die verdediging. “Ek was ook baie besig. Soos jy weet, kom baie van die vakansiehuise se mense af vir die Walvisfees in Hermanus. My spanne kon omtrent nie voorbly nie.”

“Dan neem ek aan jy sal seker nou genoeg tyd hê? Aangesien die Walvisfees verby is?”

“Wat is dit met jou, Saul? Wil jy ’n skoon huis sloop?” Irritasie is ’n dik, bitter stroop in haar stem.

“Lyk my nie ek gaan die geleentheid kry om te sloop nie. En dit lyk my Jo Calitz het in die plek ingetrek.”

“O, aarde.”

As sy net een keer, net een verdomde keer kon sê “o, fok”, pleks van “o, aarde”, het hy dalk nog met haar getroud gebly.

“Ek sal die saak onmiddellik regstel.” Prim en proper soos net Priscilla kan wees. “Maar jy is die een wat met Donnie moet praat. Of is die Calitze deesdae vir jou belangriker as jou eie seun?”

Saul sit die foon saggies neer. Dis ’n duur een en hy kan nie bekostig om uiting te gee aan sy behoefte om die ding teen die muur te smyt nie. Wat op aarde het hom laat dink ’n egskeiding beteken dat Priscilla uit sy lewe en uit sy hare sal wees?

En waar het hierdie idiotiese gesprek verkeerd geloop? By daardie vroumens. Daardie doring wat sy vlees stukkies vir stukkies aan flarde skeur.

Sue luister met toenemende irritasie terwyl Jeannie haar verklaring aflê.

Sy is saam met twee vriendinne na ander vriende van hulle en hulle het rusie gemaak. Sy het besluit om Sue te vra om haar te kom haal aangesien die ander twee andersins nie vervoer sou hê nie en hulle wou nog bly. Sy wou egter so gou as moontlik wegkom en het solank die pad gevat. Toe sy besef sy is so ver van die dorpsgedeelte af het sy bang geraak. Êrens het sy haar selfoon laat val en kon dit nie in die donker opspoor nie. Gelukkig het mevrou Anna van Aswegen haar oor Jeannie ontferm toe sy daar aangeklop het. Sy wil asseblief net haar Uno terughê en haar handsak wat sy daarin gelos het.

Dis al wat Jeannie bereid is om aan die polisie te verklaar. Sy verswyg selfs die feit dat die twee idiotiese susters nie eens bestuurderslisensies het nie. AO Sardyn kyk Jeannie net stil aan voor hy na Sue draai en sy wenkbroue lig. Sue haal haar skouers op.

“Die Uno sal hopelik by die susters se huis wees. Ons sal dit sommer nou gaan haal,” verbreek Nan die stilte.

Nan is reg, besef Sue. Die susters sou nie die Uno los by daardie huis waar wat ook al aangegaan het nie. Iemand sou hulle gehelp het om die motor daar weg te kry.

“Juffroutjie, ek hoop jy het gisteraand ’n les geleer?” Sardyn pen Jeannie met sy donker oë vas. “’n Mooi jong meisie soos jy kon jou groot probleme op die hals gehaal het. Jy kan nie net pad vat nie. Dis moeilikheid soek. Jy was baie gelukkig.”

Jeannie laat sak haar oë en knik. “Ek is jammer vir die moeite wat ek veroorsaak het.”

Die AO sug. “Juffrou Calitz, kan jy ’n oomblik agterbly?”

Al drie van hulle kyk na hom.

“Ek bedoel Sue.”

Sue knik en beduie met haar kop dat die ander twee moet gaan.

“Dink jy hierdie gebeure het enigiets met die stalking te doen?” vra hy toe hulle wegstap.

“Ek weet nie, AO. Ek weet nie wat om te dink nie.”

“Wat het nou geword van daardie groep waarvan jy gepraat het? Die Maidens of Sappho?”

“Miskien was dit ’n misverstand. Dat hulle iets daarmee te doen gehad het, bedoel ek.” Misverstand se moer en sy dink die AO weet dit net so goed soos sy. “Maar ek dink Jeannie het groot genoeg geskrik om nie weer so iets aan te vang nie. Ek kan jou nie genoeg bedank vir jou hulp gisteraand nie.”

Hy hou sy hand op asof hy bang is sy gaan probeer. “Ek is bly sy is veilig, maar dit ontstel my dat sy vir ons lieg,” bevestig hy haar vermoede dat hy nie naastenby onnosel is nie. “En jy lieg agter haar aan.”

Sue maak net effens keel skoon. Vir ’n moffie is hy nogal erg intimiderend. En die probleem met moffies is dat sy geen effek op hulle het nie.

“Juffrou Calitz, my hande is afgekap as daar nie ’n klag is nie. As jou niggie besluit om te praat, luister ek met graagte. Jy mag tevrede wees dat sy nou veilig is, maar as daar iets onheiligs aan die gang is, kan ander kinders dieselfde oorkom.”

Sue laat sak haar wimpers. Alles wat sy van die Maidens weet, is hoorsê. Linda sal nie beïndruk wees as sy betrek word nie en sonder haar en haar vriende se agtergrondskennis beteken die internetgoed weinig.

Maar wat Sardyn sê, is waar. En sy gun geen ander familielid die hel waardeur hulle gister is nie. Uiteindelik kyk sy op. “Ek kan Jeannie nie dwing om ’n klag te lê nie, AO. Maar ek raai jou aan om ernstig ondersoek in te stel na die Maidens of Sappho. As julle nie die mannekrag het nie, kry ’n dapper joernalis om te probeer uitvind wat aangaan. Verkieslik voor 15 Oktober. Hulle kerk is in die Houtbaai-omgewing. Dis al wat ek vir jou kan sê. My inligting oor hulle is skrap en onbevestig.”

Sardyn sug lank en diep. Hy vryf ’n paar oomblikke lank sy ken voor hy weer praat. “Ek gaan nou ’n ding doen wat ek hoop ek nie later sal berou

nie. Sit my selnommer op jou foon. Maar jy bel my net as jy inligting het wat jy kan substansieer.” Hy wag vir haar om haar foon uit te haal en gee sy nommer voor hy Sue met ’n knik van die kop verdaag.

“Dankie, AO. Ek belowe ek sal jou nie onnodig pla nie.” Hy knik net weer. Dit lyk asof hy klaar spyt is.

Ná ’n haastige groet vlug Sue verlig agter die ander twee aan.

Nan is stil terwyl Jeannie aanwysings gee na die huis in Parow. Sue weet dis beter as sy ook nou liewer stilbly. Netnou vlieg sy die kind in en dis die laaste ding wat op hierdie stadium gaan vrugte afwerp.

Die Uno staan inderdaad voor die susters se huis.

“Ek sal.” Sue klim uit voor een van die ander twee kan protesteer. Sy is lus vir hierdie twee mal knolle. As sy met hulle klaar is, sal hulle wens hulle was reeds aan ’t fornikeer op planeet fokken Phaon.

Dis egter ’n huishulp wat oopmaak toe Sue aanklop. Sy groet en hou die Uno se sleutels na Sue toe uit. “Mevrou het gesê om vir julle te gee. Die handsak is in die kar.”

“Ek wil graag met Mevrou praat. En met die twee susters ook.”

“Hulle is nie een hier nie. Hier’s niemand nie.” Die vrou klingel net weer die sleutels teen mekaar, probeer Sue aanpor om dit by haar te neem. Sy ontmoet nie Sue se oë nie.

“En hoe weet jy dan ek is hier vir die kar?” Sue ruk omtrent die sleutels uit haar hand.

“Hulle het gesê iemand sal dit kom haal,” mompel die vrou onoortuigend.

“Kyk, ek weet dis nie jou skuld dat ‘Mevrou’ jou maak lieg nie, maar sê vir daardie twee langnaamkoeie hulle moet vir Jeannie uitlos of hulle kry met my te doen.”

Die vrou knik en begin die deur toedruk.

Sue keer. “En sê vir jou mevrou haar twee vaaltyne is besig met baie duistere dinge. As ek sy was, sal ek hulle baie mooi oppas. Voor dit te laat is.” Sue swaai om en stap met woedende treë weg. Fokken filistyne en dan nog lafaards ook.

Sy leun by die passasierskant in. “Nan, gaan werk toe.” Sy krom haar vinger na Jeannie wat kop onderstebo op die agtersitplek sit. “En jy, madam, kom saam met my.”

Jeannie begin haar kop skud.

“Moenie eens daaraan dink om te weier nie. Uno toe met jou. Move!”

EEN EN TWINTIG

Almal wat kwotasies moet gee, daag feitlik gelyk op. Zach hanteer die loodgieter en elektrisiën om die beurt, maar Jo moet vir Gideon wys waar sy kombuiskaste wil hê en vir Riekie verduidelik waar die erkers hopelik gaan kom en wat sy in die twee redbare badkamers in die oorspronklike huis geteël wil hê.

Maatbande rek en trek terug soos 'n ondertoon in 'n perkussieorkes, amper op maat van die hamerhoue wat van die dak af hoorbaar is en die getik-tik van die loodgieter wat die pype ondersoek. Vrae vlieg rond asof iemand 'n klip gegooi het in 'n bos wat vol vinke gesit het. Handlangers skree kwinkslae van die dak af.

Sy het darem tussendeur kans gehad om vir Nan te bel oor Zach se kwotasie en dié het net so halfafwesig, en redelik kortaf, gesê Jo moet maak soos sy goed dink, sy vertrou Jo se oordeel. Wat maar goed is aangesien die helfte van die dakpanne teen daardie tyd al af was.

Jo se kop draai so dat sy nie dadelik agterkom daar het nog iemand in die kombuis bygekom nie, tot Gideon iemand agter haar groet met 'n “Dag, my kind. Waar slaan jy uit?”

“Dag, Pa. Ek kan dieselfde vra.”

Jo swaai om toe sy Priscilla se stem hoor en druk haar hare uit haar natgeswete gesig.

“Nee, ons gaan mos Jo se huis vir haar opfieks,” glimlag Gideon onverstoord ondanks die beskuldiging in sy eksskoondogter se stem.

“Hallo, Priscilla.”

“Dag, Jo. Ek het net kom verskoning maak oor die toestand van die huis. Ek het nie besef jy sal hier wil oorslaap nie anders het ek vroeër kom skoonmaak.”

Jo kyk haar uit die veld geslaan aan. “Hoekom sou jy dit wil doen?”

“Ek het ’n skoonmaakdiens op die dorp. Dit was eintlik deel van my pligte benewens die sleutels afgee, maar ek het versuim omdat ek gedink het julle gaan in elk geval aan Saul verkoop. Ek het vanoggend eers verneem jy het hier ingetrek.”

Die formele taalgebruik verklap dat apologie nie vir Priscilla maklik kom nie. Haar gesig is bloedrooi en haar oë verrai ’n soort woede.

“Wel, soos jy kan sien, sal geen skoonmaakdiens hier hond haaraf kan maak voor die restourasie verby is nie. Maar dankie, dis lief van jou. Wat ek wel gewonder het, is of jy dalk nog die toringdeure se sleutels het, ek kry dit nêrens nie.”

“Ek is bevrees ek kon dit ook nie opspoor nie. Jammer, ek moes jou daarvan gesê het.” Priscilla kyk om haar rond. “Jy gaan sowaar restoureer?”

“Jy gaan nie die plek ken as ons eers klaar is nie, Priscillatjie,” spog Gideon.

Die loodgieter se getik-tik teen ’n pyp doof amper sy woorde.

Zach loer om die kombuisdeur. “Jo, waar wil jy die nuwe elektriese boks hê? Sal ons dit maar in die spens hou?”

“Hierdie pyp is so vrot ek kan nie glo dit hou nog nie,” laat hoor die loodgieter en tik weer. “Kyk net die roes.”

Die volgende oomblik is daar ’n klapgeluid, onmiddellik gevolg deur ’n fluit en Jo bevind haar reg in die pad van ’n stroom water.

“Stopkraan!” skree die loodgieter. “Waar’s die fokken stopkraan?”

Zach hardloop swetsend buitetoe. Die loodgieter druk in aller yl die gat in die waterpyp toe, maar dit veroorsaak net dat die water nou in alle rigtings spuit.

Teen die tyd dat die waterlek verflou en net ’n gedrup raak, is almal in die kombuis sopnat.

Priscilla se kort kapsel wat oomblikke gelede nog pofferig om haar gesig

gestaan het, kleef druipnat aan haar skedel. Maskara en onderlaag drup van haar kaak af op haar spierwit bloesie. Gideon en die loodgieter het nie 'n droë kol aan hulle lywe nie en Jo is self deurdrenk.

Dis Gideon wat eerste begin skud van die lag. Jo gee ook 'n hygerige laggie en toe dril die loodgieter se maag. Zach kom in en sy lag word deel van die koor.

Net Priscilla bly doodstil staan. "Julle is besete," sê sy woedend voor sy omswaai en kop in die lug uitstap.

Die gelag verflou tot bedeesde onderlangse kyke.

"Ag, foeitog, die kind is mos baie gesteld op haar voorkoms," laat Gideon hoor, amper asof hy probeer verskoning maak.

Jo kry 'n paar flenterhanddoeke in 'n kas en deel dit uit voor sy gaan droog aantrek en haar hare sover moontlik probeer droogvryf. Vir ydelheid is daar nie plek op 'n restourasieperseel nie.

Toe sy in die kombuis terugkom, is Riekie ook daar en sy en die mans staan geskaar om 'n koelboks vol koeldranke wat in ys lê.

"Coke?" vra Zach en hou 'n blikkie na Jo toe uit.

"Dankie. Jy is 'n engel." Sy drink dorstig voor sy rondkyk. Die tafel en stoele is drooggemaak, maar verder is alles nog nat. Moet maar so bly tot almal weg is, besluit sy. Veel skade kan dit nie doen nie.

"Oukei, as almal se kwotasies in is, gaan ons 'n sisteem moet uitwerk om te bepaal wie werk eerste waar. Logistiek gaan baie belangrik wees." Zach gooi sy leë blikkie in die geroeste asdrommetjie. "Sal julle kwotasies môreaand gereed kan wees?"

Jo is verstom toe almal knik. Sy wag gewoonlik wie weet hoe lank vir kwotasies.

"Dis net die erkers se afmetings wat ek moet kry. Die vloerspasië daarvan, bedoel ek. Wie gaan die planne daarvoor optrek?" vra Riekie. Daar is 'n blos op haar wange en haar oë skitter albastergroen.

"Gideon?" vra Zach hoopvol.

"Nee, jong, van huisplanne weet ek niks. Ons het eintlik vir Saul nodig. Ek weet nie hoeveel mense met buitemure kan lol nie en die erkers sal dalk die drakrag of iets dergeliks beïnvloed. Dink ek."

"Is hier nie 'n ander argitek nie?" vra Jo, maar die koppe om haar skud gelyktydig.

"In Hermanus dalk, maar dit gaan 'n ewigheid duur en jou 'n fortuin uit

die sak jaag. En die ouens daar is nie erg oor klein joppies nie. Veral nie restourasie nie,” sê Zach oplaas. “Die geheim van billike kwotasies is dat ons die werk in die kortste moontlike tyd kan afhandel. Buitendien, julle wil so gou as moontlik intrek.”

Gideon kou sy onderlip. “Jong, ek kan met Saul probeer praat, maar ons is nie op baie goeie voet nie.”

“Ek is ook uit.” Zach skud sy kop. “Saul is de moer in vir my.”

Jo sug. “En hy het sy mes in vir my. Soos julle weet.”

“Ek sal hom vra.”

Jo se oë rek en sy kyk soos die res verras na Riekie.

Riekie bloos bloedrooi. “Saul was nog altyd gaaf teenoor my.”

Zach dink ’n oomblik na voor hy knik. Sy glimlag is baie na aan slinks.

“Uitstekende plan, Rieks. Niemand kan jou ’n guns weier nie.”

Jo is nie so seker dis ’n goeie plan nie, maar daar is nie ’n alternatief nie. Sy hoop net nie die skaam meisiekind word afgejak nie. Maar miskien is Riekie en Saul meer as kennisse. Wie sal weet? “Dankie, Riekie.”

“Oukei, kom ons kry klaar dat ons by die papierwerk kan uitkom,” maak Zach korte mette.

Maatbande word weer uitgehaal, mure en kaste bekyk en pype betimmer. Jo bly ’n oomblik lank net so staan en verwonder haar aan die gevoel wat in haar opwel. Sy het nie ’n naam daarvoor nie. Dis net ’n wete wat diep binne-in haar in warmte omskep word: Sy is deel van ’n span. Van mense met dieselfde doelstelling as sy. As sy nie die kasarmdraak saam met hierdie ridders verslaan kan kry nie, sal sy dit nooit regkry nie.

“Waar is jy, Sue?” Nan weet sy klink geïrriteerd, maar die kommer, min slaap en die hoeveelheid werk wat sy ingehaal moes kry toe sy uiteindelik by die kantoor aangekom het, het sy tol geëis. Sy druk die foon stywer teen haar oor en kyk wrewelrig op na die kantoorgebou waar sy haar vir die grootste deel van haar lewe afgesloof het.

“Op die oomblik by Jo se huis.”

“Ek neem aan jy gaan vannag daar oorbly?”

“Jeannie weier.”

Nan kners op haar tande. “Hoe gaan jy by jou woonstel kom?”

“Jeannie sal my moet vat. Tensy jy gou hier ’n draai wil gooi en my dan gaan aflaai. Daar’s anyway iets wat ek wil hê jy moet sien.”

“Ek sal jou kom haal, maar daar is niks wat ek wil sien behalwe ’n G&T en daarna my bed nie. Is Jeannie oukei?”

“Sy’s oukei. So hardkoppig soos altyd. Nee, hardkoppiger as ooit. Die herstellkrag van die jeug is verstommend.”

Nan lei af Jeannie is binne hoorafstand. “Oukei, ek ry net hierna by die werk weg. Sien julle nou-nou.” Nan wag nie vir Sue se groet nie. Hoe gouer sy by die huis kan kom en begin ontspan, hoe beter vir haar sieleheil. En as Jeannie wil eiewys wees, dan moet sy nou maar wees. Selfs ’n ouma kan net soveel van ’n hardekwas kleindogter verduur.

Gelukkig is spitsyd grotendeels verby. Toe sy voor die meenthuiskompleks stilhou, oorweeg sy dit om Sue net te bel sonder om in te gaan, maar sy weet sy sal nie rus vir haar siel kry as sy nie self gesien het Jeannie is oukei nie.

Sy raak ongeduldig toe Sue nie dadelik die sekuriteitsdeur oopmaak nie en druk die interkomknoppie ’n tweede keer. Dit duur nog ’n paar sekondes voor die deur oopklik.

“Hallo, Sue,” groet sy toe Sue die voordeur oopmaak. “Is jy reg om te ry? Waar is Jeannie?”

“Kom in, Nan. Ek het vir jou ’n jenewertjie geskink nes jy daarvan hou.”

Nan blaas haar asem gefrustreerd uit en knik. “Maar ons gaan nie draai nie. Ek is pootuit.”

“Kom sit sommer in die kombuis.”

Iets is aan die kook en dis nie op die stoof nie. Nan kan dit sonder ’n wit kerie aanvoel. Sy neem ’n behaaglike sluk van haar G&T en kyk dan afwagkend na Sue. “Uit daarmee.”

Sue glimlag net en klap haar hande drie keer.

“Hallo, Nanna.”

Die glas glip amper uit Nan se vingers. Sy sit dit versigtig neer sonder om weg te kyk van die meisiekind in die deur. Die auburn hare is met skêr en droër getem en lê blink en weelderig oor die skraal melkwit skouers. Jeannie se oë lyk groot en geheimsinnig al is dit baie lig gegrimeer, en lipglans laat haar vol mond tot sy reg kom. Die borsies sit vol en hoog in ’n lospassende lemmetjiegroen bandjiestoppie wat ’n gleufie wys, en die jeans sit nommerpas aan die te skraal lyf. Aan haar voete blink toonsandale versier met blinkertjies in dieselfde helder groen.

“Ons het gaan shop en titivate,” verklaar Sue selfvoldaan toe Nan niks sê

nie. “Beste terapie wat daar is.”

Jeannie vang haar onderlip met pêreltandjies vas en kyk onseker na Nan. Sy sprei haar hande heuphoogte uit. Die naels is so kort soos gewoonlik maar skulppienk geverf. “Wel?”

Sy is dalk te skraal, maar daar skort niks met die proporsies van haar lyf nie. En ’n dogtertjieslyf is dit nie. Vir ’n oomblik wil Nan opspring en Jeannie weer in een van haar vormlose rokke prop. Hierdie nimflyfie voorspel net te veel en te groot moeilikheid.

Nan maak haar gin in ’n paar teue klaar en ignoreer Jeannie se beangste kyke na Sue. Sy kom orent en kyk Sue op en af. Dié het ook nuwe klere aan. Wit jeans span net waar dit moet en die swart hemp suggereer meer as wat dit wys. Wat dit soveel sensueler maak. Haar hare het ook onder ’n haarkapper se hand deurgeloopt.

“Aangesien ons nou geld wat eintlik gespaar moet word aan die uitgee is,” Nan probeer haar bes om streng te klink, “kan ek julle net so wel uitneem vir ete. Julle lyk te stunning om hier rond te sit.”

Jeannie se oë begin blink. “Dink jy regtig ek lyk stunning?”

“Verby stunning. So mooi, daar moet êrens ’n wet daarteen wees. Sue, as jy weer winkels toe gaan, koop jy vir haar ’n chastity belt. En dis nie ’n versoek nie, dis ’n opdrag.”

Jeannie vlieg op haar af en gooi haar arms om Nan se nek. “Net wat ek nog altyd wou gehad het!” Toe bevlieg sy Sue. “En dan kry ons sommer een vir jou ook.”

“Ek deps die sexyste een,” lag Sue en swaai Jeannie in die rondte.

“Oukei, as julle nou klaar verspot was, waarheen gaan ons? Net nie ’n Spur nie.”

Sue maak groot oë. “Nie die Spur nie?” fluister sy melodramaties en kastig geskok.

“Nie die Spur nie?” herhaal Jeannie ’n oktaaf hoër.

“As julle aanhou hiermee, is McDonald’s julle voorland.” Nan laat gly haar hand oor Jeannie se sysagte hare. “Jy mag kies, elwekind.”

“Net nie vegetaries nie?” pleit Sue.

“Soesji?”

“Yes, yes, yes,” jubel Sue.

Nan frons. “Jeannie, jy sit vir maande nie jou mond aan vleis nie en nou wil jy rou vis eet?”

“Soesji is die verfyndste kos wat daar is. En buitendien,” Jeanie kyk van Nan na Sue en terug met oë waarvan die glans effens verdof het, “voor julle staan ’n nuwe Jeannie.”

En dit is so, besef Nan met moed wat in haar skoene sink. Want voor haar is nie net ’n Jeannie in nuwe klere nie, maar ’n Jeannie met ’n nuwe graad van ontnugtering wat agter die glimlag skuil.

“Soos ek gesê het, dis basies.” Zach klink verskonend.

“Die chalet is lieflik, Zach. Alles wat nodig is.” Jo kyk om haar rond. Luuks is dit nie, maar sy bedoel elke woord. Dis ’n eerlike plekkie, dis die beste woord waaraan sy kan dink. Gesellig sonder dat dit opgesmuk is.

“Hierdie een het twee slaapkamers, ingeval jy dalk gaste kry. Jy kan so lank bly as wat jy wil. Ek maak vir jou ’n spesiale prys en sit die bedrag net by my faktuur wanneer ons klaar is met die kasarm.”

Jo voel al weer na aan trane. Miskien omdat sy so doodmoeg is, maar dalk eerder omdat almal so goed is vir haar. “Dankie, Zach. Baie, baie dankie, vir alles.”

Hy slaan sy arm om haar skouer en gee haar ’n drukkie. “Dis ’n plesier om saam met jou te werk.” Hy laat haar gaan. “Nou toe, jy sal seker onder ’n stort wil deurspring en jou goed uitpak. Kan ek jou oor ’n uur kry, dan gaan eet ons iets? Die chalets is stapafstand Hawestraat toe, maar die paadjie is nie verlig nie. Moet liefs nie ná sononder daar stap nie.”

“Dis nie nodig nie. Ek sal regkom.” Hy doen al klaar so baie vir haar.

“Jo, ons het nog baie om oor te praat en jy het nie kos hier nie. Ek is seker jou maag voel ook al asof jou slukderm hom in die steek gelaat het.”

Jo is te moeg om te stry. “Oukei, oor ’n uur, maar ek betaal vanaand.” Jammer, Sue.

“Ons gaan Wine o’Clock toe. Daar betaal ek en my gaste nie. Moet nou asseblief nie moeilik wees nie.”

Jo lig haar wenkbroue.

Zach druk sy hande in sy sakke en lyk sowaar effens verleë. “Dis ook een van die plekkies wat ek run.”

Jo grinnik. “En hoeveel ander plekkies run jy nog?”

“’n Paar. Dis nie ’n big deal nie.” Hy haal sy Landie se sleutels uit, gooi dit in die lug en vang dit behendig. “Sien jou oor ’n uur.”

Saul is verras toe hy die voordeur teësinig oopmaak en Riekie sien staan waar hy gevrees het Priscilla hom inwag. Met groter hartlikheid as wat hy dit andersins sou doen, nooi hy haar sitkamer toe.

“Dis ’n onverwagte eer,” sê hy nadat hy gevra het of sy iets wil drink en sy haar kop geskud het. Hy gaan sit in die leunstoel oorkant die een waarin sy gaan sit het.

Sy haal ’n sketsboek uit haar sak, blaai daardeur, vou dit oop en hou dit na hom toe uit. Hy het self tekentalent, iets wat hy by sy pa geërf het, en hy het geweet Riekie is kunstig, maar sy oë rek toe hy die ingekleurde skets voor hom sien. Die mosaïekpatroon is so fyn uitgewerk, so kleurvol, so kreatief dat hy vir oomblikke net daarna kan staar.

“Dis wonderlik, Riekie.”

Sy neem die sketsboek by hom en blaai om voor sy dit weer vir hom aangee. Dié sketse is selfs mooier as die voriges.

“Waarvoor het jy dit ontwerp?” Hy beduie na die vreemde hoeke wat op elkeen van die skets by die langwerpige deel uitbult.

“Dis twee gange elkeen met twee erkers.” Sy sluk swaar asof sy baie senuagtig is.

“Gange?” frons hy en sien dan die dimensies wat met potlood aangebring is. “Hemel, Riekie, dis reusagtige afmetings dié vir ’n stuk mosaïekwerk. Die breedte is oukei, maar die lengte. Dit sal ’n enorme taak wees.”

“Ek weet, maar ek wil dit doen. Ek wil aan myself bewys ek kan. En aan my ma. Sodat ek nie net heeldag hoef te sit en kerspitwerk doen nie. Sy glo my nie dat mosaïekwerk ook kan mooi wees nie. Sy sê dis kitsch.”

Kitsch? Hy dink nie Hendrien ken die betekenis van die woord nie. Wat sou sy die gehekelde toiletsitplek met die bypassende poppie waarin die ekstra toiletrol in haar gastetoilet versteek is, noem?

“Ek wil net weet of die proporsies van die erkers omtrent reg is vir die breedte en lengte van die gang.”

“Hoe bedoel jy nou?” frons hy en bekyk weer die afmetings. Noudat sy dit noem, lyk dit effens knap en die hoeke nie heeltemal haalbaar nie.

“Op die oomblik is dit net twee lang gange. Die eienaar wil die erkers laat inbou, maar het nog nie ’n argitek gekry om die planne op te stel nie. Ek het probeer skat, maar dit lyk nie vir my reg nie. En dis belangrik, want dit beïnvloed my ontwerp natuurlik baie. En dit sal verskriklik wees as ek ’n fout maak en die ontwerp werk nie uit nie.”

“Kom ons stap na my tekentafel toe,” nooi hy. Hy is nie lus om hom te bemoei nie, maar hy het nog altyd ’n sagte plekkie vir Riekie gehad. Hy is die laaste een om te wil voorgee hy weet hoe om ’n kind groot te maak, maar dit verg min insig om te besef dat Hendrien die oorsaak is van Riekie se skaam geaardheid en amper onnatuurlike teruggetrokkenheid. Veral in Hendrien se teenwoordigheid.

“Ek kan natuurlik nie sê hoe ’n ander argitek planne hiervoor sal optrek nie en daar is baie faktore wat mens in ag moet neem, maar laat ek kyk of ek darem vir jou ’n idee kan gee.” Hy sit die sketsboek langs hom neer en pas ’n skoon stuk sketspapier op die bord in.

Sy gaan sit op die draaistoeltjie voor sy kleiner tekenbord en kyk geïnteresseerd na die sketse wat nog van die vroeë oggendure af daar agtergebly het. Hopelik herken sy dit nie vir wat dit is nie. Hy moet die goed wegsmyt.

Hy verdubbel die ratio van Riekie se afmetings, maak ’n paar berekenings, vra ’n paar vrae oor die konstruksie, skets eers vryhand en dan met behulp van sy instrumente. ’n Kwartier later skud hy sy kop. “Jammer, Riekie, die vensters sal heelwat groter moet wees anders gaan dit verpot lyk. En die hoek waarteen dit by mekaar aansluit, sal nooit werk nie. Maar daar is geen manier dat ek vir jou afmetings kan gee as ek nie self die gebou besigtig het nie. Onthou, daar moet dakkies oor die vensters uitgebou word, daar is breekwerk wat net gedoen kan word as die struktuur dit toelaat en dan is daar nog ...”

“Dis die kasarm.”

Dit vat hom ’n volle minuut voor hy net lamlendig kan herhaal: “Die kasarm.” Daar is net een kasarm op die dorp. En dis Casper s’n.

“Die gange na die twee vleuels toe.” Sy wys met haar duim oor haar skouer na die herontwerp van die vleuelsuites. “En dié gaan ook baie goed werk. Jo sal in haar noppies wees.”

Saul vou sy arms. “Riekie, jy weet ek sal nie ’n vinger verroer om Jo of Zach in hulle kwaad te sterk nie. Jy weet ek wil die plek koop. Buitendien, wat laat jou dink daardie sketse is vir die kasarm bedoel?”

“Die afmetings. Ná vandag ken ek elke hoekie en gaatjie.” Sy kyk hom aan met iets wat verbasend baie na wederstrewigheid lyk. Riekie? Inskiklike, onderdanige Riekie?

Riekie ontspan effens en leun vorentoe. “Ek weet jy wou die hotel daar

opgerig het, Saul. Of ek met jou saamstem daaroor of nie, die feit bly staan dit gaan nie gebeur nie. Jy sal moet vrede maak daarmee. Jo gaan nie die plek aan jou verkoop nie. Sy gaan dit restoureer. Ek weet ook nie of sy die regte ding doen of nie, maar ek weet sy het hulp nodig om dit te laat werk. Jou hulp.”

Saul skud sy kop. “Oor my dooie liggaam,” gebruik hy onwillekeurig dieselfde woorde wat Jo hom toegevoeg het. Hy spring op en druk sy hande in sy sakke. “Hoekom sal ek haar wil help? Sy gaan haar gat sien. En sy kan dit sonder my hulp doen.”

Riekie se oë rek en hy besef dat hy veel heftiger gepraat het as wat sy van hom gewoond is.

Hy kyk bebliksemd by die venster uit. Laat sy dink wat sy wil.

“Maar hoekom het jy dan die suites herontwerp? Dit kan nie vir jou eie doeleindes wees nie. Jy sou gesloop het.”

Dis die een vraag wat hy nie kan antwoord nie, en nou vra sy juis dit. Met haar oë op hom gerig, so onskuldig asof dit deel is van ’n leuenverklikkerapparaat.

“Riekie, ek sal jou graag met enigiets anders help, maar nie hiermee nie.”

Sy beduie met haar oë na die sketse agter haar, probeer woordeloos ’n antwoord uit hom por.

“Ek kon nie slaap nie. En Zach het iets gesê van die suites en ag, verdomp, Riekie, ek weet nie hoekom ek die dêm goed geteken het nie.” Hy skop ergerlik teen sy stoel en die wieletjies voer dit tot aan die ander kant van die vertrek.

Riekie sug toe sy opstaan. Sy vat haar sketsboek en begin uitstap.

“Riekie, ek is jammer.”

Sy draai om. “Dankie vir die tyd wat jy aan my afgestaan het, Saul. Ek waardeer dit baie.” Sy huiwer ’n oomblik. “Ek wonder net wat jou regtig so kwaad maak,” druk sy tog deur. “Die verlies van jou hoteldroom of Jo Calitz self.”

Saul gooi sy hande in die lug. “Albei. Dis Jo Calitz se skuld dat ek my droom moet opoffer. Dis sy wat hierdie dorp gaan sterk in hulle oortuiging dat dit ’n hippieplek moet bly pleks van ’n ordentlike en geordende toeristeaantreklikheid. Dis sy wat vooruitgang gaan stuit.”

Riekie klik haar tong ergerlik. “Drie dinge, Saul. Nommer een: ‘Hippie’ is regtig nie meer die toepaslike woord nie. Nommer twee: Dis dan presies

waarom oom Casper besluit het om haar die plek te laat erf. As jy reg onthou, was hy immers die een wat die potensiaal van Hawestraat raakgesien het. As jy reg onthou, is dit hy wat die eerste winkel bont geverf het toe hy die Hiërofant pers gemaak het. As jy reg onthou, is dit oom Casper se droom wat hier aan die waar word is. Is jou droom belangriker as syne net omdat jy reken syne is nie 'ordentlik' en 'georden' nie?

“Nommer drie,” stoom sy voort voor hy aan 'n antwoord kan dink. “Het jy al ooit die huidige besoekers gevra wat hulle sou verkies? Het jy al gewonder hoe hulle sal voel oor so 'n 'ordentlike' en 'geordende' toeristeaantreklikheid? Hoekom dink jy kom hulle hierheen pleks van Hermanus toe? Hoekom dink jy krioel dit naweke hier? Waarheen dink jy sal hulle kan gaan as jy dit wat hulle hiernatoe aantrek, stelselmatig vernietig?”

“O, en 'n vierde ding. Ek het nooit gedink jy sal presies soos Priscilla kan klink nie. Goeienaand, Saul.”

Saul bly gevries in sy spore staan. In een monoloog het Riekie meer gesê as in al die jare wat hy haar ken. En nie net die aantal woorde nie. Hy klink soos Priscilla? Hy, Saul Wienand?

'n Oproep na Jeannie toe loop op niks uit nie, maar toe Zach stiptelik 'n uur later aanklop, voel Jo aansienlik skoner as wat sy die afgelope dag en 'n half gevoel het. Sy is omvalmoeg, maar Zach was weer eens reg. Sy is honger ook.

“Kom ons kry kos in ons lywe voor jy uitpass,” lees hy haar gedagtes.

Wine o’Clock lyk heel anders in die aand. Die beligting is sag en kerse flonker op die tafels. Nog regte outydse wit kerse met regte was wat afdrup. Die atmosfeer is intiem en romanties sonder enige soetlikheid.

Jo skud haar kop toe Zach wyn wil bestel. “Net 'n rock shandy vir my.”

Hy knik en bestel vir hom 'n glas rooiwyn.

Daar is nie baie disse op die spyskaart nie en dié wat daar is, klink eenvoudig maar smaaklik. Jo kies 'n hoenderroerbraai en Zach 'n steak met groente voor hy 'n lys uit sy sak haal en oopvou.

Rustig gaan hy deur die punte. Wys op nuwe probleme wat geïdentifiseer is, ander wat nie so erg blyk te wees as wat hulle gevrees het nie. Terwyl hulle eet, maak hy voorstelle en som 'n paar goed op.

“Ek sal môre die kaste moet leegmaak. Dink jy die KwikSpar sal vir my bokse hê?”

“Ek het hope drankbokse vir jou by die Vliegende Hollander. Dis lekker stewig. Ek sal bring. Sodra die dak op is aan die bergkant se vleuel, trek ons alles oor daarheen. Die pakkery gaan ’n yslike storie wees. Ek kan vir Monique vra om jou te help. Veral die kombuis moet dringend opgepak word sodat die plumber daar kan begin. Dis waar die grootste probleme lê.” Hy grinnik. “Soos jy vanoggend agtergekom het.”

Jo lag, maar versomber dadelik. “Ek dink nie Monique sal bereid wees om my te help nie.”

“Sy het geld nodig. Sy spaar vir ’n trip oorsee. En moet jou maar nie te veel aan haar geite steur nie. Dis Priscilla se invloed, en die egskending het haar sleg gevang. Ná haar ma se dood, dis nou Gideon se vrou, het sy so te sê by Priscilla en Saul ingetrek.”

Jo verstyf by die aanhoor van Saul se naam. Zach moet dit agtergekom het want hy kantel sy kop vraend.

“Wat is dit met jou en Saul?”

“Niks nie,” antwoord sy te vinnig. “Ek bedoel, niks behalwe die voor die handliggende.”

Zach gee haar ’n skeptiese kyk, maar bestel net koffie toe die kelner weer verbykom.

“Is hulle al lank geskei?” Die vraag glip uit.

“Saul en Priscilla?” Zach skud sy kop. “Letterlik nou die dag. Maar dit was ’n mismatch van die begin af. Priscilla is seker ’n goeie mens, maar sonder ’n druppel lewensvreugde. Nogal baie soos Saul se ma. Suur ou antie gewees. Gideon moes seker ook maar hare op sy tande gehad het. Moet sê, ná Esther se dood vyf jaar gelede, het hy nogal ontpop in ’n ou sport.”

“Ek hou van Gideon. Baie.”

“Ek het so agtergekom. En ek dink dis wedersyds. Jammer hy is nie ’n paar jaar jonger nie.” Zach knipoog verspot.

Jo lag. “Jy’s laf. Buitendien, ek is klaar met mans.”

“H’m, maar is hulle klaar met jou?” Sy sexy glimlag taan effens toe hy sy hand oor hare sit. “Jy kan my eendag vertel as jy wil. Van die man of mans wat jou so verniel het. Dis waarvoor ’n ouboet daar is.”

“En jy is my ouboet?” Sy probeer glimlag, maar ineens sit die trane weer

naby.

“Ek is. Van vandag af. Deur dik en dun. Maar as jy gaan staan en tjank, hol ek weg. Dis een ding waarmee ek nie goed is nie.”

Sy kyk lank in die tergerige oë waaragter soveel verskuilde erns lê.

“Dankie, Zach,” is al wat sy sê, want sy weet hy verstaan vir hoeveel dinge sy hom met die ontoereikende woordjie bedank.

Die skel luitoon van Zach se selfoon verbreek die oomblik. Sy herken die deuntjie – “From a jack to a king”. Hy gee haar hand nog ’n drukkie voor hy antwoord. Die verandering in sy gesigsuitdrukking laat haar na haar hart gryp.

“In die kombuis? Het jy die brandweer gebel?” Zach spring op en knik asof sy gespreksgenoot hom kan sien. “Saul, as jy kan, skakel heel eerste die elektrisiteit af. Jy behoort die kombuisdeur te kan oopstamp, die ding is vrot. Die elektriese boks is in die spens. Moenie vra hoekom nie, maar maak daarna die watertoevoer se stopkraan oop. Dis onder die kombuisvenster langs die gassilinder. Draai somer die gastenk ook toe en probeer dit daar wegkry. Ons is nou daar. Oukei.” Hy gee ’n swetswoord en gryp Jo se hand. “Kom, Jo. Die kasarm brand.”

TWEE EN TWINTIG

“My ma het my nie meer lief nie,” weeklaag Jeannie met slap lippe wat die woorde moeilik vorm.

“En jy het te veel saki gedrink.” Nan sluit die deur na die meenthuistuin oop terwyl Sue Jeannie probeer regop hou. Sy is nie swaar nie, maar sy beweeg met die kinetiese vermoë van ’n streepsak vol koolkoppe.

“Sy het my heeldag nie gebel nie. Nie eens ’n SMS nie.”

Hulle maak darem die voordeur.

“En dit terwyl ek in gevaar was. Terwyl ek ...” Jeannie hik toe Sue haar in die leunstoel laat sak. In die proses beland Sue langs haar en Jeannie val skuins oor haar bene. Sy bly net so lê.

“Sy weet nie daarvan nie, Jeannie. Onthou? Buitendien, sy dink seker jy werk nog. En jy het nog nie jou nuwe SIM-kaart nie,” troos Nan en gee Sue ’n kyk.

Sue ignoreer die verwyd. Sy het nie aan die blesit SIM gedink nie. So what.

“Maar sy kon jou of Sue gebel het,” snik Jeannie.

“Jo is baie besig. Dis ’n yslike projek wat sy daar probeer aanpak. En sy het my gebel.” Nan probeer nog geduldig wees.

Sue het egter genoeg gehad. Hoe meer hulle Jeannie probeer waarsku het dat sy te veel en te vinnig drink én eet, hoe minder wou sy luister.

Sue weet nie of hierdie nuwe skepsel 'n verbetering op die oue is nie. Klein pes, die kos was juis so lekker en die restaurant regtig uit die boonste rakke. Nan het behoorlik gesplash. En toe moet Jeannie staan en dronk raak.

Nan kyk kopskuddend na die bondeltjie op die leunstoel. “Jy sal moet oorslaap, Sue. Ons kan haar nie in hierdie toestand alleen laat nie. En ek kan nie oorbly nie. Môre is my laaste amptelike dag. Vrydag gaan ek net in om my laaste goed te kry en alles af te gee aan my plaasvervanger. En vir die afskeidsfunksie. Maar dit gaan twee dol dae wees.”

“Dis oukei. Ek het 'n paar nuwe G-strings gekoop en sal net môre in Jo se klerekas insak vir 'n top. Hopelik kry ek iets wat nie blomme op het nie. Gaan huis toe en kry rus.”

“Dankie, Susantjie.” Nan soen Sue liggies op haar kroontjie, gee nog een kopskud in Jeannie se rigting en trek die voordeur agter haar toe.

“Nou toe, mêrrempie, bed toe met jou.” Sue wurm haar onder Jeannie uit en probeer die lappop orent kry. “Hei! Werk saam.”

Jeannie se oë gaan oop. “Ek is naar.”

Sue kry haar net betyds by die toilet voor al die dure kos in die porseleinpote beland.

“Hemele behoed my,” prewel Sue en wag tot Jeannie klaar gekokhals het voor sy haar gesig vir haar was en vir haar water uit 'n tandeborselglasie gee.

Met 'n groot gesukkel kry sy haar tot by die bed, trek haar jeans en sandale uit en maak haar toe.

Uit haar handsak kry sy 'n pilletjie teen naarheid wat al menige van haar hangovers draagliker gemaak het. Jeannie is halfpad aan die slaap, maar sy sluk darem die pil voor sy haar in 'n fetusposisie inmekaartrek.

“Roep my as jy weer naar voel of as jy my nodig het, oukei?” Sue twyfel of Jeannie haar hoor.

Rusbank se gat, besluit Sue, trek uit en klim in Jo se bed. Die kussing ruik na Jo se parfuim.

Sue skakel die bedlampie af. In die straat voor die kompleks woel daar nog motors en mense. Êrens gaan 'n sirene af en dié gee 'n hond klaarblyklik rede om droewig aan die tjank te gaan.

Fok, wat 'n dag. Dis vier en twintig uur wat sy nooit in haar lewe wil oorhê nie. En Jo weet van niks. Sy gaan die moeder van alle moere in wees

wanneer sy uitvind wat haar kind alles oorgekom het terwyl sy in Sue se sogenaamde sorg was.

Die kombuis is een groot roetswart gemors in die lig van die sterk flits wat Saul rondswaai, maar gelukkig het die brand nie versprei nie. Die gebreekte pyp was uiteindelik hulle redding en die brandweer was toe skaars nodig.

“Die donnerse bedrading,” brom Zach. “Kon dit nie nog ’n week of twee gehou het nie?”

“Alles lyk darem nou oukei. Sal ons buite gaan staan? Hierdie brandstank is iets ysliks.” Saul wag nie vir ’n antwoord nie, stap net buitetoe terwyl hy met die flits só lig dat hulle kan sien waar hulle loop.

Buite teug Jo die vars lug hoorbaar in voor sy na Saul draai. In die kopligte van Zach se Landie sien Saul die roetstrepe oor haar wang, maar sy lyk vir hom niks minder mooi nie.

“Saul, ek weet ek behoort jou van harte te bedank. As jy nie die vlamme gesien het nie en veral as jy nie so vinnig opgetree het nie, was die huis waarskynlik daarmee heen. Maar hoe het jy geweet die huis brand?”

Die agterdog wat in haar stemtoon deurskemer, betrap hom onkant. Sy het seker rede om te wonder, maar magtag! Hy hou hom in. “Dit was maar net pure geluk. Ek het op die balkon gestaan. Eers het ek net gedink dis ’n lig wat brand, maar toe besef ek daar is te veel flikkering en dis nie waar die ligte sit nie.” Eintlik is haar agterdog seker nie onvanpas nie. As sy maar weet hoe amper hy sy rug daarop gedraai het, selfs nadat hy besef het wat aangaan. Met geen kasarm om op te knap nie, sou dit noodwendig beteken dat Jo nie ’n ander keuse sou hê as om die driejaarklousule te probeer systap en te verkoop nie. Hy weet vir ’n feit Casper se eiendom was nie verseker nie. Dis een ding waarin hy glad nie geglo het nie.

Nou waarom het hy dan eers die brandweer en toe vir Zach gebel? Boonop soos ’n mal ding afgehardloop, die deur oopgebreek, krag afgeskakel, stopkraan gaan oopdraai en die gassilinder beveilig? Omdat hy ’n verdomde swaap is. Dis hoekom.

Zach kyk vlugtig na Jo. Die een of ander boodskap verwissel asof hulle telepaties met mekaar in verbinding tree.

“Saul.” Zach huiwer effens. “Jy moet begryp, dis darem net te toevallig dat die huis juis nou aan die brand geslaan het. En dis nie al wat gebeur het

nie. Ek haat dit om jou te moet vra, maar het jy dalk gister in die vroeë oggendure vir Jo 'n teken gelaat dat sy nie hier welkom is nie?"

"Hoe nou?" Saul frons. "Hoekom moet ek vir haar 'n teken laat? En hoe bedoel jy nie welkom nie? Ek het by meer as een geleentheid reguit vir haar gesê sy is mal om die plek te wil opknap. Julle weet ek wil die plek hê en, jy veral, presies waarom."

"Jy het dus nie vir haar 'n boodskap op die ruite gelos nie?"

Dié keer vererg Saul hom bloedig. "Kyk, Zach, ek en jy verskil hewig oor die toekoms van Maanschijnbaai en ons eertydse vriendskap het as gevolg daarvan in die stof gebyt. Maar jy behoort my beter te ken as dit. Watse boodskap? Wanneer?"

"Drieuur vanoggend," antwoord Jo. "Iemand het 'voertsek' teen die ruit van die kamer waarin ek geslaap het, geskryf."

Saul probeer hom inhou, maar min slaap en die chaos waarin sy lewe ontaard het, kry die oorhand. "Jo, ek weet jy ken my nie, maar om hemelsnaam, waarom sal enige volwasse man iets so kinderagtigs aanvang?"

"Om dieselfde rede as wat hy my huis probeer afbrand? Toe besef hy dalk hy sal die hoofverdagte wees en toe maak hy asof hy die huis van die brand wil red? In die hoop dat dit intussen tog sal afbrand terwyl die brandweer van wie weet hoe ver af hierheen moet jaag. Maar hy het nie geweet van die gebreekte pyp nie en moes noodgedwonge Zach se raad volg om nie agterdog te wek nie en só kon hy inderdaad die huis help red?" Jo rammel die aantyging in een asem af en hap daarna na lug.

Dit voel vir Saul asof sy hart enige oomblik uit sy borskas gaan ontsnap van die woede wat deur sy are pomp. "Hoeveel whodunnitflieks kyk jy per week, Jo? Ek stel voor jy skaal aansienlik af. Veral die soort wat so 'n belaglike plot het."

Zach steek sy hande in 'n hensopgebaar in die lug. "Stadig nou, kinders." Saul gee Zach net 'n kyk.

"Jo, dis waarlik nie Saul se styl nie," kom Zach darem vir hom op. "Is daar enigiemand anders aan wie jy kan dink wat so iets sou wou doen?"

Jo skud haar kop, kyk peinsend na die huis. "Ek dink nou net aan iets. Ek, en Nan-hulle ook, het die afgelope tyd 'n paar eienaardige goed oorgekom. Of liewers ons motors."

"Soos?" vra Zach.

Saul luister ontstig hoe sy vertel van hulle sogenaamde stalker.
“Wanneer is Sue se bakkie gekey?”

“Al die motors is laas naweek beskadig. Op verskillende plekke in die Kaap. En vanoggend was die boodskap op die ruite en vanaand brand die huis. Hier in Maanshijnsbaai.” Jo slaan haar hand voor haar mond.

“Wat nou?”

“Die wit motor. Gister. Op pad hierheen was daar vir ’n hele ruk ’n wit motor agter my, soms senutergend naby. Ek het eintlik daarvan vergeet. Maar hy was nie agter my toe ek van die hoofpad af ingedraai het nie.”

“Of hy was ver genoeg agter jou dat jy hom nie gesien het nie.”

Jo knik, kyk op na hom. “Saul, ek is jammer. Ek was oorstuur. Dankie dat jy my huis gered het.”

Saul haal sy skouers op, skielik amper verleë. Hy sou bitter graag die gemors in vlamme wou sien opgaan. “Enigeeen sou dieselfde gedoen het.”

“Ek twyfel. Veral nie iemand wat daarby kon baat nie.” Zach gee ’n lang gaap en draai sy polshorlosie na die kopligte se kant toe. “Mense, dis skuins voor middernag. Ek weet nie van julle nie, maar ek is gaar. Vannag sal ons niks kan doen nie. Ons kan môre wanneer ons helderder van verstand is verder hieraan uitpluis. Kom Jo, laat ons in die bed kom. Wil jy agter in die Landie spring, Saul?”

Saul skud sy kop. “Dis baie vinniger te voet.” Heimlik kners hy elke stukkie emalje van sy tande af. Zach het darem waaragtig vinnig gevorder met hierdie vroumens wat vir hom so one-man-woman en troubaar gelyk het. As hy geweet het dis moontlik om ná twee aande vir haar te sê “Laat ons in die bed kom” het hy Zach voorgespring. Onnosel, dis wat hy is.

En dan bekommer hy hom nog oor haar welsyn. Wat makeer hom? Laat Zach opsnork. Laat Zach agterkom wie agter die spul Calitze aansluip. Laat Zach die mooie Jo beskerm, verdomp.

“Daar is nog iets, Zach,” sê Jo toe hy die enjin aanskakel. “Ek weet nie of dit verband hou met die beskadiging van die motors nie, maar my dogter het ongemaklik gevoel oor een van die klante by die restaurant waar sy werk. En dit was die dag toe haar motorruit gebreek is.”

“Hoe so?”

Sy vertel hom terwyl die Landie moedig oor die slegte pad skud. Alhoewel die chalets en die huis wat sy vermoed Zach s’n is, net aan die

ander kant van die rotse wat die hawe vorm en skaars 'n kilometer van die kasarm af is, moet hulle al die pad omry om weer daar te kom.

“Is jou dogter oukei so op haar eie?” vra Zach.

“Sue sien na haar om. Gelukkig. Ek weet nie wat ek sonder haar en Nan sou gemaak het nie.” Jeannie is dalk al terug van haar aandskof, sy sal weer kan probeer bel. Hopelik het Jeannie intussen daaraan gedink om die ou foon te gebruik en 'n nuwe SIM-kaart te kry.

'n Skuldgevoel oorrompel Jo met skielike geweld. Sy het vandag skaars aan die ander drie gedink. Dis asof die kasarm al haar energie in sy eienaardige ruimte opsuig. Asof dit haar hongerig dreineer sodat sy min tyd of gedagtes oorhet vir enigiets anders.

Sy kan nie die gevoel beskryf toe sy en Zach daar aangekom het en 'n paar vlammetjies nog op die vrot ou kaste sien ronddans het nie. Saul was steeds besig om dit met die handdoeke wat hulle vanmiddag gebruik het dood te druk en die brand was geblus voor die brandweer opgedaag het.

En toe behandel sy hom so stief. Wat is dit met haar? Dis asof 'n demoon haar beetpak wanneer sy in sy teenwoordigheid is.

Zach klim ook uit toe hulle voor haar chalet stilhou.

“En nou?” vra sy.

“Ek wil net seker maak alles is oukei hier binne. Ek hou nie van al die goed wat die afgelope tyd met jou gebeur het nie.” Hy hou sy hand uit vir die sleutel en sluit oop.

Sy soektog lewer klaarblyklik niks op nie, want hy kom terug en gee haar 'n soen op die voorkop. “Lekker slaap.” En daarmee is hy daar uit.

Sy sluit en mik dadelik vir die badkamer wat sy eintlik vergete al nodig gehad het. Terwyl sy haar hande was, sien sy eers in die spieël hoe vol roet sy is. Die ander twee het nie veel beter gelyk nie, troos sy haar. Inteendeel.

'n Oproep na Jeannie lewer nie eens die antwoorddiens op nie. 'n Oomblik lank oorweeg sy dit om Sue te bel, maar dié sal haar bless as sy reeds slaap. En vir Nan bel jy ná tien net as dit 'n krisis is. Tien tot elf is haar leestyd en elfuur is ligte uit.

Ná nog 'n lekker stort met volop water klim sy in die bed. Soos Nan, hou sy daarvan om te lees voor sy gaan slaap, maar daarvoor is sy nou heeltemal te moeg.

Selfs te moeg om verder te dink aan die oorsprong van die brand. Mōre sal sy haar daaroor bekommer. En haar kind in die hande probeer kry.

Voor sy geestesoog sien Saul haar langs Zach in die bed klim. Hulle sal moeg wees, maar nie te moeg vir die drange van die lyf nie. Nie soos hy Zach ken nie. En nie soos hy Jo opsom nie.

Adrenalien en sy eie lyf se drange hou die slaap weg. En gedagtes aan Jo maak dit nie beter nie. Maar dis nie net sy lyf wat betrokke is nie. Hoekom, weet hy nie, maar 'n kommer oor haar broei in hom. Jo is reg. Daardie voorvalle met die motors se skade en nou die goed wat hier gebeur, is te toevallig vir toeval.

Sy lyk so weerloos, so kwesbaar, ondanks haar skerp tong. Ondanks die onwrikbaarheid waarmee sy vir daardie skreeulelike plek veg.

Kan hy haar kwalik neem dat sy agterdogtig is oor hom? Ja, verdomp hy kan. Hy het haar geen rede gegee om te dink hy is agterbaks nie. En basta met sy kommer. Sy het vir Zach. En die bliksemse kasarm op die koop toe. Sy en haar dinge het niks met hom te doen nie. Hy is niks aan haar verskuldig nie. Hy het dalk vir 'n paar oomblikke lank oorweeg om toe te laat dat die donnerse huis afbrand, maar hy het dit nie gedoen nie.

Saul draai op sy ander sy. Die erkers is dalk 'n goeie idee. Dit sal balans gee aan die fasade aan hierdie kant van die huis en 'n interessante fokus maak om die oog weg te trek van die leliker aspekte van die gebou. Waarvan daar baie is.

Ingedagte skakel hy die bedlampie aan en trek die sketsboek en potlood wat altyd langs sy bed lê nader. Met vlugtige hale skets hy 'n paar moontlikhede voor hy besef wat hy doen, die boek en potlood neersmyt en die bedliggie afskakel.

'n Uur later sit hy voor die tekenbord met die kasarm se huisplanne langs hom. Vir elke streep wat hy trek, het hy 'n ander swetswoord, maar die ding wil hom net nie los nie.

Dis vyfuur toe hy weer in die bed kruip. Dié keer val hy onmiddellik in 'n diep slaap.

Toe Sue Jeannie vroegoggend vir die derde keer hoor opgooi, bly sy lê. Die kind behoort darem al nugter genoeg te wees om self reg te kom. Daar kan nie meer veel drank in daardie lyfie wees nie. Sy staar die skemerte in terwyl sy luister hoe Jeannie klaarmaak. Hoor hoe sy weer kamer toe skuifel en sien die ganglig doodgaan.

Sy sal haar later weer 'n pilletjie injaag. Laat sy nou maar eers nog 'n bietjie rus inkry. En sy self smag ook na slaap. Haar liggaam rus dalk, maar haar kop bly besig. Met die hede en die verlede.

Dit was pret om saam met Jeannie te gaan shop en te sien hoe sy geleidelik ontspan. Hoe haar aanvanklike besware verdwyn en sy die hele uitstappie begin geniet. Dis asof haar nare ervaring sommige van haar skanse en vooroordele afgebreek het. Jeannie het selfs die haarkapper en grimeerder verduur, al moes Sue al haar oorredingsvermoë inspan.

Maar Jeannie se ontvanklikheid verander niks aan die saak nie. Iets het by daardie verdomde Blouberg-huis gebeur. Iets wat 'n groter impak het as wat Jeannie wil laat blyk. Iets wat Sue laat besef in hoe 'n mate sy al weer opgefok het. Soos met Jo.

Sue weet sy was gedurende Jo se hoërskooldae op 'n sekere vlak 'n rolmodel vir haar al het nie een van hulle dit moontlik besef nie. Behoede enige mens met so 'n rolmodel, maar Jo was besonder kwesbaar. Veral omdat sy vir alle praktiese doeleindes 'n maagd as ma gehad het, maar ook omdat sy van nature 'n dromer is en in ander mense net sien wat goed en reg is. Veral toe, maar selfs nou nog.

Nan was 'n goeie ma en versorger, maar sy moes haar gat afwerk nadat Hanneltjie haar hande finaal van hulle gewas het.

Nan het nou lank genoeg op hulle nekke gelê, het Hanneltjie gereken 'n jaar ná Gretha se troue met Hendrik de Vos, en dis nou tyd dat Nan selfstandig word en Hanneltjie aandag aan haar man en hulle huwelik gee.

Nan was skaars twee en twintig, Sue twaalf en Jo nog op pad na vyf. Presies wat Hanneltjie bedoel het met “op hulle nekke gelê”, is onduidelik. Nan en Jo het in 'n tuinwoning op Hanneltjie-hulle se eiendom gebly waarvoor sy huur betaal het. Ondanks Nan se voltydse werk as junior boekhouer, het Nan gesorg dat Hanneltjie se huishouding klopdisselboom verloop terwyl dié rondflenter. Nan was steeds 'n ma vir Sue en Sue was ook die groot rede waarom Nan nie wou trek nie. Al het daardie skarminkel se broer ten sterkste ontken dat hy Nan verkrag het en Jo se pa was. Al het Hanneltjie en die skarminkel hom eerder as vir Nan geglo en aanvaar Nan beskerm iemand anders.

Toe Hanneltjie eers besluit het Nan en Jo moet weg, het sy soos gewoonlik haar oë vir alles gesluit wat haar nie gepas het nie en voet by stuk gehou. Sue het 'n tantrum gegooi. Sy bly nie alleen agter nie.

Hannetjie het haar verbaas aangekyk. “Maar jy kan mos saam met hulle trek?” het sy gesê asof dit nie eens by haar opgekom het dat Sue sou bly nie.

Sue gooi haar om op haar sy en druk haar gesig in Jo se kussing. Hemel, watse soort mens wás Hannetjie? Die enigste verklaring is dat Hannetjie Calitz sonder gewete gebore is, soos sommige babas sonder ledemate.

Die woonstel waarheen hulle aan die einde van daardie jaar getrek het, was eintlik te klein vir die drie van hulle, maar dit was naby Nan se werk. En daar was ’n redelik goeie hoërskool in die omgewing.

Daar was heelwat meer uitgawes as voorheen, maar Nan het ’n paar privaat kliënte gewerf en hulle het oorleef. Ná die aanpassing van die eerste paar maande was Sue so gelukkig soos ’n vark in Palestina. Jo het ’n jaar later begin skoolgaan en het ook goed aangepas. Sue en Jo was salig onbewus daarvan dat Nan op elke gebied die spit afbyt.

Hoe Nan dit reggekry het om hulle elke dag met ’n vol maag skool toe te stuur, hulle min of meer geklee te kry en elkeen boonop een buitemuurse aktiwiteit gegun het, weet nugter. Waar sy die tyd gekry het om seker te maak Sue en Jo doen hulle huiswerk, aandag aan hulle te gee en ook af toe taxi te speel is nog duisterder. Maar dit het Sue eers besef toe sy heelwat ouer was. Lank ná daardie matriekjaar waarin hemel en hel vermeng het.

In die begin van daardie jaar het Nan Sue ingelig daar is nie geld vir universiteit nie, maar as Sue goeie punte behaal en self haar sakgeld verdien, sal Nan ’n lening aangaan om haar ’n kursus te laat doen – waarin sy ook al belang stel. Sue het presies geweet wat sy wil doen. Die jare in die woonstel sonder tuin of park naby het ’n smagting by Sue gekweek om te kan plant, met grond en in die buitelug te werk. Sy wou ’n diploma in tuinbou doen.

Op Nan se aanbeveling het Sue naweke in ’n kwekery begin werk waar sy nie net sakgeld verdien het nie, maar ook haar kennis van plante aansienlik kon verbreed. En toe ontmoet sy Ockert tussen die saailinge toe hy vir sy ma moes petunias koop.

Dit was lust at first sight.

Hulle het op die maat van Bonnie Tyler se “Total eclipse of the heart” gevry, suggestief gewikkel op Billy Joel se “Uptown girl” en al wrywende slow gedans op “Every breath you take”. Wie se song was dit nou weer? Sting. The Police.

Van *Return of the Jedi* het sy skaars die openingstonele gesien. In die agterste ry van die fliel het Ockert die eerste keer aan haar borste gevat. Waarvoor *Gandhi* agt Oscars gekry het, weet Sue tot vandag toe nie. Daardie Saterdagmiddag het hy sy hand vir die eerste keer teen die binnekant van haar bobeel laat opgly. Die ontploffing voor die lugmagkantoor in Pretoria was 'n vulletjie in vergelyking met die eerste keer toe hy sy hand tot heel bo laat toer en sy gretige vinger onder die rek van haar panty ingevroetel het. Yentl was op die skerm, maar waarom die fliel gegaan het, sal net Barbra Streisand weet.

Sue knyp haar oë toe. Dis nie waaraan sy nou moet dink nie. En veral nie aan die aand toe hulle Clifton toe is in sy broer se kar nie. Agterna beskou, was Ockert baie meer bedrewe as wat 'n matriekseun behoort te wees. En ondanks die effense pyn toe haar maagdevlies skeur, het sy orgasme na orgasme beleef. Soos nog nooit weer sedertdien nie. Nie eens saam met Paul nie.

Haar liefde vir Ockert was suiwer seksueel. Nes syne vir haar. Hulle het nie drank of dagga nodig gehad nie. Seks was hulle dwelm. Meesal het hy kondome gebruik. Soms het die lus hulle net te skielik oorweldig. Enige plek of geleentheid was goed genoeg. Soos fokken konyne. En toe kom kry die konyntjie lê in haar bekken. 'n Gebreklke enetjie. Die skedel het nie ontwikkel nie, het die dokter bepaal.

Ná die gemors met die baba het Sue met Nan se seën ingeskryf vir die tuinboukursus terwyl sy steeds by die kwekery gewerk het. Tot vandag toe kan Sue niks onthou van die week waarin sy om die een of ander bisarre rede om haar lewe geveg het nie. En tot vandag toe haat sy petunias met buitensporige aggressie.

En toe ontmoet sy Paul. Paul met sy sagte aanslag, sy begrip, sy vergewensgesinde geaardheid. Paul wat haar geleer het om lief te hê pleks van net seks te hê. Paul wat uiteindelik sy familielyn bo haar gestel het.

Ek het gehuil, dink Sue verwonderd. Ek het waaragtig 'n bietjie meer as vier en twintig uur gelede vir die eerste keer in dekades gehuil.

Maar daardie knoets in haar bekken is nog lank nie weggehuil nie. Dalk net so 'n klein bietjie geërodeer.

DRIE EN TWINTIG

Donderdag 30 September

“Ek sit in einde-van-die-maand-verkeer, Jo. Ek kan nie nou praat nie.” Nan klink ongeduldig.

“Is alles oukei? Sue antwoord nie haar foon nie en Jeannie het klaarblyklik nog nie haar nuwe SIM nie.”

“Sue slaap seker nog. Ons het ’n laat aand gehad. Gaan uiteet. Ek bel jou later.”

Jo druk haar foon geïrriteerd terug in haar sak en skop teen een van die spul bokse wat Zach vir haar kom aflaai het.

In die daglig is die kombuis nog ’n grilleriger gemors as gisteraand in die flits se lig.

Die kas waarin die brand begin het, een reg agter ’n elektriese muurprop, is die ene roet, maar gelukkig was daar nie veel in nie. ’n Skoppie en besempie is tot ’n homp plastiek gereduseer. Van ’n klomp lappe het net ’n hoop swart rafels oorgebly. Van die verbleikte geruite gordyntjies voor die venster is daar net flenters oor. Een van die ruite het gekraak van die hitte en een hoek van die raam is verskroei.

Alhoewel daar relatief min skade is, is dit in die daglig duidelik dat Saul net betyds was. As die houtkaste eers behoorlik vlamgevat het of die skoonmaakmiddels in die kas daarnaas ontplof het ... Sy wil nie eens

daaraan dink nie.

Vroeg-vroeg was sy al hier en het darem al die vloere drooggekry en een van die kaste se inhoud op die tafel begin uitpak terwyl die elektrisiën probeer agterkom wat skeefgeloop het.

Met 'n sug begin sy sorteer. Alle kos gooi sy net so weg. Die goed is oud en krioel van die miet en ander gediertes. Vrot tafelmatties en vadoeke vind dieselfde weg. Gekraakte en getjpte porseleingoed wil sy ook weggooi, maar miskien kan iemand dit nog gebruik, dus pak sy dit in 'n afsonderlike boks. Daar bly nie veel oor nie.

“Zach sê ek moet jou help.”

Jo vlieg om toe sy die vrouestem agter haar hoor.

Monique kyk met afgryse in die roetbesmeerde kombuis rond. “Liewe aarde. Wat 'n gemors.”

“Dit kan jy weer sê,” sug Jo. Monique is definitief nie uit eie vrye wil hier nie. Dit kan sy aan die onvergenoegde uitdrukking op haar gesig sien. Die wrewel kook soos sooibrand in Jo op. “Kyk, Monique, ek kan regtig hulp gebruik, maar ek kan nie baie betaal nie en ek is nie lus vir 'n suur gesig nie.”

Monique se wenkbroue lig verras en haar mond sak effens oop.

“Ekskuus?”

“Jy het gehoor wat ek sê. As jy wil help, is jy welkom, as jy hier is net oor Zach jou gevra of afgepers het, laat staan.”

“Hoeveel kan jy betaal?”

Jo noem 'n bedrag per uur wat effens minder is as wat sy eintlik dink regverdig is.

Monique wik en weeg net 'n oomblik. “Oukei, moet net nie dink dis omdat ek hierdie simpel plan van julle goedkeur nie. Ek stem miskien nie saam met Saul se planne vir 'n hotel hier nie, maar ek voel soos Priscilla en tannie Hendrien. Hierdie vieslike plek behoort platgeslaan te word. Ek doen dit suiwer vir die geld, oukei?”

“Dis jou goeie reg om te dink wat jy wil. Jy kan die linne en goed in die gang- en ander kaste sorteer.” Jo ignoreer liefsvaagheid. “Dis darem ook 'n skoner werk as die kombuisgoed. En haal al die kas papier uit en gooi weg. Ook alles wat oud en afgeleef lyk. As jy oor iets nie seker is nie, vra my eers.”

Dit lyk asof Monique nog iets wil sê, maar sy knik net en verdwyn in die

gang af.

'n Uur later kom roep sy Jo. "Ek is klaar met die linnekas, maar voor ek die linne in die bokse pak, moet jy net kyk of ek reg gesorteer het. Die meeste daarvan lyk na gemors." Sy lyk effens minder dikbek.

Jo voel al klaar asof haar rug af is en waardeer sowel die onderbreking as die sentiment agter die voorstel. Sy gaan vinnig deur die stapels. "Lyk reg, Monique. Koeldrank?"

"Asseblief."

Jo het pas vir hulle elkeen 'n blikkie uit die koelboks gevis toe die foon lui.

"Ek sien jy het my gesoek?" Sue klink befoeterd. "Sorry, het eers in die oggendure aan die slaap geraak en nou net wakker geword."

"Is Jeannie oukei? Ek kry haar nie in die hande nie. Waar is jy?"

"Sy is oukei en ek is in jou meenthuis. Ek het oorgeslaap. Ons sal vandag haar nuwe SIM kry. Het jy dalk 'n ou foon?"

Jo verduidelik waar dit is. "Hoe het sy die ding verloor? Sy was nog altyd baie verantwoordelik met haar selfoon."

"Dié moet jy maar vir haar vra." Jo hoor Sue gaap. "Hoe vorder jy daar?"

Jo huiwer 'n oomblik, maar vertel haar toe tog van die brand.

"Fok. Is dit ook nog nodig. Jo," begin Sue maar bly dan stil. In die agtergrond kan Jo die interkom se luitoon hoor. "Hou net aan dat ek hoor wie dit is."

Jo hoor Sue se voetstappe en dofweg hoe sy die interkom antwoord. Sy kan nie uitmaak wat gesê word nie.

"Om wat te doen?" kom Sue se stem duideliker. "Ek maak oop, maar hier is 'n misverstand."

Weer voetstappe. "Fok, Jo, ek weet nie wat hier aangaan nie. Ek bel jou terug."

"Wat is dit? Wie is dit?"

"Mense wat sê hulle wil kom vensters opmeet om te sien of hulle gordyne pas. Hulle trek glo môre in."

"Maar ..."

"Ek bel jou. Hulle is seker by die verkeerde meenthuis."

Jo klap die foon toe en laat sak haar voorkop in haar hand. Moenie sê die verdomde eienaar het teruggegaan op sy woord nie. Sy het dan die maand

se huur gegee en onderneem om die res af te betaal. Hy het gesê dis reg so. Maar hy het nie die brief waarin sy aangesê word om die einde van die maand uit te wees opgeskeur nie.

Met 'n nare vermoede bel sy die man. Die gesprek duur skaars drie minute. Hy was op die punt om haar te laat weet. Jammer. Hy het goeie huurders gekry wat uit hulle huis moet wees en die meenthuis net kan neem as dit vanaf die eerste Oktober is.

Sue bel oomblikke daarna. "Jy gaan dit nie bliksems glo nie, Jo. Hierdie mense het 'n kontrak."

"Ek het so pas uitgevind." Jo stap buite toe en gaan sit op die kombuistrap. Haar kop is 'n vakuum.

"Hy kan dit nie aan jou doen nie, Jo! Dit moet skending van menseregte of iets wees."

"Ek het kontrak verbreek toe ek drie maande nie betaal het nie. Hy is binne die wet. Al wat hy hoef te doen is om te ontken dat ons 'n verdere mondelingse ooreenkoms aangegaan het." Jo weet nie waar sy die asem vandaan haal om te praat nie. Dit voel asof daar 'n rots op haar longe sit. "Ek sal moet deurkom om te pak. Maar daar is geen manier dat ek môre kan klaarkry nie. En om 'n verhuisingsfirma hierdie tyd van die maand te kry, is 'n saak van onmoontlikheid. En waarheen neem ek die goed? Hier heers chaos."

"Wag nou, Jo. Laat ek net gou dink." Sue bly so lank stil dat Jo amper dink sy het afgelui. "Ek het net twee tuine vandag en een môre. Ek sal al drie uitstel na volgende week toe. Bly waar jy is, ek en Jeannie sal begin pak en doen wat ons kan. En jou op die hoogte hou."

"Maar Sue ..."

"Ek kan net so goed, indien nie beter nie, planne maak soos jy. Sorg jy net dat jy daardie kasarm regkry om so gou as moontlik te kan intrek. Stoorplek gaan jou 'n fortuin kos."

"Maar waar? En die huis sal eers reggemaak moet word."

"Jo, ek het werk om te doen en ek is seker jy ook. Bye."

Jo sien Zach met die leer van die dak afklim, maar dit registreer skaars.

"En nou?" vra hy.

"Krisis. Nog een. Ek en my kind sit op straat."

Zach kom sit langs haar op die trap. "Vertel vir ouboet."

Sy druk haar oë toe terwyl sy opsom wat gebeur het.

Zach slaan sy arm om haar skouers en trek haar teen hom aan. Dit moes hy nie gedoen het nie. Die sluise gaan oop en Jo huil soos sy lanklaas gehuil het. Sommer oor alles.

“Ek het vrede met jou seer kop en hangover, Jeannie. Die kalf is in die put. Roer jou gat en gaan haal vir ons bokse.” Die paar oproepe wat Sue gemaak het, het niks opgelewer nie. Nêrens kan sy ’n vervoermaatskappy of stoorplek op sulke kort kennisgewing kry nie, maar hulle moet in elk geval pak.

“Maar hoe kon Jo nie haar huur betaal nie? Hoekom vra sy nie vir my om te help nie? Ek het darem al ’n paar rand gespaar!” Jeannie is wasbleek en haar tingerige vingers bewe terwyl sy tee maak.

“Ons het nie tyd vir hoekoms, waaroms en as-sy-maar-nets nie. Ons moet môre voor twaalf hier uit wees en ook maar net omdat die nuwe intrekkers ons grasie tot dan gegee het. Dit gee ons net meer as ses en twintig uur. Drink jou tee en dan ry jy. Ek sal intussen die tasse inpak. Maar jy sal moet spring, meisiekind.”

“Oukei, ek kry die boodskap.”

“Toast?”

Jeannie ril.

“Soesji?” raak Sue moedswillig maar is spyt toe Jeannie moet badkamer toe hol.

Sue kyk nie eens na die nommer toe haar sel lui nie. “Yes?” Jo moet nou nie verder hulle tyd mors met teëpratery nie.

“Sue?”

Sue frons toe sy die grinterige manstem hoor. Te sexy vir een van haar ekslovers. “Ja?”

“Zach de Graaff. Jo se kontrakteur.”

“O, hel. Is sy oukei?” Jo moet nou net nie iets oorgekom het nie.

“Sy is fine. Ek wou net sê, ek gaan binne die volgende paar minute vir jou ’n nommer businesscard. Dis ’n vervoermaatskappy. Ek het reeds met die mense daar gepraat, hulle verwag jou oproep. Hulle sal alles wat gestoor moet word, oppak en vervoer. Jy moet net die adres gee en ’n tyd reël.”

“Jo se goed? Oppak ook? Maar waarheen vervoer? Vandag nog?” Sue se mond hang behoorlik oop.

“Vandag nog. Na ’n stoor vir so lank as wat nodig is. Hou dus die goed uit wat Jo en Jeannie vir die volgende maand of twee sal nodig hê. Die res kan julle aan die pakkers oorlaat.”

Deur haar verstomming kriewel iets aan Sue. Sy kan sweer sy het die man se stem al êrens gehoor. “Maar dis einde van die maand, hoe het jy dit reggekry?”

“Ek ken die maatskappyeienaar en hy skuld my ’n guns.”

“En hoekom doen jy dit vir Jo?” vra Sue agterdogtig. Sy hoop van harte Jo het haar nie nog ’n Con of ’n con op die lyf geloop nie.

Hy bly ’n oomblik stil. “Omdat ek kan en omdat ek wil. Jo is vir my spesiaal. Bye, Sue.”

“En as jy nou so stokstyf staan asof jy in situ gebalsem is?” Jeannie het effens meer kleur. Die laaste van die saki moet uit haar lyf wees.

“Die een of ander fairy godfather het onder Jo se spell gekom en besluit om sy towerstaf te swaai,” antwoord sy op autopilot. Sy hoor net vaagweg die businesscard deur piep.

Fokkit, sy ken daardie stem. As dit nie behoort aan too-sexy-for-my-shirt nie het sy ’n gehoortoestel nodig. En dis baie duidelik hy het die hots vir Jo.

Zach klim die leer vinniger as wat veilig is. Fok, net die vroumens se stem is genoeg om met hom te toor. Hees en sexy. En speels. Selfs wanneer sy skepties is.

Hierdie kasarm moet so gou as moontlik klaarkom. Dat hy hom kan distansieer van die Calitze. Wat seker nie maklik gaan wees as almal hierheen trek nie. En veral nie met die lekker vriendskap wat tussen hom en Jo begin ontwikkel nie.

Maar ’n vroumens soos Sue sal dit nie lank hier uithou nie. Maanshijnbaai is nie die plek vir flirtasies en one-night stands nie. Die plekkie is te klein, selfs al reken mens Bloumond in. En dié, veral, is te preuts. Nee, ’n girl soos Sue sal hier ’n skarlakenvrou wees. En dit sal haar nie aanstaan nie.

Sy het ’n speelveld nodig wat net die stad haar kan bied. Waar sy haar lyf kan afshow en haar flikkers wyd kan gooi. Van die een verhouding na die volgende kan dartel. Nes sy eks gedoen het.

Dis nie moeilik om te raai dat Sue baie intelligenter as Tiffany is nie,

maar daar is dieselfde manhonger in haar. Sonder 'n man wat haar op 'n troontjie kan sit, voel sy nie volwaardig vrou nie. Die verliefstadium moet ewig kan voortduur. Nie bederf word met die werklikheid van 'n volwaardige verhouding nie.

Hoe goed ken hy dit nie. En hy het gatvol geraak om altyd die prins in die sprokie te probeer wees. Dan eerder one-night stands wat geen intensie het om meer as dit te word nie.

Maar 'n one-night stand met Sue Calitz is ook buite die kwessie. Want hy weet dit sal nie vir hom daarby kan bly nie. Hy weet hy sal daarna verlore wees. Want hy weet ook Sue fokken Calitz, in teenstelling met Tiffany, is sy anima. Sy vroulike alter ego. Sy Twin Flame. Hy het haar herken die oomblik toe sy met Amasone-treë sy kroeg binnegestap het.

Jo is steeds oorbluf oor die gemak waarmee Zach net eenvoudig die een probleem na die ander vir haar uit die weg ruim. Selfs 'n meenthuis wat binne 'n dag opgepak moet kom, is klein skippies.

Sy draai die breekware wat sy wil behou soos 'n outomaat toe in die koerante – wat Zach ook gebring het – en pak dit ingedagte in die bokse. Dis ironies dat sy hier staan en pak terwyl haar eie plek opgeruim moet word. Amper asof sy dit met afstandbeheer doen.

Sy verwag Sue se oproep, maar skrik tog toe die foon lui.

“Ek weet nie wat jy oor Pappa Beer se pappies gestrooi het nie, maar hy het nie gelieg nie. Die verhuisingstrok is op pad met die pakkers. Al voorwaarde was dat hulle onmiddellik wou kom. Kan jy dit oorvertel?”

“Ek het nog nooit iemand met soveel kontakte gesien nie, Sue.” Jo stap buitetoe om weg te kom van Monique se gespitste ore in die gang. “Jy kan nie glo wat hy alles hierdie kant al vermag het nie. Hy het selfs vir my een van sy lekker chalets gegee om in te woon.”

“Mooi trap, Jo. Dié een veral, is te goed om waar te wees.” Sue klink suur.

“Ons is net vriende, Sue.”

“Ja, nes Edward die hoeveelste en Wallis Simpson was. As daardie man nie bereid is om sy bachelorskap in jou guns te abdikeer nie, is my naam nie Sue Calitz nie.”

Jo onderdruk haar lag moeilik. As Sue maar weet, sal sy nie so gou van haar naam afstand doen nie. “Ek neem aan alles is gereël?”

“Jy neem reg aan. Jeannie gaan voorlopig by Nan intrek; my plek is te klein. Soos jy weet. Sy pak nou haar goed in wat sy daarheen wil neem. Ek pak jou persoonlike goed apart in en sal dit saam met Nan stuur. Sy ry weer Sondag deur. Laat weet as daar iets in die besonder is. Ek hou voorlopig by klere, badkamergoed en wat ook al in jou slaapkamer lyk asof jy dit sal wil gebruik. Jou boeke op die bedkassie, byvoorbeeld.”

“Klink reg. Jeannie sal seker haar groentee en goed na Nan toe vat. Jy moet maar die res van die kosgoed wat jy kan gebruik na jou plek toe vat. Ons weet nie hoe lank alles gestoor sal moet word nie.”

“Moet oor niks die kant worry nie, Jo. Ons is nie imbesiele nie. Maar bel my as jy van iets onthou wat jy daardie kant nodig het, dan stuur ek dit saam met Nan-hulle.”

“Kom jy nie saam hierheen nie?”

“Nee.” Die antwoord kom hopeloos te vinnig. Wat beteken Sue het reeds ’n arsenaal redes opgebou oor waarom sy nie kan kom nie. En dit laat Jo wonder of sy nie snuf in die neus het oor wie Zach is nie.

“En Jeannie?”

“Sy het die hele naweek skofte. Ek sal hier wees om na haar om te sien, maar ek dink jy kan jou kommer oor die susters te ruste lê. Daar was ’n breuk en dis ’n finale een. Nan sal die detail kan invul. Moet gaan, jy het ses duisend bloomers wat ek ingepak moet kry. Herinner my dat ek vir jou G-strings koop. Bye.”

Jo frons toe Sue summier die verbinding verbreek. Iets het gebeur. Enkele dae gelede moes Jeannie in aller yl daar wegkom. Nou is dit ewe skielik nie meer belangrik nie. Hier is ’n slang in die gras en dis gewis nie ’n molslang nie. *Laat Jeannie my asb bel*, SMS sy en stap binnetoe.

Sy is ’n lafaard. Dis nie ’n nuwe besef nie. Sue weet haar hele lewe lank al sy is een. Maar dis die eerste keer dat sy gemeen voel daaroor. Nan is die aangewese persoon om Jo in te lig oor wat gebeur het, maar hel, sy kon Jo darem ’n bietjie beter voorberei het. Of meer gemoedsrus gegee het. Die SMS bewys dat sy hond geruik het.

En Jo verdien beter. Veral van haar. Sy was nie ’n tante of surrogaatsuster se gat vir Jo nie. En sy is dit steeds nie.

Sue hou ’n sexy nagrokkie in die lug. Heeltemal te sexy vir ’n vrou wat verkondig dat sy selibaat is. En dis dalk feitlik splinternuut, maar sy kan

ook sien dit was al in die was. Daar is net een antwoord. Con. Sue vou dit oorhaastig op en druk dit in die hoek van die koffer. Sy kan nie daaroor ook nog knies nie. Daar is heeltemal genoeg ander dinge waarin sy Jo gefaal het.

Al wat sy ooit regtig vir Jo gedoen het, was om haar daardie een keer uit die tronk te kry. Sue het geweet Jo se vriendskap met Lyla was 'n ramp wat wag om te gebeur. Ook dat Jo verby die stadium was waar sy na goeie raad sou luister. En Sue het Lyla se soort geken. Daarom het sy Lyla die dood voor die oë gesweer as Jo iets oorkom.

Sy was min of meer voorbereid daarop toe die oproep kom dat Jo by die polisiestasie is op aanklag van dwelmgebruik. Dank die gode dit was net dagga, maar dit was erg genoeg.

En nog 'n gode sy dank was dit die keerpunt van Jo se Rebelle. Daardie paar uur in die aanhoudingselle was genoeg om Jo die lig te laat sien. Behalwe vir die vernedering oor die manier waarop sy tronk toe is, die opsluiting, en 'n paar uur van angs en ontnugtering, het Jo niks oorgekom nie. Lyla se selfmoord 'n paar maande later was 'n groot skok, maar die effek op Jo was getemper deur afstand. Hulle het in daardie stadium nie meer kontak gehad nie en ook nie meer in dieselfde kringe beweeg nie.

Die effek wat gisteraand se gebeure op Jeannie gehad het, vermoed Sue, gaan nie so maklik oorbrug word nie. 'n Ommeswaai soos Jeannie s'n is net te intens. Te skrikwekkend. En die ommeswaai het weinig te doen met haar bereidwilligheid om haar te laat titivate, koffie te drink of haar oor te gee aan rou vis en ryswyn. Iets meer as vriendinne wat haar teleurgestel het, het gebeur. Iets meer as skok oor wat sy gesien, gehoor of besef het. Êrens het die as van wie en wat Jeannie is, verskuif.

En raai wie het al weer 'n aandeel daaraan gehad? Raai wie kon die kind nie beskerm nie? En raai wie is nou te ruggraatloos om te erken sy het al weer kak drooggemaak? Ja, raai.

“Jo, as jy my nog een keer bedank, gaan ek skree.” Zach vee die sweet met sy hemp se punt van sy voorkop af. “Ek was in die posisie om jou te help en jy het dankie gesê. Kan ons dit nou asseblief as afgehandel beskou?”

Jo voel haar wange begin gloei. “Jammer, Zach. Dis net ...”

“Jo,” laat hoor hy waarskuwend. “Sê my eerder hoe jy vanoggend gevorder het?”

“Monique het my baie gehelp. Die kombuis en gangkaste is min of meer uitgesorteer. Weet jy dalk waarheen ek kan gaan met al die goed wat ek wil weggooi? Daar is goed wat ek nie wil hê nie, maar wat nog bruikbaar is. Borde en koppies en goed wat getjip is. Linne ook.”

“Ek sal vir Riekie bel. Sy kan miskien van die breekgoed gebruik vir haar mosaïekwerk. Sy moet dit sommer hier kom uitsorteer. Die res sal ek vir my char gee. En Jo, onthou die vurke en lepels en goed vir Ieg. Vir die handvatsels.”

“Ek het dit reeds eenkant gesit.”

“Oukei, ek sal vir hom sê om dit by jou te kom kry. Ek moet gou deurskiet Hermanus toe om ’n spul goed daar te gaan kry. Ons ontmoet vir Gideon en Riekie so halfses weer by Moonbream vir die kwotasies, oukei? Die plumber en elektrisiën gaan hulle s’n vir my faks. Terloops, die elektrisiën reken die oorsaak van die brand was ’n kortsluiting wat gewag het om te gebeur. Hy reken die probleem het gekom toe die vonke op die hopie lappe beland het en dié het moontlik nog die een of ander ontvlambare produk bevat.”

Jo is op die punt om hom weer te bedank en hy moet dit aangevoel het, want hy gee haar ’n waarskuwende kyk.

“Oukei. Sien julle dan vanaand,” is al wat sy sê.

“Great. By the way, die slotmaker kon nie hond haaraf maak met die toringdeure nie. Dis glo weird slotte. Tensy ons die deure uitbreek, kan ons nie inkom nie. Die skarniere sit aan die binnekant. Ek stel voor ons los dit voorlopig. Daar is anyway nie veel aan die torings nie. Ek was lank terug ’n keer boontoe, dis eintlik net ’n smal trap wat deur drie kleinerige vertrekke direk bokant mekaar wentel. Die ruimtes is te klein om vir enigiets prakties te gebruik. Casper het dit hoofsaaklik gebruik om deur die boonste vertrek se valdeur buitetoë te gaan. Hy het ’n teleskoop daar gehad en snags gesit en sterre kyk.”

“Dan laat ons dit maar eers daar,” knik Jo effens teleurgesteld. Daar is iets romanties aan die torings, al is die goed lelik.

Zach se Landie is skaars weg toe Ieg aangestap kom. Sy het hom so in die verbygaan gesien, maar verder het sy nog nie veel met hom te doen gehad nie. Vir die eerste keer bekijk Jo hom ordentlik. Seker so middel tot laat twintigs skat sy. Hy trek nogal sterk op Zach.

“Haai, Jo. Zach sê jy het die goed vir die handvatsels?” Hy klink ook ’n

bietjie soos Zach.

“In die kombuis.” Sy stap vooruit en wys vir hom die houtkissie waarin sy alles gesit het.

Hy tel ’n vurk op en bekyk dit voor hy dieselfde met ’n lepel doen. “Ja-nee, hulle sal goed werk,” bevind hy.

“Is jy familie van Zach?” vra Jo terwyl hy die kissie toemaak.

“Sy swartskAAPoom se seun,” grinnik hy. Sy oë is groener as Zach s’n, nie so flankeerderig nie, amper effens skaam.

“Dit klink na ’n interessante familiegeskiedenis?”

Ieg haal sy skouers op. “My pa is in die tronk dood. Beroerte.” Hy druk die kissie onder sy arm asof hy bloot iets oor die weer gesê het. “Ek sal vir jou mooi handletjies maak. Jy’s nogal cool.”

“Jo? O, hallo, Ieg.”

Jo kyk om na die kombuisdeur toe sy Riekie se sagte stem hoor.

“Hi, Rieks, bye, Rieks,” groet Ieg en skuur verby Riekie buitetoe.

“Hallo, Riekie,” groet Jo ook, nog halfverdwaas oor Ieg se woorde.

“Ek was reeds op pad hierheen toe Zach my bel. Hy sê jy het porselein wat ek dalk kan gebruik?”

Jo wys haar die bokse vol weggooigoed.

“H’m, lekker baie blommetjiesborde. Dit sal ek beslis kan gebruik.”

Jo tel ’n leë boks op en sit dit by Riekie neer. “Soek maar uit. Ek wil die eetkamer takel. Miskien kan ek darem al vanmiddag ’n duik begin maak.”

“Jo,” keer Riekie toe sy wil uitstap.

Jo lig haar wenkbroue vraend.

“Ek was toe gisteraand by Saul. Hy het planne opgestel vir die suites om die badkamers beter te akkommodeer.”

“Hy’t wát?”

Riekie knik. “Maar ek dink nie hy gaan dit vir jou gee nie.”

“Maar ek sal betaal!”

“Jy verstaan nie. Ek dink hy gaan dit weggooi.”

Jo skud haar kop onbegrypend. “Maar vir wat stel hy dit dan op?”

Riekie grinnik. “Dis wat ek ook graag sal wil weet.” Sy hou ’n gekraakte bord teen die lig en streel met haar pinkie die patroon na. “En ek dink hy ook.”

VIER EN TWINTIG

“Ek het klaar gepraat, Sue, en dit sluit jou ook in, Jeannie. Ons ry Sondagoggend vroeg Maanschijnbaai toe, almal van ons. En basta.” Nan staan hande in die sye, ’n onwrikbare trek om haar mond.

“Maar ek het ...” begin Jeannie nog voor Sue kan reageer.

Nan gee Jeannie ’n kwaai kyk. “Ek het vrede met jou skofte. Jy gaan saam en jy gaan vir Jo vertel wat met jou gebeur het. Persoonlik. Ons kan haar nie in die duister hou nie. En ek kan jou nie dwing om Jo meer te vertel as vir ons nie, maar ek hoop jy besef praat gaan jy die een of ander tyd moet praat. Jy kan nie alles so opkrop nie.”

Jeannie kyk Nan net weerbarstig aan.

Sue se eerste impuls is om botweg te weier om saam te gaan, maar sy kan Nan nie nou ondermyn nie. Nan is reg, hulle moet vir Jeannie by Jo kry. Die saak moet in die reine kom. Sue sal wel sorg dat sy self op die nippertjie kop uittrek, maar op die oomblik het Nan haar ondersteuning nodig. “Nan is reg, Ganswagtertjie. Jy sal Jo moet vertel. Hoe gouer, hoe beter.”

Jeannie gee haar ’n verwyttende kyk. Dis egter nie die verwytt wat Sue soos ’n vuus op die hart slaan nie, dis die seer en ontnugtering wat daaragter lê. En iets anders wat veel verder as ontnugtering strek. Sue kners heimlik op haar tande. Sy weet Nan is reg, maar moet sy regtig so

onverbiddelik wees? Jeannie is op meer as een manier nog broos.

“Jy kan voorlopig hier by my intrek, Jeannie, maar jy moet verstaan dat jy dan by my reëls hou. En die eerste is dat ek te alle tye presies wil weet waar jy is. En jy moet te alle tye bereikbaar wees. Ook terwyl jy werk.”

“Jy weet ek het my les geleer, Nan. Julle kan my nie vir die res van my lewe oor een misstap kwalik neem nie.” Jeannie kyk desperaat na Sue.

Sue kyk liewer weg. Hemel, hoe moet sy weet wat die regte ding is om te doen? Hoe om op te tree? En hoe seker is Nan dat sy nie die hele situasie staan en vererger nie? Wat haar laat wonder hoe de fok Nan vir haar en Jo grootgekry het.

Nan skud haar kop. “Nee, nie vir die res van jou lewe nie, maar jy het ons vertrou in jou geskok en nou moet jy die gevolge daarvan dra. Ons sal jou eers weer begin vertrou as jy aan ons kan bewys jy is dit waardig. En jy sál die regte ding doen en Jo vertel. Ten minste wat ons weet. Dis haar reg om ook te weet.”

“En dis seker my straf!” Trane begin oor haar wange loop, maar Sue vermoed dis eerder van woede as hartseer. Nee, hel, Nan is te hard op die kind. Sy gaan net mooi die teenoorgestelde regkry as waarop sy hoop.

“Nee, nie straf nie. Ons praat van oorsaak en gevolg. Hierdie moeilike ding wat jy sal moet doen, is ’n gevolg. En gevolge kan mens nie vryspring deur dinge stil te hou nie. Verskoon my, dit was ’n lang dag. Ek gaan bad.” Nan swaai om en stap weg.

“Teef.” Die woord kom net-net sag genoeg dat Nan dit hopelik nie gehoor het nie.

Die woede wat deur Sue syg, is orkaansterkte. Nan is skaars in die badkamer toe Sue Jeannie aan haar breekdun arm gryp en haar ompluk.

“As jy ooit, óóit weer vir Nan ’n teef noem, Jeannie Calitz, moet jy weet jy is my ondersteuning ook kwyt,” sis sy. “Ek het dit oorgesien dat jy, wat van my binnewerke sweet blow-all verstaan, my ’n slet genoem het. Nes Jo jou stiksienige veroordeling van haar en haar leefwyse oorsien. Al jou hell-and-damnation-stront. Al jou holier than thou geteem. Maar dié keer is jý die een wat kak drooggemaak het. En nou wil jy Nan kwalik neem dat sy jou op jou verantwoordelikheid wys? As dit nie vir Nan was nie ... Hemel, verstaan jy nie wat sy al alles vir jou gedoen het nie?”

Jeannie swiep haar hare agtertoe en kyk Sue vas in die oë. “Is dit nie mens se reg om familie te hê wat omgee nie? En ek moet dánkbaar wees

vir die manier waarop ek grootgemaak is? Deur 'n ouma wat nie juis 'n keuse gehad het nie omdat my ma die een stupid flater na die ander begaan en nog steeds al hoe stupider goed aanvang?"

"Jou ma is nie stupid nie. Sy is goedgelowig. Dis wat haar downfall is. En ek dink nie jy ..."

"Hoeveel mense ken jy wat op straat uitgesit word?" val Jeannie haar dwarsweg in die rede. "Volgende is seker die balju. En dan praat ek nie eens van daai Con-vent by wie sy geslaap het nie. In ons huis. Dink sy ek is net so stupid soos sy? En as mens veronderstel is om die regte ding te doen, hoekom vertel jy nie vir Jo dat jy vir Con langer ken as sy nie? En moet dit nie ontken nie. Con se brat het jou herken toe jy eenkeer ingekom het terwyl sy daar was. Ek het toe al besef dit kan nie toeval wees dat hy juis vir Jo genader het vir sy fake projek nie. Dis jou skuld dat Con my ma ingeloop en verneder het."

Die volle omvang van Jeannie se woorde tref Sue soos 'n stuk ysskots in die gesig. Haar hand val weg van Jeannie se arm. Die rooi kolle wat daar gevorm het, sien sy skaars.

"Ja, Sue Calitz. Dis nie net julle wat my beskerm nie, ek beskerm julle ook. Ek het nie vir Jo vertel nie, want ek weet hoe seer dit haar gaan maak wanneer sy besef sy het maar net gekry wat jy klaarblyklik nie wou gehad het nie. En ek het nie vir Nan vertel dat haar dogter net so 'n tert soos haar suster is nie. Ek het julle geheimpies nie verklap nie, sodat daar nie onmin tussen julle is nie. Maar ek weet wat ek weet. En net omdat ek een keer vir julle gejok het, word ek behandel asof ek onbetroubaar en oneerlik is. Terwyl julle mekaar belieg en bedrieg en Nan haar verbeel sy het alle kennis in pag."

Sue vou haar arms sodat sy nie toegee aan die drang om Jeannie 'n taai klap te gee nie. "Jou veroordelende klein bitch. Jou skynheilige klein drol. Jou ondankbare, selfbejammerende klein kak. Fok jou en snork op." Sue swaai om, gryp haar handsak en sleutels en stoom by Nan se huis uit.

"Sue!" Die paniek in Jeannie se stem slaan Sue se ore met die krag van 'n sirene.

Sue pluk die deur oop, wil Jeannie ignoreer, maar swaai dan om. "Wát? Wat nóg?"

Jeannie is so bleek soos 'n lyk. "Ek ... Ek weet nie wat in my gevaar het nie. Ek is ..."

“As jy dit durf waag om te sê jy is jammer,” Sue kry skaars die woorde verby haar klemmende kake gepers, “knak ek jou nekkie agter jou stuitjie af. Gaan na daardie evil fokken susters toe en gaan soek jou heil op planeet Phaon saam met ’n spul mal dykes. See if I care.”

“Planeet wat?” Jeannie se oë is wyd gerek en vreeslik blou.

Sue wil uitstorm, Jeannie aan haar eie kleinlike benepenheid oorlaat, maar sy huiwer tog. Sy pluk die plastiekkoevert met al die drukstukke uit haar handsak en smyt dit op die vloer voor Jeannie se voete neer. “As jy dié klaar gelees het en mooi gaan dink het oor alles wat jy ons vandag toegevoeg het, kan jy my vra of jy met my kan kom gesels. As ek teen daardie tyd so voel, sal ek dalk ook verder kan verduidelik in watter strontspul jy jou amper bevind het. Dat jy binnekort saam met daardie einste spul mal dykes vir ’n fokken UFO sou staan en wag het om jou na ’n planeet bevolk met hermafrodiete te neem.”

“Sue?”

Sue skud net haar kop en klap die deur agter haar toe.

Nan druk die badkamerdeur so sag as moontlik dig en stap met knakkende knieë na die badrand, waar sy neersink en doodstil bly sit. Nog nooit het sy Jeannie iemand ’n teef hoor noem nie. Nog nooit het sy Sue haar humeur só hoor verloor nie.

Sy moes nie van daardie een verpletterende woord af weggevlug het nie. Sy moes die situasie self hanteer het. Maar soos ’n lafaard het sy agter die skans van die badkamerdeur geluister na die nog meer verpletterende gesprek.

Die wiele is besig om af te val van die voertuig wat hulle saam gevorm het. ’n Gebrekkige pantserwa was dit dalk wel, maar een wat hulle tog deur soveel dinge gekry het.

Nan laat sak haar gesig in haar hande. Sy het die saak heeltemal verkeerd benader. Sy het toegelaat dat die vernederende, ontstellende dag wat sy agter die blad het, haar oordeel belemmer. Toegelaat dat haar eie kleinserigheid beslag vind in haar optrede teenoor Jeannie.

Hoe kan sy aan enigiemand verduidelik hoe dit voel om na dertig jaar se toewyding aan ’n firma te besef dat sy eintlik lankal as ’n vyfde wiel aan die wa beskou is? Dat sy haar pos die afgelope paar jaar behou het omdat die firma haar jammer gekry het.

Nan, die bekwame, was eintlik Nan, die bejammerenswaardige. Laat die ou tannie tog maar net vyf en vyftig haal, dan kan ons sonder reperkussies van haar ontslae raak. Dit het baie duidelik gespreek uit die notule van die direksievergadering wat op die lessenaar van haar baas se sekretaresse gelê het en wat sy gelees het terwyl sy vir hom staan en wag het om haar te woord te staan.

En môre moet sy die afskeidsfunksie bywoon. Waar sy in toesprakies geprys sal word vir haar bydrae deur die jare. Terwyl sy weet wat eintlik daaragter lê. Verligting om van haar ontslae te wees. Dankbaarheid dat sy uiteindelik koers kry sonder die palawer van die arbeidswet.

Al wat haar deur hierdie laaste paar weke gesleep het, was die wete dat sy ten minste kan sorg dat Jo, Jeannie en in 'n mate Sue, kop bo water gaan hou en hulle tesame vir hulle 'n nuwe lewe gaan beding. Maar die nuwe lewe spat uitmekaar nog voor dit vorm aangeneem het.

Nan haal diep asem en kom regop. Sy buk stywerig om die badprop in te druk en draai die krane oop. Sy skink badskuim onder die lopende water en asem die geur van laventel tot diep in haar siel in op. Dit ruik lekker, maar genees niks nie. Sy is moeg. So verskriklik moeg.

Calitz-girls huil nie vir elke bakatel nie. Dit het sy haar meisiekinders geleer. Maar die vet weet, 'n bakatel is dié nie.

Trane verblind Sue terwyl sy die spoedgrens hopeloos oorskry. Vir dekades huil sy nie en nou grens sy vir elke stupid ding. Sy verstaan dit nie.

Fok Jeannie. Fok Jo en fok Nan ook. Sy is klaar met hulle. Laat hulle opsnork.

Sue Calitz is 'n misoes. So fucking what. Dis haar lewe en sy kan verdomp daarmee maak wat sy wil.

Oukei, sy skuld Jo 'n verskoning. 'n Verduideliking. Sy sal verdomp saamgaan Maanschijnbaai toe, aan Jo uitblaker wat sy moet en dan fokkof. Uit hulle lewe uit. Sy het genoeg gehad. Daarna is dit elkeen vir homself en die duiwel vir die res.

Te goed om waar te wees. Sue se woorde bly in Jo se kop maal en draai terwyl sy stort en regmaak vir die ontmoeting met Gideon-hulle.

Sy is meer as een maal al 'n kous oor die kop getrek deur 'n man. Ná

Wikus het sy gedink sy het haar les geleer. En toe kom Con en kyk wat vang sy aan asof sy nog geen lewensles ooit gehad het nie? En nou eet sy alles wat Zach haar vertel vir soetkoek op.

Sue is reg. Hy is te goed om waar te wees. Wat hy al alles vir haar gedoen het, is ook te goed om waar te wees. En dan nogal sonder om enigiets terug te verwag behalwe baie billike vergoeding vir sy kontrakwerk. Dis verdag, om die minste te sê.

Hemel, sy wens Nan was hier. Nugter Nan wat 'n saak so objektief kan bekyk. Altyd kalm bly. Altyd oplossings het. Sue se skeptisisme sal haar ook kan help. Selfs Jeannie se swart en wit oordele en vooroordele.

Deesdae veral, voel sy glad nie toegerus vir die lewe en die eise wat dit aan haar stel nie. Hoe onderskei mens dit wat opreg is van dit wat vals en bedrieglik is? Sy weet nie meer nie. Het geen vertrouwe meer in haar oordeelsvermoë nie.

Al wat sy weet, is dat sy al hoe meer begin wonder oor die teenspoed wat nou amper daagliks deel is van haar lewe. Nie dat daar net teenspoed is nie, intendeel, maar waar die beskadiging aan hulle voertuie en alles wat daarmee saamhang vir haar 'n irritasie was, word dit nou toenemend 'n bron van kommer. Die een naam wat die afgelope tyd voortdurend in haar gedagtes opduik, is Wikus.

Sy bly dink aan daardie laaste keer wat sy Wikus gesien het, die aand saam met Con in die mall. Voor haar geestesoog sien sy telkens weer hoe hy vassteek, haar 'n hatige kyk gee en toe sonder groet of woord wegloop. Daardie giftige blik het boekdele gespreek.

En sy bly ook dink aan die sielkundige se woorde nadat hy die aard van Wikus se siektetoestand, die aard van passiewe aggressie, aan haar verduidelik het.

“Mevrou Van der Mescht,” het hy haar aangespreek op die naam wat haar selfs vir die vyf jaar wat sy met Wikus getroud was, as vreemd en selfs vals opgeval het, “soveel deernis en begrip as wat ek vir my kliënte het, is dit insgelyks my plig om jou te waarsku. Die probleem met passief-aggressiewe gevalle is dat die passiwiteit kan verval en dat aggressie aktief kan oorneem. Dis nie die reël nie, maar ook nie die uitsondering nie. Hou asseblief u man se gemoedstoestand fyn dop en moenie huiwer om my te kontak as u voel dis nodig nie. Die aggressie kan selfgerig wees – wat tot uiting kan kom in selfbesering of, in uiterse gevalle, selfmoord. Maar dit

kan ook lei tot aggressie gemik teen buitelanders of, en veral, naasbestandes. Dikwels sonder logiese rede of oorsaak. Die aggressie ontstaan uit 'n gevoel van magteloosheid wat in wrokkigheid omskakel. As dit gebeur, kan u in gevaar verkeer.”

Hulle het mekaar bloot toevallig raakgeloop, daaroor het sy nie twyfel nie en sy glo dis toevallig dat Con die dag daarna verdwyn het. Maar hoe toevallig is dit dat Sue se bakkie kort daarna gekey is en die res van die voorvalle gebeur het?

As Wikus die skuldige is, maak dit sin dat die vandalisme juis by Sue begin het. Sue het geen geheim daarvan gemaak dat sy Wikus nie kon verduur nie. Maar dis nie al nie. Dit was vir Wikus natuurlik nooit te wyte aan hom dat Jo hom verlaat het nie. Hy het veral in die doodsnikke van hulle huwelik geglo Sue is die persoon wat Jo sonder enige besondere rede finaal teen hom laat draai het. Nie dat Sue in sy oë die enigste was wat aanleiding tot die finale breuk tussen hulle gegee het nie. Elke mens na aan Jo het volgens hom skuld daaraan gehad. Veral Sue, Jeannie en Nan.

En dis nie vergesog om te dink dat hy om 'n bakkie sal stap en dit tot op die metaal sal krap, of vier bande sal afblaas of haar embleem vandaliseer of die venster van die Uno breek nie. In elk geval nie ná die aand toe sy hom ingelig het sy gaan skei en hy elke liewe ding in hulle kombuis wat breekbaar was in 'n woedebui aan flenters gegooi het nie.

Jo kan hom selfs sien agter die stuur van die wit motor wat haar agtervolg en om die draaie probeer ontsenu het. Sy kan hom ook nie as 'n potensiële brandstigter ignoreer nie. Hy het nie net in wiskunde uitblink op skool nie, maar het ook 'n onderskeiding in skeinat behaal. Nie dat mens 'n natuurwetenskaplike hoef te wees om 'n brand te stig nie, maar nogtans.

Maar hoekom nou? Kon daardie toevallige weersiens in die mall aanleiding daartoe gegee het? Kon sy woede jeens haar net daar en dan weer opgevlam het? Dit klink nie moontlik nie, en tog ...

Maar waarom sou hy die boodskap teen die ruit van haar slaapkamer geskryf het? Dit maak nie sin nie. En waar pas die man wat Jeannie so ongemaklik laat voel het in?

Aan die ander kant beteken dit nie noodwendig dat al die dinge mooitjies met mekaar verband moet hou net omdat dit in 'n sekere tydsgleuf gebeur het nie. Die man in die restaurant het moontlik niks hiermee te doen nie.

Jeannie was miskien net hipersensitief ná haar ervaring by die kerk.

Die “voertsek” op die venster kan moontlik een van die M-baaiers wees wat daarteen gekant is dat die huis opgeknop word. Zach het gesê daar is gemengde gevoelens in die dorp.

Maar die beskadiging van die motors, daarby kan mens nie verbykyk nie. Dis te dik vir ’n daalder om toeval te wees. En dit kan sonder twyfel Wikus wees. Behalwe die voorval met Jeannie, het die ander drie voorvalle tuis gebeur en dit verg nie ’n rocket scientist om ’n telefoongids op te tel en ’n paar Calitze te elimineer om by die regtes uit te kom nie. Maar hoe sou hy uitgevind het waar Jeannie werk? Hy kon haar seker gevolg het, maar Jeannie het eers die susters gaan oplaai en daarna is hulle na daardie nare kerk toe voor sy na die restaurant toe gery het. Alhoewel, dit was ’n Sondag. Dis seker nie vergesog dat hy genoeg tyd en geduld gehad het om dit te doen nie. En dit kan seker toeval wees dat die man wat Jeannie ongemaklik gemaak het juis daardie dag by die restaurant was. Dit kan ja, maar dis nog ’n daalder wat darem baie dik is.

Al die redenasies gaan egter nie help om haar uitsluitel te gee oor Zach nie – die man wat te goed is om waar te wees. Vir die eerste keer in wie weet hoe lank onthou sy weer van die man wat by die prokureur was. Wat wou hoor of die kasarm in die mark is. Was dit dalk Zach? Wat Saul wou voorspring? Maar selfs al was dit hy, is dit nie te sê sy intensies was boos nie. En wat op aarde kan dit in elk geval met die vandalisme te doen hê?

Nee, nou is sy heeltemal laf.

VYF EN TWINTIG

“Skort iets, Jo?”

Jo kyk vinnig op na Zach en versluer weer haar blik. Sy skud haar kop. Die vier van hulle het almal lig geëet en die gesprek tersaaklik gehou. Riekie en Gideon is direk ná ete weg.

“Is dit oor die kwotasies? Ek het gedink Gideon en Riekie s’n is albei baie billik. Dis net die loodgieter se faks wat my ’n bietjie verras het, maar soos ek gesê het, ek sal dit met hom uitklaar. Miskien kan ek hom sover kry om ’n bietjie af te kom met die prys.”

“Ek sal by Nan moet hoor wat sy van die kwotasies dink. Sy het nou wel gesê sy vertrou my oordeel, maar dis haar geld. Sy kom die naweek hierheen.” Jo oorweeg dit om hom te vra of dit hy was wat by die prokureur navraag gedoen het oor die kasarm, maar besluit daarteen. Soos sy op die oomblik voel, kan sy dalk net beskuldigend klink. En sy en Zach werk so lekker saam. Dis sommer net Sue wat nou weer agterdog kom staan en plant het. “Leg het met tjailatyd vir my kom sê die dak oor die bergkantvleuel behoort teen die naweek klaar te wees?”

Zach knik. “Ons begin Maandag met die hawekant se dak en die man wat na die muurvog gaan omsien, het belowe om Dinsdag te begin. Die loodgieter begin môre met die boonste badkamer en die elektrisiën sal Maandag moet wegspring. Ons kan weinig doen voor hulle klaar is, maar

ons kan solank na die terracottateëls gaan kyk. Ons volgende groot probleem is die erkers. Ek het ordentlike planne daarvoor nodig.” Hy vryf sy ken mymerend. “Jy sien nie dalk kans om met Saul te gaan praat nie?”

Jo onderdruk die impuls om haar oë te rol en sug diep. “Dis seker die aangewese ding om te doen, maar ek twyfel of dit enigsins sal help. Behalwe dat hy suur is oor ek die kasarm restoureer, kon die man my uit die staanspoor nie veel nie en ná my beskuldigings oor die brand, is die kanse sekerlik nog kleiner.”

“Jy kan niks erger maak nie, Jo. Praat die ding met hom uit. Hy het klaar die kasarm verloor. Wat gaan dit hom in die sak bring om kleinlik te wees? Dis ook nie regtig in Saul se aard nie. Ek weet nie wat met hom aangaan nie. Dis nie hoe ek hom ken nie.”

“Jy het gesê julle was vriende?”

Zach knik weer. “Ons het dikwels saam gehengel en kreef getrek, af en toe saam gekuier oor ’n bier. Laasgenoemde tot Priscilla se eindelose frustrasie. Behalwe ’n gedeelde liefde vir rugby en krieket, het ons ook agtergekom ons het dieselfde leessmaak, al deel ons nie musieksmaak nie. En toe wys hy my een aand die planne wat hy vir die hotel opgestel het. Ek kon nie glo hy kon nie insien hoe sy hotel – so mooi as wat die ontwerp ook al is – M-baai se hele karakter sou verander nie.

“Ek het vir hom gesê as dit ontwerp was vir enige ander plek sou ek hom tien uit tien gegee het, maar dit pas net glad nie by die gees van M-baai nie. Dis toe dat hy sê M-baai is in elk geval net ’n krotspul en hy beplan om ná die hotel ook ’n ontwikkeling met rykmanshuise aan te pak. En daarna wou hy die winkels takel. Dit omskep in ’n behoorlike inkopiestraat.” Zach grinnik. “Ek is bevrees ek het ontplof.”

Hy versober weer. “Daarna was ons vriendskap geknou, maar dit was finaal daarmee heen toe hy hoor ek het reeds ’n aansienlike gedeelte van die winkels by Casper opgekoop en weier om enigiets meer as outentieke restourasie te doen.”

Jo lig haar wenkbroue verras. “Jy ‘run’ nie net ’n paar plekke nie, nè?”

Zach skud sy kop. “My stiefpa het baie ryk geword uit presies die soort ontwikkeling wat Saul hier voorsien – op plekke soos die huidige M-baai. Dit was in die States. Dis waar ek gesien het hoe karaktervolle dorpie met sjarme en ambiance net nog speelplekke vir arrogante rykes word terwyl mense wat van uitsonderlike plekke hou se keuse al hoe kleiner word. Ek

het gesien hoe kunstenaarsdorpe omskep is in plekke wat hoofsaaklik uit naweekhuise bestaan – huise wat meesal leeg staan. Gesien hoe die siel van ’n plek vernietig word ter wille van geld en status en hebsug. Ek kon my stiefpa nie keer om sy vernielwerk voort te sit nie, maar nou kan ek die geld wat ek by hom geërf het, gebruik om te voorkom dat dit met M-baai gebeur.”

“En jou eie pa?”

Zach kyk weg. “Hy is dood toe ek ’n eerstejaar was.”

Jo huiwer, maar besluit om tog deur te druk. “Ek lei af Ieg se pa was jou pa se broer? Hy het iets van ’n swartskaap gesê. En dat jou oom in die tronk dood is?” Hoe gouer sy die ding met hom uitklaar, hoe beter.

Zach steek ’n sigaret op en beduie vir Monique om vir hom nog ’n bier te bring voor hy Jo se glas wyn hervul. Toe eers kyk hy weer vir haar. “Ieg se pa was in die tronk vir bedrog. My pa het dieselfde lot vrygespring deur selfmoord te pleeg. Hulle was saam in die ding. Dis nie maklik om dit te aanvaar nie. Ek en Ieg verwerk dit op verskillende maniere.”

Hy blaas die rook stadig die lug in op voor hy weer na haar kyk. “Ieg gebruik dit om mense te skok en – soos hy sê – sodoende die kaf van die koring te skei. Hy is jonk. Hy verstaan nie hoe die sondes van die vaders die kinders besoek nie. Hy reken as hy vir almal sê sy pa was ’n skelm, kan dié wat hom nietemin aanvaar vir wie hý is, sy vriende word en die res kan gaan vlieg.

“Die lewe het my geleer om nie so voortvarend te wees nie. Maar nou moet ek bysê, Ieg vertel die storie ook net vir dié wat hy hoop sy vriende sal wees. Dit beteken dus dat hy van jou hou. Ongelukkig het dit hom ook heelwat potensieële vriendskappe asook ’n verhouding gekos. Sy verloofde kon aanvaar dat hy nie soos sy pa is nie. Sy het dit waardeer dat hy eerlik was, maar haar ouers was ’n perd van ’n ander kleur. Ieg-hulle was te jonk om hond haaraf te maak teen die ouers. Hy was maar twee en twintig en Shannon skaars mondig. Die ouers het hulle verhouding ondermyn tot daar niks oor was nie. Dis toe dat hy my ’n paar jaar gelede hierheen gevolg het.”

Zach wag dat Monique die bier voor hom neersit voordat hy oorleun na Jo toe en sy hand op haar arm laat rus. “Ek wil M-baai red uit die kloue van mense wat soos Saul dink. Ek glo Casper se huis hoort hier in al sy lomp en ondeurdagte glorie. Hoe mooier jy dit kan maak, hoe beter, maar

die gevoel van die huis moet bly wat dit is. Eksentriek. Dit is my enigste agenda.”

Jo kyk hom lank stip in die oë voor sy knik. “Oukei, ek glo jou.” Sy gee ’n senuagtige laggie. “As ek gemeet sou word aan wie en wat my biologiese pa was, het ek sleg tweede gekom. Gelukkig het ek hom nooit eens ontmoet nie.” Bang dat Zach haar daarna sal uitvra, sug sy oordrewe. “Dan sal ek seker ’n afspraak met Saul Wienand moet maak en hoor of hy wil help om die aansig van die kasarm te verbeter sodat hy ten minste ’n beter uitsig het.”

“That’s my girl.” Met ’n verwoestende glimlag sit hy terug. “Hoekom bel jy hom nie sommer nou om ’n afspraak te maak nie? Dis nog nie negeuur nie en hy is ’n naguil.”

Jo stik byna in haar wyn. “Nou?”

“Nou is so goed soos later.”

Vir ’n oomblik wonder sy of hy haar toets om te sien of sy werklik die moed van haar oortuiging het, maar toe haal hy sy skouers op. “Maar dis nes jy wil. Ongelukkig gaan jy nie ’n ander keuse hê nie. Jy sal hom maar moet vra. Riekie kan niks doen tot die erkers uitgebreek is nie. Sy kan nie eens haar ontwerp afrond nie.”

Met ’n sug buk Jo en haal haar selfoon uit haar handsak.

“Het jy die nommer?” vra hy.

Sy knik, soek onder “W” en druk die knoppie voor haar moed haar begewe.

“Me Calitz,” antwoord Saul met ’n ironiese ondertoon in sy stem en verraii só dat hy ook haar nommer op sy selfoon gebêre het.

“Dis Jo, ja.” Jo maak keel skoon. Dit gaan moeiliker wees as wat sy gedink het. “E ... Saul, ek het gewonder of ek jou dalk die een of ander tyd kan kom spreek.”

Hy bly net ’n bietjie te lank stil na haar sin. “Ek neem aan dis nie om vir my te sê dat die kasarm toe tog te koop is nie?”

“Nee. Dis oor iets anders.”

“Iets soos erkers dalk? Of die herontwerp van badkamers? Of omdat jy my steeds daarvan verdink dat ek jou krot aan die brand wou steek?”

“Nee! Ek bedoel, ja, dit gaan oor planne. Ek weet dit was nie jy wat die huis aan die brand probeer steek het nie. En ek het al om verskoning gevra vir my voortvarende beskuldiging. Kan ons asseblief net ’n afspraak

maak? Dis moeilik oor die foon.”

“Ek is bevrees ek is ’n bietjie besig deur die dag. As Zach nie omgee nie, kan jy sommer nou ’n draai by my kom maak.”

Jo frons en loer na Zach. “Hoekom sal hy omgee?” Miskien is dit nie ’n slim idee om vir hom te sê dat dit juis Zach is wat haar aangemoedig het om hom te bel nie. Nie met hulle geskiedenis nie. “Nietemin,” sy haal diep asem, “as jy my aanwysings kan gee, kan ek nou dadelik ry.”

“Zach weet waar ek bly. Hy kan vir jou verduidelik hoe om van sy huis af te ry.”

“Ek is op die oomblik by Moonbream.” Wat is dit met die man? Hoekom sal sy nou konsuis by Zach se huis wees? “Ek weet jou huis is nie ver van hier af nie, maar ek weet nie watter paadjies om tot daar te neem nie. Ek lei af dis nie op dieselfde pad wat ek kasarm toe ry nie.”

“Van Moonbream af? Hoofweg se kant toe. Tweede straat links en dan weer die derde een ook links. Die laaste gebou op regterkant. Wit dubbelvolume met ’n koepeldak.”

“Dankie. Ek behoort binne die volgende tien minute daar te wees. Nee, maak dit vyftien.” Sy moet eers ’n draai loop.

“Reg. Sien jou dan.”

Jo asem stadig uit en kyk na Zach wat haar met ’n eienaardige glimlaggie dophou. “Wat?”

“Hoekom is jy so rooi in die gesig, Jo?”

Sy druk haar hand teen haar vuurwarm wang. “Die man gee my die heebie-jeebies.” Jo laat val haar selfoon in haar handsak, slaan die res van die wyn weg en staan op. “Ek is nie sielkundig voorbereid hierop nie. Wat sê ek?”

“Wat jy netnou gesê het van sy uitsig. En ’n bietjie smee kan nie kwaad doen nie. Trane kan ook werk.”

Jo gee Zach ’n kyk. “Jy sit my en uitlag, Zacharia de Graaff.”

Hy kom ook orent en gee haar ’n drukkies. “Break a leg, kleinsus. Bel my as jy nuus het?”

Sy haal weer diep asem en blaas dit in ’n klein ontploffinkie uit. “Hierdie is nie een van jou beter idees nie.”

“Go for it. Jy het niks om te verloor nie.”

“En as hy weier?”

“Dan vat ons dit van daar af. Maar ek sal jou aanraai om te sorg dat dit

werk, anders kan ons met ernstige tydprobleme sit. Jy gaan nie sommer iemand hier rond kry wat vinnig of effektief vir jou planne sal kan optrek nie.” Hy gaan sit weer en lig sy glas in ’n ironiese heildronk.

Jo pas haar handsak se slinger oor haar skouer. “Bid, Zach en bid hard.”

Saul druk oorhaastig sy bord en glas in die skottelgoedwasser en vee krummels van die toonbank af. Sy oë gaan vinnig deur die kombuis. Gelukkig was sy huishulp vandag hier. Dit lyk netjies.

Hy loop haastig na die leefarea, skakel die TV af en druk die CD-speler se knoppie. Hy sou eerder iets klassieks wou opsit, maar Mark Knopfler se *Get lucky* sal maar die ding moet doen. Daar is nie nou tyd vir CD’s soek nie. In sy werkplek rol hy inderhaas die gewraakte planne waarmee hy al heeldag neuk op en bêre dit in sy kas by al die Maanschijnbaai-planne.

Hy het net sy rekenaar se sluimerskerm geaktiveer toe die voordeurklokkie lui.

Hy haal diep asem en dwing homself om rustig voordeur toe te stap. Sy is Zach se girl, herinner hy homself.

Jo is verras. Die gebou is baie modern, maar aangenaam op die oog. Dit spreek van skoon, maar interessante lyne. Lig speel deur gekleurde glasruite in die imposante deur wat op daardie oomblik op ’n draaispil oopswaai.

“Naand, Jo. Kom in.” Hy staan terug sodat sy kan binnekom.

“Hallo, Saul. Dankie.” Sy druk haar motorsleutels in haar broeksak, stap in en kyk onwillekeurig op na die koepel hoog bokant haar wat deur sierlike wit boogbalke gesteun word. Dit skep ’n gevoel van ruimte, en gekleurde glaspaneel wat op strategiese plekke tussen die balke in die mure ingebou is, moet in die dag ’n asemrowende kleureffek skep.

Die terracottateëls op die vloere is gewis nie rejects nie en ook nie die blou teëltjies wat tussenin pas nie. Die blou word herhaal in ’n treffende skildery asook in blou kussings op wit hoërugrottangstoele in die ingangsportaal. Alles is relatief minimalisties en tog nie ongesellig nie, sien sy toe hulle dieper die huis instap.

“Kom ons gaan sit in die woonkamer,” stel hy voor. “Iets om te drink? Miskien ’n likeurtjie of port?”

Sy begin haar kop skud, bedink haar dan. Enigiets waarmee sy haar

hande kan besig hou, sal al help. “’n Bietjie port, dankie.”

“Sit gerus.”

Die ivoorkleurige rusbanke lyk asof dit uit ’n Wetherlys-advertensie kom. Die strooikussings is in verskillende skakerings van blou. Bokant die kaggel vorm nog ’n reuseskildery ’n fokuspunt. Sy sak weg in die vetgestopte stoffering. Uit ’n buffet wat waarskynlik uit Bali kom, kry Saul ’n bottel port en skink vir elkeen ’n glasie. Allesverloren, eien sy die bottel toe hy dit op die blad neersit. Ja, as hy nie help nie, is alles dalk inderdaad verlore. Sy moet hom net eenvoudig oortuig kry, dis al.

As die man net nie so aanskoulik was nie. Hier in sy huis is hy gemaklik en opsigtelik tuis. Nie net in sy huis nie, ook in sy vel. Sy jeans is verbleik, die trui waarvan die moue tot by sy elmboë opgedruk is effens verrek, en sy drafskoene ietwat verslete. En tog het sy selde ’n man sexiër sien lyk.

Jo probeer die bewing in haar stil toe hy die glasie na haar uithou.

“Dankie.”

Hy gaan sit op die rusbank wat haaks staan met die een waarop sy sit.

“Riekie het seker vir jou gesê ek wil niks met die kasarm te doen hê nie?”

Jo knik en neem ’n slukkie van die port.

“Maar jy hoop om my van plan te laat verander.”

Al was dit nie ’n vraag nie, knik sy weer.

“En hoe wil jy dit regkry as jy skaars boe of ba sê?”

Die beligting is slim gedoen, let sy terloops op en probeer fokus. “Jy hou van Mark Knopfler?” vra sy toe die musiek vir die eerste keer tot haar deurdring.

Hy lyk effens verras en knik.

“Nan het nog LP’s van Dire Straits. Mens kan amper nie glo dis dieselfde kunstenaar nie.”

“Nie juis musiek wat mens assosieer met iemand soos Nan nie.”

“Led Zeppelin, Pink Floyd, Meatloaf en Jethro Tull ook nie. En Uriah Heep.”

“Underground. Was dit nie destyds sonde nie?”

Jo gee ’n laggie. “Ek kan my nie voorstel dat Nan haar ooit aan sonde oorgegee het nie.” Vir die soveelste keer haal sy diep asem. “Kan jy jou balkon vir my wys?”

Sy wenkbroue wip op. “Om te?”

“Ek wil sien hoe die kasarm van hier af lyk.”

“Dis donker en ek sien julle het nog nie weer die elektrisiteit aangeskakel nie.”

“Dis volmaan. Wel, amper.”

Hy haal sy skouers op en kom orent. Sy staan ook op.

“Daar is drie balkonne op verskillende vlakke. Mens sien die kasarm die duidelikste van my slaapkamer se balkon af, maar ek neem aan jy sal eerder die een wat uit my werkkamer lei, wil sien. Nan het jou sekerlik geleer oor die gevare wat ’n vreemde man se slaapkamer kan inhou.”

Jo kyk op na hom. Hy is ’n goeie liniaallengte langer as sy. “Probeer jy my ontsenu of waarsku?”

Hy grinnik ineens. “Beskerm.” Hy beduie na ’n paar trappe wat ondertoe lei en stap agter haar aan toe sy onwillekeurig die gebaar gehoorsaam.

Sy werkvertrek is ruim en baie netjies. Elke meubelstuk is funksioneel, elke dingetjie op sy plek. Daar is nie ’n plan van ’n dag oud op een van die twee tekenborde nie.

Hy maak die balkondeur oop en die klank van die see slaan saam met die koel naglug teen haar aan.

Die maan hang boepens oor die deinende waters; nog net twee nagte se groei oor voor dit vol is. Die kasarm lyk soos ’n gedrog wat die maan uit die lug uit wil hap.

Sy draai na hom toe. “Saul, ek kan aan jou huis sien jy het ’n baie fyn aanvoeling vir die estetiese en dit moet vir iemand soos jy ekstra erg wees om Casper se huis dagin en daguit te kan sien.”

Hy vou sy arms. Sterk voorarms en mooi hande, kan sy nie help om op te merk nie. “Dis nie al nie, maar dit is vir my erg.”

“Die saak staan só: Jy kan vir die res van jou lewe hier op jou balkon staan en tande kners oor die liederlike bouval hier onder jou of jy kan my help om die aangesig interessant en proporsioneel te maak. Die kasarm sal nooit ’n mooi plek wees in die sin van estetika nie, maar dit kan interessant en pleasing wees. Jy kan sorg dat dit interessant en pleasing na jou smaak is.”

Hy skud sy kop. “Die erkers is ’n goeie idee, maar dit gaan steeds net ’n lelike huis met erkers wees. Kom binnetoe, dis koel.”

Jo vryf haar arms en knik.

Toe hy die deur agter hulle toedruk, bly hy ’n oomblik net so staan met sy hand op die deurknop. Dit lyk asof hy kortstondig ’n innerlike stryd stry

voor hy omdraai. “Jo, ek gaan jou iets wys, maar ek wil nie hê jy moet opgewonde raak nie.” Hy kyk haar indringend aan asof hy seker maak sy verstaan dat hy ernstig is en stap na ’n kas wat die grootste deel van een muur beslaan. Binne is dit die een opgerolde plan op die ander, elkeen in ’n eie staanvakkie en elke vakkie gemerk.

Hy trek een van die rolle uit, knyp een hoek op die tekenbord vas en rol dit oop.

Die kasarm lyk baie beter op papier as in die werklike lewe.

“Die erkers,” sê Jo verras, leun nader en bekyk die dimensies. “Dis wat ek in gedagte gehad het, ja.” Sy kyk ’n rukkie vertwyfeld daarna en dan na Saul. “Dis baie beter, maar jy’s reg. Dis nog steeds ’n lelike huis; net een met komvensters.” Jo sit haar hand oor haar oë en sug diep.

“Binne sal jy die plek baie besonders kan maak. Daardie mosaïekwerk van Riekie gaan ’n wonderlike fokuspunt wees. In regte trencadistradisie.”

Sy loer deur haar vingers en laat sak dan haar hand. “Watse tradisie?”

“Trencadis. ‘Trencat’ in Spaans beteken ‘gebreek’. Spaanse stede spog met ’n magdom tuine, mure en fonteine wat versier is met mosaïekwerk van gebreekte stukke keramiek, teëls, glas, smalti ofte wel Bisantynse glas, en wat nog. Selfs geboue. Dis al beskryf as ‘die effek van duisende helderkleurige patrone wat saamdans onder die Mediterreense son’.”

“Maar dis binne.” Moedeloosheid stoot soos sooibrand in haar op.

Saul knik. “Dis binne, ja. En dit help my en almal wat die kasarm van buite af gadeslaan, net mooi niks nie.” Hy gaan sit skuinsweg op sy lessenaar. “Maar dit het my laat dink. Vandat ek Riekie se ontwerpe gesien het, kan ek een naam nie uit my kop uitkry nie.”

“En dit is?”

“Die Spaanse argitek Antoni Gaudi.”

Jo skud haar kop. “Dit lui net baie dofweg ’n klokkie.”

“Hy is amper net so bekend vir sy trencadiswerk in Barcelona se Park Güell soos vir sy geboue. Dis egter sy geboue wat van belang is. Al gehoor van die Sagrada Familia in Barcelona? Of die Casa Milá? Maar spesifiek van die Casa Batlló?”

Jo skud haar kop.

“Josep Batlló, ’n skatryk aristokraat, het in 1900 ’n gebou in Barcelona gekoop wat hy wou sloop en Antoni Gaudi gevra om ’n nuwe gebou te ontwerp. Gaudi het ingestem, maar Batlló later omgepraat om eerder die

bestaande gebou te hermodelleer. Van binne en buite. Die hermodellering het van 1902 tot 1904 geduur. Daar was geen begrotingbeperkings om van te praat nie en van die beste vakmanne in Spanje het onder Gaudi se streng toesig gewerk. Die mosaïekwerk het hy persoonlik van die straat af beheer.” Hy staan op en steek sy hand uit na sy rekenaarmuis. “Dit was die resultaat.” Hy roer die muis.

Vir lang oomblikke kan Jo net na die yslike rekenaarskerm staar. Die gebou slaan haar asem weg. Woorde flits sonder sinskonstruksie deur haar kop. Vloeiend. Uitspattig. Art Nouveau. Dekadent. Sprokiesagtig. Kleurvol. Golwend. Deinend. Vreugdevol. Speels. Wonderbaarlik.

“My mond hang oop. Letterlik,” fluister sy dan. “Dit laat my dink aan Monet se waterlelies in die tuin van Giverny, omvorm tot ’n boustyl.”

“’n Baie goeie vergelyking.” Saul skil die plan van die kasarm met erkers van die tekenbord af en lê ’n ander vel papier daaronder bloot. Nie ’n plan nie, maar ’n skets van die aansig van ’n gebou. Jo staan nader en moet vir ’n tweede keer haar mond toemaak. Dis die kasarm, maar ’n sprokiesweergawe daarvan. Daar is erkers, maar die ruite lyk asof dit in natuurlike skywe hout ingepas is. Die vloeiende vorm van sowel die rame as die beton rondom is sonder ’n enkele reguit lyn of opvallende simmetrie en lyk asof dit in die mure ingesmelt het. Die torings is op dieselfde manier vloeiend deel gemaak van die huis. Asof die torings aan die huis geboetseer is. Die draketande lyk ronder gevyl, nie een dieselfde grootte nie. Golwende patrone in skakerings van blou, pers en turkoois versier strategiese vryvormdele en eggo die branders van die see in die agtergrond. Dit word om die vensters, om die deurrame, ente teen die torings op herhaal.

“Dit, Jo, is hoe die kasarm kan lyk as mens net so ’n klein bietjie by Gaudi gaan steel.”

Sy kyk amper lighoofdig op na hom.

“Maar daar is ’n catch. Twee, om die waarheid te sê.”

Dit voel vir Jo asof sy uit ’n droom wakker geruk word. ’n Droom waar hierdie ongelooflike beeltenis waarheid sou kon word. Lighoofdigheid word vervang met dubbele swaartekrag. “Geld.” Sy spoeg die woord behoorlik uit.

Saul knik. “Geld en tyd. En vakmanskap is nog ’n probleem.”

Sy is eers lank stil. “Ek wens jy het my nie gewys nie.” Haar stem kom

skor en haar oë brand.

Hy streel 'n sliertjie hare van haar wang af, maar sy wonder of hy dit ooit besef. “Zach was reg. Ek was stiksienig. Ek het die maklike uitweg gekies. Sloop. Bou iets nuuts. Iets kontemporêrs met skoon lyne. Interessant maar eenvoudig. My styl is al beskryf as ingewikkelde eenvoud en my planne vir die hotel het dit by uitstek illustreer. Ek kon die foto's al in Visi sien. In internasionale tydskrifte. Goeie argitektuur. Geïnspireerd. Maar helaas, nie omgewingsensitief nie. Ek wou my stempel afdruk pleks dat ek my laat lei het deur Maanschiynbaai se uniekheid.”

“En nou?”

“Nou is dít wat ek van my balkon af wil sien.” Hy beduie na die kleurvolle skets. “Dis nog baie rudimentêr, maar dit gaan oor die algehele effek.”

'n Duisend gedagtes woer tegelyk deur haar kop. Sy gryp lukraak een. “Ek en my kind sit op straat. Ons moet so gou as moontlik kan intrek. Daar is nie tyd nie. Ag, hemel, wat praat ek? Never mind tyd. Daar is nie geld nie.” Jo swaai weg, pluk die balkondeur oop en gaan staan met haar elmboë op die reling, haar gesig in haar hande.

“Jo?”

Sy lig nie eens haar kop nie. “Dit was sadisties, Saul.”

“Ekskuus?”

“Om my te wys wat kan wees, maar wat ek nie kan doen nie.” Sy swaai om. “Daardie voorstelling van jou. Dis presies wat die kasarm behoort te word. Dis presies reg vir die huis, vir die erf, vir Maanschiynbaai. Dit sal saamsmelt met die see in die agtergrond en tog uitstaan as iets uitsonderliks.”

Hy draai haar aan haar skouers om. “Moenie huil nie, Jo. Asseblief. Ek raak heeltemal verbouereerd as 'n vrou huil.”

Jo probeer die trane wegknip, maar sy kry dit nie heeltemal reg nie. “Ek kan dit nie verhelp nie.”

“Daar is iets wat ek verdomp ook nie kan verhelp nie,” kom dit skor.

Toe Saul se mond hare onverwags opeis, snak Jo effens na haar asem. Van skrik. En veral oor die effek wat hy op haar sinne het. 'n Oomblik later ontspan sy egter teen hom, stuur haar arms om sy lyf en ontvang wat hy so onverwags met soveel entoesiasme en oorgawe uitdeel.

Sy gee terug, ontvang nog meer en kom skaars agter dat hy 'n koers in

begin retireer en haar met hom saamneem. Iewers is daar 'n flenter verstand wat haar waarsku dat dinge te vinnig gaan. Die intensiteit te verskroeiend is. Maar niks maak saak nie.

Ineens voel sy hom verstyf.

“Jo?”

Sy maak haar oë oop en sien dat hy na iets oor haar skouer staar. Sy kyk onwillekeurig om na die glasbalkondeur. Vir 'n oomblik kan sy nie sin maak van die springerige ligstrale nie.

“Daar is iemand by die kasarm. Met 'n flitslig,” sê hy sag asof hy bang is die persoon kan hom hoor.

SES EN TWINTIG

Sy behoort verlig te wees. Dinge het begin handuit ruk. Maar sy is nie verlig nie. Sy wil meer hê. En sy wil dit nou hê. “Miskien is dit Zach. Of Ieg. Miskien het hulle iets vergeet.”

“Wat hulle nie môre sal kan kry nie?” Hy trek haar binnetoe en kry ’n flitslig uit ’n laai. “Ek gaan gou kyk. Die verdomde plek moenie iets oorkom noudat ons weet wat om daarmee te doen nie.”

“Ek gaan saam.”

Hy kyk vlugtig af na haar bont seilskoene. “Is jy seker?”

Sy knik.

Saul kry haar aan die hand beet en lei haar deur ’n kombuis na ’n agterdeur. “Sjt. En ek gaan die flitslig nie aanskakel nie tot ons daar is.”

Hulle draf so stil as moontlik met die sanderige voetpaadjie wat in die maanlig voor hulle uitkronkel. Dis ’n hele entjie, maar die afdraande maak dit maklik.

Waar die paadjie uitmond langs die skuur waar Sue se Cadillac gebêre is, kom Saul tot stilstand. Hulle skep ’n oomblik asem. Dis donkerder waar hulle in die skadu van die skuur staan. Vir ’n oomblik sien Jo niks. Toe kom die flitslig weer om die huis, speel oor die vensters van die verste vleuelgang.

Saul gee haar hand ’n drukkies. “Bly hier,” sê hy so sag dat sy net-net kan

hoor. Hy begin aanstap in die rigting van die flitsdraer, steeds sonder om sy flits aan te skakel.

Jo hou haar asem op toe die ander ligstraal skielik afgeskakel word.

Saul storm nader. Al wat Jo kan sien, is twee donker figure. Dit lyk asof Saul die persoon aan die arm beetkry en omruk. Daar is 'n uitroep en dan nog een, maar sy kan nie mooi uitmaak wat aangaan of wat gesê word nie.

Saul skakel sy flitslig aan en laat skyn die lig 'n oomblik reg in 'n vreemde gesig. Die man is heelwat korter as Saul, maar fris gebou. Oorgewig ook, maar klaarblyklik rats.

“Saul! Magtig, man, los my!”

“Quintin. Wat de hel soek jy hier?” kom Saul se stem ongeduldig.

Jo stap nader.

“My niggie. Ek het gehoor sy bly nou hier.”

Jo steek vas. Niggie? Dan maak die naam ineens vir haar sin. Quintin. Quintin de Vos. Gretha se seun.

“Hoekom is dit so donker hier?” vra haar onbekende neef. “Ek klop orals. Was nou al by elke venster en deur.”

“En jy kom nie agter hier is op die oomblik niemand nie?” Saul klink agterdogtig.

“Fok, man, ek het ver gery. Ek dag sy slaap dalk of so.” Iets aan sy stem wil bekend klink, miskien die sterk Transvaalse uitspraak. Gretha het ook só gepraat.

“Haai,” groet sy toe sy by hulle kom.

“Jo? My maggies.” Hy lig sy bakhand oor sy oë om verby die flits se lig te kyk.

Saul laat lig vir 'n oomblik op Jo en stuur die straal grond toe sodat sy kan sien waar sy loop.

Die volgende oomblik kom Quintin op haar afgestap en gee haar 'n klapsoen op die mond, sy baard grillerig teen haar vel. Hy slaan sy arm om haar skouer. “Kan jy glo. Uiteindelik. Jy sal nie weet hoe ek al na my ma se mense gesoek het nie.”

Jo staan stokstyf. Familie of nie familie nie, sy ken die man van g'n kant af nie.

“Dat oupa Casper eers moet staan en doodgaan voor ons mekaar ontmoet. Maar eerder laat as nooit, nè.” Sy jovialiteit klink vals, maar miskien is dit omdat sy nie die uitdrukking op sy gesig kan sien nie.

“Hallo, Quintin.” Wat sê sy vir hom? Waar was jy toe Nan jou ma in haar laaste dae opgepas het? Waar was jy met haar gedenkdien?

“Waar is jou motor?” kom Saul tot haar redding.

“So ’n hele ent weg geparkeer. Die paadjie het al hoe slegter geraak, toe hou ek maar stil en stap. Was bang ek stamp die sump stukkend in een van die slaggate.”

“Wel, ek stel voor jy kom môreoggend terug as jy familiebande wil verstewig. Jo sal hier wees.”

“Man, ja, ek sal so maak, maar ek sit met ’n bietjie van ’n probleem. Ek het half gehoop ek kan hier oorslaap vanaand. Jy weet, soos altyd by oupa Casper?”

Jo se oë rek.

“Ons is mos familie en so. Of is julle Kaapse mense nie so gasvry soos ons Noordwesters nie?”

“Die huis is op die oomblik sonder elektrisiteit, soos jy kan sien, en nie bewoonbaar nie. Jy sal maar ’n ander plan moet maak,” laat hoor Saul onsimpatiek. Alhoewel hulle mekaar êrens vandaan moet ken, is dit duidelik dat Quintin en Saul nie boesemvriende is nie.

“Ai. Waar dink jy gaan ek die tyd van die aand slaapplek kry? Ek is moeg gery, jong. Lichtenburg lê nie om die draai nie.”

“Daar is chalets nie te ver hiervandaan nie,” stel Jo halfonwillig voor. Wat sy tot dusver van haar neef gehoor en gesien het, staan haar nie vreeslik aan nie, maar dis laat en hy is seker regtig moeg as hy so ver gery het. “Ek bly ook op die oomblik in een.”

“Jy bly in een van Zach se chalets?” Saul klink snaaks.

Sy kyk op na hom toe. “Ja, waar het jy gedink bly ek?”

“Nietemin, dis ’n goeie plan, Quintin. Ek verbeel my jy het laas ook daar oornag? Die keer toe Casper jou weggeja ... weggestuur het.”

“Ja wel, die tye is maar swaar. Maar een aand sal ek darem seker kan bekostig.” Hy vryf sy dik nek. “Dan sien ek jou môre, Jo. Of kan ek jou ’n lift gee?”

“Dankie, maar my motor is by Saul se huis.”

“Oukei. Lekker slaap dan.” Quintin draai weg.

Jo wil ook omdraai en begin aanstap, maar Saul hou haar aan die arm terug.

Hulle bly staan tot hulle Quintin se flitslig nie meer kan sien nie en wag

tot die enjin aangeskakel word en die voertuig wegtrek. Toe eers vat Saul haar hand, lig met sy flits voor hulle uit en begin terugstap.

“Hoe ken jy vir Quintin?” vra sy terwyl sy haar treë behoorlik moet rek om by te bly.

“Hy het ’n paar keer vir Casper kom kuier. Ek dink hy was meer agter ’n erfposie as Casper se sprankelende geselskap aan.”

“Jy het nie van Casper gehou nie?”

“Ek het. Meesal, in elk geval. Hy was ’n interessante man. Tot hy sy woord verbreek het en nie meer die kasarm aan my wou verkoop nie.”

Altyd die kasarm. Dit lê soos ’n yslike, afgryslike turkoois berg tussen hulle. Jo bly liewers stil.

Die opdraandetjie is meer as skotig en Jo is uitasem toe hulle bo kom.

“Kan ek water kry, asseblief?” vra sy toe hy die kombuisdeur oopstoot.

Hy skink vir haar water uit ’n bottel in die yskas. “Ek dag jy bly by Zach.”

Jo kyk verras na Saul. Wat foeter hy nou met Zach? “Hoekom sou jy so dink?”

“Julle lyk soos ’n item.”

“Ek ken Zach skaars, Saul?”

“Net so lank as vir my.” Sy oë dra ’n boodskap oor, maar dit neem haar ’n rukkie om dit te snap.

Die verleentheid word feitlik onmiddellik deur ’n kil woede vervang.

“Ek soen nie gewoonlik mans wat ek so kort ken nie, Saul. Jy het my heeltemal onkant betrap.”

“Jy het my teruggesoen. En baie behoorlik.”

“Wel, ek hoop jy het dit geniet, want dit was die eerste en beslis die laaste keer. Goeienag, Saul.” Sy plak die glas neer en marsjeer in die rigting van die voordeur.

“Jo!” roep hy agterna, maar sy ignoreer hom. Sy probeer losruk toe hy haar aan die arm beetskry. “Jo, jy kan maar kwaad wees vir my, dis oukei, maar asseblief, wees versigtig vir Quintin de Vos. Ek vertrou hom nie so ver as wat ek hom kan gooi nie.”

Sy oë spreek van erns. Jo knik en probeer uit sy greep draai, maar hy swaai haar om en in dieselfde beweging is sy mond weer op hare. Jo voel haar knieë slap word, maar sy innuendo weergalm nog in haar ore. Sy ruk los.

Hy grinnik. “Nou het jy ten minste rede om kwaad te wees.”

Sy stap tot by die voordeur en pluk dit oop.

“En Jo, dit was die tweede, maar steeds nie die laaste keer nie. Jy weet dit en ek ook. Lekker slaap.”

’n Mens kan ’n spildeur nie agter mens toeklap nie, kom Jo agter. Sy maak daarvoor op met die paneelwa s’n. Nog voor sy die sleutel gedraai het, besef sy hoe kinderagtig sy was.

Jeannie kyk op van haar boek waar sy in haar bed lê en lees toe Nan teen die deur trommel wat halfpad oopstaan.

“Wil jy nog iets hê om te drink? Milo of iets?”

Jeannie skud haar kop. Haar oë is dik gehuil. Dié het Nan al aan tafel gesien toe Jeannie skaars tien minute sit en pik het aan die roerbraai en toe kamer toe verkas het.

Nan gaan sit op die bed langs Jeannie. “Ek dink nie jy het dit bedoel nie.”

Jeannie kyk haar behoedsaam aan. “Wat?”

“Dat ek ’n teef is.”

Kleur vlam in die bleek wange op en sy versluier haar oë.

“En ek dink jy weet Jo is nie ’n tert nie.”

Jeannie laat sak haar kop nog laer en vou haar hand oor haar oë. Presies soos Jo die gewoonte het om te doen.

“En ek dink jy weet Sue is vol draadwerk, maar inherent ’n goeie mens wat jou ma nooit moedswillig kwaad sal aandoen nie.”

Jeannie kyk op, ’n weerbarstige trek in die mooi oë. “Sue het Con geken. Voor hy Jo geken het. Sy moes hom van Jo vertel het. Dis haar skuld dat Jo met hom deurmekaargeraak het.”

“Ek is seker dis nie wat Sue beplan het nie. Buitendien, wie is regtig die vark in die verhaal, sou jy sê? Sue of Con?” Nan probeer deur Jeannie se hardkoppigheid breek al weet sy Jeannie is nie heeltemal verkeerd nie. Hemel, hulle almal weet Sue is nie ’n engel nie.

“Ek weet hy is ’n vark, maar dit maak Sue nie minder skuldig nie.”

Trane wel weer op en breek deur die keerwalle van Jeannie se wimpers.

“Maar ek weet ook dis Sue wat my kom red het nou die aand. Dis sy wat dit vir my probeer beter maak het toe sy my op haar shopping spree gevat het. Ek is nie onnosel nie, ek weet Sue is ’n goeie mens, maar hoekom

doen sy sulke terrible goed? En ek praat nie net van Con nie. Al daardie lovers ...”

“Goeie mense doen soms terrible goed, Jeannie. Dis ongelukkig hoe die lewe werk. Jy is nog te jonk om vreeslik baie terrible goed te gedoen het, maar hoe kan ’n goeie mens soos jy in ’n oomblik van woede terrible goed sê soos dat ek ’n teef is en jou ma ’n tert?”

Jeannie draai op haar maag en druk haar gesig in die kussing. Haar skouers begin ruk.

Nan streel oor die bos hare wat wild oor die beddegoed uitgesprei lê. “Ons gaan deur ’n moeilike tyd, liefkind. Ons het elkeen ons probleme en dan voel ons nog die effek van mekaar s’n ook. Maar as ons mekaar kan ondersteun, as ons ondanks alles hierdeur kan kom, sal ons verhouding met mekaar, ons bande, net soveel sterker wees. Die ding is, Jeannie, ons is soos ’n bloublasie. Het jy geweet ’n bloublasie is nie ’n diertjie nie, maar eintlik ’n kolonie afsonderlike organismes wat saam die bloublasie vorm?”

Jeannie se maer lyfie verstill. Nan weet sy luister.

“Dit bestaan uit vier organismes, elkeen met sy eie funksie, maar saam sorg hulle vir die geheel se oorlewing. Benewens die blasie is daar drie poliepe. Die blasie hou die ander drie aan die dryf. Een poliep sorg vir verdediging, een vir voortplanting en een vir voeding. Dink aan ons as so ’n kolonietjie. Ons take is nie heeltemal so gedefinieer nie en soms ruil ons rolle, maar die prinsiep is dieselfde.”

Jeannie kyk oor haar skouer en draai weer op haar rug. “Jy is die blasie, Nan. Die een wat ons aan die dryf hou.”

“Ek probeer, Jeannie. Ek probeer hard. Elkeen van ons probeer op ons eie manier baie hard.”

Vir sulke dun armpies is Jeannie se greep verbasend sterk toe sy dit om Nan slaan en haar kop teen haar bors druk. “Ek is so verskriklik jammer.”

Nan druk die skraal lyf teen haar vas, sus haar heen en weer. “Ek weet, my lief. Ek weet.”

’n Soete ewigheid later lig Jeannie haar kop. “Nan, julle sal my moet kans gee. Ek probeer nog verstaan wat gebeur het. By die kerk en by daardie huis waarheen die susters my geneem het. Sue het vir my inligting gegee. Ek het daarna gekyk, maar ek wil dit ordentlik bestudeer sodat ek kan probeer verstaan. En ek sal julle dalk eendag vertel, maar ek kan nie

nou nie. Asseblief, moenie aandring nie?”

“Ons kan nie vir Jo in die duister hou nie, Jeannie, maar niemand kan jou dwing om meer te vertel as wat jy bereid is nie. Hoe bekommerd ek ook al oor jou is. Hoe begaan ek ook al is oor wat met jou gebeur het. Dis ...” Sy moet ’n oomblik swaar sluk. “Daar is goed wat julle ook nie van my weet nie. As dit eendag nodig is, sal ek julle vertel. Ek sê dit vir jou sodat jy weet ek verstaan hoe jy voel en ek gun jou jou geheime. Elkeen van ons het dit. Jo en Sue sekerlik ook. Solank jou geheime net nie die bloublasie in sy geheel skade doen nie en veral ook nie die een poliep wat op hierdie oomblik so hard vir ons nuwe huisvesting probeer veg nie. Wat so hard probeer vergoed vir haar rebellie van des jare en die foute wat sy intussen gemaak het.”

Jeannie knik en glimlag bewurig. “Staan die aanbod van Milo nog?”

“Ongetwyfeld. En daar is Romany Creams ook. Vandat ek dit by Sue geëet het, is ek kort-kort lus daarvoor.”

“Ek sal môre vir ons ordentlike koekies bak. Dan vat ons vir Jo ook die naweek.”

“Lekkerder as Romany Creams?” terg Nan terwyl sy opstaan. Sy glimlag toe sy haar hand na Jeannie toe uitsteek.

Dis nie nou die tyd om vir Jeannie te sê bloublasies se een groot nadeel is dat hulle geen beheer het oor die koers waarin hulle dryf nie, dat hulle volkome uitgelewer is aan seestrome en die rigting wat die wind waai. Dit sal die kind wel self uitvind.

Jo is nie voorbereid op die rilling wat teen haar ruggraat afhardloop toe sy die wit motor by die chalet verste van hare af sien staan nie.

Sy weet sy is laf. Daar is meer wit motors as enige ander kleur. Dit hoef gewis nie die een te wees wat so op haar gat gesit het op pad hierheen nie. Buitendien, die motor kan net aan een persoon behoort en dis aan haar onbekende, en binne hulle kringetjie onbeminde, neef. En daardie motor was skynbaar vanoggend nog in Lichtenburg. Die nommerplate bevestig dat dit van Noordwes af kom.

Die swerkater is gelukkig dat hy Zach kon opklop. Dis al amper middernag.

Wat haar weer eens laat wonder wat hy nou eintlik by die kasarm gaan soek het. Of is sy te agterdogtig? Is daar dalk mense wat werklik ’n

onbekende familielid in die nag gaan opsoek en hoop om by hulle verblyf te kry nadat hulle ver gery het? Daar is seker, besef sy. Plattelandse mense is anders as stedelinge. Gasvryer. Behulpsamer.

Sy is bly sy het die stoeplantern aangelos. En nog blyer sy is veilig binne toe sy die chalet se deur agter haar sluit. Maar hoekom sy so lugtig is, verstaan sy nie. Dis nie asof daar enigiets gebeur het om haar so versigtig, amper bang, te maak nie. Die elektrisiën glo die brand is nie deur iemand gestig nie. Dit kan 'n kwajong wees wat “voertsek” op die kasarm se ruit geskryf het.

En daar is baie misdaad in die stad, baie vandale wat voertuie beskadig, probeer sy haar verder troos toe sy in die bed klim en die lig afskakel. En juis. Dit was in die stad. Nie hier nie.

Maar alles saam? As mens na die geheelprentjie kyk?

Jo maak haar oë toe. Sy is heeltemal te moeg om haarself nou weer op hol te jaag.

Maar nie te moeg om die effek van Saul se soene weer te voel nie. Vir 'n oomblik kan sy haar weer verbeel sy is in sy arms. Proe sy weer sy begeerte. Voel sy die hardheid van sy lyf teen haar ontvanklike kontoere.

En tog is dit met die Gaudi-styl skets teen die doek van haar ooglede geprojekteer dat sy uiteindelik aan die slaap raak.

SEWE EN TWINTIG

Vrydag 1 Oktober

Jo borsel tande toe haar selfoon in die kamer lui. Sy spoel haar mond haastig uit. Laat dit tog Jeannie wees. Sy wou haar juis vanoggend probeer lui in die hoop dat sy weer kontakbaar is.

Sy gryp die foon van die bedkassie af en druk dit teen haar oor. “Hallo?”
“Jo?”

Haar knieë gee mee toe sy die stem herken en sy sak op die rand van die bed neer.

“Jo? Dis Con hier. Hoe gaan dit?”

Sy kry nie ’n woord oor haar lippe nie. Sommer net so? Dis Con. Hoe gaan dit.

“Jo, is jy daar?”

“Waar is jy?” kry sy dit uiteindelik hees uit en wonder waarom sy juis dit vra. Wat van waar is my verdomde geld?

“Terug uit Botswana. Ek het laas nag eers aangekom, dis dié dat ek nou eers bel. Ek is vreeslik jammer dat ek sommerso verdwyn het. Dit was regtig omstandighede buite my beheer. Ek hoop nie jy is te kwaad vir my nie? Ek kon nie bel nie omdat ek nie tyd gehad het om die roaming funksie op my foon te aktiveer nie. Ek kan alles verduidelik.”

“Ek stel voor jy begin,” kry sy dit deur geklemde kake uit.

“Kom nou, Jo. Jy het sekerlik nie gedink ek het heeltemal in die niet verdwyn nie? Jy ken my darem seker beter as dit. Jy moes besef het iets onvoorsiens het voorgeval?”

“Jou motor is teruggeneem. Jou huis se huur is in maande nie betaal nie. Ingrid se onderhoudjek het gehop. Skuldeisers het haar begin dreig. Ja, ek reken dit was seker onvoorsiens. Of het jy reeds geweet dit gaan gebeur toe jy ‘oorbruggingsgeld’ by my afgebedel het?”

“Liewe hemel, Jo, waar kom jy aan hierdie klomp twak? Is dit Ingrid? Jy weet mos sy sal enige geleentheid aangryp om my by jou swart te smeer. En by enigiemand anders ook as sy kan. Ek het my huishuur opgesê en my motor verkoop omdat ek besef het ons trek tydelik noustrop; juis om Abalone’s ’n blaaskans te gee tot my onderhandelinge vrugte afwerp.”

Sy oorweeg dit om hom daarop te wys dat dit nie Ingrid was wat hom swartgesmeer het nie. Dat die prokureur by wie sy die meeste hiervan gehoor het, geen rede het om te lieg nie, maar besluit om die inligting vir haarself te hou.

“En het jou onderhandelinge vrugte afgewerp?” vra sy sonder om die sarkasme daaragter te probeer verbloem.

“Wat gaan aan met jou? Ek bel jou juis met die goeie nuus en nou is jy so? Ek het meer van jou verwag, Jo. Beslis meer vertrou. Hemel, ons staan op trou!”

“Jy misgis jou deeglik, Con. Ons het beslis nie voorheen op trou gestaan nie en daar is geen manier waarop ek nou op trou staan met ’n man wat my uit my geld uit verneuk en dan verdwyn nie. Om die waarheid te sê, ek wil jou nie weer sien nie.”

“Ek glo dit nie! Ek kan nie glo ... Jo, as jy weet waardeur ek en Fyfe die afgelope ruk is. En dit juis sodat ons Abalone’s aan die lewe kan hou. Juis sodat ek jou geld kan terugbetaal! Veral nadat ek gesien het hoe ongelukkig jy nou die oggend gelyk het.”

“Nou die oggend? Dit was amper drie weke gelede! Agtien dae, om presies te wees, sonder enige kontak van jou kant.”

“Kyk, Jo, ek weet nie wat in jou gevaar het nie, maar miskien sal dit jou tot besinning bring as ek vir jou sê ons het ’n finansiële inspuiting gekry wat alles uitsorteer. As ek vir jou sê ek het reeds jou geld in jou rekening inbetaal. En as jy wil, sal ek ook vanoggend nog die oorbruggingslening terugbetaal. Dis nou as jy nie meer die vyfpersentaandeel wil hê nie.”

“Ek wil geen aandeel hê nie. Faks albei inbetaalstrookies na Nan se kantoor nommer toe, Con. Vandag nog. Sodra sy dit gekry het, kan ons dalk weer praat.” Jo beëindig die oproep en bly net so op die bed sit. ’n Gevoel van onwerklikheid hang soos ’n sluier om haar, verdof die kamer en die mooi dag daar buite.

Met meer wilskrag as wat sy gedink het dit gaan verg, kom sy uiteindelik regop en stap kombuis toe om vir haar koffie te maak. Miskien is sy nog nie wakker nie.

Eers toe die beker halfleeg is, besef sy wat die oorbetaling impliseer. Dis nie net betaling vir haar harde werk nie. Dis deel van ’n kontrak. Sy sal vir Abalone’s moet werk. Vyf restaurante se interieur in elke detail hanteer. Dis ’n projek wat hulle oor drie jaar gespasieer het. Sy sal vir drie jaar niks anders kan doen nie as om aan restaurante te werk vir ’n besigheid wat op die rand van bankrotskap is nog voor dit begin het.

Sy sal die kasarm moet laat staan. Haar nuwe droom moet los. Die Abalone’s-projek wat ’n maand terug nog haar alfa en omega was, klink skielik soos ou skottelgoedwater in vergelyking met Franse sjampanje.

“Nee,” sê sy hardop en plak die beker neer. Nee, sy kan nie teruggaan en met riskante restaurante voortploeter nie. Nee, sy kan nie die kasarm nou opsyskuif nie. Nee, sy kan nie, wil nie en sal beslis nie na Con toe teruggaan nie. Selfs al is elke woord wat hy sê waar.

Hy het verdwyn. Sy het ’n ander, ’n persoonlike projek aangepak. Alles het verander. Sy kan skaars glo sy was in ’n verhouding met hom betrokke. Op die oomblik voel hy vir haar soos ’n totale vreemdeling. Wat het haar besiel om op persoonlike vlak met hom deurmekaar te raak? By hom te slaap? Was sy van haar verstand af?

Hoe dit ook al sy, daar is ’n kontrak en as hulle haar betaal wat haar toekom, kom hulle hul deel van die kontrak na. Dan is dit sy wat kontrakbreuk pleeg as sy nie wil voortgaan nie. Sy kan natuurlik die geld terugbetaal, maar dit sal beteken sy het agt maande lank verniet gewerk. En as alles regtig uitwerk soos hulle beplan het, as sy die restaurantprojek afhandel, sal sy goeie geld kan maak. Baie goeie geld. Maar dan moet sy werk aan die kasarm staak. Vir minstens drie jaar.

“Môre, my ou niggietjie. Lyk my vroeg opstaan loop in die familie. Dis nog nie eens agtuur nie.”

Jo draai om na die oop kombuisvenster waar die stem vandaan kom.

Quintin se hande is om die diefwering se sporte gevou. Sy kneukels lyk skurf. Hy glimlag van oor tot oor.

“Hoe lyk dit met ’n bietjie koffie? Ek het niks van die aard saamgebring nie. Mos gedink ek sal by familie kan oorbly.” Sy stem klink anders as gisteraand. Die intonasie amper sangerig. Maar die verwyd lê steeds onverbloemd daarin.

Jo ruk haar reg. “Môre, Quintin. Agtuur, sê jy? O, genade, dan is ek laat.” Sy rek en gee vir hom die botteltjie kitskoffie aan, ook die suiker en koffieroompoeier. “Jy sal maar self moet maak, ek is ’n bietjie haastig. Ek moet by die kasarm kom.”

Hy vat die goed effens oorbluf aan en frons. “Die kasarm?”

“Casper se huis. Die kontrakteurs wag seker reeds vir my.” Miskien is die ou net nie baie slim nie. Miskien is dit wat hom so ’n bietjie eienaardig laat optree.

“Liewe land, maar julle Kaapse mense is darem baie anderster as ons Noordwesters. Skoon ongeskik.” Hy druk die koffiegoed teen sy bolyf vas en stap weg. Die kakiekortbroek hang laag om sy middel. Seker om die boep voor te akkommodeer. Sy tweekleurige kakiehemp is verkreukel. Asof hy daarin geslaap het. Die vellies is uitgetrap. Welvarend lyk hy beslis nie. Wel baie ouer as sy jare. Hy is jonger as sy, maar hy lyk minstens vyftien jaar ouer. Dis net swaarkry wat dit aan mens kan doen.

Vir ’n oomblik wil Jo skuldig voel. Wil sy hom terugroep en sê kom sit, ek maak vir ons koffie dan sê jy my hoe jy ons opgespoor het. Waar jy al die jare was. Ek moet regtig by die kasarm wees, maar familie is darem belangriker.

Soos sy sou, as sy hom enigsins vertrou het.

In die slaapkamer pluk sy ’n kam deur haar hare, gryp haar handsak, knyperbord en die paneelwa se sleutels en sluit die chalet agter haar.

Op pad kasarm toe herwin sy ’n mate van ekwilibrium. Voorlopig kan sy niks aan die Con-saak doen nie. Hy moet maar eers die geld oorbetal en dan sal sy besluit hoe om dit te hanteer. Wat Quintin betref, hy val haar dalk as ’n bietjie eienaardig op, maar behalwe vir sy nagtelike besoek aan Casper se huis, het hy niks verkeerd gedoen waarvan sy weet nie. Miskien is sy net bevooroordeel oor die omstandighede waarin sy hom ontmoet het. Miskien is hy bloot ’n goeie mens wat verwag dat ander mense net so goeie soos hy sal wees.

Daar is egter ander dinge wat nou haar aandag verg. Die mense wag seker al vir haar om toegang tot die huis te kry. Die loodgieter begin juis vandag met sy werk. Zach is miskien ook al daar. Hulle moet gaan kyk na die teëls, en die man wat die teëls kom lê, moet 'n kwotasie kom gee. En die een of ander tyd sal sy haar trots in haar sak moet steek en weer vir Saul kontak. Hulle moet net eenvoudig praat oor die Gaudi-voorstelling wat hy gemaak het. Dis miskien nie haalbaar nie, maar sy moet haarself oortuig dit kan regtig nie gebeur nie.

Ieg en sy span is reeds op die dak toe sy by die kasarm aankom en die loodgieter staan en rondtrippel. Nadat sy die voordeur vir hom oopgesluit het, bel sy vir Nan.

“Ek het amper gedink ons hoor nooit weer van jou nie,” begroet Nan haar.

“Jammer, Nan. Die ark is oop hier. Luister, ek neem aan jy gaan nog in kantoor toe vandag?”

“Vir oulaas. Net om my laaste goedjies te kry, en vir die afskeidsfunksie. Koek en tee elfuur.” Nan gee 'n minagtende snorkie.

“Miskien kry jy 'n goue horlosie?” Jo haat dit as Nan so ongelukkig klink.

“Sal gewis nie 'n Rolex wees nie.”

Sy gaan Nan nie uit haar bui kry nie. “Nan, daar gaan moontlik 'n faks vir my kom. Depositostrokies.”

“Jo? Wat gaan aan?”

“Ek kan nie nou verduidelik nie, maar laat weet my sodra jy dit kry, dan praat ons verder. Is Jeannie oukei?”

“Ja, sy is oukei, maar hier het baie dinge gebeur en sy was baie geskok dat julle uit die meenthuis gesit is.”

“Ai, Nan.” Jo hou 'n netjiese trokkie sonder logo wat aangery kom dop. “Kan ons Sondag hieroor praat? Sal jy haar asseblief ompraat om saam te kom? Ek wil alles hoor, ek kan net nie nou nie. Maar net vinnig, raai wie het hier opgedaag? Quintin de Vos.”

“Gretha se seun?” roep Nan verras uit. “Jimmel, Jo, versigtig vir daardie een. Gretha het nie uitgebrei nie, maar jy weet hy was in 'n verbeteringskool, nè?”

“Ek onthou, maar ek onthou ook ek is deur my eie rebellie en jy weet waar ek beland het. Ek wil dus nie bevooroordeel wees nie. Maar ek moet

sê, die man gee my rillings.” ’n Vreemde man klim uit die trokkie en kom na Jo toe aangestap. “Moet gaan, maar Nan, moenie flou val as jy sien wie geld in my rekening betaal het nie. En moenie te bly word nie, ons sal eers oor ’n klomp dinge moet gesels.”

Die man wat na haar toe op pad is, merk skynbaar op sy is besig met ’n gesprek en kom ’n entjie van haar af tot stilstand.

“Jo, jy kan nie ...”

“Nan, ek moet regtig gaan. Sien julle Sondag.”

“Jo!” Nan se ergerlike uitroep keer haar om die verbinding te verbreek.

“Ja?”

“Saterdag. Ons kom môre deur. Jy het vir Sue gesê Zach het lekker chalets en toe het ek vir ons een deur die Vliegende Hollander bespreek. Tussen die twee chalets behoort ons al vier geslaap te kry.”

“Julle kom almal? O, dis wonderlik. Ek kan nie wag om julle alles te vertel nie. Moet regtig gaan. Sien julle!”

“Juffrou Calitz?” Die man kom nadergestap toe sy die foon in haar jeans se agtersak druk. “Môre. Dedekind is die van.” Hulle skud hande.

“U is seker hier vir die teëls?”

“Nee. Zach het my gevra om ’n tweede opinie oor die brand te kom gee. Ek was op my dag ’n branddeskundige.”

Jo frons. “Maar die elektrisiën het gesê ...”

Dedekind knik. “Die ding is, brand het snaakse maniere. Ek is opgelei om te verstaan wat daardie maniere is. ’n Elektrisiën is nie. Ons hoop natuurlik almal hy is reg, maar Zach wil seker maak.”

“Natuurlik. Kom binne. Ek sal u wys waar dit was.”

“Dis in die haak. Met jou toestemming sal ek eerder op my eie rondkyk. Zach het gesê dit was in die kombuis en spens.”

“Nes u wil. Gaan gerus voort.”

“Dankie.” Hy glimlag beleef en kry koers die huis in.

Jo skep doelbewus asem. Te veel dinge gebeur op ’n slag. Sy sal moet kophou om by te hou. Toe haar foon lui, wip sy soos sy skrik.

“Môre. Is meneer Dedekind al daar?” val Zach met die deur in die huis.

“Wou jou nou net bel om te hoor wat is die storie. Ja, hy is hier.”

“Great, ek sien jou nou. Ek is reeds op pad. Die brand het my die hele aand gehinder. Toe onthou ek van hom. Ek het hom ontmoet toe ek ’n paar jaar gelede ’n eis ingestel het vir ’n brand by een van die chalets. Ons praat

wanneer ek daar kom. Sodra hy klaar is, kan ons sommer deurry na die plek met die kleiteëls. Dis nogal 'n entjie. Anderkant Botrivier.”

“Jo?” hoor sy agter haar net nadat Zach afgelui het.

Jo swaai om. “O, hallo, Ieg.”

Hy hou 'n vurk en 'n lepel wat in die vorm van handvatsels gebuig is na haar toe uit. “Lyk dit reg?”

Jo neem dit en bekijk dit van alle kante. “Dis perfek. Dit gaan verskriklik mooi lyk.”

“Ek het aan iets gedink. Met Riekie se mosaïek en so.” Ieg diep iets uit sy sak op; twee skroewe met opaakblou glasstukkies op die koppe geplak, en sit dit in haar palm. “Die skroewe sal eers ingedraai moet word voor ek die stukkies smalti daarop kan plak, maar dis hoe dit sal lyk as dit klaar is.”

Jo sien dadelik wat hy bedoel en druk een van die skroewe deur die gaatjies wat in die lepelhandvat sel geboor is. “Dis stunning!”

“Ek dink dit lyk meer afgerond en interessanter ook.” Hy lyk effens verleë.

Begeester. Almal wat aan hierdie projek werk, is begeester. Dis asof die kasarm almal se kreatiwiteit tot die uiterste toe stimuleer om te probeer mooi maak wat so verskriklik lelik is. Sy kry skoon 'n knop in haar keel toe sy opkyk na Ieg toe. “Dis so spesiaal, Ieg.”

“Ek het gedink mens kan dieselfde doen met gordynstokke. Ek bedoel, ook van die smalti gebruik vir aksente op die eindknoppe. En ook die gordyne se tie-backs. Ek sal nog kyk wat ek kan bedink.”

Jo knik. “Dit sal wonderlik wees,” is al wat sy uitkry. Hoe kan sy hierdie projek net stopsit? Hoe kan sy vir almal wat soveel kreatiewe energie hier insit net sê jammer, maar ek moet restaurante gaan doen?

En as sy gaan restaurante doen, mors sy nou almal se tyd. En 'n hele hoop van Nan se geld.

Oor Ieg se skouer sien sy 'n Prado tot stilstand kom. Sy is verras toe Zach uitklim. Sy is gewoon aan sy Landie.

Ieg neem weer die handvatsels en skroewe by haar. “Ek hou dié solank nog, dan gee ek alles op een slag wanneer ek klaar is. Anders raak die goed weg.”

“Reg. Dankie, Ieg.”

Ieg lig net sy hand in 'n groet toe hy verby Zach draf.

“Wat staan hy en keek pleks van dakplate slaan?” Zach se glimlag strook nie met sy woorde nie.

“Wag tot jy sien hoe wonderlik lyk daardie handvatsels wat hy maak.”

“H’m, maar dit moet hy in sy vrye tyd doen. Kom ons gaan hoor wat sê Dedekind.”

Hulle kry hom in die kombuis, gehurk voor die kas waar die brand ontstaan het.

“Môre, Zach,” groet hy oor sy skouer. “Jammer julle het begin skoonmaak, maar jy was reg, hoor.”

Zach frons. “Dis nie regtig wat ek wou gehoor het nie.”

“Daar was beslis ’n ontvlambare stof, wat ons noem ’n exhilarant, betrokke. En alhoewel ek dit nie nou meer sal kan bewys nie, is ek oortuig daarvan dit kon nie net ’n spul lappe wees wat nog ’n bietjie oorblyfsels van skoonmaakmiddels bevat het nie. Daar moes genoeg gewees het om besonder ontvlambaar te wees. En as die brand nie betyds gekeer is nie ...” Hy maak die kasdeur langsaan oop. “As dit hierdie bottel brandspiritus bereik het, was dit tickets. En volgende sou die terpentyn wees. Ek praat natuurlik nie eens van die gassilinder net buite die venster nie.” Hy kom regop. “Wie dit ook al was, het moeite gedoen om dit na ’n ongeluk te laat lyk. En dit sou nog meer na ’n ongeluk gelyk het alles gebrand het.”

“Maar hoe kon iemand ingekom het?” vra Jo floutjies. “Saul moes die kombuisdeur oopbreek om in te kom.”

“Dis hoekom ek gisteraand so aan die brand gedink het. Ek het onthou die dak was nog oop en die dakspan het hulle lere hier gelos. Net vir een verdomde aand, maar dit was genoeg. Wie dit ook al was, het dinge hier dopgehou. Sy kans gebruik toe hy dit sien.”

“Wat nou?” vra sy verslae.

“Ek weet nie of dit gaan help om die polisie in te roep nie. Nie nadat julle hier skoongemaak het nie. Zach sê dit gaan nie oor versekering nie. Wil jy hê ek moet ’n verslag opstel, Zach? Dit sal net ’n amptelike weergawe wees van wat ek pas gesê het, met ’n paar tegniese goed by.”

Zach skud sy kop. “Dankie, maar ek dink nie dit sal ’n doel dien nie. Ons weet wat ons wil weet. Jy kan maar net jou faktuur vir my stuur.”

Nadat hulle Dedekind afgesien het, hou Zach vir haar die Prado se deur oop.

“Hoe het dit by Saul gegaan?” vra hy nog voor hulle by die eerste slaggat

is.

“Saul het ’n asemrowende ding met die kasarm se fasade aan die land se kant aangevang.” Sy begin entoesiasties verduidelik, kla oor die onmoontlikheid daarvan, besing weer die effek. “Maar ons het nie veel verder gekom nie. Daar was ligte by die kasarm, maar gelukkig was dit toe net my neef. Die een wat toe later ’n chalet by jou kom huur het.” Sy brei kortliks uit oor die insident by die kasarm. “En dan is daar ’n ander ding, maar dis ’n lang storie. Dit kom egter daarop neer dat ek met ietwat van ’n tameletjie sit. Ek sal moontlik die kasarm vir drie jaar op ys moet sit.”

Hulle is reeds ’n hele ent anderkant Bloumond. Jo kyk Zach verbaas aan toe hy rem en die Prado van die pad af trek.

“En nou?”

Zach draai skuins in sy sitplek. “Jo, het ek jou reg gehoor? Van die kasarm op ys sit?”

’n Trok jaag verby en die Prado skud effens in die sleurstroom daarvan.

“Want as ek jou reg gehoor het, help dit ons niks om te gaan teëls kyk nie. As ek jou reg gehoor het, mors jy my tyd, my geld en my energie. En ’n hele klomp ander mense s’n ook.”

“Ek weet. Ek het net nog nie tyd gehad om dit te deurdink nie. Al die implikasies en komplikasies uit te werk nie.”

“Wel, ek stel voor jy doen dit en jy doen dit vinnig. Ek het regtig baie beter dinge om te doen.”

“Zach, asseblief. Dit het ...” Jo loer vinnig na die elektroniese horlosie op die paneelbord. “Net ’n bietjie meer as ’n uur terug gebeur en die ding oor die brand het ook nog tussenin gekom.”

“Wat het gebeur?”

“Die oproep. Ek sal van voor af moet begin anders gaan jy nie sin maak daarvan nie. En soos ek gesê het, dis ’n lang storie.”

Zach kyk haar ondersoekend aan en sit die rathefboom weer in eerste. “Begin by die begin en vertel. Ek wil alles, en daarmee bedoel ek elke detail, weet teen die tyd dat ons in Botrivier is.” Hy trek stadig weg en glip weer tussen die sporadiese verkeer in.

Sy begin by die begin en vertel hom hoe Con haar genader het, van Abalone’s en wat alles van daar af gebeur het. Halfpad deur die storie hou Zach voor die Botrivier Hotel stil. Hulle gaan sit op die wye, outydse stoep en bestel koffie voor sy die storie hervat.

Hulle tweede rondte koffie se koppies is yskoud toe sy eindig by vanoggend se foongesprek.

“Kyk, Jo,” Zach leun terug en vleg sy hande agter sy kop. Hy staan op en druk sy hande in sy Levi’s se sakke, loop ’n paar tree weg en weer terug. “Daar is baie dinge wat ek vir jou kan sê. Ek kan jou uitskel vir onnoselheid. Ek kan sê ek bewonder jou moed, deursettingsvermoë en goeie intensies. Ek kan selfs vir jou sê ek kan jou help. Nie finansieel nie, maar andersins. Maar niks daarvan gaan iets aan die kruks van die saak doen nie.” Hy druk sy hande op die tafel en kyk haar stip in die oë. “Wat wil jy doen, Jo? Wat wil jy regtig doen? Nie vir jou familie nie. Nie eens vir jou kind nie. Nie vir enigiemand anders as vir Jo Calitz nie. Ongeag geld, tyd, verpligting of enigiets anders.”

“Die kasarm. In Saul se Gaudi-styl.” Die antwoord kom diep uit haar onderbewussyn, want tyd om na te dink was daar nie.

Zach bly net so staan, knip skaars ’n oog.

Uiteindelik kom hy regop, glimlag sy verwoestende Hugh Jackman-glimlag. “Nou toe. Kom ons gaan kyk hoe lyk daardie rejects.”

Sue druk die elektriese tandeborsel met geweld in die laaier en gooi die hople vlosdraadjies wat langs die wasbak lê in die asblik.

Een slapelose nag is genoeg. Twee is te veel en drie is mishandeling. Daai klein pes gaan haar nie nog een aand van rus en vrede ontnem nie.

Met ’n paar lang tree is sy in haar slaapkamer en gryp haar selfoon. “Ons moet praat,” blaf sy sonder groet toe Jeannie antwoord. “Wanneer kan jy hierheen kom?” Sy gaan waaragtig nie nog agter die snip aanry ook nie.

Jeannie is ’n paar oomblikke stil. “Ek kan nou deurkom.”

“Right. Sien jou.”

Sue maak die leefvertrek min of meer netjies, maak al die asbakke leeg en druk die leë bottels J&B wat die afgelope maand of wat opgehoop het onder in ’n kombuiskas. Sy maak al die vensters en die balkondeur oop en spuit die vertrekke met genoeg anti-tobacco om ’n splinternuwe skeurtjie in die osoonlaag te maak.

Hoekom sy die bliksemse moeite doen, weet g’n mens nie. Miskien laat dit haar beter oor haarself voel, want vir mêrempie doen sy dit gewis nie.

Gelukkig het sy al haar afsprake vir vandag geskuif omdat hulle gedink het hulle gaan nog aan die pak en trek wees. Nou moet sy eers die gemors

uitsorteer waarin haar lewe ontaard het. Jeannie is net die begin.

AGT EN TWINTIG

Saul kyk van sy balkon af na die werksaamhede by die kasarm sonder om werklik in te neem wie doen wat.

Voor sy geestesoog word die liederlike plek geleidelik omvorm in die landmerkgebou wat dit kan wees. Hy hoef nie weer te gaan kyk na die skets waaraan hy al weer sedert die vroeë oggendure gewerk het nie. Dis net 'n tweedimensionele weergawe van die volle omvang en dimensies in sy kop.

Zach was reg oor die hotel en dit het hy gisteraand in alle eerlikheid aan Jo erken. Maar wat Zach ook al beoog het, Saul weet sy eie visie oortref dit duisendvoudig. Ongelukkig is dit 'n visie wat net moontlik is as die begroting nie 'n probleem is nie. En, vernaamlik, as dit nie gedoen word vir winsbejag nie. Dis 'n egosentriese visie, amper hedonisties, wat niks met sakevernuf te make het nie. Soos kuns gewoonlik is. En in voltooide vorm sal die Gaudi-geïnspireerde kasarm eerder 'n buitensporige beeldhouwerk as 'n huis wees.

Die uiteinde sal nie die soort plek wees wat ooit genoeg geld op sy eie kan genereer om te kan betaal vir wat dit gaan kos nie. Al word dit in 'n gastehuis omskep, is daar net vier suites en dit maak nie saak hoe eksklusief en uniek dit is nie, die soort geld waarvan hulle praat, kan nie só herwin word nie.

Die ander twee probleme, tyd en vakmanskap, kan opgelos word. Dit sal inderdaad minstens 'n jaar neem om die dop van die kasarm te omskep in sy droom, maar as aspekte van die struktuur nou gedoen word, kan die res gebeur terwyl dit bewoon word. Ná 'n klompie oproepe weet hy nou watter vakmanne hy kan gebruik. Teen 'n prys natuurlik, maar die resessie sal die projek eerder bevoordeel as benadeel. Die vakmanne het min werk en is beskikbaar op kort kennisgewing.

Geld is egter die een ding waarby hy nie kan verbykom nie. Selfs as die nuwe kasarm oor drie jaar in die mark gesit kan word, sal dit 'n baie unieke koper wees wat eerstens so 'n plek sal wil koop en tweedens die soort prys kan betaal waarvoor dit verkoop sal moet word.

As hy alles in ag neem, is dit 'n gekkedroom.

All our dreams can come true ... if we have the courage to pursue them. Was dit nie Walt Disney wat dit gesê het nie? En het hy nie sy drome werklikheid gemaak nie? Het hy nie drome en droomwêrelde vir ander geskep nie? Maar hy was Walt Disney in Amerika en in 'n tydperk toe drome nog makliker bewaarheid kon word as nou. En Saul Wienand sit op Maanschijsbaai in 'n Derdewêreldland ná die finansiële ramp van 2008 wat nou nog wêreldwyd uitkring.

“En as jy hier staan en staar, Saul?”

Saul ruk soos hy skrik. Hy draai om. “Môre, Pa.”

“Dag, jong. Jou voordeur is nie gesluit nie. Ek het geklop.”

“My huishulp het nie gister klaar gestryk gekry nie. Ek het die deur vir haar oopgelos. Koffie?”

“Sal lekker wees. Nogal besig daaronder, nè?” Gideon begin kombuis toe koers.

Saul wik en weeg 'n oomblik, maar as hy nie nou met iemand praat oor hierdie ding wat al hoe groter in sy binneste word nie, gaan hy bars. “Pa?”

Gideon kyk hom vraend aan. “Ja, Saul?”

“Geloof. Dis om van iets oortuig te wees sonder om bewyse daarvoor te hê, is dit nie?”

“Dis een manier om daarna te kyk.” Gideon frons. “Wat kwel jou, Saul?”

“'n Droom. Nie 'n slaapdroom nie. 'n Gekkedroom.” Saul beduie na die tekenbord wat met sy rugkant na hulle staan. “Loer gou daar.”

Gideon gaan staan voor die skets. Hy vou een hand onder sy oksel in en die ander gaan ken toe, wysvinger teen die gladgeskeerde wang. Die oë

agter die bril beweeg eers vinnig en dan baie, baie stadig. Dit voel soos 'n ewigheid voor hy opkyk.

“Gekkedroom? Dis 'n kunswerk, Saul.”

“Ongelukkig 'n onmoontlike een,” sug Saul.

“William Arthur Ward, 'n baie wyse man, onder meer ook 'n kanselman, het gesê: ‘If you can imagine it, you can achieve it. If you can dream it, you can become it.’ Ek wil byvoeg: solank dit nie bloot om selfsug gaan nie.”

Trust sy pa om dinge nog moeiliker te maak as wat dit hoef te wees. “Dis nie suiwer selfsug nie, Jo is ook begeester daardeur en ek glo dis reg vir Maanschijsbaai, maar ja, ek sal graag my naam as argitek daaraan wil koppel.” Saul sug nog dieper. “Ward weet dalk waarvan hy praat, hy weet net nie hoeveel geld hierdie droom sal kos nie.”

“Hy het ook gesê: ‘Before you quit, try.’”

“Wel, as Pa nou so ryk soos Zach se stiefpa was, kon ek dalk 'n ou leninkie van 'n paar miljoen gemaak en getraai het, maar nou is Pa nie. Kom ons gaan drink koffie.”

Gideon knik en volg hom.

“Daardie ontwerp ...” mymer Gideon terwyl hy sy koffie 'n rukkie later roer. “Dis grensverskuiwend, Saul. Argitektonies gesproke, maar jy het ook jou eie kreatiewe grense daarmee geskuif.”

“Ek sal moet vrede maak daarmee dat dit nie in die praktyk verskuif sal kan word nie.” Gister het vir meer as een paradigmaskuif gesorg. Daardie soen was net so verdomp grensverskuiwend. Dis eintlik hoekom hy nie kon slaap nie en later maar opgestaan het om verder aan die sketse te werk.

“As ek gedink het jy is die tipe, sou ek gesê het jy moet dit 'n saak van gebed maak,” onderbreek Gideon gelukkig sy gedagtes voor Saul in meer detail onthou wat alles sy slaap versteur het.

Saul grinnik. “Sal dit verneuk wees as ek Pá vra om daarvoor te bid?”

Gideon se glimlag kom stadig. “Ongelukkig, ja.” Hy staar in die koffie af asof 'n antwoord daarin opgesluit is. Toe hy opkyk, het sy glimlag tot volle wasdom gekom. “Maar dit keer my nie om te bid dat my kind se drome waar word nie.”

'n Warm gevoel sprei deur Saul terwyl hulle oë haak. Dis hy wat eerste wegkyk.

“Saul?”

Hy kyk weer op.

“Daar is iets wat ek tot my skande nog nooit vir jou gesê het nie. Nie in soveel woorde nie. Ek verstaan nie hoekom dit vir my so moeilik is nie, maar ek weet net ek moet dit sê.”

Saul vou sy arms en wag om te hoor waar hy nou weer te kort skiet aan sy predikantpa se verwagtinge. Die lys, weet hy, is lank.

“Ek het jou lief.” Gideon pak die woorde in ’n skor stem voor hom neer asof dit vier swaar bakstene is.

Vir ’n oomblik hang die eggo om hulle. Sy pa se oë skiet vol trane. Saul bly net so sit toe Gideon kop onderstebo opstaan en uitloop. Nie asof hy vlug nie. Nie asof hy skaam is oor die trane nie. Net asof die oomblik vir hom te groot geword het.

Jeannie se hande is in die hensopposisie toe Sue die deur oopruk. “Môre. Ek en Nan het vrede gemaak. Ek het haar om verskoning gevra. Sy het ons gehoor.”

“Kom binne voor my landlord my weer oor iets kom pla net oor hy nuuskierig is.” Die wind is ’n bietjie uit Sue se seile, maar Jeannie moenie dink dis die einde van die saak nie.

“Soos jy weet, het ek nie groentee nie,” sê Sue toe sy die deur agter hulle sluit.

Jeannie grawe in haar handsak en hou ’n plastieksakkie met teesakkies in die lug. “Voilà. Het jy darem heuning?”

Sue wens eintlik sy het nie gehad nie. Sy knik en gaan kombuis toe. Jeannie volg haar.

“Wat het Nan alles gehoor?” vra Sue terwyl sy vir hulle bekers regsit.

“Alles. Elke liewe ding.” Sue skrik effens toe Jeannie se koue hand oor hare sluit. “Sue, ek is regtig verskriklik jammer. Oor alles. Ek weet nie wat in my gevaar het nie. En ek sal nooit genoeg kan dankie sê dat jy my van daardie ander spul gered het nie. Ek het die drukstukke gelees. Dis bisar. En dis verskriklik.”

“Wat is? Dat mense so belieg word of dat hulle so goedgeelowig is? So needy dat hulle enige junk sal glo?” Sue kantel die ketel oor die eerste beker en swets toe die stoom haar hand brand.

“Alles is ewe verskriklik. En die susters. Hulle was my vriendinne. Ek het hulle vertrou. En die kuisheidseed? Eintlik is ek maar net nog ’n maagd

omdat ek te vrot is om 'n boyfriend te kry.”

“Jeannie! Waar kom jy daaraan dat jy te vrot is om 'n boyfriend te kry? Buitendien, ek is baie bly jy is nog 'n maagd. Seks is nie vir kinders nie. Dis ...” Sue besef sy moet liewer stilbly. Maar toe Jeannie na haar kyk, weet sy dis te laat.

“Eerstens is ek nie meer 'n kind nie, Sue. Tweedens dink ek regtig jy is die laaste mens wat vir enigiemand moet seksonderrig gee, veral nie vanuit 'n morele oogpunt nie.” Daar is geen snykant aan haar woorde nie. Dis net die waarheid soos Jeannie dit sien.

“Miskien is ek juis in die posisie, Jeannie. Juis omdat ek so kak drooggemaak het in my lewe. En dit nog steeds doen. Of ten minste tot onlangs. Ek het my voorgeneem dinge gaan van nou af anders wees.”

“Jy gaan ophou rook, vloek, drink en affairs hê met getroude mans?”

Sue gee haar 'n kyk. “Dis my stryd, oukei? Ek stryd dit soos ék wil. Rook en drink is roekeloos, dom dalk, en vloek is onvroulik, maar dis nie grootskaals kak drooggemaak nie. Ek wil net niks meer van getroude mans weet nie. As a matter of fact, maak dit van mans in die algemeen.”

“Wel, jy kan altyd sommer ook jou maagdelikheid sjirurgies laat herstel.”

Sue kyk Jeannie verward aan, sien dan die glimpering in haar oë.

“Jeannie Calitz, as jy dit durf waag om iets voor te stel wat enigsins iets met planeet fokken Phaon te doen het, onterf ek jou.”

“Gotcha!” grimlag Jeannie en skink heuning in haar beker.

Jan Willemse, een van die nuwe direkteurs, sluit sy toespraak met 'n huigelagtige glimlag af. Die applous oorskry die bekwaamheid waarmee die toespraak gemaak is. Hy het nie veel moeite gedoen om voor te berei of na te gaan watse bydrae Nan deur die jare heen gemaak het nie. Maar hoe sal hy dan nou ook weet van die eerste vyf jaar toe die firma so noustrop getrek het? Hoe sy en Adriaan Cloete, die stigter van die firma, nagte omgewerk het. Hoe Nan soms weke moes wag voor haar salaris betaal kon word? Die mannetjie was toe waarskynlik nog nie eens op skool nie. En hy het nie eens vir Adriaan geken nie. Dié se hart het hom tien jaar gelede al gefaal.

Een van die sekretaresses begin leë koekbordjies bymekaarsit.

Die ontvangsdame keer haar met 'n paar fluisterwoorde voor sy na Nan

draai. “Net ’n oomblik?” Die vrou verdwyn in die aangrensende kantoor en kom terug met ’n kleurvolle ruiker. Sy bloos effens toe sy dit aan Nan oorhandig. “Ons gaan jou baie mis, juffrou Calitz. En ons hoop jy geniet jou aftrede.” Haar oë is effens tranerig.

“Dankie, Elmie. Ek waardeer dit baie.” Nan neem die honderdrand-Woolies-ruiker.

“Daar is nog ietsie in die koevertjie. Dit kom van al die meisies.”

Verbeel sy haar of gee Elmie die direkteur ’n kyk?

Nan maak die koevertjie oop en haal ’n Woolies-geskenkbewys uit. Twee honderd rand. Nan voel vir ’n oomblik werklik aangedaan. Tussen die drie meisies moes elkeen honderd rand bygedra het. In moeilike tye. Uit die sakke van dié wat dit die minste kan bekostig. “Dis baie dierbaar van julle. Baie dankie. Ek sal vir my iets moois koop en aan julle dink wanneer ek daarna kyk.”

Die teegoed word met net so min finesse opgeruim as wat Nan se dertigjarige bydrae tot die firma afgehandel is.

Sy was haar hande in die ruskamer toe Elmie inloer om te sê daar het so pas ’n faks vir haar aangekom.

“Dankie, ek het amper vergeet. My dogter het gesê ek moet een verwag.” Nan huiwer ’n oomblik. “Elmie, die blomme en die geskenk. Ek waardeer dit regtig verskriklik baie.”

Elmie bloos effens. “Ons kon nie glo toe ons gister besef hulle gaan niks vir Juffrou gee nie. Ek is jammer dis so ’n ou klein geskenkie. As ons vroeër geweet het ...”

“Elmie, asseblief. Dit beteken vir my meer as wat jy ooit kan besef.” Nan tel die ruiker langs die wasbak op en ruik aan die reuklose blomme. “Dis pragtig.”

Met ’n knop in haar keel stap sy na die faksmasjien en tel die enkelbladsy op. Haar oë flits daaroor en sy snak na haar asem. Vaagweg is sy bewus van nog ’n faks wat deurgeseil kom, maar sy bly verstar na die syfers staar.

Dis betaling vir agt maande se baie harde werk, dit weet sy, maar die bedrag uit Abalone’s se rekening is nietemin iets ysliks. Die geld wat Con Coetzee persoonlik gedeponeer het, is nie ’n druppel in die emmer in vergelyking daarmee nie, maar dis ook glad nie te versmaai nie. Dit moet die “oorbruggingsgeld” wees.

Die faksmasjien raak stil. Nan loer vinnig om te sien vir wie die nuwe faks is. Ook vir “Jo Calitz c/o Nan Calitz”.

Dis twee bladsye lank. ’n Afskrif van ’n gespesifiseerde faktuur uitgemaak deur Jo, en ’n uiteensetting van die betaling op Abalone’s BK se briefhoof, sien sy toe sy die blaaie vaskram. Sy kry ’n koevert en skuif die faksblaaie daar in.

Dit sal sy by die huis gaan bestudeer. Dis net die soort ding wat haar sal laat vergeet van hierdie ondankbare nes.

“Jou neef, Quintin de Vos, hoe goed ken jy hom?” vra Zach op pad terug van die plek waar hulle ’n wavrag vol kleiteëls teen ’n baie billike prys bestel het.

“Ek het hom nog nooit voorheen ontmoet nie. Net sy ma, en dit was baie kort voor haar dood. Nan het haar opgepas in haar laaste dae nadat haar man van haar geskei het. Ken jy my neef?”

“Ek het hom net een keer ontmoet.” Zach lyk diep ingedagte.

“Ek wonder hoekom hy nie ook by Casper geërf het nie,” mymer Jo.

Zach versnel toe hulle in die grootpad indraai. “Hy het twee jaar gelede geld by Casper geleen en dit nooit terugbetaal nie. Casper het die lening afgeskryf en gesê dis sy erfporsie. Maar ek dink Quintin het ook vir hom werk gedoen waarvoor hy goed betaal is. Ek weet nie mooi wat dit behels het nie, maar ek weet wel hulle het ’n groot uitval gehad kort voordat Casper geval en sy heup gebreek het. Dis die eerste keer sedert daardie relletjie dat Quintin weer hier kom. Ek vertrou die vrede glad nie.”

Hulle ry ’n rukkie in stilte. “Ek dink ek en jy en Saul moet bymekaar kom, Jo. Ek wil graag die Gaudi-stylvoorstel sien.”

“Saul het redelik seker geklink dat dit te duur sal wees om uitvoerbaar te wees.” En hoe kyk sy hom weer in die oë ná daardie soen wat haar bybly asof dit pas gebeur het?

“Nietemin. Het julle gepraat oor die badkamers se herontwerp?”

“Ons het nie kans gehad nie.” Jo brei nie uit nie. Zach hoef nie te weet dis nie net Quintin wat hulle gesprek onderbreek het nie. Dat hulle toegelaat het dat hulle gevoelens met hulle weghardloop en daarom skoon van badkamers vergeet het.

“Jy sal die naweek besig wees met Nan-hulle hier, maar miskien kan ons vanaand bymekaarkom. Ek sal hom skakel. Dis in elk geval hoog tyd dat

ek en hy ons nonsens laat staan. Vandat jy gevra het oor ons vriendskap, pla dit my van voor af dat ons nie ons verskille uit die weg kan ruim en klaarkry nie.”

“Dit sal wonderlik wees as Saul vir ons die badkamers kan herontwerp,” is al wat sy waag om oor die saak te sê.

Zach praat eers weer toe hulle by die hawebord indraai. “Die kontrak tussen jou en Abalone’s. Ek neem aan jy het nie die afskrif hier nie?”

“Nee, dis by die huis.” Sy slaan haar hand voor haar mond. Sy het nie meer ’n huis nie. “O gaats, ek hoop nie dis ingepak saam met die stoorgoed nie. Ek sal by Sue moet hoor.” Sy grawe haar selfoon uit en bel dadelik.

“Die goed wat in jou lessenaar se laaie was, is by Nan,” lig Sue haar in.

“Dankie tog! Ek het ’n paar dokumente nodig. Alles oukei daar?”

“Hang af wat jou definisie van oukei is. Geen krisis op die oomblik nie, maar ons is deur ’n paar dinge. Ons gesels môre. Ek is, in geen onseker terme nie, opdrag gegee om ook saam te kom.”

“Ek is bly. Sien julle dan.” Jo groet en bel vir Nan.

“Jo, ek het die faks gekry,” val Nan met die deur in die huis. “Ek kon my oë nie glo nie. Sowel jou vergoeding as die oorbruggingsgeld is in jou rekening gedeponeer. Con het ook ’n afskrif van jou faktuur deurgefaks asook ’n uiteensetting van hulle oorbetalings. Ek hoop nie jy gee om nie, maar ek het dit bestudeer en ek dink daar wag ’n verrassing op jou.”

“Hoe so?”

“Op jou faktuur het jy geëis vir die agt maande se werk. Daaronder die bedrag waarop julle ooreengekom het, en dan het jy ‘bonus’ ingeskryf met ’n vraagteken.”

“Ja, Con het gesê hy sal met sy vennoot daaroor onderhandel, maar ek moenie wonderwerke verwag nie.”

“Jou bonus is honderd duisend rand. Daar word ook gestipuleer dat jy by voltooiing van elkeen van die restaurante nog ’n bonus kry. Minstens so groot soos die huidige een. Die oorbetalings wat gister gemaak is, is twee honderd vyf en veertig duisend rand. En dis benewens die oorbruggingsgeld wat ook terugbetaal is. Nogal met redelik goeie rente. Dis vanoggend gedeponeer.”

Jo druk haar oë toe. “Jy kan nie ernstig wees nie.”

“Ek is ernstig.”

“Net die bonus is al genoeg om te betaal vir meer as ’n jaar by die sjefskool,” adem Jo amper sonder stem.

“Albei is tjekinbetalings, kom ons kyk maar eers of dit deurgaen. Jy behoort oor tien dae seker te wees of dit het.”

“Sal jy alles vir my kan saambring, asseblief? Die kontrak ook.” Jo sukkel om haar stem gelykmatig te hou. “Sue sê sy het my lessenaargoed by jou afgelaai.”

“Ek sal dit bring. Ons behoort so net ná tienuur by jou te wees as Sue haar verwerdig om betyds hier te wees.”

Jo groet en bêre haar foon in ’n dwaal.

“Goeie nuus?” Zach hou sy oë op die vrot pad. Hulle is byna by die kasarm.

“Ek weet nie. Die betalings ... As dit deurgaen. Zach, dis baie geld. En die vooruitsigte ...”

Zach bly stil tot hulle voor die kasarm stilhou. Dis ’n miernes van bedrywigheid.

“Jo, jy kan ons nie aan ’n lyntjie hou nie. Ek besef egter jy sal baie mooi hieroor moet gaan nadink, maar teen Maandag moet ek weet of ek my tyd hier mors of nie. Jy sal moet kies. Die restaurante of die kasarm. Jy kan nie al twee doen nie. Dit moet jy besef.” Hy wag nie vir ’n antwoord nie, klim net uit en stap met lang hale na Ieg wat hom met ’n wuif nader roep.

NEGE EN TWINTIG

Hoe kies sy?

Die kasarm, sê haar hart. Jy kan die kasarm oor drie jaar ook doen, sê haar verstand. Maar dan drop ek Nan-hulle en 'n hele klomp ander mense ook, protesteer haar hart.

Jy kan baie geld in daardie drie jaar maak, pleks van Nan se oudaggeld opgebruik, bly haar verstand hardegat.

Sy klim uit die Prado asof die aardbol op haar skouers rus. “Geld” is nie verniet 'n vierletterwoord nie. “Kies” ook nie. Die aardbol druk nog harder toe sy Quintin sien aangestap kom.

“En toe, niggie? Wat gaan alles hier by Casper se huis aan? Mensig, lyk my jy het êrens 'n jackpot geslaan. Dis mos baie geld wat jy hier aan die uitgee is?”

“Hallo, Quintin.” Sy stap aan voordeur toe.

Hy kom blykbaar nie agter dat hy die laaste persoon is vir wie sy nou lus het nie en val langs haar in. “En om te dink ek wou jou nogal 'n aanbod maak.”

Jo steek vas en draai na hom toe. “Watse aanbod?”

“Nee, die saak staan so, dinge is maar moeilik daar in Noordwes. En oom Eugène se dood het ons mense maar hard geslaan. Ja, ons magtige Afrikanerleier se vlam is heeltemal te vroeg geblus.” Hy sug sidderend.

“En toe ’n ou vriend van my sê hy soek iemand om sy snoekbote te operate, toe sê ek vir hom maar ek het mos ondervinding van snoektrek en so. Jare gelede op die Weskus gebly. Bote gewerk. En toe sê hy vir my die joppie is myne as ek dit wil hê. Toe sê ek vir hom maar ek het nie blyplek nie, toe sê hy maar hy sal vir my ’n plek huur as ek die bote doen. Skatryk, die man. Vir hom is die bote meer vir die aardigheid as iets anders. Toe sê ek vir hom maar my oupa het ’n huis hier. Ek sal dalk die plek kan huur. Nog vir hom gesê dis ’n bietjie bouvallig, maar dis net mooi op die regte plek so by die hawetjie en als.”

“Die plek huur?” Jo kyk hom ongelowig aan.

“So vir drie, vier jaar of so. Hy sal ’n jaar op ’n slag vooruitbetaal. Hy het natuurlik nog nie die plek gesien nie, dié dat hy bereid is om sestig duisend ’n jaar te betaal.”

Jo druk haar hand teen haar voorkop waar ’n hoofpyn begin klop het. “Wel, soos jy sien, knap ek nou die plek op. Ons wil hier kom bly.”

“Ek sien, maar as ek huur, kan jy dit net so laat staan. Ek het mos nie vrou nie. Ek sal heel lekker kan bly nes die plek nou is. Ek het min nodig. En ek sal ’n paar goed kan fieks ook.”

Twee weke gelede sou dit manna uit die hemel gewees het. Nou kan Jo nie die gedagte verduur dat Quintin, of enigiemand anders in die kasarm woon nie. “Quintin, die kasarm is nie beskikbaar nie. Hier is sekerlik baie ander plekke wat jy sal kan huur. Ek is jammer, maar jy moet my nou verskoon.”

“Nee, maar hier is juis nie huurplekke nie. Ek het al uitgevind, hot en haar gebel. Deur die jaar ja, maar vakansies moet jy uit. Die mense maak mos geld oor vakansies as hulle nie self kom afsaal nie. En die snoek steur hulle nie aan vakansies nie. As hulle loop, dan loop hulle. Maar jy hoef nie nou ’n antwoord te gee nie. Jy kan maar ’n bietjie dink. Miskien kan ons môreoggend verder gesels. As jy nou nie so besig is op die Saterdag nie.”

“My ma-hulle kom vir die naweek. Ek sal dus oor die naweek ook besig wees. Maar jy sal hulle darem kan ontmoet. Sue en my dogter kom ook.” Miskien kan hulle haar help besluit wat om van die man te maak. Hierdie storie van hom klink darem baie verdag. Veral juis nou.

“My wêreld, het jy ’n dogter?” Sy oë flits weg en dan weer na haar. “Dit sal darem alte gaaf wees om hulle te ontmoet. Hoe laat kom hulle?”

“So tienuur se kant.”

Hy skud sy kop asof hy slegte nuus gekry het. “Ag, hoe jammer is dit nou. Ek moet mos my vriend van die snoekbote gaan sien. Net mooi tienuur. Ek was hoeka bly om te sien jy is ook ’n vroeë opstaner. Ek het gedink ons kan gesels voor ek moet ry.”

“Toe maar, hulle bly tot Sondag.” Jo sien oor sy skouer hoe Gideon se kombi oor die laaste van die slaggate aangeskud kom. “Maar nou moet jy my regtig verskoon.”

Quintin loer om voor hy weer na haar kyk. “Nee, dis reg. As my vriend nou nie weer aan my lê om oor te bly nie, sal ek julle dan Sondag sien. Hy is mos vreeslik gasvry. En hy weet dit knyp ’n bietjie by my. Hy sal dalk dink dit sal my ’n geldjie spaar as ek nie oor die naweek ’n hutjie hoef te huur nie. Maar ons praat weer. Ek sien die dominee is hier. Oupa Casper mos ook probeer bekeer. Nou maar dag, dan gaan ek maar. Dis ’n hele entjie se stap na die hutjies toe.”

Jo groet, maar haar aandag is by Gideon wat uitklim. Hy buk by die kombi in en kom met ’n houtraam of ’n ding onder sy arm nadergestap.

“Dag, Jo!” groet hy met sy kenmerkende breë glimlag. Die kortmouhemp met blou en wit strepies is vars, sy sonbruin arms verrassend fris vir sy ouderdom. Hy het dieselfde mooi hande as sy seun al is dit al ietwat verrimpel en al verklap die ouderdomsvlekkies dat hy nie meer ’n jong man is nie. “Hoe lyk die kasdeurtjie vir jou?” Hy hou dit in die lug asof dit ’n skildery is.

Jo kan sien die vakmanskap is uitstekend, die skuinskante kunstig afgewerk en die gaas baie noukeurig oor die hoenderdraad gespan.

“Presies wat ek in gedagte gehad het. Al wat ek sou verander, is die wit verflagie. Ek sou dit wateriger wou maak sodat daar hier en daar meer hout deurskemer. En die houtraam kan dalk ’n bietjie ... e ... distress word? Ek kan nie nou aan die Afrikaans dink nie?”

Hy frons. “Jy bedoel iets soos beskadig?”

“So iets. Eintlik meer dat die oppervlak hier en daar versteur word. Nie so glad en perfek nie. Sodat dit oud en gebruik lyk. Maar nie te veel nie.”

Gideon bekijk die raam aandagtig. “H’m, ek dink ek verstaan wat jy bedoel.” Hy grinnik. “In my dae moes dinge so nuut en perfek as moontlik lyk. Maar ek kan jou deurtjie ‘oud’ maak. Ek sal kyk waarmee ek vorendag kan kom en weer vir jou kom wys.”

“Miskien kan jy ’n handvatseltjie by Ieg kry en dit monteer sodat ons

kan sien hoe die eindproduk gaan lyk?” Zach is reg. Dis dié soort goed wat maak dat sy hier moet wees. Elke dag.

“Ek maak so. Mag, maar dis lekker om weer ’n bietjie kreatief te wees. Ek besef nou eers hoe het ek my houtwerk gemis. Eintlik wou ek mos ’n skrynwerker word, maar met ’n pa en ’n oupa wat in die bediening was, was daar geen ander opsie as om ook vir predikant te gaan studeer nie. En dit was in elk geval ook ondenkbaar dat ’n Wienand-seun, boonop die enigste, nie universiteit toe sou gaan nie.” Hy kry ’n ver trek in sy oë. “Mens kan nie help om te wonder hoe jou lewe sou verloop het as jy ander keuses gemaak het nie. As ek my, soos Saul, nie laat intimideer het nie.”

“Is jy spyt?” vra Jo sag.

Gideon staar ’n ruk lank die niet in voor hy effens afwesig na haar kyk. “Spyt is dalk ’n sterk woord. Ek wonder maar net. Dis die ding van ouer word. Jy besef eensklaps dat daar nie meer veel tyd oor is vir daardie dinge wat jy nog altyd wou doen nie. Jou ‘eendag’, is hier en dit is nou. En jy kan nie help om te dink sekere keuses wat jy gemaak het, was nie so deurdag as wat jy toe gedink het nie.” Hy gee ’n verleë laggie. “Maar sal ek jou nou staan en opsaal met oumensdinge.”

“Jy’s nie oud nie, Gideon. Mense soos jy en Nan, dis nou my ma, raak nie oud nie. Dalk net ’n bietjie beleë.”

Sy oë is weer helder. “Jy is ’n liewe kind, Jo. Ek werk vir jou aan hierdie deurtjie, dan kyk ons weer.”

Jo kyk hom agterna terwyl hy na die kombi toe stap. Saul Wienand sal sy ou skoene kan agternagooi as hy op sy pa se ouderdom naastenby die man is wat Gideon is. En lyk soos hy lyk.

“Is hy nie ’n bietjie oud vir jou nie?”

Zach se glimlag terg toe sy omkyk. “Nee wat. Wat is twintig-plus jaar nou tussen vriende?” Sy is bly om te sien hy lyk nie meer so befoeterd soos netnou nie.

“Ek twyfel of Saul daarmee ingenome sal wees om jou ‘ma’ te noem,” lag hy en raak dan ernstiger. “Jammer ek was kortaf met jou. Ek weet dit gaan vir jou ’n baie moeilike besluit wees. My entoesiasme hardloop soms met my weg.”

“Dis ’n moeilike posisie waarin ek jou plaas, Zach. Ek is jammer. Dis net ... sjoe, die kasarm is ’n enorme risiko. Veral vir Nan. En die alternatief is baie aanloklik.”

Zach knik. “Wel, ek het Saul in die hande gekry. Ons kan hom vanaand gaan sien. So sesuur se kant. Miskien plaas dit dinge in beter perspektief en maak dit jou besluit makliker.”

Zach bestudeer die Gaudi-styl skets op die tekenbord aandagtig terwyl Saul ’n bottel wyn oopmaak. Jo kyk saam met Zach, sien die verfyning wat Saul intussen gedoen het. Voor haar geestesoog kry die kasarm drie dimensies, sien sy hoe dit sal lyk wanneer dit klaar is.

Dit was toe nie so moeilik as wat sy gedink het om Saul in die oë te kyk nie. Dis egter moeilik om te verwerk dat hy optree asof daar niks tussen hulle gebeur het nie. Hy is die saaklikheid vanself.

“Jo?” Sy draai om en neem die glas wat Saul na haar toe uithou.

Zach knik dankie toe hy ook sy glas kry en bepaal hom dadelik weer by die skets. Sy kan omtrent hoor hoe hy in sy gedagtes dinge teen mekaar opweeg en berekeninge maak.

Zach se glas is half toe hy begin vrae afvuur. Saul antwoord sonder huiwering of doekies omdraai. Die twee verstaan mekaar. Dis amper asof hulle in hulle eie kode praat. En daar is wedersydse respek al het hulle vriendskap dalk ’n knou weg.

“Oukei,” sê Zach toe Saul hulle glase ’n hele ruk later hervul. “Kom ons laat Gaudi voorlopig daar. Waar staan ons met mekaar, Saul?”

“Voor ons Gaudi daar laat, wat dink jy van die konsep? Vir Maanshijnbaai?” Die uitdrukking op sy gesig verrai dat die antwoord vir Saul belangrik is.

“Dis stunning. En perfek vir Maanshijnbaai. Jy het jouself oortref.”

Saul se gesig ontspan merkbaar.

“Maar,” vervolg Zach, “dis ’n ramp vir ’n haalbare begroting. Jo-hulle sal ook sukkel om dit teen ’n wins te verkoop en dit sal boonop ’n baie moeilike plek wees om te verkoop.”

Verkoop. Die woord slaan haar ’n bylhou tussen die oë. Natuurlik is dit wat agter die hele projek lê, maar ineens kan Jo haar nie indink dat sy van die kasarm sal moet ontslae raak as dit eers lyk soos Saul se voorstelling nie. Gelukkig hoef sy haar eers oor drie jaar daaroor te bekommer.

“Dit besef ek terdeë. En Jo-hulle het ook so gou moontlik woonplek nodig. Maar daarvoor het ek ’n oplossing. Al sal sy weliswaar nie binne ’n paar weke kan intrek nie, kan die strukturele veranderings met ’n bietjie

geluk en baie fyn beplanning binne ongeveer twee maande afgehandel word. En ek het 'n span wat dit kan doen terwyl jou span kan voortgaan met die res. Met dubbelspanne voorsien ek dat Jo-hulle teen middel Desember kan intrek. Die bouers sluit in elk geval die vyftiende. Maar dan moet ons onmiddellik begin en sover moontlik alles vaartbelyn maak.”

Zach kantel sy kop. “Moet ek aflei dat jy wil saamwerk?”

Saul tik-tik met sy glas teen sy onderlip. “As ons met die Gaudi-styl voortgaan, is ek honderd persent in.”

“En indien nie?” Zach hou Saul se oë.

Saul skud sy kop.

“Wat van die herontwerp van die badkamers?”

Saul stap na die hoekkas. Hy haal 'n rolletjie uit wat met blou lint bymekaargebind is en gee dit vir Jo. “Jou badkamers. Herontwerp.”

Jo neem die rol en kyk op na Saul. Sy kry nie 'n woord uit nie.

Hy glimlag skeef. “Moenie te gou bly word nie, jy sal my faktuur kry.”

Met oorhaastige vingers stoot sy die lint af en rol die planne oop. Saul help haar om dit op die kleiner tekenbord te span. Zach kom staan langs haar.

“Terwyl ek in elk geval besig was, het ek al vier gedoen. Die twee in die hoofhuis is net so beknop en onprakties. Julle boet 'n bietjie slaapkamerruimte in, en dit gaan breek en bouwerk verg, maar ek dink dis die moeite werd.”

“Dis ideaal,” sug Jo behaaglik. “En elkeen het boonop 'n bad benewens 'n stort. Veral Sue sal in die sewende hemel wees.”

“Hierdie hoekbaddens neem eintlik min ruimte op.” Saul lyk effens verleë.

“Baie slim gedoen,” knik Zach ook uiteindelik. “Dit gaan 'n bietjie duurder uitwerk en langer neem, maar jy's reg. Dis die moeite werd. En ons hoef nie steen te gebruik vir die binnemure nie. Dry walls bedek met tong-en-groefhout kan werk omdat die storte teen bestaande mure kom.”

Jo draai na Saul toe. “Dankie, Saul. Baie dankie.”

Hy glimlag. “Riekie kan die panele om die baddens dalk ook met trencadis versier. Net die rande dalk.”

“Dit gaan so mooi wees,” sug Jo.

“As jy voortgaan, Jo,” sê Zach halfvraend.

Saul se frons gaan sit soos 'n skuifspeld tussen sy wenkbroue. “Hoe

bedoel jy?”

“’n Projek waarby Jo betrokke was, het weer momentum gekry nadat dit tydelik gestaak was,” antwoord Zach toe Jo nie dadelik praat nie. “As sy dit hervat, sal sy nie met die kasarm kan voortgaan nie.”

Saul se gesig verdonker. “Maar dan mors ons mos ons tyd.”

“Dit was my eerste reaksie ook, maar Jo moet na haar sak kyk. Ek het gevra dat sy teen Maandag vir ons uitsluitel gee.”

Jo druk die koel glas teen haar warm wang en haal diep asem. “Voor ek kan besluit, moet ek weet hoe moontlik die Gaudi-weergawe van die kasarm is.”

“Dis moontlik. As jy ongeveer drie miljoen het om te spandeer. En dis redelik konserwatief bereken.” Saul lig sy hande in ’n effens magtelose gebaar. “Ek reken dis waar die kruks van die saak lê.”

Jo kyk mismoenig in haar wyn af en skud haar kop. “Dis buite die kwessie.”

“Maar ’n mens het nie alles gelyktydig nodig nie,” mymer Zach.

“Hoeveel vir die aanvanklike strukturele veranderings voor ons by die ander goed kom?”

“Om en by ’n half- tot ’n driekwartmiljoen. Dan sal die huis net-net bewoonbaar wees met nog baie ander werk oor wat so gou moontlik sal moet voortgaan.”

Zach druk sy hande in sy sakke en loop op die balkon uit.

Jo kyk op na Saul en skud haar kop vir die soveelste keer. “Dit gaan nie werk nie.”

“Dis riskante tye en ’n waaghalsige konsep, maar dit kan werk. Verlies is glad nie uitgesluit nie, maar as dit my eiendom was, sou ek dit gewaag het.”

“As dit jou eiendom was, Saul, was die kasarm al gesloop en het jy met uitgrawings vir jou boetiekhotel begin.” Haar stem is hees. Emosies knoop en draai in haar. Hebsug is maar een daarvan, maar dis ’n ontstellende soort hebsug. Sy wil die kasarm hê en sy wil dit hê soos dit daar op Saul se tekenbord vergestalt is. Sy wil dit hê met ’n amper fanatiese passie.

“Dit was toe. Dis anders nou.”

“Dit help nie jy het van siening verander nie. Dis nog steeds onmoontlik,” sê sy vir die soveelste maal asof sy haar net nie daarvan oortuig kan kry nie.

“Tensy jy bereid is om na vennote te kyk.” Zach kom weer ingestap.

“En wie sal wil groot geld pomp in ’n plek wat realisties gesproke ’n verlies is wat wag om te gebeur?”

“Vennote wat nie op winsbejag uit is nie, Jo. Wat dit doen vir die saak. Ter wille van Maanschiynbaai en hoe die kasarm gaan lyk wanneer dit klaar is. Mense soos ek, en dalk Saul?” Hy lig sy wenkbroue vir Saul. “Twee vennote wat elkeen ’n miljoen bewillig en dienste en kundigheid gratis ingooi, elkeen vir ’n kwart aandeel in die wins. Jy sal helfte kry omdat die grond joune is.”

“Of ’n kwart aandeel van die verlies,” grom Saul.

Zach knik. “Dis ’n gamble.” Hy draai na Jo. “Is dit iets wat jy sou oorweeg?”

“Ek sal met Nan-hulle moet praat en daar is Abalone’s.” Jo raak skoon verbouereerd. “Maar julle sal mos nie ...?”

“Ek is bereid om die kans te waag op voorwaardes wat ons kan bespreek.” So behulpsaam as wat hy is, dink Zach soos ’n sakeman wanneer dit by geld kom. En dis logies, maar Jo voel skielik benoud, asof ’n net om haar vastrek. “En jy Saul?”

Saul gaan staan voor die skets, knyp sy onderlip tussen duim en voorvinger vas. Dit voel asof hy ’n ewigheid so staan voor hy opkyk. “Ek sal moet somme maak, maar ek reken ek kan sê daar is ’n sewentig persent kans dat ek dit sal kan maak.”

“Maar waar de hel kry ek die ander miljoen?” roep Jo skiller uit as wat sy wou.

“Dit, Jo, is die Calitz-kontingent se probleem.” Zach versag die woorde met ’n glimlag. “Maar as ek reg verstaan, sluit Saul se driemiljoenprojeksie die werk in waarmee ons in elk geval tans besig is.”

Saul knik. “As ons almal ons dienste en kundigheid gratis ingooi, maak dit ook ’n verskil.”

Duiseligheid trek deur Jo. Dit gaan te vinnig. Alles verander voortdurend. En sy is die een wat die besluite moet neem. Sy is nie uitgeknipt hiervoor nie. Nie gereed nie. Nie sterk genoeg of naastenby slim genoeg nie. “Ek sal met Nan-hulle praat,” sê sy floutjies.

“Maandag, Jo,” herhaal Zach, “sal ons moet weet.”

Jo knik.

“Is jy oukei, Jo? Jy lyk bleek?” vra Saul.

“Piekfyn,” antwoord sy, maar sy weet nie of sy ooit weer piekfyn gaan wees nie.

DERTIG

Saterdag 2 Oktober

Jo het pas agtergekom sy sal die dag voorlopig sonder koffie moet aandurf toe sy 'n tikgeluid teen die venster hoor.

Sy slaak 'n sug van verligting toe sy Quintin met die nodige in sy hande sien staan, alhoewel hy waaragtig nie die eerste persoon is wat sy ná 'n nagmerrie van 'n rondrolnag wil sien nie.

Sy maak die agterdeur oop. "Môre, Quintin. Baie dankie. Ek het nou net gewonder of jy al op is."

"Nee, ek dag toe ons kan dalk 'n koppietjie saam drink voor ek moet pad vat. Jy is seker nie so op die Saterdag so haastig nie en dis darem nou eers net ná sewe."

"Kom in," nooi sy met gemengde gevoelens. "Kom sit." Sy beduie na die kroegstoeltjies by die toonbank wat sommer as eetplek ook dien.

"Hoe het dit gekom dat jy en Casper by mekaar uitgekom het?" probeer sy so terloops as moontlik vra.

"Ag, jong, ná my ma se dood het ek so 'n verlange na familie gekry. Ek het mos maande daarna eers van haar afsterwe gehoor. Ek was hoeka op die Weskus. Ek het nie eens geweet sy was siek nie, laat staan terminaal. Jy sien, ons het nie alte goed oor die weg gekom nie. Veral haar laaste man was maar 'n vark, hoor. Die laaste keer wat ek haar gesien het, was toe die

vent my uit die huis gejaag het en sy nie 'n hand gelig het om hom te keer nie. Maar toe sy nou dood is ... Mens dink dan mos anders.” Hy vee oor sy gesig.

Is hy werklik aangedaan? Jo betig haar heimlik oor haar agterdog. 'n Mens se ma bly jou ma.

“Ewenwel,” vervolg Quintin, “niemand het meer die nommer gehad wat julle glo gelaat het nie, maar die een poliesman het gesê hy onthou iets van die Kaap. Toe begin ek Calitze bel. Gedink as ek eers een kry wat familie is, sal ek die ander se adresse ook kan kry. En daar kom ek toe by oupa Casper uit. Haai, hy was so bewoë. My dadelik genooi om te kom kennis maak.

“So 'n maand later kon ek die geldjies bymekaargeskraap kry en ek ry toe af hierheen. Hy het my vertel hy het 'n paar jaar ná hy en ouma Hannelie geskei is, probeer hoor wat van sy dogters geword het, maar sy wou niks weet van sê nie. Daarna het hy elke paar jaar weer probeer, maar sy het haar hart behoorlik verhard. Ek was die eerste van die familie wat met hom kontak gemaak het. Hy het nie eens van my bestaan geweet nie. So aangedaan as wat die ou man was!”

“Hoe lank gelede was dit?” vra Jo en sit sy beker en die verromer en suiker voor hom neer.

“Jy't nie dalk regte melk nie? Ons plaasmense ag mos nie die poeier en goed nie.”

“Jammer, dis al wat ek het.”

Hy kry 'n trek op sy gesig terwyl hy drie lepels verromer inskep en daarna vier lepels suiker. Eers toe hy begin roer, hervat hy. “Dit was so 'n bietjie meer as drie jaar gelede. Omdat dit so ver is, kon ek nie gereeld kom nie, maar ná sy hartaanval het ek 'n paar weke hier by hom gebly.” Hy skud sy kop en blaas aan sy koffie. “Glo my, hy was maar 'n moeilike man. Siek ofte not.” Hy proe versigtig aan die koffie en ruk weg. “Sjoe, maar dis warm.

“Ewenwel, daarna het ek hom nog so 'n paar keer kom opsoek. Toe breek hy mos die heup en nie twee maande later nie is hy weg. Ek het gedink ek sal seker nooit weer hier kom nie. Tot my vriend nou bel oor die snoekbote en ek toe dadelik aan oupa Casper se huis gedink het. Ek het die prokureur gebel wat oupa Casper se boedel gedoen het om te hoor wat van die plek geword het en daar hoor ek toe my niggie het die plek geërf. En

dis hoekom ek toe weer hierheen gekom het. Maar lyk my verniet.”

“Ek is jammer, Quintin. Ek en Nan en my dogter en tante het die verblyf nodig tot ons kan verkoop. En dit is eers oor drie jaar danksy ’n stipulasie in die testament.” Iets anders val haar by. “Maar hoe dink jy het Casper van ons geweet? Nie net van Nan en Sue nie, maar van my en my dogter ook?”

“Nee, hoe sal ek dan nou weet? Die prokureur het julle seker opgespoor. Of dalk het oupa Casper nadat ek hom opgespoor gekry het ’n privaat speurder of ’n ding gekry toe hy nou eers weet julle is êrens in die Wes-Kaap.” Hy staan op, gooi van die koffie uit en vul dit met koue water. Hy roer weer en drink die beker in ’n paar slukke leeg. “Jy is dan nou seker jy wil nie verhuur nie? Dis darem ’n handige inkomstetjie?”

Dit sou inderdaad wees. As sy die kasarm se restourasie op die ys gaan sit en met Abalone’s aangaan, sal dit ’n heerlike meevallertjie wees. En dit sal soveel beter wees as die plek bewoon word eerder as leegstaan. Sy wik en weeg ’n oomblik. “Die kans is baie skraal Quintin, maar ek sal teen Maandag finaal weet. As jy my jou nommer gee, kan ek jou bel en sê.”

“Ag, dit sal gaaf wees. Maar gee my liever jou nommer, dan is dit darem vir my rekening.”

“Ek gee nie om nie, Quintin. Een oproep na my neef toe sal nie die bank breek nie.” Sy wil nie ’n geleentheid vir hom skep om aanhoudend te bel en haar te probeer oorreed nie.

“Nee, dis jy wat vir my die guns doen.” Hy sit gereed met sy selfoon en wag, ’n dik wysvinger reg om in te tik.

Jo gee haar nommer met ’n heimlike sug. Sy hoop nie sy pluk nou vir haar ’n lat vir haar eie bas nie.

“So ja,” glimlag hy toe hy klaar is. “En nou moet ek in die pad val. As ek nie teen Maandag terug is nie, sal ek in elk geval van my laat hoor.”

Jo draai net betyds haar wang toe hy met mening na haar toe aangeloop kom en haar ’n klapsoen gee. “Tot siens, my ou niggie, en groete vir jou ma-hulle. Hopelik ontmoet ek hulle ook binnekort. Bloed is darem dikker as water, nè.”

Meesal, dink Jo toe sy hom agternakyk. Maar soms nie.

Hy wil haar hê. Saul kan dit nie verstaan nie. Vir die eerste keer in sy volwasse lewe is hy ’n vry man wat, al is dit ’n bietjie laterig in sy lewe, ’n

uitgestelde jeug kan geniet. Hy weet hy is nie onaantreklik nie. Hy weet as hy net 'n bietjie moeite doen, kan hy pret met vroumense hê. Met 'n verskeidenheid van hulle, as hy regtig wil. En hoekom het hy nog nie die moeite gedoen nie? Want hy wil vir Jo Calitz hê. En niemand anders nie. Nie Angelina Jolie nie, nie Jennifer Lopez nie, nie hulle klone nie, nie enige ander vrou nie. Net vir Jo.

Hy wil uitvind van watter soort blomme sy hou, wat haar kosvoorkeure is, wat haar gunstelingparfuum en -leesstof is. Hy wil meer weet van haar musieksmaak. En haar opinies hoor oor wat ook al.

Hy wil daarby weet watse onderklere sy versteek. Hy wil haar ook help om uit daardie einste onderklere te kom. Hy wil haar erotiese sones een vir een ontdek. Ná die tyd met haar in sy arms aan die slaap raak. Maar hy wil ook weet hoe dit is om saam met haar wakker te word.

Dit, Saul Wienand, spreek hy homself amper paniekerig aan, is nie wat mens van een vrou wil weet as jy van plan is om net 'n paar keer saam met haar in die hooi rond te rol nie.

En asof dit nie skrikwekkend genoeg is nie, wil hy haar help. Haar beskerm. Die lewe vir haar makliker maak. Haar versorg. Hy wil haar oë laat skitter.

Dis hoekom hy sy ander werk afgeskeep en met die bliksemse kasarm bly foeter het. Dis hoekom hy die kreatiewe paradigmaskuif kon maak in die herontwerp van die kasarm. Dis hoekom hy al van vroegdag af sit om te kyk hoe hy dit kan regverdig om sy egskeidinggeknoude finansies nog verder te knou. Met 'n hele donnerse miljoen rand.

Ja, hy wil sy sketse en die prentjie in sy kop sien werklikheid word. Ja, hy wil daardie liederlike bouval in iets buitengewoons omskep. Iets wat mense na hulle asem laat snak – of dit nou uit bewondering is of nie. Ja, hy wil sy naam as argitek daaraan koppel. Ja, hy wil dit alles om egoïstiese redes doen.

Maar hy wil dit veral vir Jo doen. Ongeag die risiko – op sowel finansiële as emosionele vlak.

Saul laat sak sy kop in sy hande. Skaars out of the frying pan en nou wil hy al klaar in die vuur spring.

Jeannie is eerste uit die motor, maar Jo moet twee keer kyk voor sy haar dogter herken. In die afgelope jaar het sy Jeannie nog nooit in jeans gesien

nie, laat staan goed passende jeans. En stigtelik is haar driekwartmou T-hemp met 'n onbeskroomde V-hals ook nie juis nie. Daarvoor pas dit heeltemal te goed.

Haar hare wip los en vroulik om die fyn gesiggie toe sy nader hardloop en haar arms om Jo gooi.

“Wat lyk jy soos 'n haas wat in kopligte gekyk het?” vra sy vrolik.

Jo hou haar 'n entjie van haar af weg en skud haar kop steeds sprakeloos. Grimering. Min, maar daar. En 'n sweempie sagte parfuum.

“Dink jy nie jy moet jou eers voorstel voor jy 'n vreemde vrou om die hals val nie, Juffrou?” kry Jo uiteindelik haar stem terug.

“Verras?” vra Jeannie met 'n breë glimlag.

“Baie aangenaam verras.”

“Great. Sue het my onder hande geneem.”

“Was 'n moerse effort om fairy godmother te probeer speel vir 'n vaal klein koeksuster, maar ek het my bes probeer,” laat hoor Sue en soen Jo op die wang. “Hallo, Repelsteeltjie.” Sy draai weg en steek dadelik 'n sigaret aan.

“Jy moet help uitpak, Sue!” roep Nan.

“Ek sal, maar ek prioritiseer eers.”

Jo stap met haar arm om Jeannie se lyf na Nan toe. “Word ek darem deur my ma gegroet?”

“Natuurlik. As die ander twee met jou klaar is.” Nan soen haar op albei wange en gee haar 'n drukkie. “Jy lyk goed, Jo. Ek het verwag jy gaan morsdood gewerk wees.”

“Moeg wys nie as mens die werk so geniet nie. Los eers die uitpakkery, ek het vir ons sangria gemaak. Om julle te verwelkom.”

“'n Vrou na my hart,” verklaar Sue en lig haar sigaret. “Jy sal maar vir my moet aandra.”

“Dis elfuur in die oggend, Jo?” laat hoor Nan.

“Het jy gewone lemoensap?” vra Jeannie.

“Ek het lemoensap, Jeannie. Nan, daar is skaars 'n halwe bottel Tassies in. Die chalet is non-smoking, Sue, maar ons kan op die stoep sit.”

Tuis. Al staan sy op die yl grasperkie voor 'n vakansiechalet, is sy weer tuis. Omdat haar mense by haar is. Elkeen met hulle eie dinge. Dinge wat sy so goed ken. Behalwe haar dogter se gedaanteverwisseling. Iets waarvoor sy nie eens die eer kan inoes nie.

Die sangria is lankal iets van die verlede, Jeannie se souttert en slaai ook, voor Nan-hulle op datum gebring is met die heel nodigste kasarmnuus. Die deel van die Gaudi-sketse en alles wat daarmee saamgaan, veral die miljoen rand, het Jo voorlopig weggelaat.

“Nou toe, wat het julle om te vertel?” vra Jo. “Ek doen omtrent al die praatwerk.”

Terwyl sy die badkamerplanne weer oprol, onderskep sy ’n kyk tussen Nan en Jeannie en sien hoe Jeannie haar kop effens skud. Daar is definitief iets aan die kook, maar tyd sal sekerlik leer.

“Hoe lank moet mens wag voor mens kan sien wat alles by die kasarm gebeur het?” vra Jeannie effens vroliker as wat eg kan wees.

“Dis nog deurmekaarder as voorheen daar, maar ons kan nou gaan kyk as julle wil. Jeannie, jy sal in elk geval daardie boeke van die rakke af in bokse moet kry as jy ’n nuwe badkamer en jou plek geverf wil hê.”

Jeannie spring op. “Nou vir wat sit ons dan nog hier en klets? Het jy bokse?”

Jo knik. “Zach het vir jou gebring.”

“Is daar iets wat dié Zach nié doen nie?” brom Sue terwyl sy regop kom.

“Hoe bedoel jy?” vra Jo onskuldig.

“Nee, dis al wat mens hoor. Zach het dit gesê. Zach het dat gedoen. Zach reken sus. Zach reken so. Zach het vir Saul ...” Sue gooi haar hande in die lug. “Get my point?”

“Dis dalk al wat jý gehoor het, Sue,” glimlag Nan skewerig en staan ook op. “Al wat ek gehoor het, is Saul het sulke wonderlike planne opgetrek en Saul se herontwerp van die badkamers is so slim en Saul het die kasarm gered anders het dit afgebrand en Saul ...”

“Julle is laf. Ons werk net almal baie hard saam. Ons het baie probleme gehad om op te los en het steeds en sal dit vir die afsienbare toekoms hê. En Nan, jy moes tog self op die planne kon gesien het hoe slim die nuwe badkamers se ontwerp is. Buitendien, ek het julle van Gideon en Riekie en Ieg en almal ook vertel.”

“Maar nie van ons nuwe familielid nie,” merk Jeannie op.

“Daar was nog nie tyd nie en daar is nie veel om van Quintin te vertel nie. Die grootste verrassing, dis nou benewens die feit dat hy sy verskyning hier gemaak het, was dat hy die kasarm wil huur.”

“Kom ons ry, jy kan ons in die kar vertel, anders kom ons nooit daar uit nie,” maak Nan korte mette.

Teen die tyd dat hulle by die kasarm kom, is Nan-hulle op datum met Quintin asook die gesprek met Con. Sue is vir ’n verandering verstommend stil.

“Nan, ek moet ernstig met jou gesels oor ’n verskeidenheid goed. Ek moet vir Zach en Saul Maandag sê of ek aangaan met die kasarm of Abalone’s gaan doen,” sê Jo voor hulle uitklim.

Nan knik. “Daar is klomp goed in jou Abalone’s-kontrak wat my hinder.”

“Ons kan vanaand gesels,” stel Jo voor.

Nan skud haar kop. “Vanaand moet jy en Jeannie gesels. Môre is nog ’n dag.” Daarmee klim sy uit en stap doelgerig na die voordeur.

Jo knik en wonder hoekom Jeannie haar oë vermy.

“Hygend hert,” roep Sue uit toe sy die kombuis sien.

“Ek weet dit lyk nou sleg ná die brand en met die oopgekapte pype en die elektriese kables en dinge, maar jy moet die kasdeurtjies sien wat Gideon vir my maak. Hy het gesê hy sal vir my die voltooië produk kom wys. Hopelik kom hy môre ná kerk.”

“’n Man wat nog kerk toe gaan? Behoede my,” mompel Sue.

“Behoede jou, ja. Sue. Hy is nie net ’n kerkganger nie, hy’s ’n predikant.”

Sue dop haar oë om.

“En hy’s great. Kom ek gaan wys julle wat in Nan se vleuel aan die gang is.”

“Ek gaan solank boontoe. Ek het boeke om in te pak,” kondig Jeannie aan en wip teen die trap op.

Jo is verras om te sien die badkamermuur in die bergkantvleuel is reeds afgebreek. Dit moes vanoggend gebeur het. Ook hier is pype uit die mure gekap en hang kables. ’n Baksteen of iets moes die toiletbak getref het, want dis aan flenters.

Sy draai om na Nan en sien nou eers die verwilderde uitdrukking op haar ma se gesig, haar hand geskok om haar mond gevou.

“Nan, dis oukei. Dit lyk erger as wat dit is.”

“Fok my,” laat Sue hoor, draai om en stap weg. “Ek gaan eerder vir Jeannie help,” gooi sy oor haar skouer.

“Jo, ons is veronderstel om die plek op te knap, nie af te breek nie?”

“Ons restoureer, Nan. Die waterpype was geroes, ons moet dit vervang en die elektrisiën ...”

“Ek is nie dof nie, Jo, ek verstaan, maar ek het geen idee gehad dit gaan só lyk nie?”

“Oor drie maande sal jy hierdie plek nie ken nie.” As sy êrens ’n miljoen rand vandaan kan tower. As sy nie met Abalone’s aangaan nie. As.

“Drie maande?” Nan skud haar kop. “Dis te laat, Jo. Ek het my huis verkoop. Sommer skielik ’n oukeierige aanbod gekry en die mense trek 1 Desember in.”

“Jou huis verkoop?” Jo sluk. Sy kry skaam toe sy dadelik wonder vir hoeveel. Of dit nie dalk die miljoen haalbaar maak nie. “Oukei, oor twee maande sal jy die plek nie ken nie.”

“Dis nou as jy nie Abalone’s gaan doen nie,” brom Nan.

Ek wil nie, wil sy vir Nan sê. Ek wil ’n mal perd opsaal. Jo sluk nog ’n maal. “Nan, moet nou nie skrik nie, maar hoe lyk jou geldsake vir ’n miljoenrandlening?”

Nan se oë rek en haar mond sak oop voor sy begin lag. “Is dit jou manier om my oor die ergste skok te kry?”

Jo skud haar kop. Is sy van haar verstand af? Hoe kan sy sommer net die bom so laat bars? Sy het heelnag lê en dink hoe om Nan te benader, hoe om haar geleidelik voor te berei op die omvang van die keuse wat Jo moet maak. Abalone’s, ’n lelike huis met erkers of die jackpot. Gaudi. Buitendien waar de hel sal Nan ’n miljoen vandaan kry?

“Jy bedoel jy gaan nie nou vir my sê ag ek speel sommer, ek bedoel eintlik twee, dalk drie honderd duisend rand nie?”

“Nee, Nan. Ek bedoel ’n miljoen rand. Minimum.” Noudat sy een kat so voortydig uit die sak gelaat het, kan sy net so wel die res van die werpsel ook hulle vryheid gun. “En dis net ’n derde. Zach is bereid om nog ’n miljoen in te sit en Saul oorweeg dieselfde.”

“’n Derde! Is dit iets in die water hier, Jo? Want julle is sekerlik al drie gek. Drie miljoen? Om wat mee te maak?”

“’n Landmerk.” Hoe stompsinnig klink dit nie as mens moet verduidelik wat jy self nie verstaan nie. “’n Unieke landmerk in die gees van Maanshijnbaai.”

“Jo, dis baie duidelik dat die ‘gees’ van Maanshijnbaai jou beetgepak

het. Dit het ook ongetwyfeld elke breinsel in jou kop verorber. Was dit volmaan toe julle dit besluit het? Het jy wolwe hoor huil? Wil jy vir my sê ...”

“Genoeg, Nan. Ek hoor wat jy sê. Gee my net ’n kans.” Jo hou haar hand op toe Nan verder wil uitpak en haal haar selfoon uit haar boudsak. Dit lui net een keer voor Saul dit antwoord.

“Jammer om te pla, Saul, maar kan ek dalk vir Nan die Gaudi-sketse kom wys?”

“Sekerlik, maar moet ek dit nie eerder na julle toe bring nie? Dan kan ons in situ verduidelik. Ek sien julle is reeds hier onder.”

“Dit sal baie gaaf wees.”

“Ek bring dit sommer nou. Is sy kwaai?”

Jo grinnik. “Baie. Sy dink ’n weerwolf het ons beetgekry.”

EEN EN DERTIG

Daar is iets poëties aan die manier waarop hy verduidelik, met sy mooi hande en sterk arms beduie. Sy hele lyf werk saam en sy gesig weerspieël elke nuanse van sy emosie en entoesiasme. Saul probeer nie direk oortuig nie, maar die gedagteprentjies wat hy skep, is so visueel, dis amper tasbaar.

Jo vryf oor haar arms. Dis koel hier buite voor die kasarm, maar dis nie wat haar hoendervleis gee nie. Dié is te wyte aan die beeld wat sy nou nog beter kan oproep.

Toe Saul stilbly, skud Nan vir die soveelste keer haar kop. “Dis nou alles goed en wel, Saul, maar dit gaan niks help as hier ’n wonderbaarlike stuk argitektuur staan terwyl ek en Jo-hulle nie aan die lewe kan bly nie. En dan is daar nog die risiko dat ons nooit die plek verkoop sal kry nie.” Sy draai na Jo. “Ek is jammer, Jo. Dis net te riskant. En ek weet nie eens of dit vir my mooi is nie. Dis so ... over the top.”

Jo laat sak haar kop. “Ek verstaan, Nan. Dit is uiteindelik jou geld en jou oudag wat op die spel is. Ek weet nie wat ek gedink het nie.”

Vir ’n oomblik is net die geluid van see teen rots hoorbaar. Êrens protesteer ’n swarttobie, waarskynlik omdat sy kos deur ’n meeu afgeneem is. Jo weet presies hoe die tobie voel. Die verskil is net hy kan nog ’n mossel êrens kry.

Uiteindelik kyk Jo op. Daar is simpatie in Saul se oë. En iets anders, maar sy kan nie peil wat nie. Onthou hy dalk ook hoe hulle lywe amper met hulle weggehardloop het? Jo kyk vinnig weg. “Dan hoef ons nie tot Maandag te wag nie. Ek sal Zach laat weet,” sê sy uiteindelik.

Saul knik en rol die planne op. “Nan, vir wat dit werd is, ek verstaan ook. Dit is ’n gekkedroom en miskien is dit goed dat jy nie ook so gek soos die drie van ons is nie.” Hy sit sy hand vertroostend op Jo se skouer. “Miskien oor drie jaar?”

“Ag nee, magtig. Julle laat my nou soos die nare heks in die verhaal voel!” roep Nan uit. “Is daar nie ander, meer haalbare opsies nie? Hoekom kan ons nie net hou by die oorspronklike plan nie; die een met die erkers?”

Jo skud haar kop. “As die Abalone-ding nie gebeur het nie, sou ek dit nog oorweeg het, maar nou het ek die opsie. Ek is jammer jy het jou huis reeds verkoop, maar miskien kan jy elders iets koop? Of eers iets huur tot jy besluit het wat jy graag wil doen? Jy is darem verlig van die las wat die kasarm op jou sou geplaas het. Jou opsies is nou legio.”

“Maar julle kan nie die plek los soos dit is nie?” Nan klink ontsteld.

“Dis oukei, Nan. Ek sal die elektrisiën en loodgieter vra om klaar te maak wat hulle begin het. En ek sal almal betaal vir die werk en moeite wat reeds hier ingegaan het. Die Abalone-geld sal genoeg wees daarvoor en ek sal ’n plek in die stad kan huur en gerieflik kan oorleef tot die volgende uitbetaling kom. En dit kom nou goed te pas dat Quintin die kasarm wil huur. As hy bereid is om in te trek nadat die ergste herstelwerk gedoen is, is dit darem ook ’n lekker meevaller. Die huur word vooruitbetaal, dus is ek eintlik in die pound seats. Jy’s reg, ek was ’n bietjie meegesleur. Ek was heeltemal onrealisties.” Jo bedoel wat sy sê, maar ’n klip het lêplek op haar gemoed gekry.

“Dink maar eers mooi, Jo, voor jy ons jou finale antwoord gee.” Saul se oë versag. “Ek sal weer gaan kyk wat ek met daardie erkers kan uitrig. Net ingeval. Tot siens, Nan. Sien jou, Jo.”

Jo kyk hom met ’n mengsel van verslaentheid en waardering agterna terwyl hy na sy huis toe koers kry.

“Wie is daai sexy ou?” vra Jeannie skielik agter haar.

“Die argitek. Saul Wienand,” antwoord Jo meganies.

“H’m. Die Saul-man wat so wonderlik is. So slim. So kunstig. Soos die koning van die Israeliete. Staan kop en skouers uit bo die menigte.”

Jeannie rol haar oë.

Sue sluit haar ook by hulle aan. “Verbeel ek my of was dit die man van Wine o’Clock?”

Jo knik en vermy Sue se oë.

“Whatever. Ek gaan ’n spin met die Cadillac vang. Kom jy saam, Jeannie?” Sue gooi die sleutels in die lug en vang dit behendig.

Jo is verras toe Jeannie haar kop skud. “Ek wil die boeke klaar inpak. Miskien môre?”

Sue haal haar skouers op en waai met klingelende sleutels.

“Sue!” roep Jeannie haar terug. “Wat weet jy van unicorns?”

“Daar is een aan my sleutelhouer en dis ’n vieslike pienk. O, en dit lyk soos ’n glorified bokkapater met ’n horing.” Sy gee ’n onnutsige glimlaggie wat nie heeltemal eg lyk nie.

“Moenie so baar wees nie. Het jy geweet die unicorn is ’n simbool van reinheid en kan net deur ’n maagd gevang word?”

“En hoe vang sy hom nogal?” speel Sue vir ’n wonder saam.

“Hy kom lê met sy kop op haar skoot, sy soog hom en kan hom dan na die koning toe lei.” Jeannie ontwikkel ’n kleurtjie op haar wange. “Dis natuurlik die Middeleeuse weergawe.”

“Aspoestertjie, as ek jy is, sal ek liever nie te diep in daardie soort baie seksuele simboliek delwe nie, maar as alle unicorns manlik is, is dit g’n wonder die goed het uitgesterf nie. Tensy ...” Sy lag. “Nee, wag, let’s not go there.”

“Let’s not.” Jeannie se wange hoogrooi. “Maar hoekom dink jy het Casper vir jou ’n unicorn aan die Cadillac se sleutels gesit?”

“Wie sê dit was vir my? Wie sê dit was nie maar net sy ou sleutelhouer nie?”

“Ek kan my nie indink dat ’n ou man só ’n sleutelhouer sou hê nie. Buitendien, dis splinternuut.”

Sue kyk af na die sleutels in haar hand. “Jou wrintiewaar,” is al wat sy sê voor sy weer wegdraai.

Dié keer roep Jeannie haar nie terug nie. “Dis ook die simbool van opregte liefde en huwelikstrou,” prewel sy al weet sy Sue kan haar nie hoor nie.

“Wel, hy het dit gewis vir die verkeerde Calitz gegee,” verklaar Nan onomwonde.

Hulle hou Sue dop terwyl sy die skuur oopsluit.

Oomblikke later brom die Cadillac. Sue jaag die toere 'n paar keer op en tru met veel meer behendigheid as die vorige keer. Sy vereer hulle met 'n koningin Elizabeth-wuif toe sy verbyry, haar hare 'n goue wimpeltjie in die wind.

“Jeannie, gaan pak jy 'n rukkie verder en sluit die deur van binne af. Ek en Jo gaan stap.” Nan se gesig is op 'n ernstige plooi getrek.

Jeannie kyk hulle effens wantrouig aan en haal haar skouers op. “Kan julle seker nie forseer om my te help nie.”

Die koel bries terg slierte uit Nan se vlegsels los. Sy kom dit klaarblyklik nie agter nie. “Ek weet ek het gesê ons moet môre praat, maar nou is net so goed,” sê sy eers toe hulle 'n ent weg is. “Veral noudat ek van julle Gaudi-waansin gehoor het.”

Jo hou haar hand op. “Ek is jammer ek het eens gevra vir die miljoen. Dit was belaglik. Ek besef dit nou.”

Nan trek haar trui stywer om haar lyf teen die bries wat nou wind geword het, stap nog 'n entjie stilswyend aan en gaan staan. “Dis wat my ontstel, Jo. Ek kán vir jou 'n miljoen gee. Ek het dit om te gee.”

“Jou huis se verkoopprijs?”

“Nie net dit nie. Die BD het sy huiswerk sleg gedoen. Eers toe my pensioenuitbetaling ter sprake gekom het, het hy gesien hoeveel die aftreepakket behels. Daar was sprake dat die direksie die pensioengratifikasie wat vasgestel is toe Adriaan Cloete nog geleef het, wou betwis. Dis hoekom ek bekommerd geraak het, maar ek wou jou nie daarmee belas nie. Intussen het hulle uitgevind dit sal hulle meer kos om dit te betwis as om dit net uit te betaal. Ek kry ver oor die twee miljoen uit, wat na baie klink, maar met die huidige rentekoerse is dit nie 'n fortuin nie. As mens net van die rente moet leef, allermens.”

“Nan, dis jou sake. Jy hoef dit nie met my te bespreek nie. Ek is bly Adriaan Cloete het vir jou gesorg, maar dit is en bly geld wat jy dubbel en dwars verdien het. Dit was vreeslik voortvarend van my om eens geld by jou te wil leen, laat staan 'n miljoen. En nou met Abalone's wat weer terug is in die prentjie, is die saak gelukkig opgelos.” Jo onthou Adriaan Cloete as 'n vae figuur wat 'n groot rol in Nan se lewe gespeel het. As haar baas en 'n vriend. Sy dood het Nan hard geslaan. Selfs tussen die Wikus-drama

deur het Jo dit agtergekom en vaderweet, destyds was dit omtrent al waarvoor sy krag gehad het.

Nan begin weer stap en Jo val langs haar in.

“Dit sal malligheid wees om die huis aan daardie Quintin-vent te verhuur, Jo.”

“Dis geld. En vooruitbetaal. Wat sal help en dan is daar darem iemand in die huis.”

“Oorweeg jy dit werklik om aan te gaan met Abalone’s?”

“Dis die praktiesste oplossing, Nan.”

“Nie noodwendig nie. Iets is nie lekker nie, Jo. Die oorbruggingsgeld is natuurlik joune, maar as ek jy is, sal ek net die gefaktureerde bedrag vir die agt maande se werk hou, die res terugbetaal sodra die tjek deur is, hulle toestemming gee om die ontwerpe na goeie dinge te gebruik en verder jou hande van hulle was.” Nan skud haar kop. “Op die oog af lyk die kontrak wat jy met hulle het heel aanvaarbaar, maar daar is net te veel gapings en skuiwergate aan die een kant en riskante afdwingbare goed soos sperdatums aan die ander kant. As jy die oorbetalde bedrag aanvaar, is jy vir drie jaar vas. Baie vas. Terwyl Abalone’s se vennote heeltemal te veel beweegruimte het.”

Dié keer is dit Jo wat gaan staan. “Ek vertrou ook nie die vrede nie, maar ek sit steeds met ’n probleem. Ek het baie agterstallige skuld, soos ek reeds vir jou gesê het. Ek het nie ’n plek om te woon nie, ek gaan waarskynlik geblacklist word as ek nie vinnig speel nie.”

“Hoekom kan ons nie voortgaan soos ons aanvanklik beplan het nie, Jo? Die enigste verskil is dat jy nou darem jou geld gekry het. Hopelik, in elk geval. Ék is steeds bereid om by die oorspronklike plan te hou. Ek glo steeds dis die regte ding om te doen vir ons almal. Al wat eintlik verander het, is dat jy nou begogel is deur Saul se voorstelling. En, as ek dit nie mis het nie, deur Saul ook.”

“Bog, Saul is pas geskei. Hy’s on the rebound.” Haar wange brand.

“Dan hét daar iets gebeur.” Dis nie ’n vraag nie.

“Bitter min. Die punt is, ons is dit eens oor die kasarm.” Jo sug diep. “Ek kan dit nie verduidelik nie, Nan, maar noudat ek weet hoe Casper se bouval kán lyk ... Alle ander opsies verflou daarnaas.”

Nan lig haar hande in ’n magtelose gebaar. “Jo, die lewe werk nie soos mens wil hê hy moet werk nie. Mens kan nie altyd kry wat jy wil hê nie.

En ek is jammer, maar ek dink dit sal waansin wees.”

“Dalk, maar dit sal ook iets uitsonderliks daarstel. Iets wat geslagte lank dalk kontroversieel sal wees, maar ook plesier en pret verskaf vir meeste mense wat hulle oë daarop lê. Dit sal emosies uitlok, menings. Dis die soort gebou wat in boeke uitgebeeld sal word as ’n unieke kunswerk. En dit sal óns huis wees. Al is dit net vir ’n rukkie, tot ons verkoop. Ons sal onthou word vir die kasarm tot lank ná ons dood.”

“Jimmie, Jo, luister na jou!”

“Nan, ek probeer jou nie oortuig nie. Ek probeer verduidelik.”

“Probeer jy vir my sê dis Gaudi of niks?”

Jo knyp haar oë styf toe. Sy probeer om nie te knik nie, maar kry dit nie reg nie.

Sue sit lank in die Cadillac voor sy die stryd verloor en uitklim. Met elke tree wat sy na die Vliegende Hollander gee, weet sy sy maak die fout van haar lewe.

Die antiklimaks toe sy ’n jong lat agter die kroeg sien staan pleks van Hugh Jackman personified, is yswater in die gesig. Die kroeg is redelik vol en met soveel oë op haar het sy nie die guts om net om te draai en uit te loop nie.

“Hi,” groet sy toe sy met haar arms op die toonbank leun. “JB. Enkel. Lang glas. Baie ys. Soda.”

Die lat grinnik. “Jy moet Sue wees. Hi, ek is Ieg.”

“A! Ieg van die handvatsels en die dakplate en die f ... wie weet wat Jo nog alles bedink het.”

Ieg knik en skink haar drankie. “Jo is great.”

“Jo is te oud vir jou.” Sue haal ’n noot uit haar handsak en kry haar glas in ruil. “Hoe het jy geweet ek is Sue?”

“Die manier waarop jy jou dop bestel. Dis nou al ’n standing joke hier rond.”

Sue neem ’n slukkie en gaan sit op die kroegstoeltjie. “Kyk, Ieg, my bybie, ek en my manier van bestel is nie ’n joke nie. Standing of andersins. Ek weet bloot wat ek wil hê en ek maak seker die persoon wat dit vir my kan gee, verstaan my mooi.”

“Dit maak ons lewe baie makliker. Mense bestel nou ’n Sue, dan weet ons presies wat hulle wil hê. Of ’n Sue sonder ys. Of ’n Sue met water. Of

'n Sue-Sue, wat 'n dubbel is. En dan is daar 'n Sue-me. Dis 'n trippel.”

“En wie was sou oulik om dit uit te dink?”

“Zach, natuurlik.”

“Ek sien.” Sue neem 'n diep sluk. Dan is Zach die kontrakteur inderdaad ook die kroegman. Nie dat daar veel twyfel by haar was ná daardie kort foongesprek nie. “En waar is onse Zach op 'n Saterdagmiddag terwyl sy kroeg vol sit?”

“Hy werk by die huis. Syfers. Vir die kasarm.”

“En sy huis is waar?”

“Op die bult bokant die chalets. So 'n wit houthuis. Baie vensters. Skuus.” Hy draai na die foon wat begin lui het. “Vliegen ... O, hi. Vollerig, maar ek kom reg.” Ieg kyk oor sy skouer na Sue en lag. “Ja, dis sy. Oukei. Bye.”

Sue lig haar wenkbroue.

“Hy het die Cadillac gesien. Mens kan die hele Hawestraat van sy huis af sien. Hy vra of jy 'n Sue by hom wil kom drink. Dis drie minute se stap van hier af.” Die lat is so dik van die lag, sy lyf skud daarvan.

Sue maak haar drankie klaar en sit die leë glas hard neer. “Sê vir hom hy kan sy ‘Sue’ druk. Ek het net een ding vir hom kom sê en jy kan sommer die boodskap oordra. Sê vir hom as hy Jo se hart breek of haar te na kom in any which way or form, ontman ek hom persoonlik.”

Nan en Jo het nie veel vir mekaar te sê tot hulle weer by die huis is nie. Jo gee Nan egter 'n bekommerde kyk toe hulle Jeannie in die kombuis kry met 'n voulêer in een hand en iets wat lyk soos 'n foto in die ander. Haar gesiggie is spierwit.

“Wat is dit, Jeannie?” Jo stap dadelik nader.

“Ek het hierdie lêer gekry waar dit weggesteek was agter die kookboeke.”

Jo neem die lêer by haar en blaai vinnig daardeur. Dit is fotostate van foto's. Nan voor die kantoorgebou waar sy gewerk het en aan die gesels met 'n bruin man in 'n deftige pak klere. Jo herken hom as een van die direkteure. Sy hand rus vertroulik op haar skouer, nes Saul s'n netnou, maar hy lyk opsigtelik skynheilig.

In nog 'n foto is Jo in 'n omhelsing met Con voor een van die plekke wat hulle oorweeg het vir 'n Abalone's. Jo sou kon verstaan as sy gebloos het,

maar sy gril. Dan 'n foto van Sue in stywe jeans en 'n noupassende top wat geen twyfel laat oor haar bates nie, sigaret in die een hand, 'n glas whisky in die ander en duidelik aan die flankeer met iemand wat nie op die foto verskyn nie. Nog een is van Jeannie saam met die susters, haar gesiggie vertrek deur die een of ander onvleiende emosie.

Jo blaai vinnig deur die res sonder om die detail in te neem of die aantekeninge te lees wat hier en daar gemaak is. Heel teen die einde is daar 'n kopie van 'n faktuur uitgemaak vir 'n hele paar duisend rand, die gelewerde diens gespesifiseer as “opsporingsfooie”. Sy trek haar asem in toe sy sien aan wie dit uitgemaak is.

“En dan is daar dié.” Jeannie hou die glansfoto aan die puntjie na Jo toe uit asof dit besmet is.

Die ou man daarop lyk suur, sy helderblou oë befoeterd. 'n Jonger man langs hom lyk effens verras. Verskrik amper. In die agtergrond is daar rakke met stukke kwarts. Dis moontlik in die Hiërofant geneem. “Die ou man, dit moet Casper wees,” fluister Jo effens oorweldig. Dis die eerste keer dat sy sien hoe die man wat besluit het om sy huis aan haar na te laat, gelyk het.

“Ek het so afgelei, maar die ander man ...” Jeannie se stem breek.

“Dis Quintin,” sê Jo fronsend. Quintin wat kastig nie geweet het Jo het 'n dogter nie, maar wat klaarblyklik ruim vergoed is om hulle op te spoor en foto's van al vier van hulle te neem. Jeannie inkluis.

“Quintin? Jou neef?” Jeannie skud haar kop verward. “Jo, daardie man is die man van die restaurant. Die een wat my so ongemaklik laat voel het. Wat my heeltyd aangestaar het.”

“En nou, Gouelokkies?” vra Sue waar sy met rooi wange in die kombuisdeur staan en kom sluit by hulle aan.

Nan lig Sue vinnig in.

“Quintin gaan my Maandag bel om te hoor oor die huur. Vaderweet, hy gaan meer as dit by my hoor.” Woede sit witwarm op die krop van Jo se maag.

“Hy het vanoggend nog in soveel woorde vir my gesê hy weet nie hoe Casper van ons uitgevind het nie terwyl die faktuur bewys hy het Casper van ons foto's voorsien. Teen 'n belaglike prys boonop. Die liegbek!” Die volle impak van Jeannie se ontdekking sink stadig in. As sy die vent se foonnommer gehad het, het sy hom nou ingeklim dat die see hom nie kan

afwas nie.

Sue grawe haar sigarette uit haar sak, mompel 'n verskoning en stap buitetoe. Sy trek die rook diep in haar longe. Die foto van Con en Jo wat mekaar soen, het haar op die krop van haar maag getref. Dank die gode die een van haar by die seminaar waar sy Con ontmoet het, sluit hom nie in nie. Dis erg genoeg dat sy soos 'n regte tert lyk. Sy kan net hoop en bid daar is nie ander foto's van haar en Con saam nie.

Sy voel fisiek naas as sy daaraan dink dat iemand steelfoto's van hulle almal geneem het. Dat iemand hulle privaatheid so kon misken. Dit laat haar 'n bietjie meer simpatiek voel teenoor celebs en openbare figure. En dit laat haar ys as sy dink aan die foto's wat die fotograaf kón geneem het. Haar lovers was nie altyd ewe diskreet oor waar hulle koerasie hulle oorval het nie.

Jo sal haar dalk van paranoia beskuldig, maar dis vandat Con so skielik verdwyn het dat alles begin skeefloop het vir hulle ook. Kan dit werklik toeval wees?

Die een of ander tyd hierdie naweek moet sy met Jo praat. Haar vertel van Con. Dit weet sy. Wat sy nie weet nie, is hoe. O, terloops, Jo ek wou nog vir jou sê, ek en Con het mekaar geken lank voor julle mekaar ontmoet het. Om die waarheid te sê dit was ek wat hom op jou spoor gesit het. O, en terwyl ek nou die beans spill; daardie kroegman oor wie jy so swymel? Hy speel woer-woer met my hormone ook. En met my hart. Ek hét toe een, kan jy glo? Lyk my ek en jy, my sussie se liewe dogter, deel meer as gene. Ons het klaarblyklik dieselfde smaak in mans.

Die ergste is die nuus dat Jo se Abalone-projek moontlik hervat gaan word. En dit sal beteken dat Jo en Con weer gaan saamwerk. Voor sy besef het die twee het meer as sakeplanne met mekaar gedeel, kon dit Sue nie traak nie. Maar nou?

En as Jo eers hoor ...

Met 'n luide "Fok!" smyt Sue die stompie op die grond neer en vermorsel dit met haar skoenpunt.

Terwyl Jo gehoop het hulle gaan 'n gesellige kuieraand geniet, is dit eintlik 'n hopelose flop. Nan se afwesige houding kan Jo verstaan. Maar wat met Sue aan die gang is, is 'n raaisel. En Jeannie lyk permanent in 'n

dwaal.

Jeannie maak kos, hulle eet, praat net oor belangse dinge. Dis seker al die gebeure en die moontlikhede wat dit uitspel, wat hulle geselslus geblus het. Eers toe Sue en Nan vroeg-vroeg al verkas na hulle chalet, begin Jo wonder of daar 'n ander rede is vir hulle stilswye.

Haar vermoede word bevestig toe Jeannie skoorvoetend voor haar kom staan.

“Daar is iets wat ek jou moet vertel, Jo. Iets wat jou baie gaan ontstel.”

Jo se hart krimp ineen. “Die susters?” vra sy met 'n onheilige voorgevoel.

Jeannie knik.

TWEE EN DERTIG

Sondag 3 Oktober

Jo wil nie wakker word nie. Sy wil nie onthou van alles wat Jeannie haar vertel het van haar ervaring met die susters en die Maidens of Sappho nie. Sy wil nie glo dat haar kind deurmekaar was met mense wat glo in 'n moederskip en 'n planeet Phaon nie. En sy wil veral nie dink aan die dinge wat sy weet Jeannie haar nié vertel het nie.

“Moenie my pressurise nie, asseblief, Jo,” het sy gesê toe Jo wou weet wat daar by die plek in Bloubergstrand plaasgevind het. “Later,” het sy belowe, “ek vertel julle later. Wanneer ek dit verwerk het. Dis nie so erg nie. Dis net vir my erg.”

Wat vir Jo egter die ergste is, is dat sy nie daar was vir haar kind nie. Nie gedurende die tyd toe sy aan Abalone's se voorleggings gewerk het nie en ook nie toe die Sappho-konneksie ontstaan het nie. En veral nie toe Jeannie haar die nodigste gehad het nie.

“Ek hoop nie jy het nou al weer 'n guilt attack nie,” het Jeannie haar reg gelees. “Sue en Nan was daar en ek is oukei.”

Die ouma en die tante, ja, maar nie Jeannie se ma nie. Jo krimp van voor af inmekaar by die gedagte.

En vandag moet sy ook weer vir Nan in die oë kyk. Die tekens sien dat Nan dink sy het Jo gefaal terwyl sy net realisties is en met goeie reg haar

kapitaal beskerm. Sy moes nooit eens die Gaudi-ding met Nan opgehaal het nie. Wat haar besiel het, weet g'n mens nie. En nou neem Nan haar boonop kwalik omdat sy belangstelling verloor het in enigiets wat nie lyk soos Saul se sketse nie.

Jo weet sy tree dalk soos 'n stout kind op, maar tweede beste gaan in hierdie geval net nie goed genoeg wees nie. Wat beteken sy sal môre op die laatste vir Gideon en die res ook moet laat weet dat hulle hul fakture maar moet gereed kry vir dit wat hulle reeds ingesit het. Sy verstaan Nan se voorbehoude oor die Abalone's-projek, maar dis al wat tans vir Jo sin maak.

Dis waarlik nie 'n dag waarna sy uitsien nie.

Toe haar selfoon begin lui, steek sy traag haar hand uit. Tensy dit Nan of Sue is, wil sy met niemand praat nie en dié twee is in die chalet reg langs hare. Hoekom sal hulle bel?

Zach, sien sy. "Môre?"

"Hi. Jo, kan jy dalk binne die volgende halfuur of wat by my huis wees? Alleen. Ek wil iets vir jou wys."

"Zach, ek gaan nie meer voort nie."

"Ek weet. Saul het gister met my kom praat. Maar asseblief, kan jy net kom?"

"Lyk nie of Pa op pad is kerk toe nie?" Saul druk die deur toe teen die koue wind wat inwaai.

Gideon vryf sy hande en ril. "Ek dag die milde lenteweer van die afgelope tyd is te goed om waar te wees." Hy druk sy hande in sy jeans se sakke.

Jeans? Dominee Gideon in jeans en dit op 'n Sondagoggend? Sonder das? Net 'n boordjiehemp met 'n trui oor?

"Ek en die Here het klaar ons gesprek gehad. Ek het toestemming om stokkies te draai. Hoe lyk dit met koffie?" vra Gideon.

Saul knik. Gelukkig het hy seker gemaak hy het melk en suiker ook. Ongelukkig weet hy nie wat om van hierdie nuwe pa van hom te maak nie.

Ná hy die ketel aangeskakel het, gaan draai Saul die musiek sagter. As sy ma by was, sou sy vir hom 'n preek afgesteek het oor sondige musiek op die Sabbat en dan nog so luid ook.

"Dis mooi, wie sing?" vra Gideon toe hy terugkom.

“Die Chieftains.” Dankie tog dis een van hulle meer besadigde CD’s. Meer Van Morrison en Sinéad O’Connor as iets anders.

“Iers?”

Saul knik en wens sy pa wil tot die punt kom. Hy wil weer deur Zach se nuwe voorstel werk. Vanoggend het hy bedenkinge oor die hele storie. Hy gaan sukkel om ’n miljoen los te maak sonder om hom probleme op die hals te haal, en die geld sal uit sy eie sak moet kom. Sy kredietwaardigheid is by verskeie instansies goed as hy ’n goeie sakeplan kan optrek met duidelik uitgestipte winsprojeksie soos met die boetiekhof, maar geen bank of ontwikkelaar of enigiemand met gesonde verstand sal met ’n tang wil raak aan hierdie wilde perd wat hulle nou wil opsaal nie. Hy kan Nan haar reaksie nie verkwalik nie.

“Hendrien het by my kom skinder.” Gideon roer suiker in sy koffie. “Oor die Calitze. Glo omdat sy nie met haar gewete sal kan saamleef as sy my nie waarsku noudat ek saam met Jo werk nie.”

“Is predikante nie veronderstel om nie na skinderstories te luister nie?”

“Hulle is nie veronderstel om dit oor te vertel nie. Maar ek gaan dit vir jou vertel. Soos ek Hendrien ken, sal dit buitendien die wêreld vol lê nog voor die naweek verby is. En ek wil nie hê jy moet dit by iemand anders hoor nie.”

“Ek wil glad nie hoor nie. By niemand nie.”

“Dis vir jou eie beswil dat jy dit by my hoor.”

“Pa, ek wil nie.”

“Jammer, Saul, maar jy sal verstaan as jy eers gehoor het. Dit begin by Casper.” Dit lyk asof Gideon hom teen iets staal. “Onthou, ek herhaal net wat Hendrien te vertelle gehad het.” Hy maak keel skoon. “Casper is met ’n slap riem gevang deur Hannelie, ’n baie mooi meisiekind van losse sedes. Hy het die eerbare ding gedoen en met haar getrou. Só het hy die eerste slagoffer geword. Iets wat volgens Hendrien daartoe gelei het dat hy van ’n betaamlike aardrykskundeonderwyser verander het in ’n befoeterde heiden met goddelose idees.”

Saul kan Hendrien die woorde amper hoor sê. Veral “betaamlik”.

“Hulle het drie dogters gehad. Teen die tyd dat die derde een gebore is, was Casper nie seker of dié een bloed van sy bloed was nie. Uiteindelik was Hannelie se buite-egtelike eskapades vir hom te veel en hy het van haar geskei.

“Al drie sy dogters het na hulle ma geaard en al drie was verwagting voor hulle uit die skool is. Nan het haar stiefpa se broer daarvan beskuldig dat hy haar een aand verkrag het. Hy het dit ontken, en die meeste mense, Hannelie ook, het hom geglo en aanvaar Nan beskerm een van die seuns by haar skool. Kort daarna het ‘oom’ hom een nag teen ’n stilstaande trok te pletter gery. Baie mense glo dit was doelbewus omdat hy Nan se leuens nie kon verwerk nie.

“Nan het vir Jo gehad, haar matriek klaargemaak en begin werk. Sy is aanvanklik toegelaat om by Hannelie en dié se man te loseer, maar omdat sy by die stiefpa aangelê het, het hulle haar gevra om uit te trek. In haar werk het sy haar pad boontoe oopgeslaap en is onlangs gevra om te bedank omdat sy een van die bruin direkteure verlei en sy huwelik vernietig het. Die firma moes haar omkoop om hom uit te los. Dis waar hulle aan die geld kom om die kasarm op te knap.”

“Dis snert!” kan Saul nie langer stilbly nie. “Enigiemand wat Nan al ontmoet het, sal vir jou kan sê dis die grootste klomp snert op die aarde. Nee, magtig, Pa, ek kan nie glo jy kan eens na sulke venynige gif luister nie, laat staan dit oorvertel.”

“Ek het my redes, Saul, luister eers klaar.”

Iets aan Gideon se stemtoon laat Saul teensinnig bes gee.

“Toe Gretha, die middelste dogter, ook verwagting raak,” hervat Gideon, “is sy geforseer om met die pa van haar kind, Hendrik de Vos, te trou nadat sy uit die huis gegooi is. Hannelie-hulle het nie kans gesien vir nog ’n kind onder hulle dak nie. Hendrik, wat universiteit toe sou gaan, het al sy toekomsdrome opsygeskuif om vir sy vrou en kind te probeer sorg. Gretha het hom daarvoor vergoed deur nes haar ma die een verhouding na die ander aan te knoop tot Hendrik dit nie meer kon verduur nie. Die geskiedenis het hom dus herhaal. Ná ’n paar egskeidings is Gretha in haar veertigerjare aan kanker oorlede.

“Sue was die volgende om verwagting te raak. Sy het egter die baba probeer afbring en moes die fetus beseer het, want die kind is doodgebore. Daarna kon sy nie meer kinders hê nie. Die pa van die kind was gebroke en is deur sy ouers Amerika toe gestuur. Omdat sy nie meer vir swangerskap hoef te vrees nie, het Sue begin – en ek haal aan – ‘met elke Jan Rap en sy getroude maat hoereer’.

“’n Paar jaar later was dit Jo se beurt.” Gideon bly stil toe Saul sy hand

op die toonbank klap.

“Om hemelsnaam Pa, al hierdie goed het op die aarde niks met my uit te waai nie.” Saul staan op en beweeg ’n ent weg asof hy hom só kan distansieer van Gideon se woorde.

“Dit behoort nie te hê nie, maar dit het. Ek is nie met blindheid geslaan nie, Saul. Ek sien mos hoe jy na Jo kyk.”

“Enige volbloedman sal twee keer na Jo kyk. Sy is mooi en sexy en ...” En wonderlik, voltooï hy die sin in sy gedagtes.

“Jy kyk nie net twee keer na Jo nie, jy kan jou oë nie van haar afhou nie. En as jy dit nie besef nie, lieg jy vir jouself.”

“En dis hoekom Pa aandring om Jo by my swart te smeer?”

“Ek wil niemand swartsmeer nie. Ek wil jou voorberei.”

Saul ruk ’n kasdeur oop en kry die Old Brown-sjerrie waarin hy soms vleis marineer uit. Hy skink vir hom ’n stewige glas en neem ’n sluk. Die vlamme in sy slukderm is ’n vulletjie teen die stryd in sy gemoed.

Gideon sê niks oor die gebruik van alkohol voor tien op ’n Sondagoggend nie, staar net na sy vingers wat vervleg op die toonbank rus.

“Wat sê Hendrien van Jo?’ vra Saul uiteindelik.

Gideon kyk op en sug swaar. “Sy was sewentien of agtien toe sy verwagting geraak het. Sy het haar nie verwerdig om die pa in te lig nie, moontlik omdat sy nie seker was wie se kind dit is nie. Die pa, Wikus van der Mescht, het eers jare later uitgevind hy het ’n dogter. Aanvanklik wou Jo hom nie toegang tot Jeannie gee nie, maar hy het aangedring. Jeannie was mal oor hom en hy het Jo ter wille van sy kind die hof begin maak.

“Dit was nie ’n gelukkige huwelik nie. Jo wou net meer en meer geld uit hom hê. Sy het selfs die erfgeld wat sy ouers hom nagelaat het, deurgetrek. Al die spanning het Wikus siek gemaak. So siek dat hy nie kon werk nie.

“Toe hy nie meer geld kon inbring nie, het Jo hom summier uitgeskop en ’n egskeiding aanhangig gemaak. Hy het haar gevra om hom finansieel te ondersteun tot hy weer kan werk kry, maar alhoewel sy goed verdien het, het sy geweier. Die hof het egter bepaal dat hy geregtig is op ’n sekere bedrag. Hy is vandag ’n gebroke man en kry steeds sielkundige behandeling. Hy word kort-kort in ’n senukliniek opgeneem.”

Saul soek nog na asem toe Gideon verder praat.

“En Jo vernietig nou ’n tweede man. Sy het by ’n restaurantprojek

betrokke geraak en het dit so lank vertraag en soveel geld gemors dat die ou amper bankrot gespeel het. Hy is egter so verlief op haar dat hy nou teen alle advies in 'n spul geld gaan leen het om die projek asook hulle liefdesverhouding te kan voortsit.”

“En wanneer het Jeannie verwagting geraak? En wat het van dié arme slagoffer geword?” vra Saul so sarkasties as moontlik, eerder om te probeer vergeet van die implikasies van Gideon se laaste woorde as enigiets anders.

“Jeannie het nie in daardie opsig in hulle voetspore gevolg nie. Sy is met sataniste deurmekaar en is lesbies, maar lesbies of nie, sy geniet dit om mans uit te lok. Dis die Calitz-gene. Hulle is hekse en mans is hulle prooi.”

Gideon bly 'n oomblik stil, maar Saul het dit nie in hom om van die geleentheid gebruik te maak om iets te sê nie.

“Daar bestaan die vermoede,” vervolg Gideon, “dat Jo Casper moontlik afgepers het toe hy swak was ná die hartaanval. Sy het glo ongeveer daardie tyd hier rond 'n kwotasie kom doen. Dis al wat kan verklaar waarom sy die huis geërf het.

“Die boodskap wat ek gevra is om aan jou oor te dra – en ek haal weer eens aan – is: ‘As Saul weet wat goed is vir hom, sal hy met alle mag keer dat die Calitze hier intrek. Hulle vernietig mense sover as wat hulle gaan. Hulle het Zach reeds in hulle mag. Tot so 'n mate dat hy in die Vliegende Hollander al drank na hulle begin vernoem. Hulle is 'n vyand wat ons ten alle koste hier moet beveg.’ ”

Saul gooi die res van die glas sjerrie in die drein af. Die goed gee hom net sooibrand en help verder niks nie. “Weet Pa wat die waarheid is?”

“Nee. Dis sal net Jo-hulle weet. Maar vir die rekord: Ek dink nie Jo en haar mense is jou of enigiemand se vyand nie. Skinderstories is die vyand. Daarom wou ek hê jy moet dit by my hoor soos ek dit by die kwaadstoker gehoor het. Al die venyn ingesluit. Sodat jy jou daarteen kan weerbaar maak en Jo-hulle kan waarsku.”

Hoe maak hy hom weerbaar as dit voel asof 'n harpoen regdeur sy hart geskiet is? Hy glo die meeste is twak of minstens verdraai, maar hoe gaan hy ooit die kaf van die koring geskei kry? En Zach het hom meer vertel van die restaurantprojek wat eers van die baan was en nou weer koers gekry het. Dinge wat Jo persoonlik vir Zach vertel het. Die ooreenkomste met Hendrien se stories staan soos flikkerende neonborde uit.

Sue staan bibberend buite en rook toe Jo van die bult agter die chalets af aangestap kom. En wat staan op daardie bult? 'n Huis. 'n Wit houthuis in Amerikaanse styl met baie glas. En wie woon volgens Ieg van die kroeg in die fokken ding?

Dit lyk nie asof Jo eens agterkom dis donners koud of die stuifreën voel nie.

“Sue!” roep sy uit. Die laaste entjie draf sy en kom skuil onder die stoep se afdak. “Môre.” Haar hele gesig straal.

Sy sou seker ook gestraal het as sy die tyd van die oggend uit 'n man soos Zach se bed geskarrel kom. Al amper tienuur.

“Hi.” Sue vermorsel haar sigaret in die perlemoenskulp en stap binnetoe.

“Haai, wat gaan aan?” vra Jo ná sy die deur met moeite teen die wind in moes toedruk.

“Niks. Ek wil net by die huis kom en Nan wil eers nog lunch en fok weet wat als. Dank die gode sy weier om die slegte pad kasarm toe in hierdie weer aan te pak. Die plek sal my na Minora blades laat gryp.”

“Jy moes liewers met die ander voet en sommer ook aan die ander kant van die bed uitgeklim het, Sue,” sê Nan waar sy staan en skottelgoed afspoel. “Hallo, Jo. Jeannie het jou hier kom soek. Sy sê toe sy wakker word, was jy skoonveld. Sy het gou gaan stort.”

Sue maak die yskassie oop en laat haar oë oor die inhoud gaan sonder dat sy werklik iets raaksien. Haar oë val op 'n blok kaas. Sy breek 'n stuk af voor sy op een van die langbeenstoeltjies gaan sit.

Nan gee haar 'n kyk toe sy aan die kaas begin knaag, maar Sue kyk net terug.

“Waar was jy?” vra Nan vir Jo terwyl sy 'n vadoek uitwas.

“By Zach. Nan, hy het met 'n wonderlike plan vorendag gekom. En dit kan werk as Saul saamspeel.”

“Red 'n volk as pillow talk nou ook al oor die bliksemse kasarm gaan,” mompel Sue verby die kaas.

“Pillow talk? Is jy nou laf? Zach is soos 'n broer vir my.”

Sue rol haar oë. “Moenie vir my kom vertel perdedrolle is vye nie, Jo. Daardie man vrek oor jou en as jy nie oor hom vrek nie, is daar yswater in jou are en moet jy ernstig daaraan dink om by 'n optometris uit te kom.”

“Ek vrek oor hom. As mens. En as hy oor my vrek, is dit ook as mens.

Nie as vrou nie. Maar glo wat jy wil, Sue, ek gaan regtig nie my asem mors om jou te probeer oortuig nie.” Jo draai na Nan toe. “Zach het uitgewerk hoe ons alles in fases kan doen. Selfs al doen ek Abalone’s. Ek sal nou wel elke sent wat ek maak ook in die kasarm moet insit en hoop die bonusse ...”

“Jy kan die miljoen leen.”

Sue se vingers verloor die greep op die laaste stukkies van die kaas. Sy steur haar nie aan die stuk wat op die grond beland nie. “Fok my! Het jy dalk nog een om vir my ook te leen, Nan?”

“Nee, en Jo sal dit met rente moet terugbetaal as sy ooit eendag daardie verdomde plek verkoop kry.”

“Nan?” Jo is klaarblyklik ook haar asem kwyt.

“Enigiets om jou uit daardie Abalone’s-storie te kry, Jo. Ek het tot laatnag gelê en dink. Iets is aan die kook. Ek weet waaragtig nie wat nie, maar die roering in die gras is nie ’n tabakrolletjie nie. Dis ’n reuseluslang. Een wat jou gaan verwurg en insluk.”

“For once stem ek saam met Nan. Con is ’n vark.” Sue buk, tel die kaas op en smyt dit in die asblik. Sy kom regop en kyk Jo in die oë. “Dis my skuld dat jy in die gemors beland het. Ek het hom vertel hoe wonderlik jy is met restaurante se interiors. Ek ...” Die woorde swaai dwars in haar keel.

“Maar jy ken hom dan nie eens nie?”

Sue kan die vermoede by Jo sien daag, sien hoe die woorde vir Jo begin sin maak. Jo is dalk goedgelowig, maar baie langer in die land as Jeannie. En sy ken Sue en die lewe soveel beter.

“Jy bedoel ...?”

“Dit was lank voor julle. En ek het nie geweet nie. Van julle nie, bedoel ek. Tot nou die dag.”

“Con was een van jou lovers?” Jo se stem is so hees, dis skaars ’n fluistering.

Sue kan niks anders doen as om te knik nie. “Hy was nog getroud.”

“Jimmel, Sue, kon jy nie ’n beter tyd gekies het om hiermee uit te kom nie?” sug Nan.

Sue skud haar kop. “Daar is nooit ’n goeie tyd vir so iets nie. Ek is jammer, Jo. Fok weet, ek kan nie vir jou sê hoe jammer nie. Ek het regtig nie gedink julle sal vir mekaar val nie. En ek het regtig nie geweet julle het ’n affair begin nie, maar Con het willens en wetens by jou geslaap sonder

om vir jou te sê dat ek en hy ook lovers was. Hy is laer as kreefkak op die seebodem.”

Jo se oë skiet vol trane, maar dis die skok in die donkerblou irisse wat Sue op die solar plexus tref. “Stilbly is ook lieg, Sue. Die deler is so goed soos die steler.”

“Oukei, ek is ook laer as kreefkak op die seebodem. Maar bly weg van hom, asseblief, Jo. Hy is bad news.” Sue gryp haar sigarette en aansteker. Fok die wind, fok die koue en fok hierdie plek waar elke wiel van elke bliksemse trollie afval.

“Jy het geweet.” Jo se stem is so skor as wat dit beskuldigend is.

Nan skud haar kop. “Vermoed, en ook maar eers van onlangs af, maar nie geweet nie.” Sy kan Sue se nek omdraai. Sy weet mos Jo sou gisteraand alreeds die skok van Jeannie se dinge moes verwerk. Dis nou bo en behalwe gistermiddag se dinge. En nou dié ook nog.

“Hoe kon sy stilgebly het? Hoe kon sy my in die oë kyk?” Jo verberg haar gesig in haar hande.

“Kan jy jou indink hoe dit haar opgevreet het toe sy besef wat aangaan, Jo? Dink jou ’n bietjie in haar posisie ook in.”

“Haar posisie? Liewe hemel, Nan, ek kan my skaars in my eie ‘posisie’ indink! Ek en my tante het by dieselfde man geslaap! En hoe afgewater moet Con my nie gevind het ná ’n seksskat soos Sue nie. En Con is amper tien jaar jonger as sy. Wat is dit wat Sue het?”

“Sue het net een wapen. Sy is Sue. En ek is regtig nie lus vir jou selfbejammerende minderwaardigheidskomplekssnert nie. Sue is die een wat jou kind gered het uit die kloue van daardie Sappho-bende. Ek was hoogstens die motorbestuurder. As dit nie vir Sue was nie, het ons haar nooit gekry nie. Het ons nooit eens geweet in watse soort gevaar sy werklik verkeer nie. Sue het vuurgemaak onder daardie polisieman se stert. Dit was Sue wat wild en wakker rondgebel het om te probeer uitvind wat nou eintlik aangaan. Sue is die een wat Jeannie daarna probeer help het om oor die ergste te kom. Dink daaraan en dan verwyd jy haar verder.”

Nan skud die uitgespoelde vadoek met geweld uit en smyt dit net weer in ’n bondel neer. Sy wens sy was anders. Sy wens sy kon Jo in haar arms neem en haar net gewoonweg troos. Sy wens sy kon met hierdie wilde klomp Calitz-meisiekinders cope. Cope, ja. Wat de hel dit ook al in

Afrikaans is.

DRIE EN DERTIG

Sue weet nie waarheen sy stap nie. Dit maak ook nie saak nie. Dis oral ewe koud en nat en miserabel. Regs van haar dreun en spat die see onder 'n mislaag, van voor af waai die wind yskoue reëndruppels teen haar gesig en lyf vas. Sy kan nie tien tree voor haar sien nie.

Sy moes seker nie net padgegee het nie. Sy moes seker probeer verduidelik het. Maar wat moes sy gesê het? Ag sorry, Jo, ek wou jou nog sê behalwe dat ek Con in die bybelse en redelik onbybelse sin geken het, het sy vrou uitgevind en dis toe dat sy besluit het om te skei. Ek was dus die derde party in sy egskeiding.

Yeah, right.

Daar is iets onteenseglik tacky daaraan dat sy 'n bed – en etlike ander plekke – met dieselfde man as Jo gedeel het. Maar sy het waaragtig nie Con se huwelik skade berokken nie. Hy het sy vrou met haar verneuk, ja, maar sy glo vir geen oomblik dit was die eerste of enigste keer nie. En hulle was reeds van bed en tafel geskei, al het Sue dit nie geweet toe sy Con aanvanklik ontmoet het nie. Buitendien, as Ingrid Coetzee mooi daaroor dink, sal sy besef Sue het haar 'n guns bewys.

En vir Jo? wil haar onoortuigde gewete weet. Het sy Jo 'n guns bewys deur stil te bly toe sy besef Jo gaan inderdaad saam met Con werk? Maar weer eens, wat moes sy sê? Werk saam met die man, maar moenie vir sy

mooipraatjies val nie, gehoor. En veral nie in sy bed nie. Want ek het reeds en hy is nie die moeite werd nie.

Haar eie affair met Con was baie kortstondig en boonop twee jaar gelede. Dit was 'n paar plesierige orgasmes en dis al. Sy het hom gou afgeskud toe sy besef hy is aan die skei, maar nie voordat hulle eenkeer, toe hulle op 'n dirty weekend was, by die Knysna-restaurant wat Jo onder hande gehad het, geëet het nie. Dit was pas nadat hy haar vertel het hy wil 'n eksklusiewe restaurantketting begin. Sue het hom ewe entoesiasties vertel dat die restaurant se interieur Jo se handewerk is. Hy was eindeloos beïndruk en die res is geskiedenis.

Die idee was net dat Jo 'n lekker klompie geld kan maak. Hoe de fok moes sy geweet het Con sal vir Jo gaan? Of dat Jo vir hom sal val? Of dat die bliksem haar uit haar geld uit gaan verneuk? En dan boonop terugkom om nog groter skade aan te rig?

Die Land Rover is feitlik op haar voor sy die dreuning bo die wind hoor. Sy begin instinkatief wegdraf, waarheen of van wie af weet sy nie. Sy wil net niemand sien nie, en enige fool wat in dié weer rondry, kan dalk net deur Nan gestuur wees.

Die bestuurder spring uit nog voor die stuk blik behoorlik tot stilstand gekom het. Hy haal haar blitsig in en kry haar aan die arm beet. “Fok, vroumens, is jy van jou verstand af?” Zach skreef sy oë teen die reën wat al hoe sterker begin val. Sy denimhemp is binne 'n paar sekondes so deurnat as wat Sue is.

“Nee. Fokkof.”

“Klim in die Landie.”

“Nee. Sê vir Nan ek is weg.”

“Nan?”

“Het sy jou nie gestuur nie?” Sy vee die nat slierte uit haar oë.

“Nee, hel, hoekom sal sy haar wil bekommer oor 'n idioot van 'n suster wat haar bes doen om longontsteking op te doen?”

“En jy bekommer jou wel?”

“Hoegenaamd nie. Dis Jo wat byna histeries is.”

“Jo raak nie histeries nie.”

“Wel, sy is stupid genoeg om haar oor jou te bekommer. Gaan ons nou hierdie belaglike gesprek in die wind en weer volhou of gaan jy inklim?”

“Ek wil nie teruggaan nie. Ek kan Jo nie in die oë kyk nie. Nie nou nie.

Asseblief, los my net.”

“Klim. Ek sal jou êrens anders heen neem.”

Sue kom nou eers agter sy rittel en beef onbedaarlik. “Oukei.”

“Zach dink seker ek is die uselesste mens op aarde. Elke keer as iets skeefloop, druk ek op sy knoppie.”

“Hou op om so op en af te stap, Jo. Jy maak my mal. Hier, drink.”

Jo kyk na die beker Milo wat Nan na haar kant toe skuif, stap nader en vou haar hande om die welkome hitte daarvan. Sy is nie net useless nie, sy is ’n idioot ook. Nan was reg. Sue is Sue. En Sue was reg. Con is die vark in die verhaal. Maar sy kan nie help om te wonder wat in sy gedagtes omgegaan het terwyl hulle ... Wel, liefdemaak was dit klaarblyklik gewis nie. Nie vir hom nie. En, weet sy nou, ook nie vir haar nie.

Sy was nooit rasend verlief op hom nie. Sy het nie vir hom geval omdat sy gedink het hy is haar sielemaat nie. Hy het haar geleidelik oorrompel met sy ondersteuning, sy bewondering vir haar werk en ook vir haar. En met sy sogenaamde liefde. “Jy is die enigste vrou wat my al ooit die man wou laat wees wat ek weet ek kan wees, Jo,” het hy ’n paar keer vir haar gesê. En sy het hom geglo. “Ons is ’n wonderlike span, Jo, op kreatiewe en persoonlike vlak. Ons hoort bymekaar,” het hy ook gesê. En sy het hom weer eens geglo. En die res van die leuens wat hy haar wysgemaak het ook. Want leuens was dit. Dit is nou vir haar so duidelik soos daglig.

Die Milo is warm en soet en vertroostend, maar dis die sagtheid in Nan se oë wat Jo ’n bietjie beter laat voel.

“Ek was ’n idioot.”

Nan knik. “Dis ons almal se voorreg om soms idiote te wees. Nes dit ons reg is om onself daarvoor te vergewe.”

“Sue stort. Ek sal haar droog en warm kry en hier hou tot sy beter voel. Moet julle nou nie verder bekommer nie. Sy is mooi groot.” Zach groet Jo en lui af. Baie mooi groot, het hy van voor af besef toe sy in al haar aggressiewe verwesenheid daar voor hom in die reën gestaan het.

Hy stook die kaggel, sit ’n Chopin-CD in die speler en skink vir hulle elkeen ’n stewige port voor hy ook gaan droog aantrek. Hy haal vir Sue ’n sweetpak uit en gaan sit dit in die gastekamer waar sy die badkamer gebruik. Agter die toe deur raas die ingeboude haardroër.

Hy het pas voor die kaggel in sy gunstelingstoel neergesak en 'n sigaret aangesteek toe sy inkom. Die sweetpak is te groot vir haar en sy is sonder 'n druppel grimering, maar sy lyk vir hom sexiër as ooit.

“Dankie.” Sy vryf haar hande en gaan staan voor die kaggel. “Vir alles,” sê sy oor haar skouer.

“Sigaret?” vra hy. Hare het onredbaar natgereën, soos sy agtergekom het toe sy een in die Landie wou aansteek.

Sy knik. “Asseblief.”

Hy steek vir haar een aan en hou dit na haar toe uit, hou haar dop terwyl sy die rook diep intrek en behaaglik uitblaas.

“Ek is jammer ek was ongeskik met jou nou die dag,” sê hy ná 'n rukkie se stilte.

Sue haal haar skouers op. “Jy het vandag daarvoor vergoed. Buitendien, ek is 'n hoer.”

Dit neem 'n oomblik voor die woorde werklik tot hom deurdring. “Vra jy geld?”

Sy grinnik. “Nee, maar ek kry geskenke en ek gee dit not a damn terug. En mens kan seker redeneer wine en dine en dirty weekends is 'n vorm van betaling.”

“Die idee van 'n geskenk is nie dat dit teruggegee moet word nie. En hulle het saam gewine, gedine en dirty weekends gehou.”

Sy lig haar wenkbroue effens verras. “Ek het net getroude mans getarget.”

“Jy was nie die een wat getroud was nie.” Hy hou daarvan dat sy in die verlede tyd praat.

Sy staar hom 'n rukkie peinsend aan. “Wat is dit hierdie? Is daar 'n nasionale laat-Sue-beter-voel-dag uitgeroep?”

Hy skud sy kop en druk sy sigaret dood. “Nee, het jy nie geweet nie? Dis vandag internasionale antiselfkastydingsdag.”

'n Onderdrukte laggie borrel opsigtelik teensinnig uit. “Fok, en dan is jy nog skerpsinnig ook.”

“Benewens?” Hy staan op en gee vir haar die glasie port aan.

“Jo se ridder. Haar reddende hand.” Sy gooi haar stompie in die vuur en drink van die port. Haar lippe glim verleidelik. “En natuurlik benewens die feit dat jy sexy en klaarblyklik ryk is. Jo is 'n gelukkige girl.”

“Sy's 'n great girl. En ek is bly Saul Wienand sien dit raak. Ek is nog

blyer jy dink ek is sexy.” Hy glimlag skeefweg en vee met sy vingerpunte oor haar wang. Haar oë rek effens en haar pupille vergroot.

Hy vat die portglasie by haar, sit dit op die kaggelrak en vou sy hande om haar kop. Haar hare is syglad onder sy palms. Hy lig haar gesig na hom toe, sien in haar oë sy weet wat gaan kom. Haar lippe is sag onder syne. Sy proe na port en ruik na seep en sjampoe. Die kombinasie saai verwoesting in sy binneste, ontketen ’n storm in sy lendene.

Hy voel skaars hoe sy met albei hande teen sy bors druk, maar toe trek sy met mening terug. Haar wange is bloesend pienk, haar oë skiet kartetse. “Is dit jou gewoonte om by jou girlfriends se tantes ook aan te lê?”

Hy staan terug, druk sy hande in sy sakke en is verbaas dat daar nog plek is. “Nee. Veral aangesien ek nie ’n girlfriend het nie en in jare nie een gehad het nie. Jo is vir my soos ’n jonger suster, Sue. Ek hou van haar guts. Ek hou van haar. Punt. Maar as vrou doen sy niks vir my nie. En geen vrou het vandat ek jou die eerste keer gesien het nie.” Hy glimlag suur. “Sue me.”

Sue kyk hom met opsigtelike ongeloof aan.

“Jy is seker my straf. Want jy sien, Sue, soos jy, was ek ook maar vir ’n groot deel van my lewe ’n hoer. Veral ná my egskeiding. Ek het by girls gevat wat ek kon kry en sonder gewetenswroeging weggestap as hulle te ernstig word. Ek het vir hulle geskenke gegee, hulle gewine en gedine en soms vir dirty weekends weggeneem. Alles in ruil vir aangename geselskap en seks. As jy ’n hoer is, is ek dit ook.”

“Jy’s ’n man.”

“En daarom mag ek? Dit klink vir my verstommend seksisties uit die mond van ’n intelligente vrou soos jy.”

Sue draai weg, maar hy kry haar aan die arm beet. ’n Sterk arm, kan hy selfs deur die sagte lap van die sweetpakbaadjie voel. Hy swaai haar om en trek haar teen hom aan. “Sê my jy wil my nie net so graag hê as ek vir jou nie, Sue, dan los ek jou.” Hy streel met sy lippe oor haar wang, toer teen haar nek af, soen haar kuiltjie. “Dan vat ek jou nou terug na Jo-hulle toe.”

“Los my,” fluister sy hees.

“Nie die regte woorde nie,” prewel hy onder haar oor. Met sy hande om haar smal middel gevou, stuur hy haar treetjie vir treetjie agteruit sonder om sy mond die sagtheid van haar vel te ontsê. Die roete om die koffietafel voel ’n furlong ver. Die rusbank ’n dagreis te perd. Maar elke sentimeter is

die moeite werd.

“Zach ...”

Hy soen haar stil, voel hoe haar lyf teen hom ontspan, hoe sy haar laat stuur.

Sy smelt onder sy aanraking. Net haar arms om sy nek en sy hande so warm om haar middel gevou, hou Sue regop. Ek is sy straf, dink sy onsamehangend. Hy's 'n hoer nes ek. Jo is soos 'n jonger suster.

Hy laat sak haar sagkens in die verwelkomende rusbankkussings en pas hom langs haar in. Sy greep om haar middel verskuif. Een hand gly onder haar sitvlak in, die ander gaan na die rits van die sweetpaktop. Sy het niks onder aan nie, onthou sy vaagweg. Te laat, die rits het oopgegly.

“Moenie. Asseblief, moenie, Zach.” Haar lyf word lam en loom en heerlijk en lig en swaar en ... “Moenie,” pleit sy.

“As jy regtig nee wil sê, moet jy dit vir my nou sê, Sue.” Sy hande rasper teen haar vel, elektrifiseer senuweetjies wat impulse na haar spiere stuur.

“Maar dit moet die woord 'nee' wees. 'n Ferm een.” Verruklike impulse laat haar lyf met 'n lewe van sy eie krul en soek na nog. “Dis al wat my gesonde verstand weer op koers sal kry, 'n baie ferm 'nee'.”

“Moenie,” fluister sy weer, maar ontvang sy mond, sy soepel, sexy tong.

“Sê die regte woord Sue. Sê 'nee' en ek hou op.” Hy streel rakelings oor sones wat sy nie geweet het eroties is nie.

Nee, wil sy sê, maar dis 'n moedswillige woord. Haar tong druk die enkelsillabe teen die agterkant van haar tande vas, maar wil dit nie loslaat nie. Sy kreun, maar “nee” wil nie uit nie. En toe is dit net soveel makliker om “ja” uit te sug.

“Dink jy Sue is oukei?” vra Jeannie en druk die naellakkwassie onhandig terug in die botteltjie.

Jo kan maar net nie gewoon raak aan hierdie nuwe dogter van haar nie. Die los hare, die glansende lippe, die lang wimpers met maskara geaksentueer. Maar sy vermoed dis meer van ongedurigheid as iets anders dat Jeannie haar naels probeer verf. Sy was op hete kole vandat sy hier by Nan-hulle se chalet aangekom en gehoor het van Sue wat die wind en weer aangedurf het. Selfs Zach se oproep het nie 'n groot verskil gemaak nie. Daar was altyd 'n spesiale band tussen Jeannie en Sue, maar dis duidelik

dat dit nou sterker as ooit is.

“Ek dink so. Ons sal die ding uitpraat. Is jy oukei?” vra Jo.

Jeannie knik. “Ek is net bly jy weet nou.” Sy klik haar tong toe die kwassie oor haar naelvlies glip. “Dis stupid om mens se naels te verf. Wat presies is die rasionaal daaragter?”

“Kom ek help.” Jo gaan sit voor haar en hou haar hand palm na bo. Jeannie gehoorsaam die gebaar. Haar hand is klein en koud, die naels kort en slordig geverf. “Jy het so ingekleur toe jy klein was,” glimlag Jo. “Jou nooit aan die buitelyne gesteur nie.” Sy trek die naellakverwyderaar nader en begin skoonmaak.

Jeannie sug hoorbaar. “Ek weet nie of al hierdie getitivate my aanstaan nie. Dis so bleddie tydrowend.”

Jo loer vinnig na haar, maar Jeannie kom klaarblyklik nie agter sy het “bleddie” gesê nie. Sy bepaal haar weer by Jeannie se naels, druk die vliesies versigtig terug. “Laat dit jou nie lekker voel as jy mooi lyk nie?”

“Nogal, maar dis weird. Ek lyk so anders. Is mens nie veronderstel om gelukkig te wees met hoe jy geskape is nie?”

“Net omdat mens die natuur ’n bietjie aanhelp, is dit nie te sê jy is ontevrede nie.”

“Kameelperde sit nie maskara aan nie.”

Jo glimlag, maar kyk nie op nie. “Hulle dra ook nie klere nie en maak ook nie skilderye of ry in motors rond nie. En hulle is tevrede met kameeldoringblare. Van die boom af. Hulle gooi nie ’n bietjie room of ’n titsel tiemie by nie.” Tiemie, weet sy, is een van Jeannie se gunstelingkruie. Net ’n kortkop agter basilie en salie.

Jeannie gee ’n laggie. “Slimjan.”

Jo lig die kwassie en gee haar kastig ’n kwaai kyk. “Slimsan, asseblief.”

Jeannie se hele gesig versag. “Ek is lief vir jou, Jo.”

Alles verstil in Jo. ’n Soet seer trek deur haar are en pomp moeisaam deur haar hart. “Ek weet, maar ek verdien dit nie altyd nie.”

Jeannie rol haar oë teatraal. “En hier dag ek jy is slim. Natuurlik nie. Mens kan nie liefde verdien nie. Dis te groot. Te spesiaal.” Die verontwaardiging is so aangeplak as wat die nattigheid in haar oë eg is.

Die gedraenheid van die oomblik word verbreek toe die badkamerdeur oopgaan en ’n walm skoon geure saam met Nan uitkom.

Jo knipoog vir Jeannie. “Lekker gebad?”

“Nou voel ek weer soos ’n mens. ’n Warm een. Jimmel, wat ’n triestige dag. Hoor net hoe huil daardie wind om die hoeke.”

“’n Dag vir pannekoek en kaggelvuur.” Jeannie bekyk haar naels krities. “Dankie, Jo. Dit lyk darem beter.”

“Dit moet nog ’n laag kry, onthou.”

Jeannie skud haar kop. “Genoeg is genoeg.”

“Rooiwyn en donkersjokolade vir my, maar beslis ook voor ’n kaggel.” Nan gaan sit in een van die leunstoele.

“Glühwein en marshmallows wat ons in die vlamme skroei. En ek mis musiek. Lekker Leonard Cohen. Of Van Morrison. Of Chris Rea.” Jo bêre die naelgoed wat Jeannie uit Sue se kamer gaan haal het in die sakkie. Of Mark Knopfler, voeg ’n stemmetjie moedswillig by. Veral die CD wat Saul gespeel het.

“Dis ten minste beter as Sue se gedawer. Sy sou waarskynlik Orff opgesit het en die volume so hoog gedraai het dat mens die Old Spice kan ruik.” Nan onderskep Jeannie se vraende blik na Jo. “Daar was ’n advertensie vir Old Spice met Orff se ‘O Fortuna’ as die temaliedjie.”

“A! In die ou dae. Vergewe my dat ek net negentien is.”

“En ’n snip,” glimlag Nan.

“Wat is Old Spice anyway?”

Só kan dit wees, droom Jo terwyl Nan lydsaam antwoord. In die kasarm. Met ’n vuur in die groot kaggel en musiek in die agtergrond. Met snoep- en drinkgoed van hulle keuse. En met Sue by. Die vier van hulle, knus en beskut teen die gure weer en ’n buitewêreld wat soms lyk asof dit teen die Calitz-girls saamsweer.

As dinge net anders was.

“Verdomp, Zach! Dis die tweede keer dat ons mekaar sien en soos jy weet, het die eerste keer nie baie goed afgeloop nie. Wat hier gebeur het, was nie ’n aanloop tot iets nie. That was bloody it. ’n Once-off. Plesierig, maar oor en verby.” Sy wikkel haar in die sweetpakbroek in. “Kom ons wees eerlik en kry klaar. Jy was belustig en ek het troos gesoek. Basta. Die fok weet, dit was onnosel, maar nou het dit gebeur. Kom ons donner nie alles nou nog verder op nie.” Sue is briesend vir haarself. Hoe kon sy dit toelaat? Alles is nou opgeneuk. En dit net omdat sy haar al weer nie kon beheer nie. Nie die beloftes aan haarself kon nakom nie. Soos ge-fokken-woonlik.

“Al wat ek gesê het, is dat ek wens jy kan ’n paar dae oorbly. Omdat ek graag saam met jou sal wil wakker word ook. Is dit so ’n groot sonde? Is dit ’n rede om op te spring en aan te trek asof die polisie ons in ’n act of indecency betrap het?” Zach druk sy hemp in sy broek en trek sy trui met onnodige geweld oor sy kop. “En dan soos ’n bliksemse cracker af te gaan?” Hy pluk sy moue op tot by sy elmboë. “Dit was befok, Sue. Jy kan dit nie ontken nie. Ons lywe is vir mekaar gemaak.”

“My lyf kan by enige man s’n aanpas. Moet jou nie aanmatig nie.” Sy het nie ’n probleem met ’n witleuentjie hier en daar nie, maar om soos ’n tandetrekker te lieg is iets nuuts vir haar. Dit wás befok. Geen man het al haar lyf laat sing soos Zach nie. Nie Ockert of Paul nie en sekerlik nie een van die baie vergeetbare res nie. Maar dis nie al nie. Dis nie net haar lyf wat hy laat sing het nie.

Zach plant sy hande op sy sexy heupe. Hande wat presies weet waar om op te rui en waar om te troetel. “Lieg vir jouself as jy wil, Sue, maar ek weier. Dit was die beste seks wat ek al ooit gehad het. Ek is mal oor jou en jou passie en jou lyf. En as jy nie so ’n verskrikte muil was nie, kon ons dit nou afgesluit het met cuddles, ’n whisky en die vooruitsig op nog.”

Sue skep haar hare uit die kraag van die sweetpakbaadjie wat nou weer min of meer kuis toegerits is en tel sy pakkie sigarette op.

Hy pluk dit uit haar hand, haal twee uit en steek albei op. Sy neem die een wat hy haar met ’n ergerlike gebaar aanbied en sien nou eers hoe haar hande bewe.

“Ek dag jy het ’n kroeg om te beman.” Pateties, Sue, pateties, skel sy heimlik, maar kan aan niks beter dink om te sê nie.

“Te moer met die kroeg. Ieg sal regkom.” Die sigaretkooltjie gloei vuurrooi soos hy trek.

Dit het so goed gevoel om in sy arms te lê terwyl hulle hul asem probeer terugkry. Om sagkens te land ná die diep afgrond waaroor passie hulle gestuur het. Bedwelmd te wees in die wonderbaarlike wete dat sy iets beleef het wat haar nog nooit vantevore beskore was nie. Dit was nie net seks nie, het sy in daardie oomblik besef, dit was ’n bliksemse religious experience. En dis wat die paniek gesaai het.

“Sue, asseblief,” begin hy effens kalmer, “moenie iets wat so ongelooflik was, bederf nie.”

Sue gaan sit op die koffietafel en druk haar hande soos kamme in haar

hare. Hy is reg. Sy weet hy is reg. En sy het dit al klaar bederf. Sy kyk op na hom. “Oukei, wat stel jy voor? ’n Vinnige roll in the hay elke keer wat ek hierheen kom? As jy regtig so ernstig is as wat jy klink, sal jy dalk nou en dan Kaap toe deurry sodat ons gou ’n quickie kan vang? En intussen moet ek voor Nan-hulle maak asof niks gebeur het nie? Hoor hoe Jo oor jou swymel?”

“Hoekom moet dit agteraf wees? Hoekom kan ons dit nie net uitleef nie? Wat maak dit saak as almal kan sien ons is mal oor mekaar? Hoekom kan ons nie bloot openlik begin uitgaan soos mense wat verlief is en mekaar beter wil leer ken nie?”

“Verlief?” Sue spring weer op. “Ek kan nie verlief spel nie! Ek was amper dertig jaar gelede laas verlief. Kinders raak verlief. Wat ons vandag gehad het, is nie verliefdheid nie, dis wellus. Wellus wat ons oorweldig het. En glo my, jy wil my nie beter leer ken nie.”

Zach is ’n oomblik lank stil. “Dis jammer jy voel so, Sue. Ek het ook gedink dis wellus, maar nou weet ek van beter. Ek is verlief op jou. Halsoorkop. Ek wil jou beter leer ken.”

“Mans raak nie verlief nie, Zach. Komaan.” Sue weet nie wat om met al die gevoelens wat in haar woed te doen nie. Dis asof ’n warm sagtheid diep binne-in haar oopvou en alles wat sy al ooit van mans geglo het, absorbeer en geleidelik verteer.

Die gelui van die deurklokkie laat die oomblik aan flarde spat.

VIER EN DERTIG

Saul weet dadelik hy het iets onderbreek. Zach se hare staan in elke moontlike rigting, sy wange gloei onnatuurlik en die oorblyfsels van 'n onpeilbare emosie prut nog in sy oë.

“Sal ek later terugkom?” vra hy ongemaklik. Dit sal hom leer om op die ingewing van die oomblik hier aan te ry nadat hy die Sondagkoerant gaan koop het.

Êrens klap 'n deur en 'n koue vlaag trek tot by hulle. “Lyk my nie dis nodig nie.” Zach sug en skud sy kop terwyl hy die deur wyer oopmaak en weer agter Saul toedruk. “Die klein idioot. Sy gaan weer sopnat reën. So eiewys as wat daardie Calitze is.”

Saul versteen. In sy binneste tuimel alles deurmekaar. Vir 'n oomblik dink Saul hy gaan opgooi. Jo was hier. En hulle het beslis nie net oor Zach se gebeurlikheidsplan gepraat nie. Daar bestaan geen twyfel dat Zach 'n passievolle sessie agter die rug het nie. Niks anders laat 'n man lyk soos Zach nou lyk nie.

Zach hark sy vingers deur sy hare. “Kom ek skink vir ons 'n dop. Die Vader weet, ek het een nodig.”

“Ek dink nie so nie.” Die woorde kom met moeite verby 'n spontane aanval van klem-in-die-kaak. Saul draai terug deur toe, maar Zach staan in sy pad.

“Dis fine, Saul. Sy is weg. Hopelik sal die koue haar tot haar sinne laat kom. En dis nie ver chalets toe nie.”

“Zach, as jy nie daardie deur nou vir my oopmaak nie, gaan ek jou moer. En ek gaan moer om dood te maak,” kry hy die waarskuwing uitgepers.

Zach kyk hom oorbluf aan. Saul sien hoe begrip stadig daal. Hoe Zach besef Saul het die tekens reg gelees. As Zach de Graaff sy eie gevreet liefhet, sal dit vinniger moet gebeur. Saul weet nie hoe lank hy nog sy vuiste sal kan beheer nie.

“Saul, bedaar. Dis nie Jo nie.”

Dit neem ’n paar aardskuddende oomblikke voor sy woorde behoorlik tot Saul deurdring.

“Dis Sue. Ek is mal oor haar. Al weet ek sy gaan my hel op aarde gee. Hopelik vir ’n lang, lang tyd.”

Saul het al gehoor van iets soos ’n idiotiese glimlag. Nou sien hy hoe een lyk. Hy laat sy asem stadig uit. “Waar is daardie dop?”

Toe die deur oopvlieg, kyk Jo verskrik op van die lys wat sy maak terwyl sy vir Nan verduidelik wat Zach se plan behels. Sue waai saam met ’n vlag reën in. Sy is druipnat, maar nie meer in haar eie klere nie.

“Jimmel, Sue? Ek dag Zach sê ...”

“Zach se moer.” Sy storm die badkamer in, dan weer uit na die kamer waar sy slaap. Oomblikke later kom sy met droë klere in haar hand uit. Sy bly voor die badkamerdeur staan en kyk van die een na die ander.

“Aangesien ons almal klaarblyklik altyd alles vir mekaar moet vertel: Ek en Zach het seks gehad. Dit was great. Ek haat hom.” Die deur daver agter haar toe.

Dis Jeannie wat eerste herstel en begin proes. Nan se skouers begin skud. Jo giggel verspot. Asof dit die open sesame is, bars hulle gelyk en kliphard uit van die lag.

“Ek hoor julle!” kom dit deur die deur. “Fok julle ook!” As Sue iets verder te sê gehad het, sluk die geluid van stortwater dit in.

“En kort na my pa daar weg is, bel Priscilla my en klim my in van ’n kant af. Sy sweer my die dood voor die oë as ek Donnie blootstel aan die klomp prostitute wat die dorp kom oorneem het. Hy help glo my pa met die kaste en sy sal beslis ’n stokkie daarvoor steek as Gideon dalk om die een of

ander onverklaarbare rede besluit om voort te gaan. En sy sal ook nie toelaat dat Monique verder met die Calitze heul nie.”

Saul voel halfverlig dat hy sy oggend uit die hel met Zach kan deel. “Maar dis nie al nie. Die gehoorbuis was nog nie lou nie, toe bel Riekie my. In trane. Haar ma weier dat sy weer ’n voet by die kasarm sit en het die sketse waarmee sy besig was, opgeskeur. Gelukkig het sy net met ’n nuwe gedagte op ’n kopie van die oorspronklike eksperimenteer.”

Saul bly vir die eerste keer ná sy lang relaas stil. As hy doodeerlik moet wees, was dit nie op die ingewing van die oomblik dat hy hier aangedoen het nie. Hy het inderdaad gehoop hy kan met Zach oor hierdie skreiende ding praat, sy mening hoor. Buitendien, dis nie net persoonlik nie. Dit raak hulle beplanning vir die werk aan die kasarm. Riekie se mosaïekwerk was die hele inspirasie vir die Gaudi-ontwerp. En as sy pa onder die druk swig, gaan hulle moeilik iemand anders kry vir die houtwerk. En dit sal veel duurder wees. Hy weet Gideon doen dit eerder vir die plesier as die geld.

“Dis laster, Saul. Baie ernstige laster,” sê Zach uiteindelik.

“Natuurlik is dit, maar die veldbrand is klaar aan die versprei en daar is bitter min wat ons daaraan kan doen.”

“Ons kan Hendrien sue.” Zach kry vir ’n oomblik weer ’n skaapagtige uitdrukking op sy gesig voor hy sy kop skud en ooglopend probeer konsentreer.

Hemel, maar die man moet die skoot hoog deur hê. “Zach, al word Hendrien lewenslank tronk toegestuur, wat nie ’n onaangename gedagte is nie, is die kalf in die put. Hierdie skinderstorie gaan nie geblus kan word nie.”

“Hoeveel daarvan dink jy is waar?”

“Genoeg om dit soos die waarheid te laat klink.” En genoeg om hom ’n permanente knaagpyn in die omgewing van sy hart te gee. Maar dit hoef Zach nie te weet nie. Hy het waarskynlik sy eie vrae oor Sue.

“Wat het jy vir Riekie gesê?” vra Zach ná ’n lang stilte waarin Saul kon sien dat hy homself ’n paar van daardie vrae afgevra het.

“Dat sy lankal mondig is en kan doen wat sy wil. Sy moet self besluit. Sy het net van voor af in trane uitgebars.”

Zach se BlackBerry begin “I’m too sexy for my shirt” speel. Ieg, weet Saul en wag dat Zach antwoord.

“Jip?” Zach frons en staan op. “Fok, Ieg, was jy van jou verstand af?”

Zach begin op en af stap terwyl hy luister. “Is jy oukei?” Hy gaan staan. “Ek is nou daar. Of ek sal vir Saul vra. Hy is hier by my.” Zach bel dadelik weer en kyk in die lug op asof hy hulp soek. “Maggie? Kom jy reg?” Die stilte is kort. “Gee die spul ’n rondte gratis draughts en bak solank genoeg tjips vir ’n bord op elke tafel. Ek is nou daar.”

Saul sit by voorbaat sy glas neer. “En nou?” vra hy toe Zach aflui.

“Ieg het iemand gemoer en toe breek ’n fight uit. Hy sit by die polisiekantoor op Bloumond. Een van die kombuispersoneel probeer die fort in die kroeg hou, maar dit tère. Daar is ’n span Harley-ouens wat die bliksem in is, kastig omdat hulle girls die fight moes aanskou. Asof hulle reputasie lelieblank is. Gelukkig het die polisie besluit om Ieg nie te vervolg nie en die ander ou wou nie ’n klag lê nie. Daar is nie ’n voertuig beskikbaar om Ieg terug te bring nie. Sal jy hom kan gaan haal?”

“Natuurlik.” Saul kry sy sleutels en baadjie en volg Zach voordeur toe. “Waaroor het Ieg die ou geslaan?”

“Die ou het glo luidkeels verkondig ’n klomp terte het die dorp betrek en daar gaan binnekort ’n bordeel hier oopmaak. Ieg het gesê hy praat twak, toe vra die klong of Ieg nie oë in sy kop het nie. Ieg werk dan self vir die madam, die hottest piece of arse op die dorp.”

Die woede wat deur Saul trek, is suiwer en witwarm. Selfs die koue buite voel asof dit teen sy vel sis. “Wie was dit?”

“’n Semi-local van Bloumond. ’n Grootbek imbesiel en as jy hom aanvat en vir moord in die tronk beland, is jy net so ’n imbesiel. Ons praat later.” Zach spring in die Land Rover en trek al ’n ent weg voor Saul homself sover kry om na sy kar toe te draf.

Jo klop aan Sue se deur en druk dit oop sonder om te wag vir haar antwoord. Sy kruip nou al hier weg vandat sy klaar gestort het. Sue lê op die bed met haar rug na Jo toe en waai net ’n gaan-weg-wuifie.

“Sue, dit help nie om jou te wip nie. Dit was snaaks in die oomblik.”

“Ek het my nie gewip nie. Dis nie oor julle gelag het nie. Loop net, asseblief,” kom dit dofweg verby die kussing.

Jo gaan sit op ’n houtstoel langs die bed, haar elmboë op haar knieë.

“Sue, ek is jammer ek het reageer soos ek het toe jy my van Con vertel het. Ek besef hy is die vark in die verhaal. Jy kon my ’n bietjie gouer ingelig of vooraf gewaarsku het, maar die effek sou waarskynlik dieselfde gewees

het. Buitendien, ek was dalk meer ontsteld daaroor dat ek waarskynlik afgesteek het by jou. Ek weet dis stupid, maar ek is nie ervare nie en Con ...”

Sue draai na Jo toe en stut haar op haar elmboog. “Con is ’n vrot lover en as jy dit nie agtergekom het nie, is jy waaragtig onervare. En dit vlak voor veertig. Foei.”

“Ek het gedink ...” Jo bly stil. Daar is net een ding wat erger is as dat sy en Sue ’n lover gedeel het, en dis om vergelykings te probeer tref.

“Jy’t gedink dis jou skuld? Nee. Hy is ’n selfsugtige vark, dis al. En dis die laaste woord wat ek in dié verband oor Con Coetzee gaan rep.”

“Amen. Kom sit nou by ons, toe? Julle ry netnou al weer en dit voel asof ek niks van jou gehad het nie.”

Sue dink ’n oomblik na. “Op een voorwaarde.”

“Ja?”

“Julle noem nie daardie ander naam voor my nie en julle vra niks uit nie en maak geen uitlatings daaroor nie.”

“Jy bedoel Zach?” Jo probeer haar lag onderdruk.

Sue probeer haar met ’n kyk verpletter. “Wat het ek gesê van name? En dis nie snaaks nie.”

“Wat is nie snaaks nie?”

“Magtag, Jo, moet ek dit vir jou uitspel? Ek sien ’n man vir die eerste keer in my lewe in ’n kroeg. Ons wissel hoogstens twintig woorde met mekaar. Twee weke later sien ek hom ’n tweede keer en binne minder as ’n uur het ek seks met hom! Dink jy enigiemand wil oor iets so tacky praat?”

“Jy’t gesê dit was great seks. Hoekom pla dit jou nou terwyl jy in die verlede ...”

“Hou my verlede hier uit, asseblief. Dié is anders. Julle ken hom. En die bliksem is nie eens getroud nie.” Toe sy besef haar woorde het moontlik vermaaklikheidswaarde, gee Sue Jo die soveelste waarskuwende kyk maar dit help niks nie.

Jo kan haar lag nie keer nie. Sy sien hoe Sue se mond begin bewe, haar lyf begin skud, en hoe sy nie anders kan as om saam te lag nie.

Sue is skoon uitasem toe hulle uiteindelik bedaar. “Fok, Jo, ek dink ek is verlief.”

“En dit vlak voor vyftig? Foei.” Jo probeer haar sedig hou maar moet

vinnig 'n kussing vang vir haar moeite.

“Mag ons ook hoor wat so snaaks is?” vra Nan by die deur.

“Nee, dis tussen my en Sue,” grinnik Jo. “Kom ons gaan eet êrens iets. Melodrama maak my altyd honger.”

“Wat van die Vliegende Hollander?” loer Jeannie ook by die kamer in.

“Oor my dooie liggaam.” Sue kom orent.

“Jy sal nêrens anders binne kan rook nie,” voorspel Jeannie

“So be it.”

Hulle kies 'n kleinerige plekkie wat Kaapse kos adverteer. Dis verrassend vol, maar hulle kry die laaste tafel. Jeannie se rookvoorspelling word bewaarheid, maar Sue skop wonder bo wonder nie 'n bohaai op nie. Sy is selfs insiklik toe sy net wyn kan kry en nie whisky nie.

Jo verkyk haar aan Sue terwyl dié die spyskaart bestudeer. Dis asof alles aan haar gloei. Haar wange, haar oë, selfs haar hare lyk blinker, maar dis ook asof daar 'n geheimsinnige aura om haar hang.

“Jo, hoekom kyk daardie vrou ons so aan?” vra Jeannie sag. “Die een by die kasregister.”

Jo loer in die rigting en frons toe die vrou ná 'n giftige kyk minagtend snuif en kombuis toe stap. By een van die tafels gaan 'n gelag op en toe Jo daarheen kyk, is almal se oë op hulle gerig.

'n Gryskopvrou met 'n bont voorskoot om haar gul middel gebind, kom uit die kombuis gestap en stuur direk op hulle af.

“Middag.” Sy pen Jo met haar oë vas. “Jy is Jo Calitz, is ek reg?”

Jo knik.

“Ek is jammer, maar hierdie tafel is bespreek. Die kelnerin het 'n fout gemaak.”

Jo frons en haar oë flits na 'n tafel waar gaste begin opstaan. Die mense was klaarblyklik nie honger nie. Dit lyk asof nie een klaar geëet het nie.

“Kan ons daarheen skuif?”

“Ongelukkig nie. Ek moet julle vra om elders te probeer. Ons is vol.”

“Mag ek vra waarom jy eers seker gemaak het wat my dogter se naam is voor jy gesê het die tafel is bespreek?” vra Nan.

“Ek het haar al in die dorp gesien. Saam met Zach de Graaff.” Sy spoeg Zach se naam behoorlik uit.

Sue se ore spits opsigtelik.

“En wat het haar naam te doen met jou versoek? Of is dit die feit dat sy saam met Zach was?” Nan se stem is so kalm as wat kan kom, maar Jo ken die uitdrukking in haar oë.

“Ons is ordentlike mense en ons klandisie ook. Asseblief, moenie dit onaangenameer maak as wat dit is nie. Ek kan nie bekostig om my regulars te verloor nie.”

Nan vou die servet wat sy op haar skoot oopgevou het in vier en staan op. Sy troon oor die voorskootvrou uit. “Ons sal gaan, maar net as jy vir my sê wat jou gereelde klante teen ons het.” Sy beklemtoon “gereelde klante” baie effentjies.

Die vrou trippel ongemaklik rond. “Julle is te rof.”

Die restaurant het doodstil geword. Selfs die mense wat gelyk het asof hulle op pad uit is, staan net waar hulle staan.

“Ons is te rof,” herhaal Nan sag.

“Jo draai al klaar vir Zach om haar pinkie en vir Saul ook. Selfs onse dominee is halfpad gegoël, sê Priscilla vir my.”

“Jy bedoel seker begogel, Mevrouw,” korrigeer Nan ysig.

“Wat sê sy?” vra ’n ouerige man wat moontlik hardhorend kan wees, want hy praat kliphard.

“Sjt,” maak iemand hom stil.

“Wie is die meisiekinders?” vra hy effens sagter.

Die vrou aan sy sy fluister iets.

“Hoe sê?”

“Die Calitz-slette, Pa,” klink dit duidelik deur die hele vertrek.

Die ou man kyk onbeskaamd in hulle rigting. “Maar hulle is dan so mooi?”

Jeannie gee haar proeslaggie, Sue ’n snorkgeluid wat baie na ’n onderdrukte lag klink. Jo doen dié keer nie mee nie, maar Nan glimlag vir die ou man. “Dankie, Meneer,” sê sy hard en duidelik voor sy na Jo en die ander twee kyk. “Kom, slette, ons het mans om te vang. Ek deps die dominee.” En daarmee marsjeer sy kop in die lug uit.

In die kar vee hulle nog lagtrane af toe Nan se gesig weer ernstig plooi.

“Wat de hel het daar binne gebeur?”

“Search me,” sê Sue.

“Ek weet ook nie, maar ek is nog steeds honger,” kla Jeannie verstommend genoeg. “Die bobotie het hemels gelyk en geruik.”

“Ditto in al drie opsigte, maar ek het my lus vir uiteet verloor.” Jo skud haar kop nog steeds verdwaas. Die Calitz-slette. Liewe hemel. Nan het die spul dalk op hulle plek gesit, maar dit maak die hele situasie nie minder ontstellend nie.

Nan haal haar beursie uit. “Jeannie, gaan kyk wat jy vir ons hier oorkant die straat by Hendrien se Spens te ete kan kry. Daar moet nog slaai by die chalet wees en Jo sal darem seker hier en daar iets hê om by te sit benewens die Sue-verwoeste kaas.”

“Brr, dis koud,” wil Jeannie begin protesteer maar vat tog die beursie.

Jo hou haar ingedagte dop terwyl sy oor die blinknat straat draf. Gelukkig het die reën effens bedaar. Sy verstar toe Jeannie vassteek en onseker na hulle toe omkyk en haar hande lig. Die kennisgewing teen die glasdeur wat so pas nog “Open” gewys het, is omgedraai om “Sorry, we’re closed” te lees. Jeannie klop aan en dans ’n rukkie rond van die koue, maar die deur bly toe.

Nan toet liggies en beduie Jeannie moet terugkom. Jo hou vir haar die deur oop.

“Sy het my sien kom!” roep Jeannie nog voor sy weer haar sit kry. “Die ou heks.”

“Ek dag sy is so ’n wonderlike tannie?” karring Sue.

“KwikSpar, Nan,” besluit Jo grimmig. “Ons sal ons eie bleddie kos maak,”

“Oukei, die saak staan só. Wat ook al in hierdie dorp aan die gang is, ons gaan ons nie steur aan sulke kleinlikheid nie. Ons het ’n huis om te bou,” verklaar Nan terwyl die geure wat Jeannie optower Jo se mond laat water.

Die stoom uit die potte bewasem die vensters. Sue het ’n verwarmers in een van die kaste opgespoor en dit begin amper gesellig raak.

“Ek neem aan jy het nou vas besluit, Jo?” vra Nan.

Jo knik.

“Kan ek ook hoor wat die nuutste is aangesien ek elders was terwyl die besluite klaarblyklik geneem is?” vra Sue. Kommentaar oor die “elders” is sonder twyfel verbode. Dit spreek uit die vernouing van haar oë toe dit net lyk asof Jeannie iets wil sê.

“Jo gaan Abalone’s los. Sy sal net hou wat haar toekom, die res terugbetaal sodra ons seker is hulle tjek is deur en intussen ’n brief faks wat haar voorneme asook haar redes en dinge uiteensit,” verduidelik Nan. “Zach se gebeurlikheidsplan is briljant in sy bedrieglike eenvoud en noudat ek ingestem het om die miljoen in die pot te sit en Jo voltyds hier sal wees, kan alles net soveel vinniger gebeur. Dis nog net Saul wat finaal moet besluit, maar Zach het vir Jo gesê hy sal baie verras wees as Saul kop uittrek.”

“Een van die geheime van die plan is baie streng beheer oor logistiek,” neem Jo oor en som Zach se plan kortliks op. “Julle gaan my egter moet help verf voor Gideon kan installeer,” sluit sy af.

“Sommer net so?” vra Sue.

“Sommer net so, ja. Dis julle plek ook. En jy is au fait met die verouderingstegniek.”

“Oukei, genoeg van die boring stuff. Wat gaan jy met die junk in die sitkamer maak?”

Jo sug. “Ek moet dit uitsorteer sodat ons dit in een van die vleuels kan berg voor die strukturele werk gedoen word. Dieselfde geld Jeannie se boeke. Gelukkig is dié nou gepak en kan net getrek word.”

“Ek sal jou help.”

Jo kyk verbaas na Sue. “En jou werk?”

“Ek het nie gesê ek gaan vir ewig bly nie, maar ek kan ’n paar dae bly. ’n Week dalk, as jy lucky is. Ek skuif net ’n paar afsprake rond.”

“Ek kan raai waarom.”

“Shut up, Jeannie.”

Jo dink eers Sue het dit gesê, maar dié kyk verras na Nan. “Dankie, Nan. Jy neem die woorde so uit my mond.”

“Is jy seker, Sue?” vra Jo hoopvol.

“Ja. Tot jy my gatvol maak. Ek kan nie toelaat dat jy die enigste Calitz-slet in die omgewing is nie. Ons sal solank die front vorm tot die ander twee slette weer kom kuier.”

“Nog nooit van ’n slet gehoor wat nog ’n maagd is nie, maar daar is seker altyd ’n eerste keer,” verklaar Jeannie en sug teatraal.

“Dit was heerlik, Jeannie.” Nan frommel die papierservet op en sit terug. “So lekker dat ek niks lus is om nou terug te ry nie.”

“Moet dan nie. Dis al ná vier en boonop goor buite. Jeannie het gewoonlik nie Maandae skofte nie en jy is op pensioen.” Sue pik nog ’n tamatie uit die slaai.

Pensioen. Die besef dring finaal tot Nan deur. Sy is ’n pensioenaris. Môre gaan sy nie werk toe nie, want sy is verby haar sell-by-date. Sy wag vir die swaarmoedigheid wat moet volg, maar dit kom nie. Vir die eerste keer in haar lewe kan sy doen net wat sy wil en wanneer sy wil.

Die opwinding wat deur haar stu, is van korte duur. Dis skrikwekkend. Sy het niks om te doen nie. As sy eers hier is, sal sy weer die Hiërofant onder die loep neem, maar dit help nie terwyl sy in die Kaap sit nie. Sy het soveel in die winkel gedoen as wat sy kon. Sy moet hier wees om dit te kan bedryf. As sy besluit om dit te doen.

“Jeannie? Is dit oukei as ons môre ry?”

Jeannie haal haar skouers op. “Ek het Dinsdag ’n oggendskof.”

“Dan bly ons tot môre. Reg so met jou, Jo?”

“Natuurlik. Dis heerlik om julle hier te hê. Miskien kan julle môre kasarm toe kom voor julle padvat. Hopelik bring Gideon die deurtjies sodat julle ook kan sien. As die grondpad nie te sleg verspoel is nie. Ek sal laat weet. Die paneelwa sal maar daar moet deur. Ek en Sue het baie om te doen.” Jo kyk na Sue. “Het jy darem genoeg klere saamgebring?”

Sue skud haar kop. “Ek sal seker maar ...”

Nan sny die gesprek uit. Sy hoop nie die dominee het dalk ook besluit hy wil niks met die Calitz-slette te doen hê nie. Dit sal ’n groot terugslag vir Jo en die beplanning wees. Jimmel, sy hoop net nie dit kom by die man uit dat sy gesê het sy deys hom nie.

Dit bekommer haar juis so dat sy haar humeur so verloor het. Dit was dalk braaf vir die oomblik, en snaaks ook, maar dit was nie ’n slim ding om te doen nie. Om die waarheid te sê, dit was onnosel en kinderagtig. Die hele idee is immers dat hulle hierheen trek. Mens antagoniseer nie die mense van die dorp waarin jy vir minstens drie jaar wil woon en hopelik werk nie. En dis presies wat sy reggekry het.

Maar waarom het die restaurantvrou só opgetree? En die res? Selfs by die KwikSpar kon Nan sien hoe daar agter die hande gefluister word.

Sy kyk onderlangs na elkeen van haar meisiekinders. Vol draadwerk, elkeen van hulle, en ver van sonder foute, maar magtig, inherent is hulle goeie mense. Die beste en opregste wat sy ken. En hulle is hare.

Nee, verdomp, sy sal nie toelaat dat enigiemand hulle behandel soos vanmiddag nie. Oor haar dooie liggaam.

VYF EN DERTIG

Maandag 4 Oktober

Dis nog knypkoel, maar so triestig as wat gister was, so helder en ene sonskyn is dit vanoggend. Alles lyk blinkskoon en die see skitter die ene sondiamante. Die pad is nie veel slegter nie behalwe dat die slaggate nou vol reënwater staan en die padskouer modderig is.

Jo parkeer die paneelwa op sy gewone plek. Vir 'n wonder het sy Sue voor sewe uit die bed gekry en hulle is vroeg. Selfs Zach se span het nog nie aangekom nie.

“Hel, maar dis mooi,” adem Sue toe hulle uitklim.

Jo kyk verras na haar en verstaan beter toe sy sien Sue se oë is op die see gerig.

“En om te dink ons kan elke oggend hier wakker word.” Jo maak 'n wye gebaar om die hele uitsig in te sluit.

“Dit sal ons nog maar moet sien.” Sue draai stadig in die rondte en neem die agtererf in. “Dit gaan 'n wonderwerk en vragte grond vat om van hierdie stuk aarde 'n tuin te maak. Dis meer sand as iets anders.”

“Fynbos?”

Sue haal haar skouers op. “Ek weet nie. Fynbos is fascinating, maar dit voel nie reg vir die plek nie. Ek sal maar eers Saul se sketse moet sien voor ek besluit. Maar waarmee ek heel eerste wil begin, is 'n kruietuin vir

Jeannie. Sy het gistermiddag skoon op my senuwees gewerk toe sy so gekla het omdat sy droë kruie in die kos moes gebruik.”

“Jy sal ’n plek weg van die bouarea moet kry. Daar sal nog vir baie lank hier gekom en gegaan en gebou word.”

“Langs die skuur dalk. Die sonkant. Dis uit die pad uit.”

“Wel, voor jy begin spit en kompos maak, dink ek moet ons eers die spul meubels gaan uitsorteer.”

Sue knik, maar Jo kan sien haar kop is by die kruietuin.

Hulle stry oor die redbaarheid van ’n seemanskis toe die loodgieter ingestap kom.

“Môre, Tom.” Jo kan dadelik sien iets is nie lekker nie, maar sy stel Sue eers aan hom voor voordat sy vra wat skort.

Hy lyk ’n oomblik lank ongemaklik en skud sy kop. “Kyk, Jo, ek sê nie ek glo die stories nie, maar ek kan kliënte verloor. Hierdie spul afgetrede predikante het hulle eie idees en hulle vrouens is nog erger.”

“Ekskuus?”

Hy kyk van Jo na Sue en weer na Jo. “Die stories. Oor julle. As ek aanhou vir jou werk, kan my ander kliënte my dalk boikot.”

“Watse stories?” vra Sue en Jo kan hoor sy is op die oorlogspad.

“Nee, kyk, die dorp gons oor julle sedes en dinge. En hoe julle mans vir brekfis opvreet. My vrou is al klaar vanoggend die donner in vir my omdat ek gesê het ek sal self kom sê ek kan nie hier aangaan nie. Asof een van julle nou vir my sou kyk.” Hy lag kortaf.

“Ons sedes?”

Hy knik. “Hendrien loop en vertel ieder en elk van julle het ’n bybie gehad voor julle nog uit die skool is. En daarna het dit nie beter gegaan nie. As jy almal se stories moet glo, hoer en rumoer julle van die oggend tot die aand. Verskoon my taal, maar dis wat gesê word. Soos ek sê, ek glo dit nie, maar ek kan skade ly.”

“Tom, verstaan ek reg? Jy gaan nie jou werk hier voltooi nie? Jy gaan my net so los met oopgekapte mure en sonder water? En dit oor ’n skinderbek se stories?”

Hy kyk weg.

Jo kyk op haar horlosie. Dis al ná agt, besef sy nou eers. En nie een van die ander werkers is hier nie. Ook nie Ieg of Zach nie.

“Die ouens van Hermanus sal dalk kans sien. Of enigiemand wat nie hier woon nie. Nie afhanklik is van die spul hier vir werk nie,” sê Tom uiteindelik.

“Iemand van buite gaan my ’n fortuin kos, Tom, en ons het ’n ooreenkoms. Ek het jou kwotasie aanvaar. Dis ’n kontrak.”

“Kan jy my hof toe vat?” Hy lyk snaaks genoeg meer verlig as bekommerd.

“Nie net kan nie,” sê Sue en staan dreigend nader. “Ons sal. En nie net vir kontrakbreuk nie, vir crimen injuria ook. En jou vrou ook.”

Jo hoef nie eens na haar te kyk om te weet sy bluf nie, maar sy klink oortuigend genoeg.

Tom vryf sy hande en lyk amper te bereid om haar te glo, miskien omdat sy oë op Sue se bates vasgesteek het. “In daardie geval het ek mos nie ’n keuse nie. Julle moet bleddie baie geld hê om hierdie plek aan te vat, wat beteken julle kan my ry tot by oom Daantjie in die kallerhok, of hoe?”

“En verby.” Sue plant haar hande op haar heupe. “Ons Calitze ken nie die einde van ons skatte nie. En dit kan jy maar vir die res van die lafaards ook sê. Ons sal ieder en ’n elk van julle aanvat en glo my, julle sal bankrot aan die ander kant uitstap. Dis te sê as julle nie in die tronk beland nie.”

“Dan weet ek nou wat om vir die vrou te sê. Sien julle nou-nou, ek gaan net my span haal. Die plek moet nou klaarkom.”

Hy is al lankal by die deur uit voor Jo waag om na Sue te kyk. “Nie die einde van ons skatte nie, nè?”

Sue hou haar hand in die lug vir ’n high five. Jo gehoorsaam laggend. Maar dis nie ’n uitbundige lag nie. Daarvoor is die saak te ernstig.

“O, hemel. Ek wonder of dit is waarom Gideon nog nie vir my die kasdeurtjies kom wys het nie?” En Gideon, weet sy, is heeltemal ’n ander kaliber mens as Tom. Vir hom sal mens nie met ’n bietjie intimidasie om die bos kan lei of met ’n buustemaat beïndruk nie. Buitendien hy is ’n predikant. Losse sedes is taboe.

“En toe, as julle soos twee henne met piep staan?” vra Nan toe sy met ’n warmfles in haar hande binnegestap kom. Jeannie drentel agterna met ’n bakkeryboksie. “Kom ons drink koffie. Hier is hopelik bekers. En Jo, ’n mannetjie met ’n vet blouoog en ’n dubbelgrootte neus sê ons moet jou laat weet hulle is op pad. Die trokkie het in die modder vasgeval toe hulle vir ’n slagget uitgedraai het. Wat is sy naam nou weer, Jeannie?”

“Ieg. En hy’s nie ’n mannetjie nie, hy is ’n hele paar jaar ouer as ek.” Sy hou die boksie in die lug. “Doughnuts.”

Jo slaak ’n sug van verligting. “Dank die gode, ek dag Ieg-hulle het my ook geboikot!”

“Boikot?”

Sue verduidelik terwyl hulle koffie drink.

“Jeannie se kaneeltannie sit glo agter die ding,” voeg Jo by.

“En hoe weet Hendrien nogal van ons ‘bybies’ en dinge?” vra Nan en vee haar hande vieserig aan ’n snesie af toe sy besef daar is nie water in die krane nie.

Jo skud haar kop. “Vaderalleen weet.”

“Casper dalk?” vra Sue.

“Jo het nie voor hierdie naweek probleme gehad nie. Nie van hierdie omvang en aard nie, in elk geval. Buitendien, hoe sou hy ...” Nan bly stil.

“Quintin,” sê Jeannie hardop wat Jo ook dadelik besef.

“Gaan haal daardie lêer, Jeannie,” gee Sue opdrag, maar Jeannie is al op pad.

Hulle hoef nie al die aantekeninge te lees om te besef dat Quintin elke vuil stukkie wasgoed in hulle lewe op ’n verdraaide manier aan Casper weergegee en hulle in die slegste moontlike lig gestel het nie.

“Hy stalk ons al vir drie jaar lank! En kyk hier, hy moes met daardie Wikus-doos gepraat het.” Sue kyk vinnig na Jeannie. “Sorry.”

“Jo, ons karre wat beskadig is. Dit het gebeur dieselfde naweek wat hy by Jeannie se restaurant opgedaag het,” peins Nan. “En nou is daar ’n skinderveldtog van formaat kort nadat hy uit die bloute hier aangekom het.”

Jo herkou aan die implikasie. “Maar hoekom?”

“Kleinlikheid omdat ons geërf het en hy nie?” Sue lyk self nie baie oortuig nie.

“Nee, hel, dis darem nie te sê dat dit hy was wat vir die skade aan die karre verantwoordelik is nie,” keer Jo. Dit voel asof sy op ’n wegholtrein beland het.

“Seker nie, maar wanneer is Sue se bakkie beskadig? Die Saterdag,” antwoord Nan haar eie vraag. “Myne die Sondagoggend, Jeannie s’n daardie selfde Sondagmiddag – toevallig dieselfde middag wat Quintin by haar restaurant opdaag. En jy het daardie Maandagoggend gesien dat joune

ook gevandaliseer is, maar dit kon ook Sondag gebeur het.”

“En daardie ...” Jo kou haar onderlip nadenkend en skud dan net haar kop.

“Waarom het jy gedink?” vra Nan.

“Die wit motor wat my ontsenu het op pad hierheen. Dit was Dinsdag. En Quintin ry in ’n wit motor. En iemand het ‘voertsek’ in die vroeë oggendure van die volgende dag op my kamerruit geskryf en dieselfde aand slaan die kasarm aan die brand. Die aand daarna kry ek en Saul vir Quintin waar hy in die donker om die kasarm rondsnuffel.”

“En wanneer het Quintin vir jou gesê hy wil die kasarm huur?” vra Jeannie.

“Donderdag. En Vrydag het hy weer gevra.”

Jo slaan haar hand voor haar mond. “O, hel, van Vrydag gepraat, ek moet nog daardie brief aan Con en Abalone’s êrens druk en faks.”

“Doen dit vanmiddag nog.” Nan gooi haar vlegsels op haar rug.

“Nietemin, daar is by my min twyfel dat Quintin vir die skinderstories en die karre verantwoordelik is. Wat sy rede ook al is.”

“Ek stem saam, Nan, en alles dui daarop dat hy Jo hier wil weg hê. Daarom dink ek nie dis te vergesog om te vermoed dat hy dalk ook vir die brand en die ‘voertsek’ verantwoordelik was nie.” Sue lyk bekommerd.

“Dis maar goed ek het besluit om agter te bly. Ek hou niks hiervan nie.”

“Is daar kontakbesonderhede op die faktuur?” vra Jo. “’n Selfoonnommer dalk?”

Jeannie blaai die lêer weer oop, skud haar kop. “Net sy naam.”

Die gerammel van ’n trok onderbreek die gespanne atmosfeer. “Dankie, tog. Ieg-hulle. Ek gaan net hoor wat aangaan.” Jo is verlig om te kan ontsnap.

Sy skrik haar oor ’n mik toe sy Ieg se geswelde gesig sien. “En nou?” vra sy hand voor die mond.

“Relletjie in die kroeg. Jammer ons is so laat. Ek kan nie so mooi uit die een oog sien nie en toe neuk ek in ’n moddergat.”

“Ek is maar net te bly jy is hier. Het die skinderstories jou nog nie bereik nie?” Jo sien dadelik hy weet waarvan sy praat.

“Dit het die hele M-baai bereik en Bloumond ook. Ons bou glo ’n bordeel hier.”

“’n Bordeel?” Jo kan sien dis vir hom pynlik, maar hy glimlag tog.

“Moenie worry nie. Dit sal wel weer oorwaai.” Hy kyk om toe nog ’n voertuig aankom.

Dis die elektrisiën s’n, nie die loodgieter soos Jo verwag het nie.

Sy gesig is ’n donderwolk toe hy oomblikke later voor haar staan. “Ek laat my nie dreig nie, juffie. Ek gee nie ’n moer om of julle die einde van julle skatte nie ken nie. Ek is ’n man van my woord en ek laat my nie hof toe sleep net omdat ek per ongeluk laat is nie.”

Dit neem Jo ’n paar sekondes om te besef die loodgieter het hom seker gekontak.

Sy knik. “Nee, dan is dit reg so. Ons sleep net mense wat kontrak breek hof toe.”

“Nou toe, ek het werk om te doen.” Hy skree op twee handlangers wat verskrik agter op die bakkie bly sit het en stoom kasarm toe.

Jo knipoog vir Ieg wat haar dronkgeslaan aanstaar. “Lang storie. Kom ons kry rigting met hierdie dag.”

“O ja,” keer Ieg toe sy wegdraai, “Zach sal eers later vanmiddag deurkom. En ek het twee ekstra handlangers gebring om die meubels en goed te begin oordra na die bergkantvleuel toe. Ek het gister laatmiddag kom kyk, die dak lek nie meer nie en die klammigheid is aan die opdroog. Die paar warm dae voor die reën het die ding gedoen.”

“Wonderlik. Dankie, Ieg.” Jo stap weg met ’n lied in haar hart. Zach is dus nog aan hulle kant. Nou is dit nog net Saul en Gideon oor wie sy haar bekommer. En Riekie! slaan dit haar. En sy is boonop Hendrien se dogter.

Die res van die oggend kry sy nie kans om haar te bekommer nie. Jeannie en Nan spring ook aan die werk toe hulle agterkom die handlangers kan die goed baie vinniger uitdra as wat hulle kan sorteer.

“Nee, magtig, my rug is af,” bring Nan hulle skuins ná een tot stilstand.

Jo vee die sweet van haar voorkop af en kyk om haar rond. “Die meubels is darem nou uit. Ek en Sue sal die snuisterye en losgoed vanmiddag in bokse pak en dan is die sitkamer leeg.” Sy kyk na Sue. “Dis te sê as jy na dese nog wil bly.”

“Ek het my bedenkinge.” Sy steek ’n sigaret aan. “Wat is daar nog om te doen?”

“Jy wil nie weet nie.”

“Ek is nie mal oor die need-not-know-basis nie, maar miskien is dit maar

beter as jy my nie sê nie. Ek dag tuinmaak is harde werk.”

“Ek sal gaan kos koop, dan eet ons sommer hier,” raak Nan prakties. “En daarna moet ek en Jeannie in die pad val. Jo, jy sal beter moet beplan. Vir julle kos en drinkgoed saambring. Ek wil nie volgende naweek op twee geraamtes afkom nie.”

“Hoekom bly jy nie, dan kan jy ’n paar van daardie rolletjies afwerk?” sê Sue.

“My eie plek moet ook opgepak kom. Dis amper tien jaar se opgaardery wat uitgesorteer moet word. En ek wil die plek laat uitverf voor die nuwe mense intrek.”

“Middag, middag! Sjoe, lyk my hier word omtrent gewerskaf.”

Jo val Gideon amper om die nek toe hy met ’n kasdeurtjie onder die arm ingestap kom.

Nan verstar toe die stem agter haar opklink. Sy besef feitlik onmiddellik hoe laf sy is, maar vir ’n oomblik het die man nes Adriaan geklink.

Adriaan. Hoe kan ’n mens iemand ná tien jaar nog so verskriklik mis? Maklik, weet sy, as hy die spil was waarom jou lewe gedraai het. As hy vir so lank jou soet geheim was. En steeds is.

Sy draai stadig om en slaak heimlik ’n sug van verligting. Hy lyk glad nie soos Adriaan nie. Hy is heelwat langer en aantrekliker. Vir sy ouderdom.

“Skuus, ek kom nou eers hier uit, Jo. ’n Paar goed het voorgeval.” Hy kyk na Nan en steek sy hand uit. “Gideon Wienand. Aangenaam.”

Sy hand is droog en warm en sterk. Hy lyk glad nie soos ’n predikant nie. In elk geval nie dié met wie sy tot haar spyt al te doen gekry het nie. Predikante soos die een wat geweier het om haar aan te neem. En die geskiedenis is herhaal met Jo en Jeannie.

“Nan Calitz,” kry sy dit uit.

“Die een met die vlegsels.” Sy oë skitter. “Hulle sê vir my dis jy wat my gedeps het.”

Jeannie sal regtig daardie proeslaggie van haar moet afleer. En Sue haar snorklag ook. En Jo is te oud om te giggel. En sy sal self ernstig oor haar eie reaksie moet gaan nadink as haar wange op haar ouderdom nog vuurwarm kan word. “Dit was in die hitte van die oomblik gesê. Ek is jammer as dit jou affronteer of in ’n moeilike posisie geplaas het.”

Eers toe hy haar hand laat gaan, kom sy agter hy het dit nog heeltyd vasgehou. “Ek het lanklaas so lekker gelag. En dit was nog vermaakliker omdat een van die storiedraers so verskriklik verontwaardig was. Oor my eer glo aangetas is.”

“En dit is nie?” Nan kan nie help om te glimlag nie.

“Ek glo my eer is veilig. As ek so iets het.” Hy hou haar oë vir ’n oomblik gevange voor hy na Sue toe draai. “En jy moet Sue wees. Die een wat met hofsake dreig en verklap dat die Calitze nie die einde van hulle skatte ken nie.”

“Einste,” grinnik Sue en skud ook sy hand. “Die riemtelegramme vlieg klaarblyklik teen ’n verbasende spoed.”

“Glo my, vinniger as wit lig,” knik hy en verskuif sy aandag na Jeannie. “En dan moet jy Jeannie wees. Moet sê, jy lyk regtig nie vir my soos ’n satanis nie. Nie eens een tatoeëermerk nie?”

Jeannie se hand was op pad na syne toe sy versteen. Sy kyk vlugtig om na Jo voor sy soos ’n pyl uit ’n geweer met die wenteltrap opskiet.

Gideon kyk van een na die ander en sit die deurtjie teen die muur neer. “Ek ken ’n flater as ek dit gemaak het. Julle weet nie van daardie brokkie gif nie?”

Jo skud haar kop verdwaas. Dit was ook beslis nie in die lêer met Quintin se nydige verslae nie. En dit kan net verband hou met die Maidens. Hoe kan Quintin daarvan weet? Dit het so onlangs gebeur.

“Jo, kyk solank na die deurtjie, ek sal nou kom hoor wat jy dink.” Gideon mik trap toe.

“Ek dink jy moet Jeannie eerder aan ons oorlaat.” Sue se stem is ysig. “En as jou simpel grappie daardie kind weer in ’n toestand kry, knip ek jou knaters met ’n stomp skêr af. Predikant of nie fokken predikant nie. Ons het haar net aan die ontdooi gehad.” Sy rek haar treë verby Gideon, maar hy keer haar met ’n hand op haar arm.

“Sue.” Die stil gesag waarmee hy praat, het verbasend genoeg meer uitwerking as die baie ligte greep waarin hy haar hou. “Asseblief, ek is die een wat drooggemaak het. Kan ek ten minste eers probeer om Jeannie om verskoning te vra?”

Sue gee hom ’n verwoede kyk.

“Dit is immers my knaters wat op die spel is.”

Dis asof selfs die branders ophou breek het en die meeuë ’n oomblik lank

asem ophou tot Sue terugstaan. “Moet net nie opfok nie.”

“Ek sal probeer.” Hy stap verby haar, staan ’n breukdeel van ’n sekonde aan die voet van die trap asof hy vinnig bid voor hy die trap begin klim.

“Donnerse idioot,” prewel Sue en steek heel voorspelbaar weer ’n sigaret aan.

“Hy het nie geweet ons is onbewus van die volle omvang van die stories nie, Sue. Hy het seker aanvaar ons weet van alles. Iets wat klaarblyklik nie die geval is nie.” Nan weet self nie waarom sy die man staan en verdedig nie. Vir ’n oomblik kon sy hom persoonlik vermorsel het.

“Fine! Maar wie gaan weer die stukke moet optel? Wie gaan Jeannie weer aanmekaargelas moet kry? Ons.”

Jo se sug klink soos ’n brander wat uitspoel. “Ten minste probeer hy vergoed.”

“Roep my as julle my nodig het. Ek gaan kyk waar ek die kruietuin kan maak.”

Nan kyk sewemyllaarse Sue met ’n gevoel van moedeloosheid agterna.

Jo staar na die trap. As sy harder op haar onderlip byt, gaan daar bloed uitkom.

Nan buk by die deurtjie en tel dit op. “Dis baie mooi, Jo, maar kon julle nie nuwe hout gebruik het nie?” probeer sy haar aandag aflei.

“Dit is nuut. Ek het gevra dat hy dit distress.” Jo gee nog ’n sug en kom nader. Sy streel met haar smal vingerpunte oor die merke wat vir Nan die spulletjie nes ou hout laat lyk. “Dis perfek. Presies wat ek in gedagte gehad het. En kyk hoe mooi lyk die handvatsel. Dis Ieg se werk.”

Nan sit die deurtjie neer en kyk weer in die rigting van die trap. “Kom ons kry iets om met ons hande te doen. My senuwees hou dit nie.”

SES EN DERTIG

Die minute sleep traag verby. Jo en Nan pak die magdom snuisterye wat hulle inderhaas op die vloer moes neersit toe die meubels teen so 'n spoed uitgedra is, in die bokse.

Nou en dan vra Nan haar of sy iets maar kan weggooi of Jo vir Nan wat sy van 'n ding dink, maar verder werk hulle in stilte met net die branders se dreuning as agtergrond.

Jo gaan loer een keer buitetoe om te sien waar Sue is en sien hoe sy stokke met 'n klip inkap. Die tentatiewe uitleg van die kruietuin, neem sy aan en besluit om Sue eerder uit te los. Die onnodige geweld waarmee sy die klip hanteer, vertel sy eie storie.

Dis 'n goeie uur en 'n half ná Gideon agter Jeannie aan is voor hy ondertoe kom. "Sy wil 'n rukkie alleen wees, maar ek dink sy is nou oor die ergste," sê hy stilweg. Die oë wat so maklik agter die brilglase vonkel, is ernstig. "Jo, daardie soort geloofsgroepe is gif."

"Sy het jou vertel?" vra Nan verras.

"Heelwat. Genoeg om te besef dat die skade aansienlik, maar nie onomkeerbaar is nie. En ek kan aflei julle benadering tot haar en alles wat gebeur het, is in die kol, maar sy het ekstra hulp nodig. Iemand buite haar familiekring. Ek het pastorale berading gedoen op my dag. As sy wil, en met julle goedkeuring, is ek bereid om te probeer help. Indien nie, kry haar

by 'n ander berader.” Hy maak sy oë 'n oomblik lank toe. Toe hy weer na hulle kyk, lyk hy meer ontspande, maar iets roer in sy oë. “En nou moet julle my verskoon. Ek moet iemand onder vier oë gaan spreek.”

“Ek hoop dis Hen-fokken-drien.” Sue se oë blits.

Jo het haar nie eens hoor binnekom nie.

“Onder andere. Sy sal ons moet sê wie hierdie skandalige leuens versprei het.”

“Ons het 'n sterk vermoede,” sê Nan.

“Ja?”

“Quintin de Vos. My oorlede suster se seun. Hy was laas week hier. Hy wil die kasarm huur.”

Gideon se frons keep diep. Hy staar na die punte van sy seilskoene voor hy opkyk. “Snaaks dat dit my nie opgeval het nie, maar raai, nie 'n enkele een van die skinderstories oor Casper se nageslag gaan oor Quintin nie. Sy naam word skaars genoem. Het julle hom gekonfronteer?”

“Ons het nie sy nommer nie.” Jo kan haar nou skop dat sy nie aangedring het op sy nommer nie.

“Ek sal probeer uitvind wat ek kan.” Gideon laat rus sy hand vlugtig op Nan se skouer. “Laat dit aan my oor.”

Net so. Laat dit aan my oor. Jo kyk na Nan, sien dat sy net so verstom is oor hierdie man, een wat in 'n professie staan waarvoor hulle geen voorliefde het nie, wat skielik op 'n heel ander vlak as kaste maak hulle lewe binnegekom het.

“Hoe lyk die deurtjie, Jo?” 'n Glimlag skemer weer deur.

“Perfek in sy onperfeksie,” glimlag sy terug.

“Nou toe, ek hou julle op die hoogte. En laat weet my as daar iets is waarmee ek kan help.”

Hulle is 'n ruk lank stil nadat hy daar uit is.

“Gee my krag!” laat hoor Sue dan. “Nan, ek soek nie 'n predikant vir 'n swaer nie, verstaan?” Sy gee pad voor Nan kan antwoord.

“Stuitig,” is al wat Nan sê voor sy teen die trap opkyk.

“Kom ons los Jeannie nog 'n rukkie,” stel Jo voor en ignoreer liever Sue se opmerking.

Nan knik. “Ek gaan kyk of ek vir ons kan kos kry.”

Dit duur vyftien baie lang minute nadat Nan weg is voor Jeannie met die

trap afkom. Haar oë is dik gehuil en daar lê 'n maskarastreep oor haar wang.

Jo bly onseker na haar kyk. Gryp sy haar en druk haar vas, soos sy wil, of laat sy Jeannie besluit?

Jeannie gee 'n bewerige glimlag. "Sorry, ek het dit gelose."

"Dis oukei. Dis nie ongekend in ons geledere nie."

Jeannie kom slaan haar arms om Jo se lyf. Jo vou haar toe en wieg haar. Oor haar kop sien sy Sue weer inloer. Toe sy Jeannie sien, kom sy binne, maar bly staan 'n entjie weg.

"Sal jy darem vir Gideon kan vergewe?" vra Jo eers toe Jeannie 'n sidderende sug gee en wegstaan.

"Waarvoor?" Jeannie lyk opreg verbaas. "Hy het niks verkeerd gedoen nie. Hy wou seker maar net die ys breek en seker maak ons weet hy is aan ons kant. Hy is cool."

"Dan kan hy seker maar sy knaters behou," brom Sue en gaan weer buitetoë.

"Een van die redes waarom ek jou vertel het, is sodat jy Jo-hulle kan waarsku. Magtig, Saul, besef jy nie watse impak dit op hulle gehad het toe hulle vir alle praktiese doeleindes uit 'n restaurant gejaag word nie? Het jy enige idee hoe 'n aap ek gevoel het toe ek daardie enorme faux pas gemaak het? Die arme Jeannie is 'n wrak."

Saul hou die foon 'n entjie van sy oor af. Hy het sy pa nog selde so ontsteld gehoor. "Lyk my die skinderbekke is reg. Pa is ook al in hulle strikke vasgevang."

"Saul as ek my sonde nie ontsien nie ..."

"Bedaar, Pa. Ek is jammer. Dinge het gistermiddag handuit geruk met leg wat amper gearrester is en toe was daar weer die moeilikheidmakers by die kroeg. Ek moes Zach tot wie weet watter tyd help met die spul Harley-ouens wat gesuip geraak het en vanoggend kon een van die vakmanne ons net sien as ons hom voor sewe ontmoet. Ek is juis op pad kasarm toe." Hy sit sy flikkerlig aan en draai by die straat waarin sy huis is af.

Hy lieg nie, maar hy weet hy was ook lafhartig. Hy moes Jo gebel het. Nog beter, gaan sien het. Hy besef dit nou, maar dis ook nie nodig dat sy pa soos 'n bliksemse sneeustorting op hom afkom nie. Hoe moes hy weet

hulle sal dorp toe gaan? Hoe moes hy weet die stories sal so vinnig by hulle uitkom?

“Wel, roer jou litte. Terloops, jy het nie dalk kontakbesonderhede van Quintin de Vos nie?”

“Quintin? Nee, Pa. Hoekom?”

“Nan-hulle dink dis hy wat die stories versprei het.”

Saul dink ’n oomblik na. Die aand toe hulle Quintin by die kasarm betrap het, was sy eerste reaksie om te vlug. Hy kon dalk geskrik het toe hulle op hom afkom, en hy het hom redelik gou reggeruk toe hy Saul herken, maar iets was nie lekker nie. Wat sou gebeur het as Jo daar was? Alleen? Wat sou gebeur het as hulle nie sy flitslig gesien het nie? Nog ’n brand dalk?

“Hy is van Lichtenburg in Noordwes,” antwoord Saul uiteindelik. “De Vos is ’n redelik algemene van, maar soveel van hulle kan daar nou ook nie in ’n dorp wees nie. Alhoewel, hy is tans in die Kaap en kom glo binnekort weer hierheen.”

“Hopelik kontak hy Jo binnekort oor die huur van die kasarm dan sal ons wel sy nommer kry. Ek moet gaan.” Gideon wag nie vir ’n groet nie.

Saul hou stil en skakel die enjin af. Hy bly ’n oomblik so sit. Hoe vertel hy vir Jo wat van haar en Nan-hulle gesê word? Met ’n sug druk hy die selfoon in sy hemsak. This too shall pass. Maar daar is darem ’n helse klomp goed wat al moes pass sedert die Calitze geërf het.

“Ons het ’n goeie idee van wat die stories behels nadat ons deur die lêer is, Saul,” keer Nan. “Ons is regtig nie lus om dit te hoor ook nie. Maar ek waardeer dit dat jy bereid was om ons die agtergrond te gee.”

Jo sien die verligting in Saul se oë. Amper dieselfde mate van verligting wat sy gevoel het toe hy hier aangekom het.

“Ek is jammer, ek moes dit gistermiddag al gedoen het. Dit sou julle darem voorberei het.”

“Dit sou dalk gehelp het, maar dis water waarmee die meul nie weer sal maal nie.” Nan staan op en gooi die aluminiumbakkies waarin hulle vleispasteie was in die asblik. “En nou moet ek en Jeannie padvat.”

“Sal jy oukei wees?” vra Jo vir Jeannie terwyl Nan vir Sue en Saul groet. Jeannie knik. “Nan is daar.” Sy gee Jo ’n stywe drukkies. “Maar ek sal jou mis.”

“En ek vir jou.” Sy hou Jeannie nog ’n bietjie vas, druk ’n soen op haar

kroontjie en laat haar gaan. “Ek sien julle volgende naweek?”

“Daar gaan nog ’n paar honderd rand aan tips, maar ja. Ek is nie lus om alleen agter te bly nie. Ek sal kyk of ek ’n paar ekstra skofte in die week kan inwerk, en miskien kan ons Saterdag ná my ontbytskof ry.”

Nan kom groet ook, steek ’n prekie af oor veiligheid en middagetes en kort daarna is hulle op pad.

“Oukei, ek gaan gou Hermanus toe om vir my ’n paar stukke klere te koop,” kondig Sue aan. “Sien jou by die chalet?”

Jo knik. “Jy kan die paneelwa vat.”

“En al die fun mis van mense wat hulle koppe agter die Cadillac aan draai?” Sue grinnik. “You must be kidding. Bye, Saul.”

“Julle is ’n interessante klomp,” sê Saul toe die Cadillac ook om die draai verdwyn.

“Dit het sy nadele,” grimlag Jo. “Maar genoeg daarvan. Is dit moontlik dat ek jou drukker kan gebruik? Ek moet ’n dokument druk om dit te gaan faks.” Sy haal die geheuestafie met die brief wat Nan gedikteer het uit haar sak.

“Jy kan direk van my rekenaar af faks. Kom ons stap sommer nou boontoe.”

“Met alles wat gebeur het, het ek nog nooit eens kans gehad om vir jou of Zach te sê nie, maar ek gaan nie meer Abalone’s doen nie,” sê sy terwyl hulle aanstryk, “en Nan het ingestem om ’n miljoen te stoot.” Sy geniet dit om die verrassing op sy gesig te sien. “Dus is dit nog net jy wat moet besluit of jy jou nek gaan waag.”

Hy steek vas. “Sê jy nou vir my die gekkedroom is aan die waar word?”

“As jy bereid is om jou miljoen saam met die Calitz-slette in die pot te gooi, en Zach nie intussen van plan verander het nie, ja.” Jo se hart sit dwars in haar keel. So baie hang van sy reaksie af.

Die blydschap op sy gesig taan. “Moet asseblief nie só na julle verwys nie. Die hele affêre is laakbaar.”

“Dit is, maar ons gaan nie daaroor huil nie dus kan ons net so wel daaroor lag. Die vraag is of jy en Zach bereid is om saam met ons aan die stigma te dra.”

“Zach sal hom gewis nie aan ’n stigma steur nie. Hy is te veel van ’n vrye gees.”

“En jy?”

“Ek is ’n predikantseun.”

“Wie se gees vry genoeg was om te weier om in sy pa se voetspore te volg en ’n argitek geword het. ’n Baie begaafde een. Maar jy antwoord nie my vraag nie.” Haar maag maak ’n draai.

Hy druk sy hande in sy sakke. “Dit sal broekskeur gaan om my bydrae in die pot te gooi, Jo. Die egskeiding het my finansiëel sleg geknou. En ek is nie immuun teen stigmas nie. Die stories het my geweldig ontstel. Veral dié oor jou. Dis eintlik hoekom ek nie kans gesien het om julle te waarsku soos my pa bedoel het toe hy my alles vertel het nie.”

Jo sluk swaar. “Ek verstaan.”

Saul skud sy kop. “Dan is jy my een voor, want ek verstaan nie hoekom daardie stories vanoggend geen snars saak maak nie. Ek verstaan nie waarom ek gaan beg, steal en borrow as dit moet om my miljoen bymekaar te skraap nie. Maar ek is in. Eenhonderd persent.”

“Dan gaan dit regtig gebeur?” fluister sy.

“Die gekkedroom gaan regtig gebeur, en dit gaan gebeur soos ek en jy dit gevisualiseer het.”

Jo is vir ’n oomblik sprakeloos. “Wow,” sê sy net.

“Dít, dink ek,” glimlag Saul skewerig, “sal Zach die understatement of the year noem. Kom ons kry die spul op die dak se oë van ons af en gaan kyk of my yskas dalk ’n bottel vonkelwyn oplewer. Jy kan intussen jou brief gaan faks.”

As hulle in ’n fliek was, dink sy terwyl hulle aanstap, sou sy net mooi op die regte oomblik haar arms om sy nek gegooi het, soos sy wou. En hy sou sy kop agteroor gegooi en gelag het terwyl hy haar optel en deur die lug swaai sonder om hom te kwel oor die werkers op die dak.

Die lewe, besef Jo vir die soveelste keer, is nie ’n fliek nie. Maar die kasarm gaan ’n landmerk word en dis voorlopig genoeg.

Teen die tyd dat Jo die brief gefaks het, staan daar wraggies vonkelwyn in ’n ysbak gereed in die sitkamer. Saul en Zach sit elkeen op ’n rusbank, diep in gesprek.

Zach vlieg op toe hy haar sien en omhels haar. Hy stuur haar deur ’n paar danspassies voor hy haar laat gaan. “Howdy, partner!” ’n Klapsoen beland op haar wang.

Jo sak laggend op die rusbank neer.

“Dit was nou die beste nuus wat ek in jare gehoor het. Toe, Saul, hoe lyk dit met daardie bottel?” Zach kom sit langs haar.

“Is ons nie veronderstel om in aller yl aan die werk te spring nie?” vra Jo terwyl sy kyk hoe Saul die prop afwikkel.

“Geniet die oomblik, Jo. Van môre af gaan ons hik. Ek het reeds gereël dat ons en die kontrakteurs seweur môreoggend vergader. Agtuur begin ons volstoom en só sal dit bly tot vyftien Desember wanneer ons moet sluit.”

Jo neem die sjampanjeglas wat Saul vir haar uithou. “Sal ons dan eers kan intrek?”

“As alles goed gaan, nog voor dit.” Zach staan op en hou sy glas in die lug.

Jo volg sy voorbeeld. Asof hulle geoefen het, klink al drie glasies op presies dieselfde oomblik teenmekaar.

“Op die kasarm,” sê Saul.

“Op die kasarm,” eggo Jo en Zach gelyk.

Dit begin al skemer raak en die gewoel by die kasarm het stil geword teen die tyd dat Zach vertrek. Jo se kop is ’n warboel van die derduisende dinge wat hulle alles gelyk probeer hanteer.

“Sit nog ’n rukkie, Jo?” vra Saul toe sy ook aanstalties maak kasarm toe, om te sluit en by haar paneelwa te kom.

“Sue wag seker al vir my by die chalet,” keer sy halfhartig.

“Ek is seker Sue sal regkom.”

Natuurlik sal sy, maar Jo wil al die gevoel kry ’n oomblik van waarheid het aangebreek. Saul lyk ernstig genoeg. Sy kyk onseker na hom.

“Ek is jammer ek moet dit weer ophaal, maar ek dink dit sal beter wees as ons weet waar ons met mekaar staan. Ek weet meeste van die stories is leuens, al wat ek wil weet ...”

“Saul, asseblief!” Jo staan op en draai haar rug op hom. Kon hy dit nou nie maar net laat staan het nie? Sy vou haar arms en draai terug na hom toe. “Oukei. Quintin se verslag oor my lewe is gebaseer op die waarheid, maar so verdraai dat selfs ek dit skaars herken. Ek het nie ’n lelieblanke lewe gelei nie. Ek het op agtien verwagting geraak en nadat ek Jeannie gehad het, tydelik die pad byster geraak. Ek het ’n paar jaar later met haar pa getrou en dit het glad nie uitgewerk nie. Ek het hom nie in sy nood

verlaat nie, ek het my kind van hom gered. Ek dink dis al wat van belang is.”

“Dankie, maar dis nie wat ek wou vra nie. Ek wil eintlik weet of jy nog in ’n verhouding is. Dis al wat vir my belangrik is.”

“Verhouding?” Dit was nie in Quintin se verslag nie.

“Ek lei af dis die man van die restaurante.”

Jo krimp innerlik ineen, maar staal haar. “Ek het hom Vrydag duidelik laat verstaan dat daar nie meer ’n toekoms vir ons saam is nie.”

Saul kom ook regop. “Vrydag eers?”

“Ek kon hom vir amper drie weke lank nie kontak nie. Drie weke waarin ek dwarsdeur die hel en terug is. Drie weke waarin ek besef het dat dit ’n verhouding is wat nie veel meer as gerieflik was vir ons albei nie. Hy verskil klaarblyklik van my, maar vir my is dit verby.”

“Was dit vir jou reeds verby toe jy die aand hier was?”

“Ek kan nie onthou presies wanneer ek dit besef het nie, Saul. Ek hou nie dagboek van my gedagtes nie en so iets sink redelik geleidelik by ’n mens in. Maar daardie aand het ek beslis geweet dis verby. Anders sou ek nooit op jou gereageer het soos ek het nie. En as jy my nou sal verskoon, ek het nie die krag vir ’n inkwisisie nie.”

Sy hand val swaar op haar skouer toe sy wegswaai. “Hoekom het jy só gereageer, Jo? Op my?”

Sy kyk op na hom. “Ek weet nie. Ek weet waaragtig nie, want die sy van jou persoonlikheid wat jy nou wys, is nie ’n sy wat ek by jou vermoed het nie. En dis ook nie vir my aanvaarbaar nie. Ek het nie gedink Hendrien se gif sal so maklik werk nie.” Sy ruk haar los uit sy greep. ’n Kombuisdeur kan met veel groter sukses toegeslaan word as ’n spilteur, besef sy met min vreugde toe die klank daarvan agter haar deur die seelug galm.

Hy haal haar in net toe sy in die paneelwa wil klim. Nes in die flieks. Hy ruk haar teen hom vas. Nes in die flieks. “Ek is jammer,” prewel hy, nes in ’n fliek, en soen haar baie lekkerder as wat enige flimheld sal kan.

Hulle is albei uitasem toe hy haar laat gaan.

Rede kom stadig na haar toe terug. Deur die aanvanklike woede en uiteindelijke hartstog. “Dis nie slim nie,” kry sy dit uit.

Hy streel oor haar wang. “Nee dit is nie. Ons moet saam met mekaar werk.”

“Dit ook, maar dis nie al nie. Hoe lank is jy geskei, Saul?”

Hy staar stip na haar voor hy sy oë laat sak. “Net ’n raps oor die twee weke.”

Dis nog erger as wat sy vermoed het. Sy druk hom weg en hy laat dit toe. “En jy bevraagteken my onlangse verhouding?” Sy klim in die paneelwa. Sy klap nie die deur nie, trek dit net beslis toe voor sy die enjin aanskakel en tru.

“Jo!” hoor sy hom roep, maar sy is verblind van trane en moet met alle mag konsentreer om haar draai te maak voor sy kan wegry.

Rebound, weergalm dit in haar ore. Rebound, rebound, rebound.

SEWE EN DERTIG

Dinsdag 5 Oktober

Die vergadering is intens, wat dit vir Jo makliker maak om net te konsentreer op wat voorlê. Saul is effens stil, maar verder sal niemand kan raai wat gisteraand tussen hulle gebeur het nie.

Hy en Zach werk in tandem. Hulle moet saam aan die gebeurlikheidsplan gewerk het. Skedules word uitgedeel, opdragte uiteengesit.

Alles is onder beheer. Behalwe dat Riekie nie hier is nie. Jo wag tot die kontrakteurs verdaag het voor sy na Zach toe stap. “Riekie?”

Zach skud sy kop. “Ek weet nie. Sy wil hier wees, maar haar ma intimideer haar. Gideon wou met haar gaan praat, maar Hendrien weier hom toegang tot sowel die huis as haar tuisnywerheid nadat hy haar gaan aanspreek het oor jy weet wat. Voorlopig maak dit nie saak nie. Riekie se werk sal eers veel later kan begin, maar as sy nie kan inval wanneer ons vir haar gereed is nie, sal ons ’n ander plan moet beraam. Miskien al die vloere maar teël.”

“Dit sal die hele gevoel van wat ons gevisualiseer het, verander. Dis haar werk wat Saul geïnspireer het!”

Zach knik. “Moenie moed opgee nie. Dis early days. Die enigste probleem is dat Riekie heeltemal afhanklik is van haar ma. Dis Hendrien se huis waarin sy bly, Hendrien se winkel waar sy werk. En sy het niks om

op terug te val nie.”

“Sy het haar talent!” Frustrasie bruis deur Jo. Sonder die trencadis gaan niks tot sy reg kom nie.

“En sy het ’n insiklike persoonlikheid, terwyl vrees vir konfrontasie en ‘eer jou moeder’ van kleins af in haar ingedril is,” bring Zach haar aarde toe. “Kom ons kyk wat gebeur. Waar is Sue?”

“Sy kom later. Sy’s op pad na ’n kwekery wat sy gister in Hermanus ontdek het.”

Zach lyk ineens so verleë as waartoe hy in staat is. “Jy weet van ons?”

“Net dat die seks great was.” Jo kan onmiddellik haar tong afbyt. Nie almal verstaan die dinamika tussen hulle nie. Inteendeel.

Zach lyk nie juis ontstig nie. “Dit was. Al is ek nie mal daaroor dat dit wyd en syd verkondig word nie.”

“Nie wyd en syd nie. Net die vier van ons, en ons praat nie uit nie.”

“Behalwe met mekaar.”

Jo glimlag. “Maar ook nie alles nie. Sue was maar net ontsteld. Bedsake is gewoonlik taboe. Jeannie en Nan is albei ongemaklik daaroor en ek en Sue is gesteld op privaatheid in daardie opsig.”

Hy knik. “Ek is mal oor haar,” sê hy en stap na Ieg en sy span toe.

So eenvoudig. Geen fieterjasies oor hulle verlede of onlangse verhoudings of huwelike nie. Net: Ek is mal oor haar. Jo sug. As dit maar vir hulle almal so maklik was.

Oor middagete raak dit vir die eerste keer stil. In die hawekantvleuel sien sy die dak is op en die vogweerder aangewend. Jo wens Sue was hier. Dit is die ideale geleentheid om ongehinderd na die kleurkaarte te kyk en te besluit wat hulle waar en hoe gaan verf.

“Jo?”

Sy vlieg om. “Con! Wat maak jy hier?”

“Ek het kom hoor wat dít beteken?” Hy hou die faks in die lug.

Dit hinder haar dadelik dat hy tussen haar en die gangdeur staan.

“Ek het verduidelik. Ek onttrek my aan Abalone’s, maar julle kan die konseptontwerp behou en na goeie gebruik.”

“Beteken die woord ‘kontrakbreuk’ iets vir jou?”

“Die BK het kontrakbreuk gepleeg toe hulle my nie by aanvaarding betaal het soos ooreengekom is nie.” Hoe stewig haar saak is, weet sy nie.

“Ek het vertrouwe in die projek verloor, Con, en met rede. Jy het in soveel woorde vir my gesê julle is bankrot. Ek het ander werk gekry en in die omstandighede aanvaar.”

“Jy het ’n huis geërf, dis wat verander het.”

“Hoe weet jy dit? En hoe het jy geweet waar ek is?”

“Hier en daar en oral gehoor. Jy weet hoe gaan dit.”

“En hier, daar en oral se naam is nie dalk Quintin nie?” daag ’n vermoede by haar.

Sy frons lyk eg. “Nog nooit van die man gehoor nie. Nee, Fyfe het voëltjies hoor fluit. En Fyfe is die bliksem in. Hy het met groot moeite en groot lenings Abalone’s weer aan die gang gekry. En wat kry hy daarvoor? Stank vir dank.”

“Dieselfde wat ek drie weke gelede gekry het, Con. Hoe kan julle verwag dat ek julle vertrou nadat jy sommer net so aangekondig het Abalone’s is bankrot en toe verdwyn? My soos ’n idioot by Blues laat wag? Met die rekening vir ’n bottel wyn wat ek solank bestel het?”

“Ek het gesê ek is jammer. Dat dit nie anders kon nie.” Hy kom staan voor haar en streel oor haar hare. Sy staan ’n tree terug. “Asseblief, Jo. Kan ons nie maar net hierdie drie weke vergeet en aangaan nie? Ons kan ’n blaaskans neem met ons verhouding as jy wil, maar Abalone’s moet op dreef kom. As jy nou kop uittrek, is ons onderdeur.”

“Moes julle nie daaraan gedink het toe jy my soos ’n vrot patat laat staan het nie? Nee, Con. Dis verby. Alles is verby. Tussen my en jou, en ook tussen my en Abalone’s. Julle het alles wat julle nodig het om voort te gaan. Dit sal maklik wees om iemand anders te kry om by my oor te neem. Al die harde werk, al die kreatiewe werk is gedoen. My voorlegging is baie uitvoerig en gedetailleerd. Julle sal boonop baie goedkoper daarmee kan wegkom as julle iemand anders aanstel.”

“Ek het jou lief, Jo. Beteken dit niks vir jou nie?”

“Moenie met my emosies probeer speel nie, Con. Jy het vernietig wat daar tussen ons was. En ek glo in elk geval nie dit was liefde nie. Anders sou jy nie opgetree het soos jy het nie en ek sou nie so maklik oor jou kon kom nie. En ek het. Wat ons gehad het, was bloot die gevolg van omstandighede. Niks wat jy vir my kan sê, sal my van die teendeel oortuig nie, dus sal dit beter wees as jy nou gaan en liever jou tyd gebruik om ’n geskikte persoon te identifiseer om Abalone’s op dreef te kry.”

Hy kyk haar lank stil aan. “Jy is wreed, Jo. Jy kan dalk jou gevoelens maklik aan- en afskakel, maar ek nie. Hierdie hele drie weke het ek my as af gewerk vir jou. Sodat ek met eerbaarheid kon terugkom en sê hier’s die geld wat jou toekom, Jo. Ek het drooggemaak, maar ek het ook reggemaak.” Hy haal iets uit die binnesak van sy baadjie. “Ek wou dié vir jou kom gee.” Toe hy die dosie oopklap, glinster ’n yslike diamant in ’n baie mooi ring teen die agtergrond van swart fluweel.

Nes in die flieks, dink Jo. Sy kyk stadig op van die diamantring. “Het jy dit onlangs gekoop of destyds toe jy met Sue deurmekaar was?”

Hy gaap haar ’n oomblik aan, klap dan die dosie met geweld toe. “Die bitch het jou vertel en seker alles verdraai ook. Dis sy wat agter my aangehol het. Ek was kwesbaar omdat dinge so sleg tussen my en Ingrid gegaan het. Ek het my laat verlei. Ek was swak, maar uiteindelik sterk genoeg om haar te vra om my uit te los. Die enigste goeie ding wat uit daardie nagmerrie gekom het, was dat ek jou ontmoet het. Of so het ek gedink.”

Die woede wat deur haar trek, is so fel dat Jo haar hande in haar jeans se boudsakke moet druk om hom nie te klap nie. “Hou jou veragtelike mond van Sue af en verlaat my huis. Onmiddellik! Ek wil jou nooit weer voor my oë sien nie. Nooit weer nie!”

Con se glimlag het niks met humor te doen nie. Dis ’n lelike trek van die mond wat ineens vir haar wreed lyk. Hy druk die juweliersdosie terug in sy sak. “Jy sal nog spyt wees, Jo Calitz. Bitter spyt. Glo my.” Hy kyk haar nydig aan. “Fyfe is reg. Inhalige hoere, dis wat julle almal is,” spoeg hy dit feitlik uit. Toe hy omswaai, loop hy trompop in Saul vas.

Con probeer hom uit die pad stamp, maar Saul se vuus klap reeds teen sy kaak.

“Saul, nee!” gil Jo toe hy weer wil slaan.

Saul kry Con aan sy kraag beet en stamp hom by die deur uit.

Met sy hand teen sy kakebeen gedruk kyk Con om na Jo. Die haat in sy oë is amper ’n kleur. “Hiervoor sal julle boet,” kryshy dit uit voor hy verdwyn.

Saul slaan sy arm om haar. “Ek het harde stemme gehoor. Joune herken. En toe hoor ek ... Is jy oukei?” vra hy met sy gesig in haar hare.

Jo druk haar kop teen sy bors vas en knik. “Ek is oukei.” Maar sy weet sy is nie.

Jo laat haar amper willoos na Saul se huis lei, kyk hoe hy vir haar soet tee maak terwyl sy in 'n dwaal by hom sit. Eers toe sy die helfte van die tee inhet, voel dit asof sy weer deel van die werklikheid is.

“Wil jy daaroor praat?” vra hy en verskuif die sak bevrore pitmielies wat hy teen sy kneukels hou.

Sy knik. “Oor alles. Ek wil hê jy moet weet wat die waarheid is en wat nie. Sodat jy kan besluit hoeveel jy met my te doen wil hê.”

“Ek wil alles met jou te doen hê, Jo. En voor jy vertel – en jy hoef net te vertel as jy voel dis werklik nodig – wil ek een ding uit die pad kry. Ek is dalk pas geskei, maar my huwelik het nooit gewerk nie. Ons het probeer, maar ons is so lank al emosioneel van mekaar afgesluit dat ek nie kan onthou of ons ooit 'n emosionele band gehad het nie. Ons het net getrou omdat Donnie op pad was. Die feit dat jy op agtien verwagting geraak het, is dus volledig uitgekanselleer. Ek en Priscilla het oor presies dieselfde tou getrap. Ons was net dom genoeg om te dink 'n kind kan 'n huwelik laat werk.”

Jo kan hom net stil aanky.

“Ek weet jy dink ek is net on the rebound. Ek wou graag wees. Ek het gedink ek soek seks – soveel as moontlik en met so 'n groot verskeidenheid vroue as moontlik. Maar ek weet nou rondslaap is nie werklik in my aard nie. Ek soek soveel meer. En ek weet dit wat ek soek, dit wat ek gedink het my jare sal neem om te kry en eers nadat ek myself by ander vroue uitgewoed het, kan ek net by jou kry. Ons timing is vrot, Jo, maar ek is op pad om jou lief te kry. Nie net omdat jy vir my so verskriklik sexy en mooi is nie. Nie net omdat ons nog vir 'n lang ruk saam gaan werk nie. Maar omdat jy is wie jy is.”

Jo moet swaar sluk om die knop uit haar keel te kry. “Maar jy weet nog nie wie ek waarlik is nie.”

“Ek ken nie jou geskiedenis nie, maar ek het oë in my kop. Ek sien hoe jy is by mense soos my pa en Riekie. Ek sien hoe hard jy teen jou sagte kant stry, maar nooit heeltemal daarvan kan wegkom nie. Ek sien hoe sterk jy soms kan wees en hoe weerloos op ander tye. Ek sien hoe hard jy veg vir jou en Nan-hulle se belange. Ek sien hoe close-knit julle is. Hoe julle vir mekaar omgee sonder enige soetsappighede. Dit, Jo, sê vir my alles van wie en wat jy is.”

Sy kyk hom net stil aan.

“Ek wil deel van jou lewe wees, Jo. Help waar jy weerloos is, by jou wees om jou nog sterker te maak. Ons kan dit stadig vat, maar Jo, ek wil jou hê en ek gaan alles in my vermoë doen om jou te kry. Nie omdat ek jou wil besit nie, maar om vir die eerste keer in my lewe heel te kan voel.”

“Saul, daar gaan so baie in my lewe aan op die oomblik. Daar is soveel wat, vermoed ek, jy nooit sal verstaan nie.”

“Voel jy iets vir my, Jo?”

Sy knik. “Jy weet ek het gevoelens vir jou, maar ek weet nie wat daardie gevoelens alles behels nie. Ek verstaan nie wat ek voel nie. Ek het sonder ’n manlike rolspeler grootgeword. Ek weet nie hoe huwelike werk nie en het ’n verskriklike mislukking van my eie gemaak, iets wat my kind permanent geknou het. Die afgelope maande het ek betrokke geraak by ’n man wat my om die bos en aan die neus gelei het. Ek is bang vir wat ek vir jou voel. Ek is bang. Punt.”

“Ek verstaan vrees, Jo.” Hy sit die bevrore pitmielies terug in die vrieskas. “Dink jy nie ek is ook bang dat ek weer gaan droogmaak nie?”

“Luister maar eers na alles wat ek aangevang het voor jy praat van droogmaak.” Sy glimlag skeef. “As jy dan nog belang stel, as jy regtig ernstig is, sal jy wag en my kans gee om my lewe en die kasarm op koers te kry en dan kan ons kyk wat gebeur.”

“Ek luister.”

Sy vertel hom. Van Hannetjie en Nan, van Corné en van Wikus. Sy vertel hoe sy Jeannie verwerp het, van haar rebellie en Lyla. Dat sy in die tronk was. En van Nan en Sue wat haar deur alles gehelp en ondersteun het. Sy vertel hom van Con en hoe sy Jeannie afgeskeep het. Hoe sy indirek daarvoor verantwoordelik was dat Jeannie met die Maidens deurmekaar geraak het. Hoe sy nie daar was vir haar kind nie. Hoe Nan en Sue tot haar redding moes kom omdat sy ’n fiksasie op die kasarm ontwikkel het.

“Jy kan sekerlik insien, Saul, jy sal mal wees as jy enigiets met my te doen wil hê,” sluit sy af.

Saul laat sy asem stadig uit. “Dis baie om in te neem.”

“Ek weet. Vat jou tyd.” Jo staan op en sit haar beker in die wasbak. Hy keer haar nie toe sy by die kombuisdeur uitglip nie.

“Sy was in die tronk, Pa,” herhaal hy asof hy homself daarvan wil oortuig. Saul kan nie onthou dat hy al ooit na sy pa toe gehardloop het met ’n probleem nie, maar sy voete het vanself die pad hierheen gevind ná Jo by hom weg is. “Sy erken ruitelik sy weet nie by hoeveel mans sy geslaap het terwyl sy in ’n dagga-en-rum-dwaal was nie.”

Gideon gaan ewe rustig voort met die skuur van ’n kasdeur, soos hy dwarsdeur die vertelling het.

“Pa lyk nie eens geskok nie.”

Gideon blaas die skaafsels af en voel met sy vingerpunte oor die oppervlak voor hy na Saul kyk. “My kind, ’n predikant hoor baie dinge in sy lewe aan. En as hy ’n pastorale berader is, nog meer.”

“Maar ons praat van die vrou wat ek Pa se skoondogter wil maak.”

“Wil jy? Wil jy regtig?” Gideon takseer hom openlik.

“Nie nou al nie. Ons lewe is te deurmekaar. Ons moet mekaar eers beter leer ken. Nie een van ons is nou al gereed vir so ’n groot stap nie. Hemel, Pa, die ink op my egskeidingsbevel is nog nie eens droog nie. En Jo se verlede. Dit is baie om in te neem.”

Gideon kyk hom ’n oomblik stil aan, wink met sy kop en stap by sy werkkamer uit. In die tuin buk hy by die visvywer en tel een van die spoelklippe wat rondom gepak is op.

Hy het sy pa help bou aan die visvywer, onthou Saul uit die bloute. Baie lank gelede. Hy was nog op skool.

Saul neem onwillekeurig die klip toe Gideon dit vir hom aangee. Die klip is rond en glad en warm gebak deur die son. Dit pas presies in sy palm.

“Nou toe, Saul. Gooi daardie eerste klip.” Gideon draai in sy spore om en verdwyn in die buitekamer. Oomblikke later gaan die elektriese saagmasjien aan.

Saul kyk af na die klip, sien die fyn barsies. Die keep aan die een kant waar ’n stukkie afgesplyt het. Die skakerings van grys met ’n bietjie bruin in die klip ingewroet. Die fyn kolking van die kleure. Hy toets die gewig, skat hoe ver dit sal trek en druk die spoelklip in sy sak.

Jo sien Riekie van ver af aangestap kom en gee vir Ieg die gordynstokknop terug. “Dit sal goed werk vir die slaapkamers, maar ek soek iets anders vir die leefvertrekke. Meer kleur dalk?”

Hy knik. Die kneusplekke het donkerder geword, maar die swelling het

effens gesak. “Ek dink ek weet wat ek kan doen.”

“Dankie, Ieg.”

Jo stap Riekie tegemoet toe sy by Sue trek waar dié in die kruietuin hurk.

Daar is ’n blos op Riekie se wange en haar oë is byna koorsig. En geswel. Haar onderlip bewe effentjies. Sy gee woordeloos vir Jo die sketsboek aan.

Jo kyk na die skets waar die boek oopgevou is. Die helder kleure, die soepelheid en balans van die golwende motief is asemrowend.

“Ek het ’n boek oor Gaudi se Güell-tuin by die biblioteek uitgeneem. Ek dink dié sal kan werk vir die baddens en stortvloere.” Daar is ’n trilling in Riekie se stem.

Jo kyk stadig op. “Riekie?”

Riekie knik. “Ek gaan voort, maar ek het ’n probleem. Ek soek blyplek en ek het nie geld nie. En ook nie vervoer nie.”

Riekie kyk verras na Sue toe dié regop kom, asof sy haar nou vir die eerste keer raaksien.

Sue vee haar hande aan haar jeans af. “Hi, ek is Sue. Jo se tante.”

“Hallo, Sue.”

“Riekie gaan die mosaïekwerk vir ons doen.” Jo wys vir Sue die skets.

“Kyk wat kom om die badrande.”

Sue kyk net vinnig. “Stunning,” verklaar sy en kyk Riekie op en af. “Jy is Hen-fokken-drien se dogter?”

Riekie bloos bloedrooi. Sy knik en laat sak haar oë.

“Het ek reg gehoor? Van die woonplek en vervoer?”

“Sue ...” probeer Jo keer. Sue kan so bleddie onsensitief wees. En sy begin in ’n skaamtelose luistervink ontaard.

“My ma het gesê ...” Riekie sluk swaar en haar oë swem in trane. “As ek die mosaïekwerk wil doen ... Sy het my weggejaag. En ek het niks.”

“En jy wil die mosaïekwerk doen?” vra Sue en krap met een nael die grond onder ’n ander uit.

Riekie knik en vee met haar palm ’n traan van haar wang af.

“Jy wil jou aan die slette se kant skaar?”

“Sue ...”

“Dis oukei, Jo.” Riekie lig haar ken en kyk na Sue. “Dis julle saak of julle slette is of nie. Ek wil die werk doen.”

“As Jo oukei is daarmee, kan jy die kamer in die chalet kry waarin ek

slaap.” Sue haal haar skouer op toe Jo haar vraend aankyk. “Zach sal vir my slaapplek hê,” sê Sue met ongekende onskuld, maar haar oë blink. “Hy het my juis oor lunchtyd kom vra of ek nie my stront wil laat staan nie. Ek reken ek kan dit regkry tot tyd en wyl ek teruggaan.”

“Maar Sue, julle ken mekaar skaars?” Jo kan haar ore nie glo nie. Haar oë ook nie. Sue lyk skielik vir haar skoon vreemd. Miskien omdat sy nie gewoond is aan die sagtheid in Sue se blik nie en veral nie die effens verleë trek om haar mond nie.

“Kan jy aan ’n beter manier dink om mekaar beter te leer ken?” Sy grinnik. “Relax, Jo. Dis nie asof jy jou hoof te bekommer oor ’n maid of honour-rok nie. Maar Zach reken ons is Twin Flames. Wat de moer dit ook al beteken. Ons wil uitvind of dit so is en in die meantime kan ’n bietjie fun nie kwaad doen nie.”

Riekie gee ’n geskokte laggie.

“En by the way, ek gaan van nou af oor naweke vir Zach en Ieg by die kroeg instaan. Hulle wil dwarsdeur werk aan die kasarm. O, en Riekie, as jy kans sien, kan jy die Cadillac gebruik wanneer ek nie hier is nie. Maar as jy die skip stamp, sal jy jou Heiland vinnig en behoorlik leer liefkry. Capiche?”

Jo en Riekie staar haar agterna terwyl sy doodluiters weer na haar saailinge toe stap en begin grawe in die lappie grond wat sy een van die handlangers laat omspit het.

“Capiche,” fluister Riekie en kyk grootoog na Jo. “Sjoe, ek wens ek het so ’n tante gehad.”

“Moenie die gode tart nie, Riekie,” waarsku Jo. “Moet ons jou goed gaan haal?”

Riekie huiwer. “Ek dink dit sal beter wees as ek Ieg vra om dit vanaand te doen. My ma het sustersvereniging. Maar is jy seker jy sien kans om die chalet met my te deel?”

Jo knik. “Voorlopig. Tot ons ’n beter plan kan bedink. Maar jy sal self moet sorg vir kos. Dis nie my sterk punt nie. My dogter maak gewoonlik vir ons.”

“Ek kook graag en ek kook goed. Jy sal aanvanklik die benodigdhede moet aankoop, maar ek sal jou terugbetaal sodra ek kan.”

“Solank jy kook, is die kos gratis. Maar ek sal met Zach praat oor ’n voorskot vir jou. Dit behoort nie ’n probleem te wees nie.”

Jo verstyf verras toe Riekie haar arms om haar slaan. “Dankie, Jo. Jy weet nie hoe dankbaar ek is dat julle op ’n dag met daardie pienk kar die dorp binnegery en die hele Maanshynbaai onderstebo gekeer het nie.” Sy laat Jo gaan. “Dit, besef ek nou, was die dag waarop ek van myself gered is.”

Dis feitlik donker toe Jo die voordeur met ’n sug van verligting sluit. Sy skrik toe sy omdraai en Saul agter haar sien staan.

“Ek hoor Riekie trek by jou in.”

Jo knik en begin aanstap paneelwa toe. “Sy en Ieg is so pas hier weg om haar goed te gaan haal. Dis hoekom ek redelik haastig is. Sue is nie die netjiesste mens op aarde nie. Ek wil gaan opruim.”

“En Sue trek by Zach in.”

Jo knik en maak die paneelwa se deur oop.

“Ek neem aan jy sal nie by my wil intrek nie?”

Jo se kop ruk op. “Is jy nou laf?”

“Net ’n bietjie.” Hy vou sy hande om haar gesig. “Ons gaan dit stadig vat. Baie stadig. Maar vat gaan ons dit vat, Jo Calitz. Is jy met my?”

Jo se ledemate voel ineens kragteloos. Net haar kop kan knik.

“Gaaf.” Hy soen haar langsaam voor hy haar laat gaan. “Ry versigtig.” En daarmee draai hy weg, begin ’n deuntjie fluit en verdwyn agter die struikgewas.

Sy herken die liedjie eers toe sy agter die stuur inskuif, “And then I kissed her”.

AGT EN DERTIG

Vrydag 15 Oktober

Enersyds voel dit vir Jo asof alles te stadig gaan, asof hulle nimmer as te nooit in Desember sal kan intrek nie, maar ná tien dae is die vordering duidelik sigbaar. Sy skep moed terwyl sy deur die vertrekke dwaal, soos dit haar gewoonte geword het saans wanneer die werkers huis toe is. Dis wanneer sy en haar liederlike huis 'n band vorm. 'n Liederlike huis wat hopelik oor 'n jaar of twee haar trots gaan wees.

Nan sal dalk nie die verskil agterkom wanneer sy en Jeannie môre kom kuier nie, maar Jo kan sien waar die chaos bietjie vir bietjie georden word. Die gebeurlikheidsplan werk, al voel dit nie altyd so nie.

Die afgelope tien dae was nie sonder terugslae nie, maar ten minste het Con sy dreigemente nie bedoel nie of tot sy sinne gekom. Jo het nog niks weer van hom gehoor nie. Van Quintin gelukkig ook nie. Wat van hom en sy vriend met die snoekbote geword het, weet geen mens nie en waarom hy toe nooit teruggebel het oor die huur van die kasarm nie, is ewe duister.

“Good riddance,” het Nan gesê toe hulle laas Sondag daaroor gespekuleer het.

En good riddance inderdaad, het hulle gister besef toe Gideon met sy ontstellende brokkie nuus gekom het. Hy het 'n predikant in Lichtenburg opgespoor saam met wie hy dekades gelede studeer het. Volgens dié het

Quintin 'n paar jaar terug in die tronk gesit vir onwettige diamanthandel. Dit is vermoedelik ook waarom hy jare tevore verbeteringskool toe gestuur is. Gretha se tweede man is destyds danksy 'n lokvink betrap en Quintin was by hom. Die stiefpa het ook baie jare agter tralies deurgebring voor hy, kort ná sy vrylating, in 'n skietvoorval dood is.

Sy wonder wat Sue daaroor te sê sal hê. Jo mis haar op meer as een vlak. Gedurende die vier dae wat Sue Kaap toe was om haar verpligtinge daar na te kom, het Jo deeglik agtergekom hoe baie Sue so op haar ongeërgde manier help. Gelukkig het sy vanmiddag laat weet sy is terug en hoef eers oor twee weke weer Kaap toe te gaan. Sy werk nou wel naweke in die taverne, maar weeksdae is sy vir Jo goud werd.

Sue se vuurdoop by die Vliegende Hollander het bo verwagting goed afgeloop. Zach het suurderig erken sy is 'n enorme hit onder die bikers, maar die reëling werk vir almal. Zach en Ieg het wondere oor die naweek verrig en goed gedoen gekry wat gedurende die week moeilik sou wees terwyl die ander subkontraakteurs daar besig is.

Jo hoop net nie Sue begin weer karring oor haar en Saul nie. Hulle pak hulle verhouding inderdaad baie stadig aan en leer mekaar behoorlik ken, maar nog nie op die Bybelse manier nie. En dis wat Sue haar oë ten hemele laat slaan. Daar is egter 'n innigheid tussen haar en Saul wat Jo nie geweet het moontlik is nie. Wanneer hy na haar kyk, sien sy die onverbloemde liefde in sy oë. Elke keer is dit 'n verrassing. Elke keer voel dit asof sy droom.

In die bergkant se vleuel steek Jo vas toe haar selfoon lui. Nan, sien sy op die skerm pie.

“Ek hoop nie julle trek kop uit vir die naweek nie?” groet Jo.

“Nee, ons kom nog môre, maar sal seker eers so teen middagete daar wees. Jeannie het 'n ontbytskof. Ons hoop om so halftwaalf weg te kom.”

“Dis seker nie doodsaak nie. Solank julle net nog kom. Ek verlang. Kan ek gou met Jeannie praat?” Jo stap buite toe. Die Franse deure is afgeskuur en behandel en glip nou maklik oop en toe. Voor haar ruis die branders teen rotse aan. 'n Swartobie duik op 'n mossel af, meeuë krysvir oulaas voor die son sy laaste skof aanpak.

“Sy is YWC toe.”

Jo weet nie of sy so mal is daaroor dat Jeannie weer daarheen begin gaan het nie. “En die susters was nog nie weer daar nie?”

“Nie sover ek weet nie. In elk geval nie wanneer Jeannie daar was nie. Sy sê sy het hulle nog nie weer met ’n oog gesien nie en ek glo haar.”

“Dankie tog daarvoor. Hou sy nog by haar nuwe voorkoms?”

“Sy en Sue het nou die dag al haar ou klere hospice toe gevat. Die Docs ook. En toe die winkels ingevaar. Ek het ’n bedraggie geborg. En ek het vir haar gesê ek sien nie kans om vegetaries te leef nie, maar ek is bereid om by vis en hoender te hou. Sy is oukei daarmee.”

“Great. En dankie, Nan. Ek sal ook ’n bietjie kan las as sy nog iets nodig het.”

“Los dit maar eers, Jo. Daardie Abalone’s-pes het jou sleg geknou toe die tjek nie deurgegaan het nie. Ek sal sorg en Jeannie hoef ook nie onmiddellik ’n vol klerekas te hê nie. Sy kan voorlopig regkom met wat sy het.”

“Die oorbruggingsgeld is darem deur.” Hulle vermoed dis omdat die oorbruggingsgeld uit Con se persoonlike rekening gekom het dat dit deurgegaan het. Hy weet sy kan hom in sy persoonlike hoedanigheid hof toe vat. Om Abalone’s te dagvaar, sal egter ’n mors van tyd en geld wees. Zach het vasgestel daar was nie eens so ’n BK geregistreer nie en hulle tjekrekening is reeds die dag ná die tjek gedeponeer is, gesluit. Van Fyfe Terblanche is daar nêrens ’n spoor op papier of andersins nie.

“Jy gaan elke sent nodig kry, Jo.”

“Oukei, dankie, Nan, ek sal dan eerder vir Jeannie ietsie ekstra vir Kersfees gee. Gee haar ’n drukkier van my af en dan sien ek julle môre. Versigtig ry.”

Jo groet en druk haar selfoon in haar boudsak. ’n Deurmekaar Kerstyd lê vir hulle voor, maar volgende jaar dié tyd sal dit hopelik ’n ander storie wees. Nie dat die buitekant van die kasarm eens dan al klaar sal wees nie, maar as alles goed gaan, behoort daar teen daardie tyd hoofsaaklik kosmetiese werk oor te wees.

Sy trek die Franse deure agter haar toe en sluit. Op pad na die middeldeel gaan staan sy by die eerste erkervenster. Ook net Zach wat twee erkers van min of meer die regte grootte vir ’n appel en ’n ei by ’n vendusie kan opspoor. Dit word weer uitgebreek sodra die twee vakmanne klaar is met die vensters, wat Saul in soveel detail geskets het, en wat nou onder sy toesig vervaardig word. Elkeen gaan ’n kunswerk op sy eie wees en die fokus vorm van die aansig aan hierdie kant. Jo kan al sien hoe die lig deur

die gekleurde glas val en die gange omtower tot iets uit 'n sprokie.

Riekie het besluit om eers te wag tot die regte vensters ingebou is voor sy haar ontwerp vir die vloer finaliseer sodat sy die lig en kleurespel in ag kan neem. Saul het juis laat weet hy en Zach gaan vanaand vir die hoeveelste keer Hermanus toe om te kyk hoe die erkers vorder. Gideon gaan saam. Hy is gefassineer deur die manier waarop hout en glas in golwende patrone saamgevoeg word.

En Jo is op haar beurt gefassineer met die vriendskap wat tussen Gideon en Jeannie aan die ontwikkel is. Jeannie was laas naweek omtrent die hele Saterdagmiddag by hom. Sy het glo selfs vir hom en Donnie gehelp om die kasdeure te skuur. En volgens Gideon kom Jeannie en Donnie ook besonder goed oor die weg, al is Jeannie 'n paar jaar ouer as hy.

In Sue se vleuel maak Jo seker die Franse deure is gesluit en kyk plafon toe. As alles volgens plan verloop, sal Sue se spaansriet hopelik nog voor die bouersvakansie kan inkom.

Jo sluit die gangdeur en wonder vir die soveelste keer wat van die torings se sleutels geword het. Die een of ander tyd sal hulle hier moet oopbreek, maar daar is soveel ander dinge wat hoër op die prioriteitslys is. Sy streef oor die deur se ruwe hout. Al het Zach destyds nie baie entoesiasties geklink oor die binnekant nie, is sy tog nuuskierig.

“Gedag ek sal jou hier kry.”

Jo herken die stem nog voor sy verskrik omswaai.

“Naand, my ou niggie.”

Sy stem is makliker herkenbaar as hy. Die baard is weg, sy hare geknip en Quintin is netjies aangetrek. Hy staan regop, die skouers agteroor getrek, pleks van krom. Dit laat sy maag platter lyk.

Hy lag krakerig. “Verras dat ek nie heeltemal so 'n gomtor is as wat jy gedink het nie, Jo?” Die joviale stemtoon het verander na iets onheilspellender.

“Wat maak jy hier, Quintin?” kry sy haar asem terug.

Hy klik sy tong. “Nog niks gasvryer geraak nie, het jy?” Iets in sy oë en houding maak vrees in haar wakker.

Die toringdeur druk teen haar rug. Hier is geen uitkomkans behalwe verby Quintin nie. Sy voel die selfoon in haar boudsak teen die hout druk en 'n mate van verligting spoel deur haar.

“Jy soek nie dalk ...” hy grawe in sy broeksak en hou vermakerig 'n

sleutel in die lug, “... dié nie?”

Dit neem Jo ’n oomblik om te registreer wat hy sê. “Die toring s’n? Waar kom jy daaraan?”

“Kom ek sluit vir jou oop.”

Jo staan vinnig eenkant toe, mik hoe goed haar kanse is om verby hom te kom.

“Of wag, jy sal dit seker self wil doen.” Hy moes haar gedagtes gelees het, want hy hou die sleutel na haar toe uit. Dis groot en outyds soos een wat ’n kerker kan oopsluit, maar as ’n wapen is dit nie veel werd nie.

Jo probeer ontspan. Miskien oorreageer sy. Miskien wou hy net die sleutel vir haar bring. Miskien. Sy neem die sleutel by hom.

“Nou toe, sluit oop, niggie.”

“Ek sal later. Dankie vir die sleutel.”

“Sluit oop,” gee hy kortaf bevel. Sy stem is ontdaan van enige spot of smaal.

Jo draai skuins en hoop hy kan nie die selfoon sien nie. Sodra sy die geleentheid kry, bel sy vir versterkings. Saul is in Hermanus, Zach ook, onthou sy. Sy kan Ieg bel. Of Sue. Die slot is stram, maar ná ’n oomblik se gesukkel draai die sleutel en die deur swaai oop sonder dat sy die handvatsel hoef af te druk. Dit betrap haar onkant en sy struikel binnetoe.

Sy hoor Quintin reg agter haar beweeg net voor hy haar verder binnetoe stamp. Sy probeer omswaai om verby hom te hardloop, maar die volgende oomblik skiet ’n versengende pyn deur haar gesig. Die geweld van sy vuus teen haar kaak laat haar agtertoe steier, sy val oor iets.

“Dis jou boodskap van Con af,” hoor sy hom sê net voor haar kop teen iets hards klap en dit donker word.

“Mevrou Calitz?” Die swaar Engelse aksent verklap nie wie die man is nie.

“Dis Nan Calitz wat praat, ja?” Sy het al daaraan gewoon geraak om gemevrou te word. Sue sal ook eendag.

“Ek verstaan u is Jeannie Calitz se grootmoeder en dat sy tans by u inwoon?”

“Dis korrek. Met wie praat ek?” frons Nan. Daar is nie baie mense wat weet Jeannie het by haar ingetrek nie.

“Dis Reverend Malcolm Douglas van Young Women for Christ.”

Nan lig haar oë plafon toe. Wat nou weer? Asof dit nie genoeg is dat sy kort-kort aan 'n ander predikant dink nie.

“Ek meng nie gewoonlik in met die dogters se lewe nie. Hulle kom hierheen uit eie wil en ons hoop ons gee hulle goeie spirituele leiding asook 'n sosiale omgewing waar hulle dogters met dieselfde oortuiging kan ontmoet.”

“Ja?” Nan glo nie Jeannie sal mal wees daaroor om 'n dogter genoem te word nie.

“Ek het egter pas iets onrusbarends te hore gekom en ek voel my genoop om daarop te reageer.” Die man het beslis êrens in sy lewe 'n goeie maar baie hoogdrawende Afrikaans-onderwyser gehad.

“Een van ons lidmate het uit bekommernis met my oor Jeannie kom praat. En ons glo ons is wel mekaar se hoeders wanneer die omstandighede dit regverdig.”

Kan die man nie net sê wat die probleem is en klaarkry nie?

“Ek het 'n baie sagte plekkie in my hart vir Jeannie. Dis duidelik dat sy nie 'n maklike lewe gehad het nie, maar sy is 'n kind met uitstekende waardes. Dis hoekom dit my bekommer het toe een van ons jeugleiers my vertel het dat sy met astrologie en tarotkaarte heul. Dis ...”

“Reverend, met respek,” val Nan hom in die rede, “ek dink daar is erger dinge om oor bekommerd te wees as belangstelling in New Age-foefies.”

“Ek stem saam. Dis hoekom ek die saak daar gelaat het. Sy is intelligent en soekend. Ek respekteer dit. En die jong man het immers ons standpunt by haar tuisgebring. Maar dis nie waarom ek u skakel nie. Haar soekende geaardheid is die vertrekpunt van die huidige probleem. My ware bekommernis gaan oor kennis wat ek vanaand opgedoen het oor Jeannie en haar twee vriendinne.”

“Die susters?” frons Nan.

“Ja, Imogen en Cassandra. Daar is rede om te glo die drie van hulle word op 'n dwaalspoor gelei deur 'n sektariese groep met baie verdagte doeleindes. Dis vir my 'n geweldige kwelling, veral omdat YWC klaarblyklik by meer as een geleentheid hulle bymekaarkomplek was voor hulle na die ander sodanige kerk gegaan het.”

“Reverend, ek waardeer jou belangstelling en ek glo jou bekommernis is gegrond. As daar van julle ander lidmate is wat betrokke is, sal dit 'n goeie plan wees om hulle ouers te laat weet. Ek sal die groep beslis as boos

bestempel. Gelukkig het Jeannie haar egter reeds van hulle asook van die susters onttrek.”

Die man is lank stil. “Mevrou, ek ken Jeannie nie as iemand wat met leuens omgaan nie. Maar as sy vir u gesê het sy het haar van hulle onttrek, het sy nie die waarheid gepraat nie.”

Nan word yskoud. “Wat bedoel u?”

“Jeannie was ’n rukkie lank nie hier by YWC nie. Ek was dus baie bly toe sy verlede week weer haar opwagting hier gemaak het. Maar kort ná haar aankoms vanaand het Imogen en Cassandra ook hier aangekom. Ook vir die eerste keer in ’n paar weke. Die drie van hulle het eenkant gestaan en gesels. Ek het hulle dopgehou met die bedoeling om te wag tot hulle klaar gesels het voor ek hulle terugverwelkom, toe my aandag afgelei is. En toe ek weer sien, is hulle weg. Ek het rondgevra wat van hulle geword het en dis toe dat die een dogter na vore kom en my vertel van hierdie sektariese groep waarheen hulle gaan. Dit was ook sy wat vir my u nommer opgespoor het. Mevrouw Calitz, ek is bitter bekommerd.”

“Reverend, is jy doodseker sy is saam met die susters daar weg?” Nan is verby yskoud. Dit voel asof elke aar in haar liggaam gevries is.

“Jeannie se motortjie staan nie meer hier nie en al drie van hulle is skoonveld. Die dogter wat met my kom praat het, het gesê een van die susters het haar verlede week gebel om te vra of Jeannie weer YWC toe kom. Sy het haar ingelig dat sy Dinsdae en Vrydae kom. Die dogter het vanaand ook gesien dat Imogen iets uit Jeannie se sak haal voor sy buitetoegegaan het waar Jeannie en Cassandra toe reeds gestaan en gesels het.”

“Hoe lank gelede is hulle weg?”

“Ongeveer ’n halfuur.”

“Ek sal haar dadelik skakel. Ek het nou u nommer op my sel, ek sal u op die hoogte hou.”

“Dis die probleem, Mevrouw. Ons het juis u nommer opgespoor omdat Jeannie haar selfoon hier agtergelaat het. Saam met haar handsak.”

Nan raak skoon duiselig. “Het u dalk een van die susters se nommer?”

“Ongelukkig nie. Ek weet net die De Vos-dogters woon by hulle ouers in Parow.”

De Vos. Die van slaan haar tussen die oë. Nie dat De Vos ’n uitsonderlike van is nie, maar kan dit blote toeval wees dat die susters

dieselfde van het as Quintin? Toe slaan nog iets haar. Vandag se datum, 15 Oktober. Die datum waarop die moederskip daardie malspul kastig planeet Phaon toe sal neem.

NEGE EN DERTIG

Jo se kop wil bars toe sy bykom. Sy kreun en voel aan haar agterkop. Die knop is die grootte van 'n gholfbal en haar vingers is nat. Bloed, sien sy toe sy afkyk na haar hand, maar gelukkig nie te baie nie. Haar nek en gesig pyn, haar kaak klop. Sy maak haar mond versigtig oop en toe. Alles werk darem nog.

“Welkom terug. Ongeskik om in geselskap aan die slaap te raak, jy weet?”

Pyn skiet deur haar toe sy vinnig omkyk. Quintin sit op die derde sport van 'n trap wat boontoe kink. Sy kom stadig orent en probeer diskreet na haar selfoon voel. Sy kon haar die moeite gespaar het. Die boudsak is leeg.

Die vertrekke is vol ou rommel. Bloed aan 'n ou melkkannetjie se rand verklaar waarteen sy geval het. Lappe hang voor die vensters en hul die vertrekke in skemer.

“Wat gaan aan, Quintin?” Haar stem kraak.

“Jy wou nie luister nie, Jo. Ek het jou uitkomkans gegee. Ek was bereid om die plek te huur, maar wou jy hoor? Nee. Con het jou 'n aanbod gemaak wat geen gewone mens sal versmaai nie, maar wat doen jy? Jy gooi die geld terug in sy gesig.”

“Con?” Sy vryf oor haar pynlike wang, onthou dan wat hy gesê het voor die ligte vir haar gedoof is. Hoe lank was sy bewusteloos? “Waar ken jy

Con vandaan en wat het hy ...”

Sy grynslag maak haar stil. “Ou tjomme. Was saam in die verbeteringskool en het deur die jare maar kontak behou. Soms het hy ’n plan gekry, ander kere ek. Ons werk goed saam. Of ons het, tot jy alles kom bedinges het met jou eiewysheid.”

Con en Quintin? Dis te toevallig. Of is dit? Jo se kop is te seer om behoorlik te kan dink. Maar sy onthou vaagweg Con het ontken hy weet wie Quintin is.

“Jy het ons gestalk, drie jaar lank al,” onthou sy ook. As haar kop net nie so wollerig gevoel het nie. Dit is asof alles om haar drywende is.

“Lyk my julle het die lêer gekry wat ek laas kom soek het. Tsk, tsk. Dis nou jammer. Maar nietemin. Ja, ou Casper wou tog so graag uitvind wat van Nan geword het. Die een kind van wie hy seker was. Dat dit syne was. Toe vind ek maar vir hom uit.”

Hy vertolk klaarblyklik haar frons korrek. “Ja, jy sien, toe Hannetjie wou skei, wou hy mos weet wat word van sy drie dogters. Hannetjie het hom uitgelag en gevra wat hom laat dink al drie is syne. Dis toe dat hy gedink het Sue is die baster.”

Hy skud sy kop spytig. “Ek moes hom ook nooit die foto’s van Sue gewys het nie. Maar ek het, en skielik reken hy Sue is sy oorlede suster uitgeknip. Terwyl Gretha glad nie op hom of sy familie getrek het nie. Dit was genoeg om hom te laat besluit dis sy wat nie sy kind was nie. En dit het natuurlik beteken ek is nie sy kleinseun nie. Ek stry en sê ek lyk dan na hom. Laat selfs ’n foto van ons saam neem sodat hy kan sien. En ek sê Gretha se foto is een wat geneem is toe sy al siek geword het. Hy lag my net uit en sê hy kan geen ooreenkomste sien nie.

“Ek bewys aan hom Sue en Nan is twee hoere, maar steur hy hom daaraan? Nee. En toe hy eers hoor Nan het ’n dogter, raak hy skoon simpel. Wil alles van julle weet. En toe hy hoor van jou basterkind, is hy eers laf.

“En toe hy hoor jy restoureer huise en goed, besluit hy om hierdie bouval aan jou te bemaak terwyl hy weet ek sal enigiets doen om hier te kan bly. Natuurlik nie geweet waarom nie, maar ek het hom hoeveel keer gesmeek om die plek aan my te verkoop as hy my dan nie wil laat erf nie. Maar nee, die huis is Jo s’n, het hy besluit. En maak nie saak ek vertel hom hoe jy Wikus behandel het nie, hy hou voet by stuk.”

Jo konsentreer met moeite.

“Dis toe dat ek besef het hy gaan nie van plan verander nie en ou Con nadergesleep het. Ons het besluit hy kan nie sommer dadelik net na jou vry nie. Dit sou te verdag wees.”

Jo trek haar asem skerp in, maar Quintin kom dit nie eens agter nie.

“Moet sê hy was heel insiklik nadat hy Sue eers gesien het. Alles was uitgewerk. Hy het verwag Sue gaan hom drop die oomblik as hy skei – iets wat in elk geval op hande was. Teen daardie tyd het hy gesorg Sue weet van sy planne met die restaurante. Dit was logies dat sy jou by hom sou aanbeveel, veral nadat hy haar spesifiek na die Knysna-restaurant toe geneem het om haar so ’n bietjie aan te por om hom van jou bekwaamhede te vertel. Sy het dus geen rede gehad om agterdogtig te wees toe hy jou nader nie.”

“Hy het nooit beplan dat Abalone’s sal realiseer nie, het hy?”

Quintin skud sy kop. “Wat wil ek met ’n spul restaurante maak? Dis harde werk. Groot uitgawes, min wins.”

“Jy is Fyfe,” daag dit uiteindelik by Jo. Dis hoekom sy daardie eerste aand gedink het sy stem klink bekend, maar daarna het hy temerig gepraat en daarom kon sy nie die kloutjie by die oor bring nie. Noudat hy normaal praat, is dit so duidelik soos daglig.

“Uiteindelik drop die pennie!” Hy grinnik. “Slim keuse, nè? Quintin beteken mos vyfde seun. Nie dat my onnosele ma dit geweet het toe sy haar eersteling die naam gegee het nie. Seker gedink dis deftig, maar dis ’n moffienaam. Daarom het ek sedert hoërskooldae al verkies om Fyfe genoem te word al het my pa my darem ’n beter bynaam gegee. En dit pas my om soms my eerste stiefpa se van te gebruik.”

“En die idee agter jou en Con se sameswering was?” vra Jo verward.

“Con trou met jou. Hy oortuig jou om Casper se huis aan my pleks van Saul te verkoop al bied ek minder aan. Abalone’s kry die een terugslag na die ander, een vertraging volg die ander op. Onder Con se bekwame leiding kanaliseer jy die geld wat jy vir die huis gekry het daarin. Abalone’s word nietemin bankrot verklaar en Con skei van jou. Vyftig persent van die geld wat hy uit jou kry, kastig vir Abalone’s, is syne en vyftig myne. Só kry ek helfte van die geld wat ek vir Casper se plek betaal het terug.”

“En waar kry jy die geld om die kasarm te koop?” Jo vee oor haar nek

toe iets daar kriewel. Bloed, besef sy toe sy haar hand sien.

“Jy het my onderskat, my liewe niggie. Jy het jou laat mislei deur my klere en voorkoms. Toe jy my die eerste keer sien, het jy gedink ek is arm en ’n luis. Dis hoekom jy my behandel het soos jy het. Ene hoogmoed.”

“Dit het niks met geld of ’n gebrek daaraan te doen gehad nie. Jy het in die middel van die nag op my eiendom rondgedwaal en dit kort nadat hier ’n onverklaarbare brand was,” protesteer Jo tam.

“Onverklaarbaar? Nee wat, niks onverklaarbaars aan lighter fluid op ’n paar lappe in ’n kas met ander ontvlambare middels nie. Ek kon die verdomde lêer wat Casper geweier het om terug te gee, nie kry nie. En die brand was jou eie skuld ook. Ek het jou ’n kans gegee. Ek het jou gewaarsku om te voertsek, maar wat doen jy? Jy bly en jy begin hier maak en breek asof die huis jou waarlik toekom. En behandel my soos muismis.”

Jo ys toe sy daaraan dink dat hierdie man haar dopgehou het, in die oggendure op haar vensters geskryf het terwyl sy angsbevange lê en luister. En sy het rede gehad om bang te wees, besef sy nou.

“Sou jy my nie anders behandel het as ek welvarend gelyk het nie? As ek nie ’n baard gehad het nie en spoggerig aangetrek was?” bring hy haar weer terug na die onmiddellike.

“Die feit dat ek vir jou lugtig was, het niks met welvarendheid of voorkoms of enigiets anders te doen nie. Dit was eerder ’n sesde sintuig.”

“Twak. Of wil jy my vertel dat die mooie Jeannie ook ’n sesde sintuig het? As ek net dink aan die manier waarop sy my in daardie restaurant aangekyk het!”

“Toe slaan jy haar Uno se venster stukkend?” Jo probeer fokus, maar dis moeilik.

“Dit het my nog meer genoeg gegee as om Sue se bakkie te krap.”

Jo vra nie eens na die res nie. Dit kon ook net Quintin gewees het. Hy het immers presies geweet waar elkeen van hulle hul bevind het. “Hoekom die vandalisme? En hoekom al vier van ons se karre?”

“Ek wou hê julle moet weet hoe dit voel om bedreig te word, om nie te weet wat julle volgende gaan tref nie. Maar julle is so verdomp arrogant. Jy kom agter ek sit op jou kar se gat, maar al wat jy doen, is om ’n bietjie rem te trap. Enige vrou wat alleen in ’n motor is, sou probeer wegjaag het. Veral in hierdie tye in ’n land wat ons s’n was voor die duiwel daarop vastrapplek gekry het.”

“Dit sou gevaarlik gewees het om te probeer wegjaag.” Sy knip haar oë toe hy vir ’n oomblik agter ’n waas verdwyn. Sy kan nie nou haar bewussyn weer verloor nie.

“Ek weet. Dis waarop ek gebargain het.” Hy grynslag. “Soos ek gebargain het op die eienaar van jou meenthuis se optrede nadat ‘die balju’ hom gebel het om seker te maak Jo Calitz bly in een van sy meenthuise en hom toe verseker het hy sal nooit sy geld sien nie. En voor jy weer so ewe onskuldig vra hoekom, ek wou hê jy moet weet hoe dit voel om niks te hê nie. Ek het geweet daardie agt maande sonder inkomste sou jou in die moeilikheid kry. Ek wou net hê jy moet voel hoe dit voel as die mat finaal onder jou uitgepluk word en jy met niks agterbly nie.”

Magteloosheid oorval haar. Hoe veg mens teen soveel nyd? “Glo my, ons weet ook hoe dit voel om niks te hê nie. Ons het vir baie lank ook niks behalwe mekaar gehad nie. Maar omdat ons mekaar gehad het, het ons alles gehad wat belangrik was.”

“Pragtige toesprake, niggie,” smaal hy. “My hart bloei vir julle, maar as jy nie al daar was nie, sou Hannetjie my ma waarskynlik nooit weggestuur het nie. Haar nie gedwing het om met my pa te trou nie. Maar nee, toe was een baba onder haar dak mos genoeg. Die wiel het egter gedraai, niggie. Waar julle ook al die geld vandaan gekry het vir hierdie simpel verbouings van julle, ek is seker dis nie omdat julle regtig nie die einde van julle skatte ken nie. En binnekort gaan julle weer eens niks hê nie. Terwyl ek ryk is en nog ryker gaan word.” Sy selftevrede glimlag stuur ’n rilling deur haar. “Verskriklik ryk.”

“Is jy nog steeds met diamante deurmekaar?”

Hy lig sy wenkbroue verras. “Julle het julle huiswerk gedoen?” Nog ’n laggie wat haar siek laat voel. “My stiefpa het my baie geleer van die klippers. Hy was dom genoeg om in die tronk te beland toe ’n lokvink hom uitoorlê het. Ek is verbeteringskool toe gestuur omdat ek te jonk was om tronk toe te gaan, maar ek het nie vergeet wat ek geleer het nie. En in ’n verbeteringskool leer jy meer as wiskunde en geskiedenis, glo my.”

Hy begin lag. “Die dag ná die vonnisoplegging het Gretha die skeisaak aanhangig gemaak. My stiefpa was niks meer vir haar werd nie. Sy was te stommonnosel om te weet hy het altyd ’n sakkie of twee diamante vir nood weggesteek. En ek het geweet waar. Toe ek uit die verbeteringskool kom, kon ek stadigaan daarvan ontslae raak, vir my ’n neseier opbou terwyl ek

kastig op snoekbote werk. En Port Nolloth was nie te ver daarvandaan nie. Kontakte, my niggie, is alles in die lewe.

“Maar De Beers se sertifisering van diamante het sake bemoeilik. Ek is een keer onkant betrap. Gelukkig was die vonnis lig en ek het gou parool gekry vir goeie gedrag. Maar agterna beskou, was daar ’n goeie rede vir my om tronk toe te gaan. Daar het ek besef perlemoen is die nuwe klippers en kon ek kontak maak met die regte mense. En raai waar is daar volop perlemoen? Net mooi waar my oupa ’n yslike en afgeleë huis het. Dis toe dat die verlore kleinseun op ’n dag op sy drumpel staan.”

Perlemoen. Abalone’s. Die man voor haar is intelligenter as wat sy sou kon raai. En hy hou daarvan om kat en muis te speel.

“In die begin het dinge goed gegaan. Die ou man het snot en trane gehuil toe hy my vertel hoe onse ouma hom om elke hoek en draai belieg het sodat hy nie by Nan kon uitkom nie. Sommer daardie eerste dag het hy my al gevra om haar op te spoor, vir hom te kom sê wat met julle gebeur het en wat nou in julle lewe aangaan. Kon hy nie tevrede wees daarmee dat sy enigste kleinseun wel die moeite gedoen het om hom op te spoor nie?

“Dit was ’n plesier om vir hom ’n ruk daarna te kon vertel dat julle waarlik Hannelie se dogters was. Jesebels, een en elkeen van julle. Verderflik. Nes my liewe ma. En wat gaan staan hy en doen? Hy besluit om julle desondanks te laat erf, want ek is nie bloed van sy bloed nie.” Hy skud sy kop asof hy van ’n skokkende tragedie gehoor het.

“Ek en Con het ons planne begin agtermekaar kry. Die wiele was net mooi aan die rol toe Casper my die guns doen om te val en sy heup te breek. Ek het geweet dis nou nie meer lank nie. En ek het geweet Saul wil die plek koop, dus moes ek hom voorspring met ’n eerste aanbod en opsie.

“Ná Casper se dood is ek na sy prokureur toe. En daar moet ek toe hoor ou Casper het my al weer gepypkan. Met die driejaarklousule. Die engelbeeld wat ek kastig moes kry, was net die kersie op die koek. Ek het my moer gestrip en vir Con gesê hy moet nou maar self sien kom klaar. Ek sien nie kans om drie jaar te wag nie, ek is moeg gesukkel. Hy het my in Botswana opgespoor, my kom ompraat om net ’n ander roete te volg. Eers wou ek niks weet nie, maar toe begin dit sin maak wat hy sê. Ons gee jou genoeg geld om jou hier weg te hou. Ek huur die huis vir drie jaar. Teen die tyd dat jy agterkom die oorbetalings is gestop, het ek ’n huurkontrak en kan jy my nie hier uitkry nie.

“Ek sou rustig my perlemoenoperasietjie van hier af kon bedryf en Con sou ’n aandeel in die besigheid kry vir dienste gelewer. Ná drie jaar sou ek genoeg geld kon maak om aan te skuif en dan kon jy maar die bouval terugkry. Wat daarvan oor is in elk geval. Of ek sou dit teen ’n appel en ’n ei kon koop. Saul sou teen daardie tyd nie meer belang gestel het om te koop nie en as daar wel ’n idioot was wat sou wou ... Nou ja, ek kan nie alles beheer nie. Buitendien, drie jaar is lank genoeg om nuwe planne te beraam om julle telge uit die hel op julle plek te hou.”

Jo is ineens doodmoeg. Waarheen lei hierdie biegsessie? Sy is te bang om te vra. Hoe langer hy praat, hoe beter. Iemand sal darem seker agterkom sy bly te lank weg? Sy veg teen die vlae lighoofdigheid wat kom en gaan.

“Wat het jy teen jou ma gehad?” vra sy.

Quintin kyk op sy horlosie voor hy antwoord. “Gretha het my eie pa soos ’n vampier leeggesuig en toe laat staan. Pa het nooit herstel van die knou wat sy hom toegedien het nie. Tot vandag toe is hy ’n stil, teruggetrokke man met ’n spul fobies, terwyl hy op skool gewild en sportief was. Slim ook. Hy sou universiteit toe gegaan het, maar het besluit om die eerbare ding te doen. Te trou met die ma van sy ongebore kind. Hy het alles opgeoffer en as vergoeding ’n skop in die ballas gekry.

“Eers jare ná Gretha se verraad het my pa kans gesien om weer te trou. Santie se waarde is ver bo korale, maar sy kon nooit weer lewe in hom blaas nie. Hulle twee dogters het grootgeword in ’n neerslagtige huis. My halfsussies het nooit die kanse gehad wat Sue en jy en Jeannie gehad het nie. Hulle is ook nie mooi of verleidelik soos die Calitze nie. Al wat vir hulle oorgebly het, was hulle geloof. Daarin kon hulle opgaan. Miskien is dit omdat my pa nooit vir hulle die regte leiding kon gee nie. Dit het min geveg om hulle betrokke te laat raak by ’n vrou wat by ’n eienaardige kerk aangesluit het terwyl haar man saam met my in die tronk was. Ek is seker die naam Maidens of Sappho beteken vir jou iets?”

Vir Jo voel dit asof al die bloed uit haar dreineer. “Jou halfsussies? Imogen en Cassandra?”

“Santie is ’n goeie siel, maar my pa moes haar nooit toegelaat het om hulle name te kies nie. G’n wonder hulle het skeef uitgedraai nie. Hulle kan seker nie help hulle is dykes nie, maar dit beteken dat hulle in elk geval verdoem is om hel toe te gaan. Die aarde sal ’n beter plek wees

sonder hulle verfoeilikheid. Die belangrikste was egter dat 'n Calitz hulle vergesel.”

Jo probeer sin maak van alles, maar dis te veel. 'n Oomblik word dit swart voor haar, maar sy stry daarteen, oorwin weer die duiseligheid wat al healtyd dreig.

“Hulle Boetie Tienie kon hulle ompraat om hulle niggietjie te probeer red. Kon hulle oortuig selfs 'n Calitz verdien om gered te word. Alles was op koers voor Sue nou weer haar neus in dinge gestee het en Jeannie oortuig het my sussies is boos.”

“En met goeie rede. Gelukkig het Jeannie vir haar geluister.” Jo sê dit eerder vir haarself as vir Quintin.

“Moenie so seker wees daarvan nie, niggie. Om die waarheid te sê, jou dogter is op hierdie einste oomblik by 'n spul vroumense wat haar goed sal laat verstaan dat sy niks beter is as haar halfniggies nie.” Sy grynsag is een van oorwinning.

Hy bluf. Jeannie sal nie weer saam met die susters gaan nie. Dis nie meer net 'n belofte wat verbreek kan word nie. Jeannie het haar miskien nie alles van daardie aand by Blouberg vertel nie, maar dit was baie duidelik dat sy werklik niks meer met die sekte of die susters te make wou hê nie. En tog ... Sy is vanaand by die YWC.

“Tsk, ts. Jy moet nooit my oorredingsvermoë onderskat nie, niggie. Ook nie my sussies se ontvanklikheid of hulle deursettingsvermoë nie. Of hulle blinde geloof dat daar êrens iets beters moet wees as dit wat hulle op die aarde toebedeel is nie. Vannag om twaalfuur, glo hulle, word hulle na 'n beter plek weggevoer.”

Die duiseligheid waarteen sy so hard probeer stry het, wen uiteindelik.

Sue loop op en af in Zach se sitkamer. Vandat Nan haar wie weet hoe lank terug gebel het om Sardyn se foonnommer in die hande te kry, voel dit asof sy gaan ontplof. Nan was te haastig om te verduidelik waarom sy die nommer wou hê en sedertdien bly haar foon beset. Van haar belofte om terug te bel om te verduidelik, het ook nog niks gekom nie.

En hoekom is Jo se verdomde foon nie aan nie? Die ding gaan dadelik op voicemail. Miskien 'n pap battery. Maar waar is sy? Riekie sê sy is nie by die chalet nie. Sy sal sekerlik nie hierdie tyd van die dag nog by die bliksemse kasarm wees nie? Dit begin al skemer word.

Of miskien is sy saam met Zach-hulle Hermanus toe, val dit haar by.
Dit neem 'n ewigheid voor hy sy foon beantwoord.

“Hi, gorgeous, kan ek jou terugbel? Ons sit met 'n klein krisis hier. Die een of ander bliksem het hier ingebreek terwyl die ouens vinnig huis toe is vir ete. Die erkers is beskadig.”

“Is Jo by julle?” Sy het op hierdie oomblik vrede met die erkers.

“Nee, sy doen seker haar daaglikse inspeksie van die dag se werk.”

“Hierdie tyd van die aand?”

“Miskien wag sy vir Saul. As jy haar sien, sê sommer vir haar ons gaan laat terugkom. Saul het so pas gebel om haar te laat weet, maar nie antwoord gekry nie. Moet nou aflui, Suz.”

Sue onderdruk 'n gromgeluid. As Zach moet aflui, doen hy dit onmiddellik. Dis iets waaroor sy hom beslis moet aanspreek. Hy moenie te verdomp mak raak nie. Sy laat haar nie vir granted vat nie.

Dis erg genoeg dat haar hele lewe die afgelope tyd om Zach draai. Nie omdat hy dit van haar verwag nie, maar omdat sy nie anders kan nie. Al waaraan sy verdomp kan dink, is Zach.

Dis scary en dis dié dat sy wil hou by haar plan om saam met Nan-hulle in die kasarm in te trek sodra haar plek reg is. Zach sien nie die nodigheid daarvan in nie, maar dit sal haar darem 'n bietjie afstand gee. Dit maak haar benoud om iemand so lief te hê soos wat sy Zach het. Dit voel asof sy geen beheer het oor haarself en haar lewe nie.

Al wat haar die afgelope tyd gered het, was die paar dae wat sy Kaap toe gegaan het. Sy kon weer asemskep al het sy die slegte nuus gekry dat die ontwikkelings uitgestel is na volgende jaar.

Sy bel Jo weer. Voicemail. Sy bel Nan. Beset.

VEERTIG

“Ek dink ek het dalk die plek gekry, Nan. Klipmuur om die plek en ’n elektroniese hek. Geen interkom. Nes die joernalis gesê het. Waar is jy nou?”

Nan verduidelik vlugtig waar sy haar bevind.

Dit het haar ’n ewigheid geneem om Sardyn te oortuig die saak is ernstig genoeg om sy af dag en die ete waarheen hy en sy vriend op pad was op te offer. Nou moet hulle net bid Sardyn is by die regte plek. Hulle soek nou al wie weet hoe lank hier in die berge. Die joernalis, ’n vriend van Sardyn, wat meer as ’n maand gelede meer van die Maidens probeer uitvind het, kon nie die presiese adres onthou nie.

Toe hy indertyd na die Maidens ondersoek ingestel het, kon hy nie hond haaraf maak nie, maar het wel die plek geïdentifiseer waar hulle Sondae bymekaarkom. Hy het Sardyn aangeraai om ’n lasbrief te kry toe hy toegang geweier is, maar dis nie toegestaan nie aangesien daar nie ’n klag gelê is nie. Daarna het sy belangstelling verflou.

“Jy sal moet omdraai.” Sardyn verduidelik hoe sy moet ry terwyl sy van die pad aftrek.

Nan kry dit reg om ’n U-draai te maak al is die pad nou en al sukkel sy om die selfoon tussen skouer en kaak vasgeknyp te hou in die proses. Sy sal mal word as sy die verbinding moet verbreek.

Se moer, besluit Sue ná 'n gewik en geweeg. As sy net eers vir Jo kan opspoor, sal dit dalk beter gaan.

Sy kry die Cadillac se sleutels en besluit dadelik daarteen. Dis makliker met Zach se Landie. Sy skrik haar asem weg toe sy die voordeur ooppluk en 'n man voor haar staan, sy vinger op pad om die deurklokkie te lui. Dit neem haar 'n breukdeel van 'n sekonde om Con te herken en nog een vir die vrees om haar te slaan. Jo wat nie beskikbaar is nie. Con op Maanschijnbaai. Die twee kan net iets met mekaar te doen hê.

Con is ook onkant betrap. Sue gebruik die geleentheid en doen instinktief wat sy al soveel keer gewens het sy kon doen. Haar knie vang hom presies waar sy gemik het en met soveel geweld dat 'n pyn deur haar heup skiet.

Con vou dubbeld, die geluid uit sy keel baie na aan hoe sy dink 'n doodskreet sal klink.

“Waar is sy?” gil Sue. “Wat het jy met haar gemaak?”

Eers toe hy in 'n fetusposisie op die stoep neersak, sy hande geklem oor waar sy nageslag dalk na dese nie meer vandaan sal kom nie, besef sy wat sy gedoen het. Miskien is die man heel onskuldig.

“Fokken hoere.” Selfs deur sy gekreun en steun kan sy die woorde uitmaak. “Dis klaar met julle.”

Onskuldig is hy dus nie. Sue dink nie. Sy los hom net daar en hardloop na die Landie toe. Dit vat onmiddellik.

Die eerste ding waarvan Jo bewus word, is die reuk van paraffien, die tweede dat dit swaar skemer is in die toringvertrek. Sy probeer regop sit, maar die duiseligheid oorval haar weer. Sy val skuins teen die melkkannetjie. Eers toe sy haar nie kan stut nie, besef sy haar hande is voor haar vasgemaak. 'n Langerige tou verbind haar aan die trapreling.

Quintin troon oor haar en skud 'n boksie vuurhoutjies betekenisvol. “Dareem jammer dat jy vergeet het om die stoof se gas toe te draai. En toe steek jy boonop die olielampie aan om te sien wat in die toringkamers aangaan aangesien hier nie krag is nie.” Hy beduie na 'n lampie wat hy 'n ent hoër op die trap staangemaak het. Vloeistof wat net lampolie kan wees, drup van die trap af op 'n spul streepsakke, gevlek met donker kolle, wat daaronder opgefrommel lê. “Selfs jou deskundige sal nie ná die tyd kan vasstel wat gebeur het nie. Die tou sal uitbrand en 'n verbrande lyk wys nie veel merke nie.”

Die betekenis van sy woorde sink stadig in. “Maar wat help dit jou as die kasarm afbrand?” vra sy skor terwyl angs deur haar pomp.

“Wat gaan Nan met ’n afgebrande murasie maak? Een waar hulle geliefde Jo en dié se ewe geliefde tante die tydige met die ewige verwissel het?”

Sue? Wat bedoel hy Sue ook?

“En haar kleindogter is ook nie meer nie. Kan jy glo een dyke kan ’n spul ander dykes oortuig selfmoord is die enigste manier waarop hulle die moederskip sal kan binnegaan om verlos te word van ’n aardse bestaan? En die onwilliges sal natuurlik gehelp word om bevryding te vind.”

Jeannie! Jo se hart staan vir ’n oomblik doodstil voor dit teen haar ribbes begin skop.

“Dink jy nie Nan sal verkoop nie? En ek sal die enigste een wees wat belang stel. Saul is nie die soort man wat hier waar sy houvrou dood is, ’n hotel sal oprig nie. Zach sal ook niks meer van die plek wil weet nie.” Hy kyk weer op sy horlosie.

Angs druis in haar ore, maar sy probeer rasideel bly.

“Hoe het jy geweet jy sal my hier kry?” vra Jo ná ’n kort stilte. Dit maak seker nie saak nie, maar dis amper erger as hy nie praat nie.

“Jy check elke aand op wat die slawe deur die dag gedoen het. En dan gaan jy na Saul se huis toe. Ek kan maar net vermoed wat julle daar doen.”

Hulle luister musiek, drink ’n glas wyn, gesels oor die kasarm, oor hulself, hulle onderskeie families en oor hulle toekoms. Hulle hou mekaar vas en hy soen haar asem weg, jaag haar bloeddruk op met sy liefkosings soos geen man al ooit reggekry het nie, maar hou beheer. Asof hy aan sowel haar as homself iets wil bewys. Dis wat hulle doen. Gedoen het. “Jy hou my dop?”

“My gawe vriendin Hendrien hoor by Priscilla wat Priscilla by haar seun uittorring oor wat hy by sy oupa en sy pa hoor. Om Saul en Zach langer weg te hou, het ’n bietjie meer vernuf geverg. Ai, en die een fênsie venster was juis so naby aan klaar.”

“En wanneer het jy die toring se sleutels gesteel?” Vrae vra is verkieslik bo tyd om te dink, die volle omvang van haar angs oor Jeannie in die oë te staar.

“Voor Casper se dood al. Ek moes van tyd tot tyd goed hier wegsteek. Casper het nooit meer torings toe gekom nie. Hy kon nie meer by die trap

opkom ná sy hartaanval nie. Ek hoop nie die torings brand te sleg nie. Dis goeie uitkykpunte. Nie alle lede van die perlemoenpolisie is omkoopbaar nie.” Hy frons en kyk weer op sy horlosie.

“Hoekom bel jy nie vir wie jy ook al wag nie?” As hy sy konsentrasie verslap terwyl hy oor die foon praat, kan sy hopelik iets bedink.

“Jy dink nog steeds ek is onnosel. Die polisie, so eenvoudig as wat hulle is, kan naspoor waarvandaan selfoonoproepe gemaak word. Dit sal my glad nie pas as iemand dalk begin vrae vra oor ’n oproep wat ek op hierdie tydstip hier rond gemaak het nie. Daar wag ’n vliegtuigie op ’n landingstrook op ’n plasie anderkant Botrivier. Oor ’n uur of drie land ons in die Vrystaat en sal van daar af begin oproepe maak om te kan bevestig waar ons was terwyl my arme niggie en tante so ’n verskriklike ding oorgekom het.” Hy draai sy kop skuins. “Verbeel ek my of hoor ek ’n motor in aantog?”

Sy grimlag laat haar dadelik besef sy moenie hulp uit daardie oord verwag nie.

“Dit sal Con wees.” Hy stap deur toe sonder om sy oë van haar af te haal en sluit dit oop. “Vergesel van sy gewese hoer. Julle sal darem geselskap vir mekaar wees voor die groot boem!”

Jo probeer opstaan, maar hy skop haar met ooglopende genot in die ribbes.

’n Deur klap.

“Jo!” hoor sy Sue se stem oomblikke later. “Waar de fok is jy?”

Quintin se hand klamp so blitsig oor haar mond dat sy skaars tyd gehad het om haar asem in te trek.

Sardyn wag Nan in toe sy met die kronkelpaadjie opgeruy kom. By hom staan ’n skraal man wat sy vriend moet wees. Maar waar is die polisie? Hoekom het Sardyn nog nie versterkings laat kom nie? ’n Helikopter, verkieslik. Op die oomblik is daar net die drie van hulle teen hoeveel? En wat beteken sy met haar ou oorgewig lyf? Die hoogte van die mure en die elektroniese hek laat haar moed in haar skoene sak. En daar is nie tyd om te verspeel nie. Wie weet waaraan word Jeannie op hierdie oomblik blootgestel?

Sardyn maak vir haar die deur oop. “Nan, die luitenant aan diens reken ek het nie genoeg rede om manne in te roep nie. Daar is te veel ifs and

but, veral omdat Jeannie laas nie 'n klag gelê het nie. En ek het nie 'n lasbrief nie. Jy is al een wat ons hier kan inkry sonder te veel gevolge. Daar is nie 'n interkom nie. Die lede het waarskynlik elkeen hulle eie vorm van toegang. Gaan staan voor die hek, roep na Jeannie en roep hard.” Hy gaan staan met sy rug teen die muur, buite sig. Sy vriend volg sy voorbeeld.

Nan loop in 'n dwaal tot sy voor die hek staan. Sy kyk Sardyn steeds sprakeloos aan. Skree? Dis al wat sy kan doen om haar kleinkind te probeer red?

Sardyn por haar met 'n knik aan.

Sy trek haar asem diep in. “Jeannie!” skree sy en luister na die eggo. “Jeannie Calitz!” roep sy weer. Nêrens roer 'n mens nie. In die verte hoor sy verkeer en ook vroue wat dreunsing.

“Jeannie!” gil sy so hard as wat sy kan.

Jo luister hoe Sue deur die huis loop en roep. Die paneelwa staan buite en die voordeur is nog nie gesluit nie. Dit sal Sue laat besef Jo moet hier wees.

Quintin het Jo regop gepluk. Teen haar rug kan sy voel hoe sy hart tamboer. Sy probeer oor sy hand sien. Probeer onthou wat hier onder op die vloer lê.

Die melkkannetjie, onthou sy. Maar selfs al kry sy dit raakgeskop om Sue se aandag te trek, beteken dit net dat sy Sue ook hierheen sal lok. En wie weet wat die uitkoms daarvan sal wees? Veral as Con ook hierheen op pad is?

“Nan!” roep Sardyn sag maar dringend toe sy asemskep. “Skuil!”

Nan kyk hom verward aan toe hy en sy vriend agter 'n struik inglip, maar volg inderhaas toe sy ook 'n motor hoor aangesnor kom.

Die hekke begin rukkerig oopgaan net voor die Uno stilhou om te wag tot die gaping groot genoeg is.

Sardyn som die situasie vinniger op as sy. Hy vlieg soos 'n pyl uit 'n boog en ruk die passasierdeur oop. Binne oomblikke het hy 'n meisiekind daar uit.

Nan hardloop nader en Sardyn se vriend volg haar.

Die Uno se enjin hik dood en Jeannie val behoorlik agter die stuurwiel

uit. Sy steek vas toe sy Nan sien voor sy na haar toe hardloop. Alles word vir 'n oomblik stil om Nan. Net Jeannie se snikkende “Nan! Nan! Nan!” bly in die berglug hang terwyl Nan haar vasdruk asof sy haar nooit weer kan laat gaan nie.

“Wat gaan hier aan?” Die gebiedende vrouestem laat Jeannie ineenkrimp.

Nan laat gaan Jeannie onwillig en draai om. 'n Vrou wat sy net as majestueus kan beskryf, staan in 'n lang wit gewaad by die hek.

“Sy't ons getriek, Sappho!” roep een van die vaal meisiekinders uit, ruk haar los uit Sardyn se greep en hardloop na die vrou toe. Moet Imogen wees. Sy lyk jonger as die ander suster. “Sy't gemaak asof die petrol op is! Die kar laat hik en alles. Toe langs die pad afgetrek. Sy wou hê ons moet haar ouma bel om ons te kom haal. Ek het Boetie Tienie gebel maar sy foon is af en ons weet ons mag jou nie bel nie. En ook nie my ma nie, Boetie Tienie het gesê my ma-hulle moet dink ons is by YWC. 'n Hele ruk later toe stop 'n minibas vol dronk mans agter ons en toe eers trek sy weer weg omdat sy bang geword het. Toe kom ons agter sy het gelieg!”

Nan kyk na Jeannie met 'n hart wat swel van trots. En dankbaarheid vir 'n stukkende brandstofmeter waaroor sy haar al so bekommer het.

Toe Nan terugkyk, is dit in die felblou oë van Sappho. Hulle meet mekaar asof hulle mekaar se siele kan lees.

Sappho kyk na Sardyn. “Is daar iets wat verhoed dat my twee protégés nou uiteindelik by die vergadering waarvoor hulle gekom het, kan uitkom? Die agenda is reeds genoeg vertraag.”

Sardyn kyk na Jeannie voor hy weer na Sappho kyk. “Jou protégés het Jeannie Calitz ontvoer.”

“Sover ek kan aflei, het hulle haar net gevra om hulle hierheen te bring.” Sappho kyk na Jeannie. “Of het hulle jou met 'n wapen aangehou?”

Jeannie skud haar kop. “Maar hulle het my gedreig. Hulle het gesê hulle gaan my ouma goed vertel as ek hulle nie hierheen bring nie.”

Sappho se glimlag is slinks. “Inligting wat jy nie bekend gemaak wil hê nie?”

Jeannie kyk af na haar sandale. “En toe ek sê ek sal hulle hier buite aflaai, het hulle my probeer afpers om tot binne te ry. Gesê Boetie Tienie sal my ma dit laat ontgeld as ek nie doen wat hulle sê nie.” Sy kyk na Nan. “Sy regte naam is Quintin,” bevestig sy Nan se vermoede.

Sardyn kom staan langs Jeannie en praat net hard genoeg vir Jeannie en Nan om te hoor. “Jeannie, ek kan die twee nou arresteer, maar ek moet genoeg rede hê. En jy sal ’n definitiewe klag moet lê.”

Jeannie hou haar oë versluier en skud net weer haar kop. “Los hulle. Hulle sal wel agterkom dat geen moederskip vannag om twaalfuur sal opdaag nie. Dalk sal hulle oë dan oopgaan.”

Nan ys van voor af toe sy besef hoe naelskraap dit werklik was.

“Imogen. Cassandra.” Sappho se stem is beslis. Toe die twee meisies langs haar gaan staan, drapeer Sappho haar arms om die meisies se skouers. In daardie oomblik sien Nan dat die wit gewaad genoeg deurskyn om te verrai dat die vrou niks onder aanhet nie. Sy ril onwillekeurig.

“Vaarwel, Jeannie. Ons is jammer om jou agter te laat, maar dis duidelik dat jy die ondermaanse gekies het.”

Nan kyk hulle agterna toe hulle wegstap. Die hekke gaan sidderend agter hulle toe en hulle verdwyn agter ’n klomp struik.

Sue, onthou Nan. Sy moet haar bel. Sy is seker al mal van bekommernis.

Jo hoor hoe Sue se foon begin lui. Sy moet in die gang wees en baie naby aan die toring se deur wat op ’n kier oopgaap. Haar voetstappe verstil.

“Fok, Nan, wat gaan aan? Ek bel jou al wie weet hoe lank.”

Jo hou haar asem op. Sy voel Quintin se lyf teen haar tril. Sodra Sue die gesprek afsluit, gaan hy iets doen. As sy net weet wat. Sy vermoed hy wag steeds vir Con om op te daag, maar dis nou al ’n hele ruk dat Sue oral loop en roep.

“Liewe fok! Is Jeannie oukei?” Sue se stem weergalm in die gang af. “Bliksemse mal donners. Gee haar voorlopig ’n drukkier, maar ek spreek haar binnekort onder vier oë. Ons het haar teen die spul gewaarsku. Vir wat ... Oukei, oukei. Ja. Quintin? Nee, nie met ’n oog gesien nie.”

Jeannie is veilig. Dis al wat dit kan beteken. Verligting stroom deur Jo. Wat Quintin se bese planne ook al was, dit het nie gewerk nie.

“Luister, Nan,” vervolg Sue ’n paar tree van hulle af. “Moenie vir Jeannie sê nie, maar ek kry Jo nêrens nie. Ek het hierdie fokken kasarm al van hoek tot kant deurgesoek. Al wat ek kan dink, is dat sy dalk na Saul se huis toe gestap het. Ek gaan nou daar kyk, maar ek weet darem nie. Sy weet Saul-hulle is Hermanus toe. As sy nie daar is nie, bel ek Zach om te hoor of hy dink ons moet die polisie inkry. En so terloops, Con Coetzee

het sy opwagting by my gemaak. Die bliksem sal nie gou weer sy knaters kan gebruik nie. Om die waarheid te sê, ek is halfbekommerd. Ek het dalk te veel geweld gebruik.”

Jo voel Quintin verstyf. Sy kan haar indink wat ’n tweestryd daar in hom moet woed. Vat hy sy kanse met Jo en kry Sue ook, of maak hy seker hy kry ten minste een van hulle? As Sue nou na Saul se huis toe gaan, is hy haar kwyd, maar Jo kan steeds saam met die kasarm in vlamme opgaan.

’n Soortgelyke tweestryd woed in haar. Probeer sy loskom, en hoop sy en Sue kan hom oorweldig, of hou sy Sue hier uit?

“Nee, ek weet nie wat hy daar kom maak het nie. Ek het hom nie kans gegee om te verduidelik nie. Ek wou Jo kom soek. Oukei, kry Jeannie by die huis. Ons sien julle môre. Ja, ek sal jou laat weet. Love you, bye.”

Jo weet nie wanneer sy besluit het nie, maar sy trap hard met haar hak na agter waar sy Quintin se voet kan voel, gooi haar skouer teen hom vas en probeer om haar elmboog in hom te laat wegsink. Nie al drie is ewe suksesvol nie, maar sy hand verslap.

“Sue!” gil sy. “Pasop! Quintin!”

Quintin stamp haar uit die pad.

Die toringdeur swaai oop. “Jo? Wat de hel?”

Quintin se vuus swaai deur die lug.

O hemel, sy het ’n fout gemaak. Sue is heeltemal onkant betrap. Jo verwens die tou wat keer dat sy naby genoeg aan Quintin kan kom.

Sue moes onder deur die hou geduik het, maar sy is van balans af. Haar selfoon klap teen die muur toe dit uit haar hand vlieg.

Jo ruk en pluk aan die tou, struikel oor die melkkannetjie en los lappe. Sy buk, tel die kannetjie met haar vasgebinde hande op. Sy het min swaai krag of ruimte, maar sy slaan so hard as wat sy kan. Die metaalgeluid is dof toe die kan Quintin teen die agterkop tref.

Sy het gehoop hy sal inmeekaarsak, maar dit gebeur nie. Hy gee ’n brul en gryp met een hand na sy agterkop terwyl hy Sue se aanslag op hom probeer afweer. Hy is voorbereid toe sy haar knie lig en stamp haar weg. Sue val teen die trapreling. Jo duik weer op die melkkan af, maar Quintin skop dit uit haar pad en tref ook haar hand. ’n Versengende pyn skiet deur haar kneukels. Asof in stadige aksie, sien sy hoe Sue se arm van onder af opskiet en haar vuus hom vol op die oog tref.

Jo is nie seker wie die hardste van pyn uitroep nie, maar Quintin gryp

Sue aan die hare. Alles gebeur te vinnig om te volg presies wie vir wie waar slaan en skop. Jo hark die melkkan met haar voet nader tot sy dit weer in die hande kan kry. Dié keer sit sy haar volle krag daaragter.

Quintin syg met 'n sug neer.

Sue probeer die tou by die trapreling losmaak, maar swets toe net en kyk in die rondte. Sy gryp die glaskoepeltjie van die olielamp af, slaan die onderkant stukkend teen die trapreling en begin saag aan die tou.

Sy is halfpad toe Quintin orent steier. Sue gee Jo 'n magtelose kyk en toe Quintin op haar afstorm, druk sy die skerp glaspunte in sy gesig.

Jo pluk met alle mag aan die tou, voel hoe dit effens skietgee en sit al haar gewig agter nog 'n ruk. Sy val met haar skouer teen die muur toe dit meegee.

“Sue! Kom!”

Quintin sit met sy gesig in sy hande. Sy gille weergalm in die klein ruimte. Bloed stroom deur sy vingers.

Jo ruk die sleutel uit die slot. Sue slaan die deur agter hulle toe, gryp die sleutel, mis amper die gat, maar kry dit tog ingestek en draai dit. Sy druk die sleutel met bewende hande in haar sak.

“Kombuis, gas,” hyg Jo. “Hy wou die huis opblaas.” Hulle hardloop daarheen.

Sue se hande vlieg oor die knoppe van die gasstoof. “Niks oop nie.”

Natuurlik, hy sou dit op pad uit oopgedraai het om te verhoed dat hy ook dalk opgeblaas word.

Sue ruk laaie oop, grawe tussen die paar goed wat Jo daar aanhou vir middagetes en kry 'n vleismes in die hande.

Jo skud haar kop toe Sue eers haar hande wil lossny. “Bring saam. Con is dalk op pad.”

By die Landie bondel Sue vir Jo in en hardloop om na die stuurwiel se kant toe. Sy is skaars agter die stuur toe hulle die enjin van 'n motor hoor. Hulp of Con?

Sue vat nie kanse nie. Die Landie rammel aan die gang. Sy tru en draai. Die neus is in die regte rigting net toe 'n donkerblou motor aangejaag kom sonder om die slaggate te ontsien.

Sue jaag die toere op en kry eerste rat, maar Con moes die situasie vinnig opgesom het en slaan remme aan. Sy motor staan in die middel van die pad.

Hy grynsag toe hy uit die kar klim, sy mankstappie opmerklik.

“Hou vas!” skree Sue en kry weer trurat. Sy stut haar elmboog op die rugleuning, draai die Landie in die teenoorgestelde rigting en jaag weg van Con af, direk op die fynbos af. Die Landie hik oor ’n begroeide duin. Sue hou na die see se kant toe waar die fynbos strandveld word, maar probeer sandkolle vermy. Dit gaan stadig en voel nog stadiger. “Hy hardloop agter ons aan!” roep Sue ná ’n blik in die truspieël.

Jo probeer omkyk, maar die Landie skud te veel en sonder die gebruik van haar hande kan sy, ondanks Sue se opdrag, nie haar greep op enigiets kry nie. Sy val rond soos ’n sak aartappels.

Toe is daar skielik nie meer ’n geskud nie, net die geloei van wiele wat desperaat vastrapplek in die sand probeer kry.

“Fok!” gil Sue en klap met haar hande op die stuur. Sy gryp die mes wat intussen op die vloer geval het, vlieg uit en staan met die laaste van die oorblywende lig teen die horison soos ’n gladiator vir Con en inwag.

Jo sukkel met die handvatsel, kry die deur oop en val uit. Sy hardloop om na Sue se kant van die Landie. Net betyds om te sien hoe Con omdraai en mank-mank begin terughardloop.

“Fokker!” skree Sue agter Con aan, die ene Amasone, net voor sy haar arms laat sak en begin rittel en beef.

“En dis kortliks wat gebeur het. Sorry, Nan, maar ons was albei ons selfone kwyd. Ek kon jou nie vroeër bel nie. Ek gebruik al klaar die meisiekind wat ons so mooi gehelp het se foontyd op. Ja, ons lyk en voel asof ons in ’n treinsmash was, maar ons is anderkant uit. Oukei, bel my terug.”

Sue skakel die foon met steeds bewende hande af en kyk na Monique. “Jammer, Rooikappie, ek koop vir jou foontyd vir so lank ek lewe. Nan gaan terugbel, oukei?”

Nog voor Monique geknik het, lui die foon.

Jo vryf haar polse versigtig terwyl Sue met Nan praat. Die skaafmerke brand. Sy neem weer ’n lang sluk van die water wat Monique vir hulle aangedra het. Wat sou gebeur het as Monique nie van die restaurant se stoep af gesien het wat tussen hulle en Con aangaan en die polisie gebel het nie, wil sy nie weet nie. En as Monique nie een van die gaste gevra het om Sue en Jo met ’n viertrek te gaan haal nie, het hulle seker nou nog daar

in die sand gesit. Te geskok om iets anders te doen.

Sy bepaal haar met 'n suwwe verstand weer by Sue se gesprek.

“Zach en Saul behoort enige oomblik hier te wees. Gideon is ook by hulle. Monique het hulle ook gebel. Die hele ding met die erkers was 'n setup om hulle te vertraag. Ja, ons sal by 'n dokter uitkom.” Sy skud haar kop asof Nan kan sien. “Ek weet nie en ek gee ook nie 'n moer om nie. Die polisie het hom daar gaan uithaal nadat hulle vir Con wat op pad uit was, gearresteer het. Al wat ons weet, is dat die bliksem leef. Ieg het agter die polisie aangejaag nadat Monique hom ook gebel het en ons laat weet wat aangaan. En die enigste rede waarom ek bly is Quintin is nie vrek nie, is dat ek nie van moord aangekla kan word nie. Ek sal dalk vir aanranding op Con aangekla kan word, maar Quintin was selfverdediging.”

Jo verloor belangstelling toe Zach se Prado met skreeuende bande stilhou en drie deure feitlik onmiddellik daarna klap.

Sue hoor dit ook, druk die foon halfpad deur 'n sin in Monique se hand en Zach is net betyds om haar in sy arms te vang.

Jo het moeite om op te staan, maar Saul is by en druk haar teen hom vas.

“Ek is net bly ek kon help. Ja, Tannie, ek sal vir hulle sê,” hoor Jo Monique dofweg belowe en toe is sy net bewus van die vlindersoene wat Saul versigtig dwarsoor haar gesig heen plant.

Sy maak haar oë toe. Ruik die angs aan hom, voel sy liefde net voor alle krag haar verlaat.

“Ambulans!” is die laaste woord wat sy hoor.

EEN EN VEERTIG

Sondag 17 Oktober

“Ek wed jou Jeannie se ontbyt is ’n damn site beter as die hospitaal s’n?” sug Sue en pik nog ’n stukkie croissant van haar bord af.

“Ontenseglik,” antwoord Jo. “Ek kan julle nie sê hoe bly ek was toe die dokter vanoggend sê ek kan huis toe kom nie, maar dit was darem nie net oor die kos nie. Die reuke en die geluide in daardie plek sal my mal maak.” Veraf hoor sy ’n fietsklokkie lui.

“Klink my die koerant het pas aangekom.” Zach kry vars koffie in die perkoleerder aan die gang. “Sal jy vir ons gaan kyk, Saul? Miskien is daar iets oor Con of Quintin in.”

Saul stoot sy stoel agteruit en gee Jo eers ’n soen op die wang voor hy voordeur toe stap.

“Eintlik wil ek regtig niks meer van hulle hoor nie,” brom Nan en druk ’n servet teen haar lippe.

“Fok, daardie Quintin moenie staan en vrek nie,” Sue se hand bewe toe sy ’n sigaret aansteek.

“Hulle het gesê hy is fine, Suzie,” troos Zach. “Sal miskien net weer ’n baard moet laat groei om die letsels toe te maak. Ek dink nie plastiese sjirurgie is hoog op gevangenisdienste se prioriteitslys nie.”

Jo sien egter dadelik iets skort toe Saul met die Sondagkoerant in sy

hande by Zach se kombuis ingestap kom. Sy vou haar hand oor Sue s'n.

Nan druk haar vuus teen haar mond en Jeannie kyk hom met groot oë aan.

“Wat?” vra Zach en gaan staan agter Sue. “Is Quintin dood?”

Saul se oë vlieg oor die voorbladberig voor hy opkyk. “Dis die Maidens. Sardyn het gisteroggend 'n lasbrief gekry om seker te maak daar is nie mense wat teen hulle wil daar aangehou word nie en het op die liggame van elf vroue afgekom. Hulle het klaarblyklik om iets soos 'n watervywer gesit en hulle polse gesny. Vertikaal. Hulle het klaarblyklik saam doodgebloei.”

Quintin het nie gelieg nie, is Jo se eerste gedagte voor die skok deur haar syg.

Saul laat sak weer sy oë na die voorblad. “Vier van hulle se name is reeds bekend gemaak.” Hy blaas sy asem stadig uit. “Die De Vos-susters was onder hulle.”

Jeannie is die eerste om te beweeg toe sy met haar hand voor haar mond opspring en badkamer toe hardloop. Jo skiet orent en hardloop agter haar aan.

Sy wag tot Jeannie klaar opgegooi het, gee vir haar 'n nat waslap aan en skink vir haar water in 'n tandeborselglasie.

Nadat Jeannie klaar die water gedrink het, kyk sy Jo aan met 'n verwilderde uitdrukking in haar oë. “Dis my skuld.”

“Nee!” Jo wil haar arms om Jeannie slaan, maar Jeannie hou haar hand op.

“Dit is. Moenie my probeer troos nie. As ek hulle laat arresteer het, bereid was om 'n klag te lê, was hulle nie daar nie.”

“Het jy geweet die Maidens gaan selfmoord pleeg?”

Jeannie skud haar kop verwoed.

“Ek het. Quintin het vir my gesê hulle gaan,” erken Jo ná 'n oomblik se weifeling. “Ek het gedink hy sê dit net om my te treiter. Ek moes Sardyn laat weet het. Ek is veel skuldiger as jy.” Jo gaan sit op die badrand.

“Jy was in 'n skoktoestand. Kyk hoe lyk jy. Pimpel en pers. Jy het nou nog harsingskudding. Niemand verwag dat jy daaraan ook nog kon dink nie. Jy het waarskynlik ophou dink aan enigiets wat met die Maidens te doen gehad het nadat jy gehoor het ek is veilig.”

Jo knik. Sy kyk op na Jeannie. “Ek sal probeer om te laat gaan, as jy

dieselfde doen.”

“Ons kan met Gideon praat.” Jeannie se oë vul met trane. “Dis verskriklik, Ma.”

En jy kon een van hulle gewees het, dink Jo met ’n ontsetting wat verby alle grense strek.

“Ek misbruik jou nie, AO. Asseblief, ek gaan mal word as ek nie hoor of die vark nog asemhaal nie.” Sue kyk op toe hulle terugkom. Die sigaret in haar hand tril. “Ek weet, maar asseblief, kan jy nie net uitvind en my laat weet nie?”

Die woorde hang ’n oomblik in die stilte. Jeannie gaan sit langs Nan en kruip onder haar verwelkomende arm in. Saul trek Jo versigtig teen hom vas, troos haar met sy hand oor haar hare, met die hitte van sy lyf, met wie en wat hy is.

Jo besef nou eers deur hoeveel wroeging Sue ook moet gaan. En ondanks Sue se dapper woorde Vrydagaand aan Nan, weet sy dit gaan nie vir Sue net daaroor dat sy vir moord of manslag aangekla kan word as Quintin dit nie maak nie. In daardie oomblik voor sy die vlymskerp glas in Quintin se gesig gedruk het, toe sy vir Jo gekyk het, was die boodskap duidelik: Ek kan nie anders nie. Asof sy vir Jo verskoning gevra het vir wat sy weet sy moet doen.

“Ek sal jou ewig dankbaar wees.” Sue knik. “Ek belowe plegtig ek sal jou nooit weer pla nie.” Sy sit Nan se foon neer. Hare is flenters. Jo s’n het die polisie glo in Quintin se sak gekry en dis nou deel van die getuienis wat hulle teen hom bymekaarmaak.

“Beter, Jeannie?” vra Nan bekommerd.

“Ek weet nie of dinge ooit weer beter sal wees nie, Nan. Hulle was eens op ’n tyd my vriendinne.” Trane rol oor Jeannie se wange.

Jo kyk van Zach na Saul, sien die magteloosheid in hulle oë. Zach laat sak syne en begin koffie skink. Saul druk Jo nog stywer vas.

Koffie stort oor die rand van die beker wat op pad was na Sue se mond toe haar foon ’n rukkie later lui. Sue word bleek terwyl sy luister.

“Ek sien. Dankie. Baie dankie,” sê sy uiteindelik en laat sak haar kop in haar hande.

Zach laat rus sy hande op haar skouer, gee Jo ’n benoude kyk.

Die stilte om die tafel is daverend tot Zach sy keel skoonmaak. “Sue?”

Sy sit stadig regop en vee oor haar oë. “Quintin sal leef, maar hy het amper sy oog verloor. Dis net genade dat hulle dit kon red.”

’n Kollektiewe gevoel van verligting gemeng met ontsetting is amper tasbaar om die tafel.

“Dis sleg, Sue, maar hy het dit toe nie verloor nie en hy leef ten minste,” troos Zach terwyl hy haar nekspiere liggies knie.

Sue skud haar kop en kyk na Jo. “Con gaan waarskynlik op borgtog vrygelaat word, maar ons kan ’n interdik teen hom kry. Sardyn sê as ons hom selfs net op ’n afstand sien, moet ons die polisie laat weet. Hy sal onmiddellik in hegtenis geneem word en in die tronk sit terwyl hy verhoorafwagtend is. Dit sal ook as verswarende omstandighede dien in die hofspraak. Sardyn sê ons het niks om oor bekommerd te wees nie. Con se fut is glo uit. Volgens sy verklaring het hy nie geweet Quintin het beplan om ons te vermoor nie. Hy was onder die indruk Quintin wou ons net ’n les leer.”

Zach snork. “Natuurlik sal hy dit sê.”

Jo sug diep. “Ek dink hy praat dalk die waarheid. Hy is ’n aartsskelm en ’n liegbek, maar ek dink nie hy is ’n moordenaar nie. Hy is te veel van ’n lafaard.”

“Genoeg hiervan,” laat Nan beslis hoor. “Jo is weer min of meer haar ou self en julle bloukolle en seerplekke sal binnekort iets van die verlede wees. Ons het ’n blyplek om klaar te kry voor sestien Desember.”

Iets wat snaarstyf tussen hulle gespan was, ontspan effens. Jo weet Nan besef ook dat nie een van hulle onveranderd gelaat is deur die gebeure nie. Maar tyd sal alles tog beter maak.

Gelukkig het hulle ’n gesamentlike doelstelling. En hulle het mekaar. En vir Saul en Zach. En Gideon ook. Hulle gaan oukei wees.

EPILOOG

22 April, Goeie Vrydag – ses maande later

“Dis weird om so laat in April Paasnaweek te hou.” Jeannie sit opgekrul voor die kaggel, ’n kookboek in haar hande. Buite sous dit. Die see is skaars sigbaar.

“Met al die vakansiedae in April en die bleddie reën voel dit asof die werk stilstaan.” Jo loop rusteloos rond, druk hier aan ’n skildery en skuif daar een van Casper se snuisterye.

“Relax nou, Jo. Jy maak ons almal mal. Julle is darem nog min of meer op skedule. En dis al klaar ’n duisend maal beter as toe ons in Desember ingetrek het.” Sue rek haar uit en gee ’n lang gaap. “Buitendien, die langnaweek is salig so sonder die gekap en geskarrel buite.”

Nan maak die boek op haar skoot toe. “Hoe laat is jou skof by Wine o’Clock?” vra sy vir Jeannie. Jo weet Nan probeer ’n gesprek oor die vordering van die kasarm vermy. Al sê sy niks, vermoed Jo die gewoel word soms vir Nan te veel

“Van sesuur af.”

“En jy werk seker weer Saterdag en Sondag in die Vliegende Hollander?” vra Nan vir Sue.

“Jip. En vanaand bly ek by Zach oor. Ons sal sommer êrens iets gaan eet. Ons kry mekaar omtrent nie meer gesien met alles nie. By the way,

Jeannie, die basilie is op hulle laaste. As die reën dalk 'n rukkie lank opklaar, moet jy gaan pluk wat jy kan vir die laaste pesto. Ek wil Dinsdag die kruietuin 'n bietjie regruk.”

Sue begin stadigaan weer haar ou self word ná al die hofsake. Haar harde werk in die kruietuin en die dele waar die bouery haar toelaat, is vir haar terapieë en sy het reeds 'n klompie nuwe kliënte in een van die sekuriteitskomplekse in Hermanus ook.

Gelukkig is die hofsake deur die streekshof in Hermanus hanteer, anders sou hulle maande moes wag pleks dat alles teen einde Januarie afgehandel was.

Dit was aaklig om alles wat gebeur het weer in die hof te herleef, Quintin daar te sien sit met sy geskende gesig en haat in sy oë. Die verligting was enorm toe hy danksy getuienis van die forensiese analis en ander getuienis teen hom, skuldig bevind is op twee aanklagte van poging tot moord, een van poging tot brandstigting en een van opsetlike saakbeskadiging, sowel as bedrog. En tog was hulle bekommerd oor die vonnisoplegging. Daar was egter heelwat verswarende faktore. Veral die feit dat daar vorige veroordelings teen hom bewys is en hy in sy jeug na 'n verbeteringskool gestuur is, het daartoe bygedra dat hy vir vyftien jaar opgesluit gaan wees.

Santie de Vos het ontsteld aan die gil gegaan toe die landdros sy uitspraak maak, maar die res van hulle het 'n sug van verligting geslaak. Hulle verligting is getemper deur die gedagte dat hy moontlik oor 'n paar jaar op parool vrygelaat kan word, maar voorlopig is hulle maar net te bly hy is agter tralies.

Jo is egter bekommerd oor hoe lig Con van die bedrogsaak afgekom het. Drie jaar vlieg verby en hy sal ook heel waarskynlik vroeër op parool kan uitkom. Sy redding was dat hy die oorbruggingsgeld aan haar terugbetaal het en dat daar nie genoeg getuienis was om hom as medepligtige van poging tot moord aan te kla nie.

Mens kon sien Monique geniet die aandag wat sy gekry het toe die *Hermanus Times* 'n artikel oor haar gedoen het waarin sy die rol van heldin baie oortuigend, al was dit oënskynlik met beskeidenheid, vertolk het. Maar Jo vermoed sy was spyt sy het toe nooit die geleentheid gekry om in die hof te getuig nie.

Wat amper meer spanningsvol as dié twee sake was, was die aanrandingsaak teen Sue.

Dit was so hittete of sy is tronkstraf opgelê aangesien die landdros besluit het daar was geen regverdiging vir die aanranding op Con toe hy by haar kom aanklop het nie.

Hulle het die vonnisoplegging met gemengde gevoelens aangehoor. Sue het die keuse van 'n boete van twee duisend rand of drie maande gevangenisstraf gekry, wat in geheel opgeskort is vir vyf jaar op voorwaarde dat sy nie binne daardie tydperk weer aan 'n soortgelyke misdaad skuldig bevind word nie. Die ergste is egter dat sy nou met 'n kriminele rekord sit.

Danksy Gideon en haar besige skedule by die sjefskool, is Jeannie ook oor die ergste, al kry sy soms nog so 'n veraf uitdrukking in haar oë en gaan stap dan kilometers seelangs. Wat sy vir Gideon vertel, weet hulle nie, maar by Jo het sy nog nooit gebieg wat werklik met haar by die Maidens gebeur het nie. Jo vra ook nie. Jeannie sal wel praat wanneer sy reg is en intussen is Gideon daar vir haar.

Jo verwonder haar al hoe meer aan Gideon. Ná 'n ope brief in die plaaslike koerant waarin hy die M-baaiers oor die vingers getik en vermaan het oor medemenslikheid en naasteliefde, is Hendrien en haar skindersusters min of meer stil, maar dis duidelik dat hulle nie van opinie verander het nie en Gideon nou insluit by die heksegebroeders. En tog gaan hy maar net op sy stil manier sy gang.

Die afgelope maande het hulle almal geleer om Hawestraat se wit geboutjies met die groen afwerking te vermy. Dis waar die 'behoudendes' soos Nan hulle ewe diplomaties noem, hulle sake bedryf. Alhoewel niemand openlik vyandig is nie, is dit ook duidelik dat die Calitze en die mense wat hulle by Jo-hulle geskaar het, nie daar welkom is nie. Enkele van die bonter winkels huldig dieselfde standpunt, maar die meeste steur hulle nie aan die hele debakel nie. Veel simpatie oor die gebeure laas jaar toe Quintin amper in sy planne geslaag het, is daar nie. Hoogstens 'n morbiede nuuskierigheid.

Saul het selfs twee van sy kliënte verloor, maar alhoewel dit sy sak deeglik raak, hanteer hy dit met 'n skouerophaling. "Dis tydelik," is al wat hy daaroor te sê het, maar Jo weet dit pla hom. Priscilla se houding ook, maar daaroor praat hulle liefies nie.

Priscilla is ontsteld dat Donnie voortgaan om sy oupa met die houtwerk te help en het feitlik histories geraak toe sy uitvind van Jeannie en Donnie

se vriendskap. Gideon kry haar gelukkig meesal gepaai en Jo is maar net te bly Jeannie kom so goed oor die weg met Saul se seun. Dit kan dinge vorentoe makliker maak.

“En jy, Jo? Het jy en Saul planne vir vanaand?” onderbreek Nan haar gedagtes.

Jo skud haar kop. “Niks in die besonder nie. Hy kom later oor en sal seker saam met ons eet. Hy is mos mal oor Jeannie se lasagne.” Net die noem van Saul se naam kalwer ’n sagtheid in haar binneste uit.

“Hy hoef nie om my onthalwe weer in die middel van die nag hier uit te sluip nie, Jo.” Jeannie sit die boek neer en gaan staan met haar sitvlak voor die vuur. “Ek is nie stupid nie en dis silly om te maak asof julle nie by mekaar slaap nie. Ek wens net julle wil nou trou en klaarkry. En jy en Zach ook, Sue.”

“Ek, trou? Jy is sekerlik van jou verstand af? Why ruin a good friendship?” Sue gee nog ’n gaap. “Ek en Zach is nie die troutipe nie, maar ons is ’n permanente item. Dis vir ons albei voorlopig genoeg. Maar wie weet, eendag wanneer die kasarm klaar is, elope ons dalk. Gaan trou in Jamaika of Bali of êrens. Maar jy en Saul, Jo. Waarvoor wag julle?”

Jo herstel nog van Jeannie se opmerking. Sy gaan sit op die bank langs Nan om haar ekwilibrium te probeer terugkry. “Dis nog te gou ná sy egskedding en alles wat gebeur het. Daar is geen haas nie.”

“Maar julle gaan trou?” dring Jeannie aan.

Jo knik. ’n Heerlike hitte spoel deur haar lyf. “Ja, Jeannie, ons gaan. Net nie nou nie. Intussen het ons mekaar en dis genoeg.”

Nan skuif haar leesbril tot in haar hare en vryf die brug van haar neus. “Sal julle vir my wag om terug te kom? Dit behoort so oor ses maande te wees, op die meeste ’n jaar.”

Vir ’n oomblik is net die geknetter van die vuur en die ruising van see en reën hoorbaar.

“Wát?” versplinter Sue die stilte.

“Nan?” vra Jo tegelykertyd. “Wat bedoel jy?”

“Jeannie is feitlik nooit hier nie, julle is almal vrek besig. En ek is nog nie gereed vir die Hiërofant nie. Ek het nou deur meeste van Casper se boeke oor die kristalle en goed gewerk, maar daar is ’n kursus of twee in Ierland wat ek wil loop. En ek wil ’n bietjie toer ook.”

“En Gideon?” vra Jeannie uit die veld geslaan.

Nan kyk haar onskuldig aan. “Wat van Gideon?”

“Almal sien hoe Gideon vir jou kyk, Nan.”

“Dan sien almal verkeerd.” Nan druk haar orent en gaan staan voor die venster.

Jo kyk na Jeannie en dan na Sue. Hulle lyk net so dronkgeslaan as wat sy voel.

Uiteindelik draai Nan om. “As ek nie nou gaan nie, sal ek dit nooit doen nie. Ek word ses en vyftig in Augustus. Vir die eerste keer is my hele span meisiekinders versorg. Julle het mekaar en ook sommer ’n hele paar ander mense wat vir julle ondersteuning en beskerming bied. Ek wil myself bederf. My vleuels toets. Ervaar hoe dit voel om waarlik vry te wees van verantwoordelikhede. Ek gaan julle verskriklik mis, maar ek voel ek is dit aan myself verskuldig om vir ’n rukkie mens te wees pleks van ma, suster en ouma. Ek hou van Gideon. As hy genoeg vir my omgee, sal hy wag en dan kan ons kyk wat gebeur wanneer ek terugkom. Op die oomblik is ek nog glad nie gereed vir meer as vriendskap nie.”

“Maar hoe gaan ons sonder jou oorleef?” vra Jeannie tranerig.

Nan glimlag. “Glo my, julle sal. Beter as wat julle dink. Buitendien, ek het gedink dit sal Riekie help as sy in my plekkie kan intrek terwyl ek weg is. Miskien kom die mosaïekwerk gouer klaar.” Sy stap vuur toe en vryf oor Jeannie se hare. “Maar julle vrek as een van julle trou voor ek terug is. En jy elope g’n, Sue. Ek wil by wees wanneer daardie ring uiteindelik aan jou vinger gesteek word.”

Sue staan op en slaan haar arm om Nan se skouer. “Ek haat dit dat jy wil weggaan, maar ek gun jou dit.” Sy kyk na Jo. “Hoe sal jy daarvan hou om vir vyf en veertig uit ses en vyftig jaar lank ma te wees en almal se stront op te vreet?”

Met ’n sug kom Jo ook orent en vat Nan se hand. “Sue is reg. En jy ook, Nan. Jy verdien dit om vir die eerste keer in jou lewe te doen wat jy wil doen. Ek het vir Saul, Sue vir Zach en Jeannie vir ons almal en boonop vir Gideon.”

Nan trek Jeannie onder haar arm in. “Jy vry hom nie af nie, hoor?”

Jeannie se laggie meng met die knettering in die kaggel, die reën teen die ruite en in die agtergrond die see. Die vlamme verwarm hulle hier in die beskutting van die nuwe kasarm waar Casper hulle bymekaargebring het.

Maar die ware warmte, die wonderwerk, die magic lê op ’n ander vlak,

weet Jo. Nie eens in die mans wat hulle liefgekry het nie, maar in dieselfde bloed wat so verskillend deur elkeen van hulle se are pomp.

Casper s'n.

OUTEURSNOTA

Maanschijnbaai en Bloumond, asook die inwoners, ander karakters en die Maidens of Sappho is suiwer denkbeeldig en die produk van 'n soms te ryke verbeelding. Dieselfde geld die kasarm, winkels en restaurante.

Die inspirasie vir Maanschijnbaai was egter Kleinmond se lieflike Hawestraat waarop ek 'n paar jaar gelede verlief geraak het. Die eerste weergawe van *Jo & Sue* was feitlik klaar toe ek vir die eerste keer, tot my verstomming, hoor dat daar inderdaad 'n ontwikkeling beplan word. Die kritiek op sodanige ontwikkelings in die storie het dus niks te doen met die huidige ontwikkeling wat daar plaasvind nie.

Sonder hulp is dit nie moontlik om 'n boek geskryf te kry nie. Mense wat in die skryf van *Jo & Sue* vir my en my storie ontsaglik baie beteken het en wat ek uit die diepte van my hart bedank vir hulle aandeel is:

Mariki Chin wat my in haar hoedanigheid as leser sowel as regsgeleerde van menige flater gered het. Sy het nie net 'n vroeë weergawe van die hele manuskrip gelees nie, maar my ook gehelp om 'n menigte regsake uit te pluus wat weer 'n groot invloed gehad het op die tweede boek van die tweeluik, *Nan & Jeannie*. Danksy Mariki het ek ook die voordeel van Christa Nortjé, die staatsaanklaer in Hermanus, se kennis gehad. Hulle het my aansienlik wyser gemaak in die weë van Hermanus se streekshof en 'n wavrag ander regsake, en het onder meer gesorg dat ek geloofwaardige

vonnisse oplê. Waar regsaangeleenthede geloofwaardig is, is dit aan hierdie twee te danke. Die blapse wat dalk deurgeglip het, kan net voor my eie deur gelê word.

Helga en P.D. Coetzer wat hulle lieflike huis in Baardskeerdersbos vir my beskikbaar gestel het om in Februarie 2011 daar te gaan skryf. Dit was 'n groot voorreg en seker die produktiefste wat ek in 'n lang tyd was.

My keurder vir sy sinvolle terugvoer en my redigeerder asook die proeflesers. Sonder hulle insig en kundigheid, entoesiasme en harde werk, sou die boek veel armer gewees het.

Soos gewoonlik die man in my lewe, Ernie Blommaert, wat dikwels moet bontstaan met my geite, maar oneindig baie geduld met my het en huis en haard oppas terwyl ek weggaan om te skryf. Dankie, Blommie.

My wonderlike vriende wat my aanvaar vir wie en wat ek is en my ondersteun wanneer ek hulle nodig het en vergewe wanneer ek hulle afskeep.

Getroue lesers. Sonder al die e-posbriefies, FB-boodskappe, reaksies op my blog en nuusbrief, en terugvoer op verskeie ander maniere, sou my lewe veel armer gewees het. Ek hoop julle geniet die Calitz-tweeluik net so baie soos die Gys Niemand-reeks, al is dit nou weer iets heeltemal anders.

Besoek gerus my webwerf by www.chanettepaul.co.za en hou my blog dop vir nuwe verwikkelinge by <http://chanettepaul.wordpress.com>. Om my (min of meer) maandelikse e-nuusbrief te ontvang, kontak my per e-pos by chanette@chanettepaul.co.za.

Bronne:

Maidens of Sappho

Sekere aspekte van die denkkeeldige groep Maidens of Sappho is losweg gebaseer op die destruktiewe geloofsgroep Heaven's Gate.

http://www.religioustolerance.org/dc_highe.htm

<http://www.heavensgate.com/>

Antoni Gaudi

Verskeie webwerwe asook

Cuito, A. & Montes, C. *Antoni Gaudi – Complete Works*.

Simboliek

Verskeie webwerwe asook

Andrews, T. *How to heal with color*.

Branson-Trent, Gregory. *Healing with stones and crystals*.

De Vries, A. *Dictionary of symbols and imagery*.

En Peter Joyce se boek *Suid-Afrika in die 20ste eeu* het my ure se navorsing gespaar.

Musiek

The Chieftains, *The long black veil*

Mark Knopfler, *Get lucky*

Lirieke van Shakin' Stevens se *Green door* is verkry van

<http://www.mp3lyrics.org/s/shakin-stevens/the-green-door/>

Ook deur Chanette Paul

DIE DAVEL-REEKS

TAMARA
WILLEMEN
ANNABELLA
DEBORAH
ISABELLE
MARYN
FLEUR

DIE GYS NIEMAND-REEKS

SPRINGGETY
FORTUIN
BOHEEM
MEETSNOER
DRYFHOUT

DUET

ONDER SEESPIEËL

Chanette Paul word rond en bont groot. Sy woon nege skole by, studeer aan vyf universiteite en het al in sewe provinsies gebly. Haar eerste verhaal waarvoor sy betaling ontvang het, is 'n sprokie wat sy op sestionjarige ouderdom geskryf het en op Siembamba voorgelees is. Die tweede, 'n kortverhaal, is in haar universiteitsjare in die *Huisgenoot* gepubliseer.

Eers twintig jaar later, in 1995, gee sy weer aandag aan haar skryfwerk. Sedertdien het 'n verskeidenheid verhale en humor-artikels in tydskrifte verskyn asook agtien romanses. Vir haar debuutromanse ontvang sy Perskor se prys vir beste romantiese fiksie.

Sy skryf ook drie ernstiger romans, en in 1999 en 2006 is *Wip van die droomvanger* en *Leila word lig* onderskeidelik op die kortlys vir die ATKV-Prosaprys.

Sy verwerf egter eers eintlik bekendheid met haar twee reekse, naamlik die sewe historiese liefdesromans genaamd die Davelvroue-reeks, en vyf romantiese spanningsromans wat bekendstaan as die Gys Niemand-reeks. *Boheem*, die derde boek in die Gys Niemand-reeks, was 'n finalis vir 'n ATKV-Veertjie in die spanningskategorie.

Jo & Sue is Chanette se ses en dertigste boek en die eerste in die Maanschijnbaai-tweeluik. *Jo & Sue* word binnekort opgevolg deur *Nan & Jeannie*.

Chanette oor die Maanschijnbaai-tweeluik:

“Die vier Calitze het my heeltemal onkant betrap. Na Gys Niemand en sy dinge, wou ek ‘vinnig’ 'n romanse skryf – net om so 'n bietjie asem te skep van al die moorde en intriges – voor ek my volgende spanningsroman aanpak.

Ek het tentatief begin aantekeninge maak, nagedink oor drie karakters wat na my toe gekom het en op 'n plek besluit waar dit kan afspeel. Die storie sou oor Jo gaan, met Nan en Jeannie as newekarakters. En toe, op 'n dag, kom Sue met haar lang treë aangestap en tik my op die skouer. *Hei, sê sy vir my, jy kan nie daardie drie girls in een storie probeer prop nie, en wat van my?*

Oukei, besluit ek toe, sy het 'n punt beet. Ek sal twee romanses – dis nou boeke van 42 000 woorde elk – oor die vier van hulle kan skryf.

Soos dit nou maar eenmaal met die skryfproses gaan, het ek egter my karakters en hulle stories heeltemal onderskat.

Dis waarom ons nou sit met twee boeke van oor die 155 000 woorde elk. Dis ook hoekom die genre heeltemal verander het. Die oomblik toe Sue haar toetrede gemaak het, het die romanse-genre by die deur uitgevlieg. Die tweeluik is nou eerder 'n familiedrama met 'n knypie spanning en 'n skeutjie humor ingemeng.

Ek hoop nietemin die lesers geniet die vier vroue wat my heerlik vermaak het terwyl ek hulle stories uit hulle uitgewurm het.”

Chanette woon in 'n skewerige huisie op die oewer van die Kleine Rivier in die Overbergse dorpie, Stanford, waar sy met allerlei storiedinge bedrywig is. Sy is 'n onkundige maar ywerige tuinier, 'n leesvraat en musiek liefhebber. Sy is gek oor die rivierlewe en geniet dit ook om walvisse by nabygeleë kusdorpe soos Hermanus dop te hou.

Besoek gerus haar webwerf vir meer inligting oor haar en haar boeke by www.chanettepaul.co.za en gesels met haar op haar blog: <http://chanettepaul.wordpress.com>.

Om haar maandelikse e-nuusbrief te ontvang, kontak haar per e-pos by chanette@chanettepaul.co.za.



Foto: Annalize Mouton.

© Teks: Chanette Paul
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: (012) 401-0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

eBoek geskep deur Full Circle
www.fullcircle.co.za

ISBN 978-0-7993-5542-0 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-5763-9 (ePub)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.